Die Nederduitse Gereformeerde Kerk leraar as medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus: ’n Pastorale studie

A Haasbroek

orcid.org/0000-0001-7535-1903

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad *Philosophia Doctor in Theologiae met Pastorale Studies* aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof A Du Plessis

Gradeplegtigheid: Junie 2024

Studentenommer: 37562207

DANKBETUIGINGS

Om die pad te kon loop tot hier, was dit onmoontlik om dit alleen te kon doen. Daar moes mense en instansies wees wat deur die lewende God gebruik word om die pad saam te stap. Teenoor hulle wil ek my opregte dank uitspreek:

My vrou, Colleen en my seun, Wiaan, wat tevrede moes wees met minder van my tyd en aandag, sodat ek aan hierdie studie kon aandag gee, en my verryking deur die studie kon waarneem,

Die Andrew Murray Spiritualiteit Sentrum (AMSS), wat die deur vir my oopgemaak het vir hierdie studie, en my die geleentheid gegee het om die intervensie die eerste keer in Wellington aan te bied,

Prof. Elna Mouton, die eerste “kapel-meesteres” van die AMSS, wat met die eerste intervensie so veel van haar wysheid, kennis en haarself met die groep leraars kom deel het by die baanbrekersbyeenkoms in die geskiedenis van die nuutgestigte AMSS,

Die Sinodale Taakspan vir Teologiese Navorsing van die Wes-Kaap Sinode, met dr. Pieter van der Walt as predikant in Sinodale Diens, vir die entoesiastiese aanmoediging, voldoende finansiële bydrae in die vorm van ’n beurs, sodat die deelnemers aan die navorsing dit kosteloos kon doen,

My kollegas in die Ring van Clanwilliam, saam met dr. Nico Viljoen as kapel-meester, wat opreg, entoesiasties en volkome oorgegee aan die proses hulleself toegewy het aan hierdie studie en met hulle wysheid, jarelange ervaring in die bediening, liefde vir God, die bediening en vir mekaar en die navorser, hierdie navorsing ’n vreugde gemaak het. Ek dra hierdie proefskrif aan hulle op,

Prof. Amanda du Plessis, ek is vas oortuig daarvan dat die liewe Here haar oor my pad gebring het om van die begin tot die einde hierdie pad saam met my te loop. Haar ontvanklikheid vir die mistiek en spiritualiteit binne Gereformeerde konteks, waarmee ek haar so dikwels gekonfronteer het, die begeleiding van dag een af tot by hierdie punt in die studie, die geduld van probeer en weer probeer en die konstante gevoel van “Jy is goed genoeg!” wat ek van haar ontvang het, was sekerlik my grootste motivering vir die voltooiing van hierdie studie. In haar het ek ’n sielsgenoot gevind en ons kon ons liefde vir die drie-enige God met mekaar deel. Ek het dikwels van haar gepraat as ’n “teoloog van formaat”,

Die Teologiese Fakulteit van Noordwes Universiteit vir die voorreg, geleentheid en finansiële ondersteuning om my liefde vir die mistiek en spiritualiteit op hierdie wyse op skrif te kon stel,

Die drie-enige God, wat my reeds by my doop kom intrek het in die *perichoresis*, sodat ek as navorser en predikant van meer as 40 jaar uiteindelik die *participatio Christi* kon beleef. Jesus, my Mistagoog, wat my uitgenooi het, begelei het en begenadig het om mistagoog te wees.

OPSOMMING

Hierdie navorsing is ’n pastorale studie oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk leraar as medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus. Die studie wil aantoon dat die leraar met vrymoedigheid die drie-enige God kan vertrou in die voortgesette bediening van die lewende Christus met Wie die leraar in mistieke eenheid lewe, en gevolglik deelneem aan die bediening van die verrese, teenwoordige Christus in die gemeente en wêreld. Die bediening is nie iets wat die leraar “laat gebeur” nie. Dit is *participatio Christi*, uit hoofde van die leraar se mistieke eenheid met Christus, wat reeds by die doop plaasgevind het. Die fokus van die leraar se bediening is dié van medereisende mistagoog, om saam met Christus die gelowiges in die misterie van God se teenwoordigheid in te begelei. Die leraar is dus spirituele begeleier by uitstek. In hierdie bediening staan Christus sentraal.

Vir hierdie doel het die navorser ’n groepie leraars uit die NG Kerk, Ring van Clanwilliam, met hom saam op reis geneem op ’n retraite, wat as intervensie gedien het, om opnuut die mistieke eenheid met Christus te ontdek en toe te eien en die fokus van die bediening te laat val op die leraar as mistagoog, wat meereis met Christus, maar ook die lidmate wat hy of sy bedien en dan met mekaar as kollegas. Die spiritualiteit van die leraar en sy of haar spirituele verryking vorm die kern van hierdie ontdekking en toe-eiening.

In die deïstiese milieu waarin die leraar moet bedien, het ons dit nodig gevind om terug te keer na die herwaardering van die Gereformeerde mistiek, soos ons kerkvader Calvyn ons begelei, met sy fokus op ons mistieke eenheid met Christus, deur ons doop en bevestig en verdiep in die nagmaal en die Woord. Dit is die Trinitariese handeling, waarin ons opnuut bewustelik in Christus lewe en bedien en Hy in ons. Die bediening wat voortvloei uit hierdie eenheid met Christus, is dié van mistagoog, en die leraar kan met rustigheid die bediening sien as deelname aan die lewe en bediening van Christus in die teenwoordige tyd.

Johannes 15, Romeine 6 en Galasiërs 2:19-20 vorm die normatiewe basis vir hierdie studie en die mistieke lees daarvan met behulp van *lectio divina* en verbeeldingryke meditasie, met ander woorde, die lees met die hart van hierdie gedeeltes, het groot waarde vir die belewing van die leraar se mistieke eenheid met Christus.

Die pragmatiese taak van hierdie studie word saamgevat in ’n retraite wat dien as model vir die verinnerliking van die mistieke eenheid met Christus en die nuwe perspektief op die bediening van die leraar as deelnemer aan Christus se teenwoordige voortgesette bediening, met die doel om nuwe energie, entoesiasme en liefde vir die bediening te kultiveer.

SLEUTELTERME

- Pastoraal
- Nederduitse Gereformeerde Kerk
- Medereisiger
- Mistagoog
- Mistieke eenheid met Christus

ABSTRACT

This research is a pastoral study of the Dutch Reformed Church minister as a fellow travelling mystagogue in mystical unity with Christ. The study seeks to show that the minister can implicitly trust the triune God in the continuing ministry of the living Christ with Whom the teacher lives in mystical unity, and consequently participates in the ministry of the risen, to present Christ in the congregation and the world. The ministry is not something the minister "makes happen". It is *participatio Christi*, by virtue of the minister's mystical union with Christ, which has already taken place at baptism. The focus of the minister's ministry is that of a fellow journeying mystagogue, to guide the believers, together with Christ, into the mystery of God's presence. The minister is therefore the spiritual director *par excellence*. In this ministry, Christ is central.

To this end, the researcher took a small group of ministers from the Dutch Reformed Church, Presbytery of Clanwilliam, with him on a retreat, which served as an intervention, to discover and appropriate anew the mystical unity with Christ and to place the focus of the ministry on the minister as mystagogue, who journeys with Christ, but also the members he or she ministers to and then with each other as colleagues. The spirituality of the minister and his or her spiritual enrichment are at the heart of this discovery and appropriation.

In the deistic milieu in which the minister is to serve, we have found it necessary to return to the reappraisal of Reformed mysticism, as our church father Calvin guides us, with his focus on our mystical union with Christ, through our baptism and affirmation and deepening in holy communion and the Word. This is the Trinitarian act, in which we consciously live and minister anew in Christ and He in us. The ministry that results from this union with Christ is that of mystagogue, and the minister can calmly see ministry as participating in the life and ministry of Christ in the present tense.

John 15, Romans 6 and Galatians 2:19-20 form the normative basis for this study, and their mystical reading, using *lectio divina* and imaginative prayer, in other words, reading with the heart of these passages, has great value for experiencing the minister’s mystical unity with Christ.

The pragmatic task of this study is summarised in a retreat that serves as a model for the internalisation of the mystical unity with Christ and the new perspective on the ministry of the minister as a participant in Christ's present ongoing ministry, with the aim of cultivating new energy, enthusiasm, and love for ministry.

KEY TERMS

- Pastoral
- Dutch Reformed Church
- Fellow Journeyer
- Mystagogue
- Mystical Union with Christ

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 - INLEIDING

1.1 TITEL 1
1.2 SLEUTELTERME 1
1.3 MOTIVERING VIR STUDIE 1
1.4 PRAKTYK-GEORIËNTEERDE EN SPESIFIEK KERK-GERIGTE NAVORSING 2
1.5 KONSEPOMSKRYWING 3
1.6 VOORLOPIGE LITERATUURSTUDIE 5
1.6.1 Pastorale versorging in Christus 7
1.6.2 Eenheid met Christus 8
1.6.3 Bediening volgens die beeld van die Drie-eenheid 9
1.6.4 Leraars se deelname aan Christus en die mistieke eenheid 10
1.6.5 Spirituele begeleiding (Mistagogie) 10
1.6.6 Anam Cara 11
1.6.7 Christus alleen die Begeleier 11
1.6.8 Mede-onderskeiding 11
1.6.9 Die unieke aard van die bediening van die predikant as mistagoog 12
1.6.10 Die metgesel-verhouding 13
1.6.11 Die mistagoog as gasheer of gasvrou 13
1.6.12 Mistagogie as gawe aan die kerk van Christus en integrale deel van die bediening 14
1.6.13 Die fokus van die leraar in mistieke eenheid met Christus 14
1.7 PROBLEEMFORMULERING 15
1.8 NAVORSINGSVRAAG 24
1.9 DOELSTELLING EN DOELWITTE 25
1.10 SENTRAAL-TEORETIESE ARGUMENT 25
1.11 PRAKTIES-TEOLOGIESE EPISTEMOLOGIE 26
1.12 NAVORSINGSMETODOLOGIE 28
1.13 ETIESE IMPLIKASIES 31
1.14 HOOFSTUKINDELING 32

HOOFSTUK 2 – BEVINDINGE VAN EMPIRIESE NAVORSING

2.1	DIE EMPIRIESE MOMENT	33
	2.1.1 Presiese en empiriese geldige kennis	33
	2.1.2 Ander vorme van kennis	34
	2.1.3 Verbreding	34
	2.1.4 Verstaan die betekenis van praktyke	34
	2.1.5 Belanghebbendes	34
2.2	KWALITATIEWE NAVORSING	35
	2.2.1 Die belangrikste vrae	35
	2.2.2 Perspektiewe op empiriese navorsing	36
	2.2.3 Beginsels vir kwalitatiewe navorsing data-insameling	37
	2.2.4 Die rol van die navorser	37
	2.2.5 Steekproefneming in kwalitatiewe navorsing	37
	2.2.6 Geloofwaardigheid en betroubaarheid	38
	2.2.7 Kristallisasie	38
	2.2.8 Data-insamelingstegnieke	38
2.3	INLEIDING EN AGTERGROND VAN HIERDIE STUDIE	47
	2.3.1 Mentor / mistagoog van leraars	47
	2.3.2 Opdrag Sinode Taakspan AMSS	48
2.4	BEDIENING VANUIT ONS MISTIEKE EENHEID MET CHRISTUS	48
2.5	VERBLYF EN VERWAGTING TYDENS DIE RETRAITE	49
2.6	DAG-RITME VAN DIE AMSS EN KAPEL-BYEENKOMSTE	49
2.7	POORTWAGTER (*GATEKEEPER)*	49
2.8	WERWING EN INGELIGTE TOESTEMMING	49
2.9	PROFIEL VAN DIE FOKUSGROEP	50
2.10	VERLOOP VAN DIE PROSES	50
	2.10.1 Aankoms	52
	2.10.2 Materiaal	53
	2.10.3 Informele gesprekke	53
	2.10.4 Kapel-byeenkomste	54
	2.10.5 Data-insameling	54
2.11	UITKOMSTE VAN DIE VRAELYSTE EN ONDERHOUDE	56
	2.11.1 Uitkomste van die vraelyste	56

2.11.2 Uitkomste van die groepgesprekke 63
2.12 GEVOLGTREKKING 95

HOOFSTUK 3 – DIE LERAAR SE SPIRITUELE VERRYKING AS MISTAGOOG IN *PARTICIPATIO CHRISTI* EN MISTIEKE EENHEID MET CHRISTUS

3.1 MORALISTIES, TERAPEUTIES EN DEÏSTIES 96
3.1.1 Moralisties 97
3.1.2 Terapeuties 97
3.1.3 Deïsties 97
3.2 NADER AAN DIE NG KERK SE HISTORIESE WORTELS: DIE JEUG IN NEDERLAND 97
3.2.1 Die Godsbeeld van die Nederlandse jongmense 98
3.2.2 Tuisgemaakte godsdiens 98
3.2.3 Vier soorte gebed 98
3.2.4 Gebed as geprivatiseerde godsdienstige praktyk 98
3.2.5 Wie is God? 98
3.3 SKOKKEND POSITIEF? 99
3.3.1 Geloofsvorming 99
3.3.2 Geloofsuitlewing 99
3.3.3 Die reaksie van die fokus-groep op hierdie navorsing 100
3.3.4 Die oorweldigend deïstiese God en godsdiens 101
3.3.5 Die herontdekking van en terugkeer na die *musterion* 102
3.3.6 Op pad na die omhelsing van Christelike “mistiek” 103
3.4 DIE TRINITARIESE RENAISSANCE 111
3.4.1 Oortuig daarvan dat God drie-enig is 111
3.4.2 *Perichoresis* 111
3.5 DEELNAME AAN DIE LEWE VAN GOD DEUR ONS MISTIEKE EENHEID MET CHRISTUS 113
3.5.1 Inleidend 113
3.5.2 Die verskil tussen deïsme en ’n teologie van eenheid met Christus 113
3.5.3 Geen las om ‘verlossers’ te wees nie 114
3.5.4 Opgeneem in die Seun se eie lewe 114
3.5.5 “Inkarnasie-bediening”? 115
3.5.6 Ingeënt 119

	3.5.7 Ons eenheid met Christus herontdek	119
	3.5.8 Dieselfde Christus	120
	3.5.9 Eenheid met Christus verplaas ons uit die sentrum van ons eie lewens	120
	3.5.10 Die mistieke omhels	121
	3.5.11 Deel van God se familie	121
	3.5.12 “Bly in My”	122
	3.5.13 Die hart van Paulus se teologie	123
	3.5.14 Ons eenheid met Christus wis nie ons mens-wees uit nie	124
	3.5.15 Heidelbergse Kategismus, Vraag 20	124
	3.5.16 Die volmaakte beeld van God herstel ons beeld	124
3.6	WIE IS ONS AS PREDIKANTE?	125
3.7	ONS MISTIEKE EENHEID MET CHRISTUS DEUR DIE HEILIGE SAKRAMENTE	125
	3.7.1 Sakramente as sigbare tekens van ’n onsigbare werklikheid	125
	3.7.2 Die sakramentele misterie	125
	3.7.3 Christus die substansie van die sakramente	126
	3.7.4 Die persoonlike karakter van God se self-kommunikasie	127
3.8	DIE HEILIGE DOOP	127
	3.8.1 Inleiding	127
	3.8.2 Genade in die Geliefde	127
	3.8.3 Ons ware ‘self’	131
	3.8.4 Christus se bloed en ons doop – ons verbondsverhouding	131
	3.8.5 Deel van Christus se liggaam	131
	3.8.6 Die Heilige Gees in ons doop	132
	3.8.7 God Drie-enig tree op by ons doop – “In die Naam van...”	133
	3.8.8 Die doop as eenmalige gebeurtenis	135
	3.8.9 Gebeur daar werklik iets by die doop?	135
	3.8.10 In Christus ingedoop: Jy is Myne, Ek is joune	137
	3.8.11 Die kultivering van die vrees en diens aan die Here	137
	3.8.12 Die doop as ingang in die verbondsruimte	138
	3.8.13 “Ek het jou! Ek het jou!”	141
3.9	DIE HEILIGE NAGMAAL	141
	3.9.1 Die God-gegewe ikoon	142

3.9.2 Die fokus in die erediens van die gemeente 143
3.9.3 Die geestelike sintuie 143
3.9.4 Ons Here gee Homself aan ons in die nagmaal 144
3.9.5 Hoe is Christus teenwoordig in die nagmaal? 145
3.9.6 Ons duidelike sakramentsteologie 146
3.9.7 Ons ontvang slegs 146
3.9.8 Ons ontvang Jesus Christus 147
3.9.9 Ons word gevoed 148
3.9.10 Gemeenskap met Christus en gemeenskap met mekaar 149
3.9.11 Ons s'n word Syne, Syne word ons s'n 150
3.9.12 Die misterie van ons mistieke eenheid met Christus in die nagmaal 151
3.9.13 Die onverklaarbare misterie 151
3.9.14 Opsommend – die Gereformeerde hoek 152
3.10 DIE LERAAR SE SPIRITUELE VERRYKING 153
3.10.1 Christelike spiritualiteit 153
3.10.2 Om die Skrif met jou hart te lees 165
3.10.3 *Imaginative Prayer* 175
3.10.4 Die Gebed van *Examen* 182
3.11 DIE WAARDE VAN HIERDIE HOOFSTUK 197

HOOFSTUK 4 – DIE BEDIENINGSFOKUS VAN DIE LERAAR AS MEDEREISENDE MISTAGOOG

4.1 DIE KERNINHOUD VAN DIE AMP VAN DIE LERAAR 198
4.2 DIE BYBELSE VISIE VAN DIE AMP VAN DIE PREDIKANT 199
4.3 DIE PREDIKANT IN DIE GEREFORMEERDE TRADISIE 200
4.4 DIE PREDIKANT IN DIE GEREFORMEERDE TRADISIE IN DIE 21STE EEU 201
4.5 *MINUS TRIPLEX* EN DIE AMP VAN DIE PREDIKANT 202
4.6 PREDIKANT-WEES, 'n SYNS-BEROEP 203
4.7 *PERICHORESIS* EN DIE BEDIENING 206
4.7.1 Die ikoon van Andrei Rublev 206
4.7.2 Die implikasies van die Trinitariese lewe vir die bediening 209
4.8 DIE BEDIENING AS DEELNAME AAN DIE VOORTGESETTE BEDIENING VAN DIE LEWENDE CHRISTUS – IN GESPREK MET ANDREW PURVES 210

4.8.1 Die leraar in mistieke eenheid met Christus se priesterlike bediening as *diakonos* 211
4.8.2 Die raamwerk vir alle pastorale werk 215
4.8.3 Die hermeneutiese perspektief en verwondering 216
4.8.4 Krag in ons swakheid 219
4.8.5 Stil-Saterdag of Paassondag 222
4.8.6 Die deernis van Jesus Christus gesoek 224
4.9 DIE PREDIKANT AS MEDEREISENDE MISTAGOOG 233
4.9.1 Die wese van die leraar as medereisende mistagoog 234
4.9.2 Kitsantwoorde in mistagogie 235
4.9.3 Die sentrale fokus van mistagogie 237
4.9.4 Heilige luister 238
4.9.5 Die geestelike soeker se innerlike reis 240
4.9.6 Mistagogie hoort in die pastorale bediening van die leraar 240
4.9.7 Die unieke amp van die leraar 242
4.9.8 Die hart van pastorale bediening 243
4.9.9 Jesus as Mistagoog 244
4.9.10 Die middelpunt van mistagogie 245
4.9.11 Die gevoelige oog van die mistagoog 246
4.9.12 Die ruimte vir die predikant as mistagoog (huisbesoek) 248
4.9.13 “Ds., gee vir my ’n woord?” 249
4.9.14 Gasvry in iemand anders se huis? 250
4.9.15 Maskers af! 250
4.9.16 Oop vir die Godsoomblik op huisbesoek 251
4.9.17 Mistagogie vanuit die lewe van die gemeente 252
4.9.18 Daagliks bewus van God 252
4.9.19 Om stilte te verduur 253
4.9.20 Implikasies vir die formaat van die huisbesoek 254
4.9.21 Die sentrale vraag 256
4.9.22 Metafore in mistagogie 257
4.9.23 Die mistagoog as kontemplatiewe mens 260
4.9.24 Opgelei as spirituele begeleier? 261

HOOFSTUK 5 – TEOLOGIESE ASPEKTE VANUIT 'n NORMATIEWE ONDERSOEK

5.1 INLEIDING 263
5.2 MISTIEKE LENS 264
5.3 JOHANNES 15:1-8 (9-16) 267
5.4 ROMEINE 6:1-5 283
5.5 GALASIËRS 2:19b-20 293
5.6 SAMEVATTING 300

HOOFSTUK 6 – DIE PRAGMATIESE TAAK

6.1 INLEIDING 302
6.2 AGTERGROND VAN DIE STUDIE 304
6.3 RETRAITE AS VOLHOUBARE MODEL 307
6.4 RETRAITE AS MISTAGOGIE 309
6.5 DIE TEMA VAN HIERDIE RETRAITE 313
6.5.1 Die leraar se mistieke eenheid met Christus 313
6.5.2 Die leraar as mistagoog in mistieke eenheid met Christus 319
6.6 REFLEKSIE OF AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE DEELNEMERS SE ERVARING 321
6.6.1 Groepsdinamika 326
6.7 LAASTE OPMERKINGS DEUR DIE KENNERS 327
6.7.1 Werkmetodes: Mistagogie in werking 328
6.7.2 Moontlike werkmetodes 328
6.7.3 Die begeleier van die retraite 329
6.8 SAMEVATTING 330

HOOFSTUK 7 – SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

7.1 OORSIG OOR HOOFSTUK 1 332
7.2 OORSIG OOR HOOFSTUK 2 335
7.3 OORSIG OOR HOOFSTUK 3 337
7.4 OORSIG OOR HOOFSTUK 4 344
7.5 OORSIG OOR HOOFSTUK 5 350

7.6 OORSIG OOR HOOFSTUK 6 352
7.7 AANBEVELINGS 354

BRONNELYS 356
ETIEKSERTIFIKAAT 376

INLEIDING

HOOFSTUK 1

Good ministry never is a matter of solving problems; it is a mystery to be ventured and explored (Osmer, 2008:3).

1.1 TITEL

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk leraar as medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus: ’n Pastorale studie

1.2 SLEUTELTERME

Pastoraal; Nederduitse Gereformeerde Kerk; Medereisiger; Mistagoog; Mistieke eenheid met Christus.

1.3 MOTIVERING VIR STUDIE

Die navorser is tans in die finale jare van bediening voor aftrede en kyk terug op die bediening met heelwat vrae. Ambivalente gevoelens en gedagtes heers oor die afgelope jare in die bediening. Aan die een kant ervaar hy homself as iemand wat ’n lys van resepte probeer het om die vyf gemeentes waar hy bedien het, te “laat werk” en besef dan hoeveel spanning, slapelose nagte, skuldgevoelens en verwyte hy mee geworstel het. Aan die ander kant, is daar ook die dinge in die bediening wat hom hartseer maak dat die tyd verby moet gaan. Ten spyte van die ambivalente gevoel, het die besef dat hy net instrumentaal tot Christus se voortgesette bediening is, al hoe meer begin groei. Aan die een kant, beleef hy die vreugde rondom die ontdekking van God se handelinge in alle dinge en aan die ander kant, die vreugde dat hy die unieke voorreg het om dit as predikant te mag beleef. Hy kan ook terugkyk en sien hoedat hy tot rus kon kom wanneer hy bewus raak dat dit eintlik God is wat die gemeente “laat werk” en nie hy nie. Die navorser het ook besef dat sy tye van afsondering en refleksie by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS) bygedra het tot die innerlike vrede en vreugde rondom sy bediening[1]. In sy eie bediening

[1] AMSS is in 2017 deur die Sinode van die NGK in Wes- en Suid-Kaapland gestig met die doel om gelowiges te versterk in hul geloofsbeoefening. In AMSS se missie word die sentrum gestel as ’n veilige en gasvrye ruimte

aan NGK predikante van die Wes- en Suid-Kaap Sinode het hy dan ook bewus geword van die beduidende aantal predikante wat die bediening as ’n stryd om oorlewing ervaar, en hulleself eerder as gemeentebestuurders in plaas van medereisigers en begeleiers van medegelowiges beskryf.

1.4 PRAKTYK-GEORIËNTEERDE EN SPESIFIEK KERK-GERIGTE NAVORSING

Hierdie navorsing is praktyk-georiënteerde en spesifiek kerk-gerigte navorsing. Hermans en Schoeman (2015a:26) beskryf die voordeel van hierdie gerigte navorsing as “to develop knowledge about the improvement of practices” en daarom is dit veral relevant tot die studie van gemeentebedieningsaksies. Bedieningsaksies wat in een konteks effektief is, is nie noodwendig in alle kontekste effektief nie (Hermans & Schoeman, 2015a:27). Hermans en Schoeman (2015a:28) wys ook daarop dat kerk-gerigte navorsing ’n probleemeienaar of insethouer het, wat belang by die probleem het. Die probleem hoef nie noodwendig negatief te wees nie, maar kan ’n positiewe uitdaging wees op ’n gebied waar groei nodig is (Hermans & Schoeman, 2015a:28). Verdere voordele van die praktyk-georiënteerde en spesifiek kerk-gerigte navorsing is dat die probleemeienaar nie noodwendig deel van die studie hoef te wees nie en dat die navorser aan die einde van die studie geen of ’n baie sterk betrokkenheid hoef te hê in die implementering van die resultate deur die probleemeienaar.

Praktyk-georiënteerde navorsing kan vanuit drie fokustipes geskied (Hermans & Schoeman, 2015a:29). Die eerste is die kennis-genererende tipe, waar die fokus rus op die lewering van nuwe kennis en insig, wat toegepas word op die probleem in spesifieke omstandighede. Die tweede is die kundige tipe, waar die navorser die rol van kundige vervul en raadgewend optree. Derdens, is die probleem-oplossende fokus om tot ’n gedeeltelike of volledige oplossing te kom van die probleem in ’n spesifieke situasie.

---

waar gelowiges eerstens kan deelneem aan spirituele ritmes en tweedens, hulleself kan afsonder om te herstel van medelye moegheid. Begeleide stilte-retraites en deurlopende predikanteverryking is van die dienste wat aangebied word. AMSS stel dit ook ten doel om gelowiges te ondersteun om geïntegreerd hulle roeping uit te leef, ’n aktiewe gebedslewe te ontwikkel, ’n groeiende roepingsbewussyn te ervaar en te dien in ’n lewe van opofferende diens. Begeleiding word in ’n aantal geloofsdissiplines gegee, naamlik gebed in verskillende vorms, die geleentheid vir afsondering en stilte, meditasie en kontemplasie, *Lectio Divina* (luisterende omgang met die Skrif), tye van vas, daaglikse nadenke en geloofsonderskeiding oor hul roeping, deelname aan geloofsgemeenskap (Koinonia), gasvryheid, diensbaarheid en die bou van verhoudings, beoefening van die Sabbat, ’n eenvoudige struktuur vir daaglikse spiritualiteit, geloofsbegeleiding, geleentheid vir die belydenis van sonde, geestelike feesviering en die meemaak van pelgrimstogte.

Tydens praktyk-gerigte navorsing word leidende vrae gevra (Hermans & Schoeman, 2015a:29), en sluit onder andere vrae in soos byvoorbeeld, wat is die feite, watter deel van die situasie is die mees problematiese vir die probleem-eienaar, hoe openbaar die probleem sigself en hoe groot is die probleem wat aangespreek word? Hermans en Schoeman (2015a:31) sluit aan by Karl Rahner, wat ’n verdere D-komponent by praktyk-gerigte navorsing byvoeg. Die D-komponent is die preskriptiewe of normatiewe dimensie van praktyk-gerigte navorsing. Die skopus van die leidende vrae vergroot om vrae soos onder andere die volgende in te sluit: wat is die toekomsdroom, wat moet gedoen word om die toekoms te skep en wat sal die aard van die gewenste (toekomstige) praktyk wees?

Hierdie studie ressorteer onder die probleem-oplossende fokus met spesifieke inkorporering van die D-komponent met die doel om pragmatiese riglyne vanuit ’n pastorale studie te formuleer ten opsigte van die Nederduitse Gereformeerde Kerkleraar as medereisende mistagoog met die lidmate in mistieke eenheid met Christus.

1.5 KONSEPOMSKRYWING

Die volgende konsepte is van belang vir die studie.

In Christus – mistieke eenheid

Eenheid met Christus is ’n sentrale Nuwe Testamentiese beskrywing van Christelike identiteit as die lewe van verlossing in Christus (Billings, 2011:136-137). ’n Teologie van eenheid met Christus sentreer die gelowige se identiteit in Jesus Christus self (Billings, 2011:273-274). Eenheid met God is ’n gedifferensieerde eenheid wat nie die duidelike onderskeid tussen die Skepper en skepsel uitwis nie en word soos volg gedefinieer:

- This Trinitarian process unites believers to Jesus Christ by the Spirit in order to serve the Father in gratitude. In union with Christ, believers are participants not only in all his benefits, but also in himself (Billings, 2011:1257-1258).
- Joined to Jesus Christ we share in the communion and mission of the Holy Trinity. The real meaning of the Christian’s faith is the trust that for Christ’s sake we are enfolded into the inner life of the Holy Trinity, to share in our Lord’s communion with the Father and in his mission from the Father. This view explains the meaning of our baptism (Purves & Partee, 2000:20).

- Calvyn, in sy *Institutes of the Religious Faith*, verwoord die mistieke eenheid soos volg, “Therefore, that joining together of Head and members, that indwelling of Christ in our hearts – in short, that mystical union (*unio mystica cum Christo*)[2] – are accorded by us the highest degree of importance, so that Christ, having been made ours, makes us sharers with him in the gifts with which he has been endowed ... he deigns to make us one with him” (Calvin, Ed. McNeill, 1977:737).
- The mysterious reality of our union with Jesus Christ, by which he dwells in us and we in him, is so utterly essential to the gospel that to obscure it inevitably leads to an obscuring of the gospel itself (Johnson, 2013:16).
- Union with Christ is an enchanted reality. It tells us that the most important things about our lives cannot be seen or touched with our senses. It tells us that there are extraordinary depths running just below the surface of our lives, which is an overarching reason it doesn’t enjoy a more robust reception today (Wilbourne, 2016:106).
- Ons word deur ons doop met Christus verenig. Daarom is die doop ons deelname aan sy lewe, sterwe, begrafnis, opstanding en verheerliking. Sy verhaal word ons verhaal; ons verhaal word ingebed in Syne. Al die ander betekenisse van die doop vloei hieruit voort (Burger & Cilliers, 2014:73).

Perichoresis

Hierdie Griekse woord beteken ‘wedersydse inwoning’. Johannes van Damaskus, uit die agste eeu na Christus, was die eerste persoon wat die woord *perichoresis* gebruik het met verwysing na die wedersydse inwoning of unieke gemeenskap van die Triniteit. Die drie Persone van die Triniteit lewe in, met en deur mekaar in onuitspreeklike gemeenskap (Migliore, 2004:420).[3]

Mistagoog

Die woord is nie ’n oorspronklike Afrikaanse woord nie, maar die navorser ontleen dit aan die Nederlandse woord *mystagoog*. Die predikant, as mistagoog, lewe bewustelik in God se teenwoordigheid en sien die bediening as die voortgesette werk van God. Die woord mistagoog bestaan uit twee woorde (mistiek en *agein*) wat beteken dat ’n mens in die verborge begelei of ingelei word. Die mistagoog is daarom ’n geesgenoot wat as medereisiger saam met gelowiges

---

[2] Latynse invoeging deur die outeur (McNeill, 1977:737).

[3] Die Griekse woord “perichoresis” beteken letterlik “in die rondte dans”. Die intimiteit in die verhouding van die drie Persone van die Triniteit word dikwels die “goddelike dans” genoem (Peterson, 2005: 45).

stap, met die afwagting en verwagting dat hulle oop sal wees vir die verborge werking van God (De Villiers, 2010).

1.6 VOORLOPIGE LITERATUURSTUDIE

Die volgende databasisse is geraadpleeg en die navorser lys slegs die mees relevante bronne tot die studie.

a) African Journals Database:

i. Badenhorst, C. & Fleischmann, J. 2008. Predikante kan ook aan stres ly. *Die Kerkblad*, 110:42-43.

ii. Brunsdon, A.R. & Lotter, G.A. 2011. Outo-etnografie as selfhulp vir predikante met bedieningsmoegheid: verkennende opmerkings. *Verbum et Ecclesia*, 32:1-7.

iii. Burger, C.W. & Wepener, C.J. 2004. Die predikantsamp. Deel 1: onduidelikheid oor die kerninhoud van die predikantsamp. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45:6-14.

iv. Burger, C.W. & Wepener, C.J. 2004. Die predikantsamp. Deel 2: op soek na ’n Bybelse visie van die amp: ironieë en verrassings. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45:15-22.

v. Burger, C.W. 2004. Die predikantsamp. Deel 4: predikantwees in die Gereformeerde tradisie in die 21ste eeu: nuwe uitdagings en nuwe tendense. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45:529-537.

vi. Burger, C.W. 2004. Die predikantsamp. Deel 5: kan die drie-ampteleer ons help om ’n Bybelse fokus aan die predikantsamp te gee? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45:538-548.

vii. Cooke, F.T. 2008. Die pastor *pastorum* in die pastorale versorging van die predikant. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 23:22-43.

viii. Dillen, A. 2017. Beyond a sacrificial spirituality: enhancing flourishing pastoral ministers. *HTS Theological Studies*, 73(4):1-6.

ix. Louw, D.J. 2015. Compassion fatigue: spiritual exhaustion and the cost of caring in the pastoral ministry. Towards a ‘pastoral diagnosis’ in caregiving. *HTS Theological Studies*, 71:1-10.

x. Nel, D. 2012. Die pastor as fluisteraar: Gedagtes oor pastorale identiteit en arbeid na analogie van die perdefluisteraar. *Acta Theologica*, 32:61-77.

xi. Wepener, C.J. 2004. Die predikantsamp. Deel 3: die take van die predikant in die Gereformeerde tradisie – histories en ekumenies beskou. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45:152-165.

b) Open Dissertations

i. Craven, S. 2012. A Resource for Pastors and Counselors: Ministering to spiritual and emotional needs of those in ministry. *Liberty Baptist Theological Seminary.*

ii. Mayes, A.D. 2007. What should be the role of spirituality in ministerial formation? *University of Wales Trinity Saint David*.

iii. Thomas, G.W. 2007. The continuing personal spiritual development of pastors. *University Press: Liberty University*.

c) Atla Religion Database with AtlaSerials

i. Bras, K.E. 2008. The minister as mystagogue: A contribution in a recent debate in the Protestant Church in the Netherlands (PCN), Seeing the seeker explorations in the discipline of spirituality: *A festschrift for Kees Waaijman on the occasion of his 65th birthday*, Leuven, Peters:563-575.

ii. Keating, J. 2018. Spiritual direction: Navigate your life toward God. *The Priest*, 74(2):25-31.

iii. Maschke, T. 2008. The pastor: A spirituality. *Concordia Journal*, 37(1):89-91.

iv. Overton, M.O. 2010. Spirituality in ministerial formation: The dynamic of prayer in learning. *Religious Education*, 105(5):556-557.

v. Parachin, V.M. 2010. Preventing burnout through spiritual self-care. *The Priest*, 66(9):81-83.

vi. Rossetti, S.J & Rhoades, C.J. 2013. Burnout in Catholic clergy: a predictive model using psychological and spiritual variables. *Psychology of Religion and Spirituality*, 5(4):335-341.

vii. Sauer, P.R. 2014. Spiritual care for pastors under siege. *Lutheran Forum*, 48(2):9-11.

d) Academic Search Complete

i. Barton, R. H. 2009. It begins with you! How the spiritual formation of the pastor affects the spiritual formation of the congregation? *Common Ground Journal*. 7(1):26-36.

ii. Proeschold-Bell, R., Yang, C., Toth, M., Corbitt Rivers, M. & Carder, K. 2014. Closeness to God among those doing God's work: A spiritual well-being measure for clergy. *Journal of Religion & Health,* 53(3):878-894.

e) E-Journals

i. Chandler, D.J. 2010. The impact of pastors' spiritual practices on burnout. *Journal of Pastoral Care & Counseling*, 64(2):1-9.

ii. Snelgar, R.J., Renard, M. & Shelton, S. 2017. Preventing compassion fatigue amongst pastors: The influence of spiritual intelligence and intrinsic motivation. *Journal of Psychology and Theology*, 45(4):247-260.

Alhoewel die inligting vanuit bogenoemde bronne in verdere hoofstukke volledig bespreek word, word relevante inligting vervolgens tematies bespreek omdat dit bydra tot die bespreking van die navorsingsprobleem (Mouton, 2001:93).

Die kern van die studie is die pastorale bediening van die Nederduits Gereformeerde Kerk leraar as medereisende mistagoog in en deur die mistieke eenheid met Christus. Om uiteindelik by hierdie kern uit te kom, ondersoek die navorser hoe predikante se verstaan van die mistagoog konsep hulle kan help om die uitdaging van 'alles-hang-van-my-af'-sindroom te bowe te kom, sodat die leraar kan bedien vanuit sy of haar eenheid met Christus en deelneem aan die voortgesette bediening van Christus (*participatio Christi*). Purves (2004:177) stel dat leraars rigtingaanwysers na Jesus moet wees, asook om verteenwoordigend van Jesus te leef vir die mense wat hul pad kruis. Hierin moet leraars God-gerig leef om in hul handel en aksie van navolging en verteenwoordiging van Jesus Christus nie net *imitatio Christi* te wees nie, maar *participatio Christi*.

In die voorlopige literatuurstudie val die fokus dan op 'n groter verstaan van die mistagoog se lewe en bediening as *participatio Christi*.

1.6.1 Pastorale versorging in Christus

Purves (2004:206) verduidelik dat leraars se oriëntasie tydens pastorale versorging moet wees dat hulle deel in die bediening van die genade en liefde van God aan gelowiges. Hierdie oriëntasie het ’n besliste hermeneutiese perspektief, naamlik dat die leraar gelowiges beskou as mense wat as gevolg van die kruisdood vergifnis ontvang het en tot gemeenskap met God herstel is. In die doop het gelowiges gesterf vir sonde om nuut te kan lewe (Rom. 5:4; Purves, 2004:207). Dit beteken ook dat die predikant lidmate sal sien en verstaan as die eiendom van God, wat onherroeplik deur God toegeëien is, al is die lidmaat nie bewus daarvan nie. Hierdie hermeneutiese perspektief sal tot gevolg hê dat die leraars se gedrag verander wanneer hulle besef dat hulle slegs deel aan Christus se bediening van die genade van God aan die mens (Purves, 2004:211).

Deernis en medelye is diep gewortel in die lewe van God en is geopenbaar deur die aardse bediening van Jesus van Nasaret. Deernis is as’t ware die innerlike natuur van God. Purves (1989:12) verwoord medelye baie treffend as volg (vry vertaal deur die outeur):

> Dit wat ons in ons lyding nodig het – naamlik die belewing van 'n metgesel langs ons op die rou-bank – is wat ons vind in God vir ons in Jesus van Nasaret… medelye is slegs vir ons moontlik in en deur ons verhouding met God in Christus. ’n Lewe van medelye is die gevolg van daardie verhouding.

Deur die mistieke eenheid met Christus word die leraar dan die metgesel of medereisiger langs die lidmaat op sy of haar rou-bank. Deernis is niks minder nie as 'n vorm van teologiese bestaan waarin ons deelneem aan Christus se bediening aan die Vader, in die krag van die Heilige Gees ter wille van die wêreld (Purves, 1989:133).

1.6.2 Eenheid met Christus

Billings (2011) is bekend vir sy uitbreiding rondom die tema van eenheid met Christus. In sy literatuur bring hy ’n groter balans in die missionale teologie en wys daarop dat die bediening dikwels inkarnasioneel gesien word, met ander woorde dat gelowiges (leraars) Christus eintlik inkarneer. Hy voeg dan by, “[W]e do not imitate the act of becoming incarnate, but are conformed to Jesus Christ, the incarnate one” (Billings, 2011:2826). Paulus beklemtoon die gelowige se vereniging met Christus, nie slegs in navolging van Jesus se voorbeeld van lewenswyse nie, maar in ’n mistieke eenheid waardeur gelowiges aan Hom verbind is (Billings, 2011:2828-2830). Diepe verstaan van die mistieke eenheid met Christus dra daartoe by dat gelowiges in hulle deelnemende bediening steeds die duidelike onderskeid tussen Christus en hulleself besef.

Gelowiges weet dus vanwaar hulle krag ontvang om andere te kan bedien (Billings, 2011:2842-2843).

> Rather than imitating the abstract model of becoming incarnate, we are united to Christ, the humble servant, and are being conformed to his image by the Spirit (Billings, 2011:3212-3213).

1.6.3 Bediening volgens die beeld van die Drie-eenheid

Die bediening waarin leraars staan is die bediening van Jesus Christus, tot die Vader, deur die Heilige Gees ter wille van die kerk en die wêreld (Seamands, 2005:10). Seamands (2005:11) voeg in hierdie verband die volgende by, “I am convinced that no doctrine is, in fact, more relevant to our identity and calling as ministers, than the Trinity.” Hy noem die trinitariese sirkel of kring tussen die Vader, Seun en Heilige Gees ’n oop sirkel.

Deur geloof in Christus, deur die doop in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees deel leraars (en gelowiges) in die lewe van die Triniteit en word genadig ingesluit as vennote. Seamands (2005:12) noem dit ’n vreugdevolle eenheid met die drie-enige God wat aan gelowiges gebied word. Sonder die trinitariese patroon van eenheid sal die pastorale bediening in maar net nog ’n hulp-professie verval.

Pastorale bediening is daarom nie om Christus te vra om by *ons* aan te sluit in *ons* bediening terwyl *ons* Hom aan ander gee nie. Pastorale bediening is die *deelname aan Christus* se voortgaande bediening, terwyl Hy Homself aan ander openbaar deur die bediening (Seamands, 2005:20). Hierdie diepe besef is baie bevrydend. Soveel van leraars se stres en uitbranding is juis die direkte gevolg van die feit dat hulle hierdie oriëntasie nie altyd betyds raaksien en besef nie (Seamands, 2005:21). Leraars moet besef dat die uitkoms en sukses van elke bediening van Christus afhang en nie van die leraar self nie (Seamands, 2005:22). Vanuit die Vader en Seun se liefde vir mekaar, vloei Christus se bediening en dit behoort ook so met leraars te wees (Seamands, 2005:23).

’n God-gerigte bediening vra geloofsonderskeidend na die wil van God en is slegs moontlik deur die leiding van die Heilige Gees (Seamands, 2005:27). Leraars moet sorg dra om nie in die slaggat te trap om meer afhanklik van hulself, hul opleiding, vaardighede, persoonlikhede, ervarings vanuit die verlede, kennis, beste bedoelings en harde werk te wees nie, as van Christus deur die Heilige Gees (Seamands, 2005:29). Seamands (2005:29) wys daarop dat in die perikoop van die doop van Jesus gesien kan word dat daar ’n nuwe verhouding tussen Jesus en die Heilige Gees ontstaan het en kom dan tot die slotsom dat dit ook waar is van die leraar (Seamands, 2005:29).

1.6.4 Leraars se deelname aan Christus en die mistieke eenheid

In ag genome die deelname aan Christus en die mistieke eenheid met Hom, lewer Canlis (2010) ’n waardevolle bydrae wanneer hy verduidelik dat Christus se eenheid met die Vader nie ’n persoonlike prestasie of direkte gevolg van Sy heiligheid was/is nie, maar dat die doel van die eenheid eintlik vir die insluiting van gelowiges (leraars) in die eenheid met die Vader is. Gelowiges word hierdeur ingesluit in die *perichoresis* van die Goddelike lewe, deur deelname of eenheid in Christus deur die Heilige Gees (Canlis, 2010:134).

1.6.5 Spirituele begeleiding (Mistagogie)

Peterson (1987:3) meen dat die drie basiese pastorale handelinge van die leraar (naamlik: gebed, die lees van die Woord en spirituele begeleiding) die basis vorm vir die bewuswording van die bediening in en deur Christus. Nie alle spirituele begeleiers is predikante nie, maar alle predikante is wel spirituele begeleiers in wese (Van Dam, 2004:185). Wanneer leraars hulself as mistagoog beskou sal dit sy of haar prioriteite en aksente bepaal. Die profiel van die leraar toon hom of haar as iemand van wie spirituele begeleiding verwag kan word.[4] Pieter de Villiers (2010e) sien spirituele begeleiding as die hart van pastorale werk.[5] Die mistagoog is gedurigdeur bewus van sy of haar totale afhanklikheid van God, en as ’n kontemplatiewe persoon stel hy of sy hulle geestelike fokus in op God se leiding. Daarom bring die mistagoog, tyd deur by God deur middel van geestelike dissiplines. Trouens, in die mistagogie gaan dit om God te ervaar (De Villiers, 2010e).

Stafford (2014:10) beskryf vier rolle van die spirituele begeleier toepaslik op pastorale leierskap as (1) rentmeester van heilige veiligheid, (2) heilige luisteraar, (3) die voorstander van stilte, en (4) wysheids-onderwyser. Die leraar as mistagoog se doel is *Coram Dei* – om in die teenwoordigheid van God te leef en te bedien. Sodoende word die leraar se bediening 'n venster

---

[4] Jos Douma skryf oor die predikant as mistagoog: “Een pastor die zoekt naar wat ten diepste zijn of haar identiteit als pastor uitmaakt, zou het kunnen wagen om te zeggen: ‘ik wil mystagoog zijn.’” (Douma, 2002:238). Mistagogie is volgens hom die inleiding en inwyding in die misterie van God se oneindige nabyheid in. Die beoefening van sekere geestelike praktyke help ons om dié nabyheid te beleef (Douma, 2002:242).

[5] Kenneth Leech, bekende op die gebied van spirituele begeleiding, stel dit dat spirituele begeleiding juis die teologie na die sentrum verskuif en beklemtoon die gerigtheid op God in hierdie bediening van gebed en kontemplasie: “The ministry of spiritual direction involves a view of theology as central, and being of its essence rooted in prayer and contemplation” (Leech, 1998:78)

vir ander waardeur hulle dieselfde potensiaal en moontlikheid van verbintenis met God in hulle eie lewens kan raaksien.

Geestelike begeleiding is daarop ingestel om iemand gefokus te help groei in sy of haar verhouding met God (Barry & Connolly, 2009:5). Die spirituele begeleier (leraar/mistagoog) lei die begeleide (gelowige) om bewus te word van hoe God Homself openbaar en sy of haar reaksie as antwoord op God se openbaring. Een voorbeeld van gefokusde hulp is om gelowiges die beginsels van *Lectio Divina* ('n kontemplatiewe lees van die Skrif) te leer. Kontemplatiewe lees lei daartoe dat die Skrif toegelaat word om self te 'praat' deur daarna te 'luister' en te vra dat God Homself sal openbaar, sodat die gelowige kan groei in kennis van God (Barry & Connolly, 2009:57). Hierin moet die leraar as mistagoog onthou dat die fokuspunt Gód se ontmoeting met die begeleide is en nie een of ander vooraf uitgewerkte plan, agenda of program van die begeleier nie.

1.6.6 *Anam Cara*

In die Keltiese tradisie verwys die frase *anam cara* na die persoon teenoor wie daar gebieg kan word of geheime aan geopenbaar kan word. Die gelowiges deel dus hul innerlike self, gedagtes en gevoelens met 'n geestelike begeleier, die *anam cara*. *Anam cara* is die Keltiese woord vir sielsvriend of sielsgenoot. In die Keltiese tradisie is daar nie beperkinge van ruimte of tyd op die selfontbloting geplaas nie en kon gelowiges sonder masker en sonder voorgee hul diepste verlange of ontnugteringe deel. Dit was beskou as 'n wedersydse liefdesverhouding gewortel in Christus (O'Donohue, 2004:13-14).

1.6.7 Christus alleen die Begeleier

Eenheid met Christus lei daartoe dat die leraar tydens spirituele begeleiding besef dat Christus *alleen* die Here en die Begeleier is (Smith, 2014:7). Die paradigmaverskuiwing is dat die leraar se teenwoordigheid en bedoelings nie die middelpunt van die bediening is nie, maar die aandag word telkens op God geplaas (Smith, 2014:8). Sodoende word die leraar 'n medeluisteraar of reisgenoot wat *saam* met die gelowige luister na God se spesifieke en onmiddellike leiding van die Gees in die persoon se lewe (Smith, 2014:16). Stafford (2014:88) voeg hierby dat,

> [S]piritual directors are trained to listen to the Divine speaking into their reality. The spiritual director actively models holy listening by being present simultaneously to the directee and to the voice of God.

1.6.8 Mede-onderskeiding

Mistagogie is ’n bediening van mede-onderskeiding deur die leraar en die gelowige om die leiding van die Heilige Gees te kan onderskei (Smith, 2014:23). Wilhoit (2008:189) beskryf die doel van mistagogie as drieledig. Op kognitiewe vlak moet die leraar as mistagoog die gelowige help om die wil van God te verstaan soos wat dit in die Skrif geopenbaar word en deur die Heilige Gees verlig word. Op bestaansvlak (*realm of being*) begelei die mistagoog die gelowige na transformering van sy of haar innerlike wêreld tot die beeld van God. Op handelingsvlak begelei die mistagoog die gelowige tot ’n Geesvervulde lewe in gehoorsaamheid aan God.

1.6.9 Die unieke aard van die bediening van die predikant as mistagoog

Alhoewel elke gelowige ’n unieke persoonlike verhouding met God het, is mistagogie ’n gedeelde spirituele reis (Stairs, 2000:189). Tydens mistagogie moet die mistagoog en die gelowige in stille afhanklikheid en teenwoordigheid van God respek toon vir God Drie-enig se leiding en tydsberekening (Smith, 2014:23). Die psigiater, Gerald May (1992:15) het self vir menige gelowiges as mistagoog opgetree en beskryf die onderskeid tussen ‘gewone’ terapie en mistagogie dat die Heilige Gees se leiding tydens mistagogie meer prominent is, omdat die mistagoog ingestel is daarop.

Die primêre taak van die spirituele begeleier is om reg ingestel te wees vir die leiding van die Heilige Gees tydens die spirituele begeleiding, terwyl hy of sy self ook daagliks bewus is van hul eie persoonlike verhouding met God. Die mistagoog moet hom- of haarself ook heeltyd herinner aan die werklikheid van wat besig is om te gebeur, en moet daarom die begeleiding begin met 'n stil gebed in stille pleidooi vir die genade om waarlik 'n kanaal te wees van God se waarheid en liefde vir die begeleide (May, 1992:116).

Die fokus van mistagogie en terapie verskil ook tot ‘n groot mate. Terapie voorveronderstel ’n bepaalde probleem waarvoor oplossings gevind moet word, terwyl dit in mistagogie gaan om ’n bepaalde verhouding met God. In mistagogie word die lewe as’t ware deur die God-lens beskou vanuit die perspektief van die gelowige se begeerte na God en met die vermoede dat God se genade voldoende en beskikbaar is, selfs te midde van eksistensiële probleme (Owens, 2012:42-43). Bakke (2000) het ook die verskil tussen terapie of berading en mistagogie uitgewys as dat, wanneer iemand aanmeld vir berading, vrae soos onder andere ‘Hoe kan ek deur hierdie krisis kom?’ of ‘Hoe kan ek meer lonend en bevredigend leef en funksioneer?’ van belang is. Mense wat mistagogie kies, doen dit omdat hulle wil groei in hulle verhouding met God (Bakke, 2000:32). Die wese van mistagogie is dan hierdie dieper liefde en gemeenskap met God. Terwyl groter en kleiner

transformasies hieruit kan voortvloei, is dit nie die hooffokus nie. Die gelowige se begeerte na God en om te groei as Sy vriend en volgeling in liefde en vertroue is die hooffokus (Bakke, 2000:42).

1.6.10 Die metgesel-verhouding

Osmer, Reed en Smucker (2015:13) gebruik die begrip *spiritual companioning* wanneer hulle oor spirituele begeleiding skryf. Christus is aan die werk en die metgesel (companion) sluit eenvoudig by Hom aan deur die krag van die Heilige Gees. Tydens mistagogie moet God altyd die leiding neem en die mistagoog en gelowige vergesel God as't ware op hierdie reis. Daar ontstaan dus 'n metgesel-verhouding met 'n ander in diens van God en sodoende word die mistagoog 'n instrument wat God se vergewensgesinde, verlossende en vernuwende teenwoordigheid bemiddel en kommunikeer (Osmer, Reed & Smucker, 2015:13-14).

1.6.11 Die mistagoog as gasheer of gasvrou

Mabry (2017:50) wys daarop dat die mistagoog eintlik 'n stil ruimte skep waar die gelowige werklik gekoester en veilig voel. Die uitgangspunt is dat die Here in die lewe van die gelowige werksaam is en derhalwe het die persoon self 'n beter verstaan van sy spirituele reis as die mistagoog. Daarom moet die mistagoog eerder na die begeleide luister as *vice versa*. Anders as in die geval van 'n berader wat rigtinggewend en probleemoplossend werk, stap die mistagoog eintlik net saam met die gelowige op sy of haar geloofspad (Nicol, 2010:97). Die gelowige wat spirituele begeleiding verlang en die mistagoog is dus medereisigers in mistieke eenheid met Christus. Net soos wat mense fisies elke dag reis, is hulle geestelik ook altyd op reis – *in via* – gedryf deur die verlange om tuis te kom – *in patria*.

As medereisiger is die mistagoog ook die gasheer of gasvrou wat die gelowige ondersteun en versorg. Gasvryheid sluit onvoorwaardelike aanvaarding in. Dit gebeur heel dikwels dat sommige gelowiges se geloofspad 'n uitdagende woestynpad insluit waar hulle in hul menswees totaal gestroop word en afhanklik is van die goedheid van vreemdelinge (Guenther, 1992:9-10), net om later te ontdek dat daardie vreemdelinge eintlik broers en susters in Christus was (Guenther, 1992:11). Onvoorwaardelike aanvaarding in gasvryheid beteken dat die mistagoog op 'n biddende manier besig raak met die gelowige, en Guenther (1992:18) verwoord 'n mistagoog-gebed (vry vertaal deur die outeur).

> Here help my om aandag te gee, Here help my om my mond toe te hou, Here laat ek myself uit die pad hou, Here laat ek ten volle teenwoordig wees vir hierdie persoon, u kind.

Deur gasvryheid word gelowiges deur die mistagoog in ’n veilige en beskutte ruimte ingenooi waar die fokus slegs op die versorging en vernuwing van die gelowige deur die kragtige werking van die Heilige Gees val. Eenvoudig gestel is gasvryheid 'n geskenk van ruimte (fisies en geestelik) wat nie ligtelik opgeneem mag word nie. Die mistagoog en die gelowige deel die ruimte met vreugde (Guenther, 1992:14). Hierdie gedeelde ruimte binne gasvryheid in vreugde herinner aan die woorde van die profeet Nehemia in hoofstuk 8 vers 12.

1.6.12 Mistagogie as gawe aan die kerk van Christus en integrale deel van die bediening

Smith (2014:24) wys daarop dat mistagogie ’n onskatbare gawe is wat Christus aan die kerk gegee het. Mistagogie voorveronderstel ’n tuiste in die gemeente en kan gelowiges help in hul soeke om sy of haar doop-identiteit ten volle uit te leef. Daarom begelei die mistagoog vanuit die sakramente, die doop en die nagmaal, binne die konteks van die gemeente (Smith, 2014:27). Om mistagogie ’n integrale deel van die pastorale bediening te maak, vereis twee aspekte. In die eerste plek moet die leraar leer om “stadiger te beweeg” in sy of haar bediening. Leraars moet besef dat hulle nie altyd alles vir almal kan wees of doen nie, maar hulle kan hul lewens en bediening so inrig dat die oomblikke van begeleiding nie aangejaag word nie, en hul waarlik teenwoordig kan wees vir die ander in hierdie gesprekke. Tweedens, moet leraars die ander sien as ’n medereisiger wat God oor hul pad gebring het en hierdie ontmoeting vra aandag en sensitiwiteit vir die teenwoordigheid van God (Smith, 2014:56).

1.6.13 Die fokus van die leraar in mistieke eenheid met Christus

Die fokus van die pastorale bediening van die leraar is die voortgesette bediening van die lewende Christus aan die Vader deur sy Gees. Die vraag is: Wat kan iemand verwag wanneer hy 'n leraar besoek wat uniek is en verskil van die ander hulp-professies? Die antwoord lê in die medereisiger op die geloofspad wat saam met sy of haar lidmaat hulle verhouding met God verinnig en verdiep. In hierdie opsig is die predikant deelnemer aan die voortgesette bediening van Christus en begelei die lidmaat ook as iemand wat leef in mistieke eenheid met Christus. Die predikant neem slegs deel aan Christus se bediening van die genade van God aan die mens. Deur mistieke eenheid met Christus (*unio mystica cum Christi*) word die leraar die metgesel of medereisiger langs die lidmaat. Dit is 'n deelname aan Christus se bediening aan die Vader deur die krag van die Heilige Gees ter wille van die een wat na hom toe kom vir mistagogie. Wanneer die leraar sy mistieke eenheid met Christus reg verstaan sien hy in sy of haar deelnemende bediening steeds die duidelike onderskeid tussen Christus en die mistagoog. Die predikant in mistieke eenheid met Christus, ontvang deur sy of haar doop, bevestig en vernuwe in die nagmaal, pas in die oop sirkel

(*perichoresis*) van die Drie-eenheid en neem as sodanig deel aan die *missio Dei*. Vanuit die Drie-eenheid se liefde vir mekaar, vloei Christus se bediening, en die leraar in mistieke eenheid met Christus, is bevoorreg om hieraan deel te neem (*participatio Christi*). Wanneer die leraar tot hierdie ontdekking kom, is dit erg bevrydend. Al die waardevolle teologiese opleiding van die leraar, al sy of haar gawes, talente en selfs persoonlikheid, word deur die leraar in diens gestel van die bediening in en deur Christus, sodat die eintlike Bedienaar en Mistagoog hom of haar gebruik in sy sending om heel en nuut te maak en te genees. Hiervan raak die predikant as mistagoog dan getuie. Sodoende verander die fokus van die leraar vanaf taak- en program-georiënteerd, na roepings-georiënteerd. In die deelname aan die voortgaande bediening van Christus, val die prioriteite van die leraar al meer op sy of haar eie spiritualiteit (geleefde geloof) en die begeleiding van lidmate in hulle eie spiritualiteit, met die doop as basis. Hier maak die predikant ruimte vir die mistieke werk van Christus deur sy Gees in die lidmaat se lewe, en in die pastorale bediening en versorging as geheel. Hy of sy is medereisiger saam met die gelowige op sy of haar pad met God (mistagoog). Wanneer die leraar opnuut tot hierdie ontdekking kom, maak dit hom of haar vry daarvan om “alles vir almal” te wees, aangesien die Drie-enige God die Een is wat die werk doen, “die dinge laat gebeur”, soos Hy wil en teen sy eie tempo. Hierdie fokus verlig die druk op die predikant, wat dikwels beleef dat hy of sy “alles vir almal” moet wees en dat die sukses of mislukking van die bediening van hom of haar afhang. “Our ministries need to be crucified. They need to be killed off… Our people don’t need us; they need Jesus. Conceiving ministry as our ministry is the root problem of what ails us in ministry today. Ministry should be understood as a sharing in the continuing ministry of Jesus Christ, for wherever Christ is, there is the church and her ministry” (Purves, 2007:11).

1.7 PROBLEEMFORMULERING

In die voorafgaande voorlopige literatuurstudie het die fokus geval op hoe die leraar se benadering tot en belewing van die pastorale bediening kan verander wanneer hy of sy besef en glo dat hulle bedien vanuit die mistieke eenheid met Christus en deelneem aan die voortgesette bediening van Christus (*participatio Christi*). Purves (2004:177) stel dat mense (gelowig en nie-gelowig) vir die Heer Jesus deur die bedienaar se lewe moet ontmoet, omdat bedienaars verteenwoordigend van Jesus Christus moet optree vir die mense wat hul pad kruis. Die leraar moet bewus bly van God wat handel en hul aksie van navolging van Jesus Christus mag nie net *imitatio Christi* wees nie, maar *participatio Christi* (Purves, 2004:177). Die navorser stem saam met Andrew Purves dat die predikant in mistieke eenheid met Christus, Christelike pastorale spiritualiteit nodig het. Hierdie spiritualiteit laat die leraar in die daaglikse teenwoordigheid leef van die lewende Christus. Deernis

is diep gewortel in die lewe van God aan ons geopenbaar in Jesus van Nasaret – deernis openbaar die innerlike aard van God, die metgesel langs ons op ons rou-bank, maar ook op ons reis met Hom, so vind ons God in Jesus van Nasaret. Deernis is net moontlik vir ons in en deur ons verhouding met God in Christus. 'n Deernisvolle lewe is die gevolg van daardie verhouding met Christus (Purves, 1989:12). Hernude deernis is net moontlik teen die agtergrond van hernude spiritualiteit. Hernude spiritualiteit is spiritualiteit van Christelike volwassenheid waarin ons so gevorm word deur Jesus Christus dat ons getransformeer word deur Hom en meer en meer in sy aard (natuur) deel (Purves, 1989:13). Onontbeerlik vir hierdie Christelike pastorale spiritualiteit is die leraar se spirituele dissiplines, wat die belangrikste deel uitmaak van die geleefde geloof (spiritualiteit) van die leraar. Terwyl Purves (1989:14) gebed, die lees van die Bybel en aanbidding beskou as noodsaaklike geloofsgewoontes,[6] kan hierdie belangrike drie dissiplines uitgebrei word met die vraag "hoe", waarop die navorser graag sou wou antwoord in die hoofstuk wat spesifiek handel oor die spiritualiteit van die leraar met data ingewin in die empiriese deel van die navorsing oor die spiritualiteit van die leraars in die Ring van Clanwilliam. Opsommend kan gesê word dat dit juis die spiritualiteit van die leraar is wat hom of haar bewus maak van die God wat handel, en die leraar meeneem op sy sending.

Uiteindelik moet die leraar besef dat die bediening in en deur Christus, die deelname aan Sý lewe en die voortsetting van Sý bediening, beteken. Purves (2007:67-69) beskryf die verkeerde fokus in die bediening as volg,

> Conceiving ministry as *our* ministry is the root problem of what ails us in ministry today. Ministry should be understood as a sharing in the continuing ministry of Jesus Christ, for wherever Christ is, there is the church and her ministry.

In 'n poging om hierdie innerlike waardebotsing wat predikante beleef uit te beeld, koppel die navorser dit spesifiek aan Stil Saterdag in die Lydensweek wat algemeen bekendstaan as die dag van leegheid. Daar is geen erediens en liturgie op hierdie dag nie en die voorveronderstelling is dat dit 'n dag van vas en wag as deel van die gelowige se geloofsdissiplines moet wees. Die

---

[6] Gideon van Dam (2003:54) praat van die spiritualiteit van die leraar as 'n lewensoriëntasie. Dit is om bewus te wees van 'n innerlike kompas, en 'n gerigte manier waarop die werklikheid waargeneem word. Die luister na die Bybel as God se woord beskryf hy soos volg: "De altijd weer verrassende ontmoeting met de Onuitsprekelijke in het luisteren naar de bijbel is voor mij het laatste ijkpunt voor mijn spiritualiteit" (Van Dam, 2003:59). Maar die spiritualiteit van die leraar is ook 'n lewensstyl wat beoefen en ingeoefen word. Dit is moontlik dat die leraar so besig kan wees met die spiritualiteit van die geloofsgemeenskap, dat hy of sy nie veel ruimte maak vir sy of haar eie geloofspaadjie nie (Van Dam, 2003:62). Spiritualiteit is daarom die "draende krag" vir die bediening van die leraar (Van Dam, 2003:70).

praktyk wys egter dat predikante op Stil Saterdag besig raak met die voorbereiding vir Opstanding Sondag se dienste en sodoende is die leraar weer eens besig met die beplanning van medegelowiges se geloofsdissipline. Purves (2010:11-15) stel dat toenemend meer predikante se bediening dikwels daarop dui dat Jesus in die graf is, en omdat Hy dood is, moet hulle die dinge laat gebeur. Stil Saterdag is 'n voorbeeld van so 'n dag waarop predikante dan invul wat God nie doen nie (Purves, 2010:11-15).[7] Voortgesette bediening in hierdie gees van Stil Saterdag lei een of ander tyd tot uitbranding, moedeloosheid en depressie by predikante (Purves, 2010:32), soos verderaan gesien sal word in die opnames wat gedoen is onder leraars.

Eswine (2015:61), self 'n predikant en begeleier van predikante, raak 'n verdere kwessie aan met die volgende vrae: "Do I possess a stamina for going unnoticed? Can I handle being overlooked? Do I have a spirituality that equips me to do an unknown thing for God's glory?" Wanneer die fokus is op die deelname aan die bediening van Christus, in mistieke eenheid met Hom, bring dit juis vir die leraar genoeg rus, dat hy of sy ongemerk die aandag kan vestig op dit wat God drie-enig besig is om te doen in die lewens van gemeentes en lidmate.

Uit die data wat die navorser ingesamel het blyk dit duidelik dat die leraar nie noodwendig gefokus is op sy mistieke eenheid met Christus en die deelname aan sy bediening nie. Dalk is dit omdat die vrae wat aan die leraars gestel word in hierdie navorsing, antwoorde begelei in die rigting van "die predikant moet alles kan doen" en dat die sukses van die bediening afhang van die predikant se bekwaamhede, opleiding, talente en gawes. Daarom is die terugvoer uit die navorsing wat gedoen is, heel dikwels taak-georiënteerd en kom die God wat handel nie dikwels ter sprake in die antwoorde wat die leraars gee op die vraelyste of in die onderhoude nie. Die navorser maak hoofsaaklik gebruik van data uit die VSA (redelik omvattend) en dan twee navorsingsverslae uit die Nederduitse Gereformeerde kerk.

Hoge en Wenger (2005) het in hulle navorsing onder meer as eenduisend leraars wat voortydig die bediening verlaat het, bevind dat die meerderheid van hulle hierdie stap geneem het omdat hulle gedreineer gevoel het oor al die eise wat aan hulle gestel word (58%), die gevoel van

---

[7] Die deïstiese beeld van God het 'n lang aanloop en is diepgewortel in die geloofsdenke van ons wêreld en selfs die kerk en predikante van ons eeu. "'n Tyd terug het die biskop van Edinburgh vir sy lidmate gesê ons moet aanvaar dat ons op ons eie is. Dit help nie regtig om te kyk of te wag op iemand om ons te kom help nie. Al waarvoor ons kan hoop, is dat die verhale oor Jesus mense kan inspireer tot goeie lewens" (Burger, 2011:72). 'n Bekende en ontstellende beeld uit die Bisantynse tradisie, is dié van die leë troon, die *hetoimasia tou thronou* (Agamben, 2007: 244-245), en die apostels en biskoppe wat rondom die troon sit. Hulle wag op die dag wanneer Jesus weer kom. Tot dan is Hy weg en moet die biskoppe sy plek inneem.

eensaamheid en geïsoleerdheid (51%), die gebrek aan ondersteuning van gemeente-leiers (43%) en verhoudingsprobleme, onder andere huweliksprobleme (27%), direk voortspruitend uit die eise wat in die bediening aan hulle gestel word (Hoge & Wenger, 2005:37).[8] Hierdie eise is gewoonlik nie deur God aan die leraars gestel nie, maar deur die leraars aan hulleself of die leierskap van gemeentes wat oormatig taak-georiënteerd is, maar het 'n duidelike invloed op hulle besluit om eerder die bediening te verlaat.

Al is die fokus op die voortgesette bediening van Christus, en leef en bedien die leraar in mistieke eenheid met Hom, eerstens as mistagoog, is en bly die leraar vlees en bloed, en stel hy of sy dikwels aan hom- of haarself sekere eise waaraan hy of sy moet voldoen, dikwels buite konteks van die *perichoresis*. Daarom verwoord die Barna Groep (2017:7) tong-in-die-kies die volgende slagspreuk as van toepassing op die bediening van leraars, as 'n plek "waar jy in beheer is van niks nie, maar tog verantwoordelik is vir alles[9]." Hierdie woorde hoor die navorser dikwels terug in die skuldgevoelens waarmee die leraar worstel. Volgens die navorsing wat die Barna Groep onder 14 000 predikante in Amerika gedoen het, word die kansels beman deur kreatiewe en passievolle predikante wat lief is vir God en graag wil sien dat die kerk van die Here floreer (Barna Group, 2017:6). Tog het hul navorsing ook kommerwekkende tendense opgelewer, waaronder:

- Een-derde van die predikante het 'n hoë tot medium mate van risiko vir uitbranding beleef en een-vyfde van die predikante het die risiko geloop om ernstige geestelike probleme te ontwikkel (Barna Group, 2017:20)
- Die leë kerkbanke wys 'n beduidende verskuiwing van gesindhede, ten minste in die VSA, teenoor die waargenome relevansie en waarde van die kerk (Barna Group, 2017:5). Hierdie verskuiwing in gesindhede ondersteun ook Eswine (2015:67) se opmerking dat, "The pastor has two fears: (1) People will leave; (2) we will be judged as failures."
- Die gemiddelde ouderdom van predikante het die afgelope 25 jaar van 44 tot 54 gestyg. Een uit elke vier predikante het gedurende hul bediening 'n tydperk beleef toe hulle aansienlik aan hul geloof getwyfel het (Barna Group, 2017:11).

---

8 Die landwye opname is in die Verenigde State van Amerika gedoen onder vyf van die hoofstroom-kerke, te wete die United Methodist Church (UMC), die Presbiteriane (PCUSA), die Evangelical Lutheran Church in America (ELCA), die Lutheran Church – Missouri Synod (LCMS) en die Assemblies of God (AG) (Hoge & Wenger, 2005:18).

9 Vry vertaal deur die outeur.

- Die persentasie kerkleiers van 65 jaar en ouer het byna verdriedubbel, wat beteken dat daar nou meer predikante in die oudste ouderdomsgroep is as dié jonger as 40 jaar (Barna Group, 2017:14).
- Predikante het slegs twee of drie geestelike dissiplines gelys wat belangrik geag word vir hul eie geestelike ontwikkeling. 81% het gebed en 71% het die lees van die Skrif aangedui. Die dissipline van stilte en afsondering is op 13% statisties heel onder aan die lys van belangrike geloofsdissiplines (Barna Group, 2017:27-28). Die Barna Groep (2017:27-28) het ook tot die konklusie gekom dat dit blyk asof sommige van die predikante dit moeilik vind om tyd te vind vir hul eie geestelike groei en dit laat vraagtekens oor hul effektiwiteit om mense in 'n transformatiewe verhouding met God te begelei.
- Twee-derdes van die predikante het aangedui dat hulle die meeste hou van "preek en onderrig" (66%), terwyl slegs 5% aangedui het dat die pastorale versorging van gelowiges bevredigend is (Barna Group, 2017:96). Die navorser wonder waarom dit so is dat pastorale versorging so min byval vind by predikante in die VSA. Die teendeel is waar in die Suid-Afrikaanse konteks, spesifiek uit die verslae van die NG Kerk.

Vanuit hierdie navorsing het die Barna Groep tot die hartseer konklusie gekom dat predikante dikwels die aandag wat hulle ontvang – juis omdat hulle geestelike leiers is – verwar as ’n aanduiding van hul eie geestelike volwassenheid. Die voortdurende lof vir inspirerende boodskappe en omgee-dade kan predikante verlei om die projeksies wat op hulle geplaas word te glo en dit as spirituele intelligensie te beskou. Dit kan lei tot narsistiese gedrag wat eindig in die geestelike misbruik van die kudde, gekenmerk deur mag en beheer, in plaas van sorg en leiding (Barna Group, 2017:31). Die Barna Groep (2017:32) waarsku dat sonder die belewing van eenheid met Christus wat gepaardgaan met die uitleef van leraars se spiritualiteit (geestelike dissiplines), kan die bediening 'n werk eerder as 'n unieke roeping word. Die een verwagting, wat bo al die ander uitstaan, wat die Gemeente van die leraar mag hê, is dat hy of sy bewustelik *coram deo* leef.

Spirituele selfsorg is daarom vir elke leraar wat deelneem aan die voortgesette bediening van die lewende Christus, die hoogste prioriteit. Scazzero (Barna Group, 2017:33) maak die opmerking dat geestelike begrippe soos byvoorbeeld stilte, rustigheid, afsondering en om-te-wees (in plaas van om-te-doen) moeilik verstaanbaar is, wanneer daar geglo word dat die sukses van die bediening afhang van die predikant. Daarom is Scazerro (Barna Group, 2017:33) oortuig daarvan

dat predikante vanuit die breër historiese kerklike tradisie – Rooms-Katoliek, Ortodoks en Protestant – en die rykdom van gedeelde geskiedenis moet leer dat om 'n bedienaar van Christus te wees en nie self getrou die geestelike dissiplines te beoefen nie, eintlik 'n teenstrydigheid is. Geestelike dissipline is juis die voertuig om gelowiges in die teenwoordigheid van God te plaas sodat transformasie kan plaasvind. Nalatigheid (om welke rede ook al) om die dissiplines te beoefen het ŉ destruktiewe impak op die predikant se vermoë om as mistagoog op te tree. Daarom is dit kommerwekkend dat slegs 13% van leraars in hierdie verslag aandui dat hulle ruimte maak vir die dissipline van stilte en afsondering. Die navorser wonder hoeveel van die dissipline van Bybel-lees en gebed gebruik word om voor te berei vir ŉ preek, m.a.w. dat dit eerder gebruik word as hulpmiddel vir “werk”, of “produk-gerig” is (Van Dam, 2003:78), as om die innige verhouding van eenheid met Christus te kultiveer. Die verslae uit die NG Kerk verskil genadig in hierdie opsig van die Barna Groep se bevinding.

- **Die welstand van predikante in die NG Kerk**

Twee belangrike onlangse verslae gee ŉ blik op die welstand van die predikant, hoofsaaklik in die Oos-Kaap Sinodale streek in vergelyking met die Wes-Kaap Sinodale streek, en dan die uitdagings vir predikante in klein gemeentes, waarvan die oorgrote meerderheid in die platteland, die konteks vir hierdie studie, te vinde is.

Statistiek in die Oos-Kaap dui daarop dat sowat 65% van leraars bo die ouderdom van 50 jaar is (Navorsingsverslag, 2016:1). Die grootste enkele groep van die predikante wat aan die navorsing deelgeneem het (41.18%) woon en werk in die Oos-Kaapse platteland (Navorsingsverslag, 2016:4).

70% van predikante dui aan dat hulle meer as 51 ure per week werk (Navorsingsverslag, 2016:5). Die drie sake wat vir die meeste predikante spanning in die bediening gee, is lidmate (geestelik onvolwasse, onbetrokke, krities, negatief, instandhouding), finansies (gemeente en persoonlik) en verwagtinge (onrealisties, onregverdig, onredelik) (Navorsingsverslag, 2016:7). Die vraag is waarom leraars soveel meer ure werk, en dit blyk uit die lees van die verslae dat hulle rolverwagting dikwels baie meer en anders is as die roeping waaraan hulle gehoorsaam probeer wees. Uit die opmerkings van leraars verderaan, blyk dit dat van hulle verwag word om “alles vir almal” te wees, wat die kollig so helder op die leraar plaas dat die lewende, aktiewe Christus in die skaduwee van die leraar verdwyn. Indien die leraar sou kon fokus op prediking, die sakramente, pastoraat, gebed en die spirituele begeleiding van lidmate (dus mistagoog-wees), sou dit die vreugde van die bediening positief beïnvloed.

Die sake wat vir die meeste predikante vreugde verskaf is prediking en pastoraat (Navorsingsverslag, 2016:7). Dit is opvallend dat die pastoraat een van die vreugdes is vir predikante in die Oos-Kaap en ook in klein gemeentes (kyk verder). Die platteland is bekend daarvoor dat een van die behoeftes van die lidmate juis die persoonlike kontak van die leraar is, en dat dit vir die leraars vreugde verskaf, maak dan aksies soos huisbesoek en pastorale bediening minder van ’n stressor, maar bied ook die ideale ruimte vir die leraar om mistagoog te wees.

Geloofsgewoontes wat deur die oorgrote meerderheid leraars in die Oos-Kaap Sinode beoefen word is 1. *Lectio Divina*, Wandel in die Woord, 2. Gebed (o.a. "examen", gebed van die hart), 3. Afsondering en stilte, 4. Lees en studie en 5. Joernaal (Navorsingsverslag, 2016:9). 65% van predikante in die Oos-Kaap toon aan dat hulle jaarliks 'n retraite bywoon, teenoor die 60% van VGK predikante en die 39% van NGK predikante in die Wes-Kaap (Navorsingsverslag, 2016:10). Die feit dat die oorgrote meerderheid van die leraars hulle spiritualiteit sien as prioriteit, is verblydend. Dit sou goed wees indien hierdie leraars begelei kon word om hierdie prioriteit te koppel aan hulle bediening, sodat die groot aantal leraars wat byvoorbeeld uitbranding beleef, in hulle verhouding met God en eenheid met Christus tot rus kan kom, ook in hulle bediening.

Dit is kommerwekkend dat omtrent 30% van predikante uitgebrand voel. (In vergelyking hiermee voel 34% van VGK predikante en 25% van predikante in die Wes-Kaap uitgebrand.) Alhoewel 62% aantoon dat hulle selfsorg moet toepas, het 23% hulp nodig en die ander 23% wil die bediening verlaat. Omtrent 16% van predikante is verder van mening dat hulle nie stres effektief kan hanteer nie (Navorsingsverslag, 2016:9). Beleef hierdie 46% van die leraars die krisis omdat die leiers (en die leraars self?) dalk te veel taak-georiënteerd, eerder as roepings-georiënteerd is?

In gesprekke tussen predikante en die kerkraad wys die data dat daar meestal op die take en rolle van die predikant gefokus word. Kerkrade behoort baie meer Gods-vrae te vra en meer geloofs-onderskeidend te werk gaan. Dit stem ooreen met data van die Wes-Kaap (Navorsingsverslag, 2016:11-12).

Algemene opmerkings wat van waarde is vir hierdie studie is soos volg: “Predikant-wees op die platteland is ontsettend alleen en spanningsvol. In 'n klein dorpie is jy permanent onder die vergrootglas en ander se kritiek. Die kerk is die plek waar liefde, vergifnis en heling behoort plaas te vind, maar dit is die plek waar ek persoonlik, en my vrou, die heel seerste gemaak is deur ander gelowiges. Terselfdertyd moet ek sê daar is binne die gemeente wonderlike, liefdevolle mense wat ons as mense aanvaar net soos ons is” (Navorsingsverslag, 2016:17). “Dit blyk dat dit wel so is

dat die ampsbeskouing en verwagtings in NGK gemeentes sterk beïnvloed word deur die sakesektor en nie voldoende rekening hou met die roeping van die predikant as geestelike begeleier nie. Predikante ervaar dat daar in gemeentes baie meer gefokus word op take en rolle, as op roeping. Een predikant skryf: "Dit voel soms asof lidmate/kerkraad die bediening baie taak-georiënteerd maak. Dit gaan nie oor jou roeping en gawes nie... solank die gemeente net waarde vir hulle geld kry." Dit is baie belangrik vir die spirituele ontwikkeling van predikante (en die gemeente) dat daar ook dieper geestelike gesprekke sal plaasvind rondom roeping en spiritualiteit (Navorsingsverslag, 2016:18) en leraars die ruimte gegun word om hulle verhouding met God te kultiveer.

- **Klein gemeentes**

In 2017 doen Pieter van der Walt en Ankia du Plooy navorsing oor die unieke uitdagings wat klein gemeentes in die gesig staar in die NG Kerk, Wes-Kaap sinodale streek en watter druk dit op die leraar in die klein gemeente plaas. Gemeentes met 200 en minder belydende lidmate is geïdentifiseer. 52% van die predikante het daaraan deelgeneem (Van der Walt & Du Plooy, 2017:3).

Sowat 55% is bo die ouderdom van 51 jaar (Van der Walt & Du Plooy, 2017:5) en 70% van die predikante is in die platteland (Van der Walt & Du Plooy, 2017:6). Die navorsing bevind dat terwyl 91% predikante in die NG Kerk in Wes-Kaapland in 'n vol predikantepos aangestel is, is slegs 28.5 7% predikante in klein gemeentes in 'n vol predikantepos (Van der Walt & Du Plooy, 2017:8). Daar word verwag van predikante om 45 uur per week te werk. 42.86% van die deelnemers toon egter aan dat hulle meer as 51 uur per week werk (Van der Walt & Du Plooy, 2017:9), en 76% predikante in klein gemeentes toon aan dat hulle geen hulp vir die bediening in die gemeente ontvang nie (Van der Walt & Du Plooy, 2017:10). Die navorser is onseker oor die oord waaruit die “hulp” wat hier ter sprake is moet kom: is dit vanuit die gemeente, die Ring of die Sinode?

Predikante en gemeentes in die Wes-Kaap sinodale streek word ontmoedig deur swak kerkbegrip by leiers en dat leierskap ontbreek as daar nie 'n predikant is nie (Van der Walt & Du Plooy, 2017:11). Die leiers wat daar nog is, het nie 'n leerbare gees nie. Daar is dikwels konflik op die kerkraad, en die leiers het min behoefte aan geestelike groei of spiritualiteit.

Net so swak soos die kerkbegrip is, so is voortspruitend ook die ampsbegrip van die leiers ten opsigte van die leraar. Predikante in klein gemeentes beleef dat hulle alles moet kan doen. Hulle moet die dominee wees, die skriba en die koster (Van der Walt & Du Plooy, 2017:12). Verder moet hulle in die gemeenskap alles wees: die dominee, die maatskaplike werker, die sielkundige. “Jy

moet eenvoudig alles vir almal wees" (Van der Walt & Du Plooy, 2017:13). Terwyl 82.89% van NG Kerk predikante in die Wes-Kaap op sinodale skaal vergoed word, word slegs 33% van predikante in klein gemeentes op sinodale skaal vergoed (Van der Walt & Du Plooy, 2017:15). Die gebrekkige finansies van die leraar in klein gemeentes bied ander onaangename uitdagings.

Predikante in klein gemeentes het nie altyd die luukse van selfsorg tot sy of haar beskikking nie. Verlof is vir baie nie beskore nie aangesien daar nie predikante is wat vir hulle kan instaan nie en alle prosesse stop tot die predikant weer terug is van verlof. Gemeentes het dikwels nie die finansies om aflos-predikers te betaal nie. Predikante voel daarom skuldig as hulle verlof neem en het dikwels nie die finansiële vermoë om met verlof weg te gaan nie (Van der Walt & Du Plooy, 2017:20). Die swak finansiële omstandighede van klein gemeentes bring ook groot onsekerheid oor die toekoms van die leraars in die bediening mee.

In 'n opmerking in hierdie verslag noem die navorsers dat dit kommerwekkend is dat omtrent 33.3 3% van predikante uitgebrand voel. Alhoewel 43% aantoon dat hulle selfsorg moet toepas, het 14% hulp nodig en 43% wil die bediening verlaat (Van der Walt & Du Plooy, 2017:24). Wat hierdie probleem vererger is dat die predikant altyd beskikbaar moet wees op aanvraag en indien hy met verlof sou wou gaan hy met opmerkings te doen het soos "hy vat alweer af!" (Van der Walt & Du Plooy, 2017:25).

Predikante ervaar ook stres omdat hulle dikwels sake wat buite hulle opleidingsveld lê moet hanteer omdat daar nie mense is na wie hulle dit kan verwys nie (Van der Walt & Du Plooy, 2017:26). Predikante moet dikwels instaan vir die gawes van ander en word aanspreeklik gehou vir alles. Sodoende kan hy of sy nie op hulle eie gawes en sterkpunte fokus nie maar moet probeer om alles te kan doen. Een deelnemer merk op dat die dominee alles moet kan doen, alles moet wees en sy of haar alles gee (Van der Walt & Du Plooy, 2017:26).

Die navorsers merk op dat gesprekke tussen predikante en die kerkraad meestal fokus op die rolle en die take van die predikant, kerkrade min Godsvrae vra en glad nie geloofsonderskeidend te werk gaan nie (Van der Walt & Du Plooy, 2017:28). Dit is te verstane in die lig van die swak kerk- en ampsbegrip en gebrek aan spiritualiteit by leiers in die klein gemeentes. Dikwels speel hierdie leiers ook ander leiersrolle in die gemeenskap, en dra hierdie leierskap net so in die kerkraad in. Geld speel ook 'n groot rol, want meer welgesteldes wat nie hulle sin kry nie, dreig gedurig om geld te onttrek as daar nie aan hulle eise voldoen word nie (Van der Walt & Du Plooy, 2017:39).

Die meeste predikante in klein gemeentes voel ook afgesonder en uitgesluit. Hulle word nie gesien nie en daarom word hulle ook nie gehoor nie (Van der Walt & Du Plooy, 2017:43).

Opmerklik in die verslag oor klein gemeentes is die afwesigheid van terugvoer oor die spiritualiteit van die leraar. Byna een-derde (28.57%) van leraars sien die bediening en gemeente nie as 'n ruimte waarbinne hulle geestelik kan groei nie (Van der Walt & Du Plooy, 2017, 23). Dit herinner aan die woorde van Eugene Peterson: "Many a Christian has lost his or her soul in the act of being ordained" (Peterson & Dawn, 2000: Kindle Ligging 226). Wanneer die leraar so besig raak, soos die verslag dit stel, wonder die navorser of daar kwaliteit-tyd met God deurgebring kan word, wat die hart van die bediening is. Die navorser se algehele indruk oor die welstand van die leraars in klein gemeentes, en veral op die platteland, is dié van 'n daaglikse oorlewingstryd vir ten minste 43% van manne en vroue, wat lief is vir God, min kwaliteit-tyd met Hom kan deurbring, besonder deur Hom geroep is en uitgesien het daarna om predikant te wees, en hulle diens aan God en aan die kerk beskou as 'n mislukking. Nog erger is die feit dat hierdie verslag reeds in 2017 voor die moderamen van die Wes-Kaap Sinode gedien het, en daar bloot net van kennis geneem is deur die sinodale struktuur[10]. By die lees van hierdie verslag, het die navorser 'n duidelike noodkreet gehoor.

- **Die Ring van Clanwilliam**

Terwyl vyf uit die 16 gemeentes in die Ring van Clanwilliam sou kon deurgaan as klein gemeentes, is al 16 gemeentes geleë in die platteland en uit gesprekke met leraars in die Ring, kom die navorser agter dat heelwat van die uitdagings wat genoem word in die Sinodale streek van die Oos-Kaap en in klein gemeentes in die Wes-Kaap, ook hier ter sprake is.

1.8 NAVORSINGSVRAAG

Met inagneming van die innerlike stryd wat leraars dikwels beleef, word die navorsingsvraag dus gestel op: Watter bevindinge kan vanuit 'n pastorale studie gemaak word ten opsigte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk leraar as medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus?

[10] Die navorser het hierdie feit bevestig met die voorsitter van die Ring van Clanwilliam, wat in 2017 reeds lid van die moderamen van die Wes-Kaapse Sinodale streek van die NG Kerk was.

Verdere vrae:

- Watter bevindinge kan vanuit ’n deskriptiewe empiriese ondersoek aan die lig kom ten opsigte van die impak van die spiritualiteit op die bedieningseise van die leraar en die gevolge daarvan op die bediening?
- Watter insigte kan vanuit ’n interpretatiewe ondersoek verkry word rakende die leraar se spirituele verryking om as mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus te kan leef en bedien?
- Watter teologiese aspekte kan vanuit ’n normatiewe ondersoek afgelei word ten opsigte van die leraar se roeping as medereisende mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus?
- Watter aksie-strategieë kan vanuit die pragmatiese ondersoek geformuleer word sodat die leraar gelowiges kan bedien vanuit die posisie van ’n medereisende mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus?

1.9 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doelstelling van hierdie studie is om bevindinge vanuit ’n pastorale studie te formuleer ten opsigte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk leraar as medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus.

Verdere doelwitte:

- Om vanuit ’n deskriptiewe empiriese ondersoek die impak van die spiritualiteit op die bedieningseise van die leraar en die gevolge daarvan op die bediening, vas te stel.
- Om insigte te verkry vanuit ’n interpretatiewe ondersoek rakende die leraar se spirituele verryking om as mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus te kan leef en bedien.
- Om teologiese aspekte vanuit ’n normatiewe ondersoek te formuleer ten opsigte van die leraar se roeping as medereisende mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus.
- Om aksie-strategieë vanuit die pragmatiese ondersoek te formuleer sodat die leraar gelowiges kan bedien vanuit die posisie van ’n medereisende mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus.

1.10 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Participatio Christi fokus op Christus in die teenwoordige tyd (Purves, 2010:27). Predikante moet vertrou dat Jesus in die Heilige Gees teenwoordig is en besig is om te seën, te troos en te genees, want dit is *wie* Jesus is en *wat* Hy doen (Purves, 2010:28). Die bediening gaan uiteindelik nie oor die predikant en sy of haar bekwaamhede nie, maar oor die teenwoordigheid van Jesus Christus in *participatio Christi*. 'n Diepe verstaan van hierdie begrip kan daartoe lei dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk leraar gelowiges kan bedien vanuit die posisie van 'n medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus.

1.11 PRAKTIES-TEOLOGIESE EPISTEMOLOGIE

Hierdie navorsing word vanuit die prakties-teologiese epistemologie as vertrekpunt uitgevoer en meer spesifiek vanuit die pastorale begeleiding deel van praktiese teologie. Die navorser poog om 'n bydrae te lewer in verdere teorievorming. Praktiese Teologie is 'n sambreelterm wat dissiplines insluit wat meer op die praksis van teologie fokus, soos onder andere homiletiek (preekkunde), liturgiek (die wetenskap van die ordelike verloop van die erediens), kategetiek (verbondsonderrig aan kinders – katkisasie) en pastorale versorging (die herderlike bediening van mense) (Lotter, 2007:2).

Ganzevoort (2009:3) dui daarop dat teologie, insluitende praktiese teologie, die nasporing van die heilige is en definieer praktiese teologie as hermeneutiek van geleefde godsdiens.

> I would define religion as the transcending patterns of action and meaning embedded in and contributing to the relation with the sacred. The study of religion works with religious sources, professed religious tradition and lived religion.

Osmer (2011) sien die uitdaging aan praktiese teoloë as die begronding van 'n identiteit en doel in die missie van die kerk, sonder om die verbintenis tot wetenskaplike vakkundigheid en navorsing, tot voordeel van die kerk en die breë gemeenskap, op te offer. Die groot uitdaging vir praktiese teoloë is om praktiese teologie te vestig as 'n kritiese, reflektiewe onderneming in die unieke identiteit van die Christelike gemeenskap, sonder om die wetenskaplike bydrae en relevansie tot die breë gemeenskap te elimineer (Osmer, 2011:5).

> It is possible that practical theology will emerge as the premier discipline in theology if – and this is a big if – it finds ways of linking its strong commitment to particular contexts and practice to a larger vision of the whole, especially a freshly imagined global whole that might emerge (Osmer, 2011:6).

De Klerk, De Wet en Pieterse sien die teorie-praksis-verhouding as die hart van die prakties-teologiese wetenskapsteoretiese beginsels (De Klerk & De Wet, 2013:17) en beskryf praktiese teologie as 'n handelingswetenskap (De Klerk & De Wet, 2013:18). Dit gaan in die Praktiese Teologie om die handelinge van God deur die bemiddelende diens van mense (De Klerk & De Wet, 2013:20). Die gelowige navorser sal onder leiding van die Gees biddend moet vra dat hierdie openbaringslig wat vanuit die Skrif vloei, vir hom of haar oopgemaak word (De Klerk & De Wet, 2013:34). Tydens die prakties teologiese beoefening moet daar vanuit die veronderstelling uitgegaan word dat daar altyd 'n omramende Goddelike element teenwoordig is wat as beoordelingsraamwerk gebruik moet word om die navorser te oriënteer (De Klerk & De Wet, 2013:35).

Met die verloop van tyd is praktiese teologie as dissipline gevestig as teologie in aksie met verskeie metodes, omdat daar wegbeweeg is van 'n vroeë metodologiese digotomie tussen die empiriese en hermeneutiese as die enigste twee benaderings, en nou betrokke is op veelvuldige maniere om teologie te bestudeer in die praktyk, byvoorbeeld gevallestudies, gemeentestudies, teorie van rituele, narratiewe, etnografie en deelnemende aksienavorsing (Miller-McLemore, 2017:4). Sodoende het Dreyer (2017:1) gepleit vir die ontwikkeling van 'n prakties-teologiese identiteit wat uniek aan Suid-Afrika is. Om praktiese teologie te dekoloniseer is dit nodig om deel te neem aan die leefwêreld van die navorsings-deelnemers, wat 'n openheid tot die verskillende epistemologiese aspekte en ontologieë vereis, asook 'n kritiese refleksie op die toepaslikheid van die navorsingsmetodes. Dreyer (2017:3) meen tereg dat die uitdaging van werklike objektiewe reflektiwiteit nie maklik opgelos sal kan word nie, omdat die navorser se subjektiwiteit en vooroordeel altyd deel sal wees van die navorsingspraktyk. Miller-McLemore en Mercer (2016:107) het egter voorheen daarop gewys dat die sekerheid van reflektiewe pogings bepaal word deur navorsings-integriteit, etiese getrouheid en 'n werklik egte belangstelling in die welsyn van die nagevorsde.

Alhoewel Boisen reeds vroeg in die ontwikkeling van praktiese teologie die term ‘lewende menslike dokument’ gemunt het, het Miller-McLemore die term aangepas na die ‘lewende menslike web’ as 'n meer omvattende begrip vir navorsings-interpretasie en -transformasie van die samelewing (Miller-McLemore, 2018:313). Met die lewende menslike web word dan beweeg van navorsing oor individue, na navorsing oor die sisteem van die menslike bestaan. Praktiese teologie het 'n belangrike taak om die gebroke sisteme deur teologiese navorsing te herbou, eerstens deur die praktiese subdissiplines met mekaar te verbind en tweedens, om brûe te bou

tussen akademiese teologiese navorsing, gemeentes, die breër gemeenskap en die uitgeworpenes en onderdruktes (Miller-McLemore, 2018:317).

Pastorale versorging kan opsigself as ’n sambreelterm beskou word wat al die fasette van hierdie dissipline omvou soos beskryf deur Van Arkel (2000:160), naamlik wedersydse sorg, pastorale sorg, pastorale berading en pastorale terapie. Pastoraal kan as sinoniem van die herderlike bediening of *diakonia* beskou word (Lotter, 2007:2). Volgens Lotter (2007:3) is skrifgebondenheid, praktiese toepassing, empiriese navorsing, gerigtheid op die kerk en geloofsgemeenskappe, en kennis van relevante wetenskappe (byvoorbeeld psigologie en sosiologie) elemente wat deel vorm van die pastoraat. Pastorale versorging het ’n bemiddelingsrol tussen die teologie as sodanig en die alledaagse lewe. Die uniekheid van die pastoraat is handeling met lewensprobleme (Lotter, 2007:3).

1.12 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Soos vroeër beskryf, is hierdie navorsing praktyk-georiënteerde en spesifiek kerk-gerigte navorsing. Die navorsingsbenadering is intervensie-navorsing, omdat dit ten doel het om ’n moontlike oplossings te vind vir ’n probleem wat deur AMSS ondervind word. De Vos en Strydom (2019:475) definieer intervensie-navorsing as toegepaste aksienavorsing wat uitgevoer word in samewerking met die kliënt of geaffekteerde party met die doel om die funksionering of holistiese gesondheid of welstand (wellbeing) van ’n individu, familie, groep of gemeenskap te verbeter of te ondersteun. Die navorser het met AMSS ooreengekom oor hierdie intervensie-navorsing, om sodoende AMSS se hande te versterk in hul begeleiding aan leraars om die waarde te ontdek van wanneer die leraar gelowiges pastoraal kan bedien vanuit die posisie van ’n medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus. Hierdie ontdekking sal die leraars se geestesgesondheid en beroepsbevrediging positief beïnvloed. Tydens intervensie-navorsing kan die navorser ’n meer subjektiewe en deelnemende rol inneem en word ’n interpretatiewe paradigma, wat ’n sagter, meer subjektiewe, geestelike of selfs ’n transendente tipe is, gebruik (Maree, 2007:33). Die navorsingsontwerp is beskrywend van aard en sal uitgevoer word deur ’n literatuurstudie, sowel as ’n kwalitatiewe empiriese ondersoek.

Osmer (2011:1) beskryf die rol van verskillende paradigmas wat op twee vlakke[11] van praktiese-teologiese beoefening inspeel. ’n Paradigma van refleksie setel hoofsaaklik op die vlak van pastorale en ekklesiale leierskap. Die hermeneutiese sirkel bestaande uit die deskriptiewe-

[11] Osmer (2011:1) onderskei die twee vlakke as (a) kerklike praktiese teologiese beoefening en (b) navorsing en konsepformulering van akademiese praktiese teologiese beoefening.

empiriese, interpreterende, normatiewe en pragmatiese take is indikatief tot die refleksie paradigma. ’n Tweede paradigma behels die meta-teoretiese paradigma en setel hoofsaaklik op die vlak van navorsing en konsepformulering van akademiese prakties teologiese beoefening. Die meta-teoretiese paradigma veronderstel dat prakties teologiese wetenskapsbeoefening – net soos baie ander dissiplines – pluralisties[12] van aard is. Volgens Osmer (2011:3) verskil die manier *hoe* akademici konsepte formuleer en die vier take as refleksie paradigma heelwat, afhangende van besluite wat op die meta-teoretiese vlak gemaak word. Vier belangrike faktore wat op meta-teoretiese vlak in aanmerking geneem moet word, is die teorie-praksis-verhouding, die waarde wat aan tradisionele bronne geheg word (*sources of justification*), die metodiek van interdissiplinêre diskoerse, en die substantiewe teologiese voorveronderstellings. In die lig van hierdie twee paradigmas, is die navorsingsontwerp soos volg bedink:

Hoofstuk 1 dien as inleiding en omskrywing van die konteks en metodiek.

Hoofstuk 2 gee die bevindinge weer van die kwalitatiewe empiriese ondersoek wat in die Ring van Clanwilliam uitgevoer sal word, in antwoord op die metateoretiese vlak van die teorie-praksis-verhouding. Vir meer perspektief, word dit genoem dat die Ring ongeveer so groot soos die Vrystaat-provinsie is. Dit strek vanaf Calvinia in die Hantam tot by Citrusdal, wat so 209 km ry-afstand van mekaar is. Daar is 16 leraars in hierdie Ring. Van hierdie groep is vyf leraars in die laaste tien jaar van hulle bediening voor aftrede en vier leraars is in die eerste tien jaar van hul bediening. Daar is ook drie vroue-leraars in die Ring. Vir die empiriese ondersoek sal vyf deelnemers vanuit hierdie groep leraars genader word om deel te neem aan die navorsing. Die empiriese navorsing neem die vorm aan van ’n vyf dag-retraite by AMSS in Wellington. Die navorser voer ook een vertroulike semi-gestruktureerde onderhoud met elk van die deelnemers aan die hand van ’n vraelys. Die vrae handel hoofsaaklik oor die spiritualiteit van die leraar, die belewing van die bediening, en sekere veranderings waarna hy of sy mag verlang. Tydens die retraite vind daar daagliks twee groepsgesprekke plaas, met die fokus op die spiritualiteit (geloofs-dissiplines word bespreek en ingeoefen), die mistieke eenheid met Christus vanuit ons doop, en die leraars se bediening as deelnemers aan die voortgesette bediening van Christus. Die groepsgesprekke word met die toestemming van die deelnemers opgeneem vir transkribering. Die data word opgesom en verwerk met behulp van die AtlasTi-program. Alhoewel die navorser besef dat kwalitatiewe data-analise programme nie sy kernrol om die betekenis van die teks te verstaan kan vervang nie (Maree, 2007: 116), maak hy tog gebruik van die ATLAS Ti program om

[12] Osmer (2008:241) beskryf dat die pluralistiese aard juis ’n teken van vitaliteit in prakties-teologiese wetenskapsbeoefening is.

die data-analise te evalueer. Die laaste groepsgesprek neem die vorm aan van ’n terugvoer-gesprek om vas te stel of daar enige skuiwe in die leraars se fokus op hulle bediening plaasgevind het gedurende die retraite en dat hulle dit met mekaar deel. Van die leraars word ook verwag om ’n tipe evaluasie vry-hand en anoniem te skryf oor die invloed van die retraite op hulle spiritualiteit en bediening. Die data word ook verwerk vir byvoeging in die bepaalde hoofstuk. Na die retraite vorm die deelnemers ’n groep wat kwartaalliks bymekaarkom, om hulle vordering op die pad van mistagogie met mekaar te bespreek, maar ook om haakplekke uit te stryk. Die gedagte is dat die leraars mekaar ook volhoubaar spiritueel begin begelei en ondersteun, aangesien dit ’n groot leemte is.

Hoofstuk 3 en 4 ressorteer onder die interpretatiewe taak met die doelstelling om insigte te verkry rakende die leraar se spirituele verryking om as mistagoog te kan *participatio Christi* in mistieke eenheid met Christus. Hierdie hoofstuk neem die metateoretiese vlakke van die waarde wat aan tradisionele bronne geheg word en die metodiek van interdissiplinêre diskoerse, in ag. Literatuurstudie sal gedoen word oor die spiritualiteit van gelowiges en die werke van onder andere Andrew Purves en Eugene Peterson sal bespreek word, asook oor gelowiges se mistieke eenheid met Christus (onder andere die werke van Calvyn), en deelname aan Christus en die “in Christus wees” konsep (werke van Canlis, Billings, e.a.). Die identiteitsgroei van die leraar as mistagoog, soos gegrond in sy of haar eenheid met Christus op grond van die sakramente van die doop en nagmaal, sal ondersoek word.

In hoofstuk 5 word teologiese aspekte vanuit ’n normatiewe ondersoek geformuleer ten opsigte van die leraar se roeping as medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus. Die meta-teoretiese vlak van substantiewe teologiese voorveronderstellings word in ag geneem en daar sal op grammaties-historiese wyse met perikope aansluitend tot die tema omgegaan word en klem sal geplaas word op teologiese konsepte soos eenheid met Christus, deelname aan Christus en “in en deur Christus” toegepas op die praktyk van spirituele begeleiding (mistagogie) as norm vir die bediening. Osmer (2008:130-133) verduidelik dat ’n profetiese onderskeidingsvermoë van uiterste belang is tydens die normatiewe taak, en die fokus moet eerstens val op teologiese interpretasie wanneer sekere teologiese konsepte gebruik word om die huidige omstandighede, situasie en kontekste te interpreteer, tweedens is etiese norme van belang in die normatiewe refleksie, en laastens val die fokus op die gedrag of werkswyse van die leraar in sy bediening as medereisende mistagoog.

Refleksie op die bevindinge van hierdie pastorale studie word vervat in hoofstuk 6 met die doel om aksie-strategieë vanuit die pragmatiese ondersoek te formuleer sodat die leraar gelowiges kan bedien vanuit die posisie van ’n medereisende mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus. Wanneer leraars besef dat hulle slegs deelnemend tot die voortgesette bediening van Christus is, sal dit bydra tot die verligting van baie spanning en meer effektiewe bediening. Hierdie riglyne poog om ’n praktyk daar te stel in diens van AMSS en die NGK vir verdere gebruik deur ’n *pastor pastorum* met die hoop dat die herontdekking van die leraar as bedienaar in en deur Christus vir hom of haar nuwe ywer en energie sal gee in hierdie besonderse diens.

1.13 ETIESE IMPLIKASIES

Navorsingsetiek en integriteit is van belang wanneer nagraadse studies onderneem word. Die navorser het volgens die etiekvoorskrifte van die NWU te werk gegaan en het die etiese opleiding aanlyn voltooi. Die empiriese ondersoek is eers na die ontvangs van etiese klaring onderneem.

Die risikovlak word as minimaal gestel aangesien die moontlikheid, omvang en ernstigheidsgraad van onverwagte negatiewe gevolge, skade en ongemak wat in hierdie navorsing voor kan kom, nie groter as die normale daaglikse risiko is nie. Die etiese implikasies word vervolgens in groter duidelikheid bespreek.

Die kwalitatiewe empiriese ondersoek vind plaas in die Nederduits Gereformeerde Ring van Clanwilliam. Ds. Anton Verwey is tans die voorsitter van die ring en Ds. Karlien Becker is die skriba. Ds. Verwey het as ‘*gatekeeper*’ opgetree in die studie en toestemming tot die navorsing verleen. Ds. Becker het as die onafhanklike persoon opgetree ten opsigte van die werwing van deelnemers en ingeligte toestemming vanaf hulle verkry. Die enigste kriteria vir deelnemerseleksie was dat hulle tans praktiserende predikante in die ring van Clanwilliam moes wees. Daar sou van die deelnemers verwag word om ’n vyf dag-retraite by te woon. Met die aanvang van die retraite het die navorser een vertroulike semi-gestruktureerde onderhoud met elk van die deelnemers gevoer aan die hand van ’n vooraf opgestelde vraelys. Tydens die retraite sou daar daagliks twee groepsgesprekke plaasvind, met die fokus op die spiritualiteit (geloofsdissiplines word bespreek en ingeoefen), die mistieke eenheid met Christus vanuit die doop, en die leraars se bediening as deelnemers aan die voortgesette bediening van Christus. Die groepsgesprekke is met die toestemming van die deelnemers opgeneem vir transkribering. Aan die einde van die retraite sou daar een terugvoersessie plaasvind voordat die deelnemers kon terugkeer na hul onderskeie

tuistes. Om vertroulikheid te bewerkstellig was daar van elke deelnemer verwag word om ’n vertroulikheidsklousule te onderteken.

Gedurende en na afloop van die retraite sou die navorser al die data transkribeer en verwerk. Die data is op die navorser se rekenaar gestoor. Die rekenaar word deur ’n wagwoord beskerm en slegs die navorser het toegang tot sy rekenaar.

Die deelnemers ontvang nie vergoeding vir die navorsing nie, en hulle het ook geen uitgawes ten opsigte van die navorsing nie, aangesien dit deur ’n beurs aan die navorser gedek word.

1.14 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1 – Inleiding

Hoofstuk 2 – Bevinding van die empiriese ondersoek ten opsigte van die spiritualiteit van die leraar en die gevolge daarvan op die bediening (Deskriptiewe-empiriese taak)

Hoofstuk 3 – Die leraar se spirituele verryking as mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus (Interpretatiewe taak)

Hoofstuk 4 – Die bedieningsfokus van die leraar as medereisende mistagoog (Interpretatiewe taak)

Hoofstuk 5 – Normatiewe aspekte oor die leraar se roeping as medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus (Normatiewe taak)

Hoofstuk 6 – Aksie-strategieë vanuit die pragmatiese ondersoek wat die leraar begelei om gelowiges te kan bedien vanuit die posisie van ’n medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus (Pragmatiese taak)

Hoofstuk 7 – Samevatting en konklusies

HOOFSTUK 2

BEVINDINGE VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

2.1 DIE EMPIRIESE MOMENT

Daniël Louw (1999) sien teologie as ’n menslike bedryf wat beteken dat menslike ervaring en interpretasie ’n rol speel. ’n Pastorale hermeneutiek vind dit moeilik om sonder die empiriese moment te funksioneer, en daarom kan praktiese teologie, vanweë sy betrokkenheid by die *praxis*, as empiriese teologie beskryf word (Louw, 1999:119).

Dit is noodsaaklik dat ons oplet vir twee eensydighede in empiriese teologie en dit vermy:

- Die dominansie van teorie oor praktyk, en
- Die dominansie van die empiriese navorsing en die suigkrag van die *praxis* bo teorie (Louw, 1999:120)

Empirie verwys, volgens Louw, na die totale proses van interpretasie met die oog op noukeurigheid en betroubaarheid van gegewens (Louw, 1999:121)

Wanneer ons die term “empiries” binne die teologie gebruik, kan dit ’n tweërlei motief weerspieël:

- Om teologie toe te spits op lewensvraagstukke sodat teologie meer lewensgetrou is, en op dié manier word die wisselwerking tussen teorie en praktyk lewendig gehou. Dit dra by daartoe dat die gegewens in die teologie gekontroleer word deur wetenskaplike navorsing wat gebruik maak van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodologie. Dit is dan wel moontlik om te praat van ’n empiriese moment in die teologie (Louw, 1999:121).
- Die tweede motief is om te sê dat daar nêrens “suiwere” Godskennis bestaan nie, maar binne die proses van verstaan en vertolking is Godskennis vermeng met menslike ervaring (Louw, 1999:122).

2.1.1 Presiese en empiries-geldige kennis

Empiriese navorsing word meestal verstaan as die soeke na kennisgebaseerde empiriese data (Hermans & Schoeman, 2015b:45). Om praktiese teologie te beoefen, is om na verskillende stemme uit beide die teks en die konteks te luister. Om te luister kan 'n informele en ongestruktureerde proses wees, maar dit is ook 'n formele en empiriese navorsingsproses. Die taak van 'n gesonde prakties teologiese metodologie is om presiese en empiries geldige kennis oor Godsdiens te ontdek, in plaas daarvan om suiwer op aannames te vertrou. Die doel van

empiriese navorsing is om 'n onderwerp te ondersoek, of om 'n situasie en gebeure te beskryf, of om die oorsaaklikheid tussen veranderlikes en gebeure te verduidelik (Hermans & Schoeman, 2015b:46).

Daar is 'n diep konsensus onder geleerdes in praktiese teologie dat praktiese teologie met praktiese kwessies begin en bydra tot die praktyk (Hermans & Schoeman, 2015c:9).

2.1.2 Ander vorme van kennis

Die vraag is of beskrywings die enigste tipe kennis van praktiese teologiese navorsingsprogramme is. Navorsingsprogramme bevat ook ander vorme van kennis soos verduidelikings en ontwerpe van intervensies (Hermans & Schoeman, 2015c:12).

2.1.3 Verbreding

Die verbreding van die materiële voorwerp van praktiese teologie het meer diversiteit in navorsingsprogramme in praktiese teologie geskep. Waar sommige navorsingsprogramme Godsdiens op die Wêreldwye Web en in virtuele gemeenskappe insluit, fokus ander op die gebruike van predikante en gemeentes (Hermans & Schoeman, 2015c:13).

2.1.4 Verstaan die betekenis van praktyke

Wat is die kenmerkende rol van die hermeneutiese of interpretatiewe taak en die empiriese taak in 'n teologiese navorsingsprogram? In 'n navorsingsprogram het die hermeneutiese taak ten doel om die betekenis van praktyke te verstaan vanuit die perspektief van die epistemiese gemeenskap wat by hierdie praktyke betrokke is (Hermans & Schoeman, 2015c:14).

2.1.5 Belanghebbendes

Belanghebbendes (byvoorbeeld “stakeholders” of probleemeienaars) wil iets doen met die kennis wat vanuit die empiriese navorsing gebied word; byvoorbeeld, om 'n besluit te neem, 'n plan van aksie te ontwikkel, nuwe rituele te begin beoefen, ensovoorts. Die uitkomste moet verstaanbaar wees vir belanghebbendes en hulle moet die kennis as relevant aanvaar. Hulle moet die kennis en die manier waarop dit geproduseer is as betroubaar beskou. Uiteindelik moet die belanghebbendes betrokke wees by 'n leerproses wat hulle help om die bestaande praxis te verander. Die belangrike kwessie is of die probleem aangespreek kan word en of die belanghebbende die vermoë het om dit kan doen (Hermans & Schoeman, 2015c:21).

2.2 KWALITATIEWE NAVORSING

Jan Nieuwenhuis (aangehaal deur Maree, 2007:47 e.v.) gee uitgebreide riglyne vir die kwalitatiewe navorsingsmetodologie, wat die navorser so deeglik moontlik toepas.

Kwalitatiewe navorsing het eers in die 1970's erkenning begin ontvang. Tot daardie tyd was dit beskou as sub-dissipline van antropologie en sosiologie en geassosieer met terme soos etnografie, veldwerk, en deelnemer-observasie (Maree, 2007:50). Sedert die 1970's het kwalitatiewe navorsing as navorsingsparadigma veld begin wen in ander dissiplines en 'n belangrike navorsingsontwerp geword (Maree, 2007:50-51).

Al doen die meeste navorsers of kwantitatiewe of kwalitatiewe navorsing, het daar begin stemme opgaan ten gunste daarvan om beide metodes in een studie te kombineer (Maree, 2007:51).

2.2.1 Die belangrikste vrae

Die navorsingsvraag bepaal watter metode gebruik word. "Geldige" navorsing, behoort aldus Nieuwenhuis (Marais, 2007:52) aan die volgende vier vrae te beantwoord:

- Wat is die waarheid/werklikheid (ontologie)?
- Wat is die aard van die fenomeen (objekte)?
- Hoe kan ons weet (epistemologie)?
- Wat is die verhouding tussen die kenner en dit wat geken word (deontologie)?

Hermans en Schoeman (2015:21c) plaas die klem op die probleem of verskynsel (fenomeen) wat ondersoek word in die empiriese navorsing. Wat die doel van navorsing betref, is die belangrikste vrae:

- Wat is die kenmerke van die probleem wat ons ondersoek?
- Wat is die kenmerke van die probleem in praktyke in die werklike wêreld?
- Soek ons die uniekheid van verskynsels en hul veranderlikheid in verskillende plaaslike kontekste?
- Het die verskynsel relatief onlangs na vore gekom, wat impliseer dat ons aspekte moet inkorporeer wat relatief onbekend is vir ons?
- Sluit ons die sosiale prosesse in, wat die verskynsels wat ons ondersoek, beïnvloed?

- Beïnvloed die onderlinge verbondenheid (interaksie) tussen mense die verskynsels van ons navorsing?
- Is ons in staat om die spesifisiteit van verskillende subgroepe in ons navorsing in te sluit?

2.2.2 Perspektiewe op empiriese navorsing

Die navorser noem ‘n paar perspektiewe op kwalitatiewe navorsing wat aktueel is vir hierdie studie, met inagneming dat daar nog heelwat ander perspektiewe ook is.

2.2.2.1 Interpretivistiese perspektief op kwalitatiewe navorsing

Interpretivisme het sy wortels in die hermeneutiek, die studie van die teorie en praktyk van interpretasie. Die interpretivistiese perspektief is gegrond op die volgende aannames, volgens Maree (2007:59):

- Menselewe kan net verstaan word van binne af. Die fokus is dus op die mens se subjektiewe ervaringe, op hoe die mens die samelewing konstrueer deur sin en betekenis te deel, hulle interaksies en verhoudinge.
- Hoe die samelewing leef is ‘n kenmerkende menslike produk.
- Die mens se verstand is die doelgerigte bron of oorsprong van sin en betekenis.
- Die samelewing “bestaan” nie onafhanklik van menslike kennis nie.

2.2.2.2 Kritiese teoretiese perspektief op kwalitatiewe navorsing

Hierdie perspektief is gegrond op die volgende beginsels (Maree, 2007:62):

- Kritiese navorsers neem aan dat die sosiale werklikheid histories geskep is, en geproduseer en her-produseer word deur mense.
- Bewuswording en identiteit word gevorm binne die politieke veld van kennis.
- Elke historiese seisoen produseer spesifieke reëls wat voorskryf wat tel onder wetenskaplike feite.
- Sosiale teorie word nie noodwendig beoordeel volgens die vermoë om sosiale feite as sodanig te ontdek nie, maar eerder volgens die vermoë om die verhoudings van oorheersing wat in die samelewing bestaan, te openbaar.

- Kritiese navorsers stel dat dit wat tel as geldige sosiale wetenskaplike kennis, voortkom uit die kritiek van die samelewing-strukture en sisteme soos geopenbaar deur die ontleding van die diskoers in die samelewing.

2.2.2.3 Postmoderne perspektief op kwalitatiewe navorsing

Sommige van die hoofaannames wat eie is aan die postmodernisme is (Maree, 2007:64):

- Postmodernisme verwerp die klem op rasionele ontdekking deur die wetenskaplike metode en vervang dit met respek vir die verskil en viering van die eie en dan spesifiek ten koste van die universele.
- Postmodernisme sien “feite” en “waardes” as interaktief.
- Postmodernisme verwerp die moontlikheid dat ons objektiewe kennis kan hê.
- Postmodernisme verwerp die idee van ’n vasgestelde, universele en ewige fondasie vir die werklikheid.
- Die idee van ’n sosiaal-gekonstrueerde werklikheid lei direk tot ’n radikale skuif in die idee van die metodiek.

2.2.3 Beginsels vir kwalitatiewe navorsingsdata-insameling

Kwalitatiewe navorsing is naturalisties. Die navorsing word in die werklike lewensituasies gedoen en nie in eksperimentele (toets-hertoets) situasies nie.

2.2.4 Die rol van die navorser

Kwalitatiewe navorsing aanvaar dat die navorser se subjektiwiteit iets is wat nie vermy kan word nie en sien die navorser as die “navorsingsinstrument” in die data-insamelingsproses (Maree, 2007:79).

2.2.5 Steekproefneming (“sampling”) in kwalitatiewe navorsing

Dit is die proses wat gebruik word om die deel van die groep wat bestudeer word, te kies vir die studie. Die deelnemers word gekies op grond van ’n spesifieke kenmerk wat hulle die “eienaars” maak van die data wat nodig is vir die studie. Kwalitatiewe navorsing betrek kleiner groepe as kwantitatiewe navorsing. Die steekproefneming in kwalitatiewe navorsing is buigsaam en gaan voort totdat daar nie meer nuwe temas na vore kom vanuit die data-insamelingsproses nie. Dit word data-saturasie genoem (Maree, 2007:79).

- Gestratifiseerde doelgerigte navorsing behels dat die navorser vooraf deelnemers kies volgens die vooraf-gekeurde kriteria relevant tot die spesifieke navorsingsvraag. Die grootte van die deelnemersgroep moet eerder bepaal word deur teoretiese saturasie.
- Met kriteriumsteekproewe besluit die navorser reeds by die ontwerpstadium van die studie watter tipes eienskappe die ingeslote deelnemers moet hê en ook die aantal deelnemers. Kriteria mag insluit ouderdom, woonplek, geslag, klas, professie, materiële status, ens. (Maree, 2007:80)
- Sneeubalsteekproewe behels kettingverwysing. Die kontakte wat die navorser reeds in sy deelnemersgroep het, verwys hom of haar na ander deelnemers wat potensieel kan deelneem aan of bydra tot die studie (Maree, 2007:80).

2.2.6 Geloofwaardigheid en betroubaarheid

In kwalitatiewe navorsing is die navorser die instrument wat data insamel. Die data moet egter betroubaar en geloofwaardig wees. Dit word algemeen aanvaar dat veelvuldige metodes van data-insameling, bv. waarneming, onderhoude en dokumentontleding tot ’n geloofwaardige slotsom lei (Maree, 2007:80). Betroubaarheid verwys na die konsekwentheid of herhaalbaarheid van 'n meting of instrument. Hoë betroubaarheid vind plaas wanneer dieselfde instrument dieselfde resultate gee en as dit binne dieselfde objek wat nagevors word, herhaal kan word (Hermans & Schoeman, 2015b:60).

2.2.7 Kristallisasie

Kristallisasie help met die beweging vanaf die siening dat alles vasgestel, rigied en twee-dimensioneel is, na die idee van ’n kristal, wat ’n oneindige verskeidenheid van vorme, transmutasies, dimensies en benaderingshoeke toelaat (Maree, 2007:81).

2.2.8 Data-insamelingstegnieke

2.2.8.1. Dokumente

Daar word onderskeid getref tussen die literatuuroorsig en die gebruik van dokumente as deel van die data-insamelingsstrategie. Die literatuuroorsig voorsien ’n oorsig van die studie in ’n sekere dissipline deur die analise van neigings en debatte en beskryf die verlede en huidige navorsing oor ’n spesifieke onderwerp met die gebruikmaking van induktiewe beredenering. Dokumente werp lig op die fenomeen wat nagevors word. Dit sluit in gepubliseerde en ongepubliseerde dokumente, memoranda, agendas, e-posse, fakse, artikels in nuusblaaie en dokumente wat verbind kan word aan die ondersoek. Primêre bronne is bronne wat ongepubliseerd is (Maree,

2007:82). Die navorser moet versigtig wees en die outentisiteit en akkuraatheid van die bronne evalueer voor hy of sy hulle gebruik, omdat nie alle inligting op die internet akkuraat is nie en nie alles in ’n verslag feitelik korrek is nie (Maree, 2007:83). Die navorser gebruik die volgende kriteria vir die keuse van dokumente:

- Watter soort dokumente?
- Die datum van publikasie?
- Is dit gegrond op empiriese data, anekdoties of bloot ’n mening?
- Wat is die doelstelling van die dokument?
- Hoe word die hoofpunte en argumente verbind tot jou eie studie?
- Watter navorsingsmetodologie word gebruik? (Maree, 2007:83)

2.2.8.2. Observasie (waarneming)

Observasie is die sistematiese proses om die gedragspatrone van die deelnemers, objekte en gebeurtenisse waar te neem. Die navorser gebruik sy of haar sintuie en intuïsie. Daarom moet die navorser bewus wees van sy of haar eie vooroordele en maniere vind om hulle te hanteer. Observasie vind verder deur persoonlike ervaring en refleksie plaas (Maree, 2007:84). Nieuwenhuis (in Maree, 2007:84) identifiseer vier tipes observasie, naamlik die navorser as volledige waarnemer, die waarnemer as deelnemer, die deelnemer as waarnemer, en volledige deelnemer. Observasies moet so volledig moontlik getranskribeer word (Maree, 2007:86), deur byvoorbeeld:

- Veldnotas wat so akkuraat moontlik gemaak word, neergeskryf word wanneer dit gesien, gehoor en ervaar word asof die navorser dit die eerste keer sien,
- Veldnotas word neergeskryf soos die navorser dit waarneem,
- Rekord word gehou van beide verbale en nie-verbale gedrag,
- Refleksie op die navorser se waarneming word so gou moontlik na die gebeurtenis gedoen (ook op die navorser se afleidings).

Die navorser vra hom of haarself voortdurend die vraag: “Hoe weet ek dat dit wat ek waargeneem het, is wat werklik gebeur het?” Deur deelnemer-kontrole verifieer die navorser sy of haar verstaan van dit wat hy of sy waargeneem het met die deelnemers wat waargeneem is (Maree, 2007:86).

2.2.8.3. Onderhoude

Tydens kwalitatiewe onderhoude is die uitdaging dat die navorser die wêreld deur die oë van die deelnemer moet sien. Wanneer die deelnemer glo dat die onderwerp belangrik is en die navorser vertrou, gee hulle met vrymoedigheid die inligting wat die navorser nie op ander wyses sal kan insamel nie (Maree, 2007:87).

Nieuwenhuis (in Maree, 2007:87) onderskei drie tipes onderhoude, naamlik:

- Oop-einde onderhoude, wat versprei word oor ŉ tydperk van ŉ reeks onderhoude,
- Semi-gestruktureerde onderhoude, wat gebruik word in navorsingsprojekte om data wat in ander data-bronne voorkom, te bevestig. Hierdie onderhoude is nie vir lang tydperke bedoel nie, en van die deelnemer word verwag om vooraf-saamgestelde vrae te beantwoord, en maak ruimte vir die verduideliking van antwoorde,
- Gestruktureerde onderhoude maak gebruik van gedetailleerde ontwikkelde vrae wat vooraf saamgestel is en word gewoonlik gebruik in veelvuldige gevallestudies of groter steekproefgroepe.

2.2.8.4. Fokusgroepe

2.2.8.4.1. Koste-effektief

In meer onlangse jare het fokusgroepe 'n gevestigde en aanvaarde deel geword van die reeks metodologiese instrumente wat vir akademiese navorsers beskikbaar is. Hulle is onder andere meer “koste-effektief” as tradisionele metodes en aanpasbaar by 'n verskeidenheid navorsings-benaderings en -ontwerpe. Fokusgroepe kan groot hoeveelhede kwalitatiewe data oplewer in ruil vir relatief min kontak van aangesig tot aangesig (Parker & Tritter, 2006:23).

2.2.8.4.2. Die navorser se ondersoekende rol

In fokusgroep-onderhoude kan die deelnemers bou op mekaar se gedagtes en opmerkings om in-diepte sienings te voorsien, wat nie met individuele onderhoude verkry sal kan word nie. In hierdie onderhoude kom daar dikwels onverwagte opmerkings en nuwe perspektiewe na vore (Maree, 2007:90). In groepsonderhoude vervul die navorser 'n “ondersoekende” rol, waar hy vrae vra, die dinamika van groepbespreking beheer, en dikwels betrokke is in dialoog met spesifieke deelnemers (Parker & Tritter, 2006:25).

2.2.8.4.3. Vyf tot twaalf deelnemers

Fokusgroepe bestaan uit ongeveer vyf tot twaalf deelnemers met die doel om in-diepte kwalitatiewe data oor die groep se persepsies, houdings en ervarings oor die spesifieke onderwerp te versamel (Maree, 2007:91).

2.2.8.4.4. Beperkinge

Die fokus-groep is tipies klein, wat dalk nie verteenwoordigend genoeg kan wees nie. Al die deelnemers moet op een plek op dieselfde tyd bymekaarkom, wat beteken dat hulle moet reis. Die sukses van die onderhoude hang dikwels af van die vaardighede van die navorser of moderator om gesprek aan te moedig en die fokus te behou. Te veel moderator-beheer kan beteken die navorser hoor te min van die deelnemers (Maree, 2007:91). Hier speel die navorser die rol van “fasiliteerder” of “moderator”; dit wil sê, fasiliteerder/moderator van groepbespreking tussen deelnemers, nie tussen haar of homself en die deelnemers nie. Waar fokusgroepe betrokke is, neem die navorser 'n perifere, eerder as 'n middelpunt-rol in vir die eenvoudige rede dat dit die interverhoudingsdinamika van die deelnemers is wat belangrik is, nie die verhouding tussen navorser en nagevorstes nie (Parker & Tritter, 2006:26).

2.2.8.4.5. Vertroue in die navorser

Dit is belangrik dat die deelnemers die navorser sal vertrou, en dat die navorser elke deelnemer se bydrae met die grootste waardering ontvang. Fokus-groepbesprekings genereer selde konsensus, maar hulle is geneig om 'n aantal sienings te skep wat die verskillende standpunte van die deelnemers ondersteun (Parker & Tritter, 2006:31).

Die navorser/moderator moet bewus bly van hoe respondente hom/haar deurlopend in die navorsingsproses beleef en hoe hierdie persepsies impakteer op dit wat deelnemers bereid is om te deel. Professionele navorsers moet 'n punt daarvan maak om die respondente te verseker van die vertroulikheid van hulle deelname (Parker & Tritter, 2006:32). Navorsers moet die status, posisie en spesifieke behoeftes van deelnemers erken (en empaties wees) en hulle gerusstel, in terme van data-sensitiwiteit en vertroulikheid (Parker & Tritter, 2006:34).

2.2.8.4.6. Die fokus op interaksie

In fokusgroepe is interaksie die fokus en in hierdie sin gaan fasilitering oor die motivering van diepgaande bespreking via 'n logiese volgorde van oop vrae wat soveel moontlik deelname binne die groep aanmoedig, 'n 'sinergie' tussen deelnemers waardeur almal wat teenwoordig is, op een of ander manier bydra tot die bespreking. 'n Soort momentum word gegenereer wat onderliggende

menings, betekenisse, gevoelens, houdings en oortuigings toelaat om saam met beskrywings van individuele ervarings na vore te kom (Parker & Tritter, 2006:26).

2.2.8.4.7. Opname van data

Data-insamelingstegnieke, notas, klankopnames, die raaksien van nieverbale leidrade is van die grootste belang in die voer van onderhoude, hetsy individueel of in fokus-groepe (Maree, 2007:92).

2.2.8.4.8. Kwalitatiewe data-analise

Data-analise is gewoonlik ’n proses. Nieuwenhuis (Maree, 2007:100) stel dit skematies as volg voor:



Die doel is om op te som wat die navorser gesien en gehoor het, met betrekking tot algemene woorde, frases, temas of patrone, om hom of haar te help verstaan en interpreteer. Dit gaan hier om woorde en waarnemings, nie getalle en statistieke nie. Die navorser se doel is nie om te meet nie, maar te interpreteer en sin te maak van die data. Daarvoor benodig die navorser kreatiwiteit, dissipline en ’n sistematiese benadering (Maree, 2007:100). Data-analise moet daarom toepaslik wees op die navorsingsontwerp en -benadering (Maree, 2007:100).

2.2.8.5. Vraelyste

Die navorser toon verder in hierdie hoofstuk aan dat hy van vraelyste gebruik maak om die begeleidingsgesprek, asook die groepsgesprekke te laat fokus op die ontwerp. Zaaiman (2017), van die Noordwes-Universiteit lewer in sy beoordeling van die vraelyste wat deur Kerkspieël van die NG Kerk gebruik is om data in te samel, ’n waardevolle bydrae wat die navorser in hierdie studie begelei het.

Die waarde van inligting uit opnames is afhanklik van die gehalte van die opnameproses. Aangesien opnames in praktiese teologie ingespan word, is dit belangrik om te besin oor die aspekte wat tot ’n gehalte-opname kan bydra (Zaaiman, 2017:586).

2.2.8.6. Doel van empiriese navorsing

Praktiese teologie navorsing sluit navorsing in die praktyk in. Gevolglik sluit dit nadenke in oor empiriese aspekte van navorsing. ’n Empiriese benadering wil bydra tot ’n verantwoordelike uitleef van die geloof. Praktiese teologie se doel is om die geloofslewe met mense se ondervindings te verbind. Gevolglik is hierdie veld van teologie se empiriese belangstelling betekenisvol (Zaaiman, 2017:586). Die eis wat aan empiriese teologie gestel word, raak al groter om erns te maak met ervaring en waarneming. “Vandaar die belangrike rol van gestruktureerde/ongestruktureerde ondersoeke; deelnemende waarneming en vraelyste met die oog op die induktiewe insameling van data” (Louw, 1999b:562).

2.2.8.6.1. Tussen die Christelike teks en menslike ervaring

Praktiese teologie beweeg tussen die Christelike teks en algemeen menslike ondervinding. Daarom word die taal van praktiese teologie gekenmerk deur ’n vorm van wisselwerking tussen hierdie twee aspekte waarin albei belangrik is (Zaaiman, 2017:586).

Mense se daaglikse belewing is dus geskoei op die ervarings wat hulle beleef en kan interpreteer. Ook godsdienstige belewenisse is afgestem op hierdie konkrete werklikheid en kan dus empiries bestudeer word (Zaaiman, 2017:587).

Praktiese teologie bied tans ’n belangrike interpretasie van die kerk se funksionering. Sodoende raak hierdie veld van teologie ’n belangrike deelnemer in die dialoog tussen kerk en teologie (Zaaiman, 2017:587).

2.2.8.6.2. Kundigheid vereis

Dit is dus belangrik dat teoloë ook insig het in empiriese benaderings om toepaslike en praktiserende teoloë te kan wees. In die lig hiervan is dit duidelik dat opnames nuttig in die teologiese en kerklike verband gebruik kan word. Hierdie kundigheid oor empiriese navorsing is verder belangrik, want kerk-wees word nie afgehandel nie. Dit behels ’n onafhanklike proses waarin kerke voortdurend streef om aan hulle Goddelike roeping te voldoen. Kerke moet word wat hulle in Christus bestem is om te wees. Aangesien kerke kontekstueel funksioneer, help opnames die navorsers om die verloop van hierdie werking en verandering te evalueer (Zaaiman, 2017:588).

2.2.8.6.3. Steekproeftegnieke

Om vrae deur middel van vraelyste te vra, is 'n belangrike deel van opname-ontwerp. Vraelyste word gebruik om die nodige inligting of data van die respondente te genereer oor 'n verskynsel

waaroor hulle ingelig word. Die vraelys kan voltooi word deur middel van 'n onderhoud (van aangesig tot aangesig of per telefoon), of respondente kan gevra word om die vraelys self te voltooi (self-geadministreer, posverspreiding of elektronies). Opnamenavorsing maak gebruik van steekproeftegnieke om die relevante bevindings op die studiepopulasie as geheel toe te pas. Die gebruik van steekproeftegnieke is dus algemene praktyk in opnames (Hermans & Schoeman, 2015b:48).

2.2.8.6.4. Behoorlike samestelling van vraelyste

Die samestelling van vraelyste moet spesiale aandag in die bestuur van opnames geniet omdat vraelyste ’n kernaspek behels van inligtingsinsameling (Zaaiman, 2017:590).

Behoorlike samestelling van vraelyste is kernbelangrik in opnames. Daarby is dit nie ’n eenvoudige proses nie. Die rede is dat vraelyste poog om menslike kommunikasie te standaardiseer wat uiteraard uniek en nie eenvormig is nie (Zaaiman, 2017:590).

Dit is belangrik dat navorsers die inligtingsinsameling so eenvoudig en eenduidig moontlik probeer maak (Zaaiman, 2017:590).

2.2.8.6.5. Standaardiseer betekenisse

Om vraelys-items te ontwikkel moet die samestellers duidelik weet wat hulle konseptueel bestudeer en hoe hulle dit kan benader. Dit behels ’n uitdaging omdat respondente aan vraelys-items hulle eie interpretasie kan heg wat van die navorser se bedoeling verskil. Daarom is die samestelling van vraelyste daarop gerig om betekenisse te standaardiseer en om respondente se onafhanklike en unieke betekenisgewing en interpretasie te beperk. Die vasstel van vraelys-items volg ’n moeisame proses waarin konsepte gevorm en gespesifiseer word. Metings word ontwerp, die betroubaarheid van die items beoordeel, asook die geldigheid daarvan getoets. Tipiese kontekstuele vrae is byvoorbeeld, Wat?, Wie?, Wanneer?, Hoekom?, Waar? en Hoe? (Zaaiman, 2017:590).

Die uitdaging is nog groter indien die konsep wat gemeet word abstrak is. Dit is makliker om oor metings ooreen te kom by betreklik eenvoudige, konkrete konsepte (Zaaiman, 2017:591).

Dit is daarom belangrik dat die konsepte wat in ’n vraelys gemeet word, duidelik omskryf en gedefinieer word. Dit moet duidelik wees wat die konsep behels of nie behels nie. Slegs deur so ’n duidelike definiëring kan die proses begin om verteenwoordigende metings-items vir die konsep aan te wys. Dit vereis dat elke item behoorlik gestandaardiseer en self-duidend is en regstreeks verband hou met die konsep wat gemeet word (Zaaiman, 2017:591).

Standaardisering is daarop gerig om by respondente dieselfde reaksie op die betekenis van die items te ontlok. Tog bly so ’n eenvormige reaksie om verskeie redes moeilik. Dit kan wees dat respondente weens verskeie redes nie die vrae dieselfde vertolk nie (Zaaiman, 2017:591-592).

2.2.8.6.6. Paslike antwoorde by die respondente

Ten diepste is die saamstel van vraelyste daarop gemik om paslike antwoorde by respondente te ontlok. Dit is daarom belangrik dat navorsers die proses van respondering verstaan. Vir ’n respons moet ’n respondent ’n antwoord bedink. Dit veronderstel dat die respondent die vraag korrek interpreteer, en oor die feite, kennis en houding beskik vir ’n toepaslike respons.

Só ’n proses hou met verskeie aspekte verband, naamlik plek, tyd, selfbegrip, aanvoeling, vermoë om geheue in te span, om konsepte te vorm, en dit toepaslik te maak deur verskeie faktore wat beïnvloed word. Hier geld byvoorbeeld interpretasies oor hoe om die navorser of verteenwoordiger tevrede te stel en die respondente se gewilligheid om billik teenoor hulleself en ander te wees.

Uiteindelik is ’n spesifieke respons die gevolg van ’n warboel bewustelike en onbewustelike prosesse wat lei tot ’n reaksie binne ’n interaksie-proses tussen respondent en navorser paslik te kommunikeer. Daarvoor moet die respondent sy/haar rol binne die interaksie aanvaar, asook gemotiveer en bereid wees om die respons aan te bied (Zaaiman, 2017:592)

Om ’n paslike respons by ’n individu te verkry, is dit uiters belangrik dat die vraag die respondent sal prikkel om wel paslik en akkuraat te antwoord. Daarom is die opstel van ’n vraelys so ’n moeisame proses (Zaaiman, 2017:593).

2.2.8.6.7. Nie in isolasie nie

’n Respondent beoordeel dus nie vrae in isolasie nie. Daarby veronderstel respondente in die lig van gespreksgebruike dat die vrae inderdaad sal verwys na kwessies wat hulle raak. In die lig hiervan is dit belangrik om die beperkings van sosiale navorsing te erken en buitensporige kennisuitsprake oor bevindings se betekenisvolheid te vermy. Dit is ook belangrik dat die metodologiese probleme en beperkings van navorsingsmetodologie in praktiese teologie erken word. Daar moet voortdurend gestreef word om prosesse te volg wat die gehalte van kennisuitsprake kan ondersteun (Zaaiman, 2017:593)

2.2.8.6.8. Kommunikasiekuns

Die insamel van inligting deur vraelyste behels dus nie ’n eenvoudige funksie van versamel en oplaai nie, maar is ’n kommunikasiekuns om paslike en betroubare inligting by mense te kry (Zaaiman, 2017:594).

2.2.8.6.9. Verskillende kategorieë

Die bespreking van die kwessies omtrent vraelyste se hantering geskied onder die volgende kategorieë in hierdie afdeling: dubbelloop-bewoording, dubbelsinnige, onduidelike en algemene bewoording, abstrakte bewoording, emosioneel-verwante bewoording, tydraamwerk vir vrae, leidende vrae en veronderstelde kennis (Zaaiman, 2017:595).

- Dubbelloop-bewoording

Dubbelloopvrae kom voor waar die skakels “en” of “of” twee konsepte verbind wat eintlik onverwant is (Zaaiman, 2017:595).

- Dubbelsinnige, onduidelike en algemene bewoording

In die Kerkspieël-vraelyste[13] kom vrae voor met dubbelsinnige, onduidelike en algemene bewoording. Dit hou verband met betekenisse wat nie helder uitgeklaar is nie (Zaaiman, 2017:596).

- Abstrakte bewoording

In abstrakte bewoording is die konsepte veels te algemeen aangewend. Opsigself mag hierdie konsepte se betekenis vanselfsprekend lyk, maar in die gesprekskonteks van ’n vraelys, is dit nie meer selfverklarend nie (Zaaiman, 2017:597).

- Emosioneelverwante bewoording

Wanneer navorsers emosioneelverwante konsepte in ’n vraelys gebruik, moet hulle in ag neem dat emosionaliteit nie gestandaardiseer by mense voorkom nie. By implikasie sal die meting daarvan dus ook nie akkuraat wees nie (Zaaiman, 2017:598).

- Tydsraamwerk in vrae

Dit is belangrik dat respondente duidelik weet watter tydsraamwerk in ’n vraag veronderstel word (Zaaiman, 2017:599).

---

[13] Zaaiman, J. 2017. Die samestelling en gebruik van vraelyste in kerklike opnames met verwysings na die Ned Geref Kerk se *Kerkspieël*-vraelyste. *Stellenbosch Theological Journal 2017, 3(2), 561-605.*

- Leidende vrae

Leidende vrae skep ’n spesifieke respons of veronderstel dat die respondent ’n bepaalde antwoord voorhou. In werklikheid het die respondent dalk ’n ander mening hieroor, maar die vraag bied nie so ’n opsie nie (Zaaiman, 2017:599).

- Veronderstelde kennis

Wanneer vrae gevra word, moet die inligting geredelik by die respondent beskikbaar wees. Indien dit nie die geval is nie, word die response geskep of geraai. Dit maak die inligting by implikasie verdag (Zaaiman, 2017:600). Dit is uiters belangrik dat vrae wat aan respondente gestel word, toepaslik in hulle leefwêreld sal wees (Zaaiman, 2017:601).

2.3. INLEIDING EN AGTERGROND VAN HIERDIE STUDIE

Die navorser het sowat 10 jaar gelede bewus geraak van die “erge pyn” of ongemak wat leraars verduur in die bediening. Sonder dat die navorser homself aangebied het, het die predikante, veral in die NGK Ring van Clanwilliam, hom genader om hulle seer en ongelukkigheid in die bediening met hom te deel. In hierdie tydperk het ses leraars voortydig afgetree; een is deur die gemeente wat hy bedien het voor ’n keuse gestel dat hy of moet gaan, of aangekla word; een is in die middernagtelike ure in ’n motorongeluk oorlede, terwyl hy besig was om familiesake in sy gemeente te probeer oplos, en ’n ander is ‘vroegtydig’ oorlede. Die navorser het al meer besef dat die leraar dikwels die eindpunt is, en self niemand het om hom of haar op sy paadjie in die bediening te begelei, of bloot “mens langs mens” te wees nie.

2.3.1. “Mentor”/mistagoog van leraars

Intussen is die navorser versoek om as “mentor” op te tree vir leraars in die Ring wat die verantwoordelikheid geword het van die Taakspan vir Predikante-begeleiding van die Wes-Kaap Sinodale streek. Omdat die navorser nie gemaklik is met die woord “mentor” nie, was hy in hierdie omstandighede eerder ’n spirituele begeleier (mistagoog) wat met die leraars op reis gegaan het, om saam met hulle te ontdek hoe God ook teenwoordig is in hulle pyn en ontwrigting in hulle bediening. In hierdie begeleiding het die navorser telkens gepoog om God self die geleentheid te gee om die ontmoetings te lei, met Godsvrae en die ontvang en toe-eiening van die probleme en pyn, en God ook in die ontwrigtings raak te sien. Die navorser het raakgesien dat die pyn wat predikante in die bediening moet verduur nie onderskat moet word nie. Aan die ander kant was die verligting wanneer die navorser saam met die predikante ontdek “dit gaan nie oor my nie, maar oor Christus” erg gerusstellend. Wanneer die leraar besef dat hy of sy deelneem aan die

voortgesette bediening van die opgestane Heer, in eenheid met Christus, vanweë sy of haar doop, en bedienaar in en deur Christus is, het die navorser ‘n baie positiewe skuif in die bedieningsfokus bespeur.

2.3.2. Opdrag Sinodale Taakspan AMSS

In 2018 is die navorser deel van die Taakspan wat die stigting van die Andrew Murray Spiritualiteitsentrum (AMSS) beplan. As lid van hierdie groep ontvang hy die opdrag om ‘n intervensie met leraars in die vorm van ’n retraite van vyf dae lank by die Sentrum te ontwerp en op die proef te stel vir verdere gebruik. Dit is aanvanklik die “Bedienaars in Christus Retraite” genoem. Die navorser moes vyf tot sewe leraars nader om deel te neem aan die retraite, met terugvoer aan die AMSS. Die getal is beperk, eerstens vanweë die tydperk van slegs vyf dae, en tweedens, omdat die navorser as begeleier slegs met dié getal persoonlike begeleidingsessies sou kon voer. Die eerste groep leraars in die Ring van Clanwilliam, binne wie se grense die navorser predikant is, was entoesiastiese vrywillige deelnemers. Die Ring van Clanwilliam is die heel eerste groep wat gebruik gemaak het van die AMSS in Wellington vanaf 4 tot 8 Maart 2019. Die retraite is aangepas by die dag-ritme van die AMSS in Wellington, met drie kapel-tye, gelei deur prof. Elna Mouton, wat die rol van spirituele begeleier vervul het by die sentrum. Prof. Mouton het ook deelgeneem aan die meeste van die groepsgesprekke en ’n waardevolle bydrae gelewer tot die geestelike welsyn van al die deelnemer-leraars. Tydens hierdie retraite was al die leraars in die Ring van Clanwilliam genader om deel te neem en die uiteindelike vyf gekose deelnemers het aangedui het dat hulle die graagste deel wil wees van die navorsing. Na afloop van die retraite, het die navorser met nog vyf ander leraars uit die Ring van Clanwilliam op hierdie reis gegaan, maar dit beperk tot die intervensie, en nie die eiland-situasie van die retraite nie. Uiteindelik is al tien deelnemende leraars ingeskakel by ’n groep in die Ring van Clanwilliam, onder begeleiding van die navorser, wat mekaar versorg, bemoedig en die “eindpunt” in mekaar se bediening en lewe vir mekaar is. Die navorser noem ook hulle ervarings van die bediening in en deur Christus.

2.4. BEDIENING VANUIT ONS MISTIEKE EENHEID MET CHRISTUS

Vir die huidige navorsing het die navorser die aanvanklike ontwerp getoets en uitgebrei met die oog daarop om dit te boekstaaf in hierdie proefskrif vir moontlike verdere gebruik deur die kerk. Die tema vir die retraite vir die empiriese studie is, na verdere navorsing, verander na “Bediening vanuit ons mistieke eenheid met Christus” en het plaasgevind vanaf 24 tot 28 Oktober 2021 by die VCSV terrein in Strandfontein, binne die grense van die Ring van Clanwilliam. Die grootste gedeelte van die retraite se onkoste is gedek deur die Taakspanne vir Predikantebegeleiding en

Teologiese Navorsing, Wes-Kaap Sinode, en die AMSS as probleem-eienaar. Die restant het die navorser gedek, sodat die deelnemers nie enige uitgawes gehad het vir die navorsing nie. Elke deelnemer is beloon met 30 Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO) punte vir sy/haar deelname aan hierdie retraite.

2.5. VERBLYF EN VERWAGTING TYDENS DIE RETRAITE

Die leraars het elkeen hulle eie kamer gehad waarin hulle in stilte die aangesig van God kon soek. Die navorser het by die aanvang van die retraite aan elkeen 'n lêer, met die dagprogram, 'n vraelys[14] en leeswerk daarin gegee, asook 'n boekie, wat hulle as joernaal kon gebruik, om dit wat hulle by die Here hoor, neer te skryf, om later met die groep te deel.

2.6. DAG-RITME VAN DIE AMSS EN KAPEL-BYEENKOMSTE

Die navorser en deelnemers het meegedoen aan die AMSS se geestelike dag-ritme, naamlik kapel-tye sewe-uur soggens, twaalfuur in die middag en weer sesuur saans. Dr. Nico Viljoen, predikant in ons Ring en kenner op die gebied van spiritualiteit en Bybelse mistiek, het die kapel-byeenkomste gelei. Die deelnemers was dit met groot dankbaarheid eens dat sy begeleiding die geestelike rigting van die retraite bepaal het. Sy bydrae as teoloog en geestelike begeleier het groot waarde toegevoeg tot die groepgesprekke en die deelnemers se belewing van God se immanensie. Dr. Viljoen het reeds die eerste retraite in Wellington bygewoon en het met sy deelname aan die groepgesprekke en as medewaarnemer bygedra daartoe om die groep gefokus te hou.

2.7. POORTWAGTER (*GATEKEEPER*)

Die voorsitter van die Ring van Clanwilliam het as "gatekeeper" voor en tydens die retraite opgetree, toestemming tot die studie verleen en met sy besondere leierseienskappe heelwat sin bygevoeg tot die hele proses.

2.8. WERWING EN INGELIGTE TOESTEMMING

Die skriba van die Ring was die onafhanklike persoon wat die verantwoordelikheid van die werwing en ingeligte toestemming van die deelnemers op haar geneem het.

---

[14] Die vraelys moes deur die leraars tydens hulle heel eerste stiltetyd voltooi word, om dit later in begeleiding-sessies met die navorser te bespreek. Die doel daarvan is dat die deelnemers reflekteer oor hoe hulle die bediening beleef, voor die retraite begin, met ander woorde, hoe hulle die bediening beleef soos hulle gearriveer het by die retraite, en wat hulle ervaring is van die verwagting van die Gemeente waarin hulle bedien. Die vraelys is as addendum by die proefskrif aangeheg.

2.9. PROFIEL VAN DIE FOKUSGROEP

Die navorser het sewe deelnemers met hom saamgeneem op hierdie retraite, en in totaal, met die navorser as waarnemer-deelnemer en die spirituele begeleier-waarnemer-deelnemer ingesluit, was ons nege uit die totaal van 15 predikante in die Ring van Clanwilliam wat hierdie reis meegemaak het. Drie van die deelnemers het ook die eerste retraite in Wellington bygewoon. Die enigste vereiste vir deelname was dat die deelnemers geordende predikante van die NG Kerk moes wees, tans in die bediening, en deel van die Ring van Clanwilliam, in die plattelandse milieu. Almal het te kenne gegee dat hulle gewillige deelnemers is, wat geïmpliseer word as vereiste, wat bereid is om hulleself te verbind tot openheid vir die proses en as deelnemers bereid is om met oop harte en gemoedere te ontvang. Die groep was goed verteenwoordigend van die Ring van Clanwilliam en beter verteenwoordigend as 'n gewone steekproef (Parker & Tritter, 2006:26).

2.10. VERLOOP VAN DIE PROSES

Die program vir hierdie empiriese navorsings retraite was as volg:

Sondag	**Maandag**	**Dinsdag**	**Woensdag**	**Donderdag**
16:00 Arriveer 17:00 Tuismaak en ontvang materiaal 19:00 Aandete 20:00 Informele gesprekke en ken-mekaar geleentheid	07:00 Eerste kapel 08:00 Ontbyt 09:00 Stilte, joernaal, lees van materiaal in kamers 10:00 Eerste onderhoud (begeleidings-gesprek tussen	07:00 Eerste kapel 08:00 Ontbyt 09:00 Stilte, joernaal, lees van materiaal in kamers 10:00 Derde onderhoud (begeleidings-gesprek tussen	07:00 Eerste kapel 08:00 Ontbyt 09:00 Stilte, joernaal, lees van materiaal in kamers 10:00 Vyfde onderhoud (begeleidings-gesprek tussen navorser en deelnemer 5)	07:00 Eerste kapel 08:00 Ontbyt 09:00 Stilte, joernaal, lees van materiaal in kamers 10:00 Agtste groep-gesprek:

21:00 Begin met vraelys en stilte en afsondering in God se teenwoordig-heid	navorser en deelnemer 1) 10:30 Tweede onderhoud (begeleidings-gesprek tussen navorser en deelnemer 2) 11:00 Eerste groepgesprekke: Ons mistieke eenheid met Christus 12:00 Tweede kapel 13:00 Middagete 14:00 Stilte in God se teenwoordigheid (in kamers of in die natuur) 16:00 Tweede groepgesprek:	navorser en deelnemer 3) 10:30 Vierde onderhoud (begeleidings-gesprek tussen navorser en deelnemer 4) 11:00 Vierde groepgesprekke: Die bediening vanuit ons mistieke eenheid met Christus (*participatio Christi*) 12:00 Tweede kapel 13:00 Middagete 14:00 Stilte in God se teenwoordigheid (in kamers of in die natuur)	10:30 Sesde onderhoud (begeleidingsgesprek tussen navorser en deelnemer 6) 11:00 Sesde groepgesprekke: Die spiritualiteit van die leraar 12:00 Tweede kapel 13:00 Middagete 14:00 Stilte in God se teenwoordigheid (in kamers of in die natuur) 16:00 Sewende groepgesprekke: Die leraar as mistagoog 18:00 Derde kapel 19:00 Aandete	Refleksie op die afgelope retraite en die pad vorentoe 12:00 Tweede kapel 13:00 Middagete en vertrek

	Ons mistieke eenheid met Christus en die sakramente 18:00 Derde kapel 19:00 Aandete 20:00 Informele refleksie op die bewus-wees van God in die afgelope dag	16:00 Vyfde groepgesprek: Die bediening vanuit ons mistieke eenheid met Christus 18:00 Derde kapel 19:00 Aandete 20:00 Informele refleksie op die bewus-wees van God in die afgelope dag	20:00 Informele refleksie op die bewus-wees van God in die afgelope dag	

Die navorser lig enkele hoogtepunte uit die program om later verder uit te brei op die hoofpunte van hierdie empiriese ondersoek, die vraelyste, onderhoude en groepgesprekke.

2.10.1. Aankoms

Die navorser het gesorg dat hy betyds daar is om elke deelnemer wat aankom, te verwelkom en tuis te laat voel en belangstelling te toon in die gemoed waarmee die deelnemer arriveer by die retraite. Hy het ook bystand verleen met die tuismaak van elkeen in sy/haar gerieflike kamer met eie badkamer. Aangesien die navorser reeds goed bekend was met al die deelnemers en met sommige van die deelnemers reeds ’n pad van mistagogie gestap het, was die atmosfeer van die begin af gemaklik en openhartig. Die eiland-situasie by Strandfontein met die see-uitsig, het ook bygedra tot die ontspanne gees wat die deelnemers van die begin af beleef het.

2.10.2. Materiaal

Die materiaal wat die deelnemers gebruik het, het die vraelys ingesluit, wat aan die begin van die retraite voltooi moes word, omdat dit die belewing van die bediening met aankoms by die retraite opsom. Die navorser het ook vir die deelnemers werke van Andrew Purves, Zack Eswine en Gerald Partee, wat hy vooraf opgesom het, beskikbaar gemaak. Die deelnemers het genoeg tyd gehad om hierdie opsommings te bestudeer en stil te word met die Woord en in gebed. Die Skrifgedeeltes wat in die stiltetye in afsondering in die kamers gelees is, is ook die Woord wat in die kapel-byeenkomste deur die fokusgroep oordink is, naamlik Johannes 15:1-8; Johannes 17:20-26; Romeine 6; Galasiërs 2:15-21, 3:26-29; Kolossense 2:6-15; Efesiërs 3:14-21; 1Johannes 4:7-21 en Psalm 34:9.

2.10.3. Informele gesprekke

Die “poortwagter” van die retraite was heeltemal tereg van mening dat dit nodig is om saans, na die dagprogram, om ’n vuur bymekaar te kom om te reflekteer op die dag en gemaklik die deelnemers se lief en leed met mekaar te deel. Hierdie “kuier” om die vuur het daartoe bygedra dat die deelnemers meer ontspanne, eerlik, vrymoedig en openhartig hulle lewe met mekaar kon deel. Die navorser het beleef dat hierdie geleenthede ook die beheer wat hy enigsins oor die groep sou kon hê, heelwat verminder het, sodat elke deelnemer spontaan ook leiding kon neem in die gesprekke. Die navorser het hierdie geleenthede gebruik om waar te neem en saam met die groep te ontspan en ook sy eie hart te deel en die waarneming was juis dat hierdie geleentheid die deur oopgemaak het vir die verdere gestruktureerde gesprekke. Verder is waargeneem dat, hoe meer die groep in mekaar se geselskap was, hoe hegter die vertrouensband tussen hulle geword het. Hierdie band word deur die navorser as uiters belangrik beskou, aangesien die predikante op die platteland dikwels erg geïsoleerd moet lewe en bedien, nie maklike toegang het tot al die sinodale dienste nie, en uiteindelik op mekaar se ondersteuning, broederlike liefde en raad aangewese is.

Ook aan die etenstafel het die navorser die deelnemers die geleentheid gegee om met mekaar te gesels. Aangesien die deelnemers ver uitmekaar woon en min van mekaar sien, vanweë die afstand, het die navorser ook hierdie geleentheid beskou as een van gesels tot saturasie. Die navorser het reeds heelwat retraites bygewoon waar daar algehele stilte was, ook tydens die maaltye, maar het met welslae anders besluit by hierdie retraite. Die retraite is dan nie die gewone “stilte-retraite” nie, maar eerder ’n retraite met stil tye.

2.10.4. Kapel-byeenkomste

Soos by die AMSS in Wellington, is daar ook ’n kapel by die VCSV-terrein in Strandfontein, wat meestal gebruik word vir die gesamentlike byeenkomste, soos eredienste en gebedsgeleenthede. Die groep kon hierdie ruimte gebruik om stil te word in gebed, al die onderhoude is daarin gevoer en dan is al die kapel-byeenkomste ook daar gehou. Dr. Nico Viljoen het hierdie byeenkomste gelei en aangesluit by die tema van die week. By die oggend- en middag-kapel het hy ons deur die Skrifgedeeltes begelei aan die hand van *lectio divina* en by die aand-kapel het hy met behulp van die gebed van *examen* die groep begelei om te reflekteer op die teenwoordigheid van God deur die afgelope dag. By die heel laaste kapel-byeenkoms het die groep saam die nagmaal gevier. Die Skrifgedeeltes wat oordink is, is:

- Johannes 15:1-8
- Johannes 17:20-26
- Romeine 6:1-8
- Galasiërs 2:15-21
- Galasiërs 3:26-29
- Kolossense 2:6-15
- Efesiërs 3:14-21
- 1 Johannes 4:7-21
- Psalm 34:9

2.10.5. Data-insameling

Data-insameling vir hierdie navorsing is gedoen met behulp van die vraelyste wat die navorser by die aanvang van die retraite aan die deelnemers gegee het, en ’n opname van die groepgesprekke, wat later getranskribeer is en aan die deelnemers voorgelê is, vir korreksie en verifiëring as getroue weergawe van die gesprekke, maar ook om die deelnemers se toestemming te verkry om dit so te boekstaaf, met inagneming van vertroulikheid en anonimiteit. Die persoonlike begeleidingsessies is nie opgeneem nie, omdat die navorser ten alle tye die vertroulikheid en anonimiteit van die deelnemers wou handhaaf. Die antwoorde op die vraelyste is aan die navorser oorhandig vir die verwerking van die data en die deelnemers het hulle antwoorde met die navorser bespreek in die begeleidingsessie.

Die openhartigheid en entoesiasme van die deelnemers was verblydend en verbasend, omdat die leraars onmiddellik getoon het dat hulle die navorser vertrou, wat in die meeste gevalle in so ’n sessie nie gebeur nie. Geen naam verskyn op die vraelyste nie, sodat die deelnemers nie geïdentifiseer mag word nie.

Die vraelyste is geïnspireer deur die navorsing wat Gideon van Dam (2004:24-25) onder die leraars van die Saam-op-Weg-kerke, die Gereformeerde groep kerke in Nederland gedoen het waarin hy hoofsaaklik die volgende leiding gee.

- Sit gemaklik, beide voete op die grond en fokus op jou asemhaling. Voel dat jy sit en gee aandag aan jou liggaam.
- Terwyl jy rustig is, kyk terug op jou werk as predikant die afgelope weke. Blaai as’t ware terug. Laat jou gedagtes gaan oor enkele dae, soggens tot saans. Wat het jy gedoen? Saam met wie was jy? Wat het jy ervaar? Gebruik jou tyd…
- Vra jouself: Wie was ek in alles as predikant? Wie wou ek wees? Wie moes ek wees? Probeer aan ’n simbool dink wat dit die beste vir jou uitdruk. Maak al die beelde wat opkom bymekaar en bly by die beeld waarby jy goed voel. Gebruik weer jou tyd…
- Skryf die beeld neer.
  In ’n volgende stap kan die predikant krities op die beelde reflekteer:
- Neem die beeld wat jy neergeskryf het in jou gedagtes en sien jouself in jou werk vanuit hierdie beeld.
- Watter gevoelens wek dit by jou op?
  - Inspireer, verlig dit jou: wek dit iets van ontvang, by die Bron wees?
  - Of voel jy eerder belas, of dat jy moet prysgee?
  - Maak dit verlange by jou wakker, gee dit hoop?
  - Of voel jy eerder beangs of bedruk?
- Wat vertel die beeld jou nou oor die vraag oor hoe jy jou rol in die geloofsgemeenskap beleef?
  - Plaas die beeld jou meer in die hart van die kerk of skuif jy meer uit na die rand?
  - Verbind dit jou met die geloofstradisie? Sien jy die amp ook so of nie?
  - Word daar in die beeld ’n beroep op jou professionaliteit gedoen of nie?
  - Is jy in die beeld veral alleen of werk jy in gemeenskap met ander?
- Wat sou die visie wees wat die predikant as mistagoog moontlik kon toevoeg tot die beeld wat jy gekies het? Kom daar ander beelde by jou op?

- Nuanseer soos nodig jou bestaande beeld of gee ruimte aan ’n ander beeld wat by jou opkom.

In die res van die hoofstuk stel die navorser die data van die uitkomste van die eerste intervensies, sowel as die groepgesprekke in die volgorde soos dit plaasgevind het:

1. Begeleidingsessies en vraelyste;
2. Gesprek oor die leraars se mistieke eenheid met Christus en hulle deelname aan Hom vanuit die sakramente (spiritualiteit);
3. Gesprek oor die leraars se bediening vanuit hulle mistieke eenheid met Christus (Purves, e.a.);
4. Gesprek oor die spiritualiteit van die leraar in mistieke eenheid met Christus;
5. Gesprek oor die leraar as mistagoog;
6. Gesprek oor die skuif wat op die retraite plaasvind;
7. Refleksie op die retraite.

2.11. UITKOMSTE VAN DIE VRAELYSTE EN ONDERHOUDE

2.11.1 Uitkomste van die vraelyste

Die volgende profielinligting (vraag 1 tot 3) van die deelnemers is belangrik vir die interpretasie van die data. Die deelnemers is tussen nege tot reeds 32 jaar in die bediening. Een van die deelnemers is nog by sy eerste gemeente betrokke, terwyl die “oudste” deelnemer reeds by sy vierde gemeente bedien. Bediening by hul huidige gemeentes wissel vanaf twee tot 24 jaar lank.

By die vierde vraag moes die deelnemers aandui hoe hulle hulself meesal sien of beleef in die bediening op ’n skaal van: nooit, min (onder 50%) en soms, meesal (bo 50%). [15]Die antwoorde hierop het die volgende na vore gebring:

[15] Neem in ag dat die vraelys aan die begin van die retraite voltooi moes word, voor enige begeleiding, groepsgesprek of kapel-geleentheid. Die groep was meestal teen hierdie tyd van die jaar al uitgeput van die jaar se bedrywighede, het gesmag na die rus van die retraite en het dus hulle gevoelens, soos hulle by die retraite gearriveer het, neergepen op die vraelyste. Dit wil voorkom of die retraite tog daarin geslaag het om ’n verskuiwing te bring in die deelnemers se gemoedere, met die verloop van die proses.

- Die oorgrote meerderheid van die groep (75%) sien hulleself meesal as organiseerder, of hulle dit nou goed doen, daartoe begaafd is, of nie.
- Al die deelnemers sien hulleself soms (62%) of meesal (38%) as raadgewers.
- Al die deelnemers sien hulleself ook soms (50%) of meesal (50%) as probleem-oplossers.
- 87% van die leraars hou hulleself soms (25%) of meesal (62%) besig met bestuursfunksies.
- 87% van die leraars beleef ook soms (62%) of meesal (25%) spanning in die bediening.
- Min van die deelnemers (62%) beleef trane in die bediening, slegs drie van hulle meld dat hulle soms (25%) tot meesal (12%) huil.
- 50% van die predikante op hierdie retraite het al soms met uitbranding te doen gehad[16].
- 75% van die groep beleef soms (50%) tot meesal (25%) skuldgevoelens in die bediening.
- 87% van die leraars ervaar soms (62%) tot meesal (25%) hulle eie broosheid in die bediening.
- Die oorgrote meerderheid (25% soms en 75% meesal) sien hulleself as saam op weg met die Drie-eenheid.
- Een deelnemer sien hom/haarself soms as deelnemer aan Christus se voortgaande bediening, terwyl die oorgrote meerderheid (62%) hulleself sien as medewerkers van die lewende Christus. Op hierdie stadium van die retraite was daar twee deelnemers wat nie hulle bediening in hierdie lig kon sien nie.

[16] Dit is selfs hoër as wat die Barna Groep in hulle navorsing bevind het, te wete 30% (Barna Group, 2017:20) en die navorsingsverslag oor die NG predikante op die platteland en in klein gemeentes (Navorsingsverslag, 2016:9). Op die tydstip van die retraite, was daar egter niemand wat tekens van uitbranding ervaar het nie, eerder dalk “compassion fatigue”, waarna verwys word in Hoofstuk 4 van hierdie proefskrif. Die navorser neem in ag dat hy nie ’n gekwalifiseerde sielkundige is nie, en sy oordeel grond op die literatuurstudie vir hierdie proefskrif.

Die vyfde vraag fokus op hoe die deelnemers dink oor die rolle wat hulle moet speel in die bediening, weer eens op ’n skaal van: nooit, min (onder 50%), soms en meesal (bo 50%). Dit het te make met die verwagtinge wat die gemeente van die leraar het.

- 87% van die deelnemers sien dat die gemeente van hulle soms (50%) en meesal (37%) verwag om motiveringsprekers te wees in hulle bediening.
- Dit blyk dat die leraars nie veel aangewend word as finansiële adviseurs nie.
- ’n Redelike aantal van die deelnemers moet soms (62%) of meestal die rol van maatskaplike werker vervul volgens die gemeente se verwagting.
- Van 62% van die leraars word soms (25%) tot meestal (37%) verwag om die rol van sielkundige te speel. Die probleem op die platteland is dat hierdie dienste nie onmiddellik beskikbaar is nie, en die predikant dikwels hierdie rolle moet vervul. Daar word verderaan in die uitkomste van die groepgesprekke na hierdie krisis verwys.
- Slegs drie deelnemers meld dat hulle soms die rol van regter moet vervul, as gemeente-verwagting.
- Slegs drie deelnemers glo dat die gemeente soms (2) of meesal (1) die geneesheer in die gemeente moet wees.
- Die gemeentes verwag nie van hulle leraars om die rol van die Messias in hulle lewens te speel nie. Slegs een deelnemer dink die gemeente verwag van hom/haar om altyd die Messias-rol te vervul, terwyl twee van mening is dat die gemeente dit soms van hulle verwag.
- Die oorgrote meerderheid van die deelnemers voel dat hulle gemeente hulle (soms 37% en meestal 50%) sien as toerusters.
- Al die deelnemers dui aan dat die gemeente van hulle verwag om voorbidders te wees.
- 100% van die deelnemers se gemeentes sien hulle as predikers.
- Van al die predikante by hierdie retraite word verwag om (soms 25% en meestal 75%) geestelike begeleiers te wees.

Vanaf die 6de vraag, versoek die navorser die deelnemers om in hulle eie woorde uit te brei op die eerste vyf vrae. Die navorser rangskik vervolgens die antwoorde volgens die temas wat hy in

elke antwoord raaklees, vanaf baie positief, tot die gevoel van “ek wil nie in die gemeente wees nie”.

Die eerste vraag in hierdie gedeelte, is: Wat is die algemene gevoel wanneer jy dink aan die gemeente waarin jy bedien en waar, dink jy, kom die gevoel vandaan?

Dankbaarheid

Die oorgrote meerderheid van die deelnemers voel oor dankbaar, opgewonde en tevrede, veral wanneer hulle hulle eie broosheid en onvermoë in die gesig staar. Die gevoel is dat die uitdagings tog minder is as die vreugdes, en dat daar wedersydse liefde tussen die leraars en hulle lidmate bestaan, en dat hulle tog voel dat dit die verantwoordelikheid saam met die seën van predikant-wees.

Vermoeidheid

Een van die deelnemers ervaar vermoeidheid omdat hy telkens weer op die ou uitgetrapte paadjie moet loop, en tog is hy vervul met verwondering oor die feit dat hy mag deelneem aan die bediening van Christus in die Gemeente.

Self-twyfel

Een van die deelnemers voel dat hy dikwels vergelyk word met sy voorgangers of sy kollega en dan aan homself twyfel.

Bekommernis

Die ander gevoel wat uit die vraelyste na vore kom, is bekommernis, want mense kom nie na die kerk toe nie en neem nie werklik deel aan God se werk in die gemeente nie. Finansies is al waaroor die mense praat. Die bekommernis is juis oor die gebrek aan vertroue wat die leraar sukkel om in te boesem by die lidmate

Gespanne

Een van die leraars ervaar spanning wat saamgaan met die vrees om teleur te stel.

Ongemak

Een van die leraars is reguit en eerlik dat hy op ’n plek is waar hy nie wil wees nie, en dit is in die huidige gemeente. Daar is net te veel onderlinge verskil ten opsigte van sieninge en dit laat hom ongemaklik voel. Hy verstaan nie hoekom God hom daar plaas nie.

Die tweede vraag in hierdie gedeelte, is: Beskryf die konneksie wat jy maak tussen die God wat jy in die Woord beleef en die God wat jy in jou bediening beleef.

Die fokus-groep beleef die konneksie tussen die God wat hulle in die Woord leer ken en die een wat hulle in die bediening ontmoet as ‘n konneksie van onvoorwaardelike liefde, Jesus as beste vriend, wat selfs die mislukkings van die predikant vergewe, soms ver, maar altyd liefdevol, inspirerend en dat daar ‘n duidelike konneksie is tussen die God van die Woord en die bediening. Die God van die Woord is teenwoordig in die bediening van die leraar met sy sorg, seën en liefde en sy spore is duidelik in ons lewe en bediening. Een wonder net oor God se teenwoordigheid by Kerkraadsvergaderings.

Die derde vraag in hierdie gedeelte, is: Watter rol speel jou gebedslewe (stil oomblikke saam met God) in jou bediening?

Dit is werklik bemoedigend om te sien dat gebed en stil oomblikke saam met God vir die deelnemers van die grootste belang is. Hulle is gedurig bewus van God se teenwoordigheid oral waar hulle leef en beweeg en is gedurig in gesprek met God. Daarom is daar nie grense of perke nie. Dit is juis gebed wat help om God op elke manier te ervaar wat Hy Hom en sy teenwoordigheid laat deurskemer. Die leraars se gebedslewe is hulle bron van krag. Hulle ervaar deurlopende gebed oomblik vir oomblik bewustelik in God se teenwoordigheid. Die deelnemers se gebedslewe speel 'n groot rol, en hulle ervaar dat, sodra dit afgeskeep word, hulle fokus verloor en moeg en ongelukkig raak met praktiese goed. Dit is asof alles beter gaan wanneer genoeg tyd gemaak word om stil te word by die Here in gebed, daarom kan die leraars nie leef sonder gebed nie, en daar is tog die hunkering na meer tyd saam met God, meer tye van stil word en verwondering oor God, by die leraars aanwesig.

Die vierde vraag in hierdie gedeelte is: As jy hoogtepunte op jou reis met God vanaf jou doop tot vandag kon noem, wat is die grootste oomblikke?

Die oorgrote meerderheid van die leraars sien hulle roeping as predikante as die hoogtepunt van hulle reis saam met God. Op hierdie pad het hulle Hom waarlik leer ken as die Een wat sorg, voorsien, skuur en skaaf, genees en liefde gee. Dit is die leraars se grootste voorreg om in die bediening te mag wees en hulle is verwonderd dat God juis hulle geroep het tot hierdie besondere bediening. Die leraars beleef ook God se reis met hulle in hoogtepunte soos die keuse van ’n huweliksmaat, die geboorte van hulle kinders, hulle verrykende teologiese studies, oomblikke van her-toewyding, kampe en retraites.

Die vyfde vraag in hierdie gedeelte, is: Is daar besondere oomblikke wanneer jy bewus is van jou eenheid met Christus? Wanneer veral?

> Die deelnemers aan hierdie retraite is eenstemmig in hulle belewing van hulle eenheid met Christus, in goeie en slegte tye, heel dikwels selfs meer in slegte tye. Een deelnemer beleef haar eenheid met Christus in besonder in Lydenstyd en by die nagmaal. Wanneer ons in die volgende hoofstuk terugkeer na ons mistieke eenheid met Christus in die nagmaal, sal ons sien hoe belangrik hierdie oomblik in ons lewens is.
>
> Die deelnemers ervaar ook op ’n besondere manier hulle eenheid met Christus in hulle kontak met God se mense, tydens die voorbereiding vir die erediens, veral met die preek, en dan wanneer hulle aan die einde van die dag terugkyk en God dank dat hulle ’n verskil kon maak.
>
> Die leraars se stil oomblikke saam met God, veral soggens, gee hulle die bewus-wees van hulle eenheid met hulle Here.
>
> Met die beantwoord van hierdie vraag het die deelnemers se besondere diepe spiritualiteit die navorsers die moed gegee dat die leraars reeds deur die lewende Here self voorberei is vir hierdie oomblik wat op die navorsings-retraite gedeel word met mekaar.

Die sesde vraag in hierdie gedeelte, is: Sien jy jouself hoofsaaklik as die een wat die Gemeente aan die gang moet hou, of as iemand wat deelneem aan die voortgesette bediening van die lewende Christus? Hoekom sien jy jouself so?

> Die meerderheid van die leraars beleef iets van beide in die bediening. Alhoewel die oorheersende belewing is dat hulle deelneem aan die voortgesette bediening van die lewende Christus, is daar sekere verwagtinge van die Gemeente wat die fokus eerder laat val op wat die dominee doen, as dit waarmee die lewende Here besig is. Die onbetrokkenheid van heelwat lidmate het die gevolg dat die leraars heel dikwels moet spartel om die dinge aan die gang te hou. Oor die algemeen is die leraars deeglik bewus daarvan dat die bediening Christus s’n is en dat hulle geroep is om deel te neem aan sy bediening en die Gemeente se blik te fokus op wat Christus nou doen.
>
> Een van die leraars voel egter dat hy beleef in die bediening dat die Gemeente hom beroep het en dat alles van hom afhang, veral die sukses van die Gemeente. Nog ‘n deelnemer

stel dit duidelik dat niks van hom afhang nie - die Gemeente kan sonder hom voortleef, want hy neem slegs deel aan Christus se bediening in die Gemeente.

Die sewende vraag in hierdie gedeelte, is: Wat is jou droom vir jou bediening?

Die begeerte van die leraars is dat hulle lewe in Christus mense sal leer, inspireer en lei tot die bewustelike belewing van God, ook om medereisiger te wees op die Gemeente se pad met die Here, sodat hulle saam kan ontdek wie hulle in Christus is en God se handelinge in die wêreld kan onderskei. Een leraar noem dit “to end well”, om terug te kyk en te sê: Dit was goed.

Die agtste vraag in hierdie gedeelte, is: As jy weet wat jy nou weet en weer self kon kies, sou jy ’n predikant geword het? Hoekom of hoekom nie?

Die meerderheid deelnemers aan hierdie navorsing sal sonder twyfel weer kies om predikant te wees, gehoorsaam aan God se roeping. Een sou net vroeër aan spiritualiteit blootgestel wou word. Die bediening is vir hierdie leraars ‘n vreugde. Die enkeles onder hulle wat twyfel, voel dat dit God se keuse vir hulle lewens was, nie hulle eie keuse nie, en een voel die druk van in die publieke oog te wees redelik erg, of dat daar dalk sin is om op ‘n ander wyse gehoorsaam te wees aan God se roeping, as die formele amptelike bediening.

Een van die deelnemers sluit sy vraelys af met hierdie gedig as sy/haar ervaring van die bediening:

Fariseërs en skrifgeleerdes
So staan hulle en kyk vir my
Met skrefies ogies en 'n halwe glimlag
Sodat ek nie ongemaklik voel nie…

Want ons is mos hier vir jou
Op die straat hoek van die konsistorie
Net om vir my te sê:…
Vertel vir ons jou storie.

Ek wil stop na twee verse
Maar daar is dinge wat in my woel
Tog weet ek stap net verder straataf…
Jy wil tog nie hê hulle moet ongemaklik voel…

Die navorser lei af uit die vraelyste dat die deelnemers lief is vir die bediening en dit beskou as hulle voorreg om in mistieke eenheid met Jesus Christus saam te werk tot heling en genesing van die Gemeente en ons wêreld. Die diepte van die deelnemers se verhouding met God maak die pad oop na die verdere gesprekke wat informeel en meer gestruktureerd was. Slegs uit die vraelyste en die persoonlike gesprekke of begeleidings na aanleiding van die lyste, kon die navorser reeds agterkom met hoeveel erns en oorgawe hulle in die bediening van die Here is.

2.11.2 Uitkomste van die groepgesprekke

Al die groepgesprekke is met 'n stem-opnemer opgeneem en daarna op die navorser se rekenaar afgelaai en getranskribeer, en ten slotte aan elke deelnemer gestuur vir verifiëring en toestemming om die data net so in hierdie proefskrif te mag neerpen. Elke deelnemer het sy/haar goedkeuring gegee, dat die transkripsies eg is en die ware verloop van die gesprekke weergee, en dat die navorser dit mag publiseer. Die deelnemers het ook verstaan dat vertroulikheid en anonimiteit die hoogste prioriteit geniet van hierdie navorsing en dat geeneen van hulle op enige wyse geïdentifiseer of benadeel sal word deur die bekendmaking van die data nie.

Die navorser het by elke gesprek inleidend die klem geplaas op die fokus van elke gesprek teen die agtergrond van die oorhoofse tema, en daarna die deelnemers kans gegee om hulle gedagtes vanuit die praktyk te deel.

Opvallend van die begin van die gesprekke af, was die gemaklike gebruik deur die deelnemers van terme soos "misterie", "mistiek", "mistagoog", "deelname aan Christus", "eenheid met Christus", "in Christus" en "*perichoresis*", om maar 'n paar te noem. Die navorser is van mening dat hierdie terme reeds geruime tyd in die Ring van Clanwilliam onder leraars "omgangstaal" is en dat dit nie vir die leraars vreemd is om hulle te gebruik nie, en dat hulle ook nie meer op soek is na die betekenis van die terme nie, maar hulle goed verstaan. Die rykdom van die kennis, wysheid en inligting van die betrokke leraars in hierdie proses, is onmeetlik.

Om die deelnemers te laat fokus, was die inleidende woorde van die navorser (opsommend) soos volg[17]:

> Ons begin deur saam te gesels oor ons mistieke eenheid met Christus. Dit gaan nou oor onsself, oor ons eie eenheid met Christus, die feit dat ons daarin geanker is en daarna sal ons kyk na die effek daarvan op ons bediening. Ons praat van "mistieke

[17] Die navorser maak geen identifiserende besonderhede (bv. "deelnemer A", of "deelnemer 1") in hierdie hoofstuk nie, omdat so ooreengekom is met die deelnemers, sodat daar geen twyfel is by die deelnemers dat elkeen anoniem sal bly en hulle deelname vertroulik nie.

eenheid” want Calvyn noem dit so. Ons eenheid met Christus is 'n misterie en ons kan dit nie verklaar nie, maar ons kan ons daarin verwonder. Vanuit ons mistieke eenheid met Christus neem ons deel aan die verhouding tussen die Vader Seun en Heilige gees. Dit is die Gereformeerde uitgangspunt. Calvyn se institusie en sy geskrifte is deurdrenk van ons eenheid met Christus, ons in Christus en Christus in ons. Die anker van ons eenheid met Christus is ons Doop. Daar gebeur so baie by ons doop waaroor ons nie beheer het nie, want dit is nie asof ons of die dominee dit doen nie, God tree self op in die Doop. Daardie eenheid tussen ons en ons God is die begin van ons pad saam. Hy kom bevestig en verdiep elke keer die eenheid in die brood en wyn by die nagmaal en met die Woord en in ons gebed.

- Die mistieke eenheid beleef in die praktyk

    - Een van die leraars deel sy belewing van ons mistieke eenheid met Christus deur sy ervaring met ons te deel oor die feit dat die sendingveld van ander denominasies steeds maar ons lidmate is. Tydens Covid toe daar geen eredienste in die kerkgebou gehou is nie, het daar van sy lidmate saam met vriende by hulle denominasie gaan kuier. By die kuier wat 'n selgroep-byeenkoms was, was die verstaan van die kuier bloot kuier want hulle is NG-lidmate. Maar die vriende het erg gefokus op die vrou sodat hulle haar byna oortuig om haar weer te laat doop. Die man was bitter kwaad daaroor. En hulle het saam behoefte gehad om nou geestelik te groei. Die verhouding tussen die man en vrou moes eers herstel word en daarna het hulle die behoefte uitgespreek om hulle belydenis te hernu, nie met die doop nie. Hulle verstaan die doop as God se handeling van genade en dit is ononderhandelbaar. Die leraar besluit toe op die nagmaal en dek die tafel in die liturgiese ruimte met kerse en die beker wat hulle met mekaar deel en hy gebruik die doopformulier vir volwassenes wat vanuit die belydenis beweeg na die doop om vanuit hulle belydenis te beweeg na die nagmaal. Die terugvoer was: dit was vir ons genoeg en daar is 'n duidelike hertoewyding by hulle te bespeur in die gemeente. In hierdie getuienis word die duidelike handeling van God in die nagmaal gesien en hoe Hy Homself in Jesus so kom gee aan die tafel, dat ons mistieke eenheid met Christus in ons doop bevestig, bekragtig en vernuwe word. Al wat ons doen is om ons hande uit te steek en die *sursum corda*-daad, van ons harte op te hef, en te ontvang. Ons ontvang wat God gee, ons ontvang Christus self!

- *Ons bedien vanuit ons eenheid met Christus mense wat reeds een is met Christus. Dit is ons hermeneutiese sleutel. Elke keer wanneer jy iemand pastoraal begelei doen jy dit met iemand met wie God 'n baie langer pad as jy loop.*

- Die diepte van die betekenis van ons doop

  - Een van die deelnemers vra: Ek lees in die materiaal wat ons ontvang het (dit is die materiaal wat die navorser aan die deelnemers uitgedeel het aan die begin van die retraite vir persoonlike stiltetyd) dat die doop aan ons die ewige lewe gee. Hy stel dit anders: dat God by die doop ons in die posisie plaas om eendag die ewige lewe te kan ontvang. Ek moet op 'n stadium my geloof bely dat Jesus die weg. die waarheid en die lewe is. En nou voel dit vir my dat ek saam met die doop die ewige lewe kry, dit vra tog ook belydenis dit kan tog nie outomaties wees nie? Hierdie vraag het die navorser die indruk gegee dat die beheer nie in sy hande is nie, maar dat God drie-enig in hierdie gesprek aanwesig is en self die gesprek begelei. Die navorser werk net met Hom saam. Die deelnemers neem van hier af entoesiasties deel aan die gesprek, en die navorser is diep beïndruk met die waarde wat hulle heg aan hulle eie doop.

  - Die antwoord van die deelnemers op hierdie vraag is feitlik eenparig eensgesind: alles kom van God af, dit hang nie af van my ja sê nie. My belydenis is nie die ding wat deurslaggewend is nie. Ek kan net dankie sê en dankie lewe. My belydenis sê dat ek ontdek ek is deur God gegryp[18] in my doop en met my lewe sê ek dankie. Van hier af plaas die deelnemers die fokus op God wat handel in die doop, en dat alles van God se kant af kom, sy heilige inisiatief is.

  - Die groep beleef dat ons taal ons dikwels in die steek laat en ons woorde ver tekortskiet, en omdat ons nie kan verklaar nie, bring dit dikwels twyfel, omdat ons vasklou aan wat “ons” doen, eerder as om ons te verwonder oor die misterie van God.

  - “Wat is die kern van ons geloof?”, vra een van die deelnemers. Dit is tog die misterie van God se verhouding met ons. Gaan geloof oor jou ja sê of gaan geloof oor die misterie van God wat dit vir jou gee? Selfs geloof is groter, dieper, wyer, en verder as wat ons dink. Ons het vir ons self die gebeure vir eie verstaan kronologies gaan rangskik en God is nie 'n God van kronologie nie.

---

[18] Vergelyk dit wat Daniël Louw skryf oor die doop soos weergegee deur die navorser in Hoofstuk 3 (3.8.14).

- Ingetrek in die *perichoresis* – die misterie
    - Te veel klem word geplaas op wat ons doen en te min op wat gebeur by die doop, want die oomblikke by die doop is oomblikke waaroor ons nie beheer het nie, en hoe ons reaksie later daarop is, is uiteenlopend. Die feit bly staan - in die doop word ons ingetrek in God se liefdesverhouding deur ons eie mistieke eenheid met Christus.
    - Die Woord is duidelik daaroor dat ons een word met Christus, dat God ons daardie oomblik gee van eenwording met Christus by ons doop, ons word ingegraveer in Christus, ons het 'n ontmoeting met die Heilige Gees, ons het dus 'n ontmoeting met die drie-enige God en dit is die wonderlikste oomblik in ons lewe. Ons as predikante beleef by die doop elke keer iets soos die hemel wat oopmaak en God se stem wat deurkom en sê: “Jy is my geliefde kind”, of jy dit nou weet of nie, of jy dit onthou of nie, jy is God se geliefde kind – dit is uit en uit genade en uit en uit 'n misterie.
- Die fokus van mistagogie
    - Dit is ook belangrik om vanuit ons spirituele begeleiding met mense by die allerbeste vertrekpunt te begin en dit is by die begin, by die doop, nie by jou keuse nie. My keuses het my al op verskriklike plekke laat beland sodat ek nodig het om voor God te staan en te sê, Here, ek is gedoop. As gedoopte bedien ons dan gedooptes, en dit begin alles by God.
    - Een van die leraars voeg by: “Luther het op 'n stadium gesê: “wyk Satan, want onthou ek is gedoop”. Want hy kon nie staatmaak op sy keuse nie, want sy keuse is wisselvallig en die waarde van die doop, die misterie van die doop, hang van God se belofte af, nie van ons belofte of belydenis nie. Bekering is juis God wat genade vir jou ingee by jou doop en geloof wat 'n gawe is van God”.
    - Die doop, nagmaal, gepredikte Woord, dit is waarom ons bediening draai en ons kan God so vertrou dat ons ook met die aardse dinge soos die water, brood en wyn en die Woord wat ons gebruik, glo dat God daarmee sy heilige doel wil bereik en Hom in hierdie omstandighede so op sy Woord neem, dat ons God toelaat om God te wees, indien ons die reg het om Hom enige iets toe te laat. Iemand noem dat hy met iemand in gesprek was oor of die wedergeboorte plaasvind by die doop – ons is nou terug by die kronologie – en sy antwoord was: As die Heilige Gees die klein kindjie die wedergeboorte wil gee by sy doop, laat Hom tog toe om dit te doen. Moenie vir Hom sê: dit kan nie daar gebeur nie. Daarom begin ons by die doop met ons roeping en

begeleiding as mistagoog, want by die doop laat jy God toe om God te wees, die drie-enige God, en staan as leraar effens uit die pad, dat Hy self sy werk kan doen in die mistagogie.

- Een van die deelnemers stel dit so: “Dit is absoluut genade dat ek Jesus ken deur my ouers, deur my gemeente en deur my rolmodelle en om my weer te laat doop gee vir my geen waarborg dat ek van daar af dinge op my eie sal kan doen nie. My doop gee my juis bevryding dat God my kies en dit is sy inisiatief, Hy hou my vas selfs as ek los. Die doop is vir my die eenwording met Jesus Christus. Dit is Hy wat dit doen en selfs my geloof word bewerk deur die Heilige Gees en my reaksie is dankbaarheid en dissipelskap.
- Die deelnemers sluit op hierdie stadium spontaan bymekaar aan om die gesprek ryker en dieper te laat verloop, en die navorser kom ook agter dat daar tog rus kom by diegene wat met allerlei vrae in hulle harte sit. Die leraars luister intens na mekaar.

- Dissipelskap
  - Die groep kom spontaan by dissipelskap uit. Dissipelskap lê juis in hierdie eenheid in die manier waarop God regtig vir jou 'n werklikheid is en dissipelskap is 'n uitvloeisel van jou dankbaarheid teenoor God.
  - Een van die leraars vra die volgende vraag aan die groep: “Wat is nou my verantwoordelikheid teenoor die 1200 lidmate om elke Sondag die waarheid oor God te preek? Ek soek taal wat ek moet gebruik”.
  - Die deelnemers antwoord soos volg: “Dit wat God gee, kry jy en jy het dit en dit is altyd beskikbaar. Êrens begin jy dit gebruik. Hoe jy gaan lewe in dissipelskap in antwoord op wat jy reeds het, dit is die misterie van dit wat God gee en jy ontdek dit en leef dit en dit was altyd joune. Die goeie handewerk wat God in ons begin het by die doop, sit Hy voort en voltooi dit in ons – ons beleef dit en ons aandeel is die lewe wat ons lewe. Oorgawe beteken juis dat ons laat los in God, “hier is ek, God, lei my”, God begelei ons ook in ons oorgawe.
  - Een van die sinvolle antwoorde op hierdie vraag is: Mens kan die Engelse woord gebruik, naamlik “own it”. Eien dit vir jouself toe. Ons het soveel enorme rykdom van ons God ontvang in ons doop: Ons mistieke eenheid met Christus, ingegraveer in, die doop is God se aksie, werk van die drie-enige God. Ons word toegevou in die lewe van

God, dit alles gebeur, maar dit is God wat dit doen. Ons predikante wat die doop bedien is bevoorreg om te staan op hierdie stukkie heilige grond en getuie te wees van iets groots wat God nou doen, al is ons in 'n mate slegs die brose instrument wat God gebruik, en doen ek dit namens die Vader, Seun en Heilige Gees. Dit maak dit nog groter vir ons wat in aanhalingstekens bedien. Dit is die basis vir ons bediening: ons eie doop, maar ook die een aan wie ons die doop mag bedien, wat daarna by ons kom sit met lewenskrisisse en wat by ons spirituele begeleiding soek, dat ons vir die persoon kan sê: “jy is spesiaal vir God, moenie so min van jouself dink nie, hoor wat sê God alles van jou, Hy het dit al vir jou gesê het toe jy gedoop is”. Die leraars ontdek opnuut dat hulle as gedooptes ander gedooptes bedien, en dat die bediening God se bediening in die lewende Christus is.

- Die uitgangspunt en grond vir die mistagogie is om te begelei dat iemand dit vir homself toe-eien, met ander woorde dat jy sê: dit is myne. Dit gee baie meer rus as byvoorbeeld die vier geestelike wette wat jy moet nakom, dan eers is jy reg met God. Ons uitgangspunt is: hier sit jy vandag voor my en jy is gedoop, jy is iemand vir wie God so oneindig liefhet dat Hy daar was daardie oomblik en daardie rykdom van beloftes aan jou gemaak het, sodat Hy ook nou hierdie stukkie pad saam met jou wil stap. Dit is 'n totale ander hoek waarvandaan ons bedien: vanuit die bedienaars in mistieke eenheid met Christus aan die lidmaat 'n mistieke eenheid met Christus met die doop as basis. Vir die verdere reflektering in hierdie studie is hierdie opmerking oor die vertrekpunt van die doop in die mistagogiese saamreis met ons lidmate van die allergrootste belang.

- Ingesluit in die Drie-eenheid

  - Die ou ortodokse gelowiges het gepraat van die doop as die insluiting in die Drie-eenheid met ander woorde die “*perichoresis*”, die Vader in die Seun wat in die Heilige Gees woon, dit is ook die “heilige dans” genoem, en die oop plekkie in hierdie dans is ons s’n, ons word uitgenooi en word deel van die dans, ons is ingesluit en ingenooi, ingesluit deur ons doop en ingenooi deur die Drie-eenheid, dit is om God. God te laat wees.

  - Ons taal laat ons in die steek, byvoorbeeld die familie wat mense nooi met die woorde “ons doop Sondag” of ek as dominee sê: “ek doop Sondag”, dit is God wat handel binne die konteks van die gemeente, die doop was klaar 'n preek op sy eie, die dopeling

en die familie en die gemeente is klaar herinner aan die grootheid van God se genade en liefde, want dit is absoluut Hy wat werk. Die lewe na die doop is uit dankbaarheid vir hierdie moment in my lewe. Dit is iets soos Jesus staan by die deur en klop en die Heilige Gees klim by die venster in en maak die deur oop. Ons sê nie na die doop “ek is gedoop nou kan ek maak wat ek wil nie”, ons doop is eerder 'n oproep: “wees heilig, want Ek is heilig” en my reaksie op my doop, is dissipelskap van Jesus, dit kan nie anders nie, ek aanvaar wat met my gebeur het, die Heilige Gees doen ook dit in my, nou wil ek die geliefde dissipel wees.

- Die deelnemers ontdek opnuut dat dit ons bevry in ons bediening as ons weet ons is eerstens 'n gedoopte en dan is ons opgeleide predikante, maar dit is vanuit ons doop wat ons identiteit is: geliefde kind van God, nie dominee nie en dit het ons by ons doop ontvang. Al noem hulle ons “dominee”, is ons in God se mond “my geliefde kind”. Ons sekerheid lê nie in onsself nie, maar in God, in ons doop, in onsself lê eerder onsekerheid. Een van die deelnemers dink aan Gideon wat vir die Here 'n wonderwerk vra. Ons hoef nie van die Here 'n wonderwerk te vra nie, want die wonderwerk het reeds gebeur: sy optrede by ons doop. God hoef Homself nooit weer aan my te kom bewys anders as in ons doop nie, en in ons doop het Hy die inisiatief geneem en het Hy die wonderwerk gedoen om ons nuwe identiteit vir ons te gee, en selfs al gaan dit nie elke dag net goed nie of voorspoedig nie, dit staan vas. Wanneer die groep begin saamgesels oor ons nuwe identiteit vanuit ons doop, besef die navorser dat hulle werklik in diepte ingegrawe is in die betekenis van hulle eie doop, maar ook vir die mense aan wie hulle die doop namens die drie-enige God moet bedien. “Wanneer ek die doop in my eie hande neem, verdwyn die misterie en dan val die klem op “ek” en die verwondering verdwyn, ek verwonder my nie eers meer oor wat God doen nie, ons verwonder ons nou eerder oor wat ons doen”.
- Die doop is 'n eenmalige gebeurtenis en daarom is die probleem met die formulier vir die doop met belydenis-aflegging dat die doop na die belydenis is, met ander woorde 'n reaksie op jou prestasie, en die vraag is: moet dit nie eerder andersom wees nie – dat jy met jou belydenis eers gedoop word en dan jou geloof bely as bevestiging van wat jy so pas ontvang het by jou doop. Ek het dit juis so gedoen: eers gedoop en toe die belydenis van geloof. Ek het 'n seremonie saam met die ouers en die kerkraad voor die bevestiging as belydende lidmate, dan word diegene wat nog nie gedoop is nie

eers gedoop en dan die Sondag bevestig. En die bevestiging is dan God se pad met jou vanaf jou geboorte en vanaf jou doop.

- “Bly in My”

  - Met die fokus van hierdie navorsing en retraite op die bediening vanuit die leraar se mistieke eenheid met Christus, gee die navorser by ’n verdere sessie geleentheid vir die deelnemers om hulle belewing met mekaar te deel. Hoe langer die retraite, hoe meer raak die vrymoedigheid van al die deelnemers. Teen die tweede sessie het die leraars reeds by verskeie geleenthede tussenin persoonlike gesprekke met mekaar gevoer en die onderlinge verbondenheid was reeds duidelik merkbaar. Die uitkomste van die groepgesprekke vorder dus goed in diepte en die deelnemers gee die indruk dat hulle dit geniet om met mekaar te gesels en mekaar al meer vertrou.

  - Op hierdie punt in die groepgesprekke begin die deelnemers met mekaar saamgesels oor die betekenis van Johannes 15, en waardevolle bydraes kom na die tafel, veral omdat hierdie gedeelte die basis is van die retraite, in die stil oomblikke gelees en oordink word, en by die kapel-moment biddend ingeneem word tot in die diepte van hulle harte. Ons mistieke eenheid gaan oor ons nuwe identiteit. Dit is 'n lewende en organiese eenheid, die lewensbloed van Iemand anders wat in jou vloei. Dit gee vir jou lewe en dit is die eenheid met Christus. Die lewensap kom van 'n ander bron af. Jou identiteit beteken jy behoort nie meer aan jouself nie. “Ek” het “ons” geword, ek in Christus, Christus in my.

  - Ons is ingeënt in God se eie lewe, uitgenooi om deel te neem aan die gemeenskap van die Triniteit. Verborge in Christus, verborge in hierdie eenheid. Al is die misterie aan ons bekend gemaak bly dit 'n misterie. Die misterie van ons eenheid met Christus verplig ons tot verwondering. Ons eenheid is sodanig dat 'n mens amper nie meer die verskil tussen my en Christus kan agterkom nie.

  - As ek sê ek is gedoop dan kyk ek na iemand wat so in Christus is en Hy in my dat ek Christus sien. Ek word nie Christus nie, maar my eenheid met Christus maak my meer eg myself. Ek is God se geliefde kind. Eenheid met Christus beteken ek is in Hom en Hy is in my. Dieselfde verhouding wat bestaan tussen Jesus en die Vader is die verhouding wat bestaan tussen my en die Triniteit, daar is nie 'n verskil nie. Dit lei natuurlik tot verwondering. Ons storie is toegevou in 'n ander storie, die storie van Jesus, die Triniteit. Geloof is die toe-eiening van ons eenheid met Christus. Dit lei tot

verwondering. Meeste mistieke skrywers is totaal misverstaan. Ons word nie God nie want ek bly ek. Woorde ontbreek. Ons gebruik verskillende tipes terme om ons eenheid met Christus te beskrywe en ons sukkel want dit is 'n misterie.

- Begrippe en woorde wat hier dikwels deur die deelnemers gebruik word, is: misterie, verwondering, eenheid met Christus, nuwe identiteit, wat daarop dui dat hulle reeds vertroud is met die woorde en begrippe, byna soos omgangstaal.
- Die vraag word gevra: “Hoe pas liturgie hier in? Hoe pas ons preke hier by in?” Ons ontdek dat ons bewustelik bedien. Die erediens, die liturgie is iets waaraan Jesus deelneem. Die erediens is 'n uitdrukking van ons perichoresis. Ons as Gereformeerdes glo dat wanneer ek die Woord preek, kom God aan die woord. “Wat sê Jesus vanoggend, wat sê die Hoof van die gemeente vanmôre vir die liggaam van Christus?” Hy is ook van mening dat die woord “misterie” soms maak dat ons begrip van Christus eerder verklein as vergroot, “so asof ek my moet inspan met brute krag om in 'n verhouding met Christus te lewe”.
- Die deelnemers antwoord met wysheid daarop: “Jesus sê ‘Bly in My’”. Ons is in Hom. Om bewus te bly van my eenheid met die Here Jesus Christus, dit is die konteks. ’n Voortdurende proses is aan die gang – ons noem dit transformasie: julle word steeds omvorm om soos Christus te wees. Ons is in Christus maar jy moet daar bly. Eien dit toe. My eenheid met Christus maak dat ek anders dink en anders besluit. Ek is in Christus en die bly in Christus is 'n opdrag van Jesus. Die “bly in My” laat die lewensap deur my vloei en die vrug voortbring.
- Al het metafore soms hulle beperkings, is die groep van mening dat ons onsself nooit los moet maak van die metafore wat Jesus gebruik nie. Die interaksie tussen ons en die Here Jesus kom baie duidelik na vore in die metafore. Ons moet die mens sien in die beeld wat Hy gebruik. Ons moet onsself sien in die wingerdstok en die loot metafoor. Dit hang ook nie van ons af om die goed regtig duidelik te maak nie. Die Gees doen iets wat ek in my gebrokenheid nie kan regkry nie.
- Dit pla ’n deelnemer dat dit so dikwels gebeur dat mense se lewe niks wys van die preek wat hulle Sondag ontvang het nie. Die groep is baie simpatiek, want dit voel of hulle dieselfde ervaring het, maar die lig gaan op, wanneer dieselfde deelnemer sy eie vraag beantwoord: “In die Ou Testament lees ons van mense wat besny is, maar hulle harte is nie besny nie. Dit gaan oor die integrasie van my eenwees met Jesus en my

lewe. Ons sien ook diepgang in mense wat in 'n intieme verhouding met die Here lewe. Mense word tog wyser en dit doen die Heilige Gees in hulle. Wanneer ons uit die kerk uitkom en dink dat daar niks binne gebeur nie, is dit maar ons manier van daarna kyk. Ons kan die Here vertrou dat hy wel op so 'n manier deur sy Gees iets gedoen het wat nodig is". Mense moenie na die tyd vir jou kom sê dit was goed nie, want dit is nie jy wat dit gedoen het nie, dit is God wat aan die werk was. Ons verwonder ons oor die manier waarop die Here ons brose boodskappe gebruik. Ons ontvang heel dikwels in ons preke dit wat God vir ons wil gee.

- Deelname aan die voortgesette bediening van Christus

By die verdere groepbespreking deel die groep met mekaar die gevoel van mislukking wat hulle soms in die bediening ervaar. Die deelnemers ervaar dikwels dat hulle moeg gepreek is, uitgeput van al die pastorale werk en al die ander verpligtinge en dan lyk dit asof daar net mooi niks gebeur nie. Daar is geen maatstawwe om die predikant se "sukses" te meet nie, en is dikwels afhanklik van terugvoer uit die gemeente, wat wissel van uiters goeie en bemoedigende kommentaar tot erge kwetsende kritiek en nog erger: doodse stilte. Dit is vir die leraars dikwels asof mense hulle die reg toe-eien om vir jou en van jou te sê net wat hulle graag wil, en die leraar moet dit maar verdra.

By hierdie deel van die groepgesprekke begin die leraars fokus op die wese van die bediening waartoe hulle geroep is, en mekaar juis bemoedig met woorde soos: "In die bediening gaan dit mos nie oor my en jou nie, maar oor Christus en ons verhouding met Hom".

- Die navorser gee inleidend enkele gedagtes wat Andrew Purves en Zack Eswine met ons deel (kyk bronnelys), om die gesprek te laat fokus op ons bediening vanuit ons mistieke eenheid met Christus: Omdat ons bely dat Jesus lewe, moet ons Hom verkondig in die teenwoordige tyd. Ons moet nie dink dis ons bediening wat mense red nie. Dit is net Jesus se bediening wat redding bring. Wanneer ons sê "alles bly net dieselfde" kan ons onthou dat in ons prediking en pastorale werk dit die Here is wat self die werk doen. Ons is deel van die gemeente wat die Here ontmoet. Ek ontmoet saam met die gemeente die Here wat heelmaak, wat genees, Hy is die Messias. Die hermeneutiese konteks is die doop.
- Is daar 'n oomblik waarby ons kom dat ek besef ek hoef nie alles vir almal te wees nie of vir almal te doen nie? Kan jy dit hanteer dat jy nie die belangrikste is nie, dat jy nie die spil is waarom die gemeente en die bediening draai nie? Kan jy die gemeente begin

lei dat ons sê: “kom ons ontdek saam die teenwoordigheid van ons lewende Here”? (Eswine, 2015:61[19]). Ons ontmoeting met die lewende Here bring die verandering. Dit is beslis nie die predikant wat die verandering bring nie. Dit bring die grootste vryheid dat dit nie afhang van my gawes of van my nie. Alles hang van die Here af. Dit is hoe 'n mens soveel langer kan bly in 'n gemeente, want dit hang nie af van my aspirasies nie.

- Die deelnemers begin spontaan mekaar bemoedig en selfs vermaan: “Wanneer ek seergemaak word is dit relatief. Ek moet dit probeer verwerk. Die een wat fyngevoelig is, is die natuurlike ek, nie Jesus wat in my lewe nie”.
- Tong-in-die-kies vra een deelnemer: “Die gevaar is dat ons kan sê: “as Jesus daar is, wat moet ek dan nog daar gaan maak?” Hy antwoord self met groot insig dat ons by daardie mense moet gaan sit om Jesus daar te ontmoet, die Here wil dit so hê. Wanneer jy terugkyk, dan kom jy agter dat jy self nie vreeslik baie beteken het nie, maar jy het die Here beleef saam met hulle wat rou en treur. Mens verwonder jou oor die maniere waarop God jou gebruik en jou stuur na mense om net daar te wees en te ontdek dit is nie jy wat nou praat of iets doen nie, dit is God wat dit doen en jy is getuie daarvan. Ek gaan nie om iets te verduidelik nie, ek gaan nie om die Here te verdedig nie, ek gaan net om te gaan “wees”.
- Die navorser sien al hoe meer hoe dit lyk asof daar berge van die deelnemers se skouers afgelig word, soos hulle in hulle gesprek met mekaar self ontdek “Vryheid maak jou nie los van jou verpligting nie. Dis nie los van jou verantwoordelikheid nie. Ek is vry daarvan dat die vernuwing, bekering, wedergeboorte van my afhang. Ons kan nie dink verlossing hang van ons af nie. Ek het dit by begrafnisse geleer: ek is nie die een wat oordeel nie, God weet wat in mense se harte aangaan en Hy ken die pad wat hy met hulle geloop het lank voor ek hulle kan begrawe, daarom kan ek die Here vertrou”. Ek is daar omdat ek gestuur is.
- Een van die deelnemers noem: “Die woord deelname staan vir my uit. Dit help my. Dit beteken ek doen ook iets. My deelname saam met Christus beteken vir die mense iets. Maar God hou die kerk in stand. God is glad nie van my afhanklik nie, dit gaan oor my fisiese deelname. Ek is dikwels net die Here se gesig wat hy vir iemand wil gaan wys.

---

19 “Questions pester me: Do I possess a stamina for going unnoticed? Can I handle being overlooked? Do I have a spirituality that equips me to do an unknown thing for God’s glory?“ (Eswine, 2015:61)

Ons moet dikwels gaan sit by plekke waar ons nie regtig wil wees nie net om die Here daar te vind. Daar is nie 'n bloudruk vir hoe ek in Christus teenwoordig is en Christus in my by mense wat hom nodig het nie, al is dit net om 'n stelletjie tande te vat vir 'n oorlede oom of om te help skottelgoed was by die oorledene se huis".

- 'n Deelnemer deel sy ervaring met die nagmaal in die plaaslike ouetehuis: "Ook om nagmaal te gaan bedien aan pasiënte met Alzheimer-siekte wat my nie meer ken nie, maar die Here se broodjie en wyn steeds onthou en ken. Dit is sy ontmoeting met die pasiënt. Ons kan nie die eenheid van Jesus Christus met die pasiënt onderskat nie. Dit is 'n misterie en die misterie maak dit nie onwerklik nie. Verstaan maak nie saak nie. Verwoord maak ook nie saak nie". Ons ly te veel aan die "Die-bediening-hang-van-my-af-sindroom". Dit hang nie van my af nie, Jesus stap saam teen die pas wat ek en jy stap en ook die pas waarop ons lidmate stap.

- Bediening in mistieke eenheid met Christus

Die navorser ervaar dat die fokusgroep op hierdie stadium graag verder wil gesels oor hulle deelname aan die bediening van Christus, en dat die voorbeelde uit die bediening al hoe meer en eerliker na vore kom in die gesprek. Hulle wil graag by mekaar leer hoe hierdie bediening in eenheid met Christus in hulle praktyk werk. Die frustrasies oor die beperktheid as gevolg van die verwagting van die gemeente en kerkraad, word ook meer openlik genoem, en die groep deel hulle gedagtes simpatiek met mekaar, juis om mekaar te bemoedig in frustrerende tye.

- *Dit staan uit dat ons in die bediening wat ek ontvang het in 'n baie besondere verhouding vanuit ons doop met die Here Jesus lewe. Ons is in Christus dit gaan nou oor die "bly in Christus", om bewustelik te bly in Christus.*

- Ons kyk aan die einde van die dag terug op die dag se gebeure en dink: "Ek het opgemors. Ek sal probeer regmaak, ek sal dit probeer "fix", of dat jy op die bors slaan en sê "Ai, ek het goed gedoen". Ons gebruik so dikwels die woord "ek" wanneer ons besig is met die bediening en gebruik so min die woord God. Die gemeente gebruik ook maar heel dikwels die woord "dominee" in plaas van God. Waar kom die nederige dienskneg Jesus dan in die prentjie? Ons is die doodgewone nederige dienskneg dissipel wat die paadjie saam met Hom stap. Hy gebruik die bietjie water waarmee die ou kleintjie gedoop word, hy gebruik die broodjie en die wyn en die bietjie olie waarmee jy salf, alles skeppings-matig. As ons van die uitgangspunt leef dat ék dit doen, dan wag ons na 'n preek dat mense ons moet kom prys oor die goeie preek of die goeie

erediens en soveel van die lof, wat die Here toekom, sit 'n wag ons dan voor, en as dit nie gebeur nie, “dan is ek 'n mislukking”. Ons perspektief is dat óns die dinge moet laat gebeur.

- Die deelnemers brei op hierdie stadium uit op die verwagting van die gemeente, wat hulle dikwels langs die pad optel, en dit is nodig dat hulle dit met mekaar uitpluis, want of hulle dit op die oomblik beleef of nie, elkeen kan sê dat hy of sy al voor onbillike en onkundige verwagtinge van die gemeente en selfs leiers in die gemeente gestuit het. Die navorser gee ruim geleentheid dat die deelnemers hulle ervarings met mekaar kan deel en luister met empatie.
- Natuurlik gaan dit ook oor die konteks van wat die gemeente verwag van jou, dat jy moet noem dat jy daar was en as jy dit nie doen nie dan het jy niks gedoen nie. Ek doen dinge vanuit my konteks, met ander woorde soos dit my pas en dan pas dit dikwels nie die gemeente nie. Baie keer dink mense in hierdie omstandighede dat God dan niks doen nie. Baie mense dink dat ons in die 24 uur per dag bediening is en niks doen nie. Die feit dat ons in ons binnekamer bid vir mense wat siek is, is nie genoeg nie, ons moet gaan om te gaan bid. Wanneer ons nie in ons kar klim en 'n paar kilometer ry na die persoon nie, dan verstaan die gemeente dat ons nie regtigwaar gedoen het wat ons moes doen nie – die persepsie is dat ons moet God “speel”. Daarom speel ons heel dikwels die rol van die dokter, daarom is die konteks 'n baie moeilike ding om te hanteer in die bediening.
- Ons sê dikwels vir die Here: “Here, ek het probeer”. Mens swig voor die versoeking om tot jou eie verdediging vir mense te sê: “luister, ek was daar”.
- Daar is mense wat jou laat verstaan jy doen niks en dan skakel hulle jou om vir jou te sê die oom is dood of die oom is siek en dan het 'n mens hierdie tevredenheid dat jy daar was en jy sê dit en jy dra dit oor. Hiervan kan al die deelnemers getuig - dat daar dikwels ‘n houding van self-tevredenheid is, wanneer hulle vir ‘n persoon wat meen ons as predikante doen niks, kan sê: “Luister, ek was daar!”. Die navorser bespeur egter ook dat die leraars ongelukkig is daaroor dat hulle hulself moet verdedig. Dit neem in ’n mate heelwat van die vreugde van die bediening weg, en dit wil hulle nie hê nie.
- Een van die leraars maak die opmerking oor die Here se wil en die verwagting van die Gemeente, wat soms botsend kan wees. En tog moet ons die beste gebruik maak van

die geleentheid. Maar God se geleentheid is dalk heel iets anders. Die verstekposisie ("default" setting) is dat EK dadelik iets moet doen aan die krisis. Ek weet nie of die geleenthede wat die mense vir ons skep geleenthede is wat die Here wil hê nie. God se geleentheid is dalk heeltemal iets anders as wat die gemeente verwag of wat ons van onsself verwag.

- "Dra ek so gou as moontlik die persoon aan die Here op sodat ek kan beter voel?" is een van die deelnemers se vraag en opmerking. Ons voel dikwels ons moet dadelik reageer sodat God aan die gang kan kom. Die probleem is by ons verstaan van ons rol. Die woordjie "wag" word ons so dikwels ontneem. Jy kan nie dié woordjie in 'n gemeente gebruik nie. Die gemeente verwag dikwels onmiddellike optrede van die predikant.
- Op hierdie punt begin die deelnemers self die lig sien oor die werklikheid, maar ook die oplossing vir die bediening-in-verwagting van die gemeente teenoor die bediening in eenheid met Christus en saam met Hom. Gebed is tog ook 'n manier van wag.
- Wanneer die eise aan jou gestel word dat jy nou moet kom, het jy dalk te doen met 'n gemeente wat nog nie volwassenheid bereik het nie, of dalk bederf is deur 'n vorige predikant. Gewoonlik wanneer mense moet wag voel hulle dat hulle onversorg is en ons voel skuldig. Hier word geraak aan skuldgevoelens wat so dikwels die bediening van die leraar versuur.
- Ons moet dikwels hardloop om te gaan bid omdat hulle nie self weet nie of nie weet hoe om te bid nie en wanneer ons dit ontdek, dan oorlaai dit ons met nog skuldgevoelens, want ons is tog verantwoordelik daarvoor om ons lidmate te leer bid in alle omstandighede, bid sonder ophou, bid in krisisse en bid selfs in oomblikke wanneer ons vol vreugde is. Omdat hulle nie bid nie besef hulle nie dat die grote God nou teenwoordig is in hulle lewens nie.
- Die deelnemers begin mekaar nou op geloofsvolwasse manier bemoedig en self begelei om ook hierdie skuldgevoelens te bowe te kom. Jy is die fisiese gestalte van die Here Jesus wat die hand vashou en wat troos. Die predikant is dan juis die fisiese gestalte van die Here Jesus wat by hulle kom sit, hulle hand vashou, hulle troos en hulle begelei deur hierdie smart en krisis in hulle lewe. Dit is die behoefte.

- Een deelnemer begin met die vraag: “Is die verstaan van die predikants-amp deur die gemeente en deur onsself nie vanuit die Ou-Testamentiese profete se amp nie? Of die priesteramp, naamlik dat niks kan begin voordat jy nie daar is nie, die genesing kan nie gebeur voor jy nie daar is nie. Dit is nie noodwendig die gemeente wat 'n spesifieke verwagting het nie, dit is so oud soos die Ou Testament. Ons moet net die heeltyd oral wees anders word ons die heeltyd opgeëet deur skuldgevoelens. Die gevoel is so oud soos die Ou Testament, en steeds sukkel ons om vrede te maak daarmee.
- Iemand deel dat hy gewoonlik nie die eerste is wat opdaag by nood nie. Daar is gewoonlik 'n hele klomp mense wat besig is om te ondersteun en te help. En hy ervaar nie gewoonlik dat haar verwyte is omdat hy nie eerste daar was nie. Kan die skuldgevoelens dalk iets wees wat maar in onsself broei, en dat dit dalk nie werklik die Gemeente is wat ons laat skuldig voel nie? Dit is ’n belangrike vraag, en help mee om rus te bring vir die deelnemers.
- Daarom vra een van die leraars: “As ons daaroor kla hoekom kla ons?” Hy beantwoord self sy vraag: “Iewers gee die Gees vir my 'n gevoel van ek was nodig gewees, of dit nou was om iemand by te staan wat 'n geliefde verloor het, en of dit was om 'n nuwe babatjie te verwelkom. Ek wil juis fokus op: ek het tog 'n verskil gemaak in jou lewe.”
- Indien dit gebeur dat mense jou bel omdat hulle voel dat jy 'n verskil kan maak aan hulle onmiddellike situasie, gaan hulle teleurgesteld wees as jy nie dadelik reageer nie en jy moet besluit of jy gaan skuldig voel en of jy dit gaan hanteer. Gewoonlik wanneer mense jou skakel en sê “ek weet jy is verskriklik besig”, dan haal hulle 'n groot deel van die skuldgevoel van jou skouers af. Ek dink dit is maar die manier waarop ons onsself bedraad, want dit is nie God se bedoeling dat ons skuldig moet voel oor die bediening nie. En tog is skuldgevoelens baie keer deel van ons mondering. Die meeste predikante wat hulle harte uitpraat sê gewoonlik ek is moeg vir skuldgevoelens. Wanneer ek by mense verby ry en daaraan dink dat ek nog 'n draai moet gooi daar, het ek skuldgevoelens. Jy fokus so op wat jy nog nie gedoen het nie dat jy nie fokus op dit wat jy en die Here saam gedoen het nie.
- Iemand maak die sinvolle opmerking: “Ek is eintlik hier om myself te motiveer om op te hou kla en 'n positiewe beeld uit te straal. Ek moet dit inoefen en dit is nie so maklik nie. Dit gaan oor 'n hele positiewe leefstyl. Dit gaan vir my oor opmerksaamheid (‘mindfulness’), om in die moment te lewe en die moment wat ek ontvang het te geniet.

Ons jaag van een plek na die ander omdat ons nie in die oomblik lewe nie en ‘Wat gaan die mense sê?’ maal dikwels deur ons gedagtes terwyl ons van een plek na die ander jaag.”

- Die beweging in hierdie gesprek raak al hoe meer positief. Die deelnemers is ernstig oor hierdie ervaring in hulle bediening en werk hard daaraan om hulleself te begelei in ’n ander ingesteldheid (“mindset”) in as dié van skuldgevoelens en gejaagdheid. Dit gaan baie oor hoe ons na ons taak, ons plig en ons bediening kyk. Is dit werklik so dat ons oral nodig is, en is dit werklik so dat niemand byvoorbeeld 'n basaar kan open nie, behalwe die dominee? “My ervaring is anders, dat ek weens persoonlike krisisse 'n basaar moes misloop en die ouderlinge het by my oorgeneem en dit was een van die mees suksesvolle basaars nog.” “Dit help my om te sê ‘Christus is alreeds daar’ en ek gaan doodgewoon om hom daar te ontmoet saam met die ander gelowiges. Dis nie noodwendig die gemeente se skuld dat ek en jy onsself doodjaag agter al die krisisse aan nie en al die verpligtinge wat ons dink ons s’n is en net so gemaklik deur iemand anders oorgeneem kan word”.

- ’n Leraar het die voorreg gehad om lesings wat Andrew Purves gehou het in Suid-Afrika by te woon. Hy is 'n professor in pastorale teologie en sy vrou is 'n predikant. Die vraag is aan haar gestel wat sy doen as predikant en haar antwoord was dat haar hele bediening gefokus is op Sondag se erediens. Hy was baie siek aan kanker. Wat vir hom die meeste beteken het, was sy vrou wat in die oggend gekom het met hulle kerk se gebedeboek en dan die oggendgebed vir hom gelees en saans gekom en die aandgebed vir hom gelees uit hulle kerk se gebedeboek. Dis al wat sy gedoen het, die liewe Here het die res gedoen. Hy vertel ook dat terwyl hy in die hospitaal was met die kanker, het die kapelaan omgekom en die kapelaan was ongemaklik omdat hy die groot professor was in pastorale teologie en die kapelaan waarskynlik een van sy studente. Hy het gevoel dat dit vir hom soveel werd sou wees as hierdie kapelaan net 'n bietjie olyfolie by hom gehad het en hom daarmee gesalf het as teken van genesing, en hom dalk bedien het met die nagmaal.

- Daar is tog mense wat in hospitale of in ouetehuise lê wat behoefte het aan daardie tipe teenwoordigheid van die Here. Daarom is dit prioriteit vir ons as predikante om aan die begin van die dag te sê: “Here, hierdie is u dag, dis nie my dag nie, daar kan enigiets gebeur. Die dag is in u hande en U bepaal hoe hierdie dag sal verloop, waarheen U my stuur en wat U verwag van my om daar te gaan doen of wees.” Ons kan dus rus

vind ook as daardie krisisse oor ons pad kom en ons het hierdie dag in die liewe Here se hande gegee. En saans kan ons tot rus kom en vir die Here sê in ons moegheid: “Dankie, Here dat U my vandag gebruik het net daar waar U wou en daar waar U besig was.”, dat ons aan die einde van ons dag kan sien vandag het ons en my Here saam gewandel en dat Hy ons iewers gebruik het al kan ons dit self nie sien nie. Die vertroue in die Here wat die leraars het, in sy teenwoordigheid en voortgesette bediening en hulle deelname aan Hom en sy werk, is motivering vir die verdere verloop van die groepgesprekke.

- Ons hoef nie te sien wat ons gedoen het nie, die waardering van mense is nie die resultaat van 'n goeie bediening nie. Ons sit dikwels en wag daarvoor dat mense vir ons moet sê: “weet jy dit wat jy gedoen het, het nou baie vir my beteken” en as ons dit nie kry nie dan voel ons 'n mislukking en sien ons ons bediening as 'n mislukking.

- Een van die leraars maak die opmerking: “Dit help my baie as lidmate eerder na die tyd met my praat oor hulle ontmoeting met die Here daar waar ek teenwoordig was, of dit nou in die erediens is, en of dit in ons gesprek met mekaar was in 'n pastorale situasie, dat hulle eerder sê hulle het nou waarlik die Here ontmoet as dat hulle my loof vir iets wat ek sou gedoen het, wat ek in elk geval nie gedoen het nie want die Here het alles gedoen, ek was maar net daar.”[20]

- Ek moet myself dikwels vra: “waaroor voel ek skuldig? Voel ek skuldig oor my program of voel ek skuldig oor die mense? En dan moet ek vir myself sê: “Die Gees bring my tot rus”.

- Hierdie gesprek word afgesluit met enkele gedagtes oor hoe om kritiek, skuldgevoelens en onnodige gejaagdheid die hoof te bied. Verwagtinge van mense bring ook dikwels geweldige skuldgevoelens na vore. Dit gebeur dikwels dat ons opstaan in die oggend en vir die Here sê “ek sal U dien en volg”, en teen die aand het ons skuldgevoelens oor die mense se verwagtings waaraan ons nie kon voldoen nie. “As 'n mens nie by die punt kan kom dat jy van hierdie verwagtings ignoreer nie, gaan

---

[20] Eugene Peterson (2012) praat van “unlearning” (om dinge wat ek geleer het, weer af te leer): “unlearning that was necessary to clear the ground for learning that God at work—not I—was the center of the way I was going to be living for the rest of my life. Inappropriate, anxiety-driven, fear-driven work would only interfere with and distract from what God was already doing. My ‘work’ assignment was to pay more attention to what God does than what I do, and then to find, and guide others to find, the daily, weekly, yearly rhythms that would get this awareness into our bones...” (Peterson, 2012:44-45).

> jy jouself heeltemal uitbrand. Daarom moet jy jouself die geleentheid ook gun om net mens te wees en nie die heeltyd dominee nie." 'n Goeie vraag is hoe ons roepingsverhaal neerslag vind ook in ons skuldgevoelens.

- Bewustelike bediening in mistieke eenheid met Christus

Die vraag wat die leraars op hierdie stadium van die gesprek bespreek is: Hoe kan ek bewustelik bedien vanuit my mistieke eenheid met Christus? Watter hulpmiddels is daar om my voortdurend bewus te maak daarvan dat ek deelneem aan die voortgesette bediening van die lewende Christus? Die fokus word hier geplaas op die spiritualiteit van die leraar in mistieke eenheid met Christus en die geloofsoefeninge en -praktyke wat hom of haar help om met groter bewuswees ("awareness") te bedien.

Heelwat klem word in die literatuur oor spiritualiteit geplaas op die effek wat die leraar se spiritualiteit op sy of haar verligting en selfs genesing van uitbranding het[21]. Ofskoon die navorser dit volkome eens is dat die spiritualiteit van die leraar 'n baie positiewe uitwerking het op sy of haar uitbrandingsvlakke, is die fokus van hierdie studie eerder op die bewustheid van die Drie-eenheid en hoe die spiritualiteit van die leraar die leraar help om sy of haar oog gevestig te hou (Hebreërs 12:2) op die bediening waartoe Christus hom of haar daagliks uitnooi. Nie een van die deelnemende leraars in hierdie fokusgroep het te kenne gegee dat hulle by die punt van totale uitbranding is nie. Die navorser merk eerder op dat hulle die rus van die retraite verwelkom, omdat hulle dalk oorwerk is, te veel onnodige sake, wat weinig met hulle bediening in Christus te make het, moet hanteer en nie volgens hulle gawes aangewend word in hulle gemeentes nie. Alhoewel die simptome van uitbranding en bedienings-moegheid baie dieselfde blyk te wees, is geeneen van die leraars by die punt dat hy of sy dit oorweeg om die bediening te verlaat as gevolg van uitbranding nie. Die navorser het nie die uitbrandingsvlakke van die deelnemers getoets nie,

---

21 Kyk byvoorbeeld: Parachin, V.M. 2010. Preventing burnout through spiritual self-care. *The Priest*, 66(9):81-83, Rossetti, S.J & Rhoades, C.J. 2013. Burnout in Catholic clergy: a predictive model using psychological and spiritual variables. *Psychology of Religion and Spirituality*, 5(4):335-341, Sauer, P.R. 2014. Spiritual care for pastors under siege. *Lutheran Forum*, 48(2):9-11 en Chandler, D.J. 2010. The Impact of Pastors' Spiritual Practices on Burnout. *Journal of Pastoral Care and Counseling*, 64(2):1-9. Diane Chandler (2010:1) stel dit soos volg: "Therefore identifying pastors' personal and spiritual care practices may contribute to understanding how pastors, as spiritual leaders, cope with the pressures of ministry and how these practices impact their disposition toward burnout." "Ironically with this awareness of pastoral burnout, relatively little research has been conducted on pastors' spiritual practices, which may impact burnout..." (Chandler, 2010:2).

aangesien hy nie ’n gekwalifiseerde sielkundige is nie, maar die vraag oor uitbranding kom aan die orde in die vraelys, in die persoonlike onderhoude en die groepgesprekke. Sy gevolgtrekking word hieruit afgelei.

- Spiritualiteit is 'n lewenstyl en moet beoefen en ingeoefen word. 'n Predikant kan so besig wees met ander mense se geloofspad en met die spiritualiteit van die gemeente, maar wat van sy eie pad met God? Soms sê predikante: “ek voel so leeg gesuig as predikant. Ek het so gehoop dat my werk as predikant ook my geloof sal voed”. Baie predikante het die behoefte om meer tyd te spandeer aan hulle eie geloof en daar is van hulle wat met teleurstelling sê dat hulle dit nou en dan regkry maar hopeloos te min. Dit is waarom Gideon van Dam praat van “inoefening” (Van Dam, 2004:62).
- Dit gaan oor tyd maak en plek maak en om daarin te volhard. Die raad van die ou woestynvaders aan die jong monnike was: “Gaan sit jy in jou sel, en jou sel sal jou alles leer” (Van Dam, 2004:63). Die sel was die klein ruimtetjie waarin die monnike gebly het, geheel en al in afsondering en stilte (Van Dam, 2004:63). Laat toe dat daar leë plekke in jou lewe wees, leeg van besig wees met werk, leeg van gedagtes oor wat jy kan en moet doen. Die leegte sal jou alles leer (Van Dam, 2004:63).
- Natuurlik is die pad van inoefening noodsaaklik, maar ons moet onthou dat ons nie God se aanwesigheid kan manipuleer nie. Ons oefen eintlik maar ons ontvanklikheid in. Dit gaan dus daaroor dat ek as predikant God soek, Hom liefhet, omdat God God is, nie enigsins om iets te bereik nie (Van Dam, 2004:70)[22].
- Ofskoon die geloofsgewoontes in ’n latere hoofstuk breedvoeriger bespreek word, was die fokus by hierdie retraite hoofsaaklik op geloofsgewoontes wat die leraar begelei om met groter bewustheid te bedien as deelnemer aan die voortgesette bediening van die lewende Christus. Twee geloofsgewoontes wat uitstaan is die *Gebed van Examen* van Ignatius van Loyola, en die lees van die Bybel met behulp van “*Lectio Divina*” gekombineer met “Imaginative Prayer” (Inlewingsmeditasie). Beide geloofsgewoontes

[22] Ruth Haley Barton (2009:28) som die rede vir die fokus op die leraar se spiritualiteit so op: “The best thing any of us have to bring to leadership is not our preaching, our education, our strategic thinking, or our pastoral skills. The best thing any of us as pastors and church leaders have to bring to leadership is our own transforming selves!” Maar ook sy lê die klem daarop dat die spiritualiteit van die leraar nie nog iets legalisties is wat by al sy of haar take gevoeg word nie: “... this kind of change is not something we can produce or manufacture for ourselves—or anyone else. God guides the process and brings it to fruition: all we can do is to create the conditions in which it can develop” (Barton, 2009:28). “Rather than leading from a place of being frenetically busy, I am leading from a place of rest in God” (Barton, 2009:35).

is antieke gewoontes en word later breedvoerig uiteengesit. Die navorser het vir die retraite die opsommings van beide dissiplines vir die deelnemers op papier gesit, sodat hulle dit gemaklik kon gebruik. Beide dissiplines, het die navorser waargeneem, was aan al die deelnemers goed bekend, en die oorgrote meerderheid gebruik die oefeninge dikwels. By hierdie geleentheid sou ons wou stilstaan by die vraag: “Waarom gebruik jy hierdie dissiplines, en hoe help hulle jou om bewustelik te leef in die teenwoordigheid van die lewende Here, en veral om d.m.v. hierdie oefeninge te kan “sien” hoe en waar Christus besig is om te werk, sodat ons by Hom kan inval op sy uitnodiging?”

- Die leraars gee op hierdie oomblik van die hele proses nie om om eerlik en openhartig oor hierdie saak van hulle harte met mekaar te gesels nie. Hulle gesels saam oor hulle belewing daarvan en een skop af met die opmerking: “Ek sukkel met die geestelike dissipline.” En tog, al sukkel hy, is hy eerlik: “Ek leef die dissipline soos wat die dag aangaan. Soggens het ek 'n groot klomp goed wat afgehandel moet word voordat ek eers kan rustig in my studeerkamer gaan stil word. By my kom geestelike dissipline glad nie natuurlik nie.” Iemand in die groep bemoedig hom met die opmerking: “Dit kom natuurlik by jou. Jy noem dit dalk iets anders maar jy is gedurig besig met die Here. Jy het nie 'n afgebakende tyd nie maar jy is die heeltyd besig met ‘waar is die Here in jou lewe teenwoordig?’”. Die deelnemers aan hierdie retraite ken mekaar al geruime tyd en weet dat almal erns maak met die *Coram Dei*-lewe. Daarom weet hulle ook dat die een wat die dissiplines moeilik vind, baie erns maak met sy belewing van God in elke oomblik van sy daaglikse lewe.
- Die deelnemers is dit eens dat die geloofsoefeninge ons juis wil leer om die heeltyd met die Here besig te wees, om die hele dag bewus te wees van ‘waar is die Here in my lewe?’ Dat ons gedagtes op ander plekke is, is natuurlik, dis deel van ons lewe, terwyl ek ook besef dat die Here daar is, in my gedagtes is. Ons God is nie harteloos nie. Hy verstaan dat ons gedurig met allerhande gedagtes besig is, en selfs wanneer ons fokus op Hom in ons stilte, kan ons gedagtes besig raak met dinge wat nog gedoen moet word, of mense wat ons aandag nodig het.
- Die leraars bemoedig mekaar met die uitdaging wat hulle soms ervaar met hulle spiritualiteit: “Moenie sleg voel as jou gedagtes wegdwaal of skuldig voel daaroor nie, maar kom net weer terug na die Here. Gedagtes is deel van my mens-wees, maar die

stilte bring ons terug na die kern, na die middelpunt van Hom met wie ons in verhouding, in mistieke eenheid lewe."

- In ons omstandighede hoor ons tog ook die Here se stem. Dit is normaal dat 'n mens wegsink na een of ander iets en op 'n verbeeldingsvlug gaan, en die terugkom is 'n baie sagte proses. Dis nie-veroordelend. "Die Here is ook lief vir die een aan wie jy nou dink of Hy stel ook belang in wat jy nou moet gaan doen."
- Die leraar wat die gesprek ingelei het deur sy probleem bloot te lê, som sy ervaring so op (en dit is die belewing van almal wat deelneem aan hierdie retraite): "Ek beleef dat die Here met my praat in my gewone omgang in die dag, en soos wat ek in die teenwoordigheid lewe van die Here, bring Hy dinge oor my pad wat vir my soveel waarde het, dat ek dit met ander mense kan deel in 'n preek. Ek wil die Here raaksien in die oomblik wanneer Hy my optel want dit is maar Hy wat my optel. Ek weet die Here is die heeltyd by my en dit is my hele gedagtegang."
- Natuurlik is daar ook die dooie oomblikke, wanneer dit vir ons voel daar gebeur niks in ons stil oomblikke met God nie. Daar kom ook tye wanneer ons moet gaan sit in stilte en luister na die Woord, ten spyte van oomblikke wat voel soos dooie oomblikke net om later te ontdek dat dié oomblikke nie dood was nie. Die Here wys vir ons heel dikwels dinge in ons stil oomblikke saam met Hom wat ons gewoonweg nie sou raaksien nie.
- Die oorwegende indruk van die navorser is dat die deelnemers baie goed bekend is met die geestelike dissiplines en dit beoefen, juis met die oog daarop om meer doelgerig die nabyheid van die Here te beleef in hulle eie lewe en bediening. Daar is dus niks wetties aan hulle spiritualiteit nie en hulle beoefen dit met vreugde en dit verinnig beslis hulle verhouding met hulle God.

- Die predikant as mistagoog in mistieke eenheid met Christus

Van hier af is die gesprek gefokus op die uitleef van ons mistieke eenheid met Christus in die bediening, as mistagoog wat saam met sy of haar lidmate op reis is. Die navorser bied aan die groep inleidende riglyne ook vir hierdie gesprek en verwonder hom oor die wysheid wat uit die fokusgroep kom. Die indruk is dat die deelnemers meestal bewus is van die feit dat hulle roeping uniek is, naamlik dié van medereisende mistagoog.

Reeds sowat 35 jaar gelede het Eugene Peterson al die klem op die drie belangrikste take van die predikant geplaas, naamlik gebed, die bestudering van die Skrif en spirituele begeleiding of mistagogie. Daar is net drie vereistes vir die predikant: hy moet bid, die Bybel lees en spirituele begeleiding gee. Dit is drie baie onopvallende dade, en niemand gooi jou met klippe as jy dit nie doen nie. Niemand gaan eers agterkom as jy dit nie doen nie, en tog is dit die wese van die predikant (Peterson, 1987:4). Die geloofsgemeenskap het self gebed, die Woord en mistagogie uit ons lewens geëlimineer en vul ons dagboeke met soveel bedrywighede dat hierdie drie basiese dade van die predikant uitgeskuif word. Peterson gebruik die voorbeeld van ’n driehoek. Die driehoek word aanmekaar verbind deur die hoeke: gebed, die Woord en spirituele begeleiding (Peterson 1987: 5). Haal jy die hoeke uit die driehoek, is net die lyne oor, wat mens laat dink aan die stokke waarmee die predikant geslaan kan word en dikwels homself verwytend slaan. Op die vraag: “Ja, maar hoe?”, gee Peterson die logiese antwoord, naamlik “a trained attentiveness to God in prayer, in Scripture reading, in spiritual direction” (Peterson, 1987:16). My identiteit, my wese is dié van mistagoog-wees. Ek is mistagoog wanneer ek die leierskap toerus vir hulle werk, wanneer ek vergaderings lei, lidmate besoek en wat ek ook al op my program het. Eintlik is mistagogie om terug te staan en niks te doen nie, om uit die pad te kom dat God kan doen wat Hy graag wil. Ons raak bewus van sy werk en val by Hom in. Dit is die wese van die predikant. Dit is belangrik dat ons ons rol sien as “om te wees”, eerder as “om te doen” (Peterson 1987: 187). Ons is stil, sag, uit die pad, onbelangrik en ons beïnvloed nie. Ons soek na God in die ander. Peterson praat van die “language of communion”, eerder as “communication” (Peterson, 1992:191). Uiteindelik is ons nie daar om die ander een se probleme op te los nie, maar eerder saam met die geliefde van God in sy of haar probleem te gaan vertoef om God ook in die probleem te vind.

’n Beskrywing van die geestelike begeleier waarin die navorser en deelnemers aan die retraite hulleself tuis vind en reeds baie bekend is in die omgangstaal van die Hollandse spiritualiteit, is die woord “mystagoog” (Van Dam, 2004:21), wat Pieter de Villiers, buitengewone professor in Spiritualiteit aan die Universiteit van die Vrystaat, vertaal met “mistagoog”. Van Dam beskryf die mistagoog as ’n “*agoog”* wat individue en groepe mense begelei op pad êrens heen. Die rigting van die begeleiding word bepaal deur die “*musterion*”. Die hoofsaak is dan om mense nader te bring aan die “Onuitspreeklike”. In al die kernfunksies van die predikantskap staan die gerigtheid op God en sy Koningskap in die wêreld sentraal. Sy Koningskap word gesien in die lewe en sterwe van Jesus Christus.

Wanneer dit dan gaan oor die identiteit en wese van die predikant as geestelike begeleier of mistagoog, moet die gemeente die predikant die kans gun om plekke op te spoor waar iets van

God se liefdevolle teenwoordigheid, wat alle verstand te bowe gaan, ontdek word. Die predikant is hierin die lewende heenwysing.

Pieter de Villiers sien mistagogie as die hart van pastorale werk. Die mistagoog is gedurigdeur bewus van sy of haar totale afhanklikheid van God. Die mistagoog is ‘n kontemplatiewe persoon, wat sy of haar hart instel op God elke keer as hy of sy ‘n pad met ’n mens stap. Die oomblik as iemand in die studeerkamer instap, wanneer ‘n mens die hospitaalkamer binneloop, rig ‘n mens jou hart op God. In die mistagogie gaan dit daaroor om God te ervaar (De Villiers:2010e).

“You love people” (Benner, 2002:150). “What you must love is ordinary people just as they are.” Dit herinner aan die woorde van Henri Nouwen: “Are we not challenged in daily life to look deeper into the eyes of the people we encounter – even those who are running away from something – and to see in them the face of God?” (Nouwen, 2006:27).

- Die deelnemers vind die woord “mistagoog”, “mistiek” en “misterie” op hierdie punt van die gesprek glad nie vreemd nie, en die waarneming van die navorser is dat hulle reeds vertroud is met hierdie begrippe, sodat daar nie veel aandag aan die betekenis van die begrippe geskenk hoef te word nie, maar die gesprek spontaan kan beweeg na die fokus van die bediening van die predikant.

- Die vertrekpunt is dat party mense opgelei word as spirituele begeleier. Die predikant is in sy wese ’n mistagoog. Ons is geroep om saam met iemand op reis te gaan maar nie die reis vir hom af te lê nie. Deur ons verbondenheid met die Heilige Gees begelei die leraar so iemand net om raak te sien waar God is in sy lewe. Om by die ou wat deur die rowwe egskeiding gaan, te gaan sit en saam met hom te ontdek waar God nou is in al hierdie dinge. Kan jy God sien en hoe reageer jou God? Ek gaan biddend en in afhanklikheid saam met die Here. Ek gaan na die persoon wat in hierdie krisis tot 'n dieper verhouding met God wil kom. Die fokus is en bly God in die lidmaat wat jy besoek, of jou besoek, se lewe. Daar is baie “nie weet nie”, dit bly 'n misterie. Ons kan ook die misterie omhels en by die punt kom dat ons sê: “Ek weet nou nie. Maar ek is hier sodat ons 'n bietjie saam kan hoor, saam kan ontdek wat die Here in hierdie omstandighede in jou lewe nou vir jou wil sê, waarheen is ons op pad?” Dit is die mistagoog, die spirituele begeleier.

- Die deelnemers begin op hierdie punt spontaan hulle ervarings met die groep deel, en die navorser sien raak dat hulle deeglik bewus is daarvan dat hulle in eenheid met Christus, deelneem aan sy voortgesette bediening en dat dit sy bediening is wat rus

bring, heel maak en genees. “Ek gaan vanoggend die man besoek wat 'n baie langer pad met die Here loop as wat hy met my loop. Die persoon wat ek besoek se pad met die Here begin by 'n paar druppels by sy doop. Hy of sy is dalk by 'n plek waar hy sy lewe nie kan hanteer nie, of hy het nou rus en vrede, hy het afgetree en hy geniet sy oomblikke van rus, en ek gaan net by hom sit en dit saam met hom geniet. Saam raak ons bewus van God se pad met ons albei en verwonder ons daaroor.”

- Een van die leraars gebruik juis die voorbeeld wat Andrew Purves gebruik. Baie mense sit op hulle roubankies, en dikwels sit hulle daar alleen in hulle rou en hulle is stukkend en al wat hulle soek is iemand wat by hulle kom sit. Ek is die mistagoog in Christus en Christus in my, wat saam met Christus op die roubankie langs hom gaan sit. Iewers in myself is daar ook die gebrokenheid saam met hom. Jesus is reeds daar. Maar iewers wou hy net iemand langs hom hê met sy brose liggaam, wat net sy hand op sy skouer sit en net niks sê nie, wat dit net 'n bietjie waag om saam met hom in die pyn te gaan sit as sy mistagoog. Iewers laat die drie-enige God toe dat die persoon langs wie jy op die bankie gaan sit vir Jesus in jou sien, want dit is Jesus wat hy nou nodig het. En al wat ek en jy as mistagoog kan doen is om ons daaroor te verwonder dat iemand wat in soveel pyn is, deur al sy trane vir Jesus raaksien in jou wat by hom kom sit. Hy weet goed jy is nie Jesus nie maar hier is iemand by hom in wie hy Jesus sien en terwyl jy na hom kyk sien jy die lydende kneg-gestalte van Jesus ook raak en jy en hy is saam op 'n lydensweg.
- ’n Leraar deel hierdie aangrypende getuienis met die groep: “Ek onthou van 'n keer toe 'n jong seuntjie se pa doodgeskok is en die jong ma vir die seuntjie moes gaan vertel dat sy pa nou oorlede is en sy nie geweet het hoe en wat nie, maar sy het geweet sy moet die nuus oordra aan hom. Ek het ooreengekom om saam te gaan maar op 'n afstand te bly staan. Terwyl sy die heeltyd na my kyk en die seuntjie met sy rug na my is, het sy my na die tyd vertel dat terwyl sy die nuus aan hom oorgedra het en opgekyk het in my rigting, was dit asof hy die Here Jesus self daar sien staan het. Ek het soveel vrae gehad oor hoekom die jong seuntjie se pa nou van hom weggeneem moet word en die jong moeder het my getroos met die woorde dat sy die heeltyd in die figuur, die beeld wat sy gesien het terwyl sy na my kyk, haar Here gesien het, en toe het ek besef wat 'n enorme voorreg ek gehad het om net daar te kon staan en iets te beliggaam van die teenwoordigheid van die Here Jesus in hierdie geweldige pyn van die jong moeder en haar seuntjie.”

- Die unieke van die “professie” van die predikant is om sulke oomblikke te mag hê en hoe moeilik dit ook al vir ons is, al beleef ons ook “compassion fatigue”, daarin die mistagogie te sien. Dit het alles te doen met ons eenheid met Jesus Christus in die bediening waartoe Hy my geroep het. Dit kan gedefinieer word as die mistieke werking van die drie-enige God in en deur my, omdat Hy die mense wat jy bedien so oneindig liefhet. Ons mag hieraan deelneem!
- Iemand deel die gedagte van die outoriteit wat ons ook van die Here God ontvang. “As ek dink aan Jesus wat by Jaïrus se dogtertjie sit dan dink ek aan iemand wat die outoriteit het om vir die mense te sê los ons net 'n bietjie alleen. In die outoriteit sien ek nie baasspelerigheid nie. Dit is iets wat die Gees kom doen. As ek en jy by 'n siekekamer kom, dan sê die familie dikwels ‘kom ons gee net vir dominee kans’, en hulle sien my as iemand wat daar opdaag met 'n bepaalde outoriteit wat ek van Jesus ontvang het, Jesus se outoriteit. Deur die werking van die Gees verleen dit my toegang en dit wat ek daar sê of doen of nie sê nie of nie doen nie, is deel van die outoriteit wat nie myne is nie, maar wat die Here daar kom neersit.” Die navorser verwonder hom oor hierdie wysheid van die outoriteit wat tog ook saam met die mistagogie kom en besef dat die outoriteit ook verantwoordelikheid meebring. Ons is bevoorreg!
- Die groep besef ook die perke van hulle roeping en dat ons as predikante nie alles vir almal kan wees nie. 'n Mistagoog verwys gou na 'n sielkundige of 'n psigiater omdat hy nie sielkundige psigiater of maatskaplike werker is nie. Iemand met teologiese opleiding wie se spesialiteit teologie is, bedien in afhanklikheid van die Heilige Gees. Hy weet baie gou onder leiding van die Heilige Gees en die Here Jesus, wat die eintlike Bedienaar is, aan Wie se bediening hy deelneem, dat die saak wat hy hanteer eerder deur 'n sielkundige of psigiater of 'n maatskaplike werker hanteer moet word en verwys makliker. Hy speel nie al hierdie rolle in sy bediening nie. Op die platteland is dit 'n baie moeilike situasie omdat ons dikwels gedwing word om die sielkundige of die psigiater of die dokter of die maatskaplike werker te speel. Hier bel mense dikwels heel eerste die dominee. Dikwels het die mense met wie ons werk nie 'n mediese fonds nie en is ons gedwing om te wag dat die staat moet help, wat weer op sy beurt beteken dat ons op 'n manier hierdie dienste moet verrig. “Wat doen jy wanneer jy niks kan doen nie?” Die groep beantwoord self die vraag: Natuurlik is gebed eerste op ons lysie. Dan is onderskeiding uiters belangrik. En dan is die volgende uitdaging om die persoon te

oortuig daarvan dat hy sielkundige hulp nodig het en in ons wêreld is 'n sielkundige iemand met die stigma dat hy “onstabiele mense” behandel.

- Die groep gee mekaar wyse raad: “Onthou ek is in die eerste plek spirituele begeleier, ek is die mistagoog. Jy kom dus na my toe vir spirituele hulp, jy kom na my toe primêr oor jou verhouding met God, dit gaan daaroor dat jy terugkeer na God toe, of dat daar vernuwing by jou plaasvind, dit is die eerste prioriteit, dit is waarin ek 'n spesialis is, maar daar is ook ander spesialiste soos sielkundiges soos psigiaters soos maatskaplike werkers.” “Nou wat maak ek as mistagoog? Wat doen ek intussen terwyl ek soek om bronne bymekaar te kry om te help, Wat maak ek as spesialis intussen?”, is die uiters belangrike vraag. Die leraars bedink die oplossing vir hierdie leemte op die platteland: “Ek dink ons moet eerlik wees en vir die persoon sê ‘dit is nie my spesialiteit om jou te help met wat jy nou nodig het nie, ek kan jou help met dit waarmee ek jou kan help, en dit is jou spirituele begeleiding.’ En dan om gereeld by die persoon aan te doen, al is dit net 'n kort besoekie, al is dit net 'n inloer net om te kyk en te ondersteun en miskien saam met die persoon te bid of 'n pad te loop saam met die persoon in sy verhouding of haar verhouding met die Here. As mistagoog is ons oopgestel vir die leiding van die Heilige Gees om ons ook te lei op watter wyse Hy graag wil hê ons in die persoon se lewe betrokke moet wees, terwyl die Heilige Gees baie goed weet dat ons nie 'n opgeleide sielkundige, psigiater of maatskaplike werker is nie. Net om te laat weet “ek het nie vergeet van jou nie”. Dit ondervang ook die vraag “het jy by die persoon uitgekom?” Hou gereelde kontak met die persoon in die tussentyd totdat daar behoorlike professionele hulp opdaag. Daarom moet ons geloofsgewoonte bedagsame ingesteldheid (“mindfulness”) wees, om in die oomblik te lewe sodat ons nie jaag van een afspraak na 'n ander een nie, maar ons oopstel vir die leiding van die Gees van God om ons te begelei na iemand wat dit nodig het terwyl hulle wag op die regte behandeling. Andersins gaan jy nie daardie insig hê wat nodig is om so iemand se mistagoog te wees nie. Hier merk (“tick”) ons nie nou meer blokkies nie.
- In aansluiting hierby noem een van die leraars dat hy sy dagboek sodanig verander dat dit as’t ware 'n “oop dagboek” is en hy aan die einde van die dag, wanneer hy sy *examen* doen, sy dagboek invul met alles wat gebeur het, en wanneer hy dan daaraan dink hoe die Here hom gelei het na almal na wie Hy hom wou lei, dit nogal baie bevrydend is. Die verligting wat ons dan beleef wanneer mense na jou toe kom om vir

jou te sê “ek sou baie graag wou hê, dominee, dat jy 'n pad saam met my stap in my geloof” laat my voel dit is waarvoor ons hier is, dit is ons spesialiteit.

- “Kan 'n mens faal as mistagoog?” is een van die vrae wat ‘n deelnemer aan die groep rig, en self die vraag beantwoord in die woorde wat hy vir iemand sal sê indien hy nie werklik vir die persoon kan gee waaraan hy behoefte het nie: “As ek jou dalk mis gelees het, troos ek my daaraan dat die Here jou hart ken en dat Hy jou nie in die steek sal laat nie en dat Hy ons weer bymekaar sal uitbring indien Hy graag wil hê dat ek die pad van geloof met jou moet stap.” Ons sal beslis faal as mistagoog as ons die betrokke mens se probleme wil oplos. As mistagoog gaan sit ons juis saam met die persoon in die probleem en laat hom dit beleef as sy probleem. Hy moet dit vir homself toe-eien. Ons laat hom na sy eie probleme kyk en hy moet dit self hanteer in sy verhouding met die Here. As hy dit nie doen nie, dan het ons nie gefaal nie. As ons 'n ander rol speel as dié van mistagoog, is die kanse baie goed dat ons sal faal. Ons het skitterende kursusse gedoen in berading maar dit is nie genoeg nie.
- ’n Deelnemer verwoord sy ervaring met die skuif wat gebeur het in sy bediening aan die belydenisgroep: “Ek dink aan die belydenisklas-onderhoude wat ek moes voer, waar altyd van my verwag is om 'n evangelisasie gesprek te voer en die kinders dan tot bekering te lei. Vandat ek besef het ek is mistagoog het my gesprek met die belydenisklas heelwat verander, want nou kan ek met vrymoedigheid praat hoor waar is hulle in hulle verhouding met die Here. Ons gesels oor hulle spiritualiteit en ook oor hulle gawes. Die vraag is dan: ‘Hoe sien jy jou verhouding met die Here op die pad wat vir jou voorlê?’, en dan gaan dit nie net oor 'n keuse wat die persoon een of ander tyd vir die Here gemaak het, of 'n oomblik van bekering, of 'n oomblik wat hy sy hart aan die Here gegee het nie. Ek wil hulle juis begelei op die pad van wat die Doop vir hulle sê. Ons het nou vir julle al die ‘tools’ gegee. Om mistagoog te wees is vir my 'n bevryding.”
- Teen die einde van die gesprek deel die leraars met mekaar hoe hulle kyk na hulle roeping as mistagoog. Ons bring iets uniek na die tafel wanneer ons rondom die tafel gaan sit met die sielkundige, die psigiater, die maatskaplike werker, die dokter, die prokureur. Ons is nie een van hulle nie. Ons kyk na alles deur die mistieke bril as mistagoog.

- Die beste is om maar langs die ou op sy roubankie te gaan sit, maar “in te check”, vir hom te laat verstaan hoe lief die Here hom werklik het. “In die toestand waarin jy nou is, is die Here die een wat die liefste is vir jou van almal. Hy verstaan jou.” Om net iets daarvan te kommunikeer al is dit selfs sonder woorde. Dit is die mistagoog.
- “Dit gebeur heel dikwels dat ek na iemand toe gaan as die dominee en dat ek daar na die ontmoeting ontdek, maar hy glo nou, en ek glo ook! Iets het gebeur waaroor ek nie beheer het nie, in die persoon wie ek besoek het, maar ook in my wat die besoek afgelê het. Dit gebeur heel dikwels na so besoek dat my geloof versterk is en verdiep is nadat ek gegaan het om dalk die persoon se geloof te help verdiep. Dit is mistagogie.” Hierdie opmerking dui vir die navorser daarop dat die groep hulle roeping as mistagoog heeltemal verstaan en omhels. Dit is met groot nederigheid en opregte dankbaarheid dat hierdie opmerking gemaak word.
- Ten slotte word gedagtes gedeel oor ons identiteit as gelowige mense in die bediening in Christus. “Waar lê my identiteit?”, is die vraag wat self beantwoord word: “Ek glo my identiteit lê net in Christus. Ek voel die klem moet val op die feit dat ons identiteit net in Christus lê. My identiteit lê in die feit dat ek gedoop is. My Doop bepaal my identiteit. Ek sien ook as deel van my identiteit die bediening wat ek van die Here ontvang het. Dis in my roeping. Dit gaan nie oor 'n titel nie. Dit gaan daaroor dat ek vanuit my Doop een is met Christus en dat ek deur Hom geroep is as 'n predikant met baie foute, maar net so baie gawes, en my opleiding en my talente is alles in diens van my bediening in Christus. Ek is net die mistagoog. Ek is die ou in die gemeente wat die naaste aan die Here lewe. Ek is die een wat Hom eerstehands ervaar. Ek lees meer as almal die Bybel, ek bid meer as ander, ek is die naaste aan die Here van elkeen in die gemeente.”

- Refleksie

Die refleksie is die fokusgroep se geleentheid om terug te kyk op die proses van die retraite en die navorser is feitlik in gebrek aan woorde om enigiets opsommend te kan byvoeg by dit wat die deelnemers by hierdie geleentheid met hom en mekaar gedeel het. Die oogmerk van die navorser met die retraite was om waar te neem of daar enige verskuiwings sou plaasvind in die leraars se fokus op die huidige bediening waartoe hulle geroep is, en daarom stel hy die deelnemers met groot dankbaarheid self aan die woord.

- Was hierdie retraite nou nodig?

  - Die eerste deelnemer wat terugkyk op die afgelope week in ons lewe noem dat dit vir haar die groot voordeel van hierdie retraite is dat sy weer opnuut haar identiteit ontdek het, want 'n mens verloor heel dikwels jou ware identiteit langs die pad van die bediening. Sy moedig haarself aan om hierdie identiteit, die in Christus wees, meer uit te leef in haar bediening.

  - Sy voel ook dat hierdie retraite twee keer 'n jaar aangebied moet word, want 'n mens rus lekker uit en jy is rustig en stil saam met die Here en dit gee jou daardie opgewondenheid om weer terug te gaan. Die groep stem eenparig saam dat hierdie spesifieke retraite met reëlmaat nodig is, ten minste jaarliks. Een van die deelnemers wat hierdie retraite twee jaar gelede ook bygewoon het onder die leiding van die navorser, som sy ervaring op: “Ek het hierdie selfde retraite twee jaar terug bygewoon en by hierdie retraite kon ek terugkyk op die geweldige groei sedert die eerste retraite en ek sien die waarde daarvan om dit keer op keer te herbesoek. Ek kan wel getuig daarvan dat, sedert die eerste deelname aan hierdie retraite, daar ’n definitiewe skuif in my bediening plaasgevind het, vanaf my bediening na Christus se bediening in en deur my. Dit was absoluut verrykend om weer aan hierdie retraite te kon deelneem en te kon waarneem hoeveel diepte daar in die aanbieding daarvan gekom het. Ek glo dit is noodsaaklik dat alle predikante daaraan blootgestel word. Ek het ook beleef by die aanbieder het daar 'n groot stuk rykdom bygekom sedert die eerste retraite wat hy met ons kom deel het. Een maal per jaar is 'n baie goeie gedagte, of ten minste elke twee jaar met presies dieselfde tema.” Een deelnemer voel dat ons een keer 'n jaar moet plek maak vir hierdie retraite. Die vraag is of ons VBO-punte sal ontvang vir die herhaling van hierdie retraite, wat, soos die sakramente, herhaal behoort te word om ons verhouding met God, mekaar en ons bediening te verdiep. As 'n mens hierdie retraite in die toekoms aanbied met dieselfde vorms en vrae, dan sou jy kon sien hoeveel vordering daar op die pad van die bediening was en in jou eie lewe.

  - Een van die deelnemers het dit beleef soos die oomblikke wanneer Jesus met sy dissipels eenkant toe gaan, daardie kleiner groep, en versoek dat hierdie spesifieke retraite weer aangebied sal word. Dit werk baie goed binne Ringsverband. Hier gee ons om vir mekaar en vertrou ons mekaar en natuurlik ken ons mekaar. Die groep is dit eens dat hierdie retraite binne die Ring se konteks pas, want daar moet 'n vertrouensverhouding wees. Hulle vertrou mekaar en het vrymoedigheid om harte oop

te maak en uit te praat voor mekaar. Een noem dat hy die mistagoog (die navorser wat die retraite begelei) ken, en daarom hom ook vertrou. Die belangrikheid van ’n vertrouensverhouding word beklemtoon en die hele groep stem saam dat hierdie spesifieke Ring, die Ring van Clanwilliam, ’n veilige ruimte is waar die leraars hulleself wil gee vir die hele proses om mekaar te leer ken, te ondersteun en met mekaar die paadjie wil stap.

- Hierdie is 'n baie beter manier om te doen as wat ou geykte maniere soos visitasie is.
- Die navorser is ook dankbaar oor die vryheid wat die deelnemers ontvang het op hierdie retraite. Een deelnemer stel dit so: “Ek het op hierdie retraite 'n vryheid gekry. Hier in die begin het ek agtergekom ons skuldgevoelens is maar hoog. Deel van die skuldgevoelens is die vraag: ‘Het ek nou genoeg gedoen in terme van iemand se verlossing?’ en ek het net weer ontdek ons is nie hier om Christus na te maak (“imitate”) nie maar om met Hom deel te neem (“participate”). Dit bring groot bevryding, ek bring nie die verlossing omdat ek daar is nie, want Christus, die Verlosser is daar. Ek is maar net saam met iemand op 'n reis om saam met hom die Verlosser te ontdek wat daar is. Dit het vir my verskriklik baie beteken. Dit help my om nuut te dink oor my bediening, of oor die bediening van Christus waaraan ek deelneem.” Hierdie deelnemer het waarlik die wese van die bediening van die mistagoog raakgesien en goed opgesom.
- Verblydend is ook die gewaarwording dat die deelnemers oor hierdie tydperk heelwat nader aan mekaar gegroei het. “Die saamwees met my kollegas het vir my geweldig baie beteken, ons gesprekke met mekaar en die geweldige groot waarde van die oomblikke van stil word, waarvoor ons nie so baie die kans kry wanneer ons fisies in die bediening is nie. Hier word ek gedwing tot stilte.”
- Die ervaring waarmee die meeste van die deelnemers na hierdie retraite toe gekom het, is dat hulle 24/7 besig is om te gee en te gee. Daarom merk een van hulle op: “Dit het vir my so baie beteken om net hier tussen julle te sit en die heeltyd te kan ontvang, net om 'n slag te ontvang.”
- Die groep reflekteer ook op die hele program wat aangebied is. Een noem en die res beaam dat die kapeltye vir haar so geweldig baie beteken het, daardie oomblikke van stil word. Dit saam met die persoonlike gesprek en die groepgesprek het vir my hierdie retraite volkome gemaak. Jy kan een ding sê hier in die groep en dan kan jy weer iets anders sê later wanneer ons om die vuur staan en dan was daar die gesprek met die

begeleier. “As ek nie die persoonlike gesprek gehad het met die begeleier nie, dan sou ek gevoel het dit wat ons hier doen hang in die lug en dit was die sin van hierdie retraite, dat ons formele gesprek het oor 'n spesifieke onderwerp, informele gesprekke rondom die vuur en rondom die etenstafel en dan die persoonlike gesprek met die begeleier.”

- Natuurlik was die navorser se doel met hierdie retraite nooit om die probleme wat vir die leraars in die bediening bestaan, te probeer oplos nie. Die doel van die retraite word mooi saamgevat deur een van die deelnemers wat bevryding ervaar het om met haar kollegas te gesels en te hoor dat dit nie sy alleen is wat worstel nie, maar dat ons saam in hierdie worstelstryd is en dat ons saam kan uitbeweeg uit die oomblikke van “ek moet alles doen en alles hang van my af” na “ek bedien saam met Christus vanuit my eenheid met Hom”. Dit gee vir elkeen nuwe moed en nuwe perspektief al is die probleme nog altyd daar.
- Die groep gee ook terugvoer oor die grootte van die groep en is dit eens dat hierdie retraite ideaal is vir hierdie klein groep predikante en dat dit nie sal werk in die groter groep nie. Tussen ses en agt deelnemers aan die retraite is die maksimum. “Ons was gelukkig om 'n groep te wees wat mekaar ten volle kan vertrou en in liefde goed met mekaar oor die weg kom.” Die navorser is daarvan bewus dat, selfs in so ’n klein groepie, sekere vaardighede van hom verwag word om konflik te kan hanteer indien nodig. Sy ervaring was met hierdie retraite dat die meningsverskille sinvol hanteer is om die gesprek verder oop te maak en dat die groep telkens in ’n baie goeie gees van mekaar verskil het, sonder enige konflik.
- Die navorser word deur die groep versoek om ook hierdie retraite in ander Ringe aan te bied. Hulle weet van Ringe waar dit verskriklik gaan, omdat daar geen broederskap is in die Ring nie en predikante gaan op hulle eie deur hel, sonder dat enigiemand hulle ondersteun, en hierdie retraite is dalk net die geleentheid wat ons God wil gebruik om broederskappe te smee en mense nader aan mekaar te bring, sodat hulle genoeg vir mekaar omgee, om ook in mekaar se lewe die nie-veroordelende teenwoordigheid van God te wees. Hierdie retraite moet ook in ander Ringe vir gewillige deelnemers aangebied word.
- Met die openhartigheid en eerlikheid van die deelnemers aan hierdie retraite, het dit een leraar opgeval dat hulle ook by hierdie retraite die geleentheid kry om te kla, “maar wanneer ons klaar gekla het, dan gaan ons terug huis toe met hierdie versekering: ek

is in Christus en Christus is in my, en saam gaan ons sy bediening voortsit in die gemeente. Christus is reeds daar waarheen ek nou op pad terug is."

- Die groep sien ook hierdie retraite as 'n geleentheid soos om jou rekenaar weer op te stel (te "defrag"). Alles word net weer mooi agtermekaar gepak, sodat ons perspektief kan hê. Ons kry die deurmekaarspul ("clutter") uit, en kry nuwe fokus. Ons hou ons dus besig met die dinge waarop dit aankom.
- Die navorser wou graag met hierdie retraite ook die leraars weer opnuut lief maak vir die bediening. Die opmerking van die een leraar gee hom rus: "Terwyl ons nou besig om huis toe te gaan, dink ek daaraan: eintlik geniet ek die bediening. Om deel te neem aan Christus se bediening is vir my 'n plesier."
- Op hierdie punt van refleksie kom die deelnemers terug by die bediening as deelname aan die lewende Christus vanuit ons doop en die nagmaal: "Hierdie tyd het my gemotiveer om te dink oor my eenheid met Christus vanuit my doop en die nagmaal. Dit het my getref hoedat die Here eenvoudige dinge soos water, brood en wyn gebruik om my fisies te herinner aan my eenheid met hom. Die storie van die nagmaal aan die tannie met Alzheimer het my diep getref oor die mistieke eenheid wat ons het met Christus. Ek het hier geleer om met verwagting te bedien dat ek die Here op nuwe maniere sal beleef, selfs ook in die lyding van mense waar hulle hartseer is, om te weet Jesus is reeds daar en dit motiveer my om meer deernis met mense te hê wanneer ek besef Christus is reeds daar."
- Ofskoon mistieke spiritualiteit vir hierdie groep nie iets vreemd is nie, was daar leraars wat by die retraite ervaar het dat hulle hulself meer uitdaag in hulle mistieke spiritualiteit en die wonder daarvan dat God ons op verskillende maniere ontmoet, en hoe ons by mekaar kan leer om God op nuwe maniere te ervaar. Die deelname aan die voortgesette bediening van Christus is 'n wonderlike gedagte wat my net laat besef dit dan nie van my af nie maar dat ek wel oop moet wees vir waar Christus reeds besig is en daarby aansluit. "Wat my deelname aan die voortgesette bediening van Christus betref besef ek dis nie eerstens my werk nie en ek hoef nie te jaag om by almal uit te kom nie want Christus is reeds daar teenwoordig, daarom kan ek met vrymoedigheid vir die mense vra hoe hulle Christus se teenwoordigheid in hulle lewe ervaar".
- Die leraars het opnuut ontdek dat hulle Doop-moment die begin van hulle roeping was en dat die drie-enige God in Christus dit net later in hulle lewens bevestig het. Een

deelnemer stel dit so: “My Doop het vir my weer nuwe betekenis gekry en ek sal dit onthou dat my Doop my eenheid met Christus geskep het. Dit het my gemotiveer om oor te gee aan Christus en deel te neem aan sy bediening. Ek het die mistieke spiritualiteit en die kapeltye geniet sowel as die *lectio divina*. Ek sien my roeping nou meer as mistagoog. Ek wil hierna fokus om as mistagoog ook deur die Woord-bediening en besoeke mense se ontmoeting met Christus te begelei.”

- Hierdie retraite het plaasgevind naby aan die einde van die jaar, wanneer ’n leraar reeds moeg is van al die bedrywighede van die jaar wat agter die rug is. Die navorser wou daarom sorg dat die deelnemers ook genoeg rus kry vir die pylvak van die jaar wat voorgelê het. Daarom ontvang hy met dankbaarheid hierdie opmerking: “Ek het met die verwagting na die retraite gekom om fisies te rus en tot rus te kom in God en na te dink oor my verhouding met God en die bediening.”
- Die laaste woorde som in een sin die gevoel van die deelnemers op: “Ek het heerlik saam met my kollegas gekuier en mekaar beter leer ken, dit was 'n goeie belewenis en ek stel voor dat ons een keer 'n jaar hierdie retraite hou.”

2.12 GEVOLGTREKKING

Die navorser is verwonderd dankbaar dat hy hierdie retraite kon begelei in samewerking met die lewende Here, wat in sy kinders se lewens hulle mistieke eenheid met Hom opnuut bevestig het, en is bemoedig deur die versoek om dit met reëlmaat te begelei. Die wens van die deelnemers dat hierdie spesifieke retraite deel word van die program van Ringe, sal verder gevoer kan word met die Sinodale Taakspanne van die NG Kerk in Wes-Kaapland, soos die Taakspan vir Toerusting, Predikante-begeleiding en Spiritualiteit. Dat die groep ontvanklik was vir die begeleiding, spiritualiteit, inhoud en onderlinge kollegiale verhoudings het baie gehelp om die empiriese navorsing met vreugde en entoesiasme te kon voltooi. Die navorser hoop om weer in die toekoms hierdie voorreg te mag beleef in die begeleiding van die Ring van Clanwilliam, maar ook ander Ringe wat graag opnuut wil ontdek hoe die bewus-wees van ons mistieke eenheid met Christus ons positief maak oor die bediening as deelnemers aan Christus se bediening. Die navorser het sy bes probeer om met “priesterlike luister” die deskriptief-empiriese taak te voltooi, deur aandag te gee aan die besonderheid van die deelnemers in die teenwoordigheid van God (Osmer, 2008:28).

HOOFSTUK 3

DIE LERAAR SE SPIRITUELE VERRYKING AS MISTAGOOG IN *PARTICIPATIO CHRISTI* EN MISTIEKE EENHEID MET CHRISTUS

> Ek het weer na God se stem in sy Woord begin luister, begin bid. Stil en hardop. God is nie dood nie. Net op papier is Hy dood. Hy is vrygespreek. God het al die teoloë oorleef. Ek is dankbaar dat dit gebeur het. Liewe Here, welkom in ons midde! (Vos, 2015:9).

In die gesprekke wat die navorser met leraars gevoer het wat na hom toe gekom het vir spirituele begeleiding (mistagogie), staan een ding op hulle harte meestal uit: Die uitdaging om te bedien in ’n milieu waar die geloof oorwegend deïsties is. In hierdie wêreld word die predikant in mistieke eenheid met Christus en as medereisende mistagoog geroep om die Goddelike alternatief en werklikheid te verkondig, maar ook uit te leef tussen die lidmate wat deur God aan hom of haar toevertrou is. Dit is die reis wat Cas Vos (2015) hierbo beskryf en waaraan in hierdie hoofstuk aandag gegee sal word.

3.1. MORALISTIES, TERAPEUTIES, DEÏSTIES

Tod Billings (2011) verwys na "moralistiese terapeutiese deïsme" (MTD) en die volgende geloofsbelydenis: 'n God bestaan wat die wêreld geskep het en dit orden en oor menslike lewe op aarde waak. God wil hê dat mense goed, mooi en regverdig teenoor mekaar moet wees, soos geleer in die Bybel en deur die meeste wêreldgodsdienste. Die hoofdoel van die lewe is om gelukkig te wees en goed oor jouself te voel. God hoef nie in alles by 'n mens se lewe betrokke te wees nie, behalwe wanneer God nodig is om 'n probleem op te los. Goeie mense gaan hemel toe wanneer hulle sterf (Billings, 2011:Kindle Ligging 501-509).

Vanaf Julie 2002 doen die National Study of Youth and Religion navorsing onder tieners tussen 13 en 17 jaar oud in Amerika oor adolessente-godsdiens wat ook in die Amerikaanse godsdiens reflekteer. In sy opsommende interpretasie van die navorsing kom Christian Smith (2004) tot die slotsom dat die oorheersende godsdiens onder die huidige Amerikaanse tieners moralistiese terapeutiese deïsme genoem kan word.

3.1.1. Moralisties

Moralistiese terapeutiese deïsme kan eerstens gesien word as die inprenting van ’n moralistiese benadering tot die lewe. As jy ’n goeie en gelukkige lewe wil lei, moet jy ’n goeie en morele mens wees, solank jou godsdiens jou net laat goed voel oor jouself (Smith, 2004:163).

3.1.2. Terapeuties

In die tweede plek moet die moralistiese terapeutiese deïsme terapeutiese voordele gee aan sy aanhangers. Dit gaan daaroor dat jy goed, gelukkig, veilig en rustig voel (Smith, 2004:164). Die geloofspraktyke laat jou goed voel. Jy hoef nie werklik te sê waaroor jou geloof gaan nie, solank jy net gelukkig is.

3.1.3. Deïsties[23]

In die derde plek gaan moralistiese terapeutiese deïsme oor die geloof in ’n spesifieke soort God: Een wat bestaan, die wêreld gemaak het en ons lewens inrig volgens sy wette en reëls, maar nie Een wat spesifiek en persoonlik betrokke is in jou sake nie (Smith, 2004:164). Die God van hierdie geloof is meestal op ’n veilige afstand (Smith, 2004:165).

3.2. NADER AAN DIE NG KERK SE HISTORIESE WORTELS: DIE JEUG IN NEDERLAND

Dit is die navorsing werd om ook te kyk na die land van die herkoms van veral ons Gereformeerde historiese wortels om die prentjie meer volledig te maak van die milieu waarin die predikant in hierdie eeu moet bedien.

Navorsing wat reeds in 1991 uitgevoer is onder 687 Nederlandse jongmense met 'n gemiddelde ouderdom van 23.9 jaar, van wie 57% universiteit-studente, die beter opgevoede, ouer jeug is, is eers in die jaar 2000 geboekstaaf (Janssen & Prins, 2000:3). Die veranderlike "gebed" (gereeld of soms, teenoor nooit) is gekies om die geestelike peil van die jongmense in Nederland te meet (Janssen & Prins, 2000:3).

3.2.1. Die Godsbeeld van die Nederlandse jongmense

Baie van die jongmense verkies woorde soos "hoër wese" of "hoër krag". Protestantse godsdiens plaas klem op God as 'n buite-mag en verkies 'n dialektiese beeld van God, een waarin God

---

[23] Cas Vos (2015) vra die vraag: “Waar is God? Die deïsme verklaar: God is op ’n onbetrokke afstand. God is die ingenieur wat die meganiek van die universum aan die gang gesit het en daarná die natuurwette die werk laat doen. God het Hom ook nie in die heilige skrifte openbaar nie. Dit is die maaksel van mense. God se bedoeling bly onbekend” (Vos, 2015:40).

"radikaal anders as" die wêreld is. Katolieke is meer geneig om God as 'n simbool te sien (Janssen & Prins, 2000:6).

3.2.2. Tuisgemaakte godsdiens

Jongmense het 'n hoofsaaklik ervarings- en eksperimentele uitkyk op godsdiens. Godsdiens is tuisgemaak op grond van persoonlike ervarings rakende belangrike lewens-gebeure. Gebed in die besonder is 'n wydverspreide en belangrike geïndividualiseerde ritueel vir die jonges: terwyl slegs 39% van die Nederlandse jeug sê dat hulle lede van kerke is, sê 82% dat hulle bid, ten minste soms (Janssen & Prins, 2000:10).

3.2.3. Vier soorte gebed

Vier soorte gebed word onderskei: As die klem op die effek is (genesing), het ons 'n "primitiewe" gebed; as die klem op die adres (God) is, het ons te doen met 'n "godsdienstige" gebed; as die aksie van gebed as sodanig sentraal staan, word die gebed "meditasie" genoem, en as die behoefte, die hanteringselement van kardinale belang is, praat ons van 'n "sielkundige" gebed (Janssen & Prins, 2000:10).

3.2.4. Gebed as geprivatiseerde godsdienstige praktyk

Jongmense soek deesdae nie na geïnstitusionaliseerde godsdiens nie, hulle verkies 'n geprivatiseerde godsdienstige praktyk: hulle bid wanneer hulle alleen is, in die bed, in die nag, met hul oë toe. Die gebed van jongmense kan as 'n geïndividualiseerde, doen-dit-self-belewenis geïnterpreteer word. Hulle noem spontaan 'n geadresseerde in hulle gebed, wat meestal God genoem word (Janssen & Prins, 2000:12).

3.2.5. Wie is God?

Maar wie is God? (Janssen & Prins, 2000:12). Die woord "God" hou verband met institusionele godsdiens, in hul eie taal herontdek die jongmense die woord om 'n sentrale element te noem wat hulle nie op 'n ander manier kan definieer nie. Tradisionele beelde van God het geloofwaardigheid verloor. Jongmense verkies 'n vae en abstrakte voorstelling van God (Janssen & Prins, 2000:12). Weer eens loop die deïstiese stroom ook onder die Nederlandse jongmense oor sy walle.

3.3. POSITIEF?

Die navorser plaas 'n vraagteken agter hierdie stelling en beantwoord die vraagteken aan die einde met terugvoer wat die deelnemers aan hierdie navorsing gegee het vanuit hulle eie ervaring in die bediening onder die jongmense in hulle gemeentes.

In 2011 gee die algemene sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk opdrag dat navorsing oor geloof van die jongmense in die kerk gedoen moet word. Navorsing is uiteindelik gedoen in die NG Kerk, die Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Reformed Church in Africa (Nel & Van der Westhuizen, 2015:11). Die navorsingspopulasie van hierdie studie is alle aktiewe jeug lidmate tussen 16 en 35 jaar van die vier gereformeerde kerke (Nel & Van der Westhuizen, 2015:19). Uit die nagenoeg 2300 e-posadresse waaraan die elektroniese vraelys van meer as 30 bladsye aangeheg is, het slegs 297 die vraelyste voltooi wat einde 2014 ontvang is, dus 12,9% (Nel & Van der Westhuizen, 2015:21).

3.3.1. Geloofsvorming

Anders as verwag dui die navorsing vir die navorsers daarop dat die reaksie van die respondente skokkend positief is. Geloofsvorming word beskou as ’n doelbewuste proses waardeur die gelowige begelei word om te groei in sy of haar verhouding met God en meegaande verandering in lewenstyl. Dit behels die ontwikkeling van die gelowige se identiteit en roeping in Christus. Geloofsvorming is eintlik deelname aan God se genadewerk in die gelowige se lewe (Nel & Van der Westhuizen, 2015:63).

3.3.1.1. Rolspelers in geloofsvorming

Wanneer die respondente terugkyk op hulle lewe was die grootste rolspelers in hulle geloofsvorming in numeriese volgorde hulle ma’s (81%), pa’s (66%), predikante (44%), grootouers (30%), vriende of vriendinne (29%), lewensmaats (23%), kategete (20%), broers en susters (17%), onderwysers (13%), familielede (11%), jeugpredikant (10%), meisie en kêrel (8%), kennisse (5%), jeugwerkers (4%) en voogde (3%) (Nel & Van der Westhuizen, 2015:64).

3.3.2. Geloof-uitlewing

46% van die respondente lees minstens een keer per dag die Bybel. 73% van die respondente bid een of meer keer per dag (Nel & Van der Westhuizen, 2015:69). 42% van die respondente woon elke Sondag ’n diens by. 40% woon twee tot drie eredienste per maand by en 15% woon ongereeld ’n erediens by. 79% van die respondente toon aan dat hulle na belydenisaflegging by geloofsvormende aktiwiteite betrokke is (Nel & Van der Westhuizen, 2015:70). 92% van die respondente glo dat God drie-enig is (Nel & Van der Westhuizen, 2015:148). 87% van die respondente voel dat hulle verhouding met God die belangrikste verhouding in hulle lewe is. 95% ervaar God in hulle daaglikse lewe (Nel & Van der Westhuizen, 2015:148).

Die gevolgtrekking van die navorsers is dat die bykans 300 respondente nie oor dieselfde kam geskeer kan word as die Amerikaanse jeug nie. Die slotsom van hierdie navorsing is beslis dat die jeug in die gereformeerde kerke nie moralisties, terapeuties en deïsties dink oor hulle geloof in God en natuurlik oor God self nie.

3.3.3. Die reaksie van die fokus-groep op hierdie navorsing

Die navorser het die statistiek van die Suid-Afrikaanse navorsing aan die deelnemers aan die retraite gestel, en vat die reaksie kortliks saam:

Die gebrek aan belangstelling om deel te neem (slegs 12,9%) aan hierdie navorsing spreek harder oor die toestand van die tieners as wat die navorsers wil toegee. Die ervaring van die leraars is juis andersom, dat moralisties terapeutiese deïsme ook al ons eie tieners ingesluk het.

Die meeste van die leraars in die Ring kan basies net praat oor die belydenis-groepe. By heelwat van die belydenisgroepe is daar wel 'n soeke of behoefte na God en die jongmense neem tog hulle geloof ernstig op. Hulle geloof in God is egter baie algemeen en vaag. Verder speel hulle ouers die belangrikste rol in terme van hulle geloof en hulle idee oor wie God is.

Ongelukkig het hulle letterlik geen kennis oor wat hulle glo of waarom nie. Hulle verstaan die kerk glad nie en beskou hulleself nie noodwendig as deel van die kerk nie. Hulle Godsbegrip en Kerk-begrip is arm en leeg. Hulle weet nie hoe word hulle gered nie. Dit was vir heelwat van hulle nuus dat Jesus vir hulle aan die kruis gesterf het en dat hulle deur geloof en op grond van Christus se verdienste gered is. Die Woord speel weinig ŉ rol in die jongmense se lewens, en die waarde wat hulle heg aan hulle doop en God se genademiddel van die nagmaal, is so te sê nul, dalk vanweë die gebrekkige kennis van die waarde van die Woord en sakramente. Die meeste van die jongmense glo hulle moet belydenis-klas doen sodat hulle kán trou in die kerk.

Die leraars vind tog by die jongmense ŉ soeke en honger na 'n verdieping in die geloof. God is vir hulle belangrik maar die algemene gevoel onder die deelnemers is dat die jongmense nog nooit geleer het hoe om 'n verhouding te hê met die Drie-Enige God nie, bloot omdat hulle Hom nie ken nie en slegs so 'n vae begrip het van God.

Die algemene gevoel van die leraars is eerder teleurstelling in hierdie verslag oor die toestand van ons kerk se jongmense, en dat die meelewing van die belydenis-groep, na belydenis-aflegging sterker praat as die verslag. Wanneer meer as twee-derdes van ons nuwe lidmate nooit of selde weer by die kerk se aktiwiteite gesien word nie, is die boodskap soveel sterker as die

wanpersepsie dat die 12.9% wat die vraelyste voltooi het, spreek vir die geestelike peil van die jeug in die NG Kerk.

3.3.4. Die oorweldigend deïstiese God en godsdiens

Prof. Jaap du Rand (2015) gee op pastorale wyse aandag aan die deïstiese ondertoon wat nie net die Westerse wêreld nie, maar ook die kerk se belewing van God in 'n byna ateïstiese rigting begin indwing het. Die deïsme erken wel nog die bestaan van God, maar so abstrak soos bevind is onder die Nederlandse jeug. Hy is wel die Skepper, maar ver weg en verhewe. "In 'n onverstoorde rus troon Hy bo sy skepping" (Du Rand, 2015:18). God se wysheid is oral te bespeur, maar dis nie moontlik om met hierdie "ver" God in verhouding te tree of te leef nie. Hy onderhou alles volgens vaste orde, en die mens moet sy kant bring om in hierdie orde gelukkig en voorspoedig te wees (Du Rand, 2015:18)[24]. Met die deïsme het die misterie rondom God verdwyn en het die Christelike geloof vervlak tot 'n soort algemene menslike moraal. Du Rand beskryf hierdie deïstiese godsdiens as 'n "algemene burgerlike godsdienstigheid met 'n soort deïstiese God in die agtergrond", wat in sy breedste sin ook na Suid-Afrika sou oorwaai vanaf die weste (Du Rand, 2015:18-19).

Cas Vos beskryf deïsme op poëtiese wyse:

In 'n geslote wêreld-
beeld begrens die rede,
oë, hande, voete en gevoel
ons uitsiglose uit-
kyk op die lewe.
Alles is dig, selfs
god bly dood-
gerus op die solder,
bestrooi met vergetelheid
en die laaste dae se stof (Vos, 2015:39).

[24] Wright (2000:70) skryf oor die algemene geloof in ons moderne era: "What most people mean by 'god' in late-modern Western culture is the god of the Enlightenment Deism. That far-off, detached being may perhaps have been responsible in some sense or other for the creation of the world, but he – or perhaps one should say 'it' – is basically remote, inaccessible, and certainly not involved with the day-to-day life, let alone the day-to-day pain, of the world as it now is" (vergelyk ook N.T. Wright, 2011:39, 137 en 147).

3.3.5. Die herontdekking van en terugkeer na die *musterion*

Die misterie vir die gelowige in Jesus Christus is juis dat God Homself in sy liefde in Christus geopenbaar het, deur in Christus mens te word, aan die kruis te sterf en uit die dood op te staan en op te vaar na die hemel. Bowenal is dit die misterie van God se genade wat in die gelowige se lewe ’n konstante metgesel is. Ons kan slegs in geloof op hierdie misterie antwoord (Du Rand, 2015:20).

Die woordjie “mistiek” het sy oorsprong in die Griekse woord *musterion*, wat met “misterie”, “geheim” of “verborge” vertaal word. Maar selfs die oorsprong van die woord *musterion* is ’n geheim. Al wat met die *musterion* kan gebeur, is dat dit onthul, geopenbaar kan word. Die woord *mustikos* is ’n verdere afleiding, gebruik vir iemand in die Hellenistiese wêreld, wat ingewy is of toegang het tot ’n bepaalde misterie (Du Rand, 2015:28). Daar is min of meer eenstemmigheid daaroor dat die verskynsel wat as “mistiek” bekend geword het, verwys na ’n bepaalde geestelike ervaring. Hierdie ervaring vind dan plaas wanneer mense as’t ware in hulle gedagtewêreld afdaal om na te dink oor die sake wat ’n mens se diepste wese raak. Hierdie nadenke word dikwels “kontemplasie” genoem, waarmee jy iets van die diep misterie van die lewe probeer beleef en in diepte daaroor mediteer. Die gedagte van ons mistieke eenheid met God word juis aan die mistiek gekoppel (Du Rand, 2015:29).

In Johannes se evangelie en in Paulus se briewe lê 'n misterie diep verskuil: die misterie van God self, van sy genade in Jesus Christus en die wonder dat ons glo, die misterie van die Heilige Gees, wat deur Jesus vergelyk word met die wind wat waai waar Hy wil (Joh.3:8), die misterie van die Heilige Gees wat saam met ons en in ons bid. Paulus verwys op baie plekke na die Gees van Christus wat in ons woon en werk en hy beklemtoon dat die gelowiges in Christus is en dat hulle saam met Christus in God verborge is. Paulus noem selfs God se verlossings handeling ’n *musterion,* 'n geheimenis, en Christus word God se *musterion* genoem (Kol. 2:2; 4:3). Selfs die geloof besef dat hierdie misterie die misterie van God se genade is, genade wat ondeurgrondelik is en bly (Du Rand, 2015:38-39). Mistiek staan met gebed as die mees basiese geloofshandeling in 'n noue verband (Du Rand, 2015:40).

Die sekerheid van die gelowige om met die menslike natuur van Christus een te wees, bied die geloofsekerheid dat die gelowige, op grond van die doop, met sy Goddelike natuur een sal wees (Du Rand, 2015:42).

Ons kan nie werklik met die idee van God omgaan sonder dat die mistiek op een of ander wyse daarby betrek word nie (Du Rand, 2015:159). Ons kan nie oor God praat sonder om een of ander

tyd daarvan bewus te word dat ons hier by die perke van ons begrip aangekom het nie. Niemand kan oor God praat sonder ’n groot mate van huiwering nie (Du Rand, 2015:160), wat oorgaan in verwondering, sodat ons gedurig die wisselwerking van huiwering en verwondering oor God beleef wanneer ons oor Hom praat of dink.

3.3.6. Op pad na die omhelsing van Christelike mistiek

Die kenners op die gebied van mistiek se definisie vir mistiek is dikwels uiteenlopend, en hang saam met die hoek vanwaar hulle daaroor skryf. Die meeste stem egter saam dat ons in die mistiek te make het met die direkte of onmiddellike bewussyn van God se teenwoordigheid in die sentrum van die menslike bestaan – ’n teenwoordigheid wat lei tot transformasie van menswees (Viljoen, 2017:1).

Die fokus van hierdie studie is om opbouend en ontvanklik na te vors en weer te gee, ook vanuit die navorser en die deelgenote aan hierdie studie se positiewe belewing van mistiek. Een van die skrywers wat heelwat waarde toevoeg tot hierdie onderwerp, is Carl McColman (2010) in *The Big Book of Christian Mysticism*. Sy nederige hart vol liefde vir God motiveer die leser om die Christelike mistiek te omhels en toe te eien.

3.3.6.1. Christelike mistiek gegrond in God se liefde

McColman se uitgangspunt is dat Christelike mistiek gegrond is in die liefde van God, 'n liefde wat lei tot genesings-transformasie en groei in heiligheid en nooit 'n doel op sigself is nie. Die punt agter mistiek is om werklike blywende veranderinge aan te bring met die doel om meer soos Christus te word (McColman, 2010:17). Die mistici wys ons na Christus en die lewensveranderende boodskap van die evangelie (McColman, 2010:19). Die mistiek verinnig wie jy werklik is: Die geliefde van die Here. Hoe meer jy jouself aan Hom blootstel, hoe meer voed sy liefde jou en laat jou hart in liefde vir Hom en ander ontvlam (Nicol, 2002:30). Om deel te neem aan God se liefde beteken om daardie liefde te ontvang, om daarin te leef en op 'n egte wyse liefde te wees (McColman, 2010:67).

3.3.6.2. Ons taal laat ons in die steek

Waarskynlik die eerste wat oor mistiek gesê moet word, is dat jy dit nooit voldoende in woorde kan beskryf nie Die essensie van mistiek kan eenvoudig nie in menslike taal vasgelê word nie (McColman, 2010:24), en ervaar ons meestal dat ons taal ons in die steek laat. Wanneer ons oor mistiek praat, kan ons woorde gebruik wat probeer sin maak van die misterie: God, of die Absolute of die Oneindige Misterie, of die Onuitspreeklike (Van Dam, 2004:11), totdat die woorde ons in die

steek laat. Die basiese woord “mistiek” open die gebied van spiritualiteit as 'n verhoudingsproses tussen God en mens, die proses wat sy eie taal en logika het en homself onttrek aan die objektiverende blik van die rede. Die intimiteit van mistieke liefde suiwer die intellek, die wil en die geheue totdat hulle heeltemal ingestel is op God (Waaijman, 2002:357).

3.3.6.3. Die kern van die misterie

Dit is deur Christus dat die misterie van die aard van God geopenbaar word, die werklikheid van God se onvoorwaardelike liefde vir ons en ons uitnodiging om deel te hê aan God se goddelike natuur (McColman, 2010:41). Die basiese beginsels van die gelowige se Christelike denke wat in die Nuwe Testament uiteengesit word, kom na vore uit die gedagte dat 'n vlees-en-bloed Mens, Jesus Christus van Nasaret, eintlik die geopenbaarde teenwoordigheid van God was, die Skepper van die heelal, die Bron van liefde en die Onderhouer van alle lewe. Jesus was nie net 'n Leermeester of Geloofsgeneser of selfs 'n begaafde Profeet nie, Hy is God, die menswording van God. Sy volgelinge word deel van die liggaam van Christus wat beteken dat ons ook beliggaming van God word (McColman, 2010:48).

3.3.6.4. Die Christelike verstaan van God sentraal

Christelike mistiek is geanker in die Christelike godsbegrip. Die inkarnasie en die Drie-eenheid is die kern van die Christelike mistiek omdat dit die kern van die Christelike geloof is. Dit onderskryf die gesag van die Bybel en kerklike tradisie. Dit beklemtoon gemeenskap (eenheid) en verhouding. Christelike mistiek is nie 'n doen-dit-self-projek nie, maar eerder 'n uitnodiging na 'n dans waarvan God die genadige Gasheer is, en almal vreugde vind daarin om saam te dans (McColman, 2010:62-63).

3.3.6.5. Nederigheid en verwondering

’n Mens kan nie anders nie as om die misterie van God in die gees van nederigheid te benader en te erken dat niemand God ooit tot die vlak van menslike rede sal reduseer nie. 'n God wat jy nie kan verstaan nie, is 'n God wat jy nie kan manipuleer nie. Dit is 'n God van ware genade, 'n God wat waardig is. Jy bereik die punt in jou soeke na God dat jy net jou hande in die lug gooi en sê: “ Goed, my God, ek gee op. Ek kry U nie uitgepluis nie”. Op daardie stadium is God se reaksie: “Ek is in elk geval lief vir jou, welkom by my dans!” (McColman, 2010:118).

3.3.6.6. Mistiek en die Bybel

Ook Bernard McGinn (2015), bekende navorser oor Christelike mistiek, gee nie ’n klinkklare definisie van mistiek in een van sy mees resente artikels nie. Met ’n lang ompad probeer hy eerder

'n beskrywing gee van wat mistiek is. Hy meen dat nóg die term *mysticus* (dit wil sê "verborge"), nóg die woord "mistiek" in die Bybel voorkom. Nietemin was die idee om "in Christus" (en *Christo*) te wees sentraal in Paulus se briewe, wat gepraat het van "weggevoer word na die derde hemel" (2 Kor. 12:2-4) en selfs dat hy met Christus geïdentifiseer word, want "Dit is nie meer ek wat lewe nie, maar dit is Christus wat in my lewe" (Gal. 2:20). Jesus se laaste nagmaalsrede in Johannes 17 gebruik nog sterker taal om die eenheid met Hom uit te druk, as die eenheid wat Hy saam met sy Vader geniet, "dat hulle almal een kan wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, en dat hulle ook in Ons kan wees..." (Joh. 17:21) (McGinn, 2015:51).

3.3.6.7. Oorsig oor die mistiek

Vervolgens gee McGinn (2015) 'n kort toepaslike oorsig oor die pad van die Christelike mistiek. Die eerste was die patristiese mistiek van die Griekse vaders, Augustinus en Gregorius die Grote, wat deur beide Katolieke en Protestante gewaardeer is. Die tweede was die kloostermistiek, die beste verteenwoordig deur Bernardus van Clairvaux, en insluitend Cisterciënsers, Victorine en Franciskane. Die derde tradisie was die laat-Middeleeuse mistiek van Noord-Europa, Germane en Nederlanders. Dié tradisie was veral belangrik vir die Hervormers, maar is ook gelees in suidelike Katolieke lande, dikwels in Latynse vertaling. Gedurende die eerste helfte van die sestiende eeu het die Kartuisiese huis van St. Barbara in Keulen 'n sentrum vir geestelike vernuwing geword deur baie geestelike en mistieke tekste te publiseer, beide in Duits en Nederlands, sowel as in Latynse vertaling. 'n Vierde vorm was die mistieke teologie van Dionisius, wat sommige van die Middeleeuse kloostermistici beïnvloed het en kragtig was met die noordelike mistici van die laat Middeleeue. Dionisianisme het 'n invloed gehad op 'n aantal vroeë moderne Katolieke mistici, maar minder onder Protestante (McGinn, 2015:52-53).

Nog 'n belangrike aspek van die agtergrond van protestantse mistiek was wat McGinn die "Nuwe Mistiek" noem, wat omstreeks 1200 begin het. Hierdie basiese verskuiwing in die verhaal van die Westerse mistiek bevat 'n aantal neigings wat steeds die sestiende- en sewentiende-eeuse mistieke strome vorm. Die "Nuwe Mistiek" was *demokraties* in die sin dat sy skrywers alle gelowiges aangespreek het, nie net 'n klooster-elite nie; dit was *sekulêr* omdat dit nie ontvlugting van die wêreld vereis het nie, maar in die samelewing gerealiseer kon word. Hierdie skrywers het meestal in die volksmond geskryf en het daarom vroue ingesluit, tot 'n mate wat ongekend was in die vroeëre Christendom. Die "Nuwe Mistiek" het vorme van onderrig bevorder wat vinnig omstrede geraak het. Mistici soos Meister Eckhart het byvoorbeeld taal gebruik wat daarop dui dat kontemplatiewes 'n diep vereniging kan bereik waarin alle onderskeid tussen die siel en God

verdwyn. Hulle het gereeld gepraat van buitengewone visioene en wegvoerings (McGinn, 2015:53).

3.3.6.8. Die Reformasie en mistiek

Luther het, aldus McGinn, 'n sin vir eenheid met God gehad, 'n eenheid wat in huweliksterme uitgedruk kon word. Gevestig in sy gedagte van die "gelukkige uitruil" (*sacrum commercium*) van die inkarnasie, word hierdie vereniging aan gelowiges gegee in die sakrament van die doop en is bedoel om die bron te wees vir die genade van heiligmaking wat getoon word deur lewende geloof in God en aktiewe naasteliefde (Mc Ginn, 2015:56; Vry vertaal deur outeur). Die Geneefse Hervormer Calvyn het op sy beurt die vereniging tussen Christus en gelowiges, wat hy selfs bereid was om 'n "mistieke eenheid" te noem (*unio mystica*: Institusie 3.11.10), beklemtoon. Gegewe Calvyn se groter afstand van die mistiek as Luther s'n, meen McGinn, is dit geen verrassing dat die mistiek magtiger was in die Lutherse as in die Gereformeerde kerke nie (McGinn, 2015:56).

3.3.6.9. Calvyn en mistiek

Terwyl McGinn (2015) praat van Calvyn se groter afstand van die mistiek, vind Len Hansen (2008) oorgenoeg rede om die teendeel uit te wys. Calvyn definieer gebed ook as iets “geheims”. Hy wys daarop dat Christus ons geleer het “om ’n afgesonderde plek te soek wat ons kan help om met al ons gedagtes in ons hart af te daal en dit binne te gaan” (Institusie 3.20.29)[25]. Die Gereformeerde tradisie erken ook lank reeds die noodsaak daarvan om in gebed te praat met én te luister na die Ander; die noodsaak van ’n balans tussen gebed en wagtende, ontvanklike stilte. Calvyn verklaar dat “die beste gebede soms sonder klank is” (Institusie 3.20.33) (Hansen, 2008:299)[26].

Calvyn en die Gereformeerde tradisie praat van die mistieke vereniging met Christus. Heiligheid is die vrug van die praktyk van die Christelike lewe, sodat ons bewus word van die inwoning van Christus. Dit is om te leef met die misterie van die teenwoordigheid in en met ons wat ons vernuwe en ons geloof aanwakker, omdat Hy ons vereer om een met Hom te wees (Institusie 3.11.10) (Calvin, Ed. McNeill, 1977:737; Hansen, 2008:300).

---

25 Calvyn stel dit so, “he *(Jesus)* at the same time adds something better: that is, to enter into our bedroom and there, with the door closed, pray. By these words, as I understand them, he taught us to seek a retreat that would help us to descend into our heart with our whole thought and enter deeply within... but he shows that prayer is something secret, which is both principally lodged in the heart and requires a tranquility far from all our teeming cares” (Calvin, Ed. McNeill, 1977:892).

26 “Besides, the mind ought to be kindled with an ardor of thought so as far to surpass all that the tongue can express by speaking... the best prayers are sometimes unspoken” (Calvin, Ed. McNeill, 1977:896-897).

Gegewe die sentraliteit van die Bybel as bron van en gids in Gereformeerde spiritualiteit, is dit nie vreemd dat meditasie of meditatiewe lees van die Bybel ’n plek in die spiritualiteit van Calvyn en sy opvolgers sou hê nie (Hansen, 2008:303).

Dit verdien gemeld te word dat die mees prominente mistici die afstand tussen God en mens in die mistiek erken en handhaaf en by wie die gewraakte idee van die “versmelting” tussen God en mistikus of gelowige dikwels eerder as “ontmoeting” verstaan moet word (Hansen, 2008:424).

3.3.6.10. Mistieke ervarings

Vir sommige skrywers is die mistiek gevaarlik en onaanvaarbaar omdat hulle glo dat mistici hulleself as unieke, besondere, geesvervulde mense beskou wat uitstyg bo ander wat nie mistieke ervaringe het nie. Sulke mistieke ervarings lei tot hoogmoed en trots. Maar hierteenoor is dit bekend dat baie mistici nie eers oor hulle mistieke ervaringe wou praat nie omdat hulle geweet het dat die egte mistiek nie self-gerig is nie (De Villiers, 2 Januarie 2010a).

Vir ander weer is die mistici mense wat deur emosionele ervarings aangevuur word – en, redeneer hulle, ons emosies is onbetroubaar en bedrieglik. Dit is 'n karikatuur-vorming van die mistiek wat beslis nie geld vir die meerderheid mistici nie. In die mistiek word “ervaring” nie met “emosies” verwar nie. In die mistiek “ervaar” ons ons eenheid met God. Dit is as ervaring ‘n diepe wete wat deel is van ons geloofspraktyk – dit is ons “wandel” met God, ons “reis” met die Here. ‘n Mens kan in jou nood en in jou hartseer God se teenwoordigheid “ervaar”. Dit is juis die mistiek (De Villiers, 2 Januarie 2010a).

Willem Nicol (2002) stel dit tereg duidelik dat dit in die Christelike mistiek juis nie oor besondere ervarings gaan nie, dit gaan oor God (Nicol, 2002:10). Van vroeg af was daar in die kerk die ervaring van 'n tipe rus in God wat anderkant gedagtes en gevoelens lê. Rus in God is van die 12de eeu af genoem: *lectio divina* (Nicol, 2002:11). Gebed is nie net praat nie maar ook luister. Dit gaan oor die dieper stilte van die mond en die hart wanneer jy jou gedagtes in God verloor (Nicol, 2002:11). Uiteindelik gaan dit in die Christelike mistiek daaroor dat jou hele lewe God se liefde uitstraal (Nicol, 2002:13). Die wortels van die mistiek lê in die Bybel. Die veronderstelling van die Bybel is dat daar persoonlike kontak, mistieke eenheid, tussen God en gelowige is (Nicol, 2002:46).

3.3.6.11. Gevaarlike mistiek

Uit 'n sekere perspektief is die hele kerkgeskiedenis 'n stryd teen vreemde en gevaarlike gedagtes en sektes. Gevolglik is dit belangrik dat ons die ongesonde houdings wat al in die christelike

mistiek ingekruip het, kritiseer sonder om doekies om te draai. Met ongesond bedoel Nicol enigiets wat nie bevorderlik is vir die ware menslikheid van die mense wat daardeur beïnvloed word nie. God wil ons deur ons godsdiens vorm om al meer soos die ware Mens, Jesus, te lyk, dit wil sê, al mensliker maak, en as die omgekeerde gebeur is dit ongesond (Nicol, 2002:47). Mistiek word dikwels gesien as iets wat net eienaardig of vreemd is – wat dit sekerlik nie is nie. Dit gaan immers in die mistiek om een van die mees intieme aspekte van God se verhouding met die mens wat uiteindelik 'n besonder noue belewing van die mistieke eenheid tussen God en mens behels.

3.3.6.12. Mistiek verwar met ekstase

Dikwels word mistiek verwar met ekstase. Mense dink dan dat mistiek te doen het met die mens wat in 'n geestesverrukking ("trance") ingaan, alle bewussyn van hul eie identiteit verloor en volkome in die goddelike verdwyn. Die groot mistici het nie so arrogant gedink oor hul verhouding met God nie, al het hulle geskryf of gepraat oor 'n hoogs intieme en besondere ervaring van God se nabyheid en dit duidelik gemaak dat die mens nie God kan word nie.

'n Mens kry verskillende vorme van ekstase, skryf De Villiers (2010d) soos volg:

> Die Baäl-profete se ekstase is 'n voorbeeld van ekstreme ekstase. Indrukwekkend dreunsang hulle – sommer ure lank – en kerf hulle hulself stukkend. Maar terwyl baie sal saamstem dat die wilde ekstase onaanvaarbaar is, is daar ander vorme van problematiese ekstase wat dikwels ons aandag ontglip. 'n Mens sou kon praat van die meer "ordentlike" vorme van ekstase. Mense beweer dan dat die Here op 'n direkte, spesiale, bonatuurlike manier vir hulle "sê" om spesifieke dinge te doen. En gewoonlik kan niemand hulle daaroor kritiseer nie omdat die kritiek dan as sondig, oneerbiedig of 'n teken van swak geloof beskou word. Dit is asof hulle direk van die Here opdragte ontvang wat vir hulle ongewone, abnormale dinge laat doen (De Villiers, 30 Mei 2010d).

Die navorser, as predikant, het soveel keer al beleef dat mense by hom aankom met voorstelle oor die rigting waarin die bediening moet beweeg, terwyl die leraar nie dieselfde "ekstatiese openbarings" gehad het nie, en dan veroordeel word weens sy of haar gebrek aan geloof, of dat hy of sy nie die vermoë het om die Here se stem te hoor soos die raadgewers nie. Die egte mistieke ervaring is so kosbaar dat die groot mistici eerder daaroor geswyg het. Waar die Gees oor mense kom, ook op vreemde, unieke maniere sal dit steeds weer helend, opbouend en tot stigting van die liefde werk. Want 'n mens kan die tale van mense en engele praat en tog nie die liefde, God se taal, praat nie. Daarom is egte mistiek wel liefdesmistiek. Wanneer God ons

aanraak, is dit ’n aanraking tot heling, tot binding, tot fluksheid, tot toewyding, tot onderskeiding, tot ontferming – tot, ten diepste, die liefde (De Villiers, 30 Mei 2010d).

De Villiers (2009a) skryf dat ons nie ekstase juis verbind met ons godsdiens of in die kerk nie. Ons is bietjie skepties vir dit wat ’n “show” is of wat opsweperig klink. Ons dink ekstase is wanneer mense omdop en neerslaan (“lights out”) in ’n kerkdiens op die grond val of in beswyming gaan of in tale spreek. Ekstase hoef glad nie met die buitengewone en abnormale te doen te hê nie. Wanneer ’n mens bid kan dit gebeur dat jy jouself volledig verloor in die gebed. Al jou aandag is by God, by wat voor jou afspeel. Dit gebeur soms selfs in die kerk. Dan word ‘n mens so deel van die erediens, van ’n gebed, ’n gesang, ’n preek dat jy onbewus raak van jouself, dat jy jouself verloor en ervaar dat jy deur God aangeraak word. Jy verloor beheer, jy weet nie van ’n horlosie wat die tyd omtik nie, jy wens dit wil nie ophou nie (De Villiers, 7 Mei 2009a).

Die bekende teoloog en mistagoog, Denise Ackerman (2014), praat van die een algemene waarheid van die mistiek, en dit is dat die mistiek handel oor die liefdevolle ontmoeting of eenheid met die Heilige. “It is an ineffable experience of “loving knowing”, initiated by God because God loves us, enabling us to love in return” (Ackerman, 2014:74). Maar die mistiek begelei ons ook na ’n nederige kennis – dit gaan daaroor dat ons vasgehou word, eerder as om vas te hou, en om so intens te ken dat ons weet en nie-weet-nie op dieselfde vlak kan stel. Ackerman definieer kennis van God as die eenheid, of gemeenskap met God wat ons in staat stel om al meer te word wie ons werklik in God is (Ackerman, 2014:78). Om mistiek eenvoudig te stel, sê Ackerman, verstaan sy dit bloot as die liefdevolle ontmoeting met God, en om hierdie liefdevolle ontmoeting te beskryf, is te veel vir woorde. “The closest I can get is to say that it is being touched by God where I am most truly myself” (Ackerman, 2014:75). Dit is vir almal moontlik om die onverklaarbare oomblikke van liefde, vrede, vreugde en Teenwoordigheid te beleef, ’n belewenis wat lei tot ‘n verdieping in ons barmhartigheid, nederigheid en verhoudings (Ackerman, 2014:75). Mistiek laat ons ook dink aan paradoks. Dit is gewoon en tog ook buitengewoon. Wanneer ’n mens jou oor God begin verwonder saam met Augustinus, raak jy bewus van die paradoks:

> U is die verborge Een vir ons en tog oral om ons teenwoordig; die mooiste en sterkste Een. U is die Een wat van altyd af voortbestaan en tog kan ons U nie kleinkry nie. U is self onveranderlike en tog verander U alles; nooit nuut, nooit oud nie, en tog gee U alles nuwe lewe... U is altyd aan die gang, tog altyd rustig. U is die Een wat alles na U toe nadertrek, en tog het U niks nodig nie... U soek na alles om dit U s’n te maak, hoewel U niks kortkom nie (Augustinus, 2007:6).

Dit maak nie saak waar ek is nie – God is daar, teenwoordig en naby en dit is in God dat ek lewe en beweeg en is (Ackerman, 2014:75). Ons beleef die mistiek in baie gewone oomblikke. Denise Ackerman beskryf haar mistieke belewing van God wanneer sy ’n pasgebore baba in haar arms neem, of ’n albatros in die lug dophou, of haar verlustig in die skepping. ‘n Mens kan nie voorspel wanneer en hoe jy jou God sal ontmoet en jou eenheid met Hom beleef nie (Ackerman, 2014:76).

Frank Laubach (2011), wat allerweë bekend staan as sendeling-mistikus in die Filippyne in die 1930’s, beskryf sy mistieke belewing van God in alles, dus ook in die doodgewone. Sy persoonlike belewing van God beskryf hoe hy God doelbewus ervaar in elke liggaamsbeweging (Laubach, 2011:5). Op die 24ste Mei 1930 skryf hy dat hy ontdek het dat God van skoonheid hou. Hy sien die skoonheid van God se handewerk in die wolke, die rivier, die meer, die arend, die gras rondom hom, die fluistering van die wind, die fladderende skoenlapper (Laubach, 2011:31). Op ’n ander plek vertel hy van sy oomblikke saam met God met die pragtige sonsondergang:

> Here I was engaging in the most glorious action of all human and of all superhuman life – I was communing with the very God of the universe Himself. He was showing me His very heart... (Laubach, 2011:47).

Wanneer ’n mens oor God se mistieke reis met jou praat, kom jy agter dat jou taal jou keer op keer in die steek laat. Terwyl ons eerder sou wou wegskram vir woorde soos “ekstase” of “ervaring”, kan jy nie anders nie as om te erken dat die bewustheid van God se besondere ontmoeting met ’n brose mens, jou in verwondering laat. Jy raak stil, want jy het nie genoeg woorde wat kan beskryf wat in jou gebeur, wanneer jy bewus word van jou God se teenwoordigheid om jou en in jou nie. Dit is beslis nie iets waaroor ’n mens spog nie, trouens, hoe meer jy bewus raak van die ontmoeting met jou God in jou gebed, in jou oomblikke wanneer jy Hom ontdek in sy Woord, in die skepping, die erediens, by die doopvont of aan die nagmaaltafel, hoe meer word jy gedwing tot nederige stilte, ’n stilte en liefde wat jy deel met die Here met Wie jy in mistieke eenheid lewe.

> We receive love and are able to shed love from its overflow. We know this love by being alone with the Alone, yet we cannot help loving another because relationship with God and with another is inseparable and reciprocal (Ackerman, 2014:77).

Die een woord wat die deelnemers aan hierdie navorsing dikwels gebruik het in die persoonlike en groepgesprekke was “verwondering” of “bevinding”, soos Heiko Miskotte, wat bekend was as Gereformeerde mistikus, sy mistiek sou beskryf (Hansen, 2008:314).

3.3.6.13. Die verskil tussen mistiek en spiritualiteit

Spiritualiteit gaan om geleefde geloof of geleefde ervaring (Schneiders, 1989:681; Viljoen, 2017:4) in die werklikheid van mense se bestaan. Schneiders (1989:681) skryf, “Spiritualiteit gaan dus om die lewenskuns: die “kuns” om sinvol te leef”. Spiritualiteit wys sy betekenis in die geestelike oefeninge wat mense doen om dieper in die geloof te groei en om geestelik meer volwasse te word: sulke mense dink na oor gebed, lees graag daaroor, maar soek veral ook aktief 'n lewe van gebed, gegrond op die Woord. Spiritualiteit vind 'n mens ook in die praktyk van mense om 'n tyd van rus in hul besige program in te bou waarin hulle die roetine verbreek. Mistiek, aan die ander kant is die hart van spiritualiteit (De Villiers, 1 Oktober 2015b). Mistiek is die omgang met die Verborgene, soos spiritualiteit inderdaad ook. Dit gaan in mistiek én spiritualiteit om God (De Villiers, 1 Oktober 2015b).

3.4. DIE TRINITARIESE RENAISSANCE

3.4.1. Oortuig daarvan dat God drie-enig is

Daar is oor die laaste sowat ses of sewe dekades ’n ontwikkeling wat in teologiese kringe die Trinitariese Renaissance genoem word (Smit, 2009:58). Christene is opnuut oortuig daarvan dat God die Drie-enige God is. Gedurende die tydperk van die Verligting het die kerk, saam met die misterie, ook die Triniteit verloor.

Die boodskap van die Trinitariese Renaissance is om oor God te praat in die Christelike tradisie, immanent en ekonomies. Calvyn het al gesê dat ons geen kennis van God kan hê sonder kennis van onsself nie en dat ons onsself nie kan ken sonder kennis van God nie (Smit, 2009:75). Om God te ken, verander jou. Calvyn praat ook daarvan dat ons die aangesig van God moet soek (“contemplating the face of God”)[27]. Die kerk is geroep om nou die aangesig van God te kontempleer. Die manier waarop God aktief in hierdie wêreld betrokke is, is as die misterie van Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is die God van die hele Bybel.

> Trinitarian language offers a way to tell the story of the scriptures, to know God as the living God, acting as Father, Son, and Holy Spirit, graciously loving, saving, and comforting us and calling, claiming, and renewing us, in rich and complex ways – always in the plural (Smit, 2009:76).

[27] “Again, it is certain that man never achieves a clear knowledge of himself unless he has first looked upon God’s face, and then descends from contemplating him to scrutinize himself” (Calvin, Ed. McNeill,1977:37).

3.4.2. Perichoresis

Wanneer ons dink aan God as die Drie-enige, dink ons aan ’n God in gemeenskap, dus relasioneel.

> In the 8th century the Greek theologian John Damascene used the term *perichoresis* to highlight the dynamic and vital character of each divine person as well as the co-inherence and immanence of each divine person in the other two (LaCugna, 1991:270).

3.4.2.1. Die gemeenskap van Liefde

Perichoresis, skryf Catherine LaCugna (1991), het die gedagte uitgedruk dat die drie goddelike Persone wedersyds in mekaar inwoon. Die ware lewe is wat hulle is in verhouding tot mekaar. *Perichoresis* beteken om in mekaar te wees, deurdringing sonder verwarring (LaCugna, 1991:271). Alhoewel daar geen vervaging van die individualiteit van elke persoon is nie, is daar ook geen skeiding nie. Daar is slegs die Gemeenskap van liefde waarin elke persoon tot sy heilige reg kom (in die sin van *hupearxeos,* om te behoort) met verwysing na die ander in gemeenskap gegrond op wedersydse interafhanklikheid. Die beeld van die “goddelike dans” is gebruik om *perichoresis* te vertaal (LaCugna, 1991:271). Die metafoor van dans is besonder doeltreffend. Choreografie suggereer die vennootskap van beweging simmetries, maar nie oordadig nie, aangesien elke danser hom- of haarself teenoor die ander uitdruk en terselfdertyd vervul. Die dansers en die waarnemers ervaar een vloeiende beweging van omsirkel, omsluit, deurdring, omvou, uitstrek. Daar is geen leiers in die Goddelike dans nie, net 'n ewige beweging van wedersydse gee en ontvang. Die goddelike dans is ten volle persoonlik en interpersoonlik, wat die wese en eenheid van God uitdruk (LaCugna, 1991:272). Met hierdie misterie van gemeenskap, sluit God die mensdom in as geliefde vennote in die dans. Dit is waarvoor Jesus in die hoëpriesterlike gebed in Johannes se Evangelie gebid het (Joh. 17:20,21) (LaCugna, 1991:274).

Die Gees versamel in Christus persone wat andersins nie sou versamel nie, wat 'n ware vereniging van harte en verstand moontlik maak, waarvan die grond nie in individuele verskille soos ouderdom, geslag, opinies, of vermoëns lê nie, maar in die wese van God. Die Gees bewerkstellig eenheid te midde van diversiteit (LaCugna, 1991:298).

3.4.2.2. Die kerk se roeping

As God se wese dan in gemeenskap is, is die veronderstelling dat God bedoel het dat mense ook in gemeenskap met mekaar moet lewe. Die Drie-enige God gee Homself aan hierdie wêreld in

liefde. Sy ewige handeling van self-gewonne liefde kommunikeer aan die wêreld, in die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God ons Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees (2 Kor.13:13). Migliore (2004) stel die kerk se roeping in hierdie tyd so: Ons moet dink aan die Drie-eenheid as die lewe van God met en vir ons hier en nou, wat ons deur geloof ontvang en waaraan ons deelneem ("participate") deur aanbidding en diens soos ons God se Woord en Gees hoor en gehoorsaam (Migliore, 2004:82). Peterson (2005) som dit so raak op:

> And Trinity is a steady call and invitation to participate in the energetically active life of God – the image of the dance again (Peterson, 2005:46).

Ons is nie toeskouers van God nie: daar is altyd 'n hand wat na ons uitgesteek word om ons in te trek in die Trinitariese handelinge van heilige skepping, heilige verlossing en heilige gemeenskap. Die dans behoort aan ons almal (McColman, 2010:252). Terwyl ons die misterie beleef, raak ons aandagtig stil. Dit is wat die "vrees-van-die-Here" beteken. Ons is nie God se op-die-afstand-toeskouers nie. Daar is altyd 'n hand wat ons intrek in die Trinitariese handelinge van skepping, verlossing en heilige gemeenskap (Peterson, 2005:46).

> The Trinity is an eternal, joyful, radiant manifestation of love, loving, and being loved. Three dancers join together in one eternal dance. The love that flows between and in and among the Father, Son, and Holy Spirit is the very love that creates, sustains, and keeps the universe. It is the love by which you live, and to which you will return when you die. Becoming intimate with God means you participate in the dance (McColman, 2010:163).

3.5. DEELNAME AAN DIE LEWE VAN GOD DEUR ONS MISTIEKE EENHEID MET CHRISTUS

3.5.1. Inleidend

Die fokus van hierdie navorsing is die leraar as medereisende mistagoog vanuit die bewustelike lewe in mistieke eenheid met Christus, dus leraars wat bewus is daarvan dat hulle ook in hulle lewe en bediening deel is van die *perichoresis*, die "heilige dans" van die drie-enige God. Die predikant neem daarom deel aan hierdie heilige liefdesbeweging van God uit hoofde van sy of haar mistieke eenheid met God, maar ook sy of haar besondere roeping. Voorts word die klem gelê op hierdie besondere eenheid met Christus. Om dit in mensewoorde te probeer verduidelik is bykans onmoontlik, en die navorser se ervaring met die lees van hierdie literatuur was deurgaans verwondering, eerder as die versameling van kennis.

3.5.2. Die verskil tussen deïsme en ’n teologie van eenheid met Christus[28]

Deïsme, soos so wyd oor die wêreld gevind word, verskil radikaal van 'n teologie van eenheid met Christus, wat Christelike identiteit in Jesus Christus self beklemtoon, en in die aanspraak van die Drie-enige God op die gelowige in Christus (Billings, 2011:Kindle Ligging 273-274). Die God wat in eenheid met Jesus Christus ontmoet word, is meer omvangryk en intiemer as die deïstiese God van die Westerse godsdienstige wêreld (Billings, 2011:Kindle Ligging 277-278). Geen deel van menslike identiteit word onaangeraak deur mistieke eenheid met Christus nie – 'n mens se lewe word gevind in Christus, deur die Gees, in diens van die Vader (Billings, 2011:Kindle Ligging 311-312).

3.5.3. Geen las om “verlossers” te wees nie

Die goeie nuus van eenheid met Christus is dat predikante nie die las het om “verlossers” of “messiasse” te wees nie. Die leraar behoort eerder aan die Verlosser en getuig in woord en lewe van die lewende Christus (Billings, 2011:Kindle Ligging 364-365). Dit verlig die las van die predikante, veral diegene wat dikwels moedeloos en teleurgesteld is in die “uitkomste” van die ure se moeisame arbeid in die “wingerd van die Here”.

3.5.4. Opgeneem in die Seun se eie lewe

Die leraar is in die eerste plek aangenome geliefde kind van God, dit is sy of haar ware identiteit. As aangenome kinders na-aap die leraar nie die Seun en vra "wat sou Jesus doen?" nie. Hy of sy is opgeneem in die Seun se eie lewe – dit is wat eenheid met Christus is. Al die geestelike dissiplines en geloofoefeninge sal vrugte van jou eenheid met Christus wees – die vrug van Christus se werk vir jou (regverdigmaking) en Christus se werk in jou (heiligmaking) (Billings, 2011:Kindle Ligging 667-671). Dit is belangrik om nou reeds daarop te let dat die spiritualiteit van die leraar nie daarop ingestel is om “iets te bereik of verdien” nie, maar dat dit die spontane reaksie is op die wete en belewing van sy of haar eenheid met Christus binne die liefdesverhouding met die drie-enige God.

---

[28] Die verskynsel van deïsme word dikwels genoem en bespreek, aangesien die leraars wat deelneem aan hierdie navorsing, noem dat hulle dit in hulle bediening beleef, en dit in heelwat van die literatuur wat genoem word aangetref word as ’n redelik algemene vorm van “godsdienstige belewing”.

3.5.4.1. Perichoresis as die goue draad

Die leraar beleef toenemend dat hy of sy deel is van die “heilige dans” van die Drie-eenheid, dus deelnemer aan God se eie drie-enige lewe. Vir die kerkvaders is een pragtige manier om ons redding te verstaan, dat ons in hierdie dans ingenooi word (Wilbourne, 2016:70).

In ons eenheid met Christus deur die Gees, deel die leraar in die persoonlike verhouding en liefde tussen die Vader en die Seun (Johnson, 2013:21) opgeneem in die lewe van Jesus Christus, deelnemer aan die lewe, liefde en gemeenskap van die Drie–eenheid (Johnson, 2013:42). Die leraar se eenheid met Christus is 'n eenheid met die drie-enige God, want Christus inkorporeer hom of haar werklik in sy verhouding met sy Vader. Ons is verenig met God die Vader deur God, die vlees-geworde Seun (Johnson, 2013:43).

3.5.4.2. Die Gees as modus van Christus se inwoning

Die mistieke werk van die Gees, die Vader en die Seun in die lewe van die leraar en lidmate wat deur hom of haar bedien word, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Om te sê dat ons eenheid met Christus plaasvind deur die krag van die Gees, beteken dat die Heilige Gees self die band is wat ons verenig met die lewende Christus. Christus het die Gees nie gestuur as 'n geskikte plaasvervanger in sy afwesigheid nie, maar dat ons die werklike teenwoordigheid van Christus (deur die Gees) kan geniet. Die Gees is die persoonlike manier of modus van Christus se inwoning in die leraar (Johnson, 2013:44). Ons eenheid met Christus is ten volle Trinitaries, 'n deelname aan die verhouding van die drie-enige God (Johnson, 2013:45). Wilbourne beskryf die Heilige Gees ook as "die band ... waardeur ons Christus en al sy voordele kan geniet ... waardeur Christus ons in werklikheid met Homself verenig ... die wortel en saad van die hemelse lewe in ons" (Wilbourne, 2016:83 outeur se vertaling). Deur die Heilige Gees mag ons aan God se lewe deelneem, sê Julie Canlis (2010). Op hierdie manier maak Hy wat sy eie is, ons s'n. Die Heilige Gees is die Agent van deelname wat die mensdom in die diep dinge van God inbring, na sy *telos* van Trinitariese gemeenskap, wat voortdurend die wêreld vernuwe (Canlis, 2010:60). Ons *telos* is gemeenskap met God (Canlis, 2010:63).

Jesus sê vir ons dat ons opgeneem is in daardie verhouding soos Hy in ons woon, en die Vader in Hom. Ons eenheid met Jesus Christus is 'n deelname aan die mees persoonlike en intieme eenheid wat ooit sal bestaan (Johnson, 2013:48). Johnson (2013) rig tereg die waarskuwing dat ons versigtig moet wees, wanneer ons na hierdie eenheid verwys as 'n misterie, om te dink dat dit op een of ander manier minder as ten volle werklik is (Johnson, 2013:49).

Jesus stuur die Gees sodat Hy, deur die Gees, teenwoordig kan wees as die kerk se heiligheid (Johnson, 2013:126-127). Soos Jesus ons in Johannes 14 geleer het, stuur Hy die Gees om in ons te woon sodat ons in Christus en Hy in ons kan wees (vgl. Ef. 2:22; 3:16-17) (Johnson, 2013:127).

3.5.5. “Inkarnasie-bediening”?

3.5.5.1. Die inkarnasie as unieke nie-herhaalbare gebeurtenis

Die leraar is blootgestel aan die versoeking om dikwels te vra: “Hoe gaan ek vandag vir Christus teenwoordig maak in my bediening?” Billings (2011) verwys na groepe wat beweer dat, net soos God tweeduisend jaar gelede vlees geword het in 'n bepaalde kultuur, dit my werk is in verband met 'n ander kultuur om "vlees" in daardie kultuur te word. Ek ontvang opleiding in kulturele antropologie om hierdie "inkarnasie" moontlik te maak (Billings, 2011:Kindle Ligging 2289-2291). Die Christelike evangelie maak dit duidelik dat die inkarnasie van die Woord in die persoon van Jesus Christus 'n unieke en nie-herhaalbare gebeurtenis is (Billings, 2011:Kindle Ligging 2301-2304). Die inkarnasie moet juis ons fokus direk vestig op Jesus Christus, die Dienskneg, met wie die leraar verenig is, aan Wie hy of sy deelneem en met Wie hy of sy saamwerk (Billings, 2011:Kindle Ligging 2305). Hiermee word bedoel dat die leraar as medereisiger met die Gemeente, eerstens medereisiger van die lewende Christus in hom of haar, maar ook by hom of haar is. Die lewende verhouding tussen die leraar en die teenwoordige Here word as’t ware die leefwyse van die leraar in mistieke eenheid met Christus.

3.5.5.2. Taal van bediening as deelname aan Christus

Billings (2011) stel voor dat ons ons praatjies van "inkarnasie bediening" vervang met die meer Bybelse getroue en teologies dinamiese taal van bediening as deelname aan die lewende Christus se bediening (Billings, 2011:Kindle Ligging 2308-2310). “Inkarnasie bediening” is dikwels gebruik om oor te skakel van 'n program-gedrewe bediening na een wat verhoudings en dissipelskap baie ernstig opneem (Billings, 2011:Kindle Ligging 2312-2313). Dit geld ook vir die gedagte dat die predikant Christus na sy of haar lidmate toe neem, wanneer hy of sy die lidmaat besoek, terwyl ’n bediening as deelname aan die bediening van Christus daarvan oortuig is dat Hy reeds teenwoordig is by die lidmaat, en dat die predikant die roeping het om as mistagoog die lidmaat te begelei om Hom in sy of haar lewe raak te sien, te beleef en te hoor. Die leraar gaan maak nie Christus teenwoordig by mense nie. Christus is reeds daar om die predikant en die lidmaat te bedien.

3.5.5.3. Inkarnasie 'n Goddelike daad

'n Leraar word voortdurend geroep om deel te neem aan die lewe en die weg van die lydende dienskneg, Jesus Christus (Billings, 2011:Kindle Ligging 2752-2753). Die inhoud van die identiteit van die leraar is dié van deelname aan Christus, om in sy of haar aangenome identiteit as kind van God in te leef (Billings, 2011:Kindle Ligging 2808-2810), en daarvoor kan die leraar slegs die Heilige Gees die geleentheid gee, om dit in en aan hom of haar te doen, want dit is weer eens nie asof die "inlewing" waarvan Billings praat, iets is wat hy of sy in eie krag, op sy of haar eie kan doen nie.

Die bediening van die leraar is deelnemende bediening, nie plaasvervangende bediening, asof die leraar geroep is in die plek van die afwesige Christus, met die doel om Hom op een of ander manier teenwoordig te probeer maak nie. Om die inkarnasie iets te maak wat ons doen verberg die fundamentele werklikheid van die bediening dat "dit sy bediening is wat primêr is, want sy bediening, die bediening waaraan die leraar deelneem, alleen is verlossend (Billings, 2011:Kindle Ligging 2970-2975, Purves, 2007:9[29]). Die leraar neem deel aan Christus se priesterlike salwing, maar is nie Christus nie (Billings, 2011:Kindle Ligging 3071-3073). Dit is slegs deur "deelname" dat die leraar profeet, priester en koning kan wees – afgelei soos ons kindskap van God, ondergeskik, as getuies van die ware Verlosser, Jesus Christus (Billings, 2011:Kindle Ligging 3093-3094). Eerder as om die abstrakte model na te volg om "te inkarneer", is die leraar verenig met Christus, die nederige Dienskneg, en word deur die Gees aan sy beeld gelykvormig (Billings, 2011:Kindle Ligging 3212-3213). Die leraar as medereisende mistagoog begelei die gemeente om saam met hom of haar die bediening van die lewende Christus raak te sien en te beleef in hulle eie lewe, sodat die fokus nie op die predikant is nie, maar op die verlossende werk van die teenwoordige Jesus Christus val.

3.5.5.4. Mistieke eenheid met Christus – deelname aan Christus

Christelike optrede en bediening is altyd afgeleide en ondergeskikte deelname aan Christus se bediening (Billings, 2011:Kindle Ligging 2828-2832). Bediening vloei uit die leraar se deelname aan Christus en sy bediening (Billings, 2011:Kindle Ligging 2837). Deelname-bediening handhaaf 'n duidelike onderskeid tussen Christus en diegene wat aan Hom behoort in mistieke eenheid met Hom (Billings, 2011:Kindle Ligging 2842-2843). Andrew Purves (2007:70-71) stel dit so:

---

[29] "Our ministries themselves are not redemptive. Only the ministry of Jesus is redemptive" (Purves, 2007:9).

> Union with Christ is not the imitation of Christ in which we try to follow the example of Jesus. Instead, more radically, the Christian life is participation in Christ's righteousness, holiness, and mission through the bond of the Holy Spirit.

In die verwondering oor hierdie transendente en immanente God in Wie se diens die leraar in mistieke eenheid met Christus staan, begelei hy of sy die gemeente waarvan Christus die Hoof is (Canlis, 2010:67).

3.5.5.5. In Christus ingegraveer as deelnemers aan Hom

Calvyn het die lewens van die uitverkorenes beskryf as "in Christus ingegraveer" (geïnkorporeer, ingelyf), dat hulle nooit weer as onafhanklik van Christus, of Hy van hulle beskou kan word nie. Hy was van oordeel dat ons nie aan Christus kan dink as Iemand ver van ons af en buite ons nie, ons moet eerder aan Hom dink as "Hy wat in ons woon". Ons verwag verlossing van Hom, nie omdat Hy ver van ons af is nie, maar omdat Hy ons ingraveer in sy liggaam; deelnemers, nie net aan al sy voordele nie, maar ook aan Homself. Ons kan nie onsself losmaak van Christus en Christus van ons nie. Ons moet eerder volhardend met beide hande vashou aan daardie gemeenskap waardeur hy Homself aan ons verbind het. Christus is nie buite ons nie, Hy woon in ons. Nie net hou Hy ons vas deur 'n onsigbare band van gemeenskap nie maar ook met 'n wonderlike dag-vir-dag gemeenskap waar Hy meer en meer groei in eenheid met ons totdat Hy volkome een is met ons (Calvin, Ed. McNeill, 1977:570).

Vir Calvyn beteken om geregverdig te word, om geregverdig te word in Christus, om in Hom "ingegraveer" te word en dus "deelgenote met Hom" te wees en om "gemeenskap" met Hom in sy geregtigheid te hê. Let daarop dat toewyding berus op die inwoning van Christus, die mistieke eenheid waardeur ons in sy liggaam ingegraveer word (Johnson, 2013:109).

Dit het alles begin met 'n waarheid van die mens in Christus, die aangenome kind van God, wat in Christus ingegraveer is, selfs in sy geregtigheid, in sy Kindskap, om deur deelname in hierdie lewe ingesluit te word. Ons kindskap is slegs afgelei van die Seun se Kindskap. Hierdie nuwe antropologie is duidelik die werk van die Heilige Gees. Dit is deur die krag van die Gees wat ons weer in Christus gebore word en nuwe skepsels word (Canlis, 2010:147). Ons ken God se Vaderskap wanneer ons as kind aan Jesus se verhouding met Hom deelneem (Canlis, 2010:150). Behalwe dat die leraar telkens opnuut hierdie misterie vir hom- of haarself toe-eien, is dit ook die basis vir die pastorale bediening aan die lidmate wat deur die Here in sy of haar sorg geplaas is.

3.5.5.6. Implikasies vir ons identiteit

Eenheid met Christus is 'n Bybelse tema wat verstommende implikasies vir ons identiteit het. Dit beïnvloed die manier waarop ons ons identiteit bedink as diegene wat aan Christus behoort, as lede van Christus se liggaam wat geroep is om diegene met gewonde liggame in die wêreld lief te hê. Dit heroriënteer ons begeertes, ons siening van God se koninkryk, terwyl ons verenig is met Jesus Christus, die Koning, as sy “inwoners”. Dit sny deur ons self-gesentreerde ideologieë en plaas die aksie van die drie-enige God in Christus in die sentrum. Tog, terwyl dit gebeur, word ons nie agtergelaat nie, maar in 'n opwindende nuwe wêreld ingebring, een waarin ons met Christus verenig is en gevul is met die Gees wat tot God bid as Abba, Vader, in en deur ons, waarin ons ware identiteit as diegene wat geskape is vir gemeenskap met God openbaar word (Billings, 2011:Kindle Ligging 3224-3240). Sodoende, skryf Wilbourne (2016), bevestig mistieke eenheid met Christus die nuwe verhaal oor wie jy is. As jy "in Christus" is, het jy ook 'n nuwe identiteit ontvang. God het jou geroep in 'n nuwe lewe in, gewortel in 'n geskiedenis wat joune voorafgaan, geanker in die lewe, dood en opstanding van Jesus (Wilbourne, 2016:13-14).

3.5.6. Ingeënt

Die verhouding met God is lewend en organies (Johannes 15), afhanklik van 'n bron buite jou om jou te onderhou. Ingeënt in die wingerdstok, begin jou natuur verander. Die lewensbloed van 'n ander vloei binne-in jou en gee jou lewe (Wilbourne, 2016:14). Die leraar in mistieke eenheid met Christus, sowel as al die gedooptes saam met wie hy of sy op reis is, is ingeënt in God se eie lewe, uitgenooi om deel te neem aan die trinitariese gemeenskap van God (Wilbourne, 2016:15).

3.5.7. Ons eenheid met Christus herontdek

Dit is noodsaaklik dat die leraar sy of haar eenheid met Christus herontdek (Wilbourne, 2016:23). Eenheid met Christus is die grootste, mees eerbare en heerlike van alle genades waaraan ons deelgenote gemaak word (Wilbourne, 2016:27). Ons is geborge in Christus. Dit is een beeld van eenheid met Christus, die misterie wat vir eeue geheim gehou is, maar nou openbaar gemaak is" (Rom. 16:25-26). Selfs wanneer dit bekend gemaak word, bly dit 'n misterie (Wilbourne, 2016:28).

Die waarheid wat die leraar kort-kort in sy of haar eie lewe besoek en leef is: eenheid met Christus beteken dat jy in Christus is en dat Christus in jou is (Wilbourne, 2016:29). Wanneer ons in Christus is, het elke deel van Christus se lewe, nie net sy dood nie, vir ons betekenis. Ons deel in sy lewe en gehoorsaamheid, sy dood en sy opstanding, selfs sy hemelvaart! Ons neem deel aan 'n Ander se oorwinning. Alles wat Hy is, word ons s'n. Hoe gebeur dit? God, in Christus, het ons volle menswees aangeneem om ons volle menswees te genees, sodat ons in die teenwoordigheid

van God kan leef. Dit beteken dat ons eenheid met Christus gewortel en gegrond is in Christus se eenheid met ons in die inkarnasie (Wilbourne, 2016:30-31). Jou lewe, jou storie, word toegevou in 'n ander storie: 'n Ander se storie. Dit is een manier om geloof te definieer: geloof beteken om jou identiteit in Christus te vind (Wilbourne, 2016:32).

3.5.7.1. Wat dit vir jou beteken

Wilbourne (2016) wys op die betekenis van om in Christus te wees: Jy is veilig en verborge in Hom. Hy verteenwoordig jou voor die Vader. Hy bedek jou – jou sonde, jou skande, jou swakheid. Om in Christus te wees, is om ons ware, Godgegewe identiteit te ontdek. Jy lewe in Hom en beweeg saam met Hom deur hierdie wêreld, beklee met al sy voordele en seëninge. Om in Christus te wees en te bly, beteken dat jy jouself nie meer hoef te bewys nie (Wilbourne, 2016:32). Hierdie feit is veral belangrik vir die leraar wat hom- of haarself gedurig onder druk plaas om te probeer wys dat hy of sy 'n "goeie" predikant is, wat voldoen aan al die eise wat deur die gemeente en samelewing aan hom of haar gestel word. Die enigste ding wat beter kan wees as om Jesus saam met jou te hê, langs jou, is om Jesus in jou te hê, waar jy ook al is en waar jy ookal gaan. "Christus is in julle. Hy is die hoop op die heerlikheid" (Kol. 1:27) (Wilbourne, 2016:34). Dit is mistiek op die hoogste vlak (Wilbourne, 2016:35).

3.5.8. Dieselfde Christus

Wilbourne (2016) begelei almal wat in die besondere en unieke bediening van predikant staan om dit raak te sien: Vir diegene wat die bediening in Christus, as predikante, hulle lewe gemaak het, is dit noodsaaklik om jouself dikwels (daagliks) daaraan te herinner: dieselfde Christus wat elke versoeking oorwin het en volkome gehoorsaam was – daardie Jesus is nou in jou (my). Dié Jesus wat medelye gehad het met die skare en wat die siekes genees het – is Jesus wat in jou (my) is. Die nederige Jesus wat gely het as 'n dienskneg, wat sy dissipels se voete gewas het – Hy is in jou (my), en jy (ek) in Hom. Die Jesus wat tot die einde toe gely en liefgehad het – Hy woon in jou (my) en jy (ek) bly in Hom, en die Jesus wat tot nuwe lewe opgewek is – daardie Jesus lewe nou in jou (my) en jy (ek) as God se geliefde kind, deur die doop in Hom ingegraveer, geroep om saam met Hom te bedien, lewe nou in Hom! (Wilbourne, 2016:35). Jy is kosbaar en uniek – God het van die een en enigste jy gedroom en jou self geskape – maar Hy het jou geskape om met Hom verenig te wees. Jy is meer en die meeste jouself wanneer jy met Christus verenig is (Wilbourne, 2016:36).

Die evangelie bring jou tot eenheid met Christus (Wilbourne, 2016:37). Die evangelie het die leraar tot eenheid met Christus gebring, waarskynlik deur die verkondiging van die evangelie deur 'n

ander leraar (Romeine 10:14). Nou is dit hierdie selfde leraar se beurt om God drie-enig genoeg te vertrou dat Hy ook deur die bediening wat Hy jou gegee het, die mense wat die evangelie wat jy verkondig, hoor, tot eenheid met die lewende Christus, dieselfde Christus wat ons in die evangelie leer ken, sal bring.

3.5.9. Eenheid met Christus verplaas ons uit die sentrum van ons eie lewens

Ons mistieke eenheid met Christus, Jesus se blywende teenwoordigheid in ons, is wat die lewe in die koninkryk van God vir ons vandag, hier en nou moontlik maak (Wilbourne, 2016:62). Dit begelei ook die leraar om tot die ontdekking te kom: “In die bediening gaan dit nie oor my nie. Ek is nie die middelpunt van die bediening of die wese van die gemeente nie.” Christus is in die sentrum van ons lewens en die middelpunt van alles in die gemeente. Ons hele bediening wys in sy rigting. Daartoe lei die Heilige Gees die leraar. Hieroor kan die leraar hom of haar net verwonder.

Nog 'n rede, sê Wilbourne (2016), waarom dit moeilik is vir ons om eenheid met Christus te omhels, is omdat dit ons verplaas uit die sentrum van ons eie lewens, waar ons natuurlik lief is om te wees. Dit vertel ons dat die belangrikste deel van ons identiteit van buite onsself kom en dat ons houding dus een van afhanklikheid en kwesbaarheid is, van wag en vertrou. In 'n era wat self-bevordering so vurig omhels, sal eenheid met Christus nie net as bisar en vreemd voorkom nie, maar selfs onsmaaklik en aanstootlik (Wilbourne, 2016:83).

3.5.10. Die misterie omhels

Jesus vergelyk ons mistieke eenheid met Hom met die mees intieme eenheid wat bestaan, dié van die Drie-eenheid (Johannes 17:21). Hy gaan ook verder en sê dat, as gevolg van ons eenheid met Hom, ons uitgenooi word in hierdie mees heilige eenheid in, die drie-enige lewe van God (Johannes 14: 20, 23). Hierdie geestelike eenheid is 'n werklikheid en oortref ons vermoë om dit met ons menslike verstand uit te pluis (Wilbourne, 2016:86).

Die relatiewe afwesigheid van die begrip van ons deelname aan Christus kan verklaar word deur die besonder hedendaagse terughoudendheid om misterie in die hart van ons geloofsbelydenis te omhels. Teologie is gebaseer op misterie en betree misterie. Ons het die neiging om 'n buitensporige hoeveelheid tyd te spandeer om die geheimenisse van ons geloof te verklaar, eerder as om ons daaroor te verwonder en dit te geniet (Johnson, 2013:27). Die groot verborgenheid van die inkarnasie is dat God, sonder om op te hou om God te wees, geword het wat Hy geskape het om by ons aan te sluit (Johnson, 2013:37). Die misterie is dat Jesus Christus,

die ewige Seun van God, "in" ons is (Kol. 1: 27) of, soos Paulus dit elders stel, ons, die kerk, het "een vlees" met Christus geword (Ef. 5:31-32) (Johnson, 2013:40).

3.5.11. Deel van God se familie

Eenheid met Christus sê jy is gemaak om deel van God se familie te wees en dat slegs deur jou plek hier te vind, jy vry sal wees (Wilbourne, 2016:98). Ons self word nie uitgewis deur ons eenheid met Christus nie; ons self is ten volle gerealiseer (Wilbourne, 2016:111). Deur Christus te volg, word ons nie iets minder as onsself nie. Ons word ook nie iets meer as 'n mens nie. Ons word meer en meer menslik, meer en meer onsself (Wilbourne, 2016:112).

Paulus en Johannes het 'n basiese, onderliggende oortuiging gedeel: ons word in God se gesin ingesluit omdat ons in God se eie Seun, Jesus Christus, ingeneem is. Dit is net deur ons mistieke eenheid met Jesus Christus dat ons die seën kan ervaar om 'n lid van God se familie te wees. Ons het kinders van die Vader geword deur eenheid met sy Seun (Johnson, 2013:150-151).

3.5.11.1. Trinitariese verbintenis

Ons verbintenis met die Seun is Trinitaries; dit wil sê, dit is 'n eenheid wat die Seun teweeggebring het deur die krag van die Gees en waardeur ons met die Vader verenig is. Johnson (2013) noem dit die teo-logika van verlossing: ons word herstel tot gemeenskap met God deur die Seun en deur die Gees, en hierdie herstel is gebaseer op die groot gebeurtenis van die inkarnasie van die ewige Seun van God, waarin Hy ons menslike natuur aangeneem het en dit in eenheid met sy goddelike natuur gebring het. Ons redding is deelname aan God se verhoudingslewe – die ewige, lewegewende band van liefde tussen die Vader, Seun en Gees. Ons herstel om met God gemeenskap te hê, vind egter op 'n kenmerkende manier plaas. Dit gebeur net wanneer ons deel word van die Seun (Johannes 14:16-20). Deur die teenwoordigheid van die inwonende Gees kom Jesus Christus na ons toe en is Hy een met ons, net soos Hy een met die Vader is (Johnson, 2013:152). Paulus het dit duidelik gemaak hoe ons kinders van God word: "Want deur die geloof is julle almal kinders van God in Christus Jesus, want julle wat in Christus gedoop is, het Christus soos 'n kleed aangetrek" (Gal. 3:26-27) (Johnson, 2013:159).

3.5.12. “Bly in My”

Jesus beskryf hierdie dinamiek van "bly" (Johannes 15). Aan die een kant stel die woord voor dat die gelowige rus en bly, soos 'n kind wat in sy ma se omhelsing leun (Wilbourne, 2016:145). Aan die ander kant is dit 'n daad om te bly. Hier is iets wat jy moet kies om te doen. Jesus beveel ons, "Bly in My." Hy beveel ons om in Hom te rus. Ons moet doelbewus deelneem aan Jesus, en Jesus

maak dit duidelik dat die hoeveelheid vrugte wat uit ons lewens kom, 'n direkte gevolg sal wees van die mate waarin ons Hom die geleentheid gee om sy lewe in ons te leef (Wilbourne, 2016:145). Wilbourne moedig ons aan om elke dag te begin met die belewing van ons eenheid met Christus (Wilbourne, 2016:152). Geestelike oefeninge dra by tot geestelike gesondheid. Dit beteken nie dat ons op sigself verander nie. God is die Een wat ons verander. Die leraars se spiritualiteit beteken dat hulle ruimte skep waar God in hulle kan werk. Geestelike dissiplines is gewone middele wat God vir hulle voorsien het om sy buitengewone genade te ervaar (Wilbourne, 2016:155-156).

Om in Christus te bly, kom nie natuurlik en vanself nie. Daar is selfs leraars wat die doodgewone geloofsgewoontes, soos *lectio divina* en die Gebed van Examen (om eers enkeles te noem) moeilik vind. Ons moet leer hoe om dit te doen. Die “bly in My” is 'n kuns, en soos enige kuns, vereis “bly” oefening en dissipline (Wilbourne, 2016:163). Die deelnemers aan hierdie navorsing het juis die nut van die geloofsgewoontes gesien as een van die maniere van “bly in My”. Daar is niks wetties of moralisties aan die geestelike dissiplines nie, en die leraar probeer nie om daarmee iets te bereik, verdien, of selfs om te beïndruk nie. Dit gaan doodgewoon daaroor om die middele wat oorgelewer is, te gebruik om die diepte van ons eenheid met Christus te beleef en selfs te verinnig[30].

Om Christus lief te hê, beteken dat jy sy liggaam, die kerk, liefhet. Eenheid met Christus gee ons 'n hoë agting vir die kerk (Wilbourne, 2016:182) en verbind jou met 'n geskiedenis baie langer as wat jy ooit op jou stamboom kan naspeur (Wilbourne, 2016:184). Paulus bid daarom nie vir Christus om by jou teenwoordig te wees nie, sê Wilbourne. As gelowige is Christus reeds. Hy bid vir jou om van jouself te weet, "Ek is iemand in wie Christus Jesus woon", vir jou bewustheid van jou mistieke eenheid met Christus, dat jy sal glo wat jy weet (Wilbourne, 2016:194).

3.5.13. Die hart van Paulus se teologie

Die mistieke eenheid met Christus is so ingebed in Paulus se teologie dat hy met reëlmaat verwys na Christene ('n term wat hy nie gebruik nie) as diegene wat "in Christus" of "in die Here" is (vgl.

---

30 James K.A. Smith (2016) beskryf die geestelike dissiplines as om lief te wees waarvoor God lief is: “The God who is love reorders our loves, bending our deepest desires back toward himself, so that we might rightly love our neighbors for his sake. The Spirit rehabituates our loves not merely for the sake of renovation but so that we can love even our enemies” (Smith, 2016:189).
Dallas Willard (1991) sien die dissiplines vir ons spirituele lewe as die interaksie tussen God en die mens wat as gesamentlike pogings van God en die mens, wat lewe in die krag van die Gees, ontwikkel kan word (Willard, 1991:77). “Spirituality is not a pious pose. It is not a “Thou shalt *not*”; it is “Thou shalt.” It flings open the doors into the eternal blessedness, energies and resources of God” (Willard, 1991:79).

Rom. 16: 1-13; Fil. 4: 21; Kol. 1: 2), maar sy taal strek veel verder. Sy briewe sluit verwysings na gelowiges in wat *in Christus geskape* is (Ef. 2: 10), *saam met hom gekruisig* is (Gal. 2: 20), *saam met hom begrawe* is (Kol. 2: 12), *gedoop in Christus* en sy dood (Rom. 6: 3), *verenig met Hom* in sy opstanding (Rom. 6: 5), en *saam met Hom in die hemelse plekke* sit (Ef. 2: 6), Christus word *in gelowiges gevorm* (Gal. 4: 19) en *woon in ons harte* (Ef. 3:17), die kerk as ledemate en organe van Christus se liggaam (1 Kor. 6: 15; 12: 27), *Christus in ons* (2 Kor. 13: 5) en *ons in Hom* (1 Kor. 1: 30); die kerk as *een vlees met Christus* (Ef. 5:31-32), en gelowiges wat *Christus verkry/in Hom gevind word* (Fil. 3:8-9). Paulus gebruik die begrip “eenheid met Christus” meer as tweehonderd maal in sy briewe alleen! Die hart van Paulus se teologie is mistieke eenheid met Christus (Johnson, 2013:19-20).

3.5.14. Ons eenheid met Christus wis nie ons menswees uit nie

In ons mistieke eenheid met die God-mens word ons mensheid nie uitgewis nie, maar herstel. Ons word nie op so 'n manier met Christus versmelt dat ons individuele bestaan in syne verdwyn nie. Daar vind ook nie ’n fusie met Christus plaas sodat die mens iets word wat nie menslik of goddelik is nie (Johnson, 2013:50-51). Die inkarnasie van die Woord van God, waardeur hy ten volle mens geword het, sonder om op te hou om ten volle God te wees, verklaar dat ons deelneem aan die ewige lewegewende verhouding tussen die Vader en die Seun omdat die Seun ons mens-wees in sy persoon aangeneem het (Johnson, 2013:80).

3.5.15. Heidelbergse Kategismus, vraag 20

Die Heidelbergse Kategismus (Vraag 20) maak dit duidelik dat niks wat Christus bereik het, ons s'n kan word nie, tensy ons "deelgenote" van Christus is, “ ingelyf”, "ingeplant" of "ingegraveer" word in Hom deur geloof (Johnson, 2013:94). Hierdie (mistieke) eenheid kan gedefinieer word as daardie intieme, noodsaaklike en geestelike eenheid tussen Christus en Sy mense, op grond waarvan Hy die bron van hulle lewe en krag is, van hulle saligheid en verlossing (Johnson, 2013:96). Sy dood en opstanding het ’n huidige daaglikse operatiewe uitwerking in die lewens van diegene wat met hom verenig is (Johnson, 2013:123). Die leraar in mistieke eenheid met Christus, wat deelneem aan die bediening van die lewende Christus, kan saam met Paulus hom- en haarself gedurig herinner aan die bekende woorde, “ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my!” (Gal.2:20)

3.5.16. Die volmaakte beeld van God herstel ons beeld

Iemand wat die volmaakte beeld van God is, lewe in ons midde en Hy is die Seun van God en God self. Verder woon Hy in ons en nooi hy ons uit om deel te hê aan Hom en met Hom verenig

te lewe. Johnson (2013:130) vra of dit moontlik is dat God, in sy magtige, geduldige, genadige, kreatiewe en (letterlik) self-opofferende liefde, ons eintlik weer deur Jesus Christus nuut maak sodat ons weer werklik die geseënde beeld van God kan wees? Dit is, want dit is presies wat God vir ons sê, "want Hy het hulle wat Hy reeds tevore geken het, ook vooruit bestem om gelykvormig aan die beeld van sy Seun te word, sodat Hy die Eersgeborene onder baie broers kan wees" (Romeine 8:29). God herstel ons na die *imago Dei,* wat ons oorspronklik geskape is om te wees – om ons te herstel tot ons outentieke menswees, met ander woorde – God self het geword wat Hy geskape het (Johnson, 2013:135). God maak ons weer na sy beeld, en Hy doen dit deur ons te verenig met die Een wat daardie beeld is (Johnson, 2013:136).

3.6. WIE IS ONS AS PREDIKANTE?

Vir die leraar wat dikwels op soek is na sy of haar identiteit, is dit gerusstellend om te weet dat hy of sy in Christus, in sy of haar eenheid met Hom, eerstens God se geliefde kinders genoem word. As God se geliefde kinders, wat ingeneem is in die *perichoresis*, deur sy of haar mistieke eenheid met Christus, is die leraar bevoorreg om deel te neem aan die lewe van sy of haar God. Die besondere voorreg, die misterie waaroor die leraar hom of haar verwonder, is dat God drie-enig hom of haar raaksien, kies en roep om deel te neem aan die voortgesette bediening van die opgestane Christus. Die leraar is derhalwe nie die een wat Christus inkarneer nie, maar as mistagoog, getuie van die teenwoordigheid en bediening van Jesus, ‘n bediening tot die Vader deur die Gees. As mistagoog is die leraar geroep om die gemeente te begelei om bewustelik *coram Deo* te lewe, ’n roeping waardeur die leraar met sy of haar lewe in Christus, Christus self modelleer. Die fokus is dus nie op die predikant nie, maar op Christus. Die identiteit van die leraar is daarom nie in die titel, dominee, soos hy of sy meesal aangespreek word nie, maar word lank voor sy of haar roeping as predikant, gevorm deur die drie-enige God self, wanneer Hy by die doop van die leraar hom of haar aanneem as sy geliefde kind. Hierdie verhouding tussen God en sy kinders is volkome God se inisiatief, en die leraar kultiveer hierdie kosbare verhouding, deur te “bly in My, soos Ek in julle” (Johannes 15).

3.7. ONS MISTIEKE EENHEID MET CHRISTUS DEUR DIE HEILIGE SAKRAMENTE

3.7.1. Sakramente as sigbare tekens van ’n onsigbare werklikheid

Sakramente is sigbare tekens van 'n onsigbare werklikheid. Ons leef in 'n ontnugterde wêreld waar die sin van God van die aarde verdwyn. In geen deel van die kerk se aanbidding is hierdie ontnugtering duideliker as in ons siening van die sakramente nie. Baie Protestante, miskien uit

vrees om te "Katoliek" voor te kom, het wegbeweeg van die sien van die sakramente as ŉ middel van genade, maar dwarsdeur die Nuwe Testament word die doop beskryf as 'n teken van ons eenheid met Christus (Kol. 2:12; Rom. 6: 4; Gal. 3: 27). Die belangrikste kwessie oor die doop is nie “hoe” (onderdompeling of besprinkeling?) of “wie” (kinders of volwassenes?) nie, maar “wat”? (Wilbourne, 2016:159).

3.7.2. Die sakramentele misterie

Die Christendom het histories sakramentele misterie omhels juis omdat die Christendom gewortel is in die misterie van die God-mens. Die woord “sakrament” kom nie in die Bybel voor nie, maar word allerweë gesien as ŉ vertaling van die Griekse term μυστήριον wat verwys na geheimnisvolle handelinge van God (Burger, 1999:179)[31]. Die sakramente is duidelik aanvoelbare opvoerings (“palpable enactments”) van die evangelie waardeur die Heilige Gees die vergewende, vernuwende en beloftevolle liefde van God in Jesus Christus aan ons kom bevestig en waardeur Hy ons lewend maak om in geloof, hoop en liefde te leef. Die teenwoordigheid van Christus in die verkondiging van die Woord en die teenwoordigheid van Christus in die sakramente is nie twee verskillende Christusse nie, maar een en dieselfde Christus, teenwoordig op verskillende maniere. Die Griekse woord μυστήριον waarvan ons woord “misterie” afgelei is, word in Latyn vertaal met *sacramentum* wat verwys na die teenwoordigheid en doel wat God het wanneer hy Jesus Christus aan ons bekend maak. Die Woord van God en die sakramente kan nie geskei word nie, net so is die werk van die Heilige Gees in beide die Woord en sakramente en ons reaksie in geloof van die hoogste belang (Migliore, 2004:280). Daar is ook in ons Gereformeerde tradisie veel gemaak van die verstaan van die sakramente as sigbare tekens – preke waarna ŉ mens kyk. “Terwyl ek glo dat daar veel meer aan die sakramente is, moet ons sorg dat ons hierdie verkondigende werking van die sakramente nie verloor nie” (Burger, 1999:180). Die sakramente is een van die maniere waarop God ons in mistieke eenheid met Christus bring. Hy is hulle bron, substansie en doel. Hulle is die sakramente van Christus (Johnson, 2013:216).

3.7.3. Christus die substansie van die sakramente

Net soos Christus die inhoud van die evangelie is, so is hy die substansie van die sakramente. Dié Christus, met wie ons een geword het, is dieselfde Christus wat ons steeds in Woord en

---

[31] Coenie Burger (1999) pleit juis daarvoor dat ons meer moet maak van die misteriekant van die sakramente. Die oordrewe klem op die rasionele het “ons by tye stomp gemaak vir die kant van God en van die geloof wat nie in rasionele terme verduidelik kan word nie, dit is: die misteriekant van God waarvoor ons net in geloof en verwondering kan buig. Ek glo dat die sakramente ons kan help om meer bewus te wees van en in kontak te kom met hierdie onbegryplike kant van God se heerlikheid en genade” (Burger, 1999:180).

sakrament, die hoorbare en sigbare evangelie, ontvang. Christus alleen gee Homself aan ons deur die Gees in hierdie “skepsellike” dade; en so is Hy alleen God se sakramentele genade deur die Gees in ons midde. Hy gee Homself steeds aan die kerk in Woord en sakrament (Johnson, 2013:217).

Ons eenheid met Christus vorm die basis vir ons begrip van die sakramente – die gawes van God vir die volk van God wat ons toelaat om voortdurend deel te neem aan die een groot sakrament, Jesus Christus self (Johnson, 2013:218). Wanneer die evangelie behoorlik verkondig word, maak die sakramente voor ons oë duidelik wat hoorbaar aan ons geoffer is; of, om dit anders te stel, die sakramente "eksegetiseer" die gepredikte Woord net soos die gepredikte Woord die sakramente "eksegetiseer" – en Christus word aangebied en ontvang in beide (Johnson, 2013:218-219). Vir die Hervormers het die leerstelling van die ware teenwoordigheid van Christus in die sakramente direk gevloei uit hulle geloof in die ware teenwoordigheid van Christus in die Woord (Johnson, 2013:219).

3.7.4. Die persoonlike karakter van God se self-kommunikasie

Christus self word die paradigma van wat presies sakramenteel is. Die sakramente raak al hoe meer toepaslik-trinitaries. Jesus Christus is die primêre sakrament (Migliore, 2004:281). Ons deelname aan Christus se menslikheid trek ons onsself in in God se drie-enige koinonia (Canlis, 2010:160). Ons eucharistiese teologie sluit aan by die belydenis dat 'n ware menslike deelname aan God op 'n ware menslike manier moet gebeur. Die sakramente kommunikeer en veroorsaak wat hulle aandui. Die sakramente het die dubbele funksie om van daardie werklikheid te getuig, terwyl dit ook die middele van deelname daaraan is (Canlis, 2010:164).

3.8. DIE HEILIGE DOOP

3.8.1. Inleiding

Die herontdekking van die leraar se primêre identiteit as “geliefde kind van God”, ’n identiteit wat hy of sy in sy of haar doop ontvang het, dra ook by tot die nuwe fokus op die bediening wat hy of sy van God ontvang het, om in deelname aan die lewende Here, te vervul. Die deelnemers aan hierdie navorsing heg groot waarde aan hulle doop en leef vanuit die doop hulle lewe en bediening.

3.8.2. Genade in die Geliefde

Christus se doop – die verklaring dat Hy die Geliefde Seun is – word spesifiek die belofte van ons aanneming waardeur ons God self ons Vader kan noem. Om God ons Vader te noem, is direk

gekoppel aan ons ingegraveer-wees in die enigste Een wat 'n reg op Kindskap het. Ons ontvang genade in die Geliefde (Canlis, 2010:134-135).

Calvyn gee in hierdie opsig die nodige begeleiding. Die doop is volgens Calvyn die teken van ons inlywing waarin ons ontvang word in die gemeenskap van die kerk, sodat ons as ingegraveer in Christus beskou kan word, as God se kinders (Calvin, Ed. McNeill, 1977:1303). Dit is 'n teken en bewys van ons reiniging, soos 'n verseëlde dokument wat bevestig aan ons dat al ons sonde so vergewe is, dat ons God nie weer daarna kyk, dit in herinnering roep, of ons daaroor verwyt nie (Calvin, Ed. McNeill, 1977:1303).

Die doop is 'n teken van ons eenheid met Christus, so verenig met Christus dat ons deelnemers word aan al sy seëninge. Hy het immers die doop toegewy en geheilig in sy eie liggaam sodat Hy dit gemeen met ons kan hê, as die nouste band van die eenheid en gemeenskap wat Hy met ons wou hê. Paulus voer aan dat ons kinders van God is vanweë die feit dat ons ons met Christus beklee in die doop (Galasiërs 3:26 en 27). Al die seëninge in die doop wat aan ons toegesê word, word in Christus gevind. Ons word gedoop in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees. Ons word gereinig deur die bloed van Christus omdat die genadige Vader die Middelaar in ons midde geplaas het om vir ons guns in sy oë te verwerf. Ons word nuwe mense deur Christus se dood en opstanding, slegs as ons geheilig is deur die Gees en deurdrenk word van ’n nuwe en geestelike natuur (Calvin, Ed. McNeill, 1977:1307-1308). Die doop verenig ons nie net met Christus nie, maar ook met Christus se geskiedenis. Die doop plaas ons op ’n nuwe plek, waar dit wat met Christus gebeur het, naamlik sy dood en opstanding, ook in ’n sekere sin met ons gebeur (Brownson, 2007:48). In Romeine 6:8 word ons eenheid met Christus se dood beskryf as iets wat reeds gebeur het. Om met Christus te sterf is dus nie iets wat ons bewerk nie, maar iets wat God doen deur ons met Christus te verenig (Brownson, 2007:49).

3.8.2.1. Die doop as God se sigbare Woord

Ons mistieke eenheid met Christus beteken wat Myne is, is joune en wat joune is, is Myne. Deur die doop word ons ingedoop in Christus se dood vir ons sodat sy offer ons offer word en sy liefdesbewys ons liefdesbewys. Sy Seunskap as die geliefde word ons kindskap as geliefde kinders van die Vader, sy volmaakte antwoord op God se liefde word ons antwoord aan God (Burger & Cilliers, 2014:89). God kyk na ons deur die bril van wie Christus is en sien in ons niks anders nie as Christus se broers en susters, sy kinders. Dit sê Hy vir ons wanneer ons in sy Naam in die dood van Christus ingedoop word. Ons doop plaas ons voor die kruis van Christus, en wanneer ons na die kruis kyk, sien ons dat ons in die eerste sin afwesig is: Christus sterf, van alle

mense verlaat, die dood van die eensame onskuldige slagoffer. Hy sterf vir ons en bring so die liefdesoffer wat ons nie kan of wil nie. Deur ons eenheid met Christus was ons wel daar. In die Doop sê God vir jou dat jy reeds saam met Christus gesterf het (Burger & Cilliers, 2014:90). Die doop is God se bevestiging aan ons, in die sigbare teken en seël van water, van ons inlywing in die dood, begrafnis en opstanding van Christus, die reiniging van ons sondes en ons insluiting in Christus se liggaam, die Kerk, deur die krag van die Heilige Gees en deur geloof. Die doop is 'n sigbare woord van God wat die evangelie "vergestalt" en ons op 'n tasbare en ervarings-kragtige manier wys waaroor redding gaan. Dit is 'n gawe van God wat die beloftes van die evangelie duidelik uitdruk en ons nuwe bestaan en identiteit in Christus toon (Johnson, 2013:227).

3.8.2.2. Hoe God na die gedoopte kyk

God weier om jou te sien in die lig van wat jy van jouself gemaak het en wat ander mense of hierdie wêreld van jou gemaak het; in die lig van jou rekord. Hy sien jou in die lig van Christus, as iemand wat reeds deur die oordeel is, reeds gesterf het, iemand wat vry is van die bande van sy of haar verlede en oop vir die toekoms wat vir hom of haar oopgaan in Christus. Hy sien jou as dit wat jy in Christus is en deur die werk van die Heilige Gees gaan word: sy kind, gemaak na sy Beeld, gemaak vir mistieke eenheid met Hom (Burger & Cilliers, 2014:92).

Paulus sê in Galasiërs 3:27 dat die doop ons ‘n nuwe stel klere gee wat bestaan uit Christus self. God tree teenoor ons op asof ons Jesus self is, vir God lyk die gedoopte net soos Jesus. In Christus beteken om verenig te wees met Christus om dieselfde verhouding met God te hê wat Christus het. Die doop verteenwoordig ons nuwe self. Volgens die beeld van ons Skepper (Brownson, 2007:47). Wie ons ten diepste is, is ook wie ons besig is om te word (Brownson, 2007:50).

3.8.2.3. Ons naam by die doop

Vanuit die doop begin ons ons identiteit in Christus ontwikkel. Die doop kom met ’n naam by. By die doop word ons naam hardop gesê as ontvanger van die seën en invloed (Burger & Cilliers, 2014:19). Deur die doop word ons aan Jesus verbind en kan die heil as’t ware in ons lewe begin invloei. Dit is die begin van die proses waardeur die Gees ons ’n wedergeboorte skenk en ons bekeer, omvorm en vernuwe (Burger & Cilliers, 2014:23).

By ons doop word verkondig dat jy ’n ander laaste naam het. Burgess (2005) sê, van hier af moet ons haar op haar ware naam noem. Dit is jou noemnaam gevolg deur “kind van God” die Vader, Seun en Heilige Gees. Al staan jou naam en van op jou doopseël geskrywe, is jou naam nou gekoppel aan die Naam van die drie-enige God. By die doop word ons “na die tempel toe gebring

en aan God geoffer" en het ons ook 'n tempel van die Heilige Gees geword. By ons eerste geboorte kom ons uit die moeder se baarmoeder terwyl ons spartel en skree. By ons doop word ons gebore in die Koninkryk van God, 'n nuwe geboorte (Burgess, 2005:3).

In die waters van die doop ontvang ons 'n nuwe identiteit - geliefde kind van die God. Die krag van ons doop lê juis daarin dat God ons opeis voor ons iets daaroor kan sê of daaraan kan doen of enigiets in hierdie lewe kan verdien. Ons doop verkondig dat God verklaar dat Hy na ons uitreik voor ons selfs weet hoe om uit te reik na Hom en na ander, ten spyte van ons foute en ons mislukkings. In sy mistieke vryheid het God ons geskape vir Homself en ons geroep om sy kinders te wees, seuns en dogters van God wat in 'n intieme liefdevolle verhouding met sy eie Wese, die drie-enige God, lewe. Daarom bly ons in God se oë slegs kinders. Ons word nooit so groot dat ons God se gelyke is nie, nooit onafhanklik of selfvoorsienend nie. God noem ons seun of dogter en nooi ons om Hom "Abba" te noem (Burgess, 2005:4-5). Die drie-enige God is 'n God wat na hulle toe kom wat swak en hulpeloos is en hulle optel.

3.8.2.4. Om te onthou wie jy is

Ons word elke dag versoek om te vergeet wie ons regtig is. Martin Luther het gesê dat elkeen sy doop moet beskou as die daaglikse kleed wat hy die heeltyd moet aantrek en dra (Burgess, 2005:6). Versoeking val gewoonlik ons kern-identiteit aan. Net na Jesus se doop word hy deur die vyand in versoeking gebring. Ons lees daarvan in Matteus 3. Twee keer probeer die vyand Jesus se identiteit herdefinieer: "As U die Seun van God is"... Om aan die versoeking toe te gee is om ons identiteit in Jesus Christus te vergeet, met ander woorde om te vergeet dat ons bekend staan as God se geliefde kind. Om aan hierdie versoekings toe te gee is om in 'n identiteitskrisis gedompel te word. Ons begin wonder wie ons werklik is en wat ons veronderstel is om te doen met ons lewens. Ons begin twyfel of ons lewens baie werd is (Burgess, 2005:6).

3.8.3. Ons ware "self"

Ons egte en diepste self is die self wat verenig is met Christus in sy dood en opstanding, dit is die self wat Christus vir ons gegee het wat verseël is in ons doop en ons leef wat ons reeds deur ons doop in Christus is. Ons word dikwels geteister deur die sonde in ons verlede. Die uitweg is om dit agter te laat en in te klim in ons nuwe identiteit wat aan ons gegee is in Christus deur ons doop. Ons hoef net ons doop te leef. Deur ons doop word ons deur die Here Jesus geroep en hierdie roeping sluit in dat ons ons ou verlede aflê, sodat 'n nuwe lewe in ons kan opbruis, soos ons Jesus volg (Brownson, 2007:51). Dit beteken dat, wat ons ontvang het van God, ons toepas op ons lewens. Ons nuwe identiteit, ons ware self, word in mistieke eenheid met Christus deur ons doop

aan ons gegee (Brownson, 2007:52). Een van die deelnemer-leraars aan hierdie navorsing het vertel dat hy vir sy kind wat die huis verlaat het om te gaan studeer, net een ding gesê het: “Onthou, my kind, jy is gedoop!”. Daarmee het hy in ’n paar woorde vir sy kind laat verstaan wie sy “ware self” is.

3.8.4. Christus se bloed en ons doop – ons verbondsverhouding

1 Petrus 1:2 beskryf die gelowiges as hulle wat uitverkies is volgens die voorkennis van God die Vader om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word. Volgens die Bybel beteken om gedoop te wees in Christus se dood ook om besprinkel te wees deur sy bloed. Dit beteken dat ons weer in ’n regte verhouding met God is, herstel tot die oorspronklike orde en intensie van God vir die menslike lewe (Brownson, 2007:55). Dit is net deur verenig te wees met Jesus in ons doop dat ons lewens herstel word tot God se oorspronklike bedoeling vir ons menslike lewe soos Jesus dit volmaak uitgeleef het. Dit is slegs in ons verhouding van mistieke eenheid met Christus dat ons van ’n verbondsverhouding met God kan praat (Brownson, 2007:56).

3.8.5. Deel van Christus se liggaam

Ons doop wys ook na die punt waar ons in die openbaar verwelkom word in die sigbare kerk, die liggaam van Christus. Dit is in hierdie liggaam van Christus waar ons lewens gereinig word en stadig maar seker herstel word. Dit is hier waar ons leer om te vergewe, vrygewig te wees, gasvry te wees, genadig te wees, en te leer wat versoening is (Brownson, 2007:57).

Die doop is 'n duidelike beeld van die duur liefde van Christus vir sy bruid, die kerk. Die doop in Christus kan nie geskei word van die doop in sy liggaam, die kerk, nie. Dit is waarom die doop verstaan is as 'n sakrament van inlywing in die kerk (Johnson, 2013:229). Die doop, sê Johnson, is 'n beslissende oordeel teen individualistiese idees van verlossing en herinner ons juis daaraan dat redding 'n gemeenskaplike werklikheid is – gemeenskap met die Vader deur die Seun in die Gees, en gemeenskap met almal wat deur dieselfde werklikheid geïdentifiseer word. Die misterie van die evangelie, die misterie van die kerk, is die misterie van "Christus in jou" (Johnson, 2013:230)[32].

---

[32] Scot McKnight, wat as ‘n Baptis grootgeword het en hom toe “bekeer het” (sy eie weergawe) tot die Anglikaanse Kerk (McKnight, 2018:89-96), verduidelik wat gebeur wanneer ‘n nuwe dooplidmaat tot die gemeente toegevoeg word. Hy sê dat daar op Sondag wanneer die doop bedien word in hulle gemeente, ‘n gegons van afwagting en opwinding in die lug is. Nuwe mense wat hulle nog nooit voorheen gesien het nie,

Ons doop belowe nie net vergifnis van ons verlede sonde nie maar staan as ’n belofte van vergifnis en reiniging wanneer ons ook al in die toekoms tekort kom aan God se doel vir ons lewe wat geleef word binne die liggaam van Christus, sy gemeente (Brownson, 2007:58). Ons word deur die doop met Christus se liggaam verenig. Sy liggaam is al die gelowiges saam. Ons word deur die doop met mekaar verenig (König, 2005:27). Die doop is ons ordening in die amp van gelowige (Burger & Cilliers, 2014:18).

3.8.6. Die Heilige Gees in ons doop

Dit is die Heilige Gees wat ons met Christus in ons doop verenig, dit is die Heilige Gees wat hierdie band lewend en effektief maak. Paulus sê in Romeine 8:9 en 10, “Julle, daarenteen, bly nie in julle sondige aard nie, maar in die Gees – as die Gees van God inderdaad in julle woon. As iemand nie die Gees van Christus het nie, behoort hy nie aan Hom nie, maar as Christus in julle is, is die liggaam, as gevolg van die sonde, wel dood; daarenteen, op grond van die regverdiging, is die Gees lewe” (2020 Vert.). In die eerste sin praat Paulus van die Gees van God wat in julle woon. In die tweede sin word dieselfde Gees die Gees van Christus genoem. In die derde sin word die Gees wat in julle woon gelykgestel aan Christus wat in julle woon. Dit is die Heilige Gees wat ons mistieke eenheid met Christus ’n werklikheid maak, en tog is die drie-enige God volledig betrokke en werksaam in hierdie mistieke vereniging tussen ons en ons Here. In Johannes 14 belowe Jesus dat hy nie sy dissipels as weeskinders sal agterlaat nie maar na hulle toe sal kom. Die terugkeer van Jesus om by sy dissipels te wees en die koms van die Heilige Gees blyk dieselfde te wees. In Johannes 16:14 sê Jesus dat die Gees alles wat syne is sal neem en dit aan hulle duidelik maak. Die Gees neem Christus se wysheid, sy hele lewe, sy geregtigheid en waarheid en bring dit na ons in ons doop om ons daarmee te verenig (Brownson, 2007:61).

Ons doop wys heen na ons inlywing in Christus maar ook na ons inlywing in ’n verhouding met die Heilige Gees (Brownson, 2007:62). Hierdie inlywing in ’n verhouding met die Heilige Gees is die mees intieme wat ons kan beleef. Paulus skryf in Romeine 8:26,27: “So kom die Gees ons ook in ons swakheid tot hulp, want ons weet nie mooi waarvoor ons behoort te bid nie; maar die Gees tree self vir ons in met versugtinge wat nie verwoord kan word nie. Hy wat die harte deurgrond,

---

arriveer en die predikante en ouers tref die finale reëlings. Die liturgiese ruimte is gewoonlik gevul met simbole en mense. Die doop is ’n groot gebeurtenis in die Anglikaanse kerk. Dit getuig van God se genade, van nuwe lewe in Christus, die heilsame boodskap van die water, die verwelkoming van ’n nuwe kind in die gemeente en die deelname van die gesin en die hele gemeente aan die openbare verbintenis om hierdie kind in die geloof te ondersteun (McKnight, 2018:26). Die hele gemeente is betrokke, want die tuiste van die doop is die kerk, die liggaam van Christus, waarin die gedoopte ingelyf, ingegraveer word.

weet wat die bedoeling van die Gees is, dat Hy volgens die wil van God vir die heiliges intree" (2020 Vert.). Die Heilige Gees skep die moontlikheid vir gemeenskap met God wat 'n intimiteit en direktheid insluit wat selfs ons taal transendeer. Om die Gees van God te ontvang beteken om intieme kennis van God se hart en gedagtes te hê en vir God om ons s'n te ken. Die Gees van God bring die woord van God op 'n unieke wyse na ons toe (Brownson, 2007:63). Die gedoopte kan weet dat hy of sy van die oomblik dat die doop aan hom of haar bedien is, in die intieme verhouding met die Heilige Gees, die Gees van die Vader en die Seun, lewe, en dat hierdie besondere verhouding al die beloftes wat die drie-enige God by ons doop maak, dwarsdeur ons lewe bevestig en bekragtig. Wanneer ons na ons doop kyk, sien ons die beeld van die misterieuse vernuwende werk van die Gees wat bevestig wat God in ons gedoen het, en belowe wat God nog sal doen terwyl ons hierdie nuwe lewe leef (Brownson, 2007:70).

3.8.7. God Drie-enig tree op by ons doop – "In die Naam van…"

Die Bybel praat van ons nuwe geboorte beide as mistieke begin van ons christelike lewe en dan die totaliteit van christelike transformasie na die beeld van Christus. Dat ons kan sê wanneer ons hierdie nuwe geboorte ontvang het, is onmoontlik omdat dit in geheimenisvolle werk van die Gees is (Johannes 3) (Brownson, 2007:72). Omdat ons doop 'n handeling van die drie-enige God is, is dit nodig om Hom ook by ons doop God te laat wees, sodat Hy in ons en aan ons kan doen wat Hy graag as Vader, Seun en Heilige Gees wil doen. Die grootste hiervan is ons mistieke eenheid met Christus wat deur die Heilige Gees bewerk word en deur die Vader gewil word.

Brownson (2007) vra wat dit beteken wanneer ons in die Naam van die drie-enige God gedoop word of doop? Word die klem nie dalk te veel geplaas op die persoon wat die doop bedien, die liturg, nie? Om te sê "ek doop jou in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees beteken eintlik om te sê "ek doop jou terwyl ek die drie-enige God verteenwoordig en optree namens Hom", maar wanneer ons praat van "in die naam van" sê ons daarmee ook dat die persoon aan wie die naam behoort, hier teenwoordig is en dat ons optrede van hom verwag. By die doop is God teenwoordig en ons verwag dat Hy sal optree (Brownson, 2007:79).

Om in "die naam van" iemand gedoop te word, beteken om jouself in verhouding en eenheid met daardie persoon te laat bring, en dit impliseer dat jy onder daardie persoon se heerskappy gebring word. Die Woord leer ons dat die doop 'n daad is wat ons in eenheid met God bring – Vader, Seun en Heilige Gees, of nog beter, dat dit die daad is waarin God ons in mistieke eenheid met die Vader, Seun en Heilige Gees "intrek" (McKnight, 2018:50).

Die woorde “in die Naam van” impliseer ook eienaarskap. Wanneer iets in die Nuwe Testament in die naam van ‘n god gedoen is of gekoop is, is aanvaar dat dit die eiendom van daardie god is. Wanneer iemand in die naam van Jesus of van die drie-enige God gedoop word dui dit op ‘n oordrag van eienaarskap. Die gedoopte behoort nou aan Jesus. Die Heidelbergse Kategismus Sondag 1 vraag 13 wys daarop dat die enigste troos in ons lewe en in ons dood is dat ons nie aan onsself behoort nie maar dat ons met liggaam en siel, in lewe en dood aan ons getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Wanneer die dominee iemand doop, glo ons dat dit nie slegs die handeling van ‘n mens is nie. Die predikant verteenwoordig nie net die kerk nie maar verteenwoordig en tree op namens God. God is daarom die een wat handel in en deur die aksie van die predikant in Christus wat die doop bedien. In hierdie sin is die predikant in mistieke eenheid (self as gedoopte) met Christus, ook ’n getuie, ’n mistagoog, wat die geloofsreis saam met die gedoopte begin, of die gedoopte nou daarvan bewus is of nie. Die predikant, saam met die ouers en die getuies en gemeente van Christus, sowel as die gedoopte is getuies van die gedoopte se mistieke vereniging met Christus, die reiniging van sy sondes, die uitstort van die Heilige Gees op die gedoopte, en die nuwe lewe wat in die doop ontvang word, en die feit dat die gedoopte nou die eiendom van Jesus Christus is, God se geliefde seun of dogter (Brownson, 2007:80-81).

Scot McKnight stel dit dat Gereformeerde teologie die doop beskou as ‘n mistieke ontmoeting met God wat plaasvind deur ‘n ritueel wat fisiese elemente en ’n besondere seremonie behels. Dit gaan in die doop oor wat God doen, nie wat ons doen nie. Dit is duidelik dat die doop eerstens en hoogstens ’n handeling van God is. God tree op in die doop, nie die priester of predikant wat die water in die Naam van die Triniteit oor die dopeling giet nie. Doop is ’n handeling van God wat doen wat slegs God kan doen. En daarom is die belangrike vraag: Fokus ons nie dalk te veel op wat *ons doen*, of georden is om te doen of hoe groot ons geloof is, in plaas daarvan om te fokus op wat *God doen* en gedoen het in Jesus Christus nie? (McKnight, 2018:60). Tussen hakies sê McKnight dat dit net reg is om te sê dat iemand wat hom of haar weer laat doop, dit doen terwyl hulle glo dat daar by die oorspronklike doop niks gebeur het nie en dat dit vir hulle niks meer is nie as ‘n simboliese en nie-sakramentele handeling. Eintlik sê hulle dat dit in die doop gaan oor wat hulle doen (of glo) en nie soseer oor wat God doen nie (McKnight, 2018:89).

> In the end, I do believe that we must make a choice on what is uppermost about baptism: Is baptism something we do or something that God does (McKnight, 2018:92).

Die feit dat die gedoopte in die doop ingegraveer word in Christus en in sy Liggaam, die Kerk, beklemtoon juis die feit dat die doop iets is “*wat aan ons gedoen word*” in God se genade, eerder

as iets “*wat ons doen*” (McKnight, 2018:95). Die verskeidenheid betekenisse wat aan die doop geheg word hou verband met dit wat God doen, en nie met wat ons doen nie. Die doop is God se werk in ons lewe. Dit is God (Vader, Seun en Heilige Gees) wat ons sy eiendom maak – dit is nie ons wat dit doen nie. Dit is God wat ons verenig met Christus en in sy kerk inlyf -ons doen dit nie. “Geeneen van hierdie betekenisse hou verband met dit wat ons doen (glo, getuig, bely) nie, maar met wat Hy doen as Hy ons deel gee aan die heil” (König, 2005:45). Natuurlik “bedien iemand” (die leraar) die doop, maar hierdie leraar tree uit en uit namens God op, en is bloot die hand wat God gebruik om in die doop te handel (König, 2005:46).

3.8.8. Die doop as eenmalige gebeurtenis

Die doop is 'n eenmalige gebeurtenis wat getuig van ons eenheid met Christus. Die Skotse belydenis (Artikel 21) stel dit min of meer soos volg, Ons weet verseker dat ons deur die doop in Christus Jesus ingeënt is om deel te neem aan sy geregtigheid waardeur ons sondes bedek en betaal word. Die doop is gegrond in die daad en beloftes van God en nie in die behoeftes en begeertes van individue nie. Die doop is God se optrede. Dit is 'n werk van die drie-enige God deur die instrumentaliteit van die kerk. Die Heilige Gees ent ons in Jesus Christus in om gemeenskap met die Vader deur Hom te hê. Deur die doop word ons ingevou in die lewe van God om te deel, deur ons eenheid met Christus, in die gemeenskap van liefde, wat die aard van God is. Die doop is 'n openbare uitstalling van 'n werklikheid dat ons deur God in en deur ons verbintenis met Christus aangewys en geroep is om God se verbonds-vennote te wees deur in Christus se eie lewe voor die Vader te deel (Purves & Partee, 2000:80). Ons inlywing in Christus kan net een keer gebeur, aangesien die mistieke werk van die heilige doop nie verlore kan gaan nie (Purves & Partee, 2000:82). Die klem word behoorlik geplaas op die daad en beloftes van God eerder as op die subjektiewe ervarings van die gelowige.

3.8.9. Gebeur daar werklik iets by die doop?

Gebeur daar regtig iets by die doop, vra Coenie Burger en Andries Cilliers (2014)? Ja, omdat Jesus self dit ingestel het en omdat Hy self in die sakramente teenwoordig is en na ons toe kom. ’n Mens kan nie die Nuwe-Testamentiese tekste wat na die doop verwys, lees en bly dink daar gebeur nie regtig iets by die doop nie (Burger & Cilliers, 2014:29).

Die Here kom met die genadegeskenk van die doop na ons toe, buig as’t ware uit die hemel neer en skryf sy Naam op ons voorkop. Mense se name word by die doop genoem, waarmee bevestig word dat die Here van jou weet en dat jy aan Hom behoort, en jou naam ken (Burger & Cilliers, 2014:36).

Adrio König (2005) skryf dat die doop eerder ’n gebeurteniskarakter as ’n verwysingskarakter het. “Die manier waarop die Nuwe Testament oor die doop praat, bevestig dat daar in die doop iets gebeur, en nie dat die doop net na iets anders verwys, ’n teken van iets anders is, of ons van iets anders verseker nie” (König, 2005:47). Nêrens lees ons iets soos, die doop verseker ons van..., of die doop is die simbool van..., of die doop beloof aan ons..., of die doop bevestig hierdie of daardie belofte van God nie. Die doop rus daarom heeltemal op die heilswerk van Christus, maar die doop is self ook ’n deel van die heilswerk van Christus. Deur die Heilige Gees gee Hy ons nou deel daaraan (König, 2005:47).

3.8.9.1. Ingetrek en ingenooi

Die doop in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees beteken dat die dopeling ingetrek word en deel word van die unieke geskiedenis van die Vader, Seun en Heilige Gees wat in die Woord vir ons vertel word. Deur die doop word ons deel van die verhaal (Burger & Cilliers, 2014:59). Dit beteken ook dat ons ingenooi word in die gemeenskap van die Vader, Seun en Heilige Gees. Die vroeë kerk het geglo gemeenskap of koinonia lê aan die hart van die Drie-eenheid. Vader, Seun en Heilige Gees leef in liefde en gemeenskap met mekaar volgens Johannes 17 en God se wens van die begin af was dat die mense wat Hy geskape het, deel van die gemeenskap sal wees. Ons hoor dit in woorde soos kindskap, verbond en deelname. By ons doop word die Naam van God oor ons uitgeroep en dit beteken dat ons nou aan Hom behoort, Ons ontvang ook deur die doop ‘n nuwe naam en identiteit. Ons is nou deel van God se familie. God is ons Vader en Jesus is ons oudste Broer en Verlosser. Ons het die Vader, Seun en Heilige Gees se gene en bloed (Burger & Cilliers, 2014:60). “Baptism is about God announcing that the one baptized is God’s child” (McKnight, 2018:54).

Wanneer ons doop in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees, sê ons daarmee dat ons op God staatmaak en op Hom vertrou, eerder as op onsself. Ons erken hiermee dat dit slegs in vertroue op God se genadige handelinge, op sy vervulling van sy belofte is, dat al die seëninge van die doop na ons sal vloei en deur ons sal vloei na die wêreld. Wanneer Paulus in Galasiërs 3:27 sê dat ons in Christus gedoop is, word daarmee die sentrale tema van mistieke eenheid met Christus in die doop as geheel uitgewys (Brownson, 2007:82). Die dopeling word vervul met verwondering oor die betrokkenheid en handeling van God in die doop. Dit is juis hierdie verwondering wat lei tot ’n lewe van dankbaarheid vir God. Vir die leraar wat daagliks lewe en bedien vanuit sy of haar doop, en die lidmaat wat deur hom of haar bedien word, staan dit vas dat daar wel “iets”, meer as genoeg, gebeur by sy of haar doop, om nie net te glo in die mistieke eenheid met Christus wat hulle deel is nie, maar dit ook daagliks bewustelik te leef. Die leraar

verwonder hom of haar daaroor dat hy of sy so begenadig word om so ’n groot handeling van die drie-enige God, namens Hom, in sy Naam, te mag doen en getuie te wees daarvan, en die dopeling leef in aanbidding van dié God wat, sonder dat hy of sy dit verdien, in liefde na hom of haar toe kom met die eenvoudige woorde, “Jy is my geliefde kind! Ek is bly oor jou!”, en dit terwyl God hom of haar boonop op die naam noem, wat deur sy of haar ouers aan hom of haar gegee is. Kerke wat sonder huiwering die woord “sakrament” gebruik, glo gewoonlik dat God self in die sakramente handel en sy gawes en Homself aan ons gee (Burger & Cilliers, 2014:26).

3.8.10. In Christus ingedoop: Jy is Myne, Ek is joune

Die hart van alles by die doop is dat ons deur die doop met Christus verenig word. Daarom is die doop ons deelname aan sy lewe, sterwe, begrafnis, opstanding en verheerliking. Sy verhaal word ons verhaal, ons verhaal word ingebed in syne en al die ander betekenisse van die doop vloei hieruit voort (Burger & Cilliers, 2014:73). Paulus skryf in Galasiërs 3:27 dat ons deur ons doop met Christus verenig is, in Christus ingedoop word. Die doop neem ons in Christus in, dit maak ons een met Hom. Jou naam en sy Naam word aan mekaar verbind, jy behoort aan Hom en Hy behoort aan jou, omdat Hy Homself hoe lank reeds met jou vereenselwig het. By jou doop kom sê Hy vir jou, “Ek het Myself ook vir jou gegee, Myself ook aan jou verbind”. Jy word deur jou doop ’n deelnemer aan wat Christus gedoen het, sodat jy kan sê dit is jy wat gesterf het, jy wat begrawe is, jy wat opgestaan het. Die hart van die doop is ons mistieke eenheid met Christus (Burger & Cilliers, 2014:77-78). Toe jy gedoop is, het Christus vir jou gesê, “Hiermee gee Ek Myself vir jou en hiermee sê Ek vir jou jy is Myne”.

3.8.11. Die kultivering van die vrees van en diens aan die Here

Die punt waarom alles draai in ons kultivering van die vrees van die Here in die gemeenskap van gelowiges, is die doop wat sigbaar word in die geloofsvolwasse praktyk van liefde. In die geloofsgemeenskap gaan dit oor water (Peterson, 2005:301).

Die doop plaas ons unieke en persoonlike naam in die gemeenskap van die Triniteit, Vader, Seun en Heilige Gees. Ons doop nie onsself nie, dit is altyd iets wat aan ons gedoen word in die Naam van die drie-enige God in die gemeenskap van gelowiges. Ons word gedoop in die drie-enige God, wat beteken dat ons nou deelnemers is in die geselskap van dié God wat hemel en aarde geskape het, die God wat ons geskiedenis betree het en verlossing as ‘n besliste handeling kom vestig het en die God wat ’n gemeenskap vorm om Hom te dien, getuies te wees van sy woorde en sy werke. Ons kern-identiteit is soos Syne persoonlik. Ons doop in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees beteken dat ons nou verwelkom word as volle deelnemers in alles van God.

Ons word ingedoop in ’n misterie (Peterson, 2005:303). Wanneer ons bely dat ons gedoop is in die Naam van die Drie-eenheid verstaan ons daarmee dat ons verwelkom word deur God as deelnemers. Ons word gedoop in die gemeenskaplike lewe van die Triniteit. Hy verwelkom ons in die Trinitariese dans, die *perichoresis* (Peterson, 2005:305).

Aan die eenkant beleef ons in ons doop die oneindige grootheid van God en terselfdertyd die onmiddellike persoonlike verhouding met God. Wanneer ons mediteer en bid in die naam van die Triniteit, ontdek ons wat dit beteken om hierdie grote, maar ook persoonlike God te mag ken. Van die oomblik dat ons naam genoem word in die Naam van die Triniteit, ken ons onsself op ’n nuwe unieke manier. Ons doop-naam nooi ons uit tot ’n manier van lewe wat Jesus volg en aan die lewende Here deelneem (Peterson, 2005:308).

3.8.12. Die doop as ingang in die verbondsruimte

Die navorser kan nie anders nie, na die verwondering oor die doop in sy eie lewe en die lewe van die reisgenote en deelnemers aan hierdie navorsing, as om te verwys na die absoluut deernisvolle en diep pastorale artikel wat deur proff. Gert Breed en Friedrich de Wet (2012) geskryf is oor die ingang in die verbondsruimte in as vertrekpunt vir die liturgiese daad om die doop-lewe in hierdie wêreld te leef.

3.8.12.1. Die sursum corda-daad

Die sin waarin die ontvangs van die sakrament van die heilige doop uitloop op 'n doop-lewe – die definisie van die Christelike identiteit en die koppeling van Christene op nuwe, transformerende maniere na die wêreld wat hulle bewoon – moet oorweeg word in die soeke na die herontdekking van die sakramentele sfeer. Breed en De Wet (2012) stel die integrale rol van 'n spiritualiteit van afwagting voor – ’n spiritualiteit wat homself uitdruk in die *sursum corda*-daad (om jou hart op te lig) om die bosinlike werklikheid van die verbonds-ruimte te betree waar God teenwoordig is, te visualiseer en deel te neem (deur geloof) in God se visie vir die vernuwing van ons lewens en om terug te keer na hierdie brose werklikheid waarin ons ons bevind, wat getuig van die uiteindelike hernuwing van die hele skepping.

Dit is dikwels moeilik vir Christene (ten minste in Gereformeerde konteks) om die verbintenis te sien tussen die historiese gebeurtenis van hul doop (gewoonlik aan hulle toegedien toe hulle babas was) en 'n duidelike en goed ontwikkelde visie oor die voortgesette doeltreffendheid en identiteitsvormende krag van hulle "gedoop-wees" in die daaglikse lewe. Soveel gedooptes het slegs ‘n vae geheue uit die verre seremoniële verlede, wat nie die daaglikse optrede van die gelowige in 'n doop-lewe kan vorm nie. By baie van hulle is daar ’n onwilligheid om die sakramente

as dade van God met ewigheidswaarde te sien, eerder as blote menslike herinneringe aan God se dade in die verlede (Breed & De Wet, 2012:28).

3.8.12.2. Sakramenteel ongeletterd

Ons het te doen met ’n generasie wat sakramenteel ongeletterd is. Die sakrament van die doop word te maklik slegs geassosieer met die kategorie seremonie (Breed & De Wet, 2012:29). ’n Aansienlike aantal Christene in die Gereformeerde konteks voel die behoefte om die sogenaamde doop van geloof as 'n tweede vorm van doop te ondergaan, en in die proses word enige gevoel van die handeling van God in die vorige doop geminag[33]. Die fisiese elemente het geen outomatiese krag in hulself nie, maar dit is Christus en die Gees wat deur hulle werk om verlossing toe te pas (Breed & De Wet, 2012:30). As 'n "seël" doen die sakrament iets wanneer 'n mens dit ontvang. Die doeltreffende werking by die werk in die sakramente hang af van die Heilige Gees, wat deur die sakramente werk soos Hy deur die Woord doen (Breed & De Wet, 2012:31).

3.8.12.3. Nuwe Testamentiese metafore

Daar is vyf uitstaande Nuwe Testamentiese metafore vir die doop (dikwels oorvleuelend en komplementeer mekaar altyd):

- Vergifnis van sonde (Handelinge 2:38; 1 Korintiërs 6:11)
- Eenheid met Christus (veral in sy dood en opstanding) (Romeine 6:3; Kolossense 2:12)
- Inlywing in die kerk (1 Korintiërs 12:13; Galasiërs 3:27-28)
- Ontvangs van die Heilige Gees (Hand 2:38)
- Nuwe geboorte of wedergeboorte (Johannes 3:5; Titus 3:5) (Breed en De Wet, 2012:32).

Die Een wat by ons doop die inisiatief neem, verklaar dat ons:

- Kinders van God is,
- By die naam geroep is,
- Lede van die hele Christelike gemeenskap is.

En daarom,

---

[33] Coenie Burger (1999) spreek ook sy sorg hieroor uit: “Die huiweringe en vrae rondom die kinderdoop maak dat ons dit wel nog bedien, maar al hoe versigtiger raak om veel daaroor te praat en die pastorale funksie daarvan te beklemtoon. Dit het tot gevolg dat die doop binne die meeste van ons lidmate se geloofsdinamiek feitlik geen rol speel nie. Ons het toegelaat dat ’n moeilike sistematies-teologiese debat oor die doop ons beroof van die heilstoepassende, vermanende en troostende funksies van die doop” (Burger, 1999:181).

- Verseël is as profete, priesters en konings,
- Verenig met Christus is,
- Begaafd is met die Gees,
- Opgewek is tot 'n nuwe lewe (Breed & De Wet, 2012:32).

Dit is duidelik uit die Nuwe Testamentiese perspektiewe dat die doop in wese iets is wat God doen en waarop ons reageer, eerder as ons optrede waarop God genadig genoeg is om te reageer. Ons is wie ons is omdat God ons liefgehad het, ons gekies het, ons aangeneem het, ons gesalf het om sy eie te wees. Deur die doop leer 'n Christen eerstens en laastens wie hy of sy is. Dit is die identiteits-ritus (Breed & De Wet, 2012:32).

3.8.12.4. ‘n Spiritualiteit van afwagting

Breed en De Wet praat van 'n spiritualiteit van afwagting wat wesenlik te doen het met die *sursum corda*-daad om die bosinlike werklikheid van die verbondsruimte te betree waar God teenwoordig is, dit te visualiseer en deel te neem (deur geloof) in God se visie vir die nuutheid van ons lewens en die uiteindelike hernuwing van die hele skepping (Breed & De Wet, 2012:33), maar dit behels ook dat ons terugkeer na die werklikheid van hierdie wêreld waarin ons leef en daarin die lewende kontak met God in ons doop uitstraal. Afwagting getuig van iets beters wat vir hierdie wêreld voorsien word as die gebrokenheid en besoedelende en disintegrerende magte wat nog in sy huidige toestand in die wêreld aan die werk is (Breed & De Wet, 2012:33).

3.8.12.5. Die innerlike mistieke heropbou-werk van die Heilige Gees

Niemand kan antwoord op God se beloftes wat in die doop verseël is sonder die innerlike mistieke heropbou-werk van die Heilige Gees nie. Die kerk het die roeping om – deur sy lering en optrede – die beste instrument in die hande van die Heilige Gees te wees om die gedooptes te begelei om in 'n verbondsverhouding met God en sy volk te leef sodat hulle die identiteitsvormende en transformerende krag kan ervaar wat in hul doop aangedui, verseël en belowe word (Breed & De Wet, 2012:34).

3.8.12.6. Die “gans Andere”

Om in die verbondsruimte in te gaan, beteken dat jy ingaan in 'n ruimte waarin jy reeds ingebed is (Breed & De Wet, 2012:35). God het die verbondsruimte geskep. God het die verbond met Abraham en deur Christus met elke gelowige en hulle kinders gesluit. Die doop verseël hierdie verhouding met die teken van water. Sodra God sy verbond met jou gesluit het, is dit 'n lewenslange verbond van sy kant af. God se beloftes kan nie ongedaan gemaak word nie. Die

drie-enige God is nou die "gans Andere" in die mens se lewe. Die doop bevestig dat hierdie "gans Andere" jou gekies het om deel van sy verbond te wees. Hy eis dat jy jou hele lewe aan Hom moet gee. Hierin het 'n gedoopte kind geen keuse nie, jy kan Hom nie ignoreer nie (Breed & De Wet, 2012:35). Ook wanneer 'n lid tot die punt van belydenis van sy/haar Christelike geloof in die midde van die gemeente kom, kan dit 'n rede wees vir die viering van die vernuwing van die lewe wat in die verbondsruimte floreer (Breed & De Wet, 2012:39).

3.8.13. “Ek het jou! Ek het jou!”

Daniël Louw (2007:125) vertel toe sy kinders klein was en net begin loop het, hulle die speletjie gespeel het dat die kinders maak of hulle wil weghardloop en hy hulle dan jaag en skreeu, “Ek gaan jou vang!” en as hy hulle dan ingehardloop het, het hy hulle gevang, in die lug op gegooi en met groot opwinding, “Ek het jou! Ek het jou!” uitgejuig. Hulle het dan van groot vreugde behoorlik uit hulle magies geskaterlag (Louw, 2007:125).

Hy sê hierdie spel met sy kinders is sy manier om die doop te verstaan. Mense hoef nie self te besluit om na God toe te gaan nie. God hardloop ons in, vang ons en gooi ons van opwinding in die lug met die woorde “Ek het jou! Ek het jou!”, en vang ons weer in sy arms. Om so gevang en om vasgehou te word laat ons skaterlag van vreugde. Hy voeg by dat hy dankbaar is dat die manier van doop nie werklik ter sake is nie. Die eenheid van die kerk is belangriker as die getwis oor die manier en die leer van die doop. Hy sê dat hy hom persoonlik verkneukel oor die feit dat hy klein gedoop is, dat hy nie self hoef te gekies het en daaraan hoef te bly vashou nie. Hy sukkel om te verstaan waarom mense meen hy moet sy verstand as 'n pluspunt voor die doop plaas dat hy dus eers groot moet wees en kan verstaan waaroor die doop gaan voor hy hom laat doop, so asof sy harsings nou 'n bydrae moet maak tot sy geloof en redding. As hy die betekenis van die doop aan emosie moet koppel, wonder hy wat dan sal gebeur as hy van byvoorbeeld beroerte heeltemal geen beheer meer oor sy emosies het nie, of wat gebeur in elk geval met bv. intellektueel gestremde mense wat nie altyd in die helder kategorieë van slim mense kan dink om God se bevel te gehoorsaam nie. Val sulke mense dan buite God se genadige verbondsirkel? Voordat ek kon kies kon vra, het u Seun my vloek gedra. Hy hoor die woorde “Ek doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees en in die geritsel van die doopwater word hy bewus van die sirkel met sy volledige omtrek: “Ek het jou! Ek het jou!” (Louw, 2007:126).

3.9. DIE HEILIGE NAGMAAL

Soos by die doop, ontdek die leraar as mistagoog in mistieke eenheid met Christus die waarde van die sakrament van die nagmaal, wat gereeld deur hom of haar uit die hart en hand van God

ontvang word, en dan aan al God se gedooptes bedien word. Die navorser onthou die gebed waarmee ’n diaken na ’n nagmaalsdiens in die konsistorie afgesluit het, helder en duidelik: “Liewe Here, vergewe ons dat daar vandag by die nagmaal soveel vol glasies wyn en stukke brood oorgebly het”. Die diaken het die waarde van die nagmaalsdiens deeglik besef, maar dit is tog asof die deursnee-lidmaat vergeet het dat dit die drie-enige God is wat vandag iets spesifiek in die lewe van die gedooptes wou doen, en hulle was nie teenwoordig nie, of kan dit dalk wees dat die afwesige gedooptes van mening was dat dit maar die “dominee” is wat die bietjie wyn en stukkie brood aan hulle uitdeel, en dat God nie werklik betrokke is nie? Is dit maar net nog een van die kerk se vele uiterlike seremonies? Dalk het dit dringend noodsaaklik geword dat die leraar opnuut verkondig en modelleer hoe groot en wyd en ver en diep die genade van ons God strek, ook wanneer Hy optree in die nagmaal, soos in die doop.

3.9.1. Die God-gegewe ikoon

Die nagmaal is God se eie instrument waarmee Hy gelowiges vorm tot die beeld van Christus. Dit is ’n God-gegewe ikoon, wat die Woord verduidelik in tekens en handelinge in die versamelde gemeenskap van Christus, wat ons in ’n heilige drama intrek deur die krag van die Heilige Gees. Ons kyk nie na die nagmaal op ’n afstand nie, maar ons gaan in en ons lewe in ons nuwe identiteite as aangenome (gedoopte) kinders van die Vader en ons smaak die gemeenskap met Christus en ander in die verbondsgemeenskap (Billings, 2018:1).

Die Here se nagmaal is ook ’n ikoon van die evangelie. As Gereformeerdes bely ons dat ’n sakrament God se beloftes in prentjie-vorm verteenwoordig. Ons sien hierdie prentjie voor ons oë wat uitgebeeld word as ikoon. Dit is die innige band tussen die blye boodskap van die evangelie en die sakramente van die doop en nagmaal. In die sentrum van beide is ons mistieke eenheid met Christus deur die Gees. Die dubbele genade van regverdigmaking en heiligmaking, van mistieke eenheid met Christus word ontvang in die verkondigde Woord saam met die sakramente (Billings, 2018:19).

> The church - the body of Christ - is the place where God invites us to renew our loves, reorient our desires, and retrain our appetites. Indeed, isn’t the church where we are nourished by the Word, where we “eat the Word” and receive the bread of life? The church is that household where the Spirit feeds us what we need and where, by his grace, we become a people who desire him above all else (Smith, 2016:65).

As mense wat verenig is met Christus deur die Gees kniel gelowiges voor die Vader. Dit is nie ’n statiese werklikheid nie. Gebed en ons aanbidding van God is nooit staties nie. Meditasie van God se Woord neem ons in ’n Drie-eenheidsdrama in waar die Gees God se mense verander na die beeld van Christus en hulle in staat stel om hul identiteit as aangenome gedoopte seuns en dogters van die Vader te omhels. Hierdie beweging van die Drie-eenheid in ons heroriënteer ons liefde sodat dit die self-opofferende liefde van Christus reflekteer (Billings, 2018:25).

3.9.2. Die fokus in die erediens van die gemeente

Dit is so belangrik dat die leraar onthou dat dit in die erediens nie gaan oor hom of haar as prediker nie. Dit gaan nooit oor die goeie of minder goeie “performance” van die predikant nie. In die erediens is die leraar in dieselfde asem ook ontvanger, soos die res van die gemeente. Ons erediens skuif die fokus na die misterie van die drie-enige drama van om verenig met Christus te wees en om te bly in die tuiste van sy Woord en sy liefde terwyl ons as sy dissipels vrug dra. Dit is die misterie van die drie-enige God wat in en deur christelike liefdesdiens en getuienis in die wêreld werk (Billings, 2018:28). Die Here self skenk sy Heilige nagmaal as ’n fisieke “proebare” teken van sy verbondsliefde. Die nagmaal en gepredikte Woord trek ons in die drama van God se werk in. Deur die Woord wat verkondig word en ontvang word in die Here se nagmaal ontmoet en ontvang ons Jesus Christus deur die Gees (Billings, 2018:28).

3.9.3. Die geestelike sintuie

Ons spiritualiteit sluit ook ons geestelike sintuie in. Ons lees die Skrif en ontdek dat God ook ons sintuie gebruik om Hom beter te leer ken. In Psalm 34:9 lees ons letterlik “smaak (proe) en sien dat God goed is”. Hier word smaak en sig gebruik. Reuk word genoem in 2 Korintiërs 2:15 wanneer ons beskryf word as die aangename geur van Christus. In 1 Johannes 1:1 en 2 word die sintuie van sig en aanraking gebruik om Jesus te ontvang (Billings, 2018:40-41). Om ons sintuie in te span help ons ook om dit wat God gee, met dankbaarheid en in nederigheid te ontvang (Billings, 2018:43). Die Heilige Gees gebruik ook hierdie manier om ons eenheid met Jesus Christus te verdiep en te bevestig[34].

---

[34] Geoffrey Wainwright (1997) lê groot klem op ons sintuie om ons te help om Christus beter te verstaan, dien en eer. Hy begin sy boek met die lied wat Isaac Watts (1674-1748) geskryf het “Faith Assisted by Sense”. Sy klem op die sintuie van gehoor (Wainwright, 1997:20), proe en sien (Wainwright, 1997:36), ruik en aanraak (Wainwright, 1997:57) is van groot waarde vir die belewing van ons God in die sakramente wat ons begelei om God se goedheid te hoor (die Woord), proe, sien, ruik en aanraak (die Nagmaal). Die liturg as mistagoog kan veel doen by die bediening van die doop en Nagmaal om die deelnemers aan die sakramente deur hulle

In die nagmaal ontmoet ons God se Woord in Christus in ’n vorm wat ons kan smaak en sien. In die Here se nagmaal voer die gedooptes hulle rol in die Trinitariese drama van die Evangelie op (“enact”) as mense wat deur Christus gevoed word deur die krag van die Gees as aangenome kinders van die Vader (Billings, 2018:45). Mary Patton Baker (2014) skryf dat ons die status van in-Christus-wees ontvang word en derhalwe deelneem aan ‘n kindskap wat voortspruit uit die kindskap van Christus. Die gelowiges het nie self hulle *κοινωνια* met God en mekaar geskep nie, maar dit word volbring deur in Christus te wees. Sy verwys na 2 Kor. 13:13, “Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap (*κοινωνια*) van die Heilige Gees bly met julle almal”. In die Trinitariese vorm van hierdie seënbede, spreek Paulus sy oortuiging uit dat God se liefde vir sy volk, gedemonstreer in die verlossingswerk van Christus, deur die Gees aan gelowiges oorgedra word. God het nou in die nuwe skepping ingekom as 'n inwonende, bemagtigende teenwoordigheid – sodat wat die Heilige Gees die meeste kenmerk, *κοινωνια* is. Die Heilige Gees, verbind tot God die Vader en God die Seun, is die Bron van deelname in Christus. Deur die Trinitariese gawes af te baken as die "genade van die Here Jesus Christus", die "liefde van God [die Vader]" en die “*κοινωνια* van die Heilige Gees”, beklemtoon Paulus dat deelname aan die Gees uit die intra- en ekstra-Trinitariese lewe van God vloei. Die gelowige se mistieke eenheid met Christus beteken dat ons 'n wedersydse inwoning van die Gees met Christus deel (Baker in Thate *et al.*, 2014:507). Die Gees bind ons aan Christus in 'n goddelik-menslike verhouding, in 'n *κοινωνια* verhouding wat groei uit die *κοινωνια* verhouding gedeel in die Godheid (Baker in Thate *et al.*, 2014:508).

3.9.4. Ons Here gee Homself aan ons in die nagmaal

Die nagmaal is die plek vir die handeling van die drie-enige God, waar God optree in en deur die nagmaal, en die nagmaal gebruik as ’n instrument van genade in die lewe van sy gedooptes. Dit word deur die Gees en deur geloof ontvang (Billings, 2018:72).

Die hart van die Here se nagmaal, volgens die Gereformeerde belydenisse is dat alles heenwys na Jesus Christus, en wel, die hele Persoon van Jesus Christus in sy liggaam en in sy bloed (Billings, 2018:73). Die gawe of geskenk van God in die nagmaal is die gawe van Jesus Christus. Jesus Christus is die substansie van die nagmaal, en die eenheid en gemeenskap met Christus

---

sintuie te laat meeleef. Die rykdom van alles wat God kom doen wanneer Hy in die sakramente teenwoordig is in die gemeente, kan nooit uitgeput raak nie. “In ons Gereformeerde tradisie is daar ’n baie sterk fokus op een van die sintuie, naamlik gehoor. Die sakramente kan ons help om ook die ander sintuie ’n plek te gee en so te groei in ’n ryker, vreugdevoller en hopelik ook meer gehoorsame geloof” (Burger, 1999:181).

is die vrug daarvan. Die Heilige Gees wys, offer en kommunikeer Jesus Christus aan gelowiges by die nagmaal. Ons "eet en drink"[35] is 'n handeling waartoe die Heilige Gees ons in staat stel en hierdie wonderlike misterie gaan ons begrip te bowe (Billings, 2018:74).

Die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 79, stel dit duidelik dat Christus ons in die nagmaal wil verseker deur die sigbare teken en seël dat ons, deur die mistieke handeling van die Heilige Gees, deelneem aan sy ware liggaam en bloed (Billings, 2018:75).

Jesus Christus voed en versadig ons waarlik met sy vlees en bloed, alhoewel Hy in die hemel is. Op hierdie wyse kry ons die 'smaak' van die hemel waartoe ons in staat gestel word deur die Heilige Gees, wat nie bloot ons verbeelding is nie, alhoewel ons ook nie die grootheid van die misterie ten volle kan begryp nie (Billings, 2018:77). Die elemente van die brood en die wyn omsluit nie vir Christus nie, maar is instrumente van die Heilige Gees om Christus aan ons te wys.

3.9.5. Hoe is Christus teenwoordig in die nagmaal?

Die tradisionele ontologiese vraag is hoe Christus teenwoordig is in die nagmaal, hoe die nagmaal die werklikheid van Christus se persoonlike teenwoordigheid kan kommunikeer? Werk die Gees deur die middele van die brood en wyn? (Billings, 2018:85).

Die meerderheid Gereformeerdes glo en bely dat die brood en die wyn instrumente van die Gees is wat die offer van Christus tentoonstel en dat die elemente nie self aanbid moet word nie, en tog gee die nagmaal nie aan ons slegs leë tekens nie, maar by die nagmaal voed die gelowiges op Jesus Christus Self, deur die Gees. Jesus Christus is die substansie, die Een na wie die sakramentele tekens wys. Hy is die Een wat opnuut Homself gee en wat deur die Gees gegee word deur die sakramentele tekens en ontvang word in vertroue. Die fokus is dus daarop om aan God deel te neem en te erken dat God alleen die Bron is van alles wat goed is, eerder as om die skepping (wyn en brood) self te aanbid[36] (Billings, 2018:101).

---

35 Mary Patton Baker (2014) verwys juis na ons aktiewe deelname aan die nagmaal as herinneringsmaaltyd: "...the actions of the Lord's Supper, according to Paul, the narrative of Christ's sacrifice is invoked, made present and effective, and shared. If the eating and drinking is a real participation, it is because the remembrance (ανάμνησις) is more than a simple recollection. The Jewish people understood remembrance as a way of appropriating stories of God's salvific acts into the present to affirm his presence and power in their lives. For example, through the invoking of the narrative of the Passover, the Jews inserted themselves into the story so that it became their story as well. In the active remembrance of Christ's sacrifice "the past is made real in the present and its power is released to shape the future" (Thate, *et al*, 2014:520).

36 Om Marie Patton Baker (2014) aan te haal: "Paul's attention is not focused on what happens to the physical elements of the communion celebration, but rather on what happens when believers share in the Lord's

> Through the agency of the Holy Spirit, Christ presents himself in the breaking of the bread and the pouring out of the wine, and when he is received through faith, a life-giving encounter results. It is the role of the Holy Spirit to impart the life of Christ, crucified, risen, and glorified to the faithful as well as to unite Christ's people into one body (Baker in Thate *et al.*, 2014:525).

3.9.6. Ons duidelike sakramentsteologie

Ons sakramentsteologie moet duidelik genoeg wees om ons in die rigting te stuur van die trinitariese Christus-gesentreerde einddoel, en tog beoefen ons altyd teologie as pelgrims wat die Skrif hoor, en opnuut hoor en vernuwe word deur die Woord, totdat ons ons Here van aangesig tot aangesig op die laaste dag ontmoet. 'n Gereformeerde weergawe van mistieke eenheid met Christus by sy tafel is eenvoudig genoeg om deur die jongmense omhels te word en misterieus genoeg om deur die oumense oordink te word (Billings, 2018:103).

'n Gesonde teologie van eenheid met Christus by die nagmaal benodig dus net 'n Trinitariese en verbondsontologie. Op die pelgrimspad van teologie gaan ons voort om die gedagtes van Christus vir die kerk te soek (Billings, 2018:105). Henri Nouwen beskou ware teologiese besinning juis as "thinking with the mind of Christ" (Nouwen, 1989:66).

3.9.7. Ons ontvang slegs

Voor ons enige iets vir God kan doen, ontvang ons wat God in Christus vir ons doen (Peterson, 2005:200). Wanneer Jesus ons leer dat ons dit tot sy gedagtenis moet doen, is dit asof ons aan die eerste nagmaaltafel saam ons plekke inneem. Dit beteken dat ons nou deelneem rondom hierdie tafel aan wat Hy gedoen het en nou besig is om te doen. Ons bely die ware teenwoordigheid van Christus in die nagmaal. Deel van ons heiligmaking is ons deelname en ontvangs van die liggaam en bloed van Christus by die nagmaal (Peterson, 2005:201)[37].

Supper. He focuses on the nature and quality of Christian κοινωνια that is experienced in eucharistic celebration" (Thate *et al.*, 2014:503).

[37] Mary Patton Baker (2014) verduidelik wat gebeur by die nagmaal: "Christ's words of institution are recited, prompting congregants to enter into an ανάμνησις of Christ's offering, realizing its present efficacy for all who come to the altar. The giving of thanks over the elements, in the power of the Holy Spirit, is an opportunity for each worshipper to offer thanksgiving for forgiveness and redemption, and renew their covenant with the Father in Christ by offering up their own life as a living sacrifice to the Father. As the Spirit joins the assembly in a sharing of the triune presence, Christ reveals himself in the meal which celebrates his sacrifice, and a κοινωνια with the living God of the new covenant meal takes place... To participate is a doing word, while union is a being word. The 'doing' that takes place in the κοινωνια of the Lord's Supper consists

In God se verlossingswerk doen Hy vir ons wat ons self nie kan doen nie en daarom laat ons God eenvoudig toe om dit te doen. Ons maak ruimte vir God om God te wees in ons lewe. Daarom is die nagmaal die sakramentele handeling wat ons intrek in die werklike materiële deelname aan Christus terwyl Hy sy lewe vir ons en ons verlossing gee (Peterson, 2005:203).

By die nagmaal beleef ons dat alles genade is (Peterson, 2005:221). Ons neem deel aan ons verlossing deur die geofferde lewe van Jesus in die brood en die wyn te ontvang, terwyl ons die dood van die Here totdat hy kom in gedagtenis hou en verkondig (Peterson, 2005:222).

Die ontvangs van die nagmaal kan self 'n vorm van deelname wees. Ontvangs is nie passiwiteit nie, maar die regte volgorde van dinge. Eerstens, bied Christus sy lewe en veragte menswees aan ons. Saam met Hom, as ons Priester kan ons onsself aan die Vader terugoffer as 'n dankoffer (Canlis, 2010:169). Gemeenskap in die nagmaal is nie 'n menslike aktiwiteit nie, maar die Gees se middel om ons wese te grond en te herstel. As sodanig is die nagmaal 'n uitbreiding van daardie mees radikale, transformerende gemeenskap wat ons op uitnodiging met die Drie-eenheid deel (Canlis, 2010:171).

3.9.8. Ons ontvang Jesus Christus

Christus bied homself steeds daagliks aan om deur God se kinders ontvang en geniet te word. Dit is die gawe of geskenk wat hulle in die heilige maaltyd ontvang. Die Heilige Gees is nie die Pinkster-vervanging vir Christus nie, maar die Weg na Hom. Dit is nie dat ons God se Wese moet verander nie, maar dit is God wat ook ons s'n is, deur ons via die Gees in die drie-enige *κοινωνία* in te neem. In die nagmaal kom die Gees oor die skepping en maak dit 'n middel om met Christus te verenig en ons tot Hom op te hef. Die nagmaal is die hoogste voorbeeld van ons sigbare deelname aan die Gees (Canlis, 2010:241), en die hoogste van alles, is dat ons slegs ons hande uitsteek en ons harte oopmaak, en ontvang. Dit is God se genade en liefde sonder grense.

Ons neem in die nagmaal werklik deel (deur geloof en deur die krag van die Heilige Gees) aan die lewegewende vlees en bloed, gekruisigde, opgewekte Christus. Alhoewel Luther en Calvyn die idee dat die brood en die wyn letterlik die liggaam en bloed van Jesus word, verwerp het, het hulle geensins die idee verwerp dat ons werklik en waarlik ontvang wat in die maaltyd aangebied

---

of the human acts of repentance, remembering, and thanksgiving. The repetition of the Lord's words and actions on the night before his ultimate sacrifice invokes Christ's presence, while the "co-sharers in Christ" present themselves as the church of Christ in a living sacrifice offered to her Lord. But the ultimate part of the 'doing' is the receiving: a mutual κοινωνια of Father, Son, and Holy Spirit as participants receiving of the experience and celebrate together their union with Christ" (Baker in Thate *et al.*, 2014:526).

word nie: Christus self (Johnson, 2013:234). Die nagmaal is 'n teken van ons voortgesette mistieke eenheid met Christus. In die “ontvang” van die nagmaal, onthou ons ("Doen dit ter nagedagtenis aan My") met dankbaarheid, maar dit is miskien sekondêr tot wat belangriker is. Wanneer ons die nagmaal neem, kommunikeer ons met die lewende Christus en sy liggaam (1 Kor. 11: 27). Dit is nie per abuis dat die onderhouding van die nagmaal meestal deelname (*κοινωνία*) genoem word nie. "Die beker van danksegging wat ons seën, is dit nie 'n deelname aan die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie 'n deelname aan die liggaam van Christus nie?" (1 Kor. 10: 16). Die Bybel sê dat die nagmaal ons nie net aan 'n geskenk herinner nie. Dit is 'n geskenk. En daardie geskenk is niks minder as Christus self nie (Wilbourne, 2016:159-160). Christus is waarlik teenwoordig om ons te seën en te voed met sy lewe-gewende vlees en bloed in die sigbare woord van die nagmaal (Johnson, 2013:234).

Die allerbelangrikste, sê Dirkie Smit (2014), is dat ons in die nagmaal met die sentrale gedagte van Christus se teenwoordigheid in die nagmaal rekening moet hou (Smit, 2014:329). In die nagmaal bely ons die lewende en persoonlike aanwesigheid van Jesus Christus. Gelowiges is met Christus verenig, hulle het gemeenskap met Christus, hulle is geïnkorporeer in Christus. Die aard van Christus se teenwoordigheid is geestelik, dit gebeur deur die Woord en Gees en daarom deur geloof (Smit, 2014:330).

3.9.9. Ons word gevoed

Die nagmaal is 'n middel tot genade waardeur Christus ons geloof voed, ons siele voed en ons harte verbly. Hy versterk ons mistieke eenheid met Hom bo dit wat ons kan verstaan. Ons kan niks anders doen as om in verwondering te wees oor hierdie misterie nie (Wilbourne, 2016:160).

Aangesien die verborgenheid van die mistieke eenheid van Christus met 'n vroom mens van nature onbegryplik is, sê Calvyn, gee Hy Homself in sigbare tekens wat die beste aangepas is vir ons beperkte vermoë. Net soos brood en wyn fisiese lewe onderhou, word ook ons siele deur Christus gevoed. Ons verstaan nou die doel van hierdie mistieke seëning, naamlik om vir ons die feit te bevestig dat die Here se liggaam eens en vir altyd vir ons geoffer is dat ons nou daarop kan voed en dat sy bloed eens vir ons vergiet is om ons ewige drank te wees (Calvin, Ed. McNeill, 1977:1361). Hierdie lewe wat die nagmaal gee, word deur die Heilige Gees teweeggebring. Sy vlees is waarlik voedsel en sy bloed is waarlik drank. Christus se liggaam is lewegewend (Calvin, Ed. McNeill, 1977:1369).

Calvyn beantwoord ook die vraag oor die teenwoordigheid van Christus se liggaam in die nagmaal as ons voedsel en drank. Siele vind hulle voeding in Christus. Dit kan nie gebeur tensy Christus

werklik saam met ons in eenheid groei en ons verkwik deur sy vlees en bloed nie. Die Gees verenig werklik dinge wat in die ruimte geskei is. Deur daardie heilige deelname aan sy vlees en bloed waardeur Christus sy lewe in ons instort asof dit in ons bene en murg binnegedring het, bevestig en verseël Hy ook in die maaltyd deur daardie dienstigheid van sy Gees te openbaar, om te vervul wat Hy belowe (Calvin, Ed. McNeill, 1977:1370).

> The bread! Here in a simple staple of every man's diet is the hope that man's tragedy will be overcome, his divisions healed and the final peace and unity of mankind realized. The bread! It is Christ's magnificent gesture of confidence in his power to restore man to God and his fellows. A piece of bread held in an ordinary sinner's hand and put in a forgiven person's mouth, holds the promise for the healing of mankind (Smedes, 1983:180).

Daarom waarsku Calvyn dat ons versigtig moet wees vir twee foute. Eerstens moet ons nie te min agting hê vir die tekens sodat ons hulle losmaak van die misterie waaraan hulle verbind is nie. Tweedens moet ons nie deur die tekens oordrewe te verheerlik, die misterie self ietwat verduister nie. Ons word deur Jesus Christus self aangemoedig, deur die ware deelname aan Hom. Om ons deelname aan Hom te bevestig gebruik Hy die woorde "eet" en "drink", sodat niemand kan dink dat die lewe wat ons van Hom ontvang, deur blote kop-kennis ontvang word nie (Calvin, Ed. McNeill, 1977:1365).

3.9.10. Gemeenskap met Christus en gemeenskap met mekaar

Die nagmaal is die sakramentele teken van gemeenskap. Die Trinitariese struktuur van die nagmaal is 'n voortdurende herinnering dat God die liefdevolle God is, wat na ons toe kom in Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees. Die nagmaal voed doksologie, die gewoonte om God te loof. As sodanig is dit die viering van die misterie van God (LaCugna, 1991:405). Deur die nagmaal in die besonder herleef die aanbiddende kerk die hele drama van verlossingsgeskiedenis deur 'n voortdurende herinnering aan God se verlossingsdade vir ons.

By die gemeenskaplike tafel van brood en wyn verdwyn vooroordeel, onverdraagsaamheid en vervreemding (LaCugna, 1991:406)[38]. Deur die nagmaal neem ons spesifiek deel aan die drie-

---

[38] Mary Patton Baker (2014) identifiseer, wat sy noem "three types of sharing" in haar eksegese oor 1 Korintiërs van die nagmaal: "(1) a sharing 'in the Spirit,' constituted primarily as communion with the triune God, and a sharing of the Spirit among those who are found in Christ;(2) a sharing in the personal history of Jesus Christ through self-denial and identification with the sufferings of other Christians; and, (3) this self denial and identification is demonstrated when Christians share their material goods with those in need. Moreover,

enige lewe van God. Ons offer lof en danksegging aan God, wat die Fontein van alle heiligheid is. Ons sluit in ons gebed aan by dié van die Hoëpriester Jesus Christus, wat ons gebede en versoeke aan God voorlê. Ons doen 'n beroep op die Heilige Gees om die liggaam van Christus, sy gemeente, te heilig. Die sakrament van die nagmaal maak sy deelnemers oop vir persoonlike en kollektiewe transformasie (LaCugna, 1991:406).

Die sakrament van die brood is dan bedoel om gemeenskap in mistieke eenheid met Christus te skep en te herskep, en is vir die gemeenskap en die gemeenskap word daardeur opgeroep om te beleef, maar om nie te treur nie, eerder om bly te wees. Wanneer die liggaam om die tafel met ander bymekaarkom om die gebeurtenis van verlossing te deel met mekaar en die gevolge daarvan te ontvang, word dit lewendig gehou deur die brood, dit is daar (Smedes, 1982:185).

3.9.11. Ons s'n word Syne, Syne word ons s'n

Ons is verkeerd geleer dat die Heilige nagmaal vir die regverdiges is en nie vir sondaars nie. Die feit is dat nie een van ons ooit waardig is om na die Here se tafel te kom nie, behalwe as ons met Hom verenig is en deelneem aan sy geregtigheid en nooit op ons eie verdienste vertrou nie (Purves & Partee, 2000:84). Die nagmaal van die Here is 'n ware gemeenskap met die lewende Here. Ons neem deel aan 'n gemeenskap met die Vader deur die Seun in die krag van die Heilige Gees. In die brood en wyn van die sakrament kry ons werklik voeding van die lewende Jesus Christus. Niks magies gebeur met die brood en die wyn nie. Die wonderwerk van die Heilige nagmaal is geestelik – 'n volkome geestelike eenwording van Christus en onsself deur 'n handeling van die Heilige Gees.

Deur die Gees en deur die elemente deel ons in die lewe van die lewende Here Jesus om Hom in onsself te ontvang. Die klem word geplaas op die transformasie van die gelowige deur die sakrament, die verdieping van die mistieke eenheid met Christus waarvan die doop getuig. Ons deel in ons Heer se lewe voor en met die Vader terwyl Hy neem wat ons s'n is en ons gee wat syne is. Deur die Heilige Gees, deur ons mistieke eenheid met Christus, wat in ons doop aan ons gegee is, en voortdurend vernuwe word deur die nagmaal, word wat ons s'n is – ons gebroke, verwarde, dubbelsinnige lewens – deur ons Heer geneem en heelgemaak, aangesien Hy ons lewens in sy eie Naam en ter wille van sy eie Naam aan die Vader bied. Hy neem sy eie lewe van volmaakte eenheid met die Vader en gee dit aan ons, sodat ons in en deur Hom deel in sy lewe

---

throughout these passages, Paul concerns himself with the quality of the Corinthians' κοινωνια: it must reflect the love of Christ" (Baker in Thate *et al.*, 2014:505).

in en voor God. Wat ons s'n is, word syne en wat syne is, word ons s'n. In die sakramente getuig ons van die geestelike werklikheid van ons eenheid met Christus, beide dat ons by Hom aangesluit het, en dat ons groei in Hom. Die Woord van God is God se lewende teenwoordigheid in woord en daad, wat niemand anders as Jesus Christus, ons Verlosser, Self is nie (Purves & Partee, 2000:84-86).

Calvyn praat van die wonderlike ruilooreenkoms wat Hy in sy matelose welwillendheid met ons gemaak het, omdat Hy Seun van die mens by ons geword het, en ons kinders van God saam met Hom gemaak het. Hy het ons met sy geregtigheid beklee. In hierdie sakrament het ons soveel getuienis van al hierdie dinge dat ons dit beslis moet beskou asof Christus hier aanwesig voor ons oë gestel en deur ons hande aangeraak word. Deur ons op te roep om te neem, verseker Hy dat dit ons s'n is; deur ons te vra om te eet, bevestig Hy dat dit een substansie met ons is; deur te verklaar dat sy liggaam vir ons gegee is en dat sy vir ons bloed vergiet, leer Hy dat albei ons s'n is (Calvin, Ed. McNeill, 1997:1362).

3.9.12. Die misterie van ons mistieke eenheid met Christus in die nagmaal

Die misterie van ons mistieke eenheid met Christus lê in die hart van ons Gereformeerde begrip van die verborgenheid van die ware teenwoordigheid van Christus in die nagmaal. Dit is inderdaad dieselfde misterie. Onthou dat wat aangebied word, sy liggaam en bloed is: "Die beker van danksegging wat ons seën, is dit nie 'n deelname aan die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie 'n deelname aan die liggaam van Christus nie?" (1 Kor.10:16). Calvyn praat van ons mistieke eenheid met Christus as die besondere vrug van die nagmaal (Calvin, Ed. McNeill, 1997:1361), want waarom sal die Here die simbool van sy liggaam in jou hand sit, behalwe om jou te verseker van 'n ware deelname daaraan, is Calvyn se vraag tereg. Wanneer ons die simbool van die liggaam ontvang het, moet ons nie minder vertrou dat die liggaam self ook aan ons gegee word nie (Calvin, Ed. McNeill, 1977:1371).

Ons sal nie die voordele wat ons in die nagmaal ontvang, ons eie kan maak, tensy Christus homself eers ons s'n gemaak het nie. Calvyn sê dus dat Christus in die misterie van die maaltyd waarlik aan ons getoon word deur die tekens van brood en wyn, sy ware liggaam en bloed waarin Hy alle gehoorsaamheid vervul het om die geregtigheid vir ons te verkry (Calvin, Ed. McNeill, 1977:1372). Die Gees alleen werk mee dat ons Christus heeltemal in besit neem en Hom in ons laat woon (Calvin, Ed. McNeill, 1977:1373).

3.9.13. Die onverklaarbare misterie

Ten slotte was Calvyn nie besorgd daaroor om die ware teenwoordigheid van Christus in die nagmaal empiries te bekragtig of te rasionaliseer nie. Net soos die eenheid van God en die mens in die vleeslike Christus 'n onverstaanbare verborgenheid is, en net soos ons eenheid met die vleeslike Christus 'n onverstaanbare misterie is, so ook is ons mistieke eenheid met Christus in die nagmaal. Ons is nie onder ’n verpligting om die geheimenisse van die evangelie te verklaar nie; ons is eerder onder die geseënde verpligting om hulle te bely en te bewonder. Calvyn was tevrede om sy rede aan die wonder en misterie van die nagmaal te onderwerp (Johnson, 2013:239). Calvyn wys ’n diep agting, ’n spesiale ontsag, vir die sakrament van die nagmaal. Per slot van rekening “oorheers” die persoon van die lewende Christus sy denke oor die nagmaal. Vir hom bly hierdie teenwoordigheid van die Here uiteindelik “’n misterie wat slegs aanbid kan word en nie vasgevang kan word in teologiese verklarings nie” – sodat hy tevrede is om verwonderd te staan voor dit wat hy nie kan verstaan nie (Smit, 2014:334).

Calvyn sê in eie woorde dat, as iemand hom moet vra hoe dit gebeur, hy nie skaam sal wees om te bely dat dit 'n misterie te verhewe is vir sy verstand om te begryp of sy woorde om te verklaar nie. Hy stel dit nog duideliker dat hy eerder ervaar of beleef, as om dit te verstaan. Daarom omhels hy sonder omstredenheid die waarheid van God waarin hy veilig kan rus. Hy verkondig dat sy vlees die voedsel is van sy siel, sy bloed, sy drank (Johannes 6:53e.v.) en Calvyn bied sy siel aan Hom om gevoed te word met hierdie voedsel (Calvin, Ed. McNeill, 1997:1403-1404). Dietrich Bonhoeffer (1996) som hierdie waarheid so op:

> The day of the Lord’s supper is a joyous occasion for the Christian community. Reconciled in their hearts with God and one another, the community of faith receives the gift of Jesus Christ’s body and blood, therein receiving forgiveness, new life, and salvation... The life together of Christians under the Word has reached its fulfillment in the sacrament (Bonhoeffer, 1996:118).

3.9.14. Opsommend – die Gereformeerde hoek

Die mistieke eenheid van gelowiges met Christus is sentraal tot Calvyn se verstaan van die evangelie. Sy denke kulmineer in die “idee van ’n ‘mistieke gemeenskap’ waardeur Christus-vir-ons Christus-in-ons word”. Dit is ’n lewende, persoonlike ervaring en gemeenskap – met die belangrike implikasie dat ons alreeds die eucharistiese taal gebruik nog voor ons direk oor die nagmaal begin praat (Smit, 2014:331). ‘n Mens kan die Gereformeerde siening van die nagmaal in sewe punte saamvat:

- God skenk – mense ontvang slegs,
- Die gawe is Jesus Christus Self,
- Die gawe word deur die tekens van brood en wyn gegee,
- Die gawe word geskenk deur die Heilige Gees, en is hulle middele of instrumente van die Gees wat die “eenheidsband” tussen gelowiges en die werklike, lewegewende vlees van Christus is,
- Die gawe word gegee aan almal wat deelneem, vroom en oneerbiedig, gelowiges en ongelowiges,
- Die weldaad van die gawe word in geloof ontvang, teen enige onpersoonlike verstaan van die sakramentele effektiwiteit in,
- Die gawe bewerk dankbaarheid (Smit, 2014:335).

Om oor ons mistieke eenheid met Christus te praat, binne die konteks van deïsme, laat ons met te min woorde. Die werklikheid is dat God nog nooit sy rug op sy wêreld, sy *kosmos*, gedraai het nie, en steeds sy enigste Seun gee aan ’n mensdom wat in vele gevalle opgehou het om in Hom te glo en selfs in die kerk uitdrukkings soos “die Oubaas daarbo” gebruik, om te verklaar dat hulle glo in “iets”, al weet hulle nie meer presies in Wie nie. Dat die, in vele gevalle, krimpende kerk steeds konsekwent die drie-enige God aan sy wêreld sal bekend stel, veral deur lewens in mistieke eenheid vanuit die doop en nagmaal, blyk die enigste opsie te wees. Die leraar wat in mistieke eenheid met Christus, as mistagoog, deelneem aan die voortgesette bediening van die herrese Christus, het slegs die Boek, die paar druppels water en brood en wyn uit die Hand van die lewende Here ontvang – meer as genoeg om te verkondig: Die God wat vir die mens vreemd geword het, is steeds die God wat na hom toe kom om by hom, in hom te wees en te leef. Aan sy opofferende liefde is daar geen einde nie, of die mens daarvan bewus is of nie, en al wat hy kan doen is om sy hande oop te maak, en daarmee sy hart, en te ontvang.

3.10 DIE LERAAR SE SPIRITUELE VERRYKING[39]

3.10.1 Christelike spiritualiteit

> Whoever does not come to know the face of God in contemplation will not recognize it in action... (Smith, 2016:91).
>
> Let all my world be silent in your presence, Lord, so that I may hear what the Lord God may say in my heart. Your words are so softly spoken that no one can hear them except in a deep silence. But to hear them lifts him who sits alone and in silence completely above his natural powers, because he who humbles himself will be lifted up. He who sits alone and listens will be raised above himself (Guigo II, 1979:90-91).

Dit is nodig dat ons eers probeer uitklaring kry oor wat bedoel word wanneer ons praat van spiritualiteit. Om 'n definisie van die term "spiritualiteit" in een sin te gee, is net so uitdagend soos wat dit is om die woord "mistiek" te beskryf. Die leraars wat deelgeneem het aan hierdie navorsing het elkeen geweet waarvan ons praat, wanneer ons die term gebruik, maar om dit te definieer, is 'n gans ander saak. Die navorser gee daarom in die inleidende gedeelte eers aandag aan die verskillende omskrywings van spiritualiteit, spesifiek Christelike en dan Gereformeerde spiritualiteit.

Dr. Nico Viljoen (2017), die kapel-meester van hierdie navorsings-retraite, meen dat die gemene deler by elkeen wat oor Christelike spiritualiteit skryf is spiritualiteit as "geleefde ervaring" (Viljoen, 2017:4). Die Gereformeerde tradisie, byvoorbeeld, verkies eerder die term "vroomheid", "godvresendheid" of "godsvrug" (Jonker, 1989:288). Vir ander Gereformeerdes is ook die woord "vroomheid" nie aanvaarbaar nie; dít, weer, klink na eng bevooroordeeldheid en eiegeregtigheid (Hansen, 2008:1)[40]. Dr Riaan van der Merwe, wat dikwels al as mistagoog vir individuele predikante en in groepe waardevolle diens gelewer het, skryf in sy boekie, *Seisoene van die Siel*, (2013) dat die geskiedkundige Latynse frase "*praxis pietatis*" dalk 'n goeie manier is om ons "kort-

---

[39] Die navorser wil graag persoonlik beaam wat Peter Feldmeier (2015) skryf: "A scholar of spirituality is typically something of an insider, that is, someone who has a personal knowledge of the subject. While it would be inappropriate for the scholar to be essentially working autobiographically, it has become obvious in the field that the most creative and insightful work is done by those who have a participative knowledge of spirituality" (Feldmeier, 2015:11).

[40] "Ongelukkig het die woord 'vroom' in Afrikaans deesdae meestal ongunstige betekenis-skakering van 'skynvroomheid' of 'skynheiligheid' ontwikkel, wat glad nie die oorspronklike idee van egte piëteit en toewyding oordra wat in die Latynse woord *pietas*, of die Hebreeuse *tsaddiq* of *tamim* of die ryk Griekse woord *eusebeia* gekommunikeer word nie" (Van der Merwe, 2013:16).

kort daaraan te herinner dat om te wandel met God veel meer inhou as om kennis te versamel" (Van der Merwe, 2013:16).

Vir Alister McGrath (1999) het Christelike spiritualiteit betrekking op die uitleef of die ontmoeting met Jesus Christus (McGrath, 1999:2). Die term Christelike "spiritualiteit" verwys na die wyse waarop die Christelike lewe verstaan word en die besondere geloofspraktyke wat beoefen word om die verhouding met Christus te koester en te onderhou. Christelike spiritualiteit kan daarom verstaan word as die manier waarop Christelike individue of groepe poog om hul ervaring van God te verdiep of "om die teenwoordigheid van God te beoefen" om 'n frase te gebruik wat veral met broer Lourens (1614-1691) geassosieer word (McGrath, 1999:3).

In die laat 1980's is daar uit eie geledere (die NG Kerk) apologeties geskryf oor spiritualiteit. Dirkie Smit (1989) beskryf spiritualiteit in die woorde van Luther as die lewe *coram Deo*, voor die aangesig van die lewende God in die wêreld. Spiritualiteit is op soek na die verbande tussen die verbondenheid aan God en die alledaagse lewenspraktyk, die wyse waarop die innerlike of persoonlike ervaring van God die lewe van die gelowiges stempel (Smit, 1989:85). Die klem val op dié vorm van spiritualiteit, die wyse waarop die christelike lewenswyse as die omgang met God en die uitlewing daarvan in die alledaagsheid in 'n spesifieke tradisie of geloofsgemeenskap gestalte kry, vorm aanneem en sigbaar word (Smit, 1989:86). Prof. Willie Jonker (1989) beskryf spiritualiteit as die "innerlike ingesteldheid van die godvresende mens in sy eerbied en liefde vir God, sy belewing van gemeenskap met en diens aan God". Dit verwys dus na die belewings- of ervaringskant of selfs subjektiewe kant van die religie (Jonker, 1989:288).

3.10.1.1 "Vroomheid"

Terwyl Jonker (1989) die woord "vroomheid" en "godsvrug" verkies, skryf prof. Pieter de Villiers (2010c) juis dat vroomheid of godsvrug 'n kernwoord in spiritualiteit is. Vroomheid behels eerbied en ontsag vir God. Soms word dit ook as "vrees" vir God gesien, maar sonder die bygedagte van "angs" (De Villiers, 25 April 2010c), maar daar is ook 'n ander kant aan vroomheid en eerbied. 'n Mens, skryf De Villiers (2010c), word aktief geraak deur die aanraking: jy raak betrokke, jy staan geboeid voor wat met jou gebeur. Eerbied beteken om aangetrokke te wees tot God wat in die mens se lewe teenwoordig is. 'n Mens wil graag by hierdie God wees wat jou aangeraak het. Die eerste gemeente het as een groot gemeenskap saam met mekaar God se teenwoordigheid opgesoek (Hand. 2) (De Villiers, 25 April 2010c). Vroomheid kom juis tot volle ontplooiing wanneer 'n mens in eerbied liefhet. Mens kan nie vir God soos 'n slaaf vrees nie. 'n Mens "vrees" God omdat 'n mens vir God liefhet (De Villiers, 25 April 2010c).

3.10.1.2 Die fokus is op God

Spiritualiteit, sê De Villiers (2010b), is die verhouding tussen God en mens wat steeds weer verdiep. In hierdie beskrywing gaan dit om veral drie dinge: ’n God-mens verhouding, ’n transformasie en ’n proses. Christelike spiritualiteit is die verhouding van die drie-enige God tot die mens wat in ’n noue verband met die Bybel as Heilige Geskrif staan (De Villiers, 24 April 2010b). “Spirituality in its fundamental ‘grass roots’ expression relates to lived-life and to everyday, “ordinary” people and their experience. It begins and is nurtured in the lives and experiences of every-day men and women” (Kourie & Ruthenburg, 2008:77). Celia Kourie vat haar beskrywing van spiritualiteit so saam: Spiritualiteit verwys na die diepste dimensie van die persoon en is onder meer gedefinieer as 'n manier van ego-transenderende transformasie; selftransendensie na die uiteindelike waarde wat 'n mens waarneem en ons verhouding tot die Absolute (Kourie, 2015:2).

Sandra Schneiders (1989) beskryf Christelike spiritualiteit merkwaardig:

> The generally-agreed-upon characteristics included in this definition are the notions of progressive, consciously pursued, personal integration through self-transcendence within and toward the horizon of ultimate concern. If the ultimate concern is God revealed in Jesus Christ and experienced through the gift of the Holy Spirit within the life of the Church, one is dealing with Christian spirituality (Schneiders, 1989:684).

Dit is waaroor dit gaan in die Christelike spiritualiteit. Die fokus is juis op ons God, wat Homself aan ons bekend maak in Jesus Christus, en in Wie ons leef deur die Heilige Gees. Een van ons plaaslike teoloë aan die Universiteit van die Vrystaat, Celia Kourie (2008), wat ’n waardevolle bydrae tot die studie van spiritualiteit en mistiek in Suid-Afrika lewer, lê juis klem op die waarde van kontemporêre Christelike spiritualiteit met betrekking tot die verdieping in denke oor die Triniteit. Spiritualiteit is, volgens Kourie, juis 'n verbreding van bewussyn wat toegeskryf kan word aan die teosentriese aard van Christelike mistiek. Kontemporêre spiritualiteit kan deur sy mistieke uitdrukking 'n broodnodige Trinitariese volheid inlei (Kourie & Ruthenburg, 2008:86). Wat Christelike spiritualiteit gedoen het, is om die wesenlik praktiese Drie-eenheid, wat ons in die Trinitariese lewe inkorporeer, te herstel. Die Drie-eenheid, of meer spesifiek die "ekonomiese" Drie-eenheid, hou verband met God se dinamiese lewe van gee en ontvang, maar mense is ingesluit in daardie Goddelike verhoudingslewe van gee en neem. Ons Christelike lewe is 'n deelname aan die drie-enige lewe van God – die lewe wat die Vader met die Seun deel, in die eenheid met die Heilige Gees. Kourie noem dit 'n gesonder Trinitariese spiritualiteit. Dit werk op

die gesonde beginsel dat die Seun 'n Lid van die menslike gemeenskap word om mense in die goddelike gemeenskap van die Heilige Drie-eenheid te bring (Kourie & Ruthenburg, 2008:89-90)[41].

Terwyl Christelike spiritualiteit en mistiek dikwels met agterdog bejeën word, is dit lonend om geanker te wees in Gereformeerde spiritualiteit. Celia Kourie (2006) skryf juis dat daar in sekere oorde oor spiritualiteit gepraat word as ontvlugting, nonaktiwiteit en irrelevansie, terwyl dit in ander oorde verwys na volle menslike rypwording (Kourie, 2006:22).

3.10.1.3 Gereformeerde spiritualiteit

Wanneer oor Gereformeerde spiritualiteit gepraat word, noem jy in dieselfde asem Willie Jonker se naam. Hy sien Gereformeerde spiritualiteit as 'n subspesie van die reformatoriese vroomheidstipe en word gestempel deur die reformatoriese insig in die boodskap van die Evangelie. Jonker meen dat die indruk soms by onkundiges bestaan dat Gereformeerdes eintlik nie vroom mense is nie omdat dit vir hulle hoofsaaklik om die dogma gaan. Dit is 'n karikatuurbeeld. By die egte gereformeerde mens is 'n diepe eksistensiële betrokkenheid by die dinge wat hy glo. Sy spiritualiteit is ook nie so vreugdeloos as wat die karikatuur suggereer nie (Jonker, 1989:291). 'n Mens sou selfs kon sê dat die Reformasie gebore is uit 'n diep geestelike ervaring en nie in die eerste plek 'n teologiese beweging was nie, maar 'n nuwe vorm van spiritualiteit wat homself verstaan het as 'n suiwerder vorm van *coram Deo*-lewe (Jonker, 1989:292).

Prof. Willie Jonker (1989) neem ons na Calvyn wat voluit trinitaries gedink het. Vanuit hierdie trinitariese visie op die heil word die subjektiewe element in die belewing van die heil baie belangrik. Dit gaan in ons spiritualiteit of vroomheid primêr om God, nie in die eerste plek oor onsself nie. Die eer van God, die verheerliking van God, die aanbidding en lofprysing van God, dit is die hoofsaak waarom dit in die gereformeerde spiritualiteit gaan. Hierdie besef, meen Jonker, deel Luther en Calvyn met die ganse christendom, veral met die mistiek wat altyd die aksent daarop laat val dat die mens se hele lewe op God gerig moet wees en dat hy bereid moet wees om die eer van God te soek met die oorgawe van sy hele lewe. Hierdie lewe wat gelewe word

---

41 Feldmeier (2015) beaam dit: “One might consider it thus: the Holy Spirit is the spiritual context through which the risen Lord is known. Christian spirituality is a manifestation of life in the Spirit. The Father represents the eternal source of the Son and Holy Spirit. Augustine, among others, described the Trinity through the dynamic of love. If God is love, then a lover (Father) needs a beloved (Son), and when they share that love, it redounds to the lovers in creative power (Holy Spirit). Love is triune” (Feldmeier, 2015:17).

coram Deo, is ’n lewe voor die aangesig van God waarin die Gereformeerde wegkyk van homself en homself in bewondering en aanbidding draai na God as die voorwerp van sy liefde. Dit is 'n dankbare beaming van God se beloftes en om te rus in sy guns (Jonker, 1989:293).

Wanneer ons in Gereformeerde spiritualiteit praat van meditasie, praat ons oor die nadenke van die Skrif, luister na die Skrif, oopgaan vir die Skrif, na-bid van die Skrif (Jonker, 1989:294). Hierdie siening van Jonker oor ons geloofsgewoontes, met die Skrif sentraal, is uiters belangrik wanneer die verskillende Skrifgesentreerde dissiplines van die leraar in mistieke eenheid met sy God, en as mistagoog, aan die orde kom.

Dit kan nie genoeg beklemtoon word nie dat ons spiritualiteit dus die vrugte van die heil, nie die voorwaardes daarvoor is nie. Dit beteken dat die spanning daaruit weg is. Die fokuspunt van die reformatoriese spiritualiteit is nie die eie geloof of bekering nie maar die vrye genade van God (Jonker, 1989:295). Gereformeerde spiritualiteit dra wesenlik die karakter van geloofsbelewing, geloofservaring, geloofswandel en geloofsomgang met God. Die Heilige Gees werk die volle heil in die lewe van die gelowige uit maar hy doen dit langs die weg van die Woord, sakramente en geloof waardeur ons aan Christus verbind word om in gemeenskap met Hom te lewe. Spiritualiteit het op hierdie wyse ook alles te make met die heiligmaking (Jonker, 1989:296).

> Die gereformeerde spiritualiteit is nie sonder vreugde nie: dit ken die vreugde wat saamhang met die liefde vir God wat in die omgang met Hom gesmaak word. Dit is getemperde vreugde van die kind van God wat maar alte bewus bly van sy eie verdorwenheid en versoekbaarheid. Geestelike ekshibisionisme lê nie in sy aard nie (Jonker, 1989:297).

3.10.1.4 Spiritualiteit en geloofspraktyke

Kees Waaijman (2007) maak ‘n baie belangrike opmerking om uiteindelik uit te kom by die verband tussen mistagogie en spiritualiteit. Spiritualiteit kan nie losgemaak word van sekere praktyke en dit wat ons bely nie. Spirituele praktyke, skryf Waaijman, is meerlagige verskynsels. Eerstens is daar die gebied van oefeninge: prosesse van toe-eiening, innerlik gerig op 'reinheid van hart', die praktiese doel (*skopos*) van geestelike oefeninge, op soek na die ontvangs van kontemplasie (*telos*); die beoefening van deugde, beide voorwendsel en wese van geestelike praktyke; meditasie en gebed; mistieke transformasie. Tweedens is oefeninge onmoontlik sonder vorme van fasilitering, soos bediening in geloofsgemeenskappe, vorming in die godsdienstige lewe, retraites, *lectio divina*, psalmlees, ensovoorts. Derdens verdien geestelike begeleiding spesiale aandag as 'n paradigmatiese vorm en plek om geestelike groei te fasiliteer. Vierdens is

alle praktyke en fasilitering van intervensies gerig op mistagogie as hul sentrum, waar menslike ervaring deursigtig gemaak word tot die ervaring van misterie, die misterie wie God is. Die spiritualiteit van die leraar en die lidmate in sy of haar sorg vat hande met die mistagogie, wat eerstens deur die leraar beleef word (wanneer hy of sy self begelei word deur ’n mistagoog) en geleef word (wanneer die leraar as mistagoog sy of haar lidmate in hulle spirituele verryking begelei) (Waaijman, 2007:6-7).

3.10.1.5 Die leraar se eie spirituele verryking

Dit bring ons dan by die leraar as mistagoog in mistieke eenheid met Christus se nadenke van die Skrif, luister na die Skrif, oopgaan vir die Skrif, na-bid van die Skrif, dus die inhoud van sy of haar spirituele verryking. Ruth Haley Barton (2009) lê veel klem op die feit dat die leraar se spiritualiteit ’n diepe effek op die gemeente wat hy of sy bedien het. Sy moedig die leraars aan om ‘n tree terug te gee en eers aandag te gee aan hulle eie spiritualiteit, voor hulle begin “werk” aan die spiritualiteit van die gemeentelede (Barton, 2009:26). Die belofte van spiritualiteit as geleefde geloof is intimiteit met God wat die bevrediging van die siel se diepste verlangens tot gevolg het (Barton, 2009:27). Sy sien spiritualiteit van die leraar as die proses waarin Christus al meer en meer vorm in ons aanneem. Dit is ’n gawe van God en as sodanig ’n misterie. God begelei die proses en bring dit tot uitvoering. Al wat ons kan doen, is om die omstandighede te skep waarin dit kan ontwikkel (Barton, 2009:28).

Afsondering en stilte is dissiplines wat die leraar 'n ruimte bied om in God te rus en te luister na die stem van die Een wat jou sy geliefde noem en in jou stilte dit telkens bevestig, sodat jy as gedoopte nooit daaroor twyfel nie. Veral vir predikante kan dit moeilik raak om te onderskei tussen die werk wat hulle vir God doen en tyd om by God te wees, in Hom te rus en sy teenwoordigheid te geniet (Barton, 2009:32). Stilte beteken niks anders as om op God se Woord te wag nie. Ons raak vroegoggend stil, want God moet die eerste woord hê, en ons raak stil voordat ons gaan slaap, want die laaste woord behoort ook aan God. “Wat anders as hierdie wag op God in sy teenwoordigheid is ons vreugde en taak?”, is die vraag wat Zack Eswine vra (Eswine, 2015:140). Ons kom na God met geen agenda nie, behalwe om net saam te wees in watter toestand ons ook al is. Sonder die gereelde ervaring van om in afsondering deur God ontvang en met liefde bejeën

te word, is ons kwesbaar vir 'n soort leierskap wat gedryf word deur diepgaande leegheid wat ons met gejaagde aktiwiteit en prestasie wil vul (Barton, 2009:33)[42].

3.10.1.6 Spiritualiteit vir elkeen uniek

Een van die deelnemers aan hierdie studie het genoem dat hy dit moeilik vind om stil te raak of homself te dissiplineer om daagliks die geloofsgewoontes te beoefen, en tog, wanneer hy sy spiritualiteit met die groep bespreek het, was dit duidelik dat hy *coram Deo* lewe, gedurig in gesprek met God, gedurig bewus van God wat die werk doen waaraan hy deelneem, en dat hy selfs aan die einde van elke dag terugkyk op sy dag en reflekteer op sy lewe en bediening in die teenwoordigheid van die Here, maar ook die verskil wat hy kon maak in mense se lewe. Sy vraag was of die persoonlikheidstipe van die leraar nie dalk te make het met hoe maklik of moeilik die geloofsgewoontes beoefen word nie. Hansen (2008) noem juis dat spiritualiteit vir elkeen iets uniek is, en dat die Here met sy inisiatief met ons spiritualiteit by ons aansluit. Een eenvoudige hedendaagse onderskeiding tussen Christelike spiritualiteite is byvoorbeeld tussen die volgende:

"(1) Spekulatief-katafatiese of kopspiritualiteit,

(2) Affektief katafatiese of hartspiritualiteit, wat meer charismaties en affektief is,

(3) Spiritualiteit wat fokus op die misterie van God, op die hoor van eerder as die praat met God (affektief-apofatiese of mistieke spiritualiteit), daarenteen, fokus op vereniging met die Heilige en die "reis" daarheen,

(4) Spekulatief-apofatiese of hand-/koninkrykspiritualiteit is gemik op die omskakeling van God se Woord in dade en getuienis van God se koninkryk wat aan die kom is" (Hansen, 2008:4)[43].

John Ackerman (2001a), 'n Presbiteriaanse mistagoog en oor die 40 jaar al predikant, gebruik die Myers-Briggs-tipe aanduider om baie insiggewend aan te dui watter tipe persoonlikheidstipe by watter tipe spiritualiteit pas, maar ook watter aanpassings deur elke tipe gemaak moet word in sy eie spiritualiteit. So byvoorbeeld kom gebed redelik spontaan en natuurlik vir die INFP-groep, wat

---

[42] Zack Eswine (2015) vertel van 'n telefoniese gesprek wat 'n jong leraar, in sy derde jaar in die bediening met hom voer: "Similarly, my friend on the phone was in his third year. He was exhausted, showing signs of wear. 'I can slow down later,' he said. 'If I slow down now, what will happen to the ministry?' 'But if you don't slow down now, what will happen to the ministry?' I asked. 'If you stay at your current pace, what you fear could likely happen anyway'" (Eswine, 2015:118).

[43] John Ackerman (2001a) skryf in sy boek *Listening to God*: "I have renamed the four spirituality types 'Thinking', 'Feeling', 'Being' and 'Doing'... As all four move toward the middle, toward each other, toward the mystery of God at the centre of our individual and corporate lives, they become more whole" (Ackerman, 2001a:46).

die “natuurlike mistici” blyk te wees. Die INFP’s soek gedurig na nuwe en beter wyses om intimiteit met God te beleef. Joernaalskrywing, refleksie, meditasie en die kontemplatiewe leefwyse is eie aan die INFP. Die aanpassing wat die INFP-tipe moet maak is om te leer om homself te aanvaar, tekortkominge en al, en genade uit te leef (Ackerman, 2001a:25). Die navorser meld dit omdat die meerderheid van die deelnemers aan hierdie navorsing in die verbygaan genoem het dat hulle INFP’s is, maar ook om te meld dat daar ruimte gemaak is vir leraars met verskillende tipes persoonlikheid en belewing van spiritualiteit. Die een aspek van spiritualiteit, wat elke persoonlikheidstipe van die leraars beklemtoon het, is die waarde wat gebed, in sy vele vorme, vir hulle het. Hulle lewe en bediening is geanker in gebed.

3.10.1.7 Gebed as die sentrum van die leraar se spiritualiteit

Die gebed van die leraar vorm 'n noodsaaklike deel van sy spirituele verryking[44]. Peter Feldmeier (2015) beskryf gebed as die sentrum van ons spiritualiteit op die volgende manier: Intimiteit met Jesus en die soeke na die bewegings van die Gees in 'n mens se siel, vorm 'n sentrale deel van Christelike spiritualiteit. Die Christelike tradisie het daarop gewys dat hierdie intimiteit en soeke die beste gekultiveer word deur 'n lewe van gebed. Gebed is eenvoudig onontbeerlik vir outentieke Christelike spiritualiteit (Feldmeier, 2015:18).Ook Eugene Peterson beskou gebed tereg as een van die drie hoeke, saam met die meditatiewe lees van die Woord en mistagogie, vir die bediening (Peterson, 1987:4)[45].

3.10.1.8 Ingebedde of intensionele spiritualiteit van die leraar?

Tone Strangleland Kaufman (2013), professor in Praktiese Teologie aan die Noorweegse Kweekskool in Oslo, doen navorsing oor die spiritualiteit van leraars in Noorweë. Sy gebruik die term “pastorale spiritualiteit”, en vind in haar navorsing drie rigtings: die leraar se alledaagse lewe, die leraar se bediening en intensionele spirituele praktyke wat daagliks beoefen word (Kaufman, 2013:81). ’n Groot groep van hulle voel dat hulle gebedslewe veel te wense oorlaat en dat hulle nie so “goed” bid soos ander kollegas nie, en tog beskou hulle almal hulle verhouding met God as baie betekenisvol (Kaufman, 2013:82).

---

44 “Prayer is life; prayer and ministry are the same and can never be divorced. If they are, the minister becomes like an electrician or plumber and the priesthood nothing more than another way to soften the many pains of daily life” (Nouwen, 2003:25).

45 Alhoewel hierdie bron reeds meer as dertig jaar gelede geskryf is, beskou die navorser dit steeds as relevant vir die bediening van die predikant in mistieke eenheid met Christus as medereisende mistagoog van sy of haar lidmate.

> They expressed an image of themselves as “not very good at praying”, yet described their everyday lives both in ministry and privately as more or less enveloped by prayer and other spiritual practices. Some of the participants realized this gap as we were speaking, and came to see their spiritual life with new eyes (Kaufman, 2013:82).

Terwyl sommige redeneer dat die geestelike praktyke vir leraars in die liturgie te vinde is, of meer algemeen in die pastorale bediening self (roeping-spiritualiteit), kies ander vir die noodsaaklikheid van spirituele praktyke as grondslag vir die kerntake van die bediening. Laasgenoemde moet gewoonlik meer intensioneel of doelbewus gesoek word en is deel van die daaglikse lewe (Kaufman, 2013:84). Sy voeg ook ’n derde gebied van pastorale spiritualiteit by, naamlik die alledaagse lewe, soos wat dit daagliks geleef word en verstaan Christelike spiritualiteit as die wyse waarop iemand sy of haar verhouding tot God ervaar, en sy of haar geloof kultiveer en uitdruk met 'n besondere klem op Christelike praktyk (Kaufman, 2013:87). Sy noem voorbeelde uit die navorsing wat sy onder die leraars in Noorweë gedoen het.

> Other interviewees explicitly distinguish between having a defined quiet time and “prayers on the go.” Latter refers to the continual small dialogues with God attended to “on the go” throughout the day, in between things, and in the midst of various situations. “Prayers on the go” are prayers said on the way to the bus or train or in the car, a quick prayer of thanksgiving for the beauty of a snow covered mountain or the stunning sunset, a prayer offered before a confirmation class or in the office before dividing confirmation kids into groups, etc. (Kaufman, 2013:88-89).

Die analitiese onderskeid tussen ingebedde en intensionele spirituele praktyke help om aan te toon dat spirituele praktyke dikwels onsigbaar is juis omdat dit so ingebed is in die alledaagse lewe en bediening van die predikant (Kaufman, 2013:89). Kaufman se slotsom is dat die deelnemers aan haar navorsing duidelik spiritueel onderhou word deur middel van hulle bediening. Alhoewel dit 'n belangrike bron is, put hulle ook uit ander bronne (Kaufman, 2013:92). Die probleem is egter wanneer die leraar begin beleef dat hy of sy uitgebrand of gedreineer word deur die bediening. “When ministry is only experienced as draining, it is hard to be spiritually nurtured by it. Then it is necessary to draw from other sources as well” (Kaufman, 2013:93).

Die leraars in die Ring van Clanwilliam het dit telkens ook vir mekaar gesê dat hulle hul juis gereed maak vir die verwondering van “om God in elke oomblik van hulle dag te beleef”.

> Encountering the worldly face of God means looking for God's presence in the 'stuff' of our daily lives, as there is no clear cut dividing line between spiritual and human or personal... To some of the interviewees it has taken a while, and has often been a tiring and draining journey before realizing that God is actually present in the midst of everyday life (Kaufman, 2013:96-97). By employing the concepts of embedded and intentional spiritual practices, I have pointed out how spiritual practices embedded in daily life in the private and professional spheres are significant, though not sufficient, to the spirituality and ministry of religious leaders. Hence, spiritual sources and practices located at the margins of daily life are also important, and should be encouraged (Kaufman, 2013:105).

Dit is sekerlik waar dat die leraar, in vergelyking met sy of haar lidmate, baie meer ingestel is op gewoontes soos gebed, die lees van die Woord en die bewussyn van die teenwoordigheid van die drie-enige God in sy of haar lewe en bediening. Die leraar is immers die een wat veronderstel is om die meeste te bid, die meeste met die Bybel besig te wees en hom of haar die meeste sal verwonder oor die ontdekking van die lewende Here se reis met die gemeente. Die predikant beleef daarom sy of haar spiritualiteit in sy of haar professie of roeping, maar ook in die alledaagse lewe saam met God. Die spirituele verryking van die leraar word egter verdiep in sy of haar doelbewuste oomblikke van stilte en afsondering in gebed en die meditasie van die Skrif wanneer die lewende Here deur sy Gees hom of haar spiritueel verdiep en die mistieke verhouding van eenheid tussen Hom en sy geliefde kind voed.

3.10.1.9 Die spirituele verryking van die leraar en uitbranding

Die navorsings-retraite het gefokus op die drie antieke geloofsdissiplines, naamlik *lectio divina*, *imaginative prayer* en die *Gebed van Examen* om die leraar te begelei om bewus te wees van die teenwoordigheid van God in die leraar se lewe en bediening. Dit gaan oor die "mindfulness" (indagtigheid) van die leraar. Frederick, Thai en Dunbar (2021) se navorsing dui daarop dat "The three Christian contemplative practices of the *lectio divina*, centering prayer, and the *examen*, provide the spiritual disciplines needed to address burnout in the pastorate" (Frederick, Thai & Dunbar, 2021:7)[46].

---

[46] "Research suggests that individuals practicing mindfulness have lower levels of burnout and that mindfulness can be a protective factor against individuals becoming burned-out. In short, the ability of an individual to be consciously aware of the current moment may reduce burnout and provide a buffer against burnout" (Frederick, Thai & Dunbar, 2021:7). Die deelnemers aan die navorsing het nie gekla oor uitbranding

3.10.1.10 Die leraar as mistagoog se binnekamer

Daar is die oomblikke van persoonlike verdieping, alleen met God in afsondering en stilte, waarvan net die leraar en God weet. Dit is totaal onvanpas vir die Gereformeerde leraar en lidmaat om te vertel hoe lank hy of sy in die binnekamer, *ταμεῖόν*, deurbring. Dit is *ἐν τῷ κρυπτών* (Matt.6:6) - privaat, verborge, mistiek, die nie-ekshibisionistiese vorm van spiritualiteit. Die binnekamer is juis die plek in die huis waar die bidder nie gehinder of bewonder kan word nie[47]. Wie jy in jou afsondering is, is die ware self. Jy hoef nie die aandag te vestig op die feit dat jy in jou binnekamer alleen met die Vader is nie, hoe minder mense weet, hoe beter (Wright, 2004b:56). Die beloning wat Jesus belowe tydens die ontmoeting met die Vader in die *ταμεῖόν*, beleef die leraar reeds in die binnekamer, en wanneer hy of sy in mistieke eenheid met Christus as mistagoog gaan meereis met die lidmate aan sy of haar sorg toevertrou deur die Vader, wat sedert ons doop die inisiatief neem met hierdie besondere ontmoeting(s)[48].

Met die sinvolle inrig van die oomblikke van ontmoeting in die binnekamer help ou kerkvaders, soos Guigo II, Ignatius van Loyola en Maarten Luther die leraar besonder baie. Guigo II leer die leraar byvoorbeeld om die Skrif biddend te lees, om hom of haarself te sien in die Woord, maar ook te beleef dat die sluier op God effens gelig word, sodat hy of sy met sy of haar geestesoog die “gesig van God” kan kontempleer. Ignatius van Loyola neem ons verder aan die hand en begelei ons om die Skrif so te lees met “imaginative prayer”, om met ons sintuie te beleef hoe ons tuiskom in die Woord. Die Gebed van Examen wat Ignatius in sy geestelike oefeninge vir die Jesuïete leer, is die gebed aan die einde van die dag of ’n spesifieke tydperk wat die leraar help om die lewende Christus in sy dag, omstandighede en bediening raak te sien. Hierdie eenvoudige geloofsoefeninge kan waarlik beskou word as geskenke van God aan sy kerk, juis om die binnekamer-momente te verdiep en te verinnig. Die leraar wat hierdie belangrike momente afskeep, om watter rede ook al, getuig spoedig van leegheid en doelloosheid, en dit kan uitbranding verhaas. Die gereelde (verkieslik daaglikse) intieme oomblikke saam met God is

---

nie, maar is tog bewus daarvan dat die leraar se spiritualiteit ’n teenvoeter is teen uitbranding, waaraan sowat 30% predikante ly.

47 Daar is die bekende verhaal van die woestynvader, Vader Moses, wat besoek ontvang van ‘n jong monnik wat raad kom vra. Sy opdrag aan die jongman was: “Out, go to your *kellion* (hut), and sit down, and the *kellion* will teach you everything" (Parrot, 2003:78). Richard Parrot beskryf die “sel” soos volg: “The hut is the place where I rediscover in fresh experience the love of Christ for me and the power of Christ in me. It is not theological presuppositions, but inward experience that transforms” (Parrot, 2003:78).

48 “Jesus doesn’t say what kind of reward we should expect... Simply knowing God better is reward enough...What is clear is that he is inviting his followers to a life in which inside and outside match perfectly, because both are focused on the God who sees in secret” (Wright, 2004b:56).

genoeg vir ons God om die selfbeeld van die leraar, as geliefde kind van God, te bevestig en te laat groei. In die dagprogram van die leraar kan dit reeds ingebou wees[49]. Gideon van Dam (2004) gee in hierdie opsig sinvolle leiding vir die daaglikse bediening van die predikant:

> Een pastor wordt door de kerk vrijgesteld om plekken op te sporen waar iets te ontdekken valt van Gods liefdevolle aanwezigheid, die alle verstand te boven gaat. Daarin is de pastor... een levende heenwijzing... Deze roeping gaat vooraf aan andere te maken over een takenpakket. In het werk een levende heenwijzing kan niet zonder spirituele omgang met het Woord van God en open staan voor die leiding van de Heilige Geest (Van Dam, 2004:21).

Dr. Riaan van der Merwe, jare lank al mistagoog, skryf in 'n deeglike uiteensetting (2013) oor die verskillende geloofsgewoontes vir die verskillende seisoene waardeur ons beweeg[50]. Hy sluit aan by die verskillende seisoene van die jaar - lente, somer, herfs, winter en nuwe lente - en noem moontlike dissiplines wat geskik is vir elke seisoen van die siel (Van der Merwe, 2013:36-37). Vir die doeleindes van hierdie navorsing is gepoog om die leraar biddend naby aan die Skrif te begelei, sodat die Woord en gebed die sentrale plekke inneem.

3.10.2 Om die Skrif met jou hart te lees (lectio divina)

> This practice helps Christians center themselves and descend to the level of the heart to enter an inner-focused quiet space, finding God (Korn, 2011:Kindle Ligging 21).

Broer Dan Korn (2011) sien *lectio divina* as die geloofsgewoonte om jouself oop te stel vir die aksie en inspirasie van die Heilige Gees. Terwyl die leraar doelbewus fokus en teenwoordig raak

---

[49] Die leraar kan maar die vrymoedigheid neem om dit met die kerkraad en gemeente te kommunikeer dat sekere tye van die dag uitgesit word vir die binnekamer van die leraar. Dikwels is hierdie stil oomblikke ook die voorbereiding vir die prediking. Die gemeente neem meestal die leraar in ag en beskou die intieme oomblikke saam met God as uiters belangrik. Hierdie uur op die dagprogram van die leraar maak juis die "beroep" van die predikant uniek, in dié sin dat weinig ander beroepe wat op die dagprogram spesifiek ruimte sal maak vir die binnekamer van die werknemer. "Een pastor onderscheidt zich van andere beroepsbeoefenaren door een (academisch) theologische scholing en een spiritueel hermeneutische en mystagogische competentie" (Van Dam, 2004:23). Dit kan ook daartoe lei dat die gemeente die leraar as mistagoog daarin navolg, tot voordeel van hulle eie spirituele verryking.

[50] Die navorser het aan elke deelnemer aan die retraite 'n kopie van *Seisoene van die Siel* (2013) geskenk as deel van die literatuur wat die leraars kon bestudeer, veral na die retraite vir doeleindes van hulle voortgesette spirituele verryking. Die doel daarvan is ook dat die deelnemers ontdek dat daar meer dissiplines is as die drie waarop tydens die retraite gefokus is, en hulle die geleentheid te gee om kennis te neem van die verskillende seisoene waardeur die mens in sy eie wandel met God beweeg, en dalk ruimte te maak vir ander geloofsgewoontes om die leraar se verhouding met God te kultiveer.

by die innerlike betekenis van die Skrifgedeelte, verlig die Heilige Gees sy of haar gedagtes en hart (Korn, 2011:Kindle Ligging 25-30). Dit is nie in God se aard om moeilik of onmoontlik te wees om te ontmoet nie. Die leraar fokus op die stille innerlike ruimte terwyl sy of haar hart stil raak om na die Heilige Gees te luister. In die praktyk van *lectio divina* word 'n mens deur meditasie in kontemplasie ingelei. Hierdie is 'n oefening waar 'n mens 'n bewuste poging aanwend om doelbewus in jou spirituele verryking te wees (Korn, 2011:Kindle Ligging 35-40).

3.10.2.1 Guigo II (1140-1193), De Leon (1250-1305) en Maarten Luther (1483-1546)

Guigo II (1140-1193), is die negende prior van die moederhuis van die Kartuisers. Hoewel hy verskeie boeke geskryf het, is veral sy *Scala claustralium* ("Die leer ["ladder"] van die kloosterlinge") van groot belang. Daarin gee hy die klassieke uiteensetting van die vier momente van gebed wat met die *lectio divina* geassosieer word: *lectio*, *meditatio*, *oratio* en *contemplatio*. Vir Guigo II is kontemplasie binne bereik van alle gelowiges. Hierdie boek van hom was op mede-monnike gemik, maar ook op leke. Meer as eenhonderd manuskripte daarvan het oorleef (Hansen, 2008:277).

Guigo skryf: Eendag terwyl ek met my hande besig was, het ek begin dink aan ons geestelike werk en tegelyk het vier fases in geestelike oefening in my gedagtes opgekom: Lees, meditasie, gebed en kontemplasie. Dit vorm 'n leer vir monnike waardeur hulle van die aarde na die hemel reik. Dit het min trappies, maar die lengte daarvan is geweldig en wonderlik, want sy onderpunt rus op die aarde, terwyl sy boonste punt die wolke deurdring en die hemelse misterie aanraak (Finley, 2005:76, Guigo, 1979:68 – outeur se eie vertaling).

Guigo II beskryf die beweging wat plaasvind tydens *lectio divina* as volg:

> Reading is the careful study of the Scriptures, concentrating all one's powers on it. Meditation is the busy application of the mind to seek for the help of one's own reason for knowledge of hidden truth. Prayer is the heart's devoted turning to God to drive away evil and obtain what is good. Contemplation is when the mind is in some sort lifted up to God and held above itself, so that it tastes the joy of everlasting sweetness (Guigo II, 1979:68).

Hy vergelyk die biddende lees van die Bybel met die eet van 'n heerlike maaltyd.

> Reading seeks for the sweetness of a blessed life, meditation perceives it, prayer asks for it, contempaltion tastes it. Reading, as it were, puts food whole in the mouth, meditation chews it and breaks it up, prayer extracts its flavor,

> contemplation is the sweetness itself which gladdens and refreshes. Reading works on the ouside, meditation on the pith, prayer asks what we long for, contemplation gives us delight in the sweetness which we have found (Guigo II, 1979:68-69).

Die lees van die Bybel kom eerste en is die inhoud van meditasie, wat op sy beurt die dieper grawe en oordenking is, die soeke na die skat wat gevind en geopenbaar word. Meditasie begelei na gebed. Gebed "lig die bidder op na God" met al sy krag en pleit vir die skat waarna die bidder verlang, die soetheid van kontemplasie (Guigo II, 1979:79).

> Reading is an exercise of the outward senses; meditation is concerned with the inward understanding; prayer is concerned with desire; contemplation outstrips every faculty (Guigo II, 1979:80).

Hierdie vier bewegings is nou verbind aan mekaar (Guigo II, 2012:23).

Later sou Moses de Leon (1250-1305) die akroniem PaRDeS in die Joodse leestradisie ontwerp. Dit bestaan uit die eerste letters van die woorde *peshat*, *remez*, *derash* en *sod*, waar *peshat* op die ooglopende betekenis van die Skrif sal dui; *remes* op 'n aanduiding in die teks dat daar 'n dieper betekenis lê; *derash* op die soeke na God se wil en *sod* na die verborgenheid van die mistieke betekenis van die teks. Hierdie vier woorde dui op die vier betekenisse van die Skrif, soos dit in die Joodse tradisie ontwikkel is (Viljoen, 2017:21). Waaijman meen dat De Leon die akroniem PaRDeS om 'n goeie rede gekies het, want volgens tradisie het *pardes* die tuin van mistiek beteken, paradys (Waaijman, 2002:693). So wou De Leon toesien dat die vier tradisionele wyses waarop die Skrif gelees is, in 'n mistieke perspektief geplaas word.

Ook die Hervormer, Maarten Luther (1483-1546), wou graag die leraars begelei in 'n vorm van geloofsdissipline wat hulle spiritualiteit verryk. Hy noem drie bewegings, nl. *oratio*, *meditatio* en *tentatio*.

> When we consider Luther's axiom *Oratio*, *Meditatio*, *Tentatio* (prayer, meditation, and affliction)[51] we usually think in terms of the aptitude of a *Seelsorger*. Certainly Luther encourages pastors to follow this three-fold rule. However, the axiom has a

[51] Volgens Wilhoit en Howard (2012) was oratio, *meditatio* en *tentatio* vir Luther ook die korrekte manier om teologie te bestudeer. Hy het spesifiek na Psalm 119 verwys as die model vir die proses. Ons gebed is om die leiding van die Gees, ons herhalende refleksie op die woorde van die Skrif en ons ernstige soeke na God te midde van die uitdagings van die lewe is die weg na die waarheid. Luther het die waarde van die meditatiewe lees van die Skrif ingesien (Wilhoit & Howard, 2012:19).

> wider application. It is the method of spiritual formation for each individual who daily dies and rises in Baptism (Schmeling, 2009:19).

Dit is verbasend om te sien hoe die inhoud van hierdie geloofsdissipline van Maarten Luther ooreenkom met *lectio divina*. Luther brei ook uit op die wyse waarop die Bybel met die hart gelees kan word met vier bewegings: 1. *Instruksie*, 2. *danksegging*, 3. *belydenis*, en 4. *gebed* waarin die vorige drie elemente in gedagte gehou word en God gevra word om die leser se geloof en vertroue te vernuwe en sy of haar voorneme om te glo en te gehoorsaam, te versterk (Van Dam, 2004:77-78, McGrath, 1999:87)[52].

3.10.2.2 Die Bybel as Boek van die Heilige Gees

De Villiers (2009c) sê tereg dat die Bybel die boek van die Heilige Gees is. Dit is 'n "geïnspireerde" boek, en na aanleiding van 2 Timoteus 3:16 wat praat oor die hele Skrif wat deur God "ingegee is," word gepraat van die Bybel as 'n versameling boeke wat deurtrek is met die asem van die Heilige Gees (Θεοπνεύστος) en wat nuwe lewe in jou adem en blaas, sodat dit jou ook kan "inspireer". Om die bedoeling van die Heilige Gees met die Bybelboeke te bepaal, help die baie ou model van die *lectio divina* (*lectio, meditatio, oratio, contemplatio*). Elkeen van hierdie dimensies bevorder die "geestelike" lees van die Bybel (De Villiers, 14 Desember 2009c). Jos Douma (2004) stel dit so: Die Gees het alles met die Woord te doen. In die Gereformeerde tradisie word hierdie twee altyd in dieselfde asem genoem: 'Woord en Gees', want die Woord is deur die Gees geïnspireer. Hy is die Outeur van die Bybel. Dit maak die Bybel die mees besondere boek waaraan jy kan dink, want die Skrywer is ten alle tye daar wanneer in hierdie Boek gelees word. Dit is nie waar van enige ander boek nie (Douma, 2004:36).

Die heilige Woord is deur God saamgestel as 'n manier om sy liefde te kommunikeer. Dit is ook uitnodigings tot verhouding, geskryf sodat die lesers kan groei in die spirituele lewe saam met God. Dit gaan oor ons verlangens. Die heilige Skrif is sentraal in die lewe en bediening van die leraar. Nuwe lewe word gevorm. Ons verdiep ons in die teks van die Skrif wanneer ons dit lees, mediteer, bid, oordink en die Woord leef (Wilhoit & Howard, 2012:41).

---

[52] Die navorsing onder die predikante wat deelgeneem het in die Ring van Clanwilliam, toon dat hulle vertroud is met *lectio divina* en dit al spontaan, sonder om selfs sistematies te dink aan die vier bewegings, gebruik in hulle omgang met die Woord, maar dat selfs De Leon en Luther se ontwerpe van meditatief en biddend die Bybel lees, ingeweef is in hulle gebruik van *lectio divina*.

> We come with our thoughts and feelings to our reading, and the Spirit causes God's thoughts and feelings to arise as we read. We all use heart language (Wilhoit & Howard, 2012:54).

3.10.2.3 *Lectio Divina* prakties in die lewe van die leraar

> *Lectio divina* is the reading of a lover: The relaxed waiting that is attentive to the relationship as it is to the text. Though not divorced from analytical study, it is slower and more meditative. It is where a reading and prayer are bound together. It is a reading that comes out of a life with God and leads into life with God (Wilhoit & Howard, 2012:61).

Lectio divina is die begeerte om die woorde van die Skrif te hoor, maar ook die Woord agter die woorde te ontmoet. In *lectio divina* soek ons gemeenskap en eenheid met ons God. Ons soek niks minder as God nie (Benner, 2010:48). In stilte en afsondering vra die leraar die Gees van God om hom of haar voor te berei om God se woord te ontvang (Benner, 2010:53).

Luke Dysinger (2001) praat juis van *lectio divina* as om "die omhelsing van God te ontvang en aanvaar", "a slow, contemplative praying of the Scriptures which enables the Bible, the Word of God, to become a means of union with God" (Pennington & Dysinger, 2001:Kindle Ligging 284). Wanneer die leraar opnuut op hierdie wyse in die omhelsing van God sy mistieke eenheid met Christus beleef, en hy of sy bevestig word as God se geliefde kind, begin die Woord deursuur in sy of haar lewe en bediening.

Lectio divina kan beskou word as die mees tradisionele manier om kontemplatiewe gebed en ons toetrede tot die *silentium* (stilte) van God te kultiveer, sê Christine Sine (2012). Ons lees die Bybel met die bewuste bedoeling om na die stem van God te luister asof 'n mens in gesprek is met God wat die onderwerpe vir bespreking aan ons voorstel (Sine, 2012:Kindle Ligging 1342). Spontane gebed is die normale reaksie op die groeiende verhouding met Christus, en die gawe van kontemplasie is God se normale reaksie daarop (Sine, 2012:Kindle Ligging:1349).

Lectio divina beweeg van die lees van 'n teks (lectio) na die besinning oor hierdie teks (*meditatio*). Hierdie *meditatio* hang ten nouste saam met *contemplatio* – daardie Godgegewe, genadige oomblik wanneer 'n mens bewus word dat jy in die teenwoordigheid van God leef. Alles wat 'n mens doen wanneer 'n mens met God se Woord besig is, kry uiteindelik sin in die manier waarop dit 'n mens in 'n verhouding met God bring en *coram Deo* laat staan (De Villiers, 13 Desember 2011). Uiteindelik leer *lectio divina* ons van onsself. In *lectio divina* ontdek ons dat daar geen plek

in ons harte is nie, geen hoek of kant wat nie vir God oopgemaak en aangebied kan word nie (Pennington & Dysinger, 2001:Kindle Ligging 426).

> Lezen van de Schrift is intreden in het betrekkingsgebeuren tussen God en mens. Dat is een intuïtie die in de bijbel zelf al aanwezig is... Tot aan het ontstaan van de moderne academische exegese hebben de methoden en technieken van de schriftlezing steeds in dienst gestaan van het spirituele leven. Bijzonder bruikbaar is het model voor de *lectio divina* dat Guigo II, de karthuizer, in de twaalfde eeuw ontwierp (Welzen, 2004:4).

Vir die leraar wat in mistieke eenheid met Christus as mistagoog deelneem aan die bediening van die lewende Here, is *lectio divina* 'n handige hulpmiddel. Ons lees die Bybel as 'n daad van stadige, doelbewuste gebed, 'n geleentheid tot vorming, en transformasie deur die Gees van God (McColman, 2010:193). Carl McColman beskryf dit so:

> Thus, lectio is the practice in which you slow yourself down, creating space in which you can gently learn to seek, and discern, God's presence hidden in the sacred text and in the subtle stirrings of your heart and mind (McColman, 2010:194).

Die leraar volg daarom die vroegste kerk na wanneer hy of sy, soos prof Willie Jonker dit stel, oor die Woord nadink, luister na die Skrif, oopgaan vir die Skrif en die Skrif na-bid (Jonker, 1989:294). Met *lectio divina* het die leraar 'n geskenk uit die antieke kerk en die vier bewegings volg so logies op mekaar dat die deelnemers aan hierdie navorsing getuig van hoe hulle graag spontaan van die een moment na die volgende wil beweeg, sonder om eers bewus te wees van die onderafdelings. Hier volg 'n kort bespreking van die vier bewegings.

a. Lectio

Die kuns van *lectio divina* begin met die kweek van die vermoë om diep te luister, om "met die ore van ons harte" te hoor (Pennington & Dysinger, 2001:Kindle Ligging 288). Ons volg die profeet Elia na en laat onsself toe om vroue en mans te word wat in staat is om na die stil, sagte stem van God te luister (1 Konings 19:12); die "sagte gesuis" (2020 vertaling) of "fluistering in die windstilte" (1983 vertaling), God se woord vir ons, God se sagte stem wat ons harte aanraak. Om iemand sag te hoor praat, moet ons leer om stil te bly, om stilte lief te hê (Pennington & Dysinger, 2001:Kindle Ligging 293).

Pieter de Villiers (2012c) skryf in sy blog oor *lectio divina* dat die gelowiges in die vroeë kerk die Bybel "bid". Dit is nie 'n "studie" of 'n "ontleding" van die Bybel nie. Dit is 'n boek wat lewe in hul

harte. Hulle ken dit in hul brein, hart en mond. Hulle neem die woorde in die mond, proe dit, praat dit, luister daarna en stort dit dan voor God uit. Dit word hulle manier om te begin bid (De Villiers, 30 November 2012c). *Lectio* in die kloostertradisie behels die plasing van die goddelike woord op die lippe, skryf Morello (1994). Dit was 'n fokus- en sentreringsmiddel. 'n Mens sou saggies 'n gedeelte uit die Bybel lees, en wanneer 'n gedagte, reël of woord uitstaan en die leser se aandag trek, sou hy of sy daar stop en by daardie teks stilstaan en dit telkens noukeurig herhaal. Hy of sy bly by dieselfde teks totdat dit versadig is, en gaan dan voort met die leeswerk totdat hy of sy 'n ander boeiende teks vind. Die monnik sou hierdie herhalende lesing hardop doen, die woord met sy eie sintuie beleef (inleef) en met die hele liggaam bid (Morello, 1994:21).

Die krag van die woorde van God op jou lippe werk soos suurdeeg in die hart, wat ons wakker maak vir 'n persoonlike ervaring van die teenwoordigheid van God wat die Skrif openbaar. Die Skrif is een lang liefdesbrief van God. Guigo moedig ons aan om te lees op 'n manier wat opreg, innig en kinderlik is (Finley, 2005:82). Die eerste trap van die leer is om die Skrif te lees as 'n manier om God te soek en God se teenwoordigheid te ontdek (Finley, 2005:83).

Reeds op die eerste vlak van die geestelike lees van die Bybel is ‘n mens se verstandelike, analitiese denke aan die werk. Ook wanneer ’n mens doodeenvoudig net die Bybel sag of hardop lees, in die handeling van *lectio*, wanneer jy dus die teks jou eie maak deur sorgsaam daardeur te lees, is jou verstandelike vermoëns aan die werk (De Villiers, 17 Januarie 2013).

Wanneer ‘n mens die Bybelboeke lees, praat die stem van ’n gelowige mens met jou. Jy laat iemand wat die Verborgene ken, toe om met jou binneste te kommunikeer. Hulle woorde oor God word God se woord en resoneer met ons. ’n Mens word deur *lectio* weg van jouself geneem op pad na God toe. Jou aandag word opgeëis vir die stem van die Ander (De Villiers, 13 Desember 2011c). Reeds wanneer die leraar die Woord biddend oopmaak, om die stem van God te hoor, en Hom in verhouding met hom-of haarself te “lees”, is dit nie net die Woord wat oop is nie, die leraar se hele wese is oop vir die mistieke werking van God drie-enig in die heilige oomblik van *lectio*.

b. Meditatio

Sodra die leraar 'n woord of 'n gedeelte in die Skrif gevind het wat op 'n persoonlike manier tot hom of haar spreek, neem hy of sy dit in en "herkou" daaraan. Die beeld van ‘n herkouende dier wat stilweg sy kos herkou, is in die antieke tyd gebruik as 'n simbool van die gelowige wat die Woord van God oordink soos Maria wat “al hierdie woorde gekoester en in haar hart daaroor bly nadink” het (Lukas 2:9 – 2020 Vertaling) (Pennington & Dysinger, 2001:Kindle Ligging 304). Die leraar neem die Woord in en herhaal dit saggies in die hart en laat toe dat die Woord met sy of

haar gedagtes, hoop, herinneringe en begeertes kommunikeer (Pennington & Dysinger, 2001:Kindle Ligging 310). Om te mediteer beteken om rustig by ’n paar woorde of sinsnedes te vertoef om die betekenis van die teks toe te eien. Elke woord van die Skrif word gesien as bedoel vir jouself. Elke teks praat van Christus en van die bidder. Die monnik sien homself in die teks, betree die betekenis en identifiseer daarmee. Dit is die tweede element van *lectio divina* (Morello, 1994:21 – outeur se vertaling). Die hele proses is basies intuïtief, 'n regterbrein-aktiwiteit (soos vandag gesê word), soos om 'n liefdesbrief oor en oor te lees (Morello, 1994:22), om te begin dink met Jesus se denke.

In meditasie poog die bidder om die teks en die betekenis daarvan in hom of haar te laat insink. Die liefde van die bidder se hart word herprogrammeer. *Meditatio* laat die woord sy werk in die oorgegewe leraar se siel doen terwyl hy of sy die woord van die Here diep hoor (Wilhoit & Howard, 2012:80). So terwyl ons mediteer, skryf Bonhoeffer (2005), begeer God se Woord om in te gaan en in ons te bly. Dit begeer om ons te beweeg, in ons te werk en so 'n indruk op ons te maak dat dit ons hele dag verander, dikwels sonder dat ons daarvan bewus is en sonder enige onverwagte, buitengewone ervarings (Bonhoeffer, 2005:88).

In *lectio* kom die Woord na die leraar, in *meditatio* ontvang hy of sy die Woord in hom of haar. Nog 'n manier waarop hy of sy die Skrifte in hom of haar inneem, is deur die aktiewe betrokkenheid van sy of haar verstand, hart en liggaam met die teks. Verbeeldingryke besinning verbind denke en emosie om vas te stel wat die menslike skrywers van die Skrif deur middel van hul vertellings aan hul lesers wou kommunikeer (Wilhoit & Howard, 2012:84). Meditasie is reeds gebed. Wanneer meditasie en besinning met openheid teenoor die Here gedoen word, is dit ’n “doen” gebed (Benner, 2010:91).

Die hele konteks is Jesus. Elke Bybelse teks moet in die konteks van die lewende Jesus gelees word. Die leraar mediteer om deel te neem aan die teks en beweeg van kritiese buitestander na waarderende deelnemer (Peterson, 2006:102).

Finley (2005) skryf in navolging van Guigo II dat ons soek in *lectio* en ons sal vind in *meditatio*. *Meditatio* is 'n manier om meditatiewe bewustheid van eenheid met God te betree waarin ons verder as ons gebruiklike afhanklikheid van denke gaan (Finley, 2005:87).

c. Oratio

Oratio is die biddende oomblik in die geestelike reis. Wanneer ‘n mens in *oratio* reageer op die teks – biddend, verlangend, smekend, vierend – is ’n mens ook met al jou logiese insigte en vermoëns betrokke (De Villiers, 17 Januarie 2013). Gebed vloei spontaan uit die lees en meditasie

van die Skrif. Een manier waarop ons gebede op ons lees en meditasie volg, is dat ons, geïnspireer deur iets in die teks, dit op so 'n wyse met God deel, dat Hy sy woorde in ons harte vaslê en die bidder hom of haarself in die teks sien (Wilhoit & Howard, 2012:98).

Oratio is gebed wat verstaan word as beide dialoog met God, as liefdevolle gesprek met die Een wat ons in sy omhelsing ingenooi het; en as toewyding, gebed as die priesterlike offer aan God van dele van onsself wat ons nie voorheen geglo het God van ons vra nie. In *oratio* laat ons toe dat ons ware self aangeraak en verander word deur die Woord van God (Pennington & Dysinger, 2001: Kindle Ligging 310-315). Hierdie oomblikke is 'n nog dieper verinnerliking van die teks, waarin die leraar hom- of haarself in die Skrifgedeelte sien en met God daaroor gesels. Die leraar bid en gee geleentheid vir stilte om te luister, sodat die woorde van die Woord in en aan hom of haar kan doen wat die lewende God deur sy Gees graag wil doen. *Oratio* verinnig die beweging in *lectio divina* (Benner, 2010:113). Dit is asof die oomblik van meditasie op 'n sekere oomblik spontaan oorgaan in gebed, die derde beweging van *lectio divina*. Die Woord van God beweeg van die lippe na die verstand, en nou in die hart in. *Oratio* of gebed is die reaksie van die hart op die woord van God wat ons deur die Skrif hoor spreek het (Morello, 1994:22). Wanneer Guigo oor *oratio* skryf, doen hy dit in terme van die dieper begeerte na die belewing van ons eenheid met God wat *lectio* en *meditatio* in ons oproep (Finley, 2005:93).

Die leraar nader tot God omdat hy of sy na God verlang en soek Hom op en gee onsself in vertroue oor aan God. God ontvang ons, omhels ons en maak ons sy eiendom en vul ons met diepe blydskap. Ons laat voorts toe dat God deel word van ons bestaan. Ons laat God in ons innerlike toe, met ons sintuie ingestel op sy teenwoordigheid (De Villiers, 14 Desember 2009c).

Die leraar wat hierdie geloofsgewoonte beoefen, beleef op 'n stadium dat hy of sy graag die Woord in eie woorde wil bid, nadat hy of sy hom of haarself duidelik gesien het in die woorde wat ontvang is in *lectio* en *meditatio*. Dit is asof dit spontaan gebeur, asof jy dit wat jy ingeasem het, nou uitasem. Wanneer Guigo II (1979) praat oor *oratio*, sê hy dat die bidder as't ware kragtig "opgelig" word na God (Guigo II, 1979:79). Die woorde van die Woord word dus nou die biddende leraar se woorde. Jos Douma (2013) gebruik Maarten Luther se manier van om die Woord te bid as voorbeeld, "bedenken, bedanken, belijden en bidden" (Douma, 2013:5, Luther, 2017:26)[53]. Die

[53] Maarten Luther gee in sy brief aan sy goeie vriend die raad aan leraars: "We must see to it that we do not lose the habit of prayer and deceive ourselves into thinking that other kinds of things are more important, when they are not. Then we might become careless and lazy, cold and indifferent when it comes to praying" (Luther, 2017:7).

leraar hoef hier niks meer te doen as om die Gees van Christus die geleentheid te gee om die woorde van die Woord wat hy of sy van die Drie-eenheid ontvang het, in sy of haar hart te “bêre” (Psalm 119:11) nie.

d. Contemplatio

Uiteindelik rus ons eenvoudig in die teenwoordigheid van die Een wat die Woord gebruik het as 'n manier om ons uit te nooi om 'n transformerende omhelsing te aanvaar: God. Woordelose, stil rus in die teenwoordigheid van die Een wat ons liefhet. Dit het 'n naam in die Christelike tradisie – *contemplatio*, kontemplasie. Ons beoefen stilte en verby ons eie woorde ervaar en geniet ons bloot die teenwoordigheid van God (Pennington & Dysinger, 2001:Kindle Ligging 320 – outeur se vertaling). Ons geniet die verkwikking om bloot in God se teenwoordigheid te wees en die oomblik eenvoudig met dankbaarheid te aanvaar as God se herhalende gawe. Die leraar rus gewoon in God se omhelsing (Pennington & Dysinger, 2001:Kindle Ligging 340). Terwyl die eerste drie bewegings van *lectio divina* nog vra dat die leraar “werk”, is *contemplatio* totaal God se werk in hom of haar (Pennington & Dysinger, 2001:Kindle Ligging 345). Ons is by die God van die teks teenwoordig en Hy voltooi self die werk (Wilhoit & Howard, 2012:111). In *contemplatio* les God die siel se dors en voed hy sy honger. Hier bid die Gees in die menslike gees (Morello, 1994:22). Die liefde van God is nie meer abstrak nie, maar word konkreet in die ontvangende self gegiet en jy ontdek opnuut dat jy geliefd en liefdevol is (Morello, 1994:22-23).

Kontemplatiewe gebed is gebed gesien as of “om te wees” (Benner, 2010:129). Die verlange na die belewing van vereniging met God is primêr. Kontemplasie is volgens Benner om in die Here te bly (Johannes 15:4) (Benner, 2010:132), die wete wat voortspruit uit die feit dat jy met en in God is, die belewing van die leraar se mistieke eenheid met God. Dit gaan oor die leraar se wese, wat in God is. Kontemplasie is die oopstel van die leraar se liggaam, verstand en hart en siel vir die Misterie wat nie deur woorde of gedagtes vasgevang kan word nie, maar in wie ons woon en wat in ons woon (Benner, 2010:133). Die stilte wat in hierdie gebed van kontemplatiewe teenwoordigheid tot God bestaan, is die stilte van om in liefde by God te wees (Benner, 2010:135). Die res doen God self (Benner, 2010:136).

Dit is te midde van hierdie ongebonde en grenslose verlangens dat die kontemplatiewe ervaring van eenheid met God plaasvind (Finley, 2005:97). God buig neer en plaas onverwags die vierde trap van die leer stewig onder ons voete. Stomgeslaan kyk ons direk in God se oë wat altyd in ons s'n kyk. Alles is skielik tuiskoms en gemeenskap. Alles is 'n liefde wat deur ons vloei en niks anders as liefde agterlaat nie (Finley, 2005:98).

De Villiers (2012b) skryf tereg dat *contemplatio* gaan oor die serene bewuswording van God se werking in ’n mens se lewe. Dit is ‘n oopheid na en bewuswording van die genade wat in ’n mens se lewe instroom. Elkeen wat iewers op ’n dag van God se liefdesaanraking bewus geword het, het met die kontemplatiewe te doen gekry (De Villiers, 11 Julie 2012b). Daar is verwondering, stilte, ontsag veral vir die Een wat deur die Bybel die mensehart aanraak en roer (De Villiers, 17 Januarie 2013)

Wat dan uiteindelik die meeste tel, is om eenheid met God te beleef. Wat die belangrikste is, is dat ’n mens deel word van God se wêreld en wil. Stilte, meditasie en kontemplasie dien almal die groter doel om al die onnodige, onbelangrike dinge te stroop en oop te wees sodat die werklike lewe in 'n mens kan binnestroom. Wat werklik saak maak, is om die leraar se mistieke eenheid met God te beleef en te verinnig, om in die Goddelike wil getransformeer te word, om in God te wees (De Villiers, 13 Desember 2012d).

Om die Woord met jou hart te lees[54]
Lectio Divina
Here, ek raak stil by U
Ingenooi in die heiligdom
Ek berei my voor
Om u stem te hoor
U te beleef.

Lectio
Ek maak die Woord oop en lees drie maal
Ek raak met die Woord besig
En soek myself in u wêreld
En U in myne

Meditatio
Ek lees u Woord weer
Sekere woorde en sinsnedes
Staan vir my uit
Ek fluister die woorde
Hulle raak deel van my
Die Woord raak met my besig

Oratio
Here, hoor my stem
Wanneer ek nou in eie woorde
U Woord bid, myself daarin sien

[54] Die navorser het van lectio divina ’n gebed saamgestel wat hy aan elke deelnemer aan die retraite uitgedeel het in die vorm van ’n boekmerk, wat die leraars in hulle Bybels kan hou vir hulle oomblikke met die Woord. Hierdie is die voorbeeld daarvan.

Ek bid saam met u Gees
En sien reeds hoe U
Deur u Woord my nuut maak
En verander.
Ek gee myself aan U.

<u>Contemplatio</u>
Nou raak ek stil
Ook my gedagtes kom tot rus
Ek rus by U, in U
Ek gebruik my gebeds-woord
"Vader, goeie Vader"
Wanneer my gedagtes 'dwaal'
U heel my, U genees my,
U maak my vry,
Doen in en aan my wat U wil
U gee Uself aan my
U in my en ek in U.

Adriaan Haasbroek

3.10.3 Imaginative Prayer

3.10.3.1 In die middel van die toneel

Terwyl die leraars van die Ring van Clanwilliam besig was om ook by mekaar te leer en mekaar te begelei, het een van die leraars opgemerk dat hy die Woord beeldryk lees en dit help hom om die lewende Here ook in sy omstandighede en milieu te beleef en raak te sien. Dit is ook die "beelde" wat hy weer met ander deel in sy daaglikse omgang met mense, maar ook in die erediens. Dit is veral wanneer hy besig is met die *meditatio*-beweging in *lectio divina*, dat hy op hierdie manier lees en bid. Op hierdie wyse word die verskillende geloofsdissiplines (in hierdie geval *lectio divina* en *imaginative prayer*[55]) wat deel vorm van die spirituele verryking van die leraar besonder geïntegreer en sluit die een by die ander aan. Wanneer die leraar die teks eksegetiseer, gebeur dit by die *meditatio*-beweging van *lectio divina*, waarby die "beelde" wat hy of sy voor hom sien, ook betrek word (Viljoen, 2017:27).

Op 'n sekere manier plaas elke leraar hom of haarself en die gemeente wat hy of sy bedien, weekliks in die teksgedeelte wat Sondag tot die lidmate moet spreek, en andersom, die teks word

---

[55] Die behoorlike vertaling van die term "imaginative prayer" in Afrikaans, is 'n uitdaging. Die navorser het by ds Marié Britz navraag gedoen. Sy is predikant by die NG Moederkerk in Stellenbosch en die eerste NG Kerk begeleier van die 30 dae Ignatiaanse Retraite by hulle Retraite Sentrum te Anatoth, net buite Stellenbosch. Sy gebruik die begrip "verbeeldings-gebed", terwyl die navorser "inleef-gebed", "beeldryke-gebed" of "verbeeldingryke gebed/meditasie" bedink het om hierdie praktyk te omskryf. Daarom sal die werkwoord "verbeeld" beter pas by hierdie oefening as die werkwoord "verbeel".

as't ware deur die leraar in die middel van die gemeente geplaas en deur die gemeente "ingeneem", sodat die leraar en lidmate nie meer die aan-die-rant-toeskouer van die teks is nie. Henri Nouwen (2007) skryf hieroor, wanneer hy die Gelykenis van die terugkeer van die verlore seun in Lukas 15:11-32 langs die bekende skildery van Rembrandt oor die tuiskoms van die verlore seun in die Ermitage plaas. Die ervaring bring beelde van sy eie lewensreis na vore en hy begin agterkom hoe lank hy die rol van 'n waarnemer gespeel het.

> Jare lank het ek by my studente aangedring dat 'n mens die geestelike, spirituele lewe in die eerste plek moet beleef. Maar het ek dit regtig ooit self gewaag om na die middel van die toneel te stap en toe te laat dat ons God van vergifnis my omhels en vashou?... Hoewel ek my lewe lank 'n brandende begeerte gehad het om in die binnekring te wees, het ek telkens weer eerder in die kring van die buitestaanders gaan staan (Nouwen, 2007:21).

Dit is hierdie "na die middel van die toneel stap" waaroor dit gaan in die geloofsdissipline van *imaginative prayer* of verbeeldingryke meditasie. Elke keer wanneer die leraar as mistagoog voorberei om die kinders van die Here te begelei, help dit as hy of sy eers self na die middel van die toneel beweeg het en daarna sy of haar lidmate daar plaas. Dit word biddend gedoen. In hierdie opsig wend ons ons tot die Jesuïete, wat die geloofsgewoonte gereeld biddend beoefen. Margaret Blackie (2013), tans mistagoog en dosent in mediese wetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch, en ingegrawe in die spiritualiteit van Ignatius van Loyola (1491-1556), skryf uitgebreid oor die nut van *imaginative prayer* (*imaginative*, anders verstaan as *imaginary* (denkbeeldig)). Ignatiaanse spiritualiteit is 'n katafatiese spiritualiteit wat beelde en geleefde ervaring gebruik as 'n manier om God te ontmoet. Om jou voor te stel of in te dink hoe Jesus met bepaalde mense omgegaan het of om die verbeelding aktief in 'n gesprek met God te betrek, word bevorder. Dit is in skrille kontras met die apofatiese of beeldlose manier van gebed. Die gebed van die hart is byvoorbeeld apofatiese gebed (Vgl. Nicol, 2002). Beide apofatiese en katafatiese gebed is aanvullend in die Christelike tradisie, en baie mense het 'n diep en transformerende ontmoeting met God deur beide roetes gevind (Blackie, 2013:52).

3.10.3.2 Die voorbeeld van Jesus en Bartimeus

Evangelieverhale is geneig om hulself goed te leen tot hierdie tipe gebed. Heelwat karakters is betrokke en daar is interaksie tussen die verskillende karakters. In verbeeldingryke nadenke word die persoon wat bid gevra om rustig die toneel in hul gedagtes te beleef. Neem byvoorbeeld die verhaal van Bartimeus, die blinde bedelaar wat Jesus genees op pad uit Jerigo. Jy word in jou

gebed genooi om die pad uit Jerigo uit voor jou te sien, om rustig op te let of dit sonnig is of nie, om te sien hoe die mense rondmaal, die kamele, die bokke, die reuk van die stof en die diere, om te sien wat mense dra en om na gesprekke te luister. Jy word uitgenooi om Bartimeus voor te stel en uiteindelik self jou plek in die toneel in te neem deur jou in te leef in een van die karakters wat jy weet daar was (Blackie, 2013:52). Jy laat dan die toneel ontvou. Soos die toneel ontvou, word die bidder vasgevang in die verhaal. Aan die einde, sodra die storie deurgespeel het, praat jy met Jesus. Hierdie gesprek word die tweegesprek (*colloquy*) genoem. Praat met Jesus soos jy met jou vriend sou praat. Ook William Barry (1987) gebruik dieselfde genesingsverhaal, wat deur Ignatius aan die hand gedoen word, die verhaal van Bartimeus, aan die einde van Markus 10. Hy hoor dat Jesus naby is en hy begin selfs teen teenstand skree. “Jesus, seun van Dawid, wees my genadig!”. Jy beleef hoe jy op dieselfde manier na Jesus roep en Hom vra om jou genadig te wees. Jy hoor ook vir Jesus sê. Wat wil jy hê moet ek vir jou doen? (Hierdie vraag van Jesus is die basis van alles wat Ignatius gebruik om die retraitant aan te moedig om sekere genadegeskenke van die Here te vra). Jy deel jou behoefte met Hom en vra Hom om jou te genees of vas te hou of heel te maak of te lei. Die Evangelies is veral geskik vir hierdie soort verbeeldingryke nadenke omdat dit soveel lewendige verhale bevat, alhoewel dit nie beperk is tot die verhale in die Evangelies nie. “Die beste manier om Jesus te leer ken, is om Hom te vra om Homself te openbaar, en dan 'n Evangelie gedeelte te lees en ons verbeelding te laat stimuleer. As ons dit gereeld doen, sal ons geleidelik leer hoe Jesus is, wat Hy waardeer en liefhet en wat hy verafsku. Ons sal ook kan raaksien met wie ons identifiseer in die Evangelieverhale. Soms voel ons soos Petrus, soms soos Johannes, soms soos Marta, soms soos die ryk jongman of die Fariseër. Namate Jesus vir ons al hoe meer 'n ware mens van vlees en bloed word, word ons ook al hoe meer bewus van die vele maniere waarop ons met Hom omgaan” (Barry, 1987:25 – outeur se vertaling).

3.10.3.3 Twee belangrike momente in verbeeldingryke meditasie

Ignatius dui twee momente van verbeelding in die geestelike oefeninge aan. Die eerste moment word gedemonstreer in 'n meditasie oor die misterie van die inkarnasie in die tweede week van die geestelike oefeninge (*Spiritual Exercises*). Hy vra ons om "in die visioen van God in te gaan". God kyk na ons deurmekaar wêreld. Ons leef ons in God se besorgdheid oor die wêreld in. Ons sien hoe God ingryp deur Jesus in die maalstroom van die lewe in te stuur (Fleming, 2008:Kindle Ligging 383).

Die bekendste voorbeeld van hierdie gebruik van die verbeelding in Ignatius se geestelike oefeninge is die nadenke oor Jesus se geboorte in die tweede week van die oefeninge. Ignatius

begelei ons om ons in te leef in die moeite van die reis na Betlehem, die stryd om 'n skuiling te vind, die armoede, die dors, die honger, die koue, die beledigings wat die koms van God-met-ons ontmoet[56]. Ignatius kies tonele van Jesus wat optree, eerder as Jesus se gelykenisse. Hy wil hê ons moet sien hoe Jesus met ander omgaan, besluite neem, beweeg en bedien. Hy wil hê ons moet Jesus ervaar. Hy wil hê Jesus moet ons sintuie vul, dat ons Hom moet ontmoet. Om Jesus te volg is ons lewe, daarom moet ons Hom ken, en ons leer Hom op hierdie wyse deur ons verbeelding ken. Verbeeldingryke Ignatiaanse gebede laat die Persoon van Christus toe om deur te dring na plekke waar nie slegs die intellek betrokke is nie. Dit bring Jesus in ons harte in. Dit betrek ons gevoelens[57] (Fleming, 2008:Kindle Ligging 390-394).

Ons word toeskouer-deelnemers aan die verhaal en gee ons verbeelding vrye teuels. Jesus praat met 'n blinde man langs die pad. Ons voel hoe die warm Mediterreense son steek. Ons ruik die stof wat deur die verbygangers opgeskop is. Ons voel die jeukerige klere wat ons dra, die sweet wat oor ons voorkop rol, die honger, sien die desperaatheid op die blinde man se gesig en hoor die kreet van hoop in sy woorde, let op die irritasie van die dissipels. Bowenal kyk ons na Jesus – die manier waarop Hy loop, sy gebare, die kyk in sy oë, die uitdrukking op sy gesig, hoor Hom die woorde spreek wat in die Evangelie opgeteken is en dink aan ander woorde wat hy moontlik uitgespreek het en ander dade wat hy moontlik gedoen het (Fleming, 2008:Kindle Ligging 383-390, Manney, 2013:35).

3.10.3.4 Die gebruik van die vyf sintuie

Ons verbeelding is 'n gawe van God, soos ons intellek, en as gawe kan dit gebruik word om God te beleef. Die gebruik van ons verbeelding is nie soseer 'n kwessie van "dinge opmaak" nie, as om te vertrou dat ons verbeelding kan help om ons te lei na die Een wat dit geskape het: God. Dit

---

56 "The second, a composition, seeing the place. It will be here to see with the sight of the imagination the road from Nazareth to Bethlehem; considering the length and the breadth, and whether such road is level or through valleys or over hills; likewise looking at the place or cave of the Nativity, how large, how small, how low, how high, and how it was prepared (Ignatius van Loyola, 1909:KIndle Ligging434). The third, to look and consider what they are doing, as going a journey and laboring, that the Lord may be born in the greatest poverty; and as a termination of so many labors -- of hunger, of thirst, of heat and of cold, of injuries and affronts -- that He may die on the Cross; and all this for me: then reflecting, to draw some spiritual profit" (Ignatius van Loyola, 1909:KIndle Ligging 439-443).

57 Ignatius het deur sy eie lang tydperk van bekering by Manresa geleer dat God die Evangelieverhale gebruik om ons verbeeldingryk in hulle wêreld in te neem om Jesus toe te laat om Homself aan ons te openbaar. Na die Koninkryksmeditasie stel Ignatius voor dat die volgende dag opgeneem word met nadenke oor twee misteries, die inkarnasie en die geboorte, en dan met twee herhalings van hierdie oorwegings, en uiteindelik met wat hy noem die toepassing van die binne-sintuie op die materiaal wat gedurende die dag beoog word. Ignatius ontwikkel hierdie twee oorwegings breedvoerig om 'n tipiese dag van gebed in hierdie periode van die oefeninge te illustreer. Hierna is sy kommentaar redelik yl (Barry, 1991:78).

beteken nie dat alles wat ons tydens gebed verbeeld van God af kom nie, maar dit beteken wel dat God van tyd tot tyd ons verbeelding kan gebruik as een manier om met ons te kommunikeer (Martin, 2013:Kindle Ligging 126-133).

Ignatiaanse gebed nooi jou uit om die toneel te betree, om "die plek saam te stel", deur jouself in die storie in te leef met soveel detail as wat jy kan bymekaarskraap met die vyf sintuie:

a. **Wat sien jy?** (Martin, 2013:Kindle Ligging 144).
b. **Wat hoor jy?** (Martin, 2013:Kindle Ligging 163).
c. **Wat ruik jy?** (Martin, 2013:Kindle Ligging 169).
d. **Wat proe jy?** (Martin, 2013:Kindle Ligging 174).
e. Die laaste is die gevoel van aanraking. **Wat voel jy?** (Martin, 2013:Kindle Ligging 179-184).

Noudat jy jou sintuie gebruik het en "die plek saamgestel het", het jy die prentjie voor jou. Op hierdie punt kan jy die toneel in jou gedagtes laat afspeel, met jou in die prentjie (Martin, 2013:Kindle Ligging 184). Martin stel voor dat jy, wanneer jy met hierdie meditasie besig is, God toelaat om jou rustig deur jou verbeelding te begelei (Martin, 2013:Kindle Ligging189).

3.10.3.5 Om in Christus tot rus te kom

Gregory Boyd (2004) noem verbeeldingryke gebed "rus in Christus" (Boyd, 2004:89), aangesien dit die grondliggende behoefte beklemtoon om te “rus” in die waarheid van wie Christus is en die waarheid van wie ons in Christus is. Dit is deel van die katafatiese tradisie, want dit behels samewerking met die Heilige Gees om Jesus op 'n lewendige, dinamiese en sodoende transformerende manier te ervaar. Die katafatiese tradisie het eenvoudig aanvaar wat die moderne neuro-wetenskappe ontdek het: ons brein werk deur ervaring eerder as deur abstrakte inligting (Boyd, 2004:90). Gewoonlik word gedink dat die verbeelding die sfeer van die onwerklike is. Wetenskaplik is die verbeelding veel meer as dit. Dit is die koppelvlak tussen die brein en die eksterne omgewing. Empatie is byvoorbeeld die vermoë om ons eie lewenservaring te meng met die inligting wat ons deur ons verbeelding gegee word en om toepaslik te reageer, die gevoel van hoe dit vir daardie persoon in daardie konteks kan wees (Blackie, 2013:53).

Boyd noem byvoorbeeld dat gelowiges geleer het dat hulle "verander moet word deur die vernuwing van [hulle] denke" (Romeine 12:2) en is geleer dat dit behels dat hulle hulself telkens die waarheid vertel oor wie hulle in Christus is. Die krag hiervan sal aansienlik verbeter as jy jouself nie net inligting gee nie, maar ook gereeld verbeeldingryk ervaar dat jy hierdie waarheid leef. Vra die Heilige Gees om jou te help om scenario's in jou gedagtes akkuraat en lewendig uit te speel

wat werklike situasies weerspieël (Boyd, 2004:90). Hoe lyk, klink en voel jy wanneer jy in die kern van jou wese oortuig is dat jy geliefd is met 'n ewige liefde, soos die Bybel sê jy is? Hoe lyk, klink en voel jy wanneer jy die waarheid volkome openbaar dat jy God se geliefde kind is. Dit is wie jy werklik is! Deur verbeeldingryke flitse oor jouself op hierdie manier te laat verbygaan, bring jy eenvoudig jou gedagtes in groter ooreenstemming met die ware jy (Boyd, 2004:91). Boyd begelei ons om verder te kyk as slegs die verhale van die lewe van Jesus. Dit is selfs moontlik om verhale uit die Ou Testament, die Psalms en Profete verbeeldingryk te mediteer. Wanneer Jesus die dissipels en die skares met gelykenisse leer, lyk dit asof Hy hulle begelei om in beelde en metafore te sien wat Hy hulle wil wysmaak.

3.10.3.6 Stel die plek saam

In Ignatiaanse meditasie "stel jy die plek saam" deur jouself in 'n toneel uit die Bybel, of in God se teenwoordigheid, voor te stel en dan daaraan deel te neem. Dit is 'n manier om God toe te laat om deur jou verbeelding met jou te praat (Martin, 2010:145-146). Jy betree die toneel en laat dit ontvou asof jy deel daarvan is, en staan warm in die tempel of enkeldiep in die water van die Jordaan. Laat die storie in jou verbeelding afspeel met so min as moontlik ontleding van jou kant af. Fokus op dié dinge wat vir jou uitstaan (Martin, 2010:150). Ignatius wil hê ons moet sien hoe Jesus met ander omgaan, besluite neem, rondbeweeg, bedien.

3.10.3.7 Jesus beleef as lewend

Die deurslaggewende komponent in hierdie tipe gebed is dat dit ons in staat stel om Jesus minder as 'n mitiese figuur en meer as 'n Persoon te begin sien. Dit gee ons as't ware 'n manier om Jesus as vlees en bloed te beleef. Verbeeldingryke meditasie stel ons byvoorbeeld in staat om ons ervaring met die Skriflesing tot lewe te bring tot 'n driedimensionele, responsiewe, reaktiewe Jesus met Wie ons ons begin vereenselwig. Ons het 'n Jesus wat lewe (Blackie, 2013:53). Ons sê wat die dorpenaars vir die Samaritaanse vroue gesê het: “Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het Hom self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is” (Joh.4:42 – 2020 Vertaling) (Fleming, 2008:Kindle Ligging 398).

3.10.3.8 Reflekteer op die gebeure tydens gebed

Blackie stel voor dat jy 'n paar oomblikke reflekteer oor wat in daardie gebed gebeur het, en om, sodra jou formele gebed verby is, 'n mate van onderskeiding op jou gebed toe te pas (Blackie, 2013:53). Is die Jesus van jou gebed in ooreenstemming met die Jesus wat deur die kerk verkondig word en in die Evangelies gevind word? Ignatius verwag dat ons God in ons binnekamer sal vind. Ons word aangemoedig om na te dink oor hoe God na ons kyk. God let op ons gesindheid

in ons binnekamer en reageer daarop. Dit is hierdie belewing van God se “kyk na ons” wat die basis vir die res van die Ignatiaanse gebedsperiode vorm. Ons begin met 'n daad van die verbeelding, 'n belewing en 'n interpretasie. Dit berei ons voor vir die dialoog met God, soos een vriend met 'n ander (Blackie, 2013:54-55).

James Martin (2010) sluit hierby aan wanneer hy vra: "Dink jy God kan kommunikeer deur wat jy elke dag sien en hoor en voel en selfs ruik?" Natuurlik (Martin, 2010:146). Die gebruik van my verbeelding was nie soseer om dinge “op te maak” nie, maar dit was om te vertrou dat my verbeelding my kan help om my te lei na die Een wat dit geskape het: God. Dit beteken dat God van tyd tot tyd my verbeelding kan gebruik as een manier om met my te kommunikeer (Martin, 2010:146-147). Die nodige refleksie, ook op die leraar se verbeeldingryke meditasie, met vertroue in God, is dus nodig.

3.10.3.9 Vertrou die Gees

Manney (2013) meen dat om die meeste uit verbeeldingryke gebed te put, jy jou moet voorstel wat nie noodwendig in die Evangelies op skrif is nie. Hoe was dit in Lasarus se huishouding op die aand van die dag toe Jesus hom uit die dood opgewek het? Wat het die dissipels vir mekaar gesê nadat die ryk jongman Jesus se uitnodiging om Hom te volg van die hand gewys het? Wat sou jy gesê het as Jesus vir jou gevra het: "Wie sê jy is Ek?". Moenie bang wees om jouself volledig in te leef in die gebeure nie. Die Heilige Gees lei jou gebed (Manney, 2013:36). Hierdie moment kan ewe goed ingeleef word in die oomblikke van *meditatio* wat spontaan oorgaan in *oratio*, wanneer die leraar reageer op die teenwoordigheid van Jesus in die Skrif, terwyl hy of sy besig is met *lectio divina*.

Ons word gevra om te vertrou dat die Heilige Gees van God wat in ons woon, ons verbeelding sal gebruik om aan ons te openbaar Wie Jesus is. “Ek glo dat elkeen van ons 'n verbeelding het. Ons het net verskillende soorte verbeeldings. Ek glo byvoorbeeld dat Jesus my metgesel en leier is. Ek plaas my lewe op my toewyding aan Hom, maar ek het geen idee hoe Hy lyk nie. Tog voel ek soms hoe Hy voel en het 'n idee van hoe Hy oor my voel. As jy 'n roman kan lees en by die karakters betrokke kan raak, het jy 'n verbeelding. As jy kan huil oor iemand wat jou vertel van die verlies van 'n geliefde, het jy 'n verbeelding” (Barry, 1991:83 – vertaal deur outeur). Laat ons vir eers net ons verbeeldingryke lees van die Skrif vertrou en kyk waarheen dit lei. Ons kan dit eerbiedig as 'n bevoorregte plek om die lewende God te ontmoet (Barry, 1987:25-26).

Een van die redes waarom sommige gelowiges vind dat die lees van die Bybel moeisaam en onvrugbaar is, meen Boyd, is dat hulle dit nie verbeeldingryk betree met al vyf sintuie nie. Die

beginsel van katafatiese spiritualiteit is eenvoudig dat, hoe meer jy verbeeldingryk met al vyf sintuie in die dinge van God ingaan, hoe meer gaan geestelike werklikhede op 'n ervaringsmatige, transformerende manier vir jou oop (Boyd, 2004:94). Hierdie tyd van rus moet jou tyd saam met Jesus alleen wees. Dit is 'n tyd vir jou om al jou aandag aan Jesus Christus te gee, en vir jou om al sy aandag teenoor jou te ervaar (Boyd, 2004:99). Vra Hom om jou verbeelding te heilig en jou te help om die ware Jesus "met al vyf sintuie" te ervaar (Boyd, 2004:100).

3.10.4 Die Gebed van *Examen*

3.10.4.1 Inleiding

Vyfhonderd jaar gelede het Ignatius van Loyola (1491-1556) die eeue-oue tradisie van reflektiewe gebed geneem en dit ’n manier gemaak om God te ervaar sowel as om na ons gedrag te kyk, in besonder ons emosies. Na sy kragdadige bekering tot Christus het hy die daaglikse *examen* saamgestel om die ervaring van Christus se teenwoordigheid in die alledaagse te vertroetel en uit te brei. Ignatius wou mense help om die gewoonte aan te leer om hulle gedagtes gedurig te vestig op God se teenwoordigheid en te reageer op sy leiding. Die gebed het ook verskillende vorme aangeneem, maar Ignatius se oorspronklike visie was ’n oefening wat ons sou help om God te vind in ons daaglikse lewe en baie meer dankbaar sou laat reageer op al God se gawes en seëninge (Ignatius van Loyola, 1909:Kindle Ligging 192-201). Ignatius se geestelike oefeninge was ingestel daarop om die mens mistagogies te begelei in die Goddelike ontmoetingsproses (De Villiers, 28 Julie 2009).

3.10.4.2 Die bronne van die Gebed van Examen

Daar is min boeke geskryf oor die gebed van *examen*. Die beskikbare bronne verskil ook met betrekking tot die klem wat hulle laat val op die gebed van *examen*. Die een groep praat van die *Examen of Conscience* (Rupnik, 2011) terwyl die ander dit weer die *Examen of Conciousness* (Manney, 2011) noem. Heelwat van die bronne wat spesifiek oor die *examen* handel is hoofsaaklik deur die Jesuïete geskryf tussen 1970 en die vroeë 1990’s in hulle *Review for Religious*. Hierna droog die artikels in hierdie tydskrif oor die Gebed van *examen* redelik op.

3.10.4.3 Bewuswording van God se teenwoordigheid

James Manney (2011) fokus op die bewuswording van God in die alledaagse lewe. In sy voorwoord vertel hy van sy eerste ervaring met die Gebed van *examen* as ’n seun in die 1960’s in ’n Katolieke skool. Hy noem dit die metodologiese inventaris van sonde. Hy moes sy pad vind deur die lang lys van al sy foute. Manney sien dit as ’n gebed wat eerder gefokus het op God se

teenwoordigheid in ons wêreld (Manney, 2011:vii). Dit fokus op die God wat naby aan ons is, teenwoordig in my wêreld en aktief in my lewe. Hy is geleer om hierdie gebed met dankbaarheid en nie skuldgevoelens nie, te benader. Die gebed as gebed van bewuswording het hom gehelp om bewus te word van God in sy lewe, soos hy dit geleef het.

Nadat die *examen* in die moderne tyd byna uitsluitlik moralisties toegepas is, kom maak George Aschenbrenner in 1972 die korreksies om by die werklike doel van die *examen* uit te kom. Hy sê dat wanneer die *examen* in verband gebring word met onderskeiding, dit die *examen* van bewuswording eerder as van gewete is. “Examen of conscience has narrow moralistic overtones. In discernment the prime concern is not with the morality of good or bad actions; rather the concern is how the Lord is affecting and moving us (often quite spontaneously!) deep in our affective consciousness” (Aschenbrenner, 1972:14). Voeg daarby dat die bewussyn nie net gaan oor die roering in my binnewêreld nie, maar ook onderskeiding van God wat aktief in die wêreld besig is (Geestelike Oefeninge #43) en die *examen* maak sin (Aschenbrenner, 1972:17). Vir Aschenbrenner laat Ignatius dus die fokus val op God se teenwoordigheid in ons lewe. Die *examen* vorm deel van die volgehoue kontemplatiewe gebed van die bidder (Aschenbrenner, 1972:15)[58]. In plaas daarvan dat ons vra: “waar en hoe het ek God teleurgestel?”, vra ons eerder: “waar en hoe het ek bewus geraak van God?” (Blackie, 2013:49). John Ackerman (’n Gereformeerde teoloog) sien die *examen* as ’n luister-gebed. Hy fokus op God se roeping in die luister-proses. Vanuit ’n spesifieke situasie vra hy: “Where is the call of God in that situation?” (Ackermann, 2001b:52). Hy ontvang dan die antwoord deur te fokus op sy bewuswording van God se teenwoordigheid of gebrek aan bewuswording gedurende die dag (Ackermann, 2001b:53).

Prof. Pieter G.R. de Villiers (2009b) skryf in sy *blog* oor die spiritualiteit van Ignatius van Loyola: “Alles wat die kerk sê, die totale geestelike begeleiding van die mens deur die predikant, wil uiteindelik die aandag vestig op die onbegryplike, onpeilbare, genadige ontmoeting met God, die stille eenwording met en ervaring van God in ’n atmosfeer van totale oorgawe en vertroue. Wat tel is dat God en die mens mekaar direk ontmoet, van aangesig tot aangesig teenoor mekaar staan. Dit is presies die bevrydende ervaring wat Luther ook gehad het – hierdie direkte ontmoeting met God en die kragtige uitstorting van God se groot genade in sy hart. Alleen maar iewers in die stilte van alleenheid kom hierdie oorweldigende besef: God het my in genade kom vrymaak en in God

---

58 “The mature Ignatius near the end of his life was always examining every movement and inclination of his heart which means he was discerning the congruence of everything with his true Christ-centered self. This was the overflow of those regular intensive prayer-exercises of examen every day” (Aschenbrenner, 1972:16).

se vryheid opgeneem. Ek sal nie meer as ’n slaaf van ander en van myself leef nie” (De Villiers, 28 Julie 2009b). Dit is die sin van die Gebed van *Examen*, om opnuut in die leraar se ontmoeting met die drie-enige God, die kosbare vryheid te beleef van om in mistieke eenheid met Christus te lewe!

3.10.4.4 Hulpmiddel tot geloofsonderskeiding

Die Gebed van *Examen*[59] kan ’n belangrike hulpmiddel vir die predikant wees om geloofsonderskeidend te lewe. Dit gaan in die *examen* oor jou lewe – en dan veral die dag wat nou net agter die rug is (Manney, 2011:2). Die *examen* soek na tekens van God se teenwoordigheid in die gebeure van die dag, selfs al is dit middagete met ’n vriend, ’n wandeling langs die see, ’n vriendelike woord van ’n kollega, ’n uitdaging wat jy kon baasraak, of ’n plig wat jy kon afhandel. Die *examen* leer my om my oë oop te maak om Christus raak te sien in die mense wat Hy oor my pad stuur, sy stem te hoor in die telefoonoproep en sy liefdevolle aanraking in die vriendelike handdruk van die vreemdeling wat ek vandag ontmoet het, dus jou bewuste ervaring. Niks is so onbenullig dat dit betekenisloos is nie - of jy nou in die verkeer sit of in die bank in ’n lang tou staan, God is ook daar. “With the examen the boundaries between prayer and life became blurred” (Manney, 2011:2). Ek is God se skepsel wat in God se wêreld leef; natuurlik sal God teenwoordig wees in my daaglikse ervaring. Daarom is onderskeiding in die eerste plek ’n gerigtheid op God. Onderskeiding het te doen met God se wil vir die wêreld en vir ’n mens se lewe. Daarom sal ‘n mens in onderskeiding gedurig in gesprek met God wees. Waarna ’n mens soek is om jou lewe saam met God te bedink, om uit te vind wat God vir jou oor jou lewe wil sê en om, in die lig van God se wil, die belangrike dinge van die randsake te onderskei. Die fokus is op hoe God oor ‘n mens dink en hoe God oor die wêreld waarin die mens leef, oordeel – en hoe ’n mens hierdie perspektief van God kan leer ken en gehoorsaam (De Villiers, 23 November 2011b).

3.10.4.5 Ons daaglikse lewe

Die *examen* gaan oor ons daaglikse lewe. Dit help ons om met Christus te wandel op ons daaglikse rondtes. Die teologie van die *examen* is dat God werklik in ons wêreld teenwoordig is. God is die gemeenskap van drie persone – Vader, Seun en Heilige Gees – en ons verhouding

---

[59] “The examen is a time of prayer… The prayerful quality and effectiveness of the examen itself depends upon its relationship to the continuing contemplative prayer of the person. Without this relationship examen slips to the level of self-reflection for self-perfection, if it perdures at all. In daily contemplative prayer the Father reveals to us at His own pace the order of the mystery of all reality in Christ - as Paul says to the Colossians: ‘... those to whom God has planned to give a vision of the full wonder and splendor of his secret plan for the nations’ (Col 1:27). The contemplator experiences in many subtle, chiefly non-verbal, ways this revelation of the Father in Christ” (Aschenbrenner, 1972:15).

met God is ook persoonlik. Daar is niks in ons lewe wat so onbenullig is dat dit nie God se aandag verdien nie. As dit deel is van ons menslike ervaring, is God deel daarvan. Die *examen* fokus op God wat teenwoordig is in ons menslike ervarings (Manney, 2011:3).

David Keith Townsend (1991) se artikel in *Review for Religious* is so ’n handige hulpmiddel om die predikant te begelei om te fokus op God wat werk, juis in sy of haar bedrywige dag. Vroeër, sê hy, was God deel van die atmosfeer wat ingeasem is. Dit was nie toe nodig om die werklikheid van die teenwoordigheid van God te beklemtoon nie. God was kennelik teenwoordig. Vandag, in die ontwikkelde Westerse wêreld, word Hy uitgesluit. Die algemene atmosfeer is nie geloof nie en God is irrelevant. God word nie meer in ag geneem wanneer mense leef of besluite neem nie en mense is nie meer bewus van enige betrokkenheid van God in hulle lewens nie. Die gevolge van die gebrek aan God in mense se gedagtes sien ’n mens ook in die kerk. Ons, sê Townsend (1991), word nie die atmosfeer wat God uitskuif na net sekere plekke, tye en omstandighede, gespaar nie. Ook ons worstel nog daagliks met ’n diepgewortelde deïsme. Townsend meen tereg dat ons eerste taak vandag is om die positiewe bewussyn van en sin vir die werklikheid van God in ons daaglikse lewe te bevorder (Townsend, 1991:44). Die dag is jou heilige ontmoetingsplek met God. Ons kan ons dag sien as die bevoorregte plek van die oomblik-vir-oomblik ontmoeting met God. Ons glo dat God Homself deurlopend aan ons openbaar. Die werk van die skepping en verlossing hou nie op nie. Die Goddelike aktiwiteit gaan voort in en deur die plekke, gebeure, groepe en mense van die dag. Die dag is God se voorsiene voertuig vir sy ontmoeting met ons (Townsend, 1991:45-46).

Die vraag is: Hoe kan ons groei in ons bewussyn van en sensitiwiteit vir die God wat lewe en werk in ons eie wêreld, lewe en bediening? Die eenvoudige antwoord is, Kyk terug oor jou dag! Hiermee help die *examen* jou uitmuntend. Die predikant, sowel as die gemeente deur hom of haar begelei, begin bewus word van die teenwoordigheid van die Drie-eenheid in elke deel van hulle lewe, soos God met ’n verbond belowe het by hulle doop. Townsend stel dit baie treffend:

> The deeper sense of the divine allows the Christian and the community to respond so as to become molded according to the desires of the Trinity, to become ‘God’s work of art’ (Eph.2:10) (Townsend, 1991:47).

Die hoofsaak van die Gebed van *Examen* en die hoofsaak van predikant as mistagoog is die geloof dat God te vinde is in die konkrete, werklike gebeure, mense en groepe wat deel is van die predikant en die gemeente se daaglikse lewe.

3.10.4.5 "Waar is God?"

Die een groot teologiese vraag wat die *examen* daarom hanteer is die vraag, Waar is God? Die *examen* kanselleer nie net enige deïstiese geloof uit nie, maar spreek ook Pelagianisme, die doen-dit-self-spiritualiteit, aan. Eenvoudig gestel het Pelagius in die 4de eeu geleer dat verlossing deels deur menslike pogings en inspanning verkry kan word en nie net van God af kom nie[60]. Die antwoord wat die *examen* bied op hierdie dwaling is dat God ons alles gegee het. Deur ons te herinner dat ons nie God is nie, stroop hy ons van die illusie dat die wêreld om ons draai (Manney, 2011:17). Die *examen* is God-gesentreerd. Die konteks waarbinne ons na ons probleme en mislukkings kyk is dankbaarheid teenoor God vir die seëninge in ons lewens. Ons sonde word aangespreek binne die konteks van 'n verhouding met 'n lewende God wat aan ons die groot geskenk van die lewe gegee het.

3.10.4.6 Emosies

Die *examen* neem ook ons gevoelens ernstig op. Natuurlik is ons gevoelens nie die hoofarbiter van egte ervaring nie. En tog is die meeste van ons emosies gegrond op werklike gebeure in ons dag. Gevoelens is tog 'n groot deel van ons daaglikse lewens en as God dan Homself openbaar in ons bewuste daaglikse ervaring, sal Hy gevind word in ons gevoelens. Ignatius het gevind dat sy gevoelens, nie sy gedagtes nie, die regte koers vir hom aandui. Een manier om die *examen* te bid is juis om te fokus op die emosies wat jy die afgelope tyd gehad het en vir God te vra wat dit beteken. Vra God om jou te wys wat agter die emosies sit. Waar kom dit vandaan? Wat ontdek jy oor jouself en jou reaksies? Wat wil God hê moet jy daaraan doen? Deur God se insig te vra, maak ons van ons emosies voertuie van genade (Manney, 2011:19).

3.10.4.7 'n Groeiproses om God in alles te ontdek

Die *examen* is 'n groeiproses om God in alles te ontdek. Ons soek God as die diepste Bron van ons bestaan nie net met ons koppe nie, maar ook met ons harte. Ons ervaring speel 'n belangrike rol om ons na God te begelei. Ons ontdek hoe God Homself bekend maak in die bewegings van ons hart en gedagtes en hoe Hy gevind kan word in ons innerlike belewing, sowel as in alles (Van Breemen, 1990:602). Ons onderskei nie net die bewegings van ons binnewêreld nie, maar ons

---

[60] Dit is belangrik om die fokus te laat val op die *examen* van bewuswording, eerder as van gewete. Margaret Blackie (2013) skryf: "It is worth recalling the Pelagian heresy, which claimed that salvation was possible by the leading of a righteous life. The implication of this is that God, and more specifically the Incarnation and Paschal mystery are useful, but not necessary. It means that the core of salvation is not relationship with God, but our capacity not to sin" (Blackie, 2013:49).

voel dit en neem dit waar. Emosies wat onderdruk word, doen groter skade as dié wat ons bereid is om te hanteer en is nie goed of sleg nie, maar is werklik. Ons kies hulle nie - ons kies net wat ons doen met die emosies.

Jesus het gefokus op die toestand van mense se harte. Ons tree soos sy dissipels op wanneer ons harte daarop gerig is om God en ander mense lief te hê. Ons word uitgeken as volgelinge van Jesus as ons belyn is met die werk wat God in ons wêreld doen. Ons is uniek in die sin dat ons God in alles vind en Hom sien in alles wat ons dink, doen en ook voel. Juis hiermee help die Gebed van *examen* ons. Manney noem dit die gebed wat alles verander (Manney, 2011:22).

3.10.4.8 Die oog gevestig op Jesus

Die beeld wat ons sien wanneer ons besig is met die *examen*, is dié van die Drie-enige God. Die Vader stuur die Seun en Hy stuur die Heilige Gees. Die Heilige Gees kom vestig ons oë op Jesus wat daagliks in liefde met ons wandel[61]. Ons hou die lewe, sterwe en opstanding van Jesus in gedagte wanneer ons die *examen* doen.

> The Holy Spirit guides everything to Christ. The Spirit is forever the One who incarnates the Son, who makes Christ eternally present (Rupnik, 2011:26).

Rupnik (2011) skryf tereg dat hy verkies om die teenwoordigheid van Jesus te sien as Koning, Priester en Profeet, wat syns insiens allesomvattend is wanneer hy dink aan sy voortgaande werk in sy eie lewe en sy wêreld en kerk. Behalwe die feit dat Hy met hom wandel, vestig Hy ook sy aandag op God se teenwoordigheid in hierdie wêreld, sy beeld in ander mense en die oneindige liefde van die Drie-eenheid. Hy gee hom ook ’n kykie na homself, want hy kan nie homself uit sy eie liefhê nie. Hy moet eers ontdek dat hy geliefd is.

---

[61] Oor die Christologiese karakter van Ignatius se geestelike oefeninge skryf Prof. Pieter G.R. de Villiers (2011a): “Ons kan die Goddelike onderskei deur sekere geestelike oefeninge. Dit is oefeninge wat deeglik deurdink is. Hy skryf oor hulle as die erfgoed van mense wat al vir eeue lank ander gehelp het om God se wil vir hul lewens te onderskei en wie se insigte deur baie ervaring gevorm en getoets is. Daar is een opvallende kenmerk van Ignatius se geestelike oefeninge. Hulle het almal Jesus as die fokuspunt. Ignatius se spiritualiteit het ’n Christologiese karakter. As ’n mens God se tekens, God se teenwoordigheid, God se nabyheid wil herken, moet ’n mens op Jesus let, skryf Ignatius. Wat gebeur dan in hierdie oefeninge? Die oefeninge beteken dat ’n mens al biddende en kontemplerende oor Jesus se lewe lees. En elke keer wanneer hierdie leesproses plaasvind, laat dit ‘spore’ in ’n mens se lewe agter. Die lewe van Jesus laat hom nie ‘onbetuigd’ nie” (De Villiers, 9 Junie 2011a).

> In order to see ourselves in truth, we must look at ourselves with the eyes of the Holy Spirit, which is also the gaze of Christ the Savior. It is the mercy of God (Rupnik, 2011:38).

3.10.4.9 Formele en informele Examen

Die formele *examen* is ’n spesifieke tyd van gebed, min of meer vyftien minute lank, verkieslik aan die einde van die dag, waarin die leraar terugkyk op die liefde van God in die eksistensiële detail van sy of haar dag (Aschenbrenner, 1980:321). Die formele *examen* is nie bedoel om net ’n vinnige oordenking van jou dag te wees nie. Dit is gebed, ontmoeting met die lewende God wat vandag aktief in jou lewe en jou wêreld besig was. Die formele *examen* lei noodwendig tot die informele *examen*, wat ’n besondere geloof-sensitiewe belewing dwarsdeur jou dag is. Deur die informele *examen* begin jy die teenwoordigheid van die Drie-eenheid in alles onderskei. “The continuing informal *Examen* makes us sensitive in every situation to a Father’s love that is always available” (Aschenbrenner, 1980:323). Die formele Gebed van *Examen* spoel geleidelik oor na en infiltreer ons daaglikse lewe. Die informele *examen* word die leraar se lewenswyse.

Die formele *examen* help jou om terug te kyk oor jou dag en God in jou dag raak te sien en dit begelei jou om deur jou dag aandag te gee aan waar jy God sien werk en dan by Hom in te val. Die formele Gebed van *Examen* lei na die informele daaglikse *examen*, wanneer die leraar leef. Uur-vir-uur raak jy bewus van God wat in jou werk en van jou reaksie op sy betrokkenheid in jou lewe. Jim Manney (2011) noem dit die *real-time examen*. Ons mikpunt is om sensitief vir God te wees, oral en altyd. Hy praat van ’n *contemplative in action* (Manney, 2011:71).

3.10.4.9.1 Die Gebed van Examen in die praktyk

a. Oorgang tot stilte;
b. Stap een: Dankbaarheid;
c. Stap twee: Versoek;
d. Stap drie: Kyk terug;
e. Stap vier: Vergifnis;
f. Stap vyf: Vernuwing;
g. Oorgang (Gallagher, 2006:25).

a. Oorgang

Ons raak eers in stilte bewus van die liefde waarmee God na ons kyk wanneer ons met hierdie *examen* begin. Ignatius begin sy gebed met ’n kort oomblik waarin hy eenvoudig die vreugdevolle werklikheid van God se teenwoordigheid by hom absorbeer.

> His awareness of God’s loving gaze upon him fills him with “sweetness and silence”, and moves him deeply and surely into the prayer to follow (Gallagher, 2006:123).

In sy geestelike oefeninge gee hy juis raad vir so ’n oorgang. Dink net eers daaraan dat God na jou kyk (Geestelike oefeninge 75). Aan die begin van die gebed gaan dit oor wat God nou doen. Ons raak bewus van die God wat by ons is en by Wie ons is, wat met liefde na ons kyk. Coenie Burger (2011) skets ’n beeld uit die vroeë kerk. Die formule wat deurgaans in die gebede van die vroeë kerk aangetref is, is “tot die Vader gebid, deur Jesus Christus, in die Gees.”

> Die prentjie wat ons hier moet sien, is die gelowiges wat voor die aangesig van die Vader kniel met Jesus nie voor hulle nie, maar op ’n manier langs hulle – om hulle te sterk, te help en by te staan in hulle gebede (Burger, 2011:115).

Wanneer ons dan met die oorgang van die Gebed van *Examen* die God sien wat in liefde na ons kyk, sien ons die Vader op die genadetroon, die Seun wat ons bystaan om ons die werk van God te wys in die dag wat verby is, en die Gees in ons wat ons oë oopmaak vir die teenwoordigheid van Jesus in elke faset van die dag, maar Wie ook in die diepte van ons siele fluister: “Abba!”. Ons vertoef ’n oomblik in die teenwoordigheid van die Drie-eenheid en sien sy liefdesblik en die spontane reaksie van dank volg dan.

b. Dankbaarheid

Wanneer ons oor die algemeen dink aan gebed, herinner ons ons aan die Heidelbergse Kategismus Sondag 45, vraag 116 wat ons leer dat gebed die vernaamste deel van dankbaarheid is wat God van ons eis. Die eerste stap van die gebed is om dankie te sê. Die dank gaan vir Ignatius spesifiek oor al die gunste wat ons in die dag van God ontvang het (Ignatius van Loyola, 1909:Kindle Ligging 249). Hy ervaar God as die Een wat gee. In hierdie gebed kontempleer ons die gawes en gunste van die God wat begeer om Homself aan ons te gee soveel as wat Hy kan (Geestelike oefeninge 234) (Gallagher, 2006:58). Dankbaarheid is om in lyn te wees met dit wat ons in die Skrif lees van die God wat aktief en verlossend aan die werk is, die primêre werklikheid wat ons daaglikse lewe vorm, te erken (Gallagher, 2006:60). Prakties beteken dit dat ons van die

begin van die dag af terugkyk op die klein dingetjies wat ons nie verdien het nie. Ons sien ook die groter “geskenke” wat ons ontvang het raak. Stap een van die *examen* kyk altyd konkreet terug op die tyd wat ons in oënskou neem om die spesifieke maniere waarop God gawes van liefde op ons uitgestort het, raak te sien.

Hierdie eerste stap hoef nie gejaag te word nie (Manney, 2011:36). Dankbaarheid weerspieël ons hele verhouding met God. “We will encounter in new and energizing ways that ‘highest goodness’ and that ‘everlasting love’ who desires, as Ignatius tells us, ‘to give himself to me as much as he can’ (Geestelike oefeninge 234). This is the first blessing that the daily *examen* brings into our lives” (Gallagher, 2006:67), juis omdat ons so geneig is om te fokus op dit wat ons nie het nie en dan miskyk wat (of Wie) ons wel ontvang het.

Louis Savary (1980) praat van die klem wat geplaas word op danksegging. Hy is van mening dat, as ons die klem in ons gebed plaas op danksegging, dit ons help met die stryd wat ons so dikwels in die lewe voer. Hy sonder diegene onder ons uit wat gebuk gaan onder die gebrek aan fisieke en geestelike energie, in rou en diepe hartseer gedompel is, onder erge druk lewe, naby aan uitbranding is, moedeloosheid ervaar en ’n swak selfbeeld het. Dit is die mense wat “I’m not-OK” leef (Savary, 1980:238). Wanneer jy fokus op danksegging aan die einde van die dag, lei die Gees jou om jouself vanuit God se perspektief te evalueer. Leraars is ook maar dikwels “I’m not-OK”-mense en die dankbaarheid-*examen* help hulle om hulle eiewaarde te herontdek in die lig van God se liefde en waardering vir hulle. Dit is na hierdie herontdekking dat die leraar in staat is om waarlik gewonde geneser en medereisende mistagoog te wees (Savary, 1980:243).

Wanneer die klem op danksegging val, is al vyf stappe van die Gebed van *Examen* positief, “it can blossom in the midst of sorrow, and even in the moments of awareness of one’s weaknesses, failures, woundedness, mistakes and sins” (Savary, 1980:245). Van Breemen (1990) vat die doel van dankbaarheid treffend saam wanneer hy dit koppel aan oorgawe. Daar is besliste interaksie tussen oorgawe en dankbaarheid en die twee versterk mekaar.

> Ultimately thankfulness means: loving in return with the same love with which one is loved... Thankfulness transforms the gift received into a task to be done, and has, therefore, a ready-to-work attitude (Van Breemen, 1990:608).

c. Versoek

Die vraag wat die leraar vir God vra is, “Wat wil U my wys omtrent hierdie dag?”, want dit gaan alles oor iets wat God doen. Die insig en transformerende krag wat die *examen* bied is in wese God se genadewerk in hom of haar (Gallagher, 2006:68). Die genadegeskenk wat van die Here

gevra word, is eerstens die gawe van verstaan, wat die pad na nuwe vryheid vir ons oopmaak en tweedens bid ons vir dieper insig in God se konkrete werk in ons dag en enige innerlike bewegings wat weerstand gebied het teen daardie werk. Ons vra dus uiteindelik vir die Gees se wysheid en krag. Hierdie stap is oorgawe. “I’m giving up the struggle to run my life and asking the Holy Spirit to take control” (Manney, 2011:24).

Ons beleef in die *examen* die groot misterie van ’n God wat teenwoordig is in ons ervaring van ons daaglikse lewe in ons wêreld. Daar is nie brandende bosse en donderende stemme van die berg Sinai tydens die *examen* nie. God verskyn in die sagte fluistering van ons Gees-geleide herinneringe, gedagtes en gevoelens (Manney, 2011:26). David Flemming (2006) stel dit so dat jy in hierdie oomblikke weet met Wie jy te doen het wanneer jy die versoek rig want “God acts, and his deeds are his expressions of love for us. Ignatius helps us to make the world transparent so that God and God’s love shines through the whole of creation” (Flemming, 2006:71).

d. Kyk terug

Stap drie van die *examen* kyk uur-vir-uur of van een tydperk na die volgende terug op die dag. “God works with what is” (Manney, 2011:40). Met die *examen* wil die leraar God vind in die lewe hier en nou, in vandag. Dit gaan oor die dinge wat werklik gebeur het. Die leraar kyk na sy of haar lewe deur God se oë. Ook hier kyk ons terug om God te sien werk en na die bewegings in ons hart. Die een moontlikheid is troos, waar jy ervaar jy het nader aan God en andere beweeg (*consolation*) en die ander is die gevoel dat jy wegbeweeg van God en andere (*desolation*) (Gallagher, 2006:76). Dit gaan hier oor gedagtes en emosies wat voortspruit uit die *consolation* en *desolation.* Watter gedagtes is van God en watter nie? Gallagher (2006) noem dit tye van vreugde wat nuwe krag gee en tye van ’n innerlike swaar gevoel (Gallagher, 2006:78). Manney (2011) beskryf dit as die toenemende belewing van geloof, hoop en liefde, die emosies van vrede, veiligheid en vreugde aan die eenkant en dan die dinge wat die geloof, hoop en liefde bedreig soos bekommernis, angs, rusteloosheid, twyfel, selfverwyt en neerslagtigheid (Manney, 2011:43).

Die prentjie wat die leraar skilder wanneer hy of sy *desolation* beskryf is geestelike lusteloosheid, die gedagte dat God nêrens te vinde is nie. Selfbejammering en die gevoel dat jy niks beteken nie, is ook duidelike tekens. Wanneer jy onbevoeg voel en jou werk sinneloos vir jou lyk, het *desolation* sy greep op jou gekry (Manney, 2011:43). Die *examen* reflekteer op hierdie verskillende emosies. In ons dag is dit vanselfsprekend dat ons *consolation*, sowel as *desolation* sal beleef. Ons probeer dikwels om veral die *desolation* uit ons bewussyn te druk, maar in die *examen* vertoef ons daarin. In die Gebed van *Examen* vra die leraar, Waar was God alles vandag? Ons vind Hom

in ons oomblikke wanneer ons gelukkig, bly en vol vrede voel, maar die leraar vind Hom ook in oomblikke van angs en hartseer, omdat hy of sy Hom in sulke tye nodig het (Manney, 2011:44).

Die vraag wat die leraar dus aan die einde van elke dag vir hom- of haarself in hierdie 15 minute van die Gebed van *Examen* kan vra is, “Waartoe het die Here my vandag geroep? Hoe het ek geantwoord op die roeping? Was daar gesindhede en gedagtes gedurende hierdie dag wat nie van God was nie?” Die manier om hierdie stap te doen, is om deur die dag te beweeg vandat jy wakker geword het en na elke uur te kyk – die plekke waar jy was, die mense wat jy ontmoet het en die werk wat jy gedoen het. Gee aandag aan die emosies wat jy beleef het tydens al die gebeure. Laat hulle na die oppervlak kom en vra die Heilige Gees om jou te wys wat hulle sê oor God se teenwoordigheid in jou lewe en jou reaksie daarop.

Joseph Tetlow (1997) stel dit so vertroostend:

> Here is what might prove to be a useful scheme: Always begin by recalling that God is creating you moment by moment ... and, while you are looking at the past, over which you have no further control, God is always acting in the now, the Master of history to whom past and future are present. Be mindful that you are now in God and that God loves who you are – not who you might be or could be or even should be. Let the Father’s gaze rest on you in all of its complaisance (Tetlow, 1997:247).

e. Vergifnis

Met die vierde stap betree die leraar die bevoorregte daaglikse ruimte van die diep ervaring van die wete dat hy of sy geliefd is en vasgehou word deur God in al sy of haar gebrokenheid en nietigheid (Gallagher, 2006:87). Op hierdie punt kom ’n mens die wysheid van die volgorde van die stappe van die *examen* agter. God se liefde is altyd die eerste oorweging. Vergifnis vra is sonder vrees. Ek kan met vertroue om vergifnis vra omdat ek weet ek is onwrikbaar geliefd. Die beeld wat ons van God het speel hier ’n groot rol (Gallagher, 2006:88-89). As ons God sien soos Hy Hom openbaar, sien ons die God wat Hom daarin verheug om te vergewe, wie se liefdevolle vergifnis die mens se waardigheid respekteer en die mens se seer genees. Die beeld wat ons dan sien wanneer ons om vergifnis vra, is altyd dié van die seun wat tuiskom in sy vader se arms en nog voor ons ons sondes by die naam kan noem, sy arms om ons voel, sy soen van “welkom terug” en sy kleed ontvang waarmee Hy nuut begin met ons. Die beeld wat Ignatius van God het, is van die Een wat ons liewer het as wat ons onsself het (Geestelike oefeninge 391).

Stap vier is nie ’n self-evaluasie van ’n hart in isolasie nie, maar ’n gesprek, dialoog tussen twee harte (Geestelike oefeninge 53, 61), dus ’n helende ontmoeting tussen die menslike nood en die

heilige liefde wat in Jesus Christus plaasvind. Uit die liefdesverhouding met God kom ook die begeerte na vergifnis. Die vierde stap volg spontaan op die derde. Ons wil graag met ons God praat oor die oomblikke waarin ons van Hom wegbeweeg het, oomblikke waarin ons nie ons hart en gedagtes op Hom gerig het nie en nie bewustelik in sy teenwoordigheid geleef het nie. Dit gaan nie oor die oortreding van die wet nie (Manney, 2011:54).

Die konteks van hierdie stap bly liefde. As God die kwaai heilige Tellinghouer is van al jou verkeerde dade, is hierdie stap niks anders nie as self-kastyding. God se liefde is die konteks waarbinne jy met God oor jou mislukkings praat, maar die ander gevaar is ook dat jy so fokus op jou mislukkings dat jy die heerlike oomblikke van troos (*consolation*) totaal miskyk of afjaag. Die fokus in die gebed van *Examen* is deurgaans op God, op dit wat Hy doen[62].

f. Vernuwing

Stap vyf is gerig op môre en op geestelike groei. Die leraar kyk gewoonlik na die komende dag met sekere verwagtings en ’n vooropgestelde program en weet min of meer waar hy of sy gaan wees, wanneer en met wie. Die fokus is op die konkrete bewustheid van die volgende dag soos dit reeds gevisualiseer word en hoe ons beplan om te antwoord op God se roeping om te groei. Hy of sy sien reeds die een met wie meer geduld nodig sal wees, die plek waar hare op die tande nodig gaan wees, die vergadering waar selfbeheersing toegepas sal moet word en so kan ons voortgaan. Soos Ignatius leer die leraar uit sy of haar ervaring en hierdie ervaring is dan sy of haar bron tot voortgaande geestelike groei (Gallagher, 2006:97).

Stap vyf help die leraar om uit te sien na die volgende dag saam met God. Dit help wanneer jy daaraan gewoond geraak het om op te sien na die dae wat kom en net deur die roetines gaan omdat jy jou plig wil doen om jou salaris te verdien. Stap vyf laat jou reeds môre saam met God sien en jy sien uit daarna om Hom in alles te sien wat die volgende dag gaan gebeur, in die mense wat jy gaan ontmoet, in die openbaringe in die natuur en wêreld rondom jou. Saam met Hom beplan jy ook hoe om dit wat verkeerd geloop het, reg te maak.

---

62 “The God of Christian revelation is a God who rejoices in the encounter of forgiveness, whose loving forgiveness respects human dignity and heals human hurt. Joy is nowhere so repeatedly mentioned in the Gospels as in Luke 15, the chapter of the parables of forgiveness: the lost sheep, the lost coin and the prodigal son. The profound link in the Scriptures between God's forgiveness and joy indicates that the more truly we experience step four of the examen, the more this step will become a time of joy” (Gallagher, 2006:89).

Wanneer die leraar hierdie laaste stap met God neem, ontdek jy dat dit vir Hom belangriker is om te “wees” as om te “doen” (“being” instead of “doing”). Hy of sy kan besluit om môre dinge “beter” te doen, maar uiteindelik is dit God wat die dinge doen, en môre gaan die leraar weer geloofsonderskeidend lewe, sodat hy of sy die God wat hier werk raaksien in elke faset van sy of haar lewe, die mense met wie hy of in aanraking kom, die wêreld waarin Hy verlossend en kreatief werksaam is en die natuur waardeur Hy die boodskap van die Triniteit se almag aan ons oordra en bevestig. Die hoogtepunt van stap 5 van die *examen* is dat die leraar besef dat die dag van môre weer die geleentheid sal wees om as mistagoog, in mistieke eenheid met Christus, deel te neem aan die verlossende, vernuwende en helende werk van die lewende Here, die werk waarmee Hy sonder twyfel besig gaan wees.

g. Oorgang

Na die oomblikke saam met God, raak die leraar stil en sluit hierdie *examen* af (Gallagher, 2006:125).

> At the end of your prayer time, reflect for a few moments on what you have observed on how God is working in your daily life. Do any of these insights need to be followed by actions? Write, perhaps in a journal, things to which you may want to return (Driskill, 1999:101).

3.10.4.9.2 Onderskeiding

Die uiteindelike vraag is, Hoe help die Gebed van *Examen* die predikant? Met onderskeiding (*discernment*). Die Gebed van *Examen* maak die leraar se oë oop vir die Drie-eenheid wat aktief betrokke is in sy of haar lewe, bediening en die skepping (Flemming, 2006:72).

> Creation is ongoing. It is now. It is the unremitting outpouring of the life of God – an outpouring that is essential to sustain all that is (Benner, 2010:67).

Die leraar ervaar die God wat in Jesus hom of haar nooi om saam met Hom te wees in sy voortgesette bediening in die Koninkryk en word opnuut daarvan bewus dat hy of sy ingetrek is in die *perichoresis* van die Drie-eenheid en vanuit hierdie intieme verhouding met die Vader, Seun en Heilige Gees gestuur word om deel te neem aan die *missio Dei* in ’n wêreld vir wie God liefhet. Die leraar ervaar die God wat wag op sy of haar reaksie op sy uitnodiging en daarna hoe hy of sy saam met God lewe en werk. Gebed vloei spontaan uit die verhouding met dié God wat op verskeie maniere met ons praat. “And so Ignatius shares with us a union with God in the contemplative action of praying and working” (Flemming, 2006:73). Die Gebed van *Examen*

begelei die leraar om oplettend te wees vir God se teenwoordigheid. Ignatius het dit besef en het sy tydgenote aangemoedig om elke dag biddend oplettend te wees vir hoe God teenwoordig was en hoe om op sy teenwoordigheid te gereageer.

> When blessed by God, it leads to a healing of awareness – a deep, inner transformation of consciousness in which awareness of God's presence increasingly becomes the constant background of our life (Benner, 2010:69).

Daar is drie voorveronderstellings waarmee die leraar deur die Gebed van *Examen* tot onderskeiding kom, naamlik die geloof in God se oneindige goedheid, dat liefde ons primêre roeping is en die vertroue dat God wel met ons kommunikeer deur sy Heilige Gees en dat Hy aan ons gegee word om ons te help om die eise wat liefde in ons omstandighede aan ons stel, te ken (Barton, 2006:116-118).

3.10.4.9.3 Ter afsluiting

Die waarde van die Gebed van *Examen* is veel groter as die plek wat daaraan toegeken word. Die woordjie "mistagoog" en die woord "*Examen*" gaan hand-aan-hand. Om op die ou einde vir vyftien minute saam met jou God terug te kyk oor jou dag en uur-vir-uur in oënskou te neem en Hom te sien in alles wat gebeur het, ook in die diepte van die leraar se siel, verander die bediening van die predikant sodanig dat hy of sy besef: alles (ook die leraar se bediening) gaan oor God die Vader, Seun en Heilige Gees in Wie se Naam die leraar gedoop is, en met Wie hy of sy op mistieke wyse verenig is, in Wie se Naam die leraar die intieme nabyheid van God mag beleef wanneer Hy of sy namens hierdie God die doop bedien en wat Homself daagliks in liefde in die lewe en bediening van die leraar steeds aan Hom of haar as sy geliefde kind kom gee. Hy was daar toe dit helder oomblikke was en nog nader toe dit donker gevoel het.

EXAMEN[63]

Here, my Here
In die sagte fluistering van die windstilte
Ontmoet U my, kom ek tot rus
Ek hoor U sagte stem, helder en duidelik
Ek sien U met liefde na my kyk
Ek by U, U by my

---

63 Die navorser het reeds by verskeie geleenthede met individue, kerkgroepe, 'n MTh-groep en tydens retraites die voorreg gehad om die Gebed van Examen met mense te deel en hulle te begelei in die beoefening van die gebed. Hierdie is 'n eenvoudige uiteensetting, deur die navorser, in die vorm van 'n gebed, wat die deelnemers met vrug gebruik het om dié besondere gebed 'n lewenswyse te maak.

Beweeg ons nader aan mekaar
Ek in U en U in my
In die stilte, U en ek
Ek leer U beter ken
U wys my myself
U het my so lief dat ek myself leer liefkry

In die stilte maak U my oë oop
Dat ek U in my lewe kan raaksien
Van ek vanoggend deur U wakker gemaak is
Tot in hierdie oomblik
wanneer ek by U tot rus kom
Ek sien U in u Woord
wat my aanraak en verander
by die doopvont, aan U tafel
Ek beleef U in die heerlikheid
wat uitstraal vanuit U skepping
U is oral waar ek is
Elke uur gevul met U
U gee Uself aan my
Ek lewe vir U…. Ek lewe.

Môre lê nou voor
Onbekend, maar nuut
Ek weet verseker
U is weer môre daar soos vandag
Elke uur van die dag
By elke afspraak, elke besoek
In die maklike en moeilike oomblik
Wanneer ek op die water loop
En wanneer my moed my begewe en ek sink.
U is oral waar ek is
Ek gee myself aan U
U gee Uself aan my
U lewe….. Ek lewe

Adriaan Haasbroek

3.11 DIE WAARDE VAN HIERDIE HOOFSTUK

Die navorser het deurgaans die deelnemers aan hierdie navorsing voor hom gesien, wat hulle pad deur die deïsme moet vind as geliefde kinders van die immanente God, aan Wie hulle deelneem in mistieke eenheid met die lewende Christus, ingetrek in die perichoretiese liefdesbeweging van die drie-enige God, en tog is dit onmoontlik om op die kantlyn te staan en kyk hoe ander leraars spiritueel verryk word. Die navorsing maak die navorser ook volledig deelnemer. Die spirituele verryking van die leraar in mistieke eenheid met Christus vloei deur die lewe en bediening van die

predikant en beïnvloed ook die wyse waarop hy of sy na sy of haar lewe en bediening kyk. Die natuurlike uitvloeisel van die leraar se belewing van sy of haar mistieke eenheid met Christus en sy of haar spiritualiteit baan die weg om hom- of haarself te sien as medereisende mistagoog wat deelneem aan die bediening van die lewende Christus, deelnemer dus aan die *missio Dei*. Dit kom aan die orde in Hoofstuk 4.

HOOFSTUK 4

DIE BEDIENINGSFOKUS VAN DIE LERAAR AS MEDEREISENDE MISTAGOOG

Voortvloeiend uit die bewuswees en belewing van die leraar se mistieke eenheid met Christus deur die doop, verdiep in die nagmaal en verinnig en bevestig in sy of haar spirituele verryking, wil hierdie hoofstuk fokus op die bediening wat spruit uit hierdie intieme deelname aan die voortgesette bediening van die verrese Christus, wat uiteindelik kulmineer in die mistagogie.

FT Cooke (2008:23) praat van die krisis van die leraar wat ontstaan het deurdat hy of sy enersyds ’n baie belangrike persoon is, en andersyds ’n persoon wat doelbewus op die agtergrond moet wees. In die na-Christendom tyd is die rol wat die leraar speel uiters verwarrend. Daar word verwagtinge aan hom of haar gestel vanuit die gemeente en wêreld en self het hulle hul eie rolverwagting en dit is dikwels botsende verwagtinge wat groter spanning in die binnewêreld van die leraar bring. ’n Geslag of twee gelede is predikante met die allergrootste gesag en respek bejeën vanweë hulle spesiale posisie en roeping in die samelewing. Hierdie posisie het grootliks verander in die samelewing van vandag en dít hang nou saam met ’n sekere verstaan van roeping. Al meer word die roeping van die dominee in dieselfde kategorie geplaas as enige ander beroep (Burger & Wepener, 2004a:10).

Nelus Niemandt (2013:55) gee ’n uiteensetting van klassieke leierskap wat baie ooreenkom met die tipe leierskap wat die leraar beoefen het, of wat die gemeenskap van hom (destyds nie “haar” nie), verwag het: beheer en hiërargie, streng kontrole, titels, range en bevordering, floreer in verbruikerskultuur, kry ander om die werk te doen, invloed volg uit die posisie wat die leier in die hiërargie het, ’n funksie wat iemand in ’n sisteem vervul, sterk klem op besluitneming – “maak soos ek sê!”, meganies, rondom die spits gekonsentreerd, kommunikasie gerig om opdragte duidelik uit te spel. Hoog op ’n troontjie is hy geplaas en ’n mens wonder of daardie troontjie nie tog iets te make het met die ikoon uit die Bisantynse tyd van die apostels en kerkleiers om die leë troon nie, dat die gemeente en gemeenskap die leraar op die troon geplaas het, omdat Jesus weg is, m.a.w. tot Hy weer kom (Agamben, 2011:244-245). Die leraar het dan in ’n groot mate die deïstiese God in mense se gedagtes en verwagtinge naby gebring.

4.1 DIE KERNINHOUD VAN DIE AMP VAN DIE LERAAR

Die verrassing is dat die leraar dikwels glo dat die lidmate van hom of haar verwag om goeie bestuurders van die gemeente te wees, terwyl Coenie Burger en Cas Wepener (2004a:8-9)

verwys na empiriese studies onder lidmate, wat die teendeel bewys. Die verwagting van die gemeente is oorwegend dat die leraar hom of haar sal besig hou met prediking, berading, toerusting, opleiding en huisbesoek. Organisasie, bestuur en administrasie is heel onder aan die lys van verwagtings. Heel dikwels hou die leraar hom of haar besig met bestuur en skeep die werklike verwagtings van die lidmate af.

Ses vlakke van belang vir die kerninhoud van die amp van die leraar is van belang: spiritualiteit, roeping, persoonsgroei, insig in ekklesiologie en geestelike leierskap, bedieningsvaardigheid, teologiese en kontekstuele insig (Burger & Wepener, 2004a:13). Dit is tog insiggewend dat die spiritualiteit van die predikant heel bo aan hierdie lysie is.

4.2 DIE BYBELSE VISIE VAN DIE AMP VAN DIE PREDIKANT

Burger en Wepener doen ’n kort verkenning van leierskap in die Ou- en Nuwe Testamente op soek na ’n aantal konstantes. Hierdie konstantes aangaande leierskap in die Bybel bespreek hulle onder vyf noemers, te wete die belangrikheid van leierskap; die vraag of daar konstante gegewens is wat deurloop in die ampte ten spyte van die wisseling van kontekste; ’n deurlopende diensmotief; die feit dat leierskap selde in net een persoon setel; en laastens ’n kyk na die pogings om profeet, priester en koning te sien as die drie basiese leiersfunksies (Burger & Wepener, 2004b:15).

Leiers word geroep vir ’n spesifieke taak of situasie. In die Nuwe Testament is daar sprake van onder andere diakens, ouderlinge, herders, apostels, dissipels, evangeliste, profete en leraars. Bes moontlik omdat die konteks en situasie verander; omdat die behoeftes van die volk skuif in byvoorbeeld grootte en kompleksiteit, en elke nuwe situasie spesifieke soorte leiers benodig. Telkens word leiers in die Nuwe Testament opgeroep tot die verbintenis aan en fokus op God om sodoende as rolmodelle te kan dien (Burger & Wepener, 2004b:20). Die leiers in die Bybel is mense wat met wysheid met mense werk en as sodanig dus met verhoudings. Om met mense en daarom met verhoudings, te werk, word wysheid benodig (Burger & Wepener, 2004b:21).

Nou gekoppel aan leiers se verbintenis aan God, is dat leiers God se patos en hart moet verstaan. Hierdie konstante kan getipeer word as ’n gelyktydigheid van swakte en krag. “Leierskap in die Bybel vertoon deurgaans ’n dienskarakter, as voortsetting van die bediening van Christus” (Burger & Wepener, 2004b:21). In die konteks van hierdie navorsing, en die lig wat vir navorser en deelnemers opgegaan het, sou dit beter wees om ’n wysiging aan te bring aan hierdie stelling van Burger en Wepener, sodat Christelike leierskap se bediening eerder ’n deelname is aan die

voortgesette bediening van die lewende Christus. Die indruk moet eerder vermy word dat Christelike leierskap die bediening van die “afwesige Christus” voortsit.

Leierskap setel verder selde in die Bybel net in een persoon. Die belangrikheid van spanwerk vir Bybelse leierskap is opvallend wanneer jy deur die Bybel blaai (Burger & Wepener, 2004b:21).

Interessant dat die slotsom waartoe Burger en Wepener kom is dat die amp van die leraar soos wat dit vandag, oftewel sedert die Reformasie funksioneer, nie net so in die Bybel voorkom nie (Burger & Wepener, 2004b:22). Verdere besinning is dus nodig.

4.3 DIE PREDIKANT IN DIE GEREFORMEERDE TRADISIE

Die nuutste Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (2019) omskryf die amp van die predikant soos volg in Artikel 9. Die eerste vier punte is die mees aktuele vir hierdie studie:

> 9.2 Die predikant is geroep om ’n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy aan diens van die Here en sy kerk.
>
> 9.3 Die predikant funksioneer in ’n gemeente, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.
>
> 9.4 In die gemeente aanvaar die predikant verantwoordelikheid vir:
>
> - onderskeiding,
> - die bestudering en verkondiging van die Woord van God,
> - die bediening van die sakramente,
> - die diens van die gebede en dissipelskap
> - eredienste, die opbou van die gemeente,
> - onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk,
> - die gemeente se dienswerk in die wêreld,
> - leiding en organisering van die gemeente, uitoefening van Christelike liefde en tug,
> - pastorale versorging, kerkplanting,
> - die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede (Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 2019:4).

Die kerkraad onderskei en bepaal, saam met die predikant, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in ’n diensooreenkoms.

In vergelyking met die verskillende Kerkordes van die afgelope jare, het die beskrywing van die amp van die leraar oorwegend dieselfde gebly, met enkele klemverskuiwings, maar uiteindelik eie aan die Gereformeerde tradisie. Cas Wepener (2004) maak ons oë oop vir die amp van die leraar in die Gereformeerde tradisie en sy gevolgtrekkings is:

- Die amp is nie ’n verteenwoordiger van die afwesige Christus nie, maar ’n heenwyser na die lewende Christus;
- Die sentrale aktiwiteit is nie die offer nie, maar die uitleg van die Woord;
- Die amp is steeds uiters belangrik;
- Die vergadering van leiers in plaas van een gevolmagtigde segspersoon;
- Leiers erken die mondigheid van lidmate (Wepener, 2004:153-154).

Dit is opmerklik hoedat artikel 9 van die NGK in die Gereformeerde tradisie dikwels aangepas is na gelang van omstandighede en behoefte van ’n spesifieke tydsgewrig.

> Die sentrale drieslag van Woord/sakrament, lering en sorg/opsig is deurgaans behou, maar die spesifieke inkleding daarvan het gewissel. Die Skriftuurlike grondslag is dus behou, maar het telkens in gesprek getree met die tydsgewrig waarin hierdie waarhede geïnterpreteer en geïmplementeer moes word (Wepener, 2004:162)[64].

4.4 DIE PREDIKANT IN DIE GEREFORMEERDE TRADISIE IN DIE 21STE EEU

In die Gereformeerde tradisie was dit vir baie lank so dat die predikantsrol rondom veral drie take gedraai het naamlik prediking, lering en herderlike sorg (Burger, 2004:530). Nou in die 21ste eeu beskryf Coenie Burger (2004) die rol van die leraar as sodanig:

> Gereformeerdes glo vas dat Jesus Christus opgestaan het en dat Hy onder ons leef – al sien ons Hom nie altyd helder nie. Ons glo ook dat Hy besig is om sy werk te doen en ons roep om sy medewerkers te wees. Ons siening van die bediening is nie dat die Here ons na vreemde plekke stuur waar Hyself nie wil wees nie. Hy gaan voor ons uit en roep ons om Hom na te volg. As ons Hom net kan sien en hoor… Dit is waarvoor ons onderskeidingsvermoë nodig het – sodat ons God se

---

64 Die oorspronklike Kerkordes van die NG Kerk het spesifiek die “diens van die gebede” keer op keer ingesluit by die ampstaak van die leraar, en dit is mettertyd uitgeskryf, saam met die woord “huisbesoek”, maar word sekerlik geïmpliseer in die take van die leraar in die nuutste Artikel 9 van die Kerkorde. Wanneer die Kerkorde Artikel 9 sou begin met die amp van die leraar as medewerker of deelnemer aan die voortgesette werk van die drie-enige God, behoort daar ook meer rus te kom in die hart van die leraar, wat hierdie unieke roeping van God hoor en aanvaar.

> werk in ons, in ander en rondom ons kan sien. ’n Predikant se taak is om die gemeente heen te wys na die lewende, werkende en reddende Christus op so ’n manier dat hulle Hom ook kan sien en hoor (Burger, 2004:536-537).

4.5 *MUNUS TRIPLEX* EN DIE AMP VAN DIE PREDIKANT

Burger (2004) sê dat die drie-ampteleer ons in ’n tyd van identiteitsonsekerheid kan help om meer gefokus te dink oor die predikantsamp (Burger, 2004:545). Hy is van mening dat dit ons kan help om die kernfunksies van die predikantsamp Bybels en teologies te verstaan en om op die inhoud van die predikantsamp te fokus (Burger, 2004:545).

> Die voorstel is dat ons met ’n breë indeling werk waarvolgens die priesterlike werk gefokus word op nabyheid aan mense en hul lewens, profetiese werk gefokus word op nabyheid aan God, sy woord en die beloftes van sy evangelie en die koninklike werk gefokus word op die organisasie en bestuur van die “huishouding van God” ter wille van die beliggaming van die evangelie in die gesamentlike lewe van die gemeente (Burger, 2004:545).

Die eerste taak is dié van priesters wat met groot deernis naby mense lewe. Die kernsaak hier is dat priesters mense raaksien, hul lewens met hulle lief en leed ernstig opneem en daarmee iets van God se troue en liefdevolle verbintenis aan mense reflekteer, tyd spandeer met mense, dink aan mense, luister na mense, om die pyn en seer van hul lewens raak te sien en te verstaan. Priesterlike liefde is veranker in God se liefde vir mense, voorbidding, die erediens en pastorale sorg (Burger, 2004:545-546).

Predikante kan ook beskryf word as profete wat naby aan God leef en ons voortdurend herinner aan die hoopvolle beloftes van die evangelie (Burger, 2004:546). Profete se bemoeienis het te doen met die heenwys na die teenwoordigheid van die Lewende in die midde van die gemeente en van die wêreld. Profete moet so praat oor God se planne en toekoms dat mense dit as’t ware moet kan sien en dit standhoudende hoop en rigting gee (Burger, 2004:546-547)[65].

Predikante kan ook gesien word as gemeenteleiers (konings) wat met wysheid die gemeentelike lewe so begelei en bestuur dat die heil van God (liefde, reg en vrede) konkrete gestalte kry in die gesamentlike lewe van die gemeente (Burger, 2004:547). Die kernsaak hier is dat die predikant

---

[65] “De kern van het pastorale beroep zal door dit alles niet wezenlijk veranderen. De pastor is immers theoloog, nauwkeuriger gezegd hermeneut, dat wil zeggen vertaler en vertolker van het evangelie binnen de leefwereld van uiteenlopende groepen mense” (Heitink, 2004:514).

as leier van die gemeente strategies en prosesmatig moet leer dink oor gemeentelike prosesse sodat die gemeente begelei kan word om sy geloofs-potensiaal te verwesenlik, ’n dieper verstaan van die logika van die Gees en sy werking. Konings in Israel was diensknegte van God en moes volgens God se wil regeer, en omdat begeleiding en nie heerskappy nie hier in die sentrum staan, is dit waarskynlik beter om ’n ongekwalifiseerde gebruik van die woord koning te vermy. Burger stel die gebruik van die woord “leier”, “begeleier” of “bestuurder” voor (Burger, 2004:547). Selfs die woord “leier”, en nog meer “bestuurder” bring ’n ongemaklikheid mee, alhoewel dit duidelik is dat Coenie Burger eerder die “dienskneg-koningskap” van die leraar sou verkies, en nie die indruk sou skep van die leraar in beheer of bestuur van God se sake nie. Dit is so dat ons taal ons dikwels in die steek laat, en dat ons sukkel om metafore te vind wat werklik pas by die leraar as medereisiger op die geloofpad van mense wat deur God aan hom of haar toevertrou is. Op hierdie pad stap die leraar saam met die lidmaat en ontdek saam die teenwoordigheid van die lewende Here, die ware Koning, wat beheer het oor elke lewe, van die doopvont tot by die graf. As deelnemers aan Christus en sy voortgesette bediening is dit nodig dat die kerk versigtig sal omgaan met die taal wat gebruik word, selfs tradisionele Gereformeerde taal, sodat die fokus van die bediening nie verskuif vanaf die Hoof-Bedienaar (Christus), na die leraar nie. Dit kan daartoe lei dat die leraar gesien word as “Christus se plaasvervanger wat Hom moet inkarneer”, ’n terugval op die deïstiese Godsbeeld. ’n Mens wonder of die talle verhale van uitbranding en bedienings-moegheid by leraars, nie tog in ’n groot mate te make het daarmee dat die leraar gesien word as Christus se plaasvervanger nie, wat van plek tot plek moet jaag, sonder die gewenste resultate, omdat “die dominee gesien moet word”, want ons Messias is onsigbaar, afwesig. Dit is nie die intensie van Coenie Burger met die skrywe van hierdie helder lig wat hy op die predikantsamp werp nie. Die drie-ampte-leer van Jesus, naamlik Koning, Priester en Profeet word ook in verband gebring met die amp van die leraar.

Predikant-wees is in die meeste gevalle ’n syns-beroep, wat die hele lewe van die leraar opeis en in beslag neem.

4.6 PREDIKANT-WEES, ’N “SYNS-BEROEP”

Gerben Heitink noem predikant-wees ’n syns-beroep (Heitink, 2007:Kobo Ligging 6/23). Jy is eenvoudig altyd dominee. Daar is nie sprake van vaste ure en dae wat die leraar sy werkstyd kan noem nie. Die leraar is dus vrygestel, om volledig te fokus op God en sy handelinge in mense se

lewens[66]. Die ou geykte uitdrukking van die leraar wat net een dag per week vir ’n uur werk, word deur Heitink soos volg beskryf, net om uit te klaar dat ’n leraar se hele lewe deur sy of haar bediening opgeneem word: “Wanneer jy gaan stap vir oefening en ontspanning, dink jy aan Sondag se preek, terwyl jy gaan fietsry, werk jy in jou gedagtes aan die artikel wat jy moet skryf” (Heitink, 2007:Kobo Ligging 6/25 – outeur se vertaling). Voeg daarby die skuldgevoelens wanneer jy rustig deur jou dorp ry en al die huise sien by wie jy nog nie ’n besoek afgelê het nie, en die vakansies wat opgeneem word deur self-toerusting met die teologiese boeke wat ingepak word om te lees, omdat die bediening jou nie veel tyd laat vir eie teologiese ontwikkeling nie, en jy besef dat jy werklik voltyds in die syns-beroep is. Heitink voeg by dat die opregte geroepe leraar trots is op sy of haar beroep en hard werk daaraan om dit in ere te hou. Jy val nie ander lastig met die minder aangename kant wat jy dikwels in die beroep beleef nie (Heitink, 2007:Kobo Ligging 6/25). Die tipe leierskap van die predikant is “geestelike leierskap”, en in dié sin dat dit gaan oor visie, “om mensen die ‘dromen en vergezichten zien’” (Heitink, 2007: Kobo Ligging 6/42).

Omdat predikant-wees nie maar vir die meeste voltydse predikante in die NG Kerk ’n bysaak of stokperdjie is, waaraan jy elke nou en dan aandag gee nie, maar werklik syns-beroep, as’t ware ons hele wese insluit, dwing dit ons ook om noukeurig te kyk na die fokus van die leraar. Hoe bly die feit dat jy altyd dominee is, jou lus eerder as jou las? Hoe kan ons bedien dat ons nie naderhand uitgebrand begin rondsoek na iets anders as om leraar te wees, of net aanploeter met die hunkering na die dag wanneer ons ons Akte van Emeritaat ontvang en hierdie eintlik heerlike roeping vaarwel toeroep nie?

Die navorser het nie beter woorde nie as dié van Eugene Peterson (1989:53-54) om die gemoed van predikante wat hy al moes begelei te beskryf nie:

> Van Maandag tot Saterdag is die visie van myself as leraar, wat Sondag so duidelik is, vervaag en verdraai wanneer ek in die oë kyk van verwarde en hartseer mense. Sondae is maklik. Die kerkgebou is skoon en ordelik, die simboliek duidelik, die mense beleefd. Ek weet wat ek doen: Ek gaan hierdie volk in aanbidding lei, God se Woord aan hulle verkondig, die sakramente vier. Ek het tyd gehad om my woorde en gees voor te berei. En die mense is gereed, geklee en afwagtend. Eeue se tradisie word saamgevoeg op Sondag: ons sing gesange, sit die Skrif uiteen, maak geloofsverbintenisse, bring gebeds-offers, doop, eet en drink die lewe van

[66] Heitink (2007: Kobo Ligging 6/24) noem ook dat daar reeds in 1968 ’n opname gemaak is oor die werksure van predikante in Nederland, en dat daar slegs glimlaggend kennis geneem is van die 65.2 ure gemiddeld in vergelyking met die normale 40 ure werksweek van ander beroepe.

> ons Here. Ek hou daarvan om dit te doen. Ek word vroeg Sondagoggende wakker, die adrenalien pomp in my are. Maar nadat die son Sondag ondergegaan het, verdof die helderheid. Van Maandag tot Saterdag loop 'n onverklaarbare weerbarstige mense-modder deur die heilige plekke en laat 'n gemors. Die orde van die erediens maak plek vir die wanorde van argument en twyfel, liggame in pyn en emosies in verwarring, wangedrag van kinders en moeilike ouers. Ek weet nie wat ek die helfte van die tyd doen nie. Ek word onderbreek. Ek word vrae gevra waarop ek geen antwoorde het nie. Ek word in situasies geplaas waarvoor ek nie opgewasse is nie. Ek vind dat ek take probeer waarvoor ek nie aanleg of lus het nie. Die visie van myself as leraar, so duidelik op Sondag, is nou vervaag en verdraai soos dit weerkaats word uit die oë van mense wat my as pion vir hulle ego's beskou. Die bevestigings wat in die Sondag-groet ervaar word, is nou onseker in die gladde modder van vernedering en foutvind. Sondae is belangrik, feestelik en noodsaaklik. Die eerste dag definieer en stimuleer ons lewens deur middel van ons Here se opstanding en gee nuwe lewe aan die week, maar die ses dae tussen Sondae is net so belangrik, al is dit nie so feestelik nie, want dit is die dae waaraan die nuwe lewe geskenk word. Aangesien die meeste pastorale werk op die ses dae plaasvind, moet daar gelykwaardige aandag daaraan gegee word deur die lewe van gebed te midde van die bedrywighede (Outeur se vrye vertaling).

Ons identiteit as leraars is eerstens “geliefde seun of dogter van God”, soos deur ons God self uitgespreek by ons doop, waar ons reeds ons roeping ontvang het om in mistieke eenheid met Jesus Christus deel te neem aan sy voortgesette bediening, iewers in ’n gemeente waar Hy ons plaas en graag iets besonders in en deur ons wil doen. Wat God wil bereik, bly altyd ’n misterie en verskil van leraar tot leraar, en gemeente tot gemeente, maar ons weet dat Hy dit graag wil doen deur sy Woord, ons gebede, die sakramente, en deur ons teenwoordigheid as deelnemers aan die misterie onder mense wat Hy met sy lewe liefhet. Die leraar is iemand wat hom of haar verwonder oor die feit dat die grote God, ’n klein mensie kan raaksien, ’n liefdesverbond met hom of haar sluit by die doop, een word met hom of haar, en hom of haar roep om hierdie Gods-oomblik met sy of haar lewe te deel met ander, wanneer ons later bewus raak daarvan dat Hy ons in die unieke roeping van leraar wil gebruik om met Hom saam te werk. Die drie-enige God verdiep en bevestig self die roeping telkens wanneer die leraar as dissipel en dienskneg van die Dienskneg ruimte maak om in stilte na sy stem te luister en sy intieme nabyheid te beleef in die diepte van sy of haar spiritualiteit. Geen wonder dat Heitink dit ’n syns-beroep noem nie, want die lewende Here

lê beslag op ons hele wese as getuies van die liefdesbeweging van die drie-enige God in ons gemeente en wêreld. Wanneer ons “ja” sê vir hierdie bediening, by ons ordening as leraars, doen ons dit gewoonlik, volgens die formulier met: “Ja, met my hele hart” (Vir die Erediens – ’n Handleiding, 2007:121), wat eintlik maar ander woorde is as “Ja, met my hele wese, met wie ek is in Christus – ek is ’n leraar, ek wil graag een wees, juis om so naby as moontlik aan Jesus Christus in mistieke eenheid met Hom te leef”. Ander moet opgelei word as spirituele begeleiers, terwyl die leraar dit reeds is in sy of haar wese.

4.7 *PERICHORESIS* EN DIE BEDIENING

Die leraar is bevoorreg om vanuit sy of haar mistieke eenheid met Christus deur die doop, ingetrek te wees in die trinitariese liefdesbeweging van God en op hierdie wyse as geroepe deelnemer aan die voortgesette bediening van die lewende Jesus, saam met Hom te mag bedien in die gemeente of “wingerd” waarin hy of sy geplaas is. Die bediening wat ons betree het, is die bediening van Jesus Christus, die Seun, van die Vader, aan die Vader, deur die Heilige Gees ter wille van die kerk en die wêreld (Seamands, 2005:10).

Die trinitariese sirkel van die Vader, Seun en Heilige Gees is 'n oop sirkel, nie geslote nie. Deur geloof in Christus, deur die doop in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees word die leraar genadig as vennoot ingetrek. God woon in ons, en ons woon in God. Die radikale goddelik-menslike verskille vervaag nooit nie en ons smelt nooit met mekaar saam nie. Dis 'n ryk vreugdevolle verbintenis met die drie-enige God (Seamands, 2005:12).

4.7.1 Die Ikoon van Andrei Rublev

Die ikoon van die heilige Drie-eenheid wat in 1425 deur Andrei Rublev, 'n Russiese monnik, geskryf is, dra God se bedoeling kragtig oor. Andrei Rublev het hierdie ikoon geskryf om nie net die vrugte van sy eie meditasie oor die misterie van die Heilige Drie-eenheid te deel nie, maar ook om sy mede-monnike die manier te bied om hul harte in God gesentreer te hou terwyl hulle te midde van politieke onrus leef. Hoe meer ons met die oë van geloof na hierdie ikoon kyk, hoe meer besef ons dat dit as 'n heilige plek geskryf is waar ons kan ingaan en bly (Nouwen, 2007:32).

Die verhaal in Genesis 18 word uitgebeeld in die ikoon toe die drie engele-besoekers die maaltyd geëet het wat Abraham en Sara vir hulle aangebied het, en aan die bejaarde egpaar die onverwagte geboorte van hul seun, Isak, aangekondig het. Op 'n ander vlak verteenwoordig die drie engele wat om die tafel sit, die drie persone van die heilige Drie-eenheid (Seamands, 2005:12). Alhoewel hul koppe op verskillende hoeke na mekaar gekantel is, is hul gesigte identies, en elkeen het 'n staf wat daarop dui dat hulle ewe veel Goddelike gesag het. Elkeen van die figure dra 'n blou kleed wat heenwys na die eenheid van wese, maar hulle dra ook verskillende gekleurde klere wat hul kenmerkende identiteite aandui. Hul gesigte is gebuig na mekaar, wat dui op hul nederige self-opofferende liefde vir mekaar, terwyl hul glansende oë hul genot uitspreek. Niemand praat nie, en tog is 'n intieme gesprek is aan die gang.

Die sentrale fokus van die ikoon waaroor die gesprek blyk te wees, is die Lam vervat in 'n kelk wat in die middel van die tafel staan. Op verskillende maniere openbaar die hande van die drie figure die Lam se betekenis. Die hand van die Seun, die figuur in die middel, wys met twee vingers direk na die lam in die kelk, en erken sy sending om die Lam van God te wees wat die sonde van die wêreld wegneem. Die hand van die Vader, die figuur aan die linkerkant, word opgehef in seën oor die kelk en bemoedig die Seun in sy werk. Die hand van die Gees, die figuur aan die regterkant wys na 'n reghoekige opening voor die tafel wat die wêreld aandui. Die Seun gee Homself aan die wêreld en deur die Gees word die wêreld na die Seun en die Vader gebring[67]. Die geheimenisse van die intieme lewe van die heilige Drie-eenheid word voor ons ontvou, ons oë word al hoe meer bewus van daardie klein reghoekige opening onder die kelk.

---

67 "…if you look on the front of the table there appears to be a little rectangular hole painted there. Most people just pass right over it, but art historians say that the remaining glue on the original icon indicates that there was perhaps once a mirror glued to the front of the table! But can you imagine what its meaning might be? It's stunning when you think about it—there was room at this table for a fourth. The observer. You!" (Rohr, 2016:30-31).

Ons aandag val op daardie oop ruimte, want dit is die plek waarheen die Gees wys en waar ons in die goddelike kring (deur ons doop) ingesluit word (Nouwen, 2007:38). Ons sien dus onsself in die “spieëltjie” aan die voorpunt van die tafel (Rohr, 2016:31). Geleidelik word 'n kruis sigbaar gevorm deur die vertikale balk van die boom, die Seun, die Lam en die wêreld, en deur die horisontale balk, wat die hoofde van die Vader en die Gees insluit (Nouwen, 2007:39).

Rublev se ikoon dra dus die aard van die Drie-eenheid in sy diepte oor. Hy wil hê dat dit gemeenskap met God moet bewerkstellig (Seamands, 2005:14). Terwyl ons dit biddend aanskou, ervaar ons 'n sagte uitnodiging om deel te neem aan die intieme gesprek wat tussen die drie goddelike Wesens plaasvind en om by hulle om die tafel aan te sluit. Die beweging van die Vader na die Seun en die beweging van beide Seun en Gees na die Vader word 'n beweging waarin die een wat bid, opgehef en veilig gehou word. Die Rublev-ikoon nooi ons om die kring van liefde, die goddelike lewe van die geseënde Drie-eenheid te betree. Dit is die uiteindelike doel daarvan[68]. Net soos Abraham gasvryheid aan sy drie geheimsinnige besoekers betoon het, so verwelkom God ons in die kring van sy liefde sodat ons gemeenskap met die Vader en die Seun in die eenheid van die Gees kan geniet (1Joh.1:3). Rublev se ikoon van die heilige Drie-eenheid nooi ons uit om deel te neem aan die kring van God se liefde wat ons help om te onderskei dat die menslike lewe deur die werk van die Gees opgewek en ingeneem word in die lewe van die drie-enige God (De Gruchy, 2008:130). Die ikoon van die heilige Drie-eenheid omhels ons binne die allesomvattende gasvryheid van God se liefde en genade (De Gruchy, 2008:131), ’n omhelsing met ’n roeping.[69]

---

[68] “During a hard period of my life in which verbal prayer had become nearly impossible and during which mental and emotional fatigue had made me the easy victim of feelings of despair and fear, a long and quiet presence to this icon became the beginning of my healing. As I sat for long hours in front of Rublev’s Trinity I noticed how gradually my gaze became a prayer. This silent prayer slowly made my inner restlessness melt away and lifted me up into the circle of love, the circle that could not be broken by the powers of the world. I knew that the house of love I had entered has no boundaries and embraces everyone who wants to dwell there” (Nouwen, 2007:33).

[69] Dit is nodig om vir ‘n oomblik terug te gaan na die Geestelike Oefeninge van Ignatius van Loyola. In die tweede week van die Oefeninge begelei Ignatius ons in die binnekring van die Drie-eenheid in, terwyl Vader, Seun en Heilige Gees kyk na die toestand van die wêreld, wat God lief het (Johannes 3:16), en bespreek hoe hierdie wêreld verlos kan word. Die deelnemer aan die retraite kontempleer hierdie gebeurtenis, waar Jesus, die Seun en Koning dit op Hom neem om te gaan na God se wêreld, ter wille van sy redding: “...how much more worthy of consideration is it to see Christ our Lord, King eternal, and before Him all the entire world, which and each one in particular He calls, and says: "It is My will to conquer all the world and all enemies and so to enter into the glory of My Father; therefore, whoever would like to come with Me is to labor with Me, that following Me in the pain, he may also follow Me in the glory."” (Ignatius of Loyola, 1909:Kindle Ligging 395). Dit is dan hierdie Seun van God, Een van ons, wat na ons toe kom, Homself as God kom gee, mense met ’n passie liefhet, en uiteindelik sy lewe gee om almal en alles wat stukkend is, heel te maak. Om

Nouwen (2007:35) beskryf dit treffend: Binne die kring van die Heilige Drie-eenheid daal alle ware kennis in die hart neer. Die Russiese mistici beskryf gebed as die neerdaal van die verstand in die hart in en om daar te staan in die teenwoordigheid van God. Gebed vind plaas waar hart tot hart spreek, dit is waar die hart van God verenig is met 'n hart wat bid. Van binne hierdie heilige kring word hierdie huis van liefde, die misterie van God, aan ons geopenbaar.

4.7.2 Die implikasies van die Trinitariese lewe vir die bediening

Seamands (2005:20) meen dat dit in die daaglikse geworstel in die bediening maklik is om te vergeet aan Wie se bediening die leraar deelneem. Dit is Jesus Christus se bediening meer as ons s'n. Ons neem saam met Christus deel aan sy voortgesette bediening terwyl hy Homself in en deur ons aan ander gee. Sy aardse bediening het nie met sy dood die opstanding en Hemelvaart aan God se regterhand geëindig nie, maar bloot 'n ander vorm aangeneem. Trouens, alle ware Christelike bediening neem deel aan Christus se voortgesette bediening. Die bediening gaan in wese daaroor dat ons saam met Christus by sy bediening aansluit, nie dat Hy by ons in ons s'n aansluit nie[70].

Seamands (2005:21) sê dat soveel van ons spanning en uitbranding die direkte gevolg is van die leraar se versuim om die basiese waarheid omtrent die bediening te begryp. Ons dra laste wat ons nie in die wieg gelê is om te dra nie, wat Christus nooit bedoel het vir ons om te dra nie. In plaas daarvan om Christus die Leidsman te volg, neem ons verkeerdelik die las van leierskap op onsself. Geen wonder dat die gewig ons knak nie. Wanneer ons verstaan dat ons in ons mistieke eenheid met Hom deelneem aan sy bediening, is dit bevrydend. Ten spyte van al die eise en druk ervaar ons vryheid, die rus en vreugde met die wete dat die uitkoms uiteindelik van Christus afhang, nie van ons nie (Seamands, 2005:22). In plaas daarvan om Christus te probeer oortuig om my bediening te seën, is ek geseën toe ek by Hom aangesluit het in sy bediening. As die

---

hierdie gebeure met verbeeldingryke kontemplasie te beleef, wat ideaal is met die lees van ‘n ikoon, ingenooi deur die Drie-eenheid, om saam met God te wees, die gesprek te hoor, saam met God te kyk na die toestand van die wêreld, die liefde van die Drie-eenheid te beleef, Jesus se gewilligheid en deernis te sien, vul jou met verwondering, met blydskap. Wanneer jy jou werklik inleef in hierdie verhaal, is dit asof God se liefdesblik jou intrek en uitstuur. Dit is tot hierdie heilige missie waartoe ons uitgenooi word in die bediening.

70 Soos Eugene Peterson (2011:116-117) dit stel: “…the moment Jesus ascends into heaven as told in Acts, the story shifts to church. It is common at this point to let Jesus slip into the background and proceed to understand the story of church as what we are doing for God. Doing for Jesus to be sure, doing in the name of Jesus certainly. But we are in charge. We are now making the decisions. We have Jesus’s commands; we have Jesus’s example. But now it is up to us: we take responsibility for the church”.

bediening wat ons betree het, die bediening van Jesus Christus is, dan sal ons s'n, soos syne, tot eer van die Vader wees (Seamands, 2005:23). Jesus het natuurlik dikwels in menslike behoeftes en versoeke voorsien, maar hulle het nie die rigting van sy bediening bepaal nie. Sy bediening was gerig tot die Vader. Dit beklemtoon die belangrikheid van die leraar se liefdesverhouding met ons Vader. Christus se bediening vloei vanuit die Vader, Seun en Gees se verhouding van wedersydse liefde vir mekaar. Dit geld ook van ons (Seamands, 2005:25). Daar is 'n groot verskil tussen om dinge vir God te doen en te doen wat God vir ons sê om te doen en by die missie van die lewende Here aan te sluit (Seamands, 2005:26).

Vrugbare bediening geskied deur die Heilige Gees. Ons is dikwels hoofsaaklik afhanklik van onsself, ons opleiding, ons vaardighede en persoonlikheid, ons vorige ervarings en kennis en ons opregte pogings. Hierdie gawes stel die leraar net so in diens van die Heilige Gees as deelnemer aan Jesus se bediening. Om deel te kan neem aan die voortgesette bediening van Jesus, gebeur slegs deur die Heilige Gees wat ons begelei en bemagtig. Op die dag van Jesus se doop het Hy 'n nuwe verhouding met die Gees betree. Hy was gereed om met sy bediening te begin. Dit geld ook vir ons (Seamands, 2005:29).

4.8 DIE BEDIENING AS DEELNAME AAN DIE VOORTGESETTE BEDIENING VAN DIE LEWENDE CHRISTUS – IN GESPREK MET ANDREW PURVES

Die navorser vind die geskrifte van Andrew Purves so geskik vir hierdie deel van die navorsing, dat hy hom graag as gespreksgenoot wil gebruik. Daarom word Purves se riglyne vir die bediening in mistieke eenheid met Christus in *participatio Christi* dikwels aangehaal en gebruik as verwysingsraamwerk[71]. In gesprek met Purves en ander teoloë val die klem op die priesterlike of diakoniese bediening van Jesus Christus, waaraan die leraar in Hom deelneem, en op die hermeneutiese perspektief van hierdie unieke bediening, die mistieke eenheid van die leraar en diegene wat deur hom of haar bedien word met Jesus se lewe en bediening, wat Christus deurgaans in die sentrum plaas, die bediening van Christus in die teenwoordige tyd en die deernis of medelye waarmee die leraar deelneem aan hierdie priesterlike bediening van Christus.

Wanneer die leraar bewustelik lewe in mistieke eenheid met Christus vanuit sy of haar doop en bevestig in die Woord en die nagmaal, sien hy of sy hom- of haarself as geliefde kind van God in Christus en Hy in hom of haar. Die leraar se fokus en aandag, vanuit sy of haar spiritualiteit as

---

[71] Saam met die lees van die Woord, het die navorser ook aan die deelnemers opsommings gegee van die vier werke van Andrew Purves en die boek van Purves en Partee, om in hulle eie tyd te lees en oordink vir meer gefokusde deelname aan die groepbesprekings. Die deelnemers het dit met groot vrug ontvang en gelees.

werk van die Gees, is deurgaans op dit wat die opgestane Jesus besig is om te doen, te besef en te beleef dat hy of sy deur Christus genooi word om by Hom aan te sluit en deel te neem aan sy voortgesette bediening in die teenwoordige tyd. Die vraag wat ons bediening deurgaans moet beantwoord is: “Where is Christ present?” (Purves, 2004:168). Om daagliks jou doop in herinnering te roep in jou stil oomblikke in jou binnekamer saam met Hom, verinnig die leraar se identiteit in Christus as God se geliefde kind, sodat jy al jou gawes, akademiese opleiding, jou verhouding met God en jou wese in diens van die deelnemende bediening saam met Christus stel. Andrew Purves (2004:110) sê juis tereg dat die basis vir die bediening die leraar se doop is, waardeur hy of sy ingegraveer is in Christus, die teken en seël van ons mistieke eenheid met Christus. Dit word telkens bevestig deur die nagmaal, waardeur die mistieke eenheid met Christus gevoed word deur sy liggaam en bloed as ons geestelike voedsel en drank (Purves, 2004:116).

Net soos ons in ons mistieke eenheid met Christus deel in sy lyding, is ons ook bevoorreg om deel te neem aan sy opstandingslewe. Andrew Purves (2004:125) is besorgd oor die verwarring in pastorale sorg, waar behoeftes, soos beradingsmetodes, teorieë van menslike ontwikkeling en familiestelsels, goed op sigself, maar ver verwyderd van Christologiese oorwegings, die praktyk beheer. In die besonder is dit die versuim om te dink aan pastorale teologie uit die kern van die priesterskap van Christus wat pastorale bediening teruggeneem het na diesulke programme. Die effek was om die plaasvervangende mens-wees van Christus te vervang met die bediening van die leraar en sy of haar vaardighede. Hiermee bedoel hy sekerlik nie dat die pastorale praktyk nie hande hoef te neem met die ontwikkeling wat plaasvind in die menslike wetenskappe nie, allermins, maar dat die predikant as deelnemer aan die voortgesette bediening van Christus, deurgaans bewus moet wees daarvan dat hy of sy tussen al die hulp-wetenskappe ’n gans ander en unieke rol het, en dat mense sal weet presies waarom hulle nou die leraar nodig het, eerder as die berader, sielkundige of maatskaplike werker, om maar enkele voorbeelde te noem.

4.8.1 Die leraar in mistieke eenheid met Christus se priesterlike bediening as *diakonos*

Die klem val op die priesterlike taak van die leraar, ’n afgeleide taak, vanuit die voortgesette priesterlike bediening van Christus en ons mistieke eenheid met Hom. Christus se priesterlike bediening, sy getuienis oor God en sy gebede tot God, hou nooit op nie (Purves, 2004:119). Die leraar se primêre identiteit, sê Purves (2004:128), is die beoefening van 'n priesterlike bediening wat die Woord van God verkondig, die sakramente van die doop en die nagmaal vier en ander dien in bedienings wat deel het aan Christus se missie van die Vader ter wille van die wêreld. Die wyse waarop ons ons deelname aan Christus se priesterskap leef – waartoe ons eerstens georden word deur ons doop, en ons lewe van diens en eer aan God, veral in die nagmaal vier –

beteken dat, deur ons gehoorsaamheid aan God, ons dienskneg-bediening van liefde en diens, Christus diakonies teenwoordig in die wêreld is, en Hy hierdie diens in die naam van sy eie priesterskap aan die Vader bied. Dit vul die leraar met verwondering dat God sy geliefde seun en dogter in sy geliefde Seun saamneem en gebruik op hierdie wyse. Prof. Gert Breed (2014:1) verryk hierdie werklikheid met sy eksegetiese navorsing oor die woordgroep "*diakon"* in Johannes 12:16. Dit is duidelik uit sy artikel dat die leraar en gemeente se dienskneg-bediening in en deur Christus se Dienskneg-roeping plaasvind. Deur ons mistieke eenheid met Christus vanuit die doop, is die leraar ingetrek in die liefdesverhouding van die Drie-eenheid. Ons vreugde is om deel te neem aan sy bediening, al hou dit ook in dat ons deel in sy lyding. As medereisende mistagoog, as *diakonos*, beteken dit ook die deel in jou lidmate se lyding en die "gaan sit in" God se gedoopte kinders se lyding, terwyl ons, saam met die lydendes, die lydende Kneg vind, beleef en opnuut leer liefkry.

Breed (2014:3) neem die leser na Johannes 12:27 en 28 waar ons lees dat Jesus sê dat sy "siel ontsteld" is in afwagting op sy lyding. In sy hart broei die vraag of Hy die Vader kan vra om Hom van die uur van die dood te verlos. Hy aanvaar egter dat Hy dit nie kan doen nie, omdat die doel van sy koms na die aarde vervul sou word deur die gebeure gedurende die uur van sy lyding en dood. Daarom is sy besluit dat Hy eerder sy Vader sal verheerlik deur die opdrag te voltooi, deur sy self-offer. Om Christus te volg beteken om tot dieselfde besluit te kom, die opdrag te voltooi, jouself te gee en om die taak wat deur die Vader gegee is, te vervul, selfs al beteken dit jou dood[72]. Die voorwaarde is dat ons medelye heenwys na Jesus, nie óns "offer" nie. In alles, ook die pyn, is die leraar as *diakonos* gefokus op God se verheerliking.

Om Jesus te dien beteken om Hom te volg; om Hom te volg beteken om aan sy roeping deel te neem. Hierdie opdrag vereis dat 'n mens bereid moet wees om jou lewe te verloor en op hierdie manier baie vrug te dra om God te verheerlik. Dit beteken nie dat 'n mens moet probeer om Jesus se unieke versoenende werk te herhaal nie, maar eerder dat 'n mens, soos Hy, bereid moet wees om jou lewe as offer in diens van God en sy roeping te gee sodat daar baie vrug tot eer van God sal wees. Om *diakonos* te wees beteken om 'n dissipel te wees, wat dien soos Jesus gedien het. In Johannes se beskrywing val die klem op verhoudings. Jesus het die verhouding tussen Hom

---

72 Hierdie stelling van Breed herinner aan die woorde van Dietrich Bonhoeffer (2008:85): "Wanneer Christus iemand as dissipel roep, roep Hy daardie een om te kom sterf. Dit kan beteken dat ons moet sterf soos die eerste dissipels wat hulle huis en werk agterlaat om Jesus te volg, of dit kan wees dat ons moet sterf soos Luther wat die klooster moes verlaat en na die wêreld moes terugkeer. In beide gevalle wag dieselfde dood – die dood in Jesus Christus, die dood van die ou mens wanneer die Here ons roep".

en sy Vader geopenbaar – Hulle is een. Sy doel was om sy dienaars die verhouding tussen sy Vader en Hom te laat verstaan en te glo dat Hy gestuur is sodat hulle aan hierdie verhouding kon deelneem, as uitvloeisel van die Vader se liefde (Breed, 2014:3).

Sulke diensknegte, maak nie saak in watter tye hulle leef nie, sal wees waar Jesus is, nie net in sy lyding nie, maar ook in sy heerlikheid. Hulle sal wees waar Jesus in sy gesindheid is, naamlik om bereid te wees om hulle lewe te gee sodat almal na Jesus getrek kan word. Hulle sal eendag Jesus se heerlikheid aanskou wanneer hulle vir ewig by Hom is (Joh. 17) (Breed, 2014:4).

Vir Jesus gaan dood en lyding hand aan hand met verheerliking, en dieselfde geld vir diegene wat Hom dien. Sy dienaars moet bereid wees om te sterf in die uitvoering van hulle taak, veilig in die wete dat die Vader hulle sal eer. Wanneer Johannes 12:26 met 13:1-5 gelees word, is dit duidelik dat die *diakonia* van 'n volgeling van Jesus ook verorden word met die sekerheid van die eer wat die Vader gee. Die sekerheid dat hy bloot 'n dienskneg is wat geroep is om saam met die Here in sy bediening te werk (*paticipatio Christi*), is die bron van die dissipel se volharding en bereidheid om soveel op te offer as wat die taak wat voorlê van hom mag vereis. Dit bly die Here se bediening, nie sy eie nie (Breed, 2014:5). Terwyl die Heilige Gees deur Jesus gestuur is om sy volgelinge te onderrig, te lei en te vertroos, word alle vorme van bediening biddend uitgevoer en daarna gestreef om met die Heilige Gees vervul te word (Efesiërs 5:18). Hulle ervaar die diepte van die bestaande eenheid tussen die *diakonos* en hulle Here en die bestaande eenheid tussen die *diakonoi* van die Here. Om mekaar te eer vir die bediening wat in diens van die Here verrig word, is deel van hierdie kultiverings- en groeiproses en 'n belangrike deel van die ervaring van eenheid. Hierdie manier van bediening aan en deur die gemeente is in skrille kontras met 'n gesindheid van dien net om jou plig na te kom of net uit besorgdheid oor die voortgaande bestaan van die gemeente of selfs om die eer te soek wat mense sal gee. *Diakonia* word deur die Heilige Gees gebruik om mense na Jesus toe te trek. Om mekaar in die gemeente te dien en lief te hê, sal plaasvind in die verwagting dat die Heilige Gees sodanige bediening sal gebruik om die gemeente toe te rus en te begelei tot volwassenheid sodat hulle die wêreld kan dien en, ten spyte van die gevare wat daarin skuil, hulself aan ongelowige mense gee (Breed, 2014:6). In hierdie bediening neem ons deel aan die voortgesette, teenwoordige bediening van Jesus, die ware *Diakonos*, die *Ebed Jahwe*.

Diakonia vloei voort uit die oortuiging dat ek 'n *diakonos* is, wat deur Jesus gestuur is om Hom saam met Hom in liefde te dien. Onder leiding van die Heilige Gees sal die *diakonoi* van Jesus die spesifieke uur in hulle lewens onderskei en wat God in daardie uur van hulle vra (Breed, 2014:7). In hierdie sekerheid neem die leraar deel aan Jesus se priesterlike bediening.

4.8.1.1 'n Woord van versigtigheid

Annemie Dillen (2017) meen tog dat die leraar die idee van self-offer met versigtigheid moet benader. In sommige gevalle is opoffering waardevol, maar daar is gevare verbonde aan die offerdiskoers. Die belangrikste element vir hierdie kritiek is dat 'n offerdiskoers 'n vermomming kan wees vir mag, die misbruik daarvan en die legitimering van die wanbalans van mag. 'n Mens dink dikwels dat opoffering die belangrikheid van jou eie persoon prysgee en die ander eerste plaas ten koste van die self, uit 'n ruim ingesteldheid. Maar eintlik sien 'n mens dikwels dat jy deur opoffering of die offerhandelinge self streef na erkenning, self-validering en implisiet die self in die middelpunt plaas (Dillen, 2017:1). Sy verwys na twee metafore wat dikwels gebruik word om die leraar te definieer, naamlik die herder en die barmhartige Samaritaan. Die herder-metafoor kan die swakhede en foute van die leraar verdoesel. Deur te fokus op die selfopoffering en moed van die herder, kan 'n mens die indruk kry dat dit alles oor omgee vir die ander gaan, maar op die ou end word die ander nie altyd regverdig behandel nie. Dillen (2017:2) vra: As 'n mens jouself verloor, hoe kan 'n mens aanhou gee? Plaas dit nie dalk 'n swaar las op die skouers van die ander, wat hom dalk oor die leraar begin bekommer en sodoende die rolle omruil nie? Die selfopofferende leraar mag sekere kwessies nie raaksien nie, soos die ontvanger se afhanklikheid van die leraar – dat hy of sy nie leer om op sy of haar eie voete te staan nie – of dat hy of sy ongewenste vorme van sorg ontvang. Dit geld veral vir leraars wat honger is na waardering en erkenning.

Die barmhartige Samaritaan neem die gewonde persoon na 'n herberg, waar hy die herbergier vra om die man te versorg en hom betaal om dit te doen. Hy gee nogal baie van homself, maar terselfdertyd word die sorg met ander 'professionele persone' gedeel. Dit kan beskou word as 'n verwysing na die noodsaaklikheid van samewerking met ander, van integrasie van leraars in versorgingsdienste en die deel van versorging en gesien word as 'n verwysing na die feit dat pastorale sorg nie onbeperk is nie, dog uniek. Die barmhartige Samaritaan is ook nie 'n ideale metafoor nie. Dit stimuleer nie ons besinning oor die ander se gee nie. Sommige predikante sukkel baie om van ander te ontvang, omdat hulle geleer het om vir ander om te gee, of nog altyd die omgee-rol ingeneem het, en dikwels self-validering deur omgee ontvang (Dillen, 2017:3).

Uiteindelik is dit net Jesus wat werklik die Goeie Herder is en die leraar moet versigtig wees om nie daarop te roem dat hy of sy self die beeld van die Herder "ínkarneer" nie – dit moet altyd in verband gebring word met Jesus se volmaakte en instaatstellende liefde wat nie van mense verwag kan word sonder God se hulp nie. Die idee van 'n 'goed genoeg leraar' kan hierdie fokus op heldhaftigheid vermy en predikante help om te sien dat hulle mense soos almal is, met sterk- en swakpunte. Dit kan ook 'n teenmiddel wees teen die messias-kompleks (vgl. Eswine, 2015:73-

74, Nouwen, 1989:15 en Peterson, 1992:178), wat alles vir almal wil wees en doen. Wanneer selfopoffering deel word van 'n diskoers en 'n normatiewe stelsel wat ander oordeel, word dit gevaarlik (Dillen, 2017:6). Hierdie perspektief van Dillen is uiters belangrik om die leraar daarop te wys dat die fokus, ook in sy of haar self-gee, nie op die leraar self val nie maar op die lewende Here, wat Homself in die pastoraat in die leraar en die leraar in Hom aan die kudde of die gewonde gee. Die getuienis van die leraar en hulle wat versorg en begelei word, wys altyd heen na Jesus, nie na die leraar se offer nie. Die “self-offer” van die leraar is ’n liefdesdaad van oorgawe aan God.

Purves (2007:99) se raad aan die leraar is: “Wend jou tot die *Diakonos*, die Een wat dien, want Hy dra die vrag van die bediening vir jou en ter wille van die mense wat Hy in jou in pastorale sorg geplaas het. Dit is sy diens wat hulle nodig het, nie joune nie. Net sy bediening is verlossend” (outeur se vrye vertaling). Mistieke eenheid met Christus is die sleutel vir pastorale teologie en die getroue beoefening van die bediening (Purves, 2007:100). Dit getuig daarvan dat Jesus Christus die las van getrouheid namens ons dra. Ons sluit by Hom aan, by sy lewe, sy geloof, sy gehoorsaamheid en sy bediening (Purves, 2007:106), nie Hy by ons nie.

4.8.2 Die raamwerk vir alle pastorale werk

In die bediening waarin die leraar staan, herinner hy of sy hom- of haarself daagliks aan die raamwerk waarbinne die bediening plaasvind: Eerstens begin alle pastorale werk binne die raamwerk en aankondiging van die liefde van God, want God is liefde (1Joh.4:8) (Purves, 2004:203). Ons verkondig dus: Jesus Christus is die Here, en hierdie Jesus, Wie God is, het jou lief. Jesus Christus is die inhoud en doel van ons bediening (Purves, 2004:204). Tweedens word liefde in 'n pastorale sin geleef deur die kwaliteit van die verhouding met 'n gemeentelid. Hier gebruik jy al die vaardighede wat sorg vir verhouding: luister, aanvaarding van gevoelens, warmte van betrokkenheid, openheid teenoor 'n ander, teenwoordigheid en oplettendheid, tyd, bevestiging, deursigtigheid (Purves, 2007:130). Dit is die leraar se voorreg om al sy of haar teologiese opleiding, gawes, vaardighede en talente in diens te stel van die bediening in Christus.

Purves (2007:132) vra: Wat doen die leraar die hele week? Ons getuig van Jesus Christus en van sy teenwoordige, lewende, bediening van genade aan die lidmaat, aan die kankerpasiënt in die hospitaal, aan die paartjie wat wil trou, met die ouers wat angstig is oor die gedrag van 'n tienerkind, aan die sake-eienaar wie se klein firma nie sal oorleef nie, aan die jong pas-bekeerde vrou wat gedoop wil word en aan die gesin by die begrafnis van môre. Die leraar fokus daarop om van God te praat. Omdat die Naam “God” veronderstel dat God handel, praat ons van die God wat gehandel het, handel en sal handel in tyd en ruimte in, deur en as Jesus Christus.

4.8.3 Die hermeneutiese perspektief en verwondering

> Pastoral care always takes place within a certain context and culture, and the pastoral caregiver must have an understanding of the network of relationships and the interconnectedness of life within culture. A contextual hermeneutical paradigm is thus important. Pastoral caregivers have to approach the community as a participatory observant and observing participator from a perspective of 'not-knowing'. Pastoral caregivers have to master the carefully balanced art to journey with fellow human beings through all phases of life. The pastoral care relationship is based on trust that is built through being present in the life circumstances of those ministered to (Du Plessis, 2021:8).

Op soek na die hermeneutiese perspektief van die leraar se pastorale betrokkenheid by die lidmate deur die drie-enige God aan hom of haar toevertrou, en as medewerker van en deelnemer aan die voortgesette teenwoordige bediening van Christus, plaas hierdie insig van prof. Amanda du Plessis (2021) ons midde-in die konteks van die bediening waarbinne Jesus lewend aktief tans besig is om deur sy Gees, die leraar met Hom saam te neem op sy reis met sy mense. Sy voeg 'n belangrike punt by, naamlik dat pastorale versorging altyd sal plaasvind vanuit die perspektief van ons geloof in God, as aanduiding van die metaforiese benadering in die pluralistiese dialogiese pastorale gesprek[73]. Die leraar hou in gedagte dat sy of haar pastorale sorg altyd plaasvind onder leiding van die lewende Here deur sy Gees, wat nie net as die ware Mistagoog die leraar begelei nie, maar ook die persoon wat bedien word. Die leraar reis daarom mee, eerstens met Jesus Christus in gehoorsaamheid en onderwerping aan die Heilige Gees maar ook op 'n relasionele etiese wyse ter wille van die genesing van hulle vir wie Jesus in hierdie proses Homself gee en van wie die leraar medereisiger is. Pneumatologie is uniek aan kontekstuele pastorale berading (Du Plessis, 2021:8).

Daarom meen Purves (2004:207) dat leraars voortdurende transformasie van denke en perspektief moet ondergaan sodat hulle die mense in hulle sorg kan sien as omhul deur die liefde

---

[73] Daniël Louw (2010) beskryf die hermeneutiese perspektief van die leraar se bediening soos volg: "Pastoral care is the expression and representation of the sensitivity and compassion of the Scripture's understanding and portrayal of God's encounter, intervention, interaction, and involvement in our being human. The encounter between God and human beings takes place within the existential realm and context of everyday living. This encounter and intervention are called in traditional theology the covenantal encounter between God and human beings. In terms of practical theological terminology one can translate this covenantal encounter as the '*praxis* of God'" (Louw, 2010:73).

en genade van God. Pastorale sorg as deelname aan die bediening van die genade van God veronderstel besliste hermeneutiese perspektief – ons kyk na die persoon, en ontleed die persoon in die lig daarvan dat Jesus Christus vir hierdie persoon gelewe en gesterf het, en hy daarom vergewe en herstel is tot gemeenskap met die Vader – in sy doop het hierdie mens gesterf vir sonde om nou nuut te lewe (Rom. 5:4). Jy sien en verstaan die persoon voor jou as God se mens, wat onherroeplik deur God toegeëien is, selfs al is die persoon nie bewus daarvan nie – dit is die hermeneutiese perspektief wat ons gedrag verander, selfs wanneer die waarheid nog versteek of ontken word. Jy kyk met God se oë en hart. Die leraar as mistagoog is van een ding seker en dit is dat hierdie mens se lewe in Christus nie ons werk is nie, selfs nie sy of haar werk nie, daarom luister ons met vrymoedigheid en oorgawe na die beweging van die Gees wat die persoon lei op God se nuwe weg (Purves, 2004:208).

Daniël Louw (2010:79) gebruik die begrip "*fortigenesis*"[74] om die hermeneutiese perspektief te verduidelik: In die paradigma van 'n teologie van bevestiging dui "*fortigenesis*" eerder op eksistensiële en ontologiese kategorieë as blote innerlike emosionele krag en positiewe gedragshoudings. 'n Teologie van bevestiging verwys na 'n ontiese toestand van bestaan, wat beteken dat 'n mens deur eskatologie in jou wesens-eienskappe bevestig word. Om 'n nuwe wese in Christus te wees, beteken om deur die *charisma* (vrug) van die Gees versterk te word om die lewe met moed en 'n lewende hoop te leef. Geestelike *fortigenesis* en *fortologie* verwys na daardie soort geestelike krag en moed wat voortspruit uit ons nuwe wese in Christus. Ongeag die toestand van die persoon wat deur die leraar bedien en begelei word, hou die leraar die ontiese toestand van die lidmaat, as nuwe wese in Christus deur die doop, voor oë. Vanuit hierdie perspektief word saam met die lidmaat gesoek na die regte "entrance ramps", juis met die doel om die lidmaat te bevestig en te begelei in die rigting van nuwe moed en hoop.

Die leraar se primêre taak is dus nie om probleme op te los nie, maar om te luister na die "entrance ramps" wat lei vanaf die stelling van die probleem na die werklikheid van die persoon se lewe, dit is die persoon se eenheid met Christus (Purves, 2004:187). Die leraar en lidmaat luister saam na die Woord, sodat die lidmaat se omstandighede geïnterpreteer en getransformeer word (Purves, 2004:188). Die leraar sien en begelei die lidmaat om hom- of haarself te sien in die lig van die

---

[74] "*Fortigenesis* (*fortis* = strong) refers to a strengths perspective, which relates human wellness to the positive components in human behaviour. This approach concentrates on those components in human wellness that create strength, courage and a positive approach to life demands" (Louw, 2010:78).

Woord (In u lig sien ons die lig – Psalm 36:9) (Purves, 2004:190) en staan in verwondering oor die lewende Here se begeleiding deur sy Woord en Gees.

Die leraar het werk om te doen net omdat die Here Jesus opdaag as die teenwoordige, lewende Here waar mense woon en sterf en getuig van die Here wat altyd daar is, nog voor ons daar kan kom. Die hermeneutiese perspektief is altyd dat jou lidmaat gekies is om God se vriend te wees. In die doop is hy of sy vergewe en herstel tot gemeenskap met God. Ons moet 'n gesprek uitnooi en in staat stel waarin 'n gemeentelid se verhaal en die evangelieverhaal mekaar deurdring sodat 'n dieper begrip van 'n lewensituasie in terme van Jesus Christus plaasvind (Purves, 2007:137). Ons vra: Wie is Jesus Christus vir hierdie persoon en wat beteken dit vir sy of haar geloof en lewe in Christus? Dit is mistagogie in sy suiwerste vorm.

Eugene Peterson (2011:136) getuig in sy memoires van die verkeerde hermeneutiese perspektief van die leraar op sy of haar lidmate, naamlik om hulle te beskou as “probleme”. ’n Gemeente word nie gedefinieer deur sy kollektiewe probleme nie, maar is ’n gemeenskap van mense wat gedefinieer word deur hulle skepping na die beeld van God of hulle dit weet of nie. Hulle is nie probleme wat opgelos moet word nie, maar misteries wat geëer en hoog geag moet word (Peterson 2011:136-137). Die leraar se werk is nie om mense “reg” te maak nie (vgl. Eswine, 2015:89), maar om mense te begelei in die aanbidding van God en om in eenheid met die lewende Christus te lewe. Hy getuig voorts hoe die Keltiese kruis, nagmaaltafel, doopvont en kansel in hulle kerkgebou sy fokus gevestig het op die misterie van God. Terapie, die oplossing van probleme, die regmaak van mense plaas die leraar in die sentrum. Om te aanbid, heel te word, ons lewens oop te maak vir dit wat ons nie kan beheer of verstaan nie, plaas God in die middel van die gebeure in die gemeente (Peterson, 2011:138). Wanneer die gemeentelede as “probleme” gehanteer word, weet die leraar min of meer wat om te doen[75], maar in Peterson se omgang met hulle as leraar was hy betrokke by geheimenisse, wat met God te doen gehad het, wat ver bo sy begrip en beheer was (Peterson, 2011:140). Daarom praat Peterson (1987:188) van die gesindheid van verwondering – die lidmaat by die leraar word die beeld van God genoem, die tempel van die Heilige Gees, deel van Christus se liggaam, iemand vir wie Jesus gesterwe het,

[75] Brian Hamilton (2022:2) praat van die leraar wat, in soeke na identiteit, die professionele model volg en sy lidmate as “gevalle” (“cases”) beskou. As die leraar sy lidmate as “gevalle” of “probleme” beskou, kan jy net sowel sielkundige of maatskaplike werker vir hulle wees, dus in beheer van sake, maar die unieke roeping van leraar sal in hierdie geval oorbodig wees, want afhanklikheid van die lewende aktiewe God is onnodig. “Ultimately, the core identity of every pastor needs to be their identity in Christ. It is always Jesus who is the savior in ministry. Anytime the pastor’s personal identity takes the place of Jesus, the pastor and the ministry are sure to suffer. When a pastor images their identity, it must be one in which Jesus is glorified” (Rimmer, 2017:25).

vir wie Hy met sy lewe liefhet. Die pad wat Jesus met die persoon by die leraar stap, is veel langer as die leraar en sy lidmaat se pad. Lank voor die leraar sy of haar lidmaat leer ken het, het God drie-enig Homself al by die lidmaat se doop aan die geliefde kind van Hom gegee, om een met hom of haar te word (1 Joh. 4:19). Die leraar begelei deurgaans sy lidmate met die verwondering oor God se lewenslange betrokkenheid in hulle lewe. Thomas Merton (1987:34) verwys na die leraar as mistagoog en sy verwondering oor die een vir wie hy of sy begelei:

> A true director can never get over the awe he feels in the presence of a person, an immortal soul, loved by Christ, washed in His most Precious Blood, and nourished by the sacrament of His Love.

Verwondering begin in die leraar se hart en raak deel van sy of haar leefwyse. Jy verwonder jou oor wat God doen in die bediening waaraan jy deelneem en hoe die lewende Here steeds met mense werk in hierdie teenwoordige tyd. Purves (2010:143) praat van ’n bediening beklee met verwondering, een van die noodsaaklike eienskappe om aan die bediening van die verrese Jesus deel te neem. Geloof aanvaar misterie as deel van die aard van dinge en mense. Sonder ’n biddende leefstyl kan daar geen verwondering wees nie, veral verwondering wat ontstaan omdat ons God se genadige heil in mense se lewens raaksien (Purves, 2010:144). Die geloofsgewoonte van die *Examen*-gebed is so ’n handige hulpmiddel om die leraar te begelei om daagliks terug te kyk op sy of haar dag en hom of haar te verwonder oor die lewende God in die bediening en ook die lewens van sy of haar lidmate, veral as die *Examen* deel geword het van die leraar se leefwyse.

4.8.4 Krag in ons swakheid

Die groot gevaar in ons bediening is, wat Purves (2004:230) tereg *“ministerial programmatic triumphalism”* noem. Dit hang hiervolgens van die leraar af om op te maak vir swakheid deur ’n tipe hiper-kontemporêre inisiatief-gedrewe respons van behoefte-gerigte vaardighede te ontwikkel. Slegs die werklikheid van die lewende Jesus se voortgesette bediening maak ons bediening moontlik (Purves, 2007:16). Ons verwys soms na ons bediening asof dit ons eiendom is en asof *ons* die dinge laat gebeur (Purves, 2007:25). Dit is in mistieke eenheid met Christus dat die leraar deel in sy bevoegdheid en bekwaamheid en dus in sy bediening. Die Here se genade is genoeg en die Here se krag is volkome in ons swakheid (2 Kor. 12:9) (Purves, 2004:233). God openbaar sy eie krag in en deur ons presies in en deur ons swakheid of broosheid (Purves, 2004:234). Dit is deel van die groot misterie van ons deelname aan die bediening van die teenwoordige Jesus.

Die vraag is nie hoe raak Jesus in ons bediening betrokke nie? In plaas daarvan, omdat Hy die lewende Here is, is die eintlike vraag: Wie is Jesus Christus en waarmee is Hy besig, en hoe kan ek deelneem aan sy bediening? Ons vind die antwoorde in die klassieke Christelike leerstellings van ons deelname deur mistieke eenheid met Christus in sy plaasvervangende menswees en bediening (Purves, 2007:12-13). Die antwoord lei tot die tweede vraag: Hoe kry ons dit reg om deel te neem aan Jesus se bediening? Die spiritualiteit wat voortspruit uit die ontmoeting met Jesus, dryf ons keer op keer terug na die Bybel terwyl ons die vraag probeer beantwoord: “Wie is u, Here?” Om die Bybel te lees, bring ons by 'n al hoe dieper belewing van die teenwoordigheid van die Here. Wanneer die leraar hom of haar verdiep in die dissiplines van *lectio divina* en verbeeldingryke meditasie van die Woord, beleef hy of sy in sulke oomblikke die lewende Jesus in die Skrif, maar ook in sy of haar eie lewe en bediening in die teenwoordige tyd. Die spiritualiteit is nie in die kop of die hart nie, dit is in die kop én die hart en op so 'n manier is dat hulle oop is vir mekaar (Purves, 2010:57).

Ons mistieke eenheid met Christus dui op die werk van die Heilige Gees waardeur ons aan die verrese lewe en bediening van Jesus deelneem. Ons deel in ons Here se gemeenskap met die Vader, ons neem deel aan ons Here se bediening wat van die Vader af uitgaan, deurgaans binne die trinitariese verwysingsraamwerk (Purves, 2010:61). Dit is genade van die begin tot die einde, die betekenis van ons doop. Ons doop is 'n verklaring deur God dat ons saam met Christus gesterf en opgestaan het. Ons mistieke eenheid met die verrese Jesus waarvan ons doop die teken is, word dus deur die leraar in die bediening as werklikheid beleef (Purves, 2010:62).

Die leraar het 'n bediening, maar dit is afgelei uit en hang in alle opsigte af van Christus se voortgesette bediening. Sy bediening is in die teenwoordige tyd (Purves, 2007:52). Bediening is 'n teologiese daad: God handel. God tree op deur die voortgesette bediening van Jesus, wat teenwoordig is aan en vir ons in en deur die genade van die Heilige Gees. Om te sê dat God handel, beteken eerstens dat God nie agter die rug van Jesus handel nie; God se verlossende bediening het 'n onbetwisbare christologiese karakter en beteken dat die klem altyd op Jesus Christus geplaas word en nie op ons nie. Die fokus is op Christus se beloofde getrouheid om teenwoordig te wees aan en vir ons as God wat ons liefhet, vergewe en seën (Purves, 2007:52-53). Om aan Christus se bediening deel te neem, beteken dat die leraar aan sy lewe deelneem, wat beteken dat wie Hy is en wat Hy doen, jou bediening definieer. Dit is nie ons bediening wat Christus teenwoordig maak nie; dit is die teenwoordige, lewende Christus wat ons bediening moontlik maak (Purves, 2007:57). Die vraag is dus nooit: Wat gaan ek vandag by my lidmaat doen nie, maar wat gaan ek saam met hom of haar ontdek? Wie is Jesus vandag, in die teenwoordige

tyd, vir my en die lidmaat wat ek bedien? Die leraar bring Jesus nie saam met hom of haar op sy of haar besoek nie. Hy is reeds daar by die lidmaat wat ons besoek. Ons vertrou op God om getrou te wees. Ons werk is om ons harte en oë oop te maak en te getuig van wie Jesus Christus, soos in die evangelie, vandag vir ons lidmaat is. As medereisende mistagoog begelei die leraar die lidmaat om Hom raak te sien (Purves, 2007:57-58). Ons het geen bediening behalwe die een waaraan ons deelneem deur ons mistieke eenheid met Christus nie. Jesus het gesê: "Sonder My kan julle niks doen nie" (Johannes 15:5). Ons weet dat Jesus Christus 'n teenwoordige, dienende Here is aan Wie se lewe en bediening ons deur eenheid met Christus verbind word en getuig van die God wat as Jesus Christus optree, nou, deur sy Gees (Purves, 2007:59).

Purves is tereg ernstig as hy sê: Wanneer ons 'n ernstige beheptheid met "my bediening" het, moet daardie bediening gekruisig word (Purves, 2007:73). Alles wat leraars hoop sal plaasvind in 'n persoon se lewe met God, bly buite die leraar se eie beheer (Eswine, 2015:98). Ons kan nie alles doen wat gedoen moet word nie, wat beteken dat Jesus ons sal moet leer om saam te leef met die dinge wat ons nie kan beheer of regstel nie. Jesus lei ons na die smart van mense. Om dan te wag en te sien wat God gaan doen, is geen tydmors nie (Eswine, 2015:99).

Aan watter bediening van Christus neem ons deel wanneer ons na die werk van die leraar kyk? Die Nuwe Testament verstaan Jesus as *leitourgos*, *didaskalos* en *diakonos*. Hy is die Bedienaar in die heilige plek (Hebreërs 8:2), Hy bedien as Leermeester (Johannes 3:2) en Hy bedien as die Een wat dien (Lukas 22:27). Purves (2007:107-108) praat van *participatio Christi* eerder as *imitatio Christi*. Daar is dus net een bediening, dié van Jesus Christus, waaraan ons deur ons mistieke eenheid met Hom deelneem. Elke poging om tot God te nader is in die Naam en betekenis van Jesus Christus, waarin ons staatmaak op sy gemeenskap met die Vader (Purves, 2007:110). In mistieke eenheid met Christus is ons toegewy aan God en toegewy aan die bediening van God in die wêreld.

Die verlies aan die besef en belewing van ons mistieke eenheid met Christus het twee gevolge: (1) die ineenstorting van die bediening as bloot 'n reaksie op die morele invloed van Jesus en (2) die redusering van die bediening na programme, strategieë en tegnieke wat teologies dubbelsinnig is. Wanneer die voortgesette en teenwoordige bediening van Jesus Christus verlore

gaan, val ons terug op ons eie hulpbronne, en bediening word iets wat ons doen (Purves, 2007:111)[76].

4.8.5 Stil-Saterdag of Paassondag

Purves (2010:11) meen juis dat heelwat leraars vasgevang is in die luim van dubbelsinnigheid en magteloosheid van “Stil Saterdag", die dag van leegheid. Daar is geen dienste nie, en dit is 'n dag sonder liturgie. Ons weet nie regtig wat om te doen nie, want die dag voel soos 'n leë ruimte (Purves, 2010:13). Dit is 'n dag van wag en tradisioneel is dit 'n dag van vas. Die waarheid is dat die ontologiese leegheid van Stil Saterdag vroom vervang word deur doeltreffende kerklike en liturgiese beplanning. Die blomme word netjies gerangskik en teruggeplaas as kansel-versiering wat gretig is om op hul simboliese manier die goeie nuus uit te basuin (Purves, 2010:14). Stil Saterdag is 'n “amper” tipe dag: die versoening is voltooi, maar die oorwinning is nog nie behaal nie (Purves, 2010:15). Ons het nog nie die werklikheid van die Christelike lewe in terme van Paassondag betree nie. Met al ons prediking en onderrig blyk niks veel in die lewens van die mense te gebeur nie, want ons bly die mense van Stil Saterdag. Die krag en die vreugde en die wonder het verlore gegaan. Vreugde is deur moegheid uitgedruk (Purves, 2010: 16).

Die opstanding van die bediening gaan eerstens oor die opstanding van Jesus se bediening (Purves, 2010:18). Die opstanding van Jesus eis die opstanding van die bediening vanuit die luim van Stil Saterdag, omdat Paassondag en Hemelvaart die opstanding en voortsetting van Jesus se bediening beteken. Ons bediening is om aan Jesus se lewende bediening deel te neem (Purves, 2010:19). Omdat Hy opgestaan en opgevaar het, moet ons ook in die teenwoordige tyd van Hom praat, aan Hom dink en Hom beleef (Purves, 2010:27).

Dikwels is die pastorale behoefte juis vir die bevestiging van 'n persoonlike God wat nader kom, Wie se Naam ons ken, Wie met ons ’n pad van liefde en genade stap en Wie se doel is om ons huis toe te bring na Homself toe. Vir 'n gemeentelid wat verlam is deur die wanbeeld van 'n woedende God van oordeel, en wat 'n gevoel van bewustheid van God verloor het en vir wie God afwesig voel in die tyd van 'n moeilike seisoen in haar lewe, wys ons na die lewende teenwoordige

---

[76] Om hierdie feit nog beter te stel, beskryf Peterson (2011:292) dit so: “You are at your pastoral best when you are not noticed. To keep this vocation healthy requires constant self-negation, getting out of the way. A certain blessed anonymity is inherent in pastoral work. For pastors, being noticed easily develops into wanting to be noticed. Many years earlier a pastor friend told me that the pastoral ego ‘has the reek of disease about it, the relentless smell of the self’”.

Jesus. Ons doen dit en vertrou dat Jesus in die Gees in werklikheid naby en aan die werk is om te seën, troos en genees, want dit is wie God is en wat God tans doen (Purves, 2010:27-28).

Die verrese en opgevaarde Here Jesus sit nie nou in die hemel met sy arms gevou en wag vir ons om iets godsdienstig te doen wat Hy kan bevestig nie. Jesus het sy eie verrese bediening om te doen en hy wil hê dat ons daaraan sal deelneem. Wanneer dit gebeur, bedien ons in die luim van Paassondag[77]. Wanneer die klem op onsself eerder as Jesus val, bevind ons onsself in die luim van Stil Saterdag. Dit beteken om die kerk en sy programme te probeer bestuur terwyl die kalklig op ons, en ons pragmatiese vaardighede vir die bediening val, wat altyd ons fokus wegneem van wat Jesus tans doen, en wat dit vir ons beteken om aan daardie bediening deel te neem. Dit is 'n verskuiwing weg van teologie na tegniek (Purves, 2010:45). Sonder 'n duidelike sentrale teologiese begrip van die teenwoordige bediening van Jesus en ons deelname daaraan is alles tevergeefs en ons is doodgewone winkeliers ("shop-keepers")[78]. Ons bediening word deur die voortgesette bediening van die lewende Jesus gedefinieer (Purves, 2010:45). Ons kies daarom om die getuienis van ons doop te vertrou, dat Hy ons in mistieke eenheid met Hom ingeneem het in sy lewe en bediening, selfs wanneer ek nie sy teenwoordigheid voel of sy hand aan die werk sien nie (Purves, 2010:55).

Hemelvaart beteken dat Jesus 'n voortgesette bediening het[79]. Hy stel ons aan die Vader voor, Hy tree vir ons in, en Hy stuur vir ons die Heilige Gees om ons in te neem in sy eie lewe en missie tot verheerliking van die Vader en ter wille van God se wêreld (Purves, 2010:63). Ons bediening getuig van die sentrale Christelike waarheid dat Jesus leef. Purves (2010:70-71) gee 'n paar baie handige en aktuele wenke om ons en die lidmate bewus te maak van die voortgaande teenwoordige bediening van die lewende Jesus in ons midde: Praat doelbewus van Jesus in die teenwoordige tyd. Beklemtoon dat Jesus ons tydgenoot is. Vier die nagmaal van die Here as 'n gemeenskap met 'n lewende, teenwoordige Here. Preek op 'n wyse dat mense vir Jesus deur die Gees ontmoet. Die hele punt is dat Jesus sy mense in die teenwoordige tyd wil ontmoet. Seën

---

77 Marva Dawn (in Peterson en Dawn 2000:Kindle Ligging 1923-1924) verwys na ons opstandingslewe as volg: "...the way to help our neighbors know Christ is to live his resurrection life in us so that they realize how Christ makes a difference and want to participate in his life too"..

78 Eugene Peterson (1987:2) noem dat die Amerikaanse predikante die een na die ander hulle poste verlaat. Ons bly predikante, bedien steeds gemeentes en ontvang ons salarisse van die gemeente, maar ons het ons roeping vergeet. Hy noem ons goeie winkeliers ("shop-keepers") wat klante na ons toe trek met goeie bemarkingstrategieë.

79 Coenie Burger (2011:33-34) stel dit tereg soos volg: "Sonder 'n duidelike verstaan van die hemelvaart kan ons maklik dink dat Jesus nie nou hier is nie en nou niks vir ons kan of gaan doen nie. Dit sal baie jammer wees, want ons dien 'n lewende Heer wat ook nou by ons is, oor ons waak en ons in ons nood kan help. Jesus was nie net 'n Heer en Verlosser 2000 jaar gelede nie; Hy is dit vandag nog en tot in alle ewigheid".

mense heenwysend, ferm, aanduidend, verseker en duidelik namens die lewende Jesus. Dit is juis die lewende Here in ons midde wat die gemeente seën.

Die Gees neem hierdie Woord op, die Woord wat ons lees en verkondig. Die gewone alfabet, die alledaagse stem, lewegewende Gees se asem, en gewone mense reageer op God se teenwoordigheid. Brood en sap, of wyn, is om die draai te koop. Tog kom Hy hier nader; ons proe en sien nie net die deeg en fyngemaakte druiwe nie, maar die goedheid van die lewende Christus. Om Hom in herinnering te roep is 'n ontmoeting met Hom. Hy ontmoet ons met sy ware teenwoordigheid, terwyl ons in die geloof kou en sluk en bid (Eswine, 2015:250).

Dit is bediening in die vertroue dat Hy steeds die Verlosser is en dat redding nie ons bekommernis of verantwoordelikheid is nie, wat alle messiaanse pretensies opsy skuif en daarom verheug is om die ligter las te dra (Purves, 2010:126-127).

Wat dus nodig is, is nie meer tyd aan nuwe tegnieke nie. Slegs deur te bly in Jesus as ons eerste verantwoordelikheid, sal ons deelneem aan sy bediening en vreugde daarin vind. Om deur die Vader in die wingerdstok, Jesus Christus, ingeënt te word, beteken dat ons wese, identiteit en voeding geheel en al van Hom af kom (Purves, 2007:118). Die bediening is nie 'n kwessie van 'n predikant wat hard werk, relevante preke preek, 'n superdoeltreffende gemeentelike administrateur is, diegene besoek wat siek, neerslagtig, bedroef en eensaam is nie, terwyl hy die gemeente laat groei en die mense bekoor met 'n innemende en aantreklike vermoë om hom of haar hartlik te vereenselwig met sy mense nie. Sonder dat ons in Christus bly, het ons geen bediening nie (Purves, 2007:119). "Bly in My soos Ek in julle" (Joh.15:4). Daar is 'n intrinsieke verband tussen vrugbare bediening en persoonlike gebed, Skrifstudie, algemene aanbidding, veral die deelname aan die Heilige nagmaal. Daarom nooi Purves ons:

> Kom terug na jou gebedslessenaar en distansieer jouself vir 'n rukkie van jou kantoorlessenaar. Herverbind jouself weer (en weer!) tot seisoene van gebed en Bybelse en teologiese studie. Lei die hart en verstand op in die weë van God. Bid om 'n mistagoog te vind om jou te help om die vreugde van God vir jou lewe en bediening te onderskei. Nooi hierdie persoon om jou in blymoedige gehoorsaamheid te bemoedig. Oorgelaat aan onsself sal ons waarskynlik struikel oor die kneusing-stene van geestelike luiheid en onverskilligheid. Beoefen Sabbatsrus, want heel waarskynlik is jy moeg. Beoefen ook die dissipline van aandag aan die huwelik- en doopgeloftes (Purves, 2007:126 – outeur se vrye vertaling).

Purves (2007:45) moedig die leraar aan om tyd saam met Jesus deur te bring. Hy vra ons tyd. Jy kan nie in die Naam dien as jy nie in die Naam bly nie (Johannes 15:1-11).

4.8.6 Die deernis van Jesus Christus gesoek

'n Leraar wat in swakheid en broosheid, met dankbaarheid en lof aan God bedien, in mistieke eenheid met die lewende Christus, sal iets leef van Christus se deernis of medelye (compassion). Dit is die deernis van Christus wat vanuit die hart en siel van die leraar vloei na hulle wat dit so nodig het[80]. Andrew Purves (1989:12) noem dat daar 'n soeke is na hernude deernis. Wolterstorff (1987:34) beskryf sy ervaring so: "Wanneer jy sê: Dis nie so erg nie, sit jy nie by my in my smart nie, maar op 'n afstand van my. Wat ek nodig het om van jou te hoor is dat jy erken hoe pynlik dit is, dat jy met my *in* my desperaatheid is. Om my te troos moet jy naby kom, kom sit langs my op my roubankie (mourning bench)" (vrye vertaling deur outeur). Jy kan net 'n rukkie op die roubankie sit. Ons wat saam met ander ly kan ongevalle word van dieselfde dade van ons liefde. Ons word die slagoffers en blootstelling aan te veel lyding kan ons ook vernietig[81]. Phillip Nolte en Yolanda Dreyer (2009:2) vra tereg: "Bied die Reformatoriese teologie ruimte vir die insig dat pastors emosionele verwonding ervaar, en dat daardie verwonding nie ontken hoef te word nie, maar as bron van bemoedigende en sinvolle betrokkenheid by ander met dieselfde én ander soorte verwonding kan dien?" Leraars se diens as gewonde genesers is daarom op besondere wyse geleë in 'n poging om mense te verstaan. Sonder begrip is begeleiding moeilik haalbaar. Predikante wat hulle as 'herders en leraars' beskou, wat met behulp van die Bybel en hulle teologiese tradisies die 'regte antwoorde' op mense se probleme verskaf, sal moeilik na mense luister, en hulle daarom ook moeilik verstaan. Gewonde genesers is mense wat in die eerste plek hulle teenwoordigheid (*being*) by ander met erns bejeën, en in die twéédе plek op dít konsentreer wat hulle moet doen (*doing*)[82]. Om by ander teenwoordig te wees, impliseer dat leraars na ander

---

80 "Compassion asks us to go where it hurts, to enter into the places of pain, to share in brokenness, fear, confusion, and anguish. Compassion challenges us to cry out with those in misery, to mourn with those who are lonely, to weep with those in tears. Compassion requires us to be weak with the weak, vulnerable with the vulnerable, and powerless with the powerless. Compassion means full immersion in the condition of being human" (Nouwen, 2017:244).

81 Die navorser het reeds genoem dat hy nie by die deelnemer-predikante aan hierdie navorsing uitbranding bespeur het nie, maar wel duidelike tekens van deernis-uitputting of medelye-moegheid ("compassion fatigue") as gevolg van hulle gedurige blootstelling aan siekte, dood, droefheid en trauma. Die platteland eis dikwels dat die leraar meer blootstelling het, omdat hy of sy dikwels die rolle van huweliks- en gesinsberader, sielkundige, maatskaplike werker, arbiter, ens. moet vertolk, weens die afwesigheid van hierdie spesialiste in sy of haar gemeente-area. Die pyn word dus nooit verwys nie.

82 "Yet anyone familiar with… the Psalms will know that the time-honoured way of supporting the grieving is simply to be with a person, to cry together and not to "fix". Instead of trying to help people minimise or

sal luister, in stilte “wees”, voordat hulle iets sê of doen (Nolte & Dreyer, 2009:4). Hierin neem die leraar deel aan die bediening van dié gewonde Geneser, Jesus Christus, wat steeds op die ergste plekke van pyn te vinde is, in mistieke eenheid met Hom, sodat die fokus van teenwoordig wees nie op die leraar self val nie, maar op die teenwoordige lewende Jesus in hom of haar, maar ook in die persoon wat bedien word.

4.8.6.1 Deernis gewortel in die lewe van God

Purves (1989:12) sê dat die leraar Christelike pastorale spiritualiteit nodig het. Deernis diep gewortel in die lewe van God aan ons geopenbaar in Jesus van Nasaret – deernis openbaar die innerlike aard van God, die metgesel langs ons op ons roubankie. ’n Deernisvolle lewe is net moontlik vir ons in en deur ons verhouding met God in Christus en die gevolg van daardie verhouding met Christus. Die liefde wat ons vir ons medemens het, is die liefde wat direk van God af kom. Simone Weill (1973:150-151) beskryf hierdie liefde van God in ons:

> God is not present, even if we invoke him, where the afflicted are merely regarded as an occasion for doing good... In true love it is not we who love the inflicted in God; it is God in us who loves them. Compassion and gratitude come down from God, and when they are exchanged in a glance, God is present at the point where the eyes of those who give and those who receive meet.

Deernis is in die evangelies ’n werkwoord wat met verwysing na Jesus gebruik word en ons bediening van deernis vloei voort uit ons verhouding met Jesus Christus (Purves, 1989:16). Ons lees so dikwels van Jesus, wanneer Hy na mense kyk: “Hy het hulle (hom, haar) innig jammer gekry.. Dit is juis die deernis in Jesus se bediening wat Hom betrokke maak in ander se lewens ter wille van genesing en heling. Die Griekse term “*σπλαγχνίζομαι”* – om jou binneste in beweging of beroering te bring – word nege keer gebruik met verwysing na Jesus (Purves, 1989:18). Die Ou Testament gebruik die Hebreeuse woord “רַחֲמִים**”** (*rachamim*) om God se deernis te beskryf, wat letterlik vertaal kan word met “die gewonde baarmoeder van God”, en dui op die kragtige emosie van diepe besorgdheid oor die welsyn van sy volk (Hosea 11:8). Die “*rechem*” (baarmoeder) pyn in solidariteit met die lyding van ander is ’n “motherly feeling” (Koehler &

---

even avoid their grief, I will be trying to help them enter the depth of their crisis, and find spiritual meaning there. … the pastor will have the strength to *do* far less in relation to suffering, and *be* far more. Pastors will not give in to the temptation to fix the sufferer and will engage in a ministry that honours the sufferer” (Hamilton, 2022:3). Belangrik dat die begeleide sal beleef, in die teenwoordigheid van die leraar, dat iemand dit waag om te vertoef in die pyn en smart saam met hom of haar. Saam sal die leraar en die een in smart ontdek: Die lewende Here is net hier waar ons is.

Baumgartner, 1958:886). Die deernis van God in die Ou Testament gee ons 'n blik op die moederlike solidariteit van God met sy volk (Purves, 1989:68-69), 'n aangrypende beskrywing van God se liefde en hart.

Deernis of medelye is deel van Christus en die leraar se priesterlike bediening. In deernis kom Christelike bediening uit Jesus hart wat gewond is deur die lyding van ander, Jesus se *σπλαγχνίζομαι,* God se "gewonde baarmoeder" wat die leraar in eenheid met Hom as't ware "aan eie lyf voel". Die leraar is dan die brose *diakonos* wat op reis is met en in Christus en op hierdie manier medereisiger is met sy of haar lidmate (Purves, 1989:34). Deernis vra ons om te gaan na waar dit seermaak, in te gaan by plekke van pyn, te deel in gebrokenheid, vrees, verwarring, angs – om saam uit te roep, te rou, te huil, swak te wees saam met die swakkes, broos saam met die broses, kragteloos saam met die kragteloses – nie die bevoorregte wat afbuig na die minderbevoorregte, hoog na laag wat optrek uit mislukkings nie[83] – gaan direk na die mense en plekke waar lyding op sy ergste is en bou jou huis daar (Purves, 1989:35). Die deernis van Christus in ons en ons in Hom motiveer ons juis om saam met (in) Hom te gaan na die plekke van pyn, en saam met sy geliefdes te ontdek: Christus is nou hier in hierdie erge pyn. Ons het geen ander pad wat ons kan loop nie, as die een wat Jesus geloop het. Hy het na die plek van ergste pyn gekom, die plek waar Israel en die hele wêreld in erge nood verkeer het (Wright, 2000:126).

Phil Zylla (2017:2) beskryf deernis as "'n morele emosie maar ook patosentriese deug". Deernis sal lei tot 'n gevoel van gedeelde angs, 'n begeerte om die situasie te verander en aksies wat die oorsaak van die lyding wat waargeneem word, verlig. Zylla (2017:2) verstaan deernis soos volg:

> Firstly, compassion is a moral emotion that holds the conviction that all suffering, however small or large, deserves response and includes a desire for relief from that suffering 'for the sake of the sufferer'. Secondly, that compassion is a pathocentric virtue that evokes deep feelings of pain and distress at the pain and distress of others. Thirdly, that compassion is a dynamic process that begins with identification with the suffering of others and moves to action, sympathy, and alleviation of the causes of suffering identified. And finally, that, from a Christian

[83] Leslie Newbigin (1995:181) teken trappies wat afgaan en opgaan. Aan die onderpunt van die trappies staan die kruis ingeplant: "God exposed himself in a total vulnerability to all our purposes and in that meeting exposed us as the beloved of God… God comes to meet us at the bottom of our stairways, not at the top". Dit is die plek waar die leraar as *diakonos* gevind sal moet word, aan die onderkant van die trappies, geledig van jouself.

> theological perspective, compassion is a radical call and orientation to move into the situation of the suffering of others with active help.

Hierdie "in-beweeg" in die omstandighede van ander is *participatio Christi*, altyd saam met Hom en in Hom, ook met die verwagting om Hom te vind by die een wat ly.

Wanneer ons na Jesus kyk, sien ons God se gesig en God word verstaan as die God wat gely het (Purves, 1989:71). Ons kry 'n kykie na God se Trinitariese lewe[84] (Purves, 1989:73). Binne die Triniteit vind ons 'n besondere interaffektiwiteit, naamlik oop vir mekaar, geaffekteer deur mekaar. Deernis is deel van God se Godheid (Purves, 1989:75). God as Triniteit se lewenswyse is deernis, soos die Persone "saamleef" binne die Godheid" (Purves, 1989:78). Jesus Christus het in die dieptes van ons sonde ingegaan, deur te word soos ons, en ons in staat gestel om te word soos Hy en in deernis gaan God steeds binne-in ons gebrokenheid, om die heilige tuiste daar te maak en om ons Vriend en Metgesel te wees wat saam met ons deur die doodsvallei wandel (Purves, 1989:80) – God sit langs ons op ons roubankie.

> Thus, the compassion of Christ consists in his embracing the pain of humanity, owning it all, and from that experience of suffering being present to the pain of the world healing it and making it whole, reconciling all in himself (Agüero, 2005:38).

Deelname aan Christus se voortgesette bediening van deernis is vir ons moontlik (Purves, 1989:81) en is 'n uitdrukking van ons lewe in Christus (Purves, 1989:82).[85]

---

84 Jurgen Moltmann (2015:359) stel dit treffend: "To understand what happened between Jesus and his God and Father on the cross, it is necessary to talk in Trinitarian terms. The Son suffers dying, the Father suffers the death of the Son. The grief of the Father here is just as important as the death of the Son. The Fatherlessness of the Son is matched by the Sonlessness of the Father, and if God has constituted himself as the Father of Jesus Christ, then he also suffers the death of his Fatherhood in the death of the Son". Dit is seker die ergste denkbare pyn. "The Son who offered the perfect sacrifice of loving obedience to the Father on the cross is not the Father, but he is truly God as the Father is God. The being of God himself is involved in the suffering of history. And through the Spirit the Christian can share this suffering, knowing that in doing so he is in touch with the very being of God himself (Rom.8:18-27) (Newbigin:1995:26). Simone Weil (1973:123-124) beskryf God se smart, sy droefheid as die verskriklike afstand: "The infinite distance between God and God, this supreme tearing apart, this agony beyond all others, this marvel of love, is the crucifixion".

85 Frits de Lange en Julie Claassens (2018) begelei ons nog dieper in die belewing van deernis of medelye in die bediening in met 'n artikel wat De Lange *The Event of Compassion* noem. Deernis moet volgens De Lange (2018:2) nie beskou word as die kenmerkende deug van 'n goeie persoon, 'n individuele morele vermoë nie, maar as 'n gebeurtenis wat iemand oorkom wat hom nie van die risiko weerhou om deur die vreugde of die lyding van ander verander te word nie. Wat manifesteer in die geval van medelye, weerspieël egter die ervaring om fisies deur die ander se lyding binnegedring te word, sonder om presies te kan onderskei wat my gevoelens is en wat sy of hare is (De Lange, 2018:5). Deernis, as die vermoë om die lyding of die vreugde van die ander te "ontvang", dui op 'n oorspronklike gemeenskaplikheid wat die onderskeid tussen "Ek" en

Die probleem van lyding is dat dit ons dikwels verlam. Om saam met iemand te ly, beteken steeds om te ly. Wat keer dan dat ons gedreineer word (Purves, 1989:83)? Die leraar moet eerstens besef dat pyn deel is van die lewenservaring en ons moet versigtig wees om nie lyding van sy misterie te beroof nie. Lyding is veel meer as ŉ probleem wat opgelos moet word (Purves, 1989:85). Apatie is dikwels ŉ respons op lyding: Ons instink is om lyding te vermy, want dit herinner ons aan ons eie broosheid en tydelikheid en daarom kan apatie ŉ buffer, wat die denke verdoof, die psige bevries en selfs psigologiese selfbeskerming wees vir die leraar wat te veel met lyding te doen kry[86] (Purves, 1989:86).

Die leraar as mistagoog kan baie help om woorde te gee aan mense se lyding. Die taal van lyding is die taal van klaag, huil, pyn, woorde en taal wat die situasie beskryf en lyding artikuleer, die pyn by die naam noem en dit eien. Klaag was in Bybelse tye ŉ handeling van die gemeenskap. Toe mense geween het, was dit saam met vriende wat ingaan in die eensaamheid en alleenheid van

---

"Jy/U" voorafgaan (De Lange, 2018:6). Medelye skep 'n "ons" wat die "ek" voorafgaan. Die lyding van die ander kom bewoon die mens se innerlikheid (De Lange 2018:7 vry vertaal deur outeur). Met verwysing na die deernis en medelye van die barmhartige Samaritaan kom hy tot die gevolgtrekking: “Therefore the essential question in literary hermeneutics is not “what does the story mean?” but: “what happened to the reader after reading it?” (De Lange, 2018:10)... Jesus does not go along with the lawyer, who was asking for a discourse in which he, as an ethical subject, could stay unaltered, by putting forward the question who his neighbor is. He did not want to be changed; he only wanted to be informed. The transforming power of Jesus’ appeal to him lies in the invitation to submit himself to the story; to let himself be invaded by the story (De Lange 2018:11). Die gelykenis vra ons steeds om saam met al vier karakters te reis, die een na die ander: slagoffer, onverskillige verbygangers, vrygewige helper. Ons is nooit net die persoon wat ons dink ons is nie. Ons kan maklik verander in iemand wat ons nog nooit gedink het om te wees nie en dit is wie ons is (De Lange, 2018:16).

[86] Daniël Louw (2021) spreek sy sorg uit oor apatie by mense wat ander moet versorg as gevolg van te veel blootstelling aan trauma en lyding. Deur die jare is min aandag aan 'n praktiese teologie van deernis gegee. Hoe moet 'n teologie van deernis en die *praxis* van pastorale versorging dan reageer op hierdie baie uitdagende verskynsels van apatie, onverskilligheid, luiheid en lewensmoegheid? (Louw 2021:1). Antipatie word 'n uiterste wyse van apatie, naamlik 'n weerstand teen alle vorme van patos met die neiging om te onttrek en om doelbewus die gebied van vriendelikheid, liefdadigheid en gemak te vermy, die subtiele kuns van "*ek voel vere*" (outeur se vertaling) (Louw, 2021:2-3). Apatiese onverskilligheid en koel reaksie binne die onbeskofte vermomming van *ek voel vere*, kan dus beskryf word as 'n manier van oorlewing (Louw, 2021:7). In die pastorale bediening word lewensmoegheid tans "deernis of medelye-moegheid" (uitputting) genoem – die koste van omgee. Versorgers begin ly aan 'n oormatige blootstelling aan trauma. Hulle raak emosioneel getraumatiseerd deur lydende mense op die pad van leed te help. Deernis-moegheid beskryf dan 'n soort geestelike uitputting, die versperring veroorsaak deur uitgeputte hoop; dit gaan oor 'n soort normale erkenning van persoonlike beperking, hulpeloosheid en hopeloosheid binne die milieu van toewyding, motivering en betekenis. Deernis-moegheid, uitbranding en plaasvervangende lyding het gemeen dat hulle almal verband hou met die affektiewe komponent van omgee en verteenwoordig 'n apatiese houding teenoor omgee-verhoudings. Medelye moet dus geïnterpreteer word in terme van die plaasvervangende lyding van Christus ten einde bedienings-luiheid en 'n apatiese houding wat tot onverskilligheid en die trauma van deernis-moegheid lei, te oorkom (Louw, 2021:12). Deernis in pastorale teologie beskryf 'n nuwe standpunt in die lewe en nuwe manier van wees, wees-met (solidariteit, kameraadskap en vriendskap); wees vir (intimiteit en toewyding), en om in die plek van (transformerende uitruil) te wees (Louw, 2021:14).

hulle wat ly, gedeelde pyn (Purves, 1989:90)[87]. ’n Leraar is nie ’n dokter wie se hooftaak dit is om pyn weg te neem nie. Hy of sy verdiep eerder die pyn tot die vlak waar dit gedeel kan word (Purves, 1989:91), maar telkens met die versekering dat Christus en die leraar in Christus saam in hierdie dieper pyn is wat toegeëien word terwyl ons op Jesus se genesing en heling wag.

Purves vra die vraag: Is deernis beperk? Tot hoeveel deernis is ons in staat? (Purves, 1989:92). Met verwysing na die Barmhartige Samaritaan (Purves, 1989:93) sê Purves dat, as die bedienaar elke gewonde optel, hy binnekort uitgeput, kwaad, ontnugter en vol wanhoop en uitgebrand sal wees (Purves, 1989:94). As hy nie elkeen optel nie, is daar skuldgevoelens wat die bediening verlam[88]. Slegs omdat ons opgeneem is in Christus deur Christus wat ons eie gewonde menslikheid op Hom geneem het, verseël deur ons doop, is ons in staat om deel te neem aan sy

---

87 Prof. Jannie Hunter (vertaler van die boek *Klaagliedere* in die 2020 Afrikaanse vertaling van die Bybel) voltooi in 2014 die opdrag om ‘n kommentaar in Afrikaans te skryf oor *Klaagliedere*, wat om een of ander duistere rede nooit gepubliseer is nie. Met sy toestemming verwys die navorser na sy ongepubliseerde kommentaar, juis om lig te laat val op die gemeenskaplike lyding van God se volk. *Klaagliedere* is in ’n poëtiese struktuur geskryf en is natuurlik ook ’n klaaglied, wat bedoel is om as Gemeente gesing te word. Die Hebreeuse titel is egter anders en kom vanaf die Septuagint en die Vulgaat en beteken eintlik net “Trane”. In die huidige teks van die Hebreeuse Ou Testament word die boek eenvoudig na sy eerste woord genoem, wat gewoon “Ag” beteken (Hunter, 2014:2). Die meeste verse in die boek was in die destyds-verstaande ritme van ‘n klaaglied. Dit was normaalweg ’n 3 + 2 ritme wat meesal in klaagliedere voorgekom het (Hunter, 2014:3). Die rede vir die skryf van *Klaagliedere* was die val van Jerusalem in 587vC (Hunter, 2014:4). Die teks is dus ’n refleksie op die haglike en verwoeste toestande waarin die stad en sy mense hul bevind het nadat oorlog die finale verwoesting van die stad gebring het. Wat van belang is, is dat die digters die beskrywing sodanig gedoen het dat daar geen twyfel binne hulle geloofsdenke kon bestaan dat die Here, aan wie die finale pleidooi tot hulp gedoen word, op hulle hulpgeroep sou reageer tot redding van die stad nie (Hunter, 2014:5). Die *Klaagliedere* het daartoe bygedra om die pyn te verwoord en met mekaar te deel, maar ook om mekaar op hierdie wyse daaraan te herinner dat God getrou is aan sy verbond en weer soos in die destydse Egipte na hulle geklaag sal luister en uitkoms gee. Die Klaaglied het dus nie in die pyn gebly nie maar voortbeweeg na hoop.

88 Daniël Louw (2015) skryf oor “Compassion Fatigue”, wat die navorser vertaal met “deernis-uitputting” of “medelye-moegheid”, wat op sy beurt verskil van uitbranding, in dié sin dat uitbranding eerder verwys na moegheid in terme van professionele identiteit en die oorweldigende gevoel van onbevoegdheid terwyl deernis uitputting verwys na moegheid in terme van aktiwiteit en hoeveelheid. “Professionals suffering from burnout tend to become less empathetic and more withdrawn and end up considering a change of profession and the option of quitting. In the case of compassion fatigue, the tendency is to continue to give oneself fully to the patient or traumatised persons, with an awareness of how difficult it is to maintain a healthy balance of empathy, engagement and objectivity” (Louw, 2015:1). In die geval van die deelnemers aan hierdie navorsing, is daar nie veel van uitbranding sprake nie, maar deernis-uitputting is tog hoorbaar by hulle. Die vraag wat Purves stel: “Tot hoeveel deernis is ons in staat?”, is baie aktueel in die geval van die predikante in die Ring van Clanwilliam. Hulle is lief vir hulle roeping, en hunker daarna om elkeen langs die pad op te tel, en loop ook maar met die skuldgevoelens omdat hulle dikwels nie die pad end-uit kan loop met so veel wat langs die pad lê nie en onmoontlik nie by almal kon uitkom nie. Om dit met mekaar te deel, het hulle reeds verligting ervaar.

voortgaande lewe vir die wêreld (Purves, 1989:95). Ons lewe in Christus en die werk van bediening kan nie van mekaar geskei word nie – spiritualiteit en bediening hoort saam.

4.8.6.2 Die her-toe-eiening van Gereformeerde spiritualiteit

Gereformeerde spiritualiteit sluit in dat ons onsself dag-vir-dag voor God plaas, dat ons tuis kan kom in onsself deur ons ware mens-wees te aanvaar. Eers dan kan die leraar as mens waarlik ook as medereisende mistagoog tuis kom langs hulle wat die deernis van Christus so nodig het. Die spiritualiteit van die predikant is sy of haar spontane aksie en reaksie op die belewing van ons mistieke eenheid met Christus, en die verlange na die verdieping van hierdie verhouding, tot eer van God en die voordeel van die leraar en die lidmate wat hy of sy bedien. Die geestelike dissiplines help ons om onsself voor God te plaas en verdiep ons verhouding waardeur ons in staat gestel word om voller en getrouer deel te neem aan God se lewe (Purves, 1989:116).

Deernis is ‘n werkwoord. Dit is “hands-on” met intimiteit, solidariteit en indien moontlik onmiddellikheid. Professionele afstand is taboe. Deernis is teenwoordig en betrokke, maak kontak, dit raak aan[89], dit is die bediening van verhouding, waarin die leraar reisgenoot is en in deernis die pad saamloop met ander deur hulle lyding, saam met hulle in die misterie van lyding (Purves, 1989:128). Mense word begelei na Christus, waar hulle kan “proe en sien” dat die Here

[89] John DelHouseaye (2019:1), professor in Nuwe Testament en Spirituele Vorming aan die Arizona Seminarium, lewer ‘n referaat by die71ste “Evangelical Theological Society” byeenkoms in San Diego oor die waarde van aanraking in die pastorale ontmoeting. “Jesus ministered in what may be called a ‘low-contact’ culture, but makes a point of touching people. A leper, a menstruating woman, a corpse—all were identified as unclean in the Mosaic Law and avoided by the scrupulous, but Jesus touches or is touched by them all. The Incarnation changed how God saves people: touch is now a constituent of healing. God cured Miriam and Naaman from leprosy through Moses and Elisha respectively, but neither touches the patient”. Hierdie kulturele agtergrond kan die desperaatheid van siekes vir aanraking in die evangelies verklaar. Volgens die hoof van die sinagoge, Jaïrus, moet Jesus sy sterwende dogter aanraak (Markus 5:23); 'n bloeiende vrou moet aan sy klere raak (vv. 27, 30, 31). Hierdie vergrype oorweldig Jesus. 'n Vrou wat haar hare in die openbaar losmaak, sou as eroties beskou word, wat die toneel skandalig gemaak het. Sy raak nie aan Jesus om genees te word nie, maar om liefde en dankbaarheid uit te spreek dat sy vergewe is (Lukas 7:36vv). Jesus omhels die kindertjies (Markus 10:13-16). Jesus se omhelsing kan gesien word as 'n aanneemlike omhelsing, 'n aanname van 'n ouerlike rol. Sy daaropvolgende seën dui daarop dat hy die kinders aangeneem het om 'n erfenis aan hulle oor te dra voordat hy sterf, en op hierdie manier hulle te 'red' (DelHouseaye, 2019:5). “Following Jesus, our intention for touch should be compassion, a desire for the recipient’s wellbeing. We should also explain that our external touch is mysteriously related to God’s internal Trinitarian touch” (DelHouseaye, 2019:9). ’n Voorbeeld uit die kerk se geskiedenis is Franciskus van Assisi (1181-1226) wat lief was om oral aalmoese uit te deel. Een dag het hy aalmoese aan ’n melaatse uitgedeel, en terwyl hy dit gee, en die melaatse sy misvormde hande uitsteek om dit te ontvang, het Franciskus sy afkeur onderdruk, die melaatse se hand geneem en dit gesoen. Die melaatse het toe met sy gesig nader gekom en Franciskus die vrede-soen gegee. Toe het iets in Franciskus se binneste gebreek (Ghezi, 2002:119).

goed is. Deernis is die bediening van Jesus Christus waardeur Hy persoonlik ingaan in iemand anders se gebrokenheid in (Purves, 1989:130). Die leraar se deernisvolle bediening is *participatio Christi*-bediening, in mistieke eenheid met die lewende Jesus, waar hy of sy saam met Hom ingaan en vertoef in sy mense se ergste pyn. Sonder Jesus kan ons niks doen nie en sal ons waarskynlik ook "aan die ander kant" verbygaan (Lukas 10:31,32). Alles verander wanneer die leraar na die ellende van mense toe beweeg, en verwag om die lewende Jesus daar te vind, reeds besig om sy medelye, deernis en Homself aan die geliefdes te offer. Om in mistieke eenheid met Christus as medereisende mistagoog by mense op te daag, haal die swaar las van die leraar se skouer af om iets te probeer doen om dinge reg of beter te maak. Hy of sy mag nou maar net "wees".

Agüero (2005:42) beskryf hoe sy intimiteit met sy God sy verhouding met ander wysig: "Wanneer ek die moed het om alleen en oplettend te wees vir God se teenwoordigheid in my, besef ek dat ek meer eerbiedig en sagter word in my verhouding met ander, beide in my geloofsgemeenskap en in my bediening. Dit is daar, in daardie sentrum waar ek alleen met die Geliefde is dat die transformasie van my hart en siel plaasvind. Ek word herskep en vernuwe na die beeld van God, en so word ek meer soos Jesus: liefdevol en deernisvol (Kol 3:10) (outeur se vrye vertaling).

> However, I am very much aware that this contemplative attitude requires discipline and determination. I know that resistance to this intimacy with God shows up quite often in me in many different ways: I become busy in many important things and disregard my daily personal prayer; I pretend to be doing centering prayer when in fact I am just wandering from one thought to another without being open to God's presence in me; I become self-absorbed, worried and get caught in my own limitations and insecurities… The result of this off-centeredness has immediate repercussion in my competitive ministry: I get impatient, manipulative, and my need to be recognized and appreciated for what I do affects my attentiveness to the mystery and uniqueness of others. The most important principle of spiritual life is Indwelling of the Most Holy Trinity where God's own life is the doctrine of the Divine communicated to us. Through the incarnation God becomes involved in creation. Jesus Christ is the full manifestation of God's love. The unconditional love that exists in the Trinity invites us to participate in its stream towards total self-surrender and total self-giving. Opening our hearts to the fullness of God's presence within us, brings us to share in the dynamic of the Paschal mystery; Christ's passion, death and resurrection are assimilated into our life by the gift of the Holy Spirit.

> Silence, solitude, and prayer become a source of compassion and move us to action (Agüero, 2005:42-43).

Dit verdien gemeld te word dat deernis, meegevoel en empatie nie beperk is tot lyding nie. Ook die vreugdes van die mense in die gemeente, die trane van blydskap, die suksesse en hoogtepunte in hulle lewe word deur die leraars saam met hulle lidmate geniet, wat daarom beteken dat ons as mistagoog ook langs hulle op hulle "vreugde-bankies" sal plek inneem en daar vertoef. As ons konsekwent "in Jesus" bedien, gaan Hy ons ook lei na die troue in Kana om te deel in sy vreugde. Dit is die heerlike van die bediening, dat ons saam met Jesus, met sy geliefdes Saterdag gebroke by die graf kan staan en ons Sondag opreg kan verbly saam met die gesin wat hulle nuwe klein liefde glimlaggend doopvont toe bring en in God se omhelsing kom plaas.

4.9 DIE PREDIKANT AS MEDEREISENDE MISTAGOOG[90]

> The more ministering people know about the ways of God with individuals, the better they will be able to teach, preach, visit the sick, prepare liturgical music, and do other ministries so that these ministries attain their ultimate purpose – to help people meet the living God (Barry & Connolly 2009: 43).

Die navorser sien mistagogie as 'n sambreel-term vir die bediening wat die leraar van die lewende Christus ontvang, vanuit sy of haar mistieke eenheid met Hom, as medereisiger van Christus en sy geliefdes in die gemeente deur hom of haar bedien. In die mistagogie bly die leraar deelnemer aan alles wat die verrese Jesus tans deur sy Gees doen, of dit nou in die erediens, by die doop of nagmaal, op huisbesoek, by die siek- of sterfbed, of die huwelik of kategese, of selfs die kerkraadsvergaderings is. As mistagoog begelei die leraar die mense saam met wie hy of sy op reis is, om God in alles raak te sien en te dien en ook bewus te word van die trinitariese *perichoresis*, as ons deelname aan die lewe en heilige dans van die Drie-eenheid.

---

90 Wanneer ons oor die mistagoog en mistagogie praat, is ons so bevoorreg om in eie geledere vir prof. P.G.R. de Villiers, buitengewone professor aan die Universiteit van die Vrystaat, te mag raadpleeg, wat ingegrawe is in mistiek, spiritualiteit en die daaruit-voortvloeiende bediening van mistagogie van die leraar wat in mistieke eenheid met die lewende Christus lewe en bedien. Die navorser steun daarom swaar op die insigte wat hy ontvang van De Villiers, wat reeds sedert 1976 'n enorme positiewe rol gespeel het in sy teologiese en spirituele vorming, en hom dikwels as student die "goed-genoeg-gevoel" gegee het, waarvoor die dank, waardering en eer nie in genoeg woorde uitgespreek kan word nie, en selfs van sy studente en medewerkers. De Villiers is benewens dosent in teologie en spiritualiteit, ook 'n geordende van die NG Kerk en die eerste Afrikaanssprekende wat die woorde "mistagoog" en "mistagogie" 'n tuiste in die Afrikaanse taal gegee het. In 2010, veral in sy blog-pos, lewer hy 'n waardevolle bydrae ten opsigte van die mistagogie, en plaas dit midde-in die bediening.

Mistagogie bestaan uit twee woorde (mistiek en *agein*) wat beteken dat ’n mens in die "verborge" "begelei" of eintlik "ingelei" word. Μυσταγωγία was telkens met μυστήριον, μυστικός en μυστής verbind en het daarom die betekenis gekry van “inwyding in die misterie” (Viljoen, 2017:121). Die mistagoog tree na vore en stap ’n pastorale pad van verligting saam (De Villiers, 3 Junie 2010e). Die leraar as mistagoog, in mistieke eenheid met die lewende teenwoordige Jesus, lê saam met God se mense die geestelike reis af. Ons besef dat Hy die eintlike “Reisgenoot” is en ons as leraars bloot nader kom en saam met Jesus en sy geliefdes loop (Lukas 24:15). In ons geval as mistagoog, fokus ons op die “oë wat verhinder is om Hom te herken” (vers 16).

Wanneer ons praat van “mistagogie” as die pastorale proses, is dit een en dieselfde handeling as dit wat deur ander, soos byvoorbeeld Eugene Peterson, “spirituele begeleiding” (“spiritual direction”) genoem word. ’n Mens sou met Peterson (1992:188) kon saamstem dat die woord “*anam cara*” wat deur die Kelte gebruik word vir die spirituele begeleier, veel meer sê oor die wese van spirituele begeleiding. Dit beteken “soul friend”. Die leraar neem maar net deel aan die werk wat God doen. As “begeleier” neem ons nie beheer oor nie, ons wys nie die pad aan nie. Ons is stil, sag, uit die pad, onbelangrik en ons beïnvloed nie. Ons soek na God in die ander. Peterson (1992:191) praat van die “language of communion”, eerder as “communication”. Die *anam cara* is God se gawe. Vriendskap is in God se natuur. God as Triniteit is die duidelikste beeld van die intimiteit en ewige ineenvloei van vriendskap. Jesus noem sy dissipels vriende in Johannes 15. Jesus is ook die *anam cara* van elke dissipel wat Hom volg. Ons vriendskap met Hom trek ons in die liefdesverhouding van die Triniteit in. In die omhelsing van hierdie ewige vriendskap is ons vry (O’Donohue, 2004:15), en tog is die leraar veel meer as ’n sielsvriend vir die lidmate. Dit is vanselfsprekend dat die lidmate soveel vertroue in hulle leraar sal hê soos in ’n beste vriend, en soveel lidmate sal van hulle leraar praat as hulle beste vriend, maar om die lidmate se mistagoog te wees, is ’n veel nader verhouding nog as dié van vriend.

4.9.1 Die wese van die leraar as medereisende mistagoog

In ’n baie breë sin van die woord sou ’n mens kon sê die mistagoog is iemand wat ’n bepaalde ervaring wat plaasgevind het, deursigtig maak. In die mistagogie gaan dit om ’n geloofsproses: deur ervaring ontdek die mens hoe God toelaat dat die mensdom God beleef en hoe ons ervaring eintlik gaan om ons verlossing[91].

[91] “In de mystagogie gaat het vooral om concrete hulp bij het gaan van de spirituele weg: de pastor is de ander behulpzaam bij het zoeken en vinden van de ervaring van Gods oneindige nabijheid” (Douma, 2002:5).

Die leraar as medereisende mistagoog beleef die groot avontuur om saam met iemand oop te wees en blootgestel te wees daaraan om God se verborge werking raak te sien in hul lewe, om die Onbegryplike as 'n teenwoordige werklikheid te ervaar, om mense te begelei tot persoonlike ervaring met God wat wel verborge is, maar tog in die alledaagse lewe herken kan word (Viljoen, 2017:122)[92]. Dit is werklik 'n reis, soekende, tastende, vraende, na God se verborge saam-wees te midde van die woelighede van onsekerheid en pyn[93], 'n mistieke perspektief! Die sleepvoetende huisbesoek en pastorale werk word nou 'n soektog, 'n herkenningstog na waar om die verborge wysheid, die verkwikkende teenwoordigheid van God raak te sien. "Die mistagoog is daarom die oratiewe sielsvriend – gedurig besig om na God te vra"[94] (De Villiers, 3 Junie 2010e).

4.9.2 Kitsantwoorde in mistagogie

Wanneer die leraar in persoonlike kontak met God se mense kom, bestaan die versoeking om sake vinnig en maklik af te handel, om die indruk te laat dat jy as leraar die kennis in pag het en die antwoord het op alle vrae wat in hulle harte broei. De Villiers (14 Junie 2010h) vra: "Kan 'n mens oorywerig wees in die geestelike begeleiding van ander? As mense na jou opsien, as jy in 'n posisie van vertroue is, kan 'n mens jou vinnig in 'n kultuur van "die wyse mens" verloor en dan die mooi rol van die wyse een wil speel. Dan is jy die "raadgewer" wat links en regs vir mense die rigting aanwys. Dan weet jy dikwels sommer na die eerste paar minute al hoe om die situasie op te som en waarop dit afstuur. Jy stap in by die hospitaalkamer en vertel vir die een wat siek is sommer so maklik 'n mens verstaan nie nou nie – jy sal eendag wel verstaan. Of jy laat hoor vir die ouers wat 'n kind verloor het, heel eenvoudig dat 'n mens die Here moet vertrou – die Here weet dan altyd die beste. Of jy spoor mense aan om maar net te glo en alles sal regkom. Ons het sulke bruuske oplossings: "Moenie jouself te ernstig opneem nie, hoor." "Ander mense sit met dieselfde probleem. Wees dankbaar dat jy ten minste nie so sleg af is soos hulle wat swaarder ly nie." Dit glip so maklik uit ons mond - en dan skud ons hulle hand, klop hulle op die skouer en

---

92 Gordon Smith (2014:9) som die medereis van die mistagoog so op: "A spiritual director offers spiritual guidance and companionship to help us make sense of our faith journey, interpret with us the significant markers on the road, and encourage us, particularly through the more difficult transitions and valleys of our pilgrimage. Most of all, a spiritual director helps us make sense of the witness of the Spirit—assisting us to respond well to the question, How is God present to me and how is God, through the ministry of the Spirit, at work in my life?"

93 Hier het mistagogie ten doel om iemand te begelei om 'n bepaalde ervaring in die lig van die verborge teenwoordigheid van die Misterie, naamlik God, te interpreteer. Wat dus met mistagogie gebeur, is dat daar 'n uitklaring plaasvind van wat daar in 'n spesifieke persoon se geestelike reis aan die gang is (Viljoen, 2017:122).

94 Peterson (1987:161) meen juis dat ons weet dat dit makliker is om mense te vertel wat om te doen, eerder as om tyd te maak om met hulle te wees as onderskeidende biddende metgesel terwyl hulle self hulle lewe uitwerk. Ons primêre oriëntasie is gerig op God terwyl ons saam op soek is na sy genade.

stuur hulle weg om hul paadjie te loop. In ons kassie vol raad het ons ‘n hele klomp kitsantwoorde wat ons oor die jare opgepot het en op mense afgelaai het. Ons is oorywerig om vinnig en helder klinkklare “antwoorde” te verskaf (De Villiers, 14 Junie 2010h) en ons is dan in beheer van sake.

Twee noodsaaklike voorvereistes vir begeleiding is juis wat Peterson noem “unknowing” en “uncaring” (Peterson, 1992:186). Dit is nie so maklik nie, want mense kom dikwels na jou toe en die gemeente verwag van jou as predikant om te weet en om te gee. Die leraar as mistagoog se taak is om met verstand, hart, intuïsie, ore, oë en aanvoeling te luister. Al neem dit ook hoe lank. Die houding is: Ek weet nie. “Iemand het gesê: Die taak van die begeleier is “to show up and shut up” (Nicol, 2010:29). Margaret Guenther vertel hoe sy, wanneer sy besig is met spirituele begeleiding, gedurig soos volg bid:

> Dear God, help me to pay attention! Dear God, help me to keep my mouth shut! Dear God, let me put myself out of the way! Dear God, let me be wholly present to this person, your child (Guenther, 1992:18).

Met “uncaring” bedoel ons dat die een wat by jou is, toegelaat moet word om te worstel. Ons wil so graag troos, red, wys ons gee om, die hand uitsteek, vinnige antwoorde gee, maar dit is uiteindelik in die worsteling dat ons ontdek ons God is by ons. Die leraar is net ondersteunend teenwoordig en vertrou die proses waarmee God en die een by jou op pad is (Nicol, 2010:30).

Die mistagoog sal dikwels swyg eerder as om te praat en dikwels eers met God praat voordat die antwoorde en reaksies te maklik opgeklits word. Paulus skryf in Kolossense 3:3 dat ons lewe verborge is in God. As ons lewe dus verborge is by God, is die lewensdinge nie altyd so klaarhelder op te som soos wat ons dink nie. Daarom moet ons dikwels lank by God vertoef voordat ons iets van die lewe begin begryp en ’n liggie op ons donker geestelike reis begin val. Iemand wat ander wil bedien, wil ondersteun, wil raad gee, moet leef uit ’n lewegewende verhouding met God. Hoe kan ons God se verborge wil saam met ander soek as ons nie naby aan God leef nie? Die mistagoog is gedurigdeur bewus van sy of haar totale afhanklikheid van God, ’n kontemplatiewe persoon wat sy of haar hart instel op God elke keer as hy of sy ’n pad met mens stap. Hoe nader ‘n mens aan God leef, hoe nader kan ’n mens by iemand kom wat in lewensnood verkeer en om hulp vra (De Villiers, 14 Junie 2010h).

In die mistagogie gaan dit nie om hulp uit te deel nie. Dit gaan om in God se teenwoordigheid te leef – voor ’n mens die reis van ander met hulle deel, terwyl ’n mens die reis met hulle loop en veral ook as ’n mens hulle in jou gebede by God onthou vir die reis wat hulle sonder jou loop. Die mistagoog is ’n geestelike mens, ingestel op God se Gees (De Villiers, 14 Junie 2010h).

Deurslaggewend vir die leraar is om innerlik betrokke te voel by wat mense gesels en bedink oor die geestelike weg[95]. 'n Mens kan baie oor God se liefde praat sonder om God se liefde te ervaar. Die leraar het te doen met die baie persoonlike mistieke begeleiding waar iemand se lewe as 'n geestelike reis uitgeklaar word. Mense praat oor hoe hulle God se werking in hul eie lewe kan onderskei. Hoe kies 'n mens op jou geestelike weg die regte rigting? Hoe ontdek 'n mens situasies in jou lewe dat jy God se teenwoordigheid daarin kan herken? Hoe leer 'n mens om moontlikhede vir geestelike groei vanuit 'n goddelike perspektief raak te sien? Hoe dink ek na oor geestelike ervaringe wat ek gehad het? Hoe leer ek om myself te verstaan in verhouding tot die verborgenheid van God? Hier is 'n mens in die sfeer van die kontemplatiewe[96] (De Villiers, 14 Junie 2010h).

4.9.3 Die sentrale fokus van mistagogie

De Villiers (12 Junie 2010g) sien die sentrale fokus in die mistagogie soos volg: Dit gaan om na die Woord van God te luister: nie net na die uiterlike woorde nie, maar ook na die innerlike woord in 'n mens se hart. Dit gaan om 'n ruimte vir die Heilige Gees waarin 'n mens kan leef en werk, om God se Woord in die daaglikse lewe en hoe om gelowig daarop te reageer, om 'n mens se verhouding tot God te laat groei, te laat verdiep en intenser te laat word, om die teenwoordigheid en werking van God se liefde in iemand se lewe en om 'n mens se daaglikse ervaringe te verbind met geloof. Dit gaan oor die geloofsonderskeiding waarin ons beleef dat God ons in liefde aanraak.

> In all fruitful discernment, the prime mover is God. Discernment begins, progresses, and concludes with trust in the boundless love of God for both director and discerner (Gallagher, 2017:9).

Barry en Connolly (2009:5) stel dit so: "Spiritual direction is concerned with helping a person directly with his or her relationship with God". Die onderliggende vrae is: Wie is God vir my en wie is ek vir God? Die spirituele begeleier help die ander om direk met God te praat en na God se kommunikasie te luister. Dit gaan primêr oor die begeleide se verhouding met God. Die begeleier

---

95 Henri Nouwen (1994:37) praat van die leraar as die artikuleerder van innerlike gebeure. Aangesien die God "daarbuite" of "iewers daarbo" (deïstiese god) min of meer verdwyn tussen die baie sekulêre strukture, vra die God "binne" aandag soos nog nooit tevore nie. Hiervoor is 'n mistagoog nodig. Die leraar kan sy of haar eie geartikuleerde geloof beskikbaar stel vir hulle wat ons hulp nodig het om die werk en teenwoordigheid van God in hulleself raak te sien (Nouwen, 1994:39).

96 Kenmerkend van 'n spirituele begeleier is dat hy 'n kontemplatiewe mens is. As iemand in God saam met die begeleide in God sien hy ook hierdie sessie van spirituele begeleiding as in God en is gedurig op soek na die bevestiging van God se teenwoordigheid terwyl Hy besig is om Homself aan die begeleide te gee (Moon & Benner, 2004:105).

kan nie die verhouding skep of tot stand bring nie, maar net help kultiveer en koester. Die hoogtepunt van hierdie verhouding is die wete dat die begeleide God liefhet en God vir hom/haar. De Villiers (12 Junie 2010g) meen ook dat mense baie waarde heg aan Bybellees, gebed, stilte en afsondering om meer helderheid te vind in hul verhouding tot God. Dieselfde geestelike oefeninge kan ook in die mistagogie gebruik word[97]. Wanneer ’n mens met iemand oor sy of haar verhouding met God gaan praat, maak dit sin om eers in gebed stil te raak. Net so kan ’n mens ’n geestelike gesprek met gebed eindig. Geestelike begeleiding hoef nie altyd uit ’n gepratery te bestaan nie. Soms kan die gespreksgenote sinvol in stilte bymekaar wees, of eers ’n gedeelte uit die Bybel saamlees. Die soeker verlang om God te hoor, om na God te luister, om God te volg en om God in liefde te dien. Dit is die kern van mistagogie (De Villiers, 12 Junie 2010g). Wanneer ’n mens met ’n kontemplatiewe houding na die Skrif gaan, laat jy die Skrif “homself” wees, luister daarna en vra dat God self openbaar terwyl ons luister, om uit te kom by ’n innerlike kennis van ons God (Barry & Connolly, 2009:57).

4.9.4 Heilige luister

Mistagogie betrek beide die leraar en die begeleide. Vir albei gaan hulle gesprek om ’n verhouding met God - dit is in die eerste plek 'n geestelike ontmoeting, verenig met Hom en mekaar as kinders van dieselfde God, geestelike broers en susters wat verbind is aan dieselfde Here. Dit is die ander hermeneutiese perspektief wat die leraar voor oë hou. Die begeleier en die begeleide mens is op mekaar ingestel en put uit hul ervaringe om met mekaar te kommunikeer. Die een het nie 'n houvas op die ander een nie. Hulle gee hulleself vir mekaar en die lewende Here. Mens kan nooit die uiteinde van so ’n geestelike begeleidingsproses vooruit bepaal nie. In dié sin is die gesprek altyd oop en word dit deur die gang van sake bepaal. Die begeleiding bestaan naamlik uit ’n “heilige” luister, soos Margaret Guenther in 1992 met haar boek “*Holy Listening, The Art of Spiritual Direction*” die proses van mistagogie genoem het. Die mistagoog hoor wat vir hom of haar gesê word, maar daar moet ook dieper geluister word na wat God vir die geestelike reis van die begeleide wil sê. Die een wat sy hart uitstort aan die ander moet bereid wees om dan te luister wat die begeleier vir hom of haar antwoord, en hy of sy moet ook bereid wees om te luister wat God in daardie woorde vir hom of haar meedeel (De Villiers, 17 Junie 2010j). “A spiritual director

---

97 “…mystagogie mag niet blijven steken in een reflexief bewustzijn van het geheimenis, maar moet concreet gestalte krijgen in het aanreiken en helpen praktiseren van spirituele oefeningen die helpen dat geheimenis te beleven… Dat zijn oefeningen die als doel hebben: de ervaring van God, van zijn nabijheid, van zijn aanspraak. Het bereiken van dat doel is niet maakbaar. Maar wel zijn zulke oefeningen wegen waarop we verwachten mogen dat God ons tegemoet komt” (Douma, 2002:5).

is not so much a mentor offering us a skill, but rather a co-listener, attending with us to the particular and immediate agenda of the Spirit in our lives" (Smith, 2014:22). Stil oomblikke in die proses word al minder ongemaklike oomblikke, en eerder biddende oomblikke wat mistagoog en begeleide se harte rig op God. Dit verlig ook die druk wat daar dalk op die leraar mag wees om "uitkoms te gee". Barry en Connolly (2009:48) vat die eintlike "werk" van die mistagoog so saam:

> (1) empathetic listening, (2) paying attention, (3) affirming, (4) assisting in clarification, (5) raising questions when the directee wants them, and (6) helping the directee to recognize the affective attitudes that influence his or her attitude to God.

Die mistagoog help die begeleide om aandag te gee aan ons self-openbarende God en die begeleide se reaksie op hierdie God en kan die begeleide met kontemplatiewe gebed en ander vorme van gebed help om sy of haar aandag te vestig op dit wat hulle rondom hulle sien en hoor. Hierdie kyk en luister is klaar 'n vorm van kontemplasie. Een van die belangrikste voordele wat 'n mistagoog kan toevoeg tot die lewe van sy kontemplatiewe medereisiger is om hom te help om sy hele bestaan so ver as moontlik op 'n eenvoudige natuurlike en gewone vlak te herintegreer dat die lidmaat volkome mens kan wees. Op hierdie wyse kan die Gees van God in hom of haar werk dat hy sy of sy haar kindskap van God volkome kan beleef (Merton, 1987:45). Die mistagoog hou in gedagte dat die fokuspunt God se ontmoeting met die begeleide is en nie een of ander vooraf uitgewerkte plan, agenda of program van die leraar nie[98].

Die mistagoog moet self ook luister. Jean Stairs (2000:15) vestig ons aandag op "heilige luister" in haar boek "*Listening for the Soul*": "It is about letting our ears be awake and attentive to the voices of yearning, weariness, and supplication in the form of words, holy screams for new life, or sighs too deep for words". Jy kyk met nuwe oë na die probleme waarmee mense worstel, en soms

---

98 In mistagogie is daar drie belangrike rolspelers: die persoon wat op sy of haar geestelike weg begeleiding ontvang, die mistagoog as begeleier en God wat in die sentrum staan. Vir beide die mistagoog en die begeleide is hulle verhouding met God sentraal in die proses van mistagogie. Ten opsigte van hulle rolle as begeleier en begeleide is daar sekere verwagtinge waaraan die mistagoog en die begeleide moet voldoen. Om sinvol begeleiding te gee, is dit vir die mistagoog noodsaaklik om kennis te dra van die aard van die geestelike weg. Insig ten opsigte van die oorgang van menslike aktiwiteit na God se werking op die geestelike weg is eweneens essensieel. Verder moet die mistagoog kan onderskei waar die begeleide hom of haar op die geestelike weg bevind en of daar werklike vordering gemaak word, al dan nie. Persoonlike ondervinding van die geestelike weg, tesame met empatiese begrip vir die begeleide persoon se ervaring, is ook van groot belang. Wat die begeleide betref, moet hy of sy die mistagogiese proses allereers vrywillig betree. Dan moet hy of sy ook bereid wees om hom- of haarself oop te stel om in die proses aangespreek te raak. 'n Belangrike uitkoms van die mistagogiese proses is dat daar geestelike transformasie plaasvind, maar dit is in God se hande, nie die leraar s'n nie. Mistagogie veronderstel onsekerheid wat die soek na uitweg vra (Viljoen, 2017:122-123).

gebeur dit dat jy met nuwe oë na God kyk as jy eers in mense se geestelike reis ingetrek is. As jy voorheen maklik vinger gewys het, word jy dalk die eerste een wat wil troos, ondersteun en omgee. Jy kry soms skaam omdat jy voorheen so maklik veroordeel het en so maklik gekritiseer het. Hulle nood het ook my nood geword (De Villiers, 17 Junie 2010j). Soos Margaret Guenther (1992:1) dit duidelik stel: “Domination and submission are not what spiritual direction is about, but ‘holy listening,’ presence and attentiveness”. Mistagogie bring ’n omwenteling mee in die leraar se hermeneutiese perspektief.

4.9.5 Die geestelike soeker se innerlike reis

Daar gebeur iets in jou op die geestelike reis. Dit kan stilweg gebeur. Dit kan gebeur wanneer jy verwonderd of geboeid hoor hoe iemand oor God praat – dit word ’n praat wat in jou hart insny en nuwe lewe plant. Dit kan op ’n beskamende manier gebeur wanneer jy besef jy wil nie meer so wees nie. God, voel jy aan, wys vir jou ’n ander weg, of dit gebeur in die seerste oomblikke van pyn wanneer jy nie meer verder kan nie. God kom lê ’n genesende hand op jou wonde. Dit kan ook bevestigend wees, wanneer jy nuwe moed en hoop as gedoopte geliefde kind van God ontvang (Louw, 2010:78-79). Wanneer God op een of ander manier, groots of sagweg, in jou lewe werk, raak dit jou innerlike lewe onherroeplik en onvermydelik. Dan deel ’n mens jou innerlike met jou leraar, jou mistagoog: Jy kyk met nuwe oë na jouself. Jy wonder oor dinge wat met jou gebeur en veral nou moet gebeur. Die mens is blootgestel aan die eindelose uitryg van derms. Jy sit by die sielkundige en die terapeut en loop oor en oor in 'n kring om jouself, en aan die einde begin alles weer van voor af; maar in geestelike begeleiding is dit anders. Die mistagoog sal steeds weer die verinnerliking saam met jou beleef. "Wat sê jou hart?" Maar die punt lê nog dieper: "Wat sê jou hart oor God se plek in jou lewe? Wat sê jou hart? Wat sê jou hart oor God se plek in jou pyn? Wat sê jou hart? waarheen is jy nou op pad in jou geestelike reis? Hoe klop jou hart nou vir God?" (De Villiers, 30 Junie 2010k)[99]. Dit bevestig die unieke aard van die leraar se roeping.

Die mistagoog leer jou om jou hart oop te maak, sodat daar vir God in daardie oop plek meer ruimte is om in te woon. ’n Wyse mistagoog kan God se kragtige instrument tot heling, groei en volwassenheid wees (De Villiers, 30 Junie 2010k).

---

[99] Willem Nicol (2010:54) glo dat goeie vrae is: “Waar is God vir jou in hierdie situasie? Hoe beleef jy God hierin? As Jesus nou hier sigbaar sou word, hoe sal jy voel? Watter naam gebruik jy vir God? Watter prentjie sien jy as jy aan God dink? Hoe kyk God nou na jou?” Die atmosfeer moet so wees dat negatiewe gevoelens oor God maar mag uitkom. Die mistagoog help die ander persoon deur aandagtig na God se reis in daardie persoon se lewe te kyk en vrae te vra soos: “Watter tekens van genade sien jy raak? Hoe beleef jy God op die manier waarop jy bid. Die mistagoog soek dus saam met sy lidmaat na aanduidings van God se teenwoordigheid (Rice, 1998:69).

4.9.6 Mistagogie hoort in die pastorale bediening van die leraar

Van Dam (2004:21) beskryf die mistagoog as ’n *agoog* wat individue en groepe mense begelei op pad êrens heen. Die rigting van die begeleiding word bepaal deur die *musterion*. Die hoofsaak is dan om mense nader te bring aan die Onuitspreeklike.

Wanneer dit dan gaan oor die identiteit en wese van die leraar as mistagoog, sê Van Dam (2004:21) dat die gemeente die predikant die kans moet gun om plekke na te spoor waar iets van God se liefdevolle teenwoordigheid, wat alle verstand te bowe gaan, ontdek word. Die leraar is hierin die lewende heenwysing. Hierdie roeping is die belangrikste van al die take wat die leraar opgelê word. Die leraar kan nie ’n lewende heenwysing wees sonder spirituele omgang met die Woord van God en ’n openheid vir die leiding van die Heilige Gees nie.

Gordon Smith (2014:35) plaas die klem op die bediening van die spirituele begeleier as dié een wat in ons lewens inkom as deel van die bediening van die kerk aan die individuele lidmaat, as herinnering dat mistagogie tuishoort in die gemeente. Die krag en waarde van spirituele begeleiding is juis as 'n bediening wat die volle lewe en bediening van die kerk aanvul. Oor die algemeen kan ons aanvaar dat diegene wat begeleiding ontvang, ook gereeld die Woord hoor – veral binne die konteks van die erediens. Verder neem ek as begeleier aan dat die een wat begeleiding ontvang, probeer om sy of haar volle doop-identiteit uit te leef. Die doop is van kardinale belang in die spirituele lewe. Ook Smith plaas dus mistagogie midde-in die gemeente as gefokusde deel van die bediening van die leraar.[100]

Kenneth Leech (1998:75) sien die plek van mistagogie in die sentrum van die bediening. Daar is sekere hindernisse in die pad. Wanneer ons mistagogie in die sentrum van die bediening plaas, gaan ons reëlreg teenoor heelwat pastorale modelle en beklemtoninge in die bediening en pastorale teologie in en kan daarom weerstand verwag van hulle wat verantwoordelik is vir bedieningsprogramme sowel as hulle wat bedien word. Ons opleiding en gedagtegang is nog te veel geskoei op die organisatoriese en bestuursmatige manier van kyk na die bediening. “The pastor is a churchkeeper, a functionary who runs a show in competition with other shows” (Leech, 1998:75). In die oë van die teologie, moet mistagogie ’n sentrale plek inneem en as essensieel

---

100 Brian Hamilton, afgetrede leraar in die Anglikaanse kerk en meer as 30 jaar lank ’n spesialis in mistagogie, skryf in ’n artikel as deel van die opleiding van spirituele begeleiers in Nieu Zeeland: “Our society hungers for spiritual connection. Meanwhile a pastor may be busy setting up a new programme, and bypassing as unimportant, the needs of those seeking meaning. The strange thing is that the unimportant parts of our ministry might turn out to be the most important” (Hamilton, 2022:2).

gesien word, gewortel in gebed en kontemplasie (Leech, 1998:78). Leech pleit vir die sentrale plek van spiritualiteit aan kweekskole en ander bedieningsopleidingsprogramme, so dat daar by die studente groei in hulle gebedslewe kan plaasvind en spirituele teologie in die sentrum geplaas word. Ons moet die fokus van bediening wat klem lê op die sakramentele, die charismatiese, teologiese en profetiese rolle weer herontdek, meer as die professionele bestuurs- en organisatoriese rolle. Die leraar beweeg op hierdie wyse weg van hom- of haarself na die heerlikheid van God. In hierdie opsig waak die bediening sodoende oor die misterie (Leech, 1998:79).

Leech (1998:81) pleit vir 'n raamwerk van asketiese dissipline, ’n “ekologie van die Gees” waarin aandag gegee word aan persoonlike ritmes van tyd, rus, slaap, dissipline van die liggaam, vas en gebed (Leech, 1998:81).

4.9.7 Die unieke van die amp van die leraar

Gil Stafford (2014:22) stel die noodsaaklikheid van mistagogie as kern van die pastorale bediening as die fokus van die leraar se werk as ’n wyse waarop die kollektiewe saam op soek is na die wil van die Here vir die gemeente. Gewoonlik begelei die leraar as mistagoog die gemeente deur gebruik te maak van spirituele begeleiding selfs in sy of haar prediking en lering. Dit sluit vanselfsprekende pastorale sorg en berading in. Die leraar sien elke geleentheid as die geleentheid om mistagoog te wees en sal gevolglik hierdie roeping leef. In hierdie opsig verskil die bydrae van die leraar van die ander, soos die sielkundige en maatskaplike werker en maak die roeping van die leraar as mistagoog uniek.

Howard Rice (1998:34-35) vra die vraag oor die unieke van die roeping van die predikant. Waarna soek die lidmate van ’n gemeente wanneer hulle hul leraar nader? Hy glo hulle soek 'n bron van geldigheid in hul lewens. Hulle is op soek na 'n model van wees in die wêreld wat in God geanker is, iemand wat hulle na diepte en betekenis in en van die lewe kan wys. Hulle wend hulle tot hul leraar met die hoop dat hulle iemand sal vind wat saam met hulle sal ly in hul stryd en hom of haar saam met hulle sal verbly in die herhalende ontdekking van God se verrassende teenwoordigheid. Lidmate glo dat hulle leraars mense is wat God ken, wat 'n diep en persoonlike verhouding met God het, soos blyk uit die leraar se lewe van gebed. Hierdie gemeentelede kan 'n dominee vra om te bid in tye wanneer hulle hulself net so maklik kon bid. Hulle ambivalensie oor God lei hulle om in hulle leraar iemand te soek in wie hulle die Heilige kan sien en beleef (Rice, 1998:37).

Hulle soek iemand wat hul ervaring kan verstaan, iemand wat op dieselfde reis is, maar dalk net 'n entjie verder. Wat is die beste manier om beskikbaar te wees vir persone terwyl hulle leiding

soek vir hul geestelike reis en hoe bied predikante sulke leiding? Die doel van mistagogie is dan om persone by te staan op die reis om God se teenwoordigheid in hulle lewens te onderskei (Rice, 1998:61).

4.9.8 Die hart van pastorale bediening

Mistagogie is dan 'n verbondsvriendskap tussen twee gelowiges waarin die een die ander bystaan in die onderskeiding van God se teenwoordigheid en die kontemplatiewe uitleef van God se roeping (Rice, 1998:63). Die veilige ruimte vir hierdie verbondsverhouding is die gemeente van Jesus Christus, met name tussen die leraar en die lidmate wat deur hierdie lewende Here in hulle doop met Hom verenig is, maar ook met mekaar. Behalwe dat die lidmaat en die leraar mekaar ken, kan hulle ook weet dat hulle eie broers en susters is, albei ewe geliefde kinders van God, wat veilig is in mekaar se ruimte, want ook hierdie ruimte is ruimte in Christus[101].

Pieter de Villiers sien mistagogie as die hart van pastorale werk. Die mistagoog is gedurigdeur bewus van sy of haar totale afhanklikheid van God. Die mistagoog is ’n kontemplatiewe persoon, wat sy of haar hart instel op God elke keer as hy of sy ‘n pad met ’n mens stap. Die oomblik as iemand in die studeerkamer instap, wanneer ‘n mens die hospitaalkamer binneloop, rig ’n mens jou hart op God. Daarom bring die geestelike leier, die mistagoog, tyd deur by God. Trouens, in die mistagogie gaan dit om God te ervaar (De Villiers, 14 Junie 2010h),[102] en die mistagoog ondersteun die een wat soek, om by God te wees eerder as om uit te vind wat om te doen.

David Benner (2002) sien die vereiste vir die roeping as mistagoog as liefde vir God se mense soos Hy hulle liefhet. “You love people” (Benner, 2002:150). “What you must love is ordinary people just as they are”. Dit herinner aan die woorde van Henri Nouwen:

> Are we not challenged in daily life to look deeper into the eyes of the people we encounter – those who are running away from something – and to see in them the face of God? (Nouwen, 2006:27).

---

101 “People who turn to a pastor for counseling often expect a more theological and explicitly religious experience. Many counselees who come away from a visit from the pastor feel vaguely uneasy. They wish the pastor had talked about God, had prayed, had made some suggestions, and even offered forgiveness in the name of God for some sin they've confessed. They wanted something different whether or not they could name what they sought” (Rice, 1998:79).

102 Jos Douma skryf oor die leraar as mistagoog: “Een pastor die zoekt naar wat ten diepste zijn of haar identiteit als pastor uitmaakt, zou het kunnen wagen om te zeggen: ‘ik wil mystagoog zijn.’” (Douma 2002: 238). Mistagogie is volgens hom die inleiding en inwyding in die misterie van God se oneindige nabyheid in. Die beoefening van sekere geestelike praktyke help ons om dié nabyheid te beleef (Douma 2002: 242).

4.9.9 Jesus as Mistagoog

> Did Jesus bring anything new to the concept of divine guidance? Jesus, while he walked on earth, was the image of the invisible God. He brought the reality of God to the world not through a burning bush, nor in a column of fire or cloud. He was the Word of God made flesh dwelling among us. Jesus incarnated God and made Him tangible. Jesus further proclaimed a new intimacy with God both for himself and for the rest of humanity. His relationship with the God of Moses was that of a son to a father. He called the Father his "Abba," a personal affectionate term. He declared that the Father and he were one, pushing the concept of intimacy to one of identity. But another factor remains. It is Jesus' vision to bestow to the whole world the possibility of bonding with God. Jesus desired to extend the covenant to all people. He began with the disciples. Apart from Jesus, the disciples could do nothing. He promised them another helper, the Spirit of truth to be with them always (Lamontagne, 2002:32-33).

Roger Owens (2012:149-150) praat van Jesus as die groot Mistagoog, en ’n goeie mistagoog leer by Hom. Ons ontmoet Hom en die vrou wat betrap is met owerspel in die tempel (Johannes 8:1-11). Jesus weier om haar te veroordeel. Jesus sal haar nie gebruik nie. Hy behandel haar met integriteit. Sy dien geen nuttigheidsdoel vir Hom nie. Sy is veilig by Hom. ’n Goeie mistagoog doen dieselfde. Jesus gee vir haar ’n nuwe lewe en toekoms: “Gaan leef goed (‘Go well,). Gaan leef in die veilige ruimte wat my liefde vir jou geskep het; en in daardie ruimte, leef goed, nie meer vasgevang in jou eie verkeerde begeertes, en nie meer vasgevang deur die verkeerde begeertes van ander nie. Gaan leef in die vryheid wat my weiering om te veroordeel jou gegee het.”

Jeanette Bakke (2000:284-286) noem Jesus “the ultimate spiritual director” vanweë sy intieme verhouding met God, sy “Abba”. Jesus het na ander geluister en hulle raakgesien vanuit sy gefokusde aandag op die Vader, vanuit sy deelname aan die Joodse verbondsgemeenskap en vanuit sy kennis van die Skrif en die Joodse wet. Die Vader se liefde en teenwoordigheid en die Heilige Gees se salwing was die kragtigste invloede in Jesus se lewe en die bron van begeleiding aan ander. Wanneer die predikant in mistieke eenheid met Christus, as deelnemer aan die Goddelike dans, die *perichoresis*, in dieselfde verhouding met die Vader leef as sy Seun, in Wie ons lewe en bedien, gesalf deur die Heilige Gees, is God die Bron van ons mistagogie, en ons oë gaan oop vir God se liefde en teenwoordigheid in ons eie lewe en die lewe van ons lidmate.

4.9.10 Die middelpunt van mistagogie

In die middel van die hele proses van mistagogie is die drie-enige God. Dit is Hy wat in Christus deur sy Gees iets spesifiek in mense wat Hy liefhet, se lewe wil doen. Die predikant in Christus en Christus in hom of haar is die bevoorregte deelnemer, maar ook getuie en medereisiger op die pad wat God met die lidmaat stap. Wanneer die lidmaat die predikant opsoek, of die predikant die lidmaat by die huis besoek, aanvaar ons dat Jesus deur sy Gees reeds die inisiatief vir die ontmoeting tussen Hom en die lidmaat geneem het. Dit is belangrik vir ons as leraars, wat meer in lidmate se huise kom as wat hulle in ons pastorie kom, om te weet dat Jesus lank voor jou reeds by die lidmaat is, en dat jy en die lidmaat saam gaan ontdek hoe Hy op hierdie spesifieke oomblik in jou en die lidmaat se lewe teenwoordig is. Jesus nooi jou as mistagoog dus na sy ontmoeting met jou en sy ander kind, die lidmaat.

Ons gehoorsaam Hom saam, luister in diepte na mekaar in die konteks van mistagogie en in die proses maak ons ruimte vir ’n derde Stem, die van Jesus deur sy Gees (Owens, 2012:64-65). Om ontvanklik te wees, is vertroue noodsaaklik (Owens, 2012:102), natuurlik in die leraar, maar eerstens in dié God, wat julle weet reeds daar is, en die pad met die lidmaat begin stap het (Owens, 2012:114), lank voor jou pad as leraar syne of hare gekruis het. Hy is die middelpunt van hierdie ontmoeting waaroor ons ons saam verwonder.

Osmer, Reed en Smucker (2015) praat van die mistagoog as die “companion”, die metgesel op die reis, wat pas by die begrip “medereisende mistagoog”. Hoofsaak is steeds dat dit die drie-enige God is wat in die lewe van die lidmaat werk, en die mistagoog-metgesel uitnooi om deel te neem aan sy bediening. Christus is aan die werk en die metgesel sluit eenvoudig by Hom aan deur die krag van die Heilige Gees in daardie werk. God maak altyd die eerste skuif. Ons neem deel deur onsself aan te bied om in 'n verhouding met 'n ander "in diens van God" te wees, en sodoende 'n instrument te word om God se vergewende, verlossende en vernuwende teenwoordigheid te bemiddel (“mediating”) (Osmer, Reed & Smucker, 2015:13). Alhoewel ons die outoriteit om dit te doen direk uit die hand van Jesus self ontvang, is die navorser versigtig om die mistagoog te sien as iemand wat iets wat God gee “bemiddel”, en voel veiliger om te sien dat die mistagoog as biddende metgesel die instrument in God se hande is wat die lidmaat begelei om saam met hom of haar die vergewende, verlossende en vernuwende teenwoordigheid van God raak te sien, daarom ’n getuie wat die oë van die lidmaat vestig op dié God wat die middelpunt is van hierdie ontmoeting, sodat die gebruiklike dank aan die dominee vir die besoek eerder spontane gesamentlike lof aan God raak. Dit kan egter ook gebeur dat die lidmaat so bewus raak van die leraar se eenheid met Christus, dat hy of sy al die eienskappe van die lewende en

teenwoordige Jesus aan die leraar self toedig. Een van die deelnemers aan hierdie navorsing deel juis hierdie ervaring met die groep: “By die besoek aan twee ouers wat die oggend vroeg die skokkende nuus verneem het dat hulle geliefde dogter terminaal is, en hulle harte uitgehuil het voor die leraar, het die vader van die dogter aan die einde van die ontmoeting opgemerk: ‘Dankie, dominee, dat ons iemand het wat verstaan’”. Die leraar het besef dat hy self niks verstaan nie, saam trane stort, maar dat hierdie ouers iewers die lewende Here wat verstaan, in die leraar, ontmoet het, en Hy het die leraar en sy lidmaat verstaan.

'n Teologie van gereformeerde spirituele metgesel-wees is Trinitaries. Dit bied 'n klein geringe model van die soort verhouding wat deur die Vader, Seun en Heilige Gees gedeel word (Osmer, Reed & Smucker, 2015:14). Dit is in hierdie verhouding tussen mistagoog-medereisiger en lidmaat wat ons begin beleef wat dit behels om ingetrek te wees in die *perichoresis*, die heilige dans van die Triniteit. Die misterie van die teenwoordigheid van ons God op hierdie reis laat ons in verwondering. Al dien een persoon as "begeleier" vir 'n ander, is die begeleier se rol eintlik om saam te reis en as getuie na God te wys, dié God wat saam op reis is. God is die ware Mistagoog, en dit is God se optrede wat primêr en noodsaaklik is (Osmer, Reed & Smucker, 2015:62).

Dit is ook die misterie van die werk van die mistagoog. Die mistagoog is nie die "Heilige Gees Junior" nie. Gil Stafford (2014:26-27) praat van die Heilige Gees van God as die Pottebakker. Die lidmaat is die klei. Die mistagoog is die wiel wat draai onder leiding van die Gees. Die klei kan kies om met die Gees saam te werk of nie. Die mistagoog help bloot met die vorming. In mistagogie is die fokus op die Goddelike krag, op God as die integrale doel van ons wese en rede vir ons bestaan (Edwards, 2001:24). Die taak van die mistagoog is om mense te begelei om God se optrede in hulle lewens te ervaar en op God te reageer, om saam te ontdek eerder as om te onderrig. Doeltreffende mistagogie begelei lidmate om hulle lewens te rig en te fokus as reaksie op God se liefdevolle skeppings- en vernuwende dade in hulle lewe (Barry & Connolly, 2009:43-44). Die begeleier moet die versoeking weerstaan om die begeleide “reg te stel” (“fix”).

4.9.11 Die gevoelige oog van die mistagoog

Spirituele begeleiding is daarop gemik dat ons oë daarvoor oopgaan om die hand van die Here in ons alledaagse ervarings te kan sien. Dit is 'n lang pad. 'n Mistagoog behoort self iemand te wees wat leef in die verwondering oor God wat alomhandelend aanwesig is, en 'n gevoelige oog hê vir die beweging van die Here deur sy Gees in 'n ander se lewe. Hierdie beweging geskied nie deur ons toedoen en ons woorde nie (Nicol, 2010:60). Dit bring soveel rus vir die leraar as mistagoog om te weet dat hy of sy eintlik uit die pad staan, sodat God drie-enig raakgesien kan word in die

sentrum van hierdie reis. Die leraar staan langs sy lidmaat, nie voor hom of haar nie. Indien ons voor staan, by wyse van spreke, en die werk van mistagogie sien as óns werk, versper ons die uitsig van ons lidmaat, en gaan hy of sy sukkel om sy of haar God in alles raak te sien. God is en bly die middelpunt waarom jou en jou lidmaat se lewe draai. Ons uitgangspunt is dat die Here in die lewe werksaam is in die ervarings van jou lidmaat en dat Hy meer daarvan weet as die begeleier. Daarom moet die begeleier eerder na die begeleide luister as wat die begeleide na die begeleier luister. Die begeleier loop saam en help ontdek (Nicol, 2010:97). Ons kan wel een ding oor Jesus se werk deur sy Gees sê: Hy werk in die hede in die dinge wat hier en nou gebeur (Nicol, 2010:100). Jesus, deur sy Gees is volledig in hierdie interaksie tussen die leraar en lidmaat teenwoordig. Wanneer die leraar die lidmaat deeglik hoor is hy of sy tegelyk oop vir die Gees. Wanneer hy of sy met die verstand sien wat gevra moet word, hoor hulle die Gees. Wanneer ons aanvoel dat ons nou eers kan stilbly, hoor ons die Gees (Nicol, 2010:112). Uiteindelik gaan dit in die mistagogie oor die leraar wat ingestel is op die fluistering van die Here deur sy Gees, in sy of haar eie hart en ook in die lewe van die lidmaat. Die leraar en lidmaat weet dat hulle mekaar ontmoet, om dié God te ontmoet wat Homself in die lewende, teenwoordige Jesus aan hulle albei wil gee. Die mistagogiese moment is dan om hierdie diepe misterie raak te sien, te beleef en saam te ontvang. Om as mistagoog te ontspan is dus noodsaaklik in so 'n ontmoeting. Ons kan maar ontspan want ons kan die ander een gewoonlik laat praat totdat hy of sy ophou. Jy kan maar rus want jy weet dat die Here self deur die Heilige Gees die eintlike Mistagoog is (Nicol, 2010:113).

4.9.12 Die ruimte vir die predikant as mistagoog (huisbesoek)

Die ervaring van die navorser en deelnemers aan hierdie navorsing is dat die geleentheid om mistagoog te wees, veral op die platteland, meestal is wanneer die predikant by die lidmate “huisbesoek” doen[103]. Selfs op die platteland het die formaat van huisbesoek die afgelope dekade of meer heelwat verander. Die leraar onthou die dae toe huisbesoek ’n deur-tot-deur-aksie was om deur so veel as moontlik lidmate per dag te kom. Die verslae by die Ringsitting wou persentasie-gewys weet hoeveel lidmate in een jaar besoek is. Die mikpunt was 100%![104] Met dié

---

[103] Die navorser was verras om agter te kom dat daar deesdae so min literatuur beskikbaar is oor die huisbesoek deur die leraar. Dit is waarskynlik die gevolg van die feit dat die gewoonte in die stede, waar die meeste gemeentes gesentreer is, uitgefaseer is, en dat dit meestal slegs op die platteland nog deel van die leraar se pastorale werk is.

[104] Gerben Heitink (2007:Kobo Ligging 5.16) skryf dat huisbesoek eers die karakter van kerklike opsig gehad het. ’n Besoek het ongeveer vyf minute geduur en die besoeker het tydens die besoek bly staan. Daar is nagegaan of die lidmate waardig is om aan die nagmaal deel te neem. In daardie tyd het predikante teen hierdie manier van huisbesoek in opstand gekom en ’n meer pastorale karakter gesoek. Dit was ook al meer die behoefte

dat die predikant gedurig “op die pad” was, het die lidmate besef dit is nie die moeite werd om ‘n afspraak by die pastorie met die leraar te maak nie. Hulle moet maar hulle kans afwag, tot dit hulle beurt vir huisbesoek is. Daarom is dit glad nie op die platteland die lidmate se gewoonte om die leraar by die pastorie te gaan ontmoet nie. Maar sedert die hele formaat van huisbesoek verander het, het die kwaliteit nie afgeneem nie, maar die kwantiteit het soveel verander. Die lidmate het oor die algemeen groter vrymoedigheid om die leraar te nooi na hulle huise wanneer hulle graag hulle verhouding met God met “hulle predikant” wil bespreek. Dit is die ideale geleentheid vir spirituele begeleiding, mistagogie, en die leraars in hierdie Ring deel graag hulle ervarings met mekaar oor wat hulle gesien het ons God doen tydens so ’n huisbesoek. “Eers was ons net verdra, nou word ons gevra!” is een van die deelnemers se opmerking oor die nut en sin van huisbesoek. Elke leraar in hierdie Ring meld steeds dat hy of sy probeer om by elke lidmaat uit te kom met huisbesoek, maar dat dit baie rustiger gaan, en meer goeie tyd bestee word by elke besoek. Aangesien huisbesoek die mees algemene vorm van persoonlike kontak met die lidmate op die platteland is, kan die leraar aanvaar dat dit die manier is waarop God werk, en die leraar as mede-reisende mistagoog met Hom saamneem.

Gideon van Dam (2013:Kobo Ligging Inleiding 1/2) skryf op ’n stadium ’n boekie vir ouderlinge, “*Huisbezoek als Geestelijke Begeleiding*”, wat ewe goed deur predikante gebruik kan word, aangesien die beginsels vir mistagogie nie verander nie en Van Dam allerweë beskou word as een van die voorlopers in die Gereformeerde Kerke in Nederland op die gebied van spiritualiteit en mistagogie. Hy beskou huisbesoek as een moontlikheid om na mekaar om te sien en mee te leef in lief en leed. Die voorvereiste is dat jy, soos God, met liefde na jou lidmate kyk en saam met hulle let op hoe iets van God deurklink, deurskitter in gewone en ongewone, klein en groot dinge van hierdie lewe.

Die behoeftes van mense het die afgelope twee dekades of meer heelwat verander, en dit het ’n invloed op die inhoud van huisbesoek, en wat lidmate verwag van hulle leraar of ouderling op so ’n besoek. Daar is al meer Gods-vrae, wat ons inlei in die dieptes van geestelike gesprekke wat beide lidmaat en leraar spiritueel voed en verryk. Self die woord “spiritualiteit” het al omgangstaal geword by “gewone” lidmate (Van Dam, 2013: Kobo Ligging I.1.1).

---

van die lidmate. Opsien oor die gemeente het dus plek begin maak vir omsien na mekaar. Jaarlikse huisbesoek het ook meegehelp tot die meelewing van die lidmate. Later het dit nog dieper geraak, met die klem op geloofsgesprekke. Tot onlangs was die verwagting dat lidmate besoek word sonder dat hulle daarvoor vra.

> Geestelijke begeleiding is een eeuwenoude vorm van ontmoetingen waarin repectvol aandacht gegeven wordt aan die vragen naar de zin van het bestaan, naar God (Van Dam, 2013:Kobo Ligging Inleiding 1/1). Huisbesoek vind dan meestal plaas op inisiatief van die een wat die besoek aflê en kan ’n geskenk van God genoem word.

Van Dam (2013:Kobo Ligging I.2.1) beskryf spirituele begeleiding as ’n vorm van kontak tussen gelowiges met ’n lang geskiedenis. Die hoof gedagte is dat mense saam ’n pad begin loop. Mense soek die onderskeidingsvermoë om te ontdek wat hulle nader aan God kan bring, of juis van die werklikheid van God se liefde vervreem. “Een lewensweg is eerder een tocht door onbekend gebied, dan een vertrouwd ommetje”. Op hierdie lewensweg gebeur onverwagse dinge en mens staan dikwels voor lewens-veranderende keuses. Op sy of haar lidmaat se persoonlike lewensreis kry hy of sy dalk te doen met die baie slegte nuus van sy dokter, of iemand doen ’n ingrypende beroep op haar, of die nuus in die wêreld is besig om hom depressief te maak. Dan soek hulle rigting. Mistagogie wil juis die tipe ontmoeting wees wat rigting gee. Wanneer die lidmaat jou as sy of haar leraar genoeg vertrou, sal hy of sy met vrymoedigheid die lewensreis met jou deel, juis op huisbesoek (Van Dam, 2013:Kobo Ligging I.2.1).

In ’n gesprek met die leraar as mistagoog, is die vraag dikwels: “Waar is God in my lewe?” en dit raak die geïntegreerde daaglikse en geestelike lewe. Wie is ek ten diepste? Op watter manier kan ek vorm gee aan my godsdienstige verlangens? Hoe kan ek bid? Wie is God? Hoe verbind ek my aan die Werklikheid wat ek stamelend “God” noem? Wat beteken dit vir my lewe of sterwe? Die lidmaat verlang iets by die mistagoog wat hom of haar weer sal laat vorder op die spirituele pad en verwag van die mistagoog ervaring op die weg waarop hy of sy jou nooi, en veral die mistagoog se weg met God, selfs die oomblikke van val en opstaan op hierdie pad. Van die mistagoog word ook verwag om liefdevol te luister en te onderskei. Huisbesoek as mistagogie is meer as slegs praat oor God, dit is meer ‘n begeleiding na God (Van Dam, 2013:Kobo Ligging I.2.2-3).

4.9.13 “Dominee, gee vir my ’n woord?”

Die lidmate moet die geleentheid kry om te praat en ons as leraars moet die kuns aanleer om goed en aandagtig te luister. En tog is die oorspronklike vraag: “Gee my ’n woord?” die vraag wat in die derde en vierde eeu aan die eerste spirituele begeleiers, die woestynvaders, gevra is. Heel dikwels gaan ons te doen kry met hierdie vraag, wanneer ons lidmate vir ons vra: “Dominee, gee my ’n woord van God?” In daardie woord gaan dit dan om die belewing van die lewende Woord, waarin ons dan na Jesus wys. Die rigtinggewende woord uit die Bybel, wat jou betrokke wil maak

op sy reis, is altyd in die lig van God se liefde, soos gedemonstreer in sy Seun, die lewende teenwoordige Jesus (Van Dam, 2013:Kobo Ligging III.1.2). “Gee my ’n woord” is ten diepste ’n uiting van verlange na iets van die kant van God. Dit kan vertolk word met “Waar is God as ek...?” Die leraar hoef daarom nie, aldus Van Dam, ’n rugsak vol wyshede by hom of haar te hê wanneer hy of sy iemand besoek nie. Die woord waarna mense ten diepste verlang is immers iets uit God se hart, met wie die leraar as mistagoog in biddende kontak is tydens elke besoek. Wanneer ons as leraars ingeoefen is in ons eie gebedslewe en vanuit die Woord lewe en aandag gee aan God se pad met onsself, kan ons van daaruit aandag gee aan die pad van God met ander (Van Dam, 2013:Kobo Ligging III.1.3). Wanneer die mistagoog dan saam met die lidmaat soek, kan dit gebeur dat jy iets onthou uit jou eie reis met God, wat julle albei nader aan God bring.

4.9.14 Gasvry in iemand anders se huis?

Gasvryheid is een van die belangrike vereistes vir mistagogie[105]. En nou is die vraag: Hoe kan ek gasvry wees op huisbesoek, wanneer ek in iemand anders se huis is? Jy doen dit wanneer jy jou lidmaat se lewensverhale in jou lewe innooi. Wanneer jy jouself gee om hierdie heilige ruimte te deel met hulle. Dit gaan ook oor jou gebedsvoorbereiding. “Als u lopend of fietsend naar het volgende adres gaat, kunt u dat met ontvankelijke aandacht doen. ‘God, maak me werkelijk open voor degene die ik nu ga bezoeken’” (Van Dam, 2013:Kobo Ligging III.3.2.). So ervaar ons met mekaar dat die Onuitspreeklike in die ontmoeting die werklike Gasheer is.

4.9.15 Maskers af!

In die ontmoeting by huisbesoek is die lewende Jesus deur sy Gees die werklike Begeleier. Om my aan God se weg met my gespreksgenote toe te vertrou, is voldoende. Dit gee die rus dat ek maar myself kan wees, en nie ’n masker nodig het wat die amptelikheid van die besoek beklemtoon en my lidmate van my verwyder nie (Van Dam, 2013:Kobo Ligging III.4.1). Die ervaring van die leraars in die Ring van Clanwilliam is juis dat dit vir hulle lyk of die oorgrote meerderheid van die

---

105 Die leraar moet bekend wees vir sy en haar gasvryheid en aandag (Nouwen, 1994:89). Gasvryheid is die vermoë om toegespitste aandag te gee aan jou gas. Wanneer jy dan na binne keer en tuis raak in jou eie binnewêreld, skep jy ruimte vir iemand anders om homself te wees en na jou te kom op sy voorwaardes (Nouwen, 1994:91). Margaret Guenther (1992:35-39) beskou self-onthulling as deel van die gasvryheid wat jy bied wanneer iemand hom- of haarself aan jou blootlê. Ons luister nie net nie, maar neem ook deel. Ons deel medemenslikheid. Dit is ook hier waar geestelike begeleiers verskil van die sielkundiges. Ons is saam op reis en onthul onsself deur ons woorde, emosies en lyftaal. Wanneer ons saam lag en saam huil, is dit asof ons vir mekaar sê: ”Welkom in my wêreld.” Gasvryheid vra van die leraar ’n leë ruimte waarbinne die gas sy eie siel kan vind. Dit is ’n helende bediening, nie omdat ons mekaar heelmaak en die eensaamheid en pyn van die ander wegneem nie, maar hom uitnooi om sy eensaamheid te erken op ’n vlak waar dit gedeel kan word. Die leraar en sy mense moet weet dat geen leraar enigiemand kan red nie. Hy of sy kan slegs vreesbevange en onsekere mense begelei en mee-reis, dit is daarom gedeelde pyn (Nouwen, 1994:92-93).

lidmate by hulle “tuisgekom” het. Hulle getuig daarvan met dankbaarheid teenoor die God saam met wie hulle reis. Die leraar en lidmaat moet die vrymoedigheid hê om geken te word, die maskers af te haal, een-vir-een, al is die maskers hoe mooi en hoe bruikbaar (Guenther, 1992:46).

4.9.16 Oop vir die Gods-oomblik op huisbesoek

Uiteindelik is die mistagoog en die lidmaat wie hy of sy besoek albei identifiseerbaar as “geliefde kinders van God” (Van Dam, 2013:Kobo Ligging III.4.3). Die Here in ons en ons in Hom leer ons ook om fyner te luister na sy mense. Wanneer een van jou lidmate jou byvoorbeeld konfronteer met fel kritiek teen die kerk, is die moontlikheid sterk dat jy eerder sy of haar verlange na God hoor. Of jy hoor dalk in iemand se verdriet die moontlikheid om nader aan God te beweeg. Dit gaan dus nie in die eerste plek oor al die leraar se kennis nie, maar om die groei in liefde vir mense wat ons besoek deur sensitiwiteit vir hulle in te oefen. Daarom is die vraag: “Hoe ervaar jy God in al hierdie dinge?” meestal ’n aktuele vraag (Van Dam, 2013:Kobo Ligging III.4.3).

Wanneer die leraar in mistieke eenheid met Christus as mistagoog die lidmate deur Jesus in sy of haar sorg geplaas besoek, kan hy of sy een ding weet: die lewende, teenwoordige Jesus is reeds in die huis wat ons gaan besoek. Ons gaan nie Jesus neem na die lidmate nie, maar Hom saam met die lidmate ontmoet. Daarom is die leraar op huisbesoek oop vir hierdie ontmoeting, of dit nou in maklike of moeilike omstandighede is. Of dit ’n roetine besoek is, en of dit siekebesoek of troos-in-sterwe-besoek, of net om ’n ouer persoon te gaan geluk wens met sy of haar verjaardag, Jesus is die Een wat al die “werk” gaan doen, en die leraar, as getuie daarvan, begelei bloot die lidmaat om dit saam met hom of haar raak te sien. Dit maak die leraar vry om meer te “wees” as te “doen”.

’n Deelnemer aan hierdie navorsing onthou goed die verligting op die gesigte van die ouderlinge en diakens, toe hy een aand by ’n toerustingsgeleentheid vir die kerkraad, hierdie werklikheid met hulle gedeel het, nadat hulle verwag het om punt-vir-punt riglyne te ontvang vir die “hoe” van huisbesoek. Toe hulle ontdek dat die groot saak waarom dit gaan, eerder is om te “wees” as om ’n klomp riglyne te memoriseer wat “gedoen” moet word, het hulle met groter vreugde hulle lidmate gaan besoek. Gaan vind Jesus wat reeds by jou lidmate in hulle huise is. Die groter vreugde is wanneer jou lidmate die lewende Here in jou raaksien en jy Hom in hulle ontdek. Die motivering vir die besoeke aan jou lidmate, is omdat hulle dikwels in iemand die hart en gesig van hulle Here

soek[106]. Die leraar as mistagoog is die unieke deelnemer aan Jesus se voortgaande bediening, wat daagliks die stem van ons Here hoor wat ons nooi: “Kom, kom saam met My.” As mistagoog is hy of sy saam met die lidmate getuies van die teenwoordigheid van die lewende Here in ons midde.

> Witness, I think, is the right word. A witness is never the center but only the person who points to or names what is going on at the center—in this case, the action and revelation of God in all the operations of Father, Son, and Holy Spirit (Peterson, 2011:6).

4.9.17 Mistagogie vanuit die lewe van die gemeente

Een van die belangrikste dinge wat die leraar as mistagoog in gedagte moet hou, is dat mistagogie 'n bediening is wat uit die lewe van die kerk ontstaan en wat op sy beurt ons vermoë bevorder om in wedersydse afhanklikheid binne die Christelike geloofsgemeenskap te leef. Dit is 'n bediening van die kerk, en dit is 'n bediening wat ons volle deelname aan die lewe van die gemeente veronderstel, want dit is 'n bediening wat die ander dimensies van die gemeentelike lewe aanvul en sin gee (Smith, 2014:37). Mistagogie is 'n bediening wat ons diepste wese betrek – veral op die punt van ons vrese – en ons toerus om te reageer op die werk van die Gees deur wie ons ingetrek word in die lewe van die drie-enige God en in die lewe van die geloofsgemeenskap, die kerk. Meer as gewoonlik sal 'n mistagoog probeer om ons bewustheid van die goedheid van God, die God wat ons onbegrensde lof en danksegging waardig is, te verhelder. Ons leer om te reageer op God wat inderdaad teenwoordig is in elke aspek en dimensie van ons lewens; ons vind God natuurlik in ons gebede en aanbidding, maar wat na vore kom, is dat ons leer om God in alles raak te sien (Smith, 2014:38).

'n Leraar sal natuurlik troos, deernis en simpatie wil bied, en tog is die belangrikste aanbod dat die mistagoog steeds 'n mede-onderskeider en medereisiger moet wees, bowenal met stilte van hart en gelykmoedigheid van gees om die lidmaat te begelei om te reageer op die vraag: "In hierdie moeilikheid en duisternis wanneer God so afwesig lyk, kan ons begin dink aan wat God hierdeur vir jou probeer sê en aanbied?" (Smith, 2014:45).

---

[106] “Three Fathers used to go and visit blessed Anthony every year and two of them used to discuss their thoughts and the salvation of their souls with him, but the third always remained silent and did not ask him anything. After a long time, Abba Anthony said to him: ‘You often come here to see me, but you never ask me anything’, and the other replied, ‘It is enough to see you, Father’” (Nouwen 1999: 84).

4.9.18 Daagliks bewus van God

Gerald May (1992:115), ‘n sielkundige wat spesialiseer in spirituele begeleiding, deel sy belewing van mistagogie: “Om in God te wees is iets wat ek weet waar is van my gewone beradingswerk. Maar wanneer ek besig is met spirituele begeleiding is dit nie meer in die agtergrond nie, maar dit kom na vore, dit word ten volle gelewe en ervaar” (vry vertaal deur die outeur). Die primêre taak van die spirituele begeleier is om homself oomblik vir oomblik daaraan te herinner dat sy aandag op God gevestig is terwyl hy besig is met spirituele begeleiding, dat ons daagliks bewus bly van God en dat ons self ook in spirituele begeleiding is, die begeleiding deur Jesus Christus. Die spirituele begeleier moet hom- of haarself ook heeltyd herinner aan die werklikheid van wat besig is om te gebeur, en daarom begelei hy of sy met 'n stil gebed en stil pleidooi vir die genade om waarlik 'n kanaal te wees van God se waarheid en liefde vir die begeleide (May, 1992:116). Ons moet gedurig bewus wees daarvan dat daar baie faktore is wat ons aandag van God in die oomblik van spirituele begeleiding kan wegneem, persoonlike dinge, die gevoel van “ek is belangrik”, die gevoel van “ek is verantwoordelik vir hoe die begeleiding afloop”, ons verskuilde agendas en verwagtinge, vrees vir ons eie spirituele broosheid en selfs ons besorgdheid oor die begeleide se stryd (May, 1992:119). May (1992:121) glo dat dit nodig is om vir die begeleide te sê: “My gebed is dat God se wil in jou sal geskied en dat jy deurgaans verdiep sal word in God. In die tydjie wat ons bymekaar is, gee ek myself, my bewussyn, my aandag en my hoop en my hart aan God ter wille van jou. Ek gee myself oor aan God ter wille van jou” (vry vertaal deur die outeur). Dit is en bly noodsaaklik om biddend en volkome afhanklik van God te bly in spirituele begeleiding (May, 1992:122-123).

Margaret Guenther (1992:32), wat in haar werk oor mistagogie die geestelike begeleier se gasvryheid beklemtoon, sien die begeleier se taak as om te help om die lidmaat se storie te koppel aan dié Storie, sodat die begeleide sy identiteit in Christus kan raaksien en toeëien, en die voortgesette werk van Christus deur sy Gees kan onderskei. Daar is 'n God-komponent in elke menslike ervaring, selfs in die lewens wat vol pyn is en ver is van God. Dit beleef ons met die *Examen.* Die gevoel dat God ver is, is 'n baie vrugbare plek om te begin met spirituele begeleiding.

4.9.19 Om stilte te verduur

Goeie spirituele begeleiers kan stilte verduur en selfs gemaklik wees daarmee (Guenther, 1992:79)[107] en aanvaar dat God aan die werk is. Dit kan nie genoeg gesê word nie dat elke persoon ernstig opgeneem moet word, en elkeen se waarde as kind van God in gedagte gehou moet word. Elke gas word ontvang asof dit Christus self is (Guenther, 1992:91). Mistagogie is nie 'n krisisoplos-bediening nie. Dit werk met die hele persoon en die mistagoog is dwarsdeur die hele proses teenwoordig. Die begeleier maak tyd (Guenther, 1992:92). Daar is nie 'n tyd wanneer daar niks gebeur nie. Ons is gewoonlik nie gemaklik daarmee om te wag nie, sien dit as tydmors en probeer dit gewoonlik vol maak met onnodige besig wees. Dit is moeilik om God se rustige en tydsame werk te vertrou. Ons dink gewoonlik dat ons, deur besig te wees, of baie te praat om ongemaklike stiltes te verdryf, dinge beter kan maak met al ons aksies. Met mistagogie kom ons agter dat daardie groot drang om te help vinnig tot 'n einde kom (Guenther, 1992:93). Soos Margaret Guenther dit stel: “He is willing to hang on. My only task, at this point, is to hang on with him” (Guenther, 1992:96). ‘n Goeie mistagoog gee ook aan die begeleide die vryheid om jou insigte te aanvaar of te verwerp. Of ons nou reg of verkeerd is, of voortydig, dit help ons om te onthou dat ons nie te veel skade kan aanrig nie, omdat mense nie hoor wat hulle nie gereed is om te hoor nie (Guenther, 1992:98). Terwyl ons wag in mistagogie is ons nie heeltemal seker waarop ons wag nie (Guenther, 1992:99). Hierdie misterie is dikwels die hoogtepunt van mistagogie. ‘n Onbekende mistikus het ’n hele boek geskryf oor “die wolk van nie weet nie” (“*The*

---

[107] Jansen van Nieuwenhuizen (2021:66) belig die waarde van stilte in die pastorale ontmoeting soos volg: Stilte gaan oor die toegespitste luister met die doel om God en die self te ontmoet. Dit is noodsaaklik om hierdie tipe spirituele stilte te soek aangesien stilte die vrugbare grond vir intimiteit met God en die self bied. Stilte begelei die leraar en die lidmaat in God se rus in en om God in stilte te vertrou. In die proses sal God die individu begin losmaak van die greep wat die wêreld op hulle het en die individu by strome van lewende water plant. As geloofsdissipline (gereeld deur die leraar beoefen) is die fokus in stilte ook minder op praat en meer op luister na God en die innerlike self. Rustigheid voed die siel en oë en harte wat opreg en eerlik op God gerig is, gee aan God die geleentheid om lig in die duister te bring. Ds. H.J. Bodisco Massink (2013:25) praat van ’n benouende en ongemaklike stilte aan die een kant, maar dan ook van ’n betekenisvolle, werksame stilte. “Heilzame gesprekksstilte is dus niet een los element in een gesprek, maar is een essentieel onderdeel van het gespreksproces, vloeit daar als het ware uit voort en is belangrijk voor verdieping of verwerking. De stilte is er ten behoeve van die ander, die in die stilte de mogelijkheid krijgt na te denken en emoties te laten gebeuren om zodoende de diepgang en omvang van die emoties te begrijpen... Voor het laten gebeuren van een productieve stilte is enige moed nodig, want je geeft de ander gelegenheid en ruimte om door een moment van onzekerheid, verdriet, tegenzin, schaamte, schuld, boosheid en dergelijke heen te gaan” (Massink, 2013:27).

Cloud of Unknowing"), wat ons nuuskierigheid oor God begelei in die rigting van verwondering oor God, en dan veral oor sy betrokkenheid in sy geliefde kinders se lewe. Willem Nicol gee die raad dat ons ons moet oefen daarin om 'n houding in te neem dat ons nie weet nie, ons sal eers moet hoor. Ons lyftaal mag sê ons verstaan, maar ons kan dit nie vir die persoon sê asof ons in beheer is nie. Die persoon self bly 'n diep misterie. Terwyl ons luister moet ons dus nie besig wees om te kyk en soek vir sake wat vir ons belangrik is, waarmee ons dink ons kan help nie. Ons weet nie. Iemand wat soek, is nie heeltemal oop nie (Nicol, 2010:114-115).

4.9.20 Implikasies vir die formaat van huisbesoek

Dit verander ook die formaat van huisbesoek, wat die leraar se geleentheid is om mistagoog te wees, in dié sin dat die besoeke nie afgejaag kan word nie. Die lidmaat moenie by sy leraar agterkom dat hy of sy aangejaag word omdat hy of sy reeds besig is om voor te berei vir die volgende besoek nie: "Dominee, ek kan in jou oë sien jy is reeds by jou volgende afspraak." Die volle uur (of indien nodig, meer) is nou dié mense by wie jy besoek aflê, se tyd, want dit is julle ontmoeting met God, en Jesus deur sy Gees sal bepaal hoe lank hierdie besoek gaan wees. Die leraar sal hulle ook laat voel hulle is sy of haar (en die lewende, teenwoordige Jesus se) eerste prioriteit, al is daar ook ander wat wag op die dominee.

Dit gebeur dikwels op huisbesoek dat die lidmaat eers oor die koeitjies en kalfies in sy of haar lewe met jou praat, en in die tweede helfte van die besoek begin oopmaak oor sy of haar persoonlike verhouding met God, waarskynlik nadat genoeg vertroue in die leraar en genoeg moed bymekaar geskraap is. Hierdie groot oomblik kan nie gejaag word nie, en dit gaan niks help om dan te sê: "Ek kom terug na jou toe nie". Die lidmaat het op hierdie gegewe oomblik vrymoedigheid om sy of haar hart voor jou en die Here oop te maak. Om dan van God se oop deur af weg te jaag ter wille van Ring-statistieke, is sinneloos. Huisbesoek, wat in die gees van mistagogie plaasvind, hou geen statistieke in gedagte nie, ook nie mikpunte om byvoorbeeld in een jaar deur die hele gemeente te beweeg nie.[108] Dit is nie so maklik nie en die leraar sal dit met

---

[108] Pieter de Villiers (15 Junie 2010i) beskryf die oomblik toe iemand hom besoek het, met 'n diep worsteling in haar hart: "Ek verwonder my dikwels oor daardie gesprek. Vandag besef ek dat al die ligter oomblikke, al die kere dat ons oor koeitjies en kalfies gesels het, die kere dat ek by hulle aan huis op huisbesoek was en ook oor die moeilike kerklike kwessies met hulle moes gesels het, reeds die begin van die mistagogiese reis was wat uiteindelik sou lei tot daardie dag toe sy nie meer verder kon en kom hulp vra het oor iets waarvan ander geen benul gehad het nie. Ons albei bedink dít wat met ons in ons lewens gebeur in terme van ons verhouding tot God. In ons gesprek was ons albei bewus dat ons God se werking in ons lewens aan die ervaar was. En terwyl ek met haar gepraat het, het ek besef dat God hier in haar verlange na die diepere, die mooiere, die liefde aan die werk was. As ons voorheen kennisse was, gespreksgenote, was ons hier kinders

die kerkraad moet kommunikeer, wat weer op hulle beurt met die lidmate die hart van huisbesoek sal kommunikeer. Terloops moet opgemerk word dat die algemene verwagting van die gemeente dikwels daartoe lei dat die leraar nooit “genoeg huisbesoek” sal doen in die lidmate en in sy of haar eie oë nie. Dit is een van die skuldgevoelens wat swaar om die leraar se nek bly hang vir die duur van sy of haar bediening. Dit is aan te beveel dat hy of sy maar hiermee vrede maak.

Zack Eswine (2015:28) noem gejaagdheid juis die oorsaak daarvan dat baie van ons nie geduld het met pastorale versorging nie. Wanneer ons langs die bed wag, moet ons nog 'n bietjie wag. Dood, hartseer, verlies, herstel van verslawing, sowel as emosionele of fisiese trauma, ouerskap vir kinders met spesiale behoeftes, aanpassing by chroniese siektes, depressie, gestremdheid of siekte – al hierdie pynlike ontwrigtings word sleg hanteer wanneer die predikant doeltreffend wil wees, want doeltreffendheid vereis gejaagdheid na statistieke. Vir die “belangrike” leraar wat vinnig groot en beroemde dinge wil doen, voel die gebrokenheid van mense eintlik soos 'n indringing van ons belangrike werk vir God. In ons haas, jaag ons verby die dinge wat regtig saak maak. Dit wat Eugene Peterson skryf, is brandend in die harte van elke mistagoog, wat deur sy of haar doop in mistieke eenheid met Christus, deelneem aan die bediening van die opgestane Jesus.

> I want to be a patient pastor. I want to have eyes to see and ears to hear what God is doing and saying in their lives. I don’t want to judge them in terms of what I think they should be doing. I want to be a witness to what God is doing in their lives (Peterson, 2011:284-285).

Die leraar is die een persoon in die gemeenskap wat vry is om mans en vroue ernstig op te neem net soos hulle is, hulle te waardeer net soos hulle is, hulle die waardigheid wat voortspruit uit die 'beeld van God' en geliefde kind van God, te gee (Peterson, 2011:285).

4.9.21 Die sentrale vraag

Die vraag wat in die navorser se hart brand, verskil in groot mate van die vrae wat gewoonlik gevra word of aanbeveel word met spirituele begeleiding. Alhoewel die lidmaat dalk met jou oor iets in sy verhouding met God in die hede praat, het die navorser as mistagoog agtergekom dat die besorgde lidmate meestal sekere ankers in hulle lewe soek. Die leraar grond die hele ontmoeting op God se getroue liefde, en die lidmaat moet weet dat hy of sy God se geliefde kind is, al voel dit

---

van God wat tydens hierdie gesprek op heilige grond was. Ons was nou geloofsgenote. In die mistagogie, dus, weer eens, gaan dit nie om ‘n mistagoog wat wyslike raad gee aan ‘n soeker nie. Dit gaan om die dieper, gedeelde goddelike werklikheid. By die geestelike begeleier en die geestelike begeleide mens is God teenwoordig”.

nie so nie. Dit laat ‘n mens wonder, is die sentrale vraag dan nie byvoorbeeld: “Wat dink jy het God gedoen by (in) jou doop?” nie? In die meeste van die literatuur oor spirituele begeleiding, word die begeleide se verhouding met God gesien in die lig van die persoon se gebedslewe en omgang met die Woord, dus spiritualiteit. Dit is vanselfsprekend uiters belangrik, maar wanneer ons begin by God se inisiatief, sy liefde en betrokkenheid in ons lidmate se lewe, in al ons vreugdes en diepste droefheid, kan ons nie op ’n beter plek begin as by die doop nie. Die antieke vraag by mistagogie, “gee my ’n woord”, maak juis die deur oop vir die gesprek oor God se betrokkenheid vanaf die oomblik van sy of haar doop, die anker van ons verhouding met God.

Terwyl ons maar nog, veral in die NG Kerk, in die babaskoene staan van die hele kuns en praktyk van mistagogie, is die vraag of ons dan nie van die begin af op die regte plek moet begin met begeleiding nie. Die Christus in die mistagoog en die Christus in die lidmaat vind mekaar en die Heilige Gees as die ware Mede-reisiger neem die begeleiding oor wanneer ons mekaar in liefde herinner aan die groot Gods-oomblik in ons lewe by die doop. Dit herinner ook die leraar en begeleide daaraan dat die drie-enige God baie langer op reis is met die lidmaat as die paadjie waarop ons nou medereisigers is. Die doop herinner ons daaraan dat ons in mistieke eenheid met Christus saam met ons God op reis is en dat Hy volledig deel is van die reis, wat ons die lewe en geloof noem. Vanuit God se verhouding met ons, soos belowe en verseël in ons doop, sien die mistagoog en lidmaat mekaar as God se geliefde kinders, ingegraveer in Christus. Die vertroue wat ons in mekaar het, is vertroue wat ons eintlik in die getroue God het. Ons ontmoet Hom by en in mekaar, by die doopvont. Dit was sy ooreenkoms met ons by ons doop, dat Hy ons nooit sal verlaat nie, en vanuit hierdie ooreenkoms bid ons, raak ons lief vir sy Woord, hunker ons na gereelde ontmoetings met Hom, en beleef ons Hom saam op ons reis, ook hierdie reis waarop die mistagoog in mistieke eenheid met Christus bevoorreg is om mede-reisiger te wees.

4.9.22 Metafore in mistagogie

Dit kan soms gebeur dat die mistagoog in sy of haar begeleiding metafore gebruik wat die begeleide ongemaklik laat voel. So byvoorbeeld die metafore oor God. Een van die deelnemers aan hierdie navorsing het die navorser tydens ’n persoonlike gesprek laat verstaan dat hy nie heeltemal tuis is in die Vader-metafoor nie, omdat hy vanweë sy eie pa se druk op hom tydens sy kinderjare, nie ’n goeie vader-beeld het nie. Hy verkies om van die Here te praat as sy heel beste Vriend, en is tuis in die vriend-metafoor.

Dit is noodsaaklik dat die mistagoog ingestel is op die leiding van die Gees van Christus, wanneer hy of sy met sekere metafore werk in sy of haar lidmate se lewe. ”The pastor should display great

sensitivity towards each parishioner's concept of God" (Louw, 1999a:247). Alhoewel die navorser baie tuis is om God te sien as Vader op die troon van liefde en genade wat ons nader nooi, die Seun wat ons bystaan en na die Vader toe begelei en die Gees wat vanuit ons binneste roep "Abba", dus volledig Trinitaries, is die bewuswees van God gefokus op die voortgesette teenwoordigheid van die Seun, ons Broer en Vriend, by ons en in ons, en ons in Hom.

Dwarsdeur die tradisie van mistagogie, was die hooffokus op dissipline, kontemplasie, meditasie en verskeie oefeninge om ons spiritualiteit te vorm in terme van ons persoonlike identiteit en toewyding. Gebed en bewussyn-oefeninge vorm ons godsdiens en persoonlike piëteit. "Central to the understanding of spiritual direction is a way of togetherness, presence, silence and peace where a pastor and parishioner share a mutual fellowship with God" (Louw, 1999a:281).

Louw (1999a:296) verkies, met goeie rede, vanuit die geskrifte van Bernardus van Clairvaux, om aan te sluit by die liefdes-paradigma, en praat dan van God, in die konteks van mistagogie as "Soul Friend" of "Partner for Life" (Louw, 1999a:295) wat tuiskom in God se liefde en getrouheid. Dit beantwoord ook aan die nood vir aanvaarding, gemeenskap, intimiteit en kontinuïteit. Ons moet in gedagte hou dat om aan God 'n "naam te gee" 'n eksistensiële saak is en die relasionele en relatiewe blootlê.

Die rede waarom Louw kies vir die metafore van God as "Sielsvriend" of "Lewens-vennoot" noem hy breedvoerig en slegs die opsomming word hier gemeld:

- Dit verwys na God se eie broosheid in terme van sy identifisering met ons menslike lyding – die gedagte van die gekruisigde God.
- Dit skep die sin vir intimiteit en om te behoort. As "Sielsvriend" het God ons as mense onvoorwaardelik aanvaar.
- Dit los die geslagsprobleem van die huidige debat, oor God as Man (Vader) of God as Vrou (Moeder) op.
- Dit kommunikeer vennootskap, kameraadskap, rentmeesterskap, verteenwoordiger-wees, en *koinonia*.
- Dit verhoed Godsbeelde wat slegs in terme van hulpeloosheid, broosheid en swakheid geïnterpreteer word. Vriendskap dui op getrouheid en vertroue.
- Vriendskap bring eerlikheid en spontaneïteit na vore.

- Vennootskap reflekteer ou Israel se verbondstradisie, wat daarom God se betrokkenheid by sy lydende volk en God se reddende ingryp in ons geskiedenis uitbeeld.
- God as Sielsvriend en Lewensvennoot pas ook beter in by ons kruis-kulturele kommunikasie.
- Dit beoordeel nie mense volgens prestasie-etiek nie. Ons “doen-funksie” is nie in hierdie verhouding nie, maar wel ons “wees-funksie”.
- Vriend word gebruik deur Jesus in Johannes 15:13-15. Ons menswaardigheid word juis uitgedruk deur die feit dat Jesus ons sy vriende noem (Louw, 1999:297-298).

> To be ‘one soul’ with God means to share the same purpose in life: the transformation and empowerment of human beings in terms of the realm of grace and reconciliation. It indicates that God and humans share the same spiritual value: unconditional love (Louw, 1999:299)

Benewens die metafoor vir God se verhouding met die begeleide, is daar ook ’n baie treffende metafoor waarop Pieter de Villiers (7 Junie 2010f) ons aandag vestig, naamlik dié van die verhouding tussen die mistagoog en begeleide. ’n Mens kan die verhouding van die mistagoog tot die een wat mistagogies begelei word, in die vader-seun (of moeder-dogter/seun) metafoor beskryf. Dit het twee duidelike kante.

Eerstens is daar ’n verhouding van die vader tot die seun. Die vader praat nie sommer net met die seun nie. Eers wanneer die seun met hom kom praat, reageer hy. Die seun gaan soek by die pa ’n woord wat hy kan inneem, wat hy deel van hom kan maak en waarop hy sy lewe kan instel. Alles gaan daarom dat hierdie goddelike woord in die geestelike reis gehoor en toegeëien moet word. De Villiers (2010f) verwys na die ou woestynvaders en -moeders wat as mistagoë dikwels ander monnike en spirituele reisigers begelei en vergesel het.

Die seun kom na die geestelike vader. Hy kan nie vry word, nuut word, as hy hom nie vir God oopstel nie. Deur homself vir God oop te maak, stel hy homself in gevaar want die geestelike vader, en dus God wat deur die mistagoog werk, kry toegang tot sy innerlike.

Daar is iets hoogs mistiek in hierdie verhouding van die geestelike reisiger wat die pad saam met die geestelike vader loop. By ’n kruispad, by ’n afdraaipad, as daar ’n onverwagte storm losbars, as hy moeg raak, onseker voel, angs ervaar, gaan hy staan by die vader. Hy soek na God. Sy verlange is om deur die donker heen by God uit te kom. “Wys my, geestelike vader, wat nou.” “Lei my, sodat ek ook vir God kan ontmoet.” “Vader, gee my ’n woord...”

Die woestynvaders het op hulle manier beleef wat ons vandag steeds nog op baie maniere kan meemaak. Met groot waardering beskryf De Villiers (7 Junie 2010f) die leraar as medereisiger van sy lidmate.

> Ons ken hulle: die geestelike vaders en moeders wat ons lewe op kritieke tye op koers gehou het. Op die kansel het hulle woorde, woorde uit die Skrif, ons Sondag na Sondag, Pinkster aand na Pinkster aand, jaar na jaar, aan die hart gegryp en ons lewe in 'n nuwe rigting gestuur. Op 'n siekbed het hulle sagte hand op ons voorkop en eenvoudige gebed op 'n vroegoggend of laat in die aand ons, sonder dat hulle dit besef het, onwillekeurig herinner aan die milde aanraking van die Een wat vertel het hoe Hy in die hospitaal besoek is. By die huisbesoek, net daardie een keer, het hul vriendelike woord by ons wortel geskiet omdat dit ons op daardie goue oomblik aan die vriendelikheid van God laat dink het en aan ons geestelike reis opnuut weer koers gegee het. In persoonlike gesprekke het hulle woorde oor God vir ons God se woorde geword. En steeds weer het hulle ons, op baie groot of stil maniere, herhaaldelik of net vir een oomblik, in die teenwoordigheid van die Verborgene, gebring. Van gelaat tot Gelaat.

4.9.23 Die mistagoog as kontemplatiewe mens

Die eerste taak van 'n leraar as mistagoog is om hom- of haarself te ondersoek, tyd te maak vir gebed en meditasie, aangesien hy of sy nie aan ander kan gee wat hy of sy nie self besit nie (Merton, 1987:28). Mistagogie is afhanklik van gebed tydens en buite die leraar se ontmoetings met die lidmate. Gebed vind plaas wanneer die menslike hart homself aan God openbaar en oop is om te luister en te reageer. Mistagogie vind dan plaas binne die konteks van gebed (Bakke, 2000:47-49). Die leraar bedien daarom vanuit sy binnekamer, vanuit sy of haar eie gebedslewe en bewuste *Coram Dei* lewe. Aangesien die leraar as mistagoog in mistieke eenheid met Christus sy of haar lidmate pastoraal bedien, is dit byna vanselfsprekend dat hy of sy voortdurend bewus moet wees van die Christus in hom of haar en hy of sy in Christus, die uitvloeisel van die doop.

Jeanette Bakke (2000:159 e.v.) gee vir ons rigting oor die mistagoog wat voortdurend "bly in My" (Johannes 15:4). In mistagogie draai alles om God. Die mistagoog glo in, soek en koester 'n verdiepende, voortdurende, liefdes/geloofsverhouding met die Drie-enige God, is verbind tot die Skrif as Godgegewe vir geloof en praktyk en poog om volgens Skriftuurlike beginsels te leef, is bewus daarvan dat God die primêre Bron van kennis, waarheid en liefde is en dat 'n mistagoog 'n

draer van hierdie eienskappe is. Die mistagoog, as kontemplatiewe mens, is ingestel daarop om bewus te wees van en oop te wees om die Gees se teenwoordigheid raak te sien.

Die mistagoog is daarvan oortuig dat God mense uitnooi om hulle te verwonder oor sy handelinge in hulle lewens en daarop te reageer. Die leraar as mistagoog geniet dit om deur die Gees van God in spirituele begeleiding gebruik te word en gee God die eer vir die vrug daarvan. As mense is die spirituele begeleiers manne en vroue van gebed, wat daartoe verbind is om voort te gaan om hul eie spirituele verhouding met God te kultiveer. Hulle dissiplineer hulleself in persoonlike gebed, Skrif-studie en diens, as deel van die geloofsgemeenskap en toegewy aan mistagogie. Die leraar as mistagoog sorg ook dat hy of sy self iemand het wat hom of haar voortdurend spiritueel begelei. Hulle begeer om soos Christus te wees, om na God te luister en om Jesus te volg, gee voldoende aandag aan hulle eie verhouding met God, sodat hulle afhanklik is van sy leiding tydens mistagogie ter wille van die begeleide se verhouding met God.

Die mistagoog het eerstehands ervaar dat God in hulle eie werklikheid met hulle kommunikeer en hierdie ervaring begrond die aanname oor alle ander mense. Hierdie ervaringsgebaseerde oortuiging lei tot 'n kontemplatiewe houding by die leraar as mistagoog wat oop en gretig is om God se weë met sy of haar mense te ontdek (Barry & Connolly, 2009:130-131). Die leraar as mistagoog leef daagliks in kontak met God as mens van gebed. Hierdie oomblikke van gebed is noodsaaklik vir ons om te vertrou dat die Here ons lei en self die werk doen (Nicol, 2010:61).

Ook Moon en Benner (2004:105) beklemtoon dat die mistagoog ‘n man of vrou van gebed is. Die mistagoog is nederig en gebruik stil gebed terwyl hulle besig is met mistagogie. Kenmerkend van 'n mistagoog is dat hy of sy 'n kontemplatiewe mens is[109]. As iemand in God saam met die begeleide in God sien hy of sy ook hierdie ontmoeting van spirituele begeleiding as ‘in God’ en is gedurig op soek na die openbaring van God se teenwoordigheid terwyl Hy besig is om Homself aan die begeleide te gee. Hierdie gedurige gebed onderskei dan ook spirituele begeleiding van die ander tipes van berading. Die spirituele begeleier begelei die lidmaat maar ook die ontmoeting, in afhanklikheid van die ware Begeleier wat teenwoordig is. Dit is noodsaaklik dat die begeleier ook aan sy eie begeerte na God aandag moet gee. Ons kan nie ander op reis neem na plekke

---

[109] Henri Nouwen (1994:43) sien die hoogtepunt van die leraar van vandag en môre as dat hy of sy as kontemplatiewe mens sal lewe. Die leraar wat in hom- of haarself die stem van die Gees ontdek en sy of haar medemens met deernis herontdek, is in staat om na mense en gebeure op ’n heel ander manier te kyk. Die man en vrou van gebed wat sonder ophou bid, raak al hoe meer in staat om in ander die gesig van die Messias raak te sien, dit wat weggesteek was, sigbaar te maak en dit wat onbereikbaar was binne reikafstand te bring (Nouwen, 1994:47).

waar ons nog nie self was nie. Ons kan ook nie sensitief wees vir die Gees in ander, as ons nie gewoond is daaraan om die Gees in ons self raak te sien nie (Moon & Benner, 2004:106).

4.9.24 Opgelei as spirituele begeleier?

Die standpunt van hierdie navorsing, en dit is ook so deur die deelnemers ontvang, is dat hulle in mistieke eenheid, as deelnemers aan Christus se voortgesette bediening van Christus, in wese mistagoog is. ’n Retraite soos hierdie, waarin daar nou eers navorsing gedoen is, maar tog ook hopelik deur die NG Kerk aanvaar sal word as begeleidingsgeleentheid vir leraars binne die konteks van Ringe, behoort genoeg te wees om die leraars bewus te maak daarvan dat hulle vanuit hulle eenheid met die lewende Here, medereisigers van hulle lidmate is, daarom reeds mistagoog is. Aan die ander kant behoort dit baie voordelig te wees indien die leraars van die NG Kerk op groter skaal blootgestel kan word aan die antieke kuns en praktyk van mistagogie.

Sowat ’n dekade gelede, het die navorser op ’n soektog gegaan na ’n groter fokus op mistagogie, of om opleiding te ontvang as spirituele begeleier. Die NG Kerk was op daardie stadium arm aan hierdie spiritualiteits-rigting en uiteindelik het hy ingeskryf by die Avila Institute in Amerika, en onder leiding van Daniel Burke, ’n aanlyn-kursus met onderskeiding geslaag. Die fokus van die kursus was juis oor ons eenheid met Christus, na aanleiding van die leringe van Teresa van Avila. Die spesifieke kursus het aan die navorser die geleentheid gebied om ook sy Gereformeerde standpunt te kon stel in die werkstukke, dat ons ons eenheid met Christus ontvang, en nie verwerf, soos dit blyk uit Teresa se “Interior Castle”, nie. Die feit dat die navorser met blydskap aanvaar is tussen die Rooms-Katolieke en dat daar met openheid ruimte gemaak is vir sy Gereformeerde standpunte, was verblydend en het as motivering gedien om die kursus so deeglik moontlik te voltooi. Die geestelike verdieping en verryking van hierdie besondere kursus, wat soggens vanaf twee-uur aangebied is (met die tydsverskil tussen Suid-Afrika en die VSA), is onmeetlik.

Verblydend is nou die feit dat die NG Kerk hierdie skat begin raaksien het, en teoloë uit eie geledere, soos Willem Nicol, Riaan van der Merwe en ds. Marié Britz en Pieter de Villiers as akademikus, begin het om heelwat predikante in die praktyk van mistagogie in te begelei. Die navorser is bewus daarvan dat opleiding in spirituele begeleiding ook reeds plaasgevind het by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington, en by Anatoth, buite Stellenbosch, die retraite sentrum, waar Marié Britz en haar man, Stefan, predikante en lidmate bedien en begelei op die pad van spiritualiteit. Die navorser was self deel van ’n 30-dae retraite by Anatoth, waar in stilte gefokus is op die Spirituele Oefeninge van Ignatius van Loyola. Die waarde van hierdie stilte-retraites is nog nie ten volle ontdek nie. Die handleiding vir die opleiding van spirituele begeleiers

deur Marié is hoofsaaklik die werk van Barry en Connolly, "*The Practice of Spiritual Direction*"[110]. Barry en Connolly is twee priesters in die Jesuïete-orde wat onskatbare waarde toegevoeg het tot die bewusmaking van die noodsaaklikheid van mistagogie as die basis vir pastorale bediening.

Spiritualiteit en mistagogie hoort bymekaar. Vorming word gehelp deur spirituele begeleiding. In die Gereformeerde tradisie beteken dit een persoon wat 'n ander bedien deur gebed, deur te luister, deur saam te onderskei en te reageer op die teenwoordigheid van God in daardie persoon se lewe, sodat daardie persoon uiteindelik duidelik die beeld van Christus uitstraal (Moon & Benner, 2004:98).

[110] "Die opleiding word gedoen deur 'n netwerk wat bestaan uit die Centre for Christian Spirituality wat destyds deur Biskop Tutu begin is en dan die NGK (ons gebruik die AMSS as die amptelike vennoot). Ons is 'n span van vier persone wat die kernspan uitmaak en dan kry ons rondom sekere temas verskillende mense in wat met bepaalde temas ons help. Die 'handboek' wat basies die model wat gebruik word, goed verduidelik is *The Practice of Spiritual Direction* deur William Barry en William Connolly. 'n Ander boek wat ek dink die teologiese basies goed verduidelik is 'n ander boekie van William Barry, genaamd *Spiritual Direction and the Encounter with God*'" (e-pos ontvang van ds. Marié Britz op 21 Augustus 2022).

HOOFSTUK 5

TEOLOGIESE ASPEKTE VANUIT ’N NORMATIEWE ONDERSOEK

5.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 word teologiese aspekte vanuit ’n normatiewe ondersoek geformuleer ten opsigte van die leraar se roeping as mistagoog in mistieke eenheid met Christus. Die metateoretiese vlak van substantiewe teologiese voorveronderstellings word in ag geneem en daar sal op grammaties-historiese wyse met perikope aansluitend tot die tema omgegaan word en klem sal geplaas word op teologiese konsepte soos eenheid met Christus, deelname aan Christus en “in en deur Christus” toegepas op die praktyk van spirituele begeleiding (mistagogie) as norm vir die bediening.

Aangesien hierdie studie teen die agtergrond van pastorale teologie, mistieke eenheid met Christus, die spirituele verryking van die leraar en mistagogie as norm vir die bediening plaasvind, sal die vier bewegings van *lectio divina* geïntegreer met verbeeldingryke meditasie die metode wees wat gebruik word om die teologiese aspekte vanuit die normatiewe ondersoek te formuleer. Dr. Nico Viljoen het in 2017 ’n proefskrif suksesvol voltooi onder begeleiding van prof. Pieter G.R. de Villiers aan die Universiteit van die Vrystaat, waarin hy Psalms 42 en 43 deur die mistieke lens bekyk het en groot waarde toegevoeg het tot die lees van die Bybel met ons harte. Hy noem die mistieke lees van die Bybel ’n hermeneutiek wat gebaseer is op die praktyk van geestelike lees, of te wel *lectio divina* (Viljoen, 2017:21)[111].

Vir Viljoen (2017:24) is *lectio* dan die daadwerklike leeshandeling, waardeur die leser gestalte gee aan die teks. Die leser is ingetrek in die teks en die teks in die leser. Dit is met die eerste beweging van lectio, dat die Woord geneem word en in ons mond geplaas word. *Meditatio* plaas die fokus op die kritiese analise, wat die herkou van die teksgedeeltes wat jou aandag trek en jou hart in beweging bring. Hier is die eksegese van die teks ook betrokke, alhoewel die mistieke lees van die Woord dikwels na die homiletiek van die teks kyk, eerder as bloot die naakte ontleding van die teks. Die verskil tussen die manier waarop die kritikus en die leser na die teks kyk beskryf Viljoen

---

111 Die eerste fase, *lectio* (lesing), verwys na ’n algemene lesing waarin die betekenis van die teks vorm aanneem; die tweede fase, meditatio (oorweging), dui op ’n detailondersoek van die teks, op soek na dieper betekenis, wat eksegese van die teks insluit; oratio (gebed) is die derde fase en hou verband met die begeerte na die verborgenheid waarvan die teks praat; die vierde fase, contemplatio (aanskoue), het betrekking op die verwerkliking van die verborgenheid in die lewe van die leser (Viljoen, 2017:22).

(2017:27) as volg: “Eerstens tree die kritikus terug van die teks om ’n kritiese, objektiewe afstand te kry, waar die leser poog om die afstand tussen hom- of haarself en die teks te minimaliseer. In die tweede plek vel die kritikus oordele oor die teks en verklaar dit, waar die leser dit nie doen nie.” Dit bly ’n ope vraag of die leraar wat die Woord lees om spiritueel daardeur verryk te word, en biddend met die Bybel omgaan, afstand tussen hom- en haarself, dus objektiewe afstand, kan skep, veral as daarmee rekening gehou word dat die hele proses van *lectio divina* beskou word as ’n ontmoeting tussen die leser en die Outeur van die Woord, met die oog daarop om die omhelsing van God te beleef. Met die oorgang na die vierde fase van ’n spirituele hermeneutiek, naamlik teologiese pragmatiek (*oratio*), vind ’n belangrike skuif plaas; dit is nie meer die inhoud en betekenis van die teks wat die sentrale plek inneem nie, maar die verhouding wat die leser met die inhoud van die teks het. Anders gestel, dit gaan oor die betrokkenheid wat hierdie inhoud by die leser wek. In hierdie fase kom die dialogiese karakter van die model vir ’n spirituele hermeneutiek nog sterker na vore as in die vorige fases (Viljoen, 2017:33). Met *oratio* kom die leser (leraar) in reaksie op die teks en wil dit verwoord in ’n gebed as antwoord op die Woord. Wanneer Guigo II (1979:79) praat oor *oratio*, sê hy dat die bidder as’t ware kragtig “opgelig” word na God. Die woorde van die Woord word dus nou die biddende leraar se woorde. *Contemplatio* is dan volgens Viljoen (2017:37-38) die openbaring van die verborgenheid. Hier gaan dit oor inisiatief “van die ander kant af”. Hierdie inisiatief is verwant aan die verlange van die vorige fase en is ’n reaksie daarop, maar terselfdertyd is hierdie inisiatief nie afhanklik van hierdie verlange nie. God breek as’t ware gedurende die gebed in. Die leraar raak bewus daarvan dat God deur die Woord besig is om iets, wat net Hy kan doen, doen. Die leraar is oop vir die liefde en genade van God wat in sy lewe instroom, God se liefdes-aanraking, terwyl hy of sy rus in die lewende Here se geselskap. In *contemplatio* keer die leraar terug na oomblikke van verwondering, rus en stilte, as iemand wat deur God, deur sy Woord aangeraak is.

5.2 MISTIEKE LENS

Nico Viljoen (2017:42) praat van ’n “spirituele hermeneutiek”. In ’n spirituele hermeneutiek het dit duidelik geword dat daar tussen die leser en die teks iets gebeur: die leser raak ingetrek in die teks. Daar vind ’n samesmelting van horisonne plaas tussen die wêreld van die teks en die wêreld voor die teks en daar vind ’n transformasie by die leser plaas. In dié geval gaan dit oor wat die bestudering van die teks met die leser doen, naamlik die rol van die teks in die God-mens-verhoudingsproses.

Celia Kourie (2019) lewer ’n waardevolle bydrae tot die verskuiwing wat nodig is om uit te kom by ’n gebalanseerde lees van die Bybel. Sy verwys na die ernstige tekortkominge van histories-

kritiese benaderings tot die Bybel, wat onder andere insluit die atomistiese en fragmentariese aard, gebrekkige insig in die literêre eenheid en geheel van die dokumente, konsentrasie op die voor-literêre fase wat die tradisie fragmenteer, en ’n meer holistiese betekenis van die teks in sy breër konteks verhinder, hantering van die Skrif as ’n voorwerp wat gedissekteer moet word eerder as ’n lewegewende openbaring wat ervaar moet word, en die positivistiese raamwerk waarbinne die metode sy beslag vind. Weinig moeite word byvoorbeeld gedoen om die ervaring te verstaan van diegene wat die teks voortgebring het. Daarmee is die eintlike bestaansrede vir hierdie geskrifte van die vroeë Christen-gemeenskappe waardeur die teks se transformerende en lewens-veranderende aard na vore kom (Kourie, 2019:238), geïgnoreer. Kourie (2019:240) gooi nie die kind saam met die badwater uit nie: “Respek vir bestaande metodes van eksegese is daarom belangrik. Dit is ook belangrik vir ’n mens om “terug te staan” van die teks, bewus van die teks se semantiese potensiaal, maar sonder om mens se eie vooropgestelde idees daarop te projekteer”. Geestelike en mistieke lees van die Bybelse teks wil derhalwe nie die histories-kritiese benadering ignoreer nie, maar is ’n noodsaaklike aanvulling tot bestaande eksegetiese benaderings (Viljoen, 2017:2).

Die bepalende element in Christelike mistiek is die onmiddellikheid van kontak met die Goddelike. Mistiek verwys na die direkte of onmiddellike bewussyn van God se teenwoordigheid in die sentrum van die menslike bestaan. Hierdie bewussyn behels nuwe wyses van weet of ken (“knowing”) en liefhê. Hierdie kennis en liefde spruit voort uit die bewussyn van God se teenwoordigheid in die innerlike wese, as die direkte en transformerende sentrum van lewe. Belangrik is ook om die onderskeid tussen die mistieke weg en mistieke ervaring in gedagte te hou. Die mistieke weg dui op die proses, die reis na God toe en die mistieke ervaring dui op bepaalde ervaringsmomente op die geestelike weg (Viljoen, 2017:44). Dit moet in gedagte gehou word wanneer ons met die Skrif omgaan om die omhelsing van God daarin te beleef. Bewustheid van die goddelike teenwoordigheid kan enersyds uitgedruk word as eenheid met God, *unio*, of gemeenskap met God, *communio*. Van kardinale belang in enige ontleding van mistiek is die ervaringsaard daarvan. Dit is die ervaring van eenheid met God, die belewing van die mistieke eenheid wat reeds tussen God en die leser bestaan, uit hoofde van die doop. In Christelike mistiek is dit Christus wat hierdie eenheid deur die Gees artikuleer (Kourie, 2019:240). Die tyd het aangebreek om ontvanklik daarvoor te wees en die mistiek as ’n goddelike gawe te beskou met besondere voordele vir die interpretasie van die Skrif (Kourie, 2019:241).

’n Mistieke hermeneutiek van die Skrif is een waar die eindresultaat ’n direkte ervaring van God, die “Ek is Wie Ek is” (Eksodus 3:14) is. Die uitdaging om die onuitspreekbare uit te spreek, om in

taal dít wat anderkant taal en selfs gedagtes lê, uit te druk, kan nie oorskat word nie. ’n Mistieke lees van die Skrif getuig van die lewegewende krag van die tekste. Die teks breek deur gevestigde voorveronderstellings, korrigeer en hersien bestaande oortuigings, en moedig op dié wyse ’n nuwe self-verstaan aan, met die gevolg dat ’n transmutasie van karakter en daaglikse lewe plaasvind. Ons kan die Drie-eenheid hiermee vertrou, wat deur sy Woord en Gees vernuwend werk in gedooptes se lewens. ’n Mistieke hermeneutiek konsentreer derhalwe meer op die sinkrone aspek van die teks. Dit kan as immanente hermeneutiek beskryf word. Die teks kan nou meer geredelik erken word as ’n bemiddeling van betekenis wat in die leser gebeur en wat as't ware ’n “deur” tussen verskillende dimensies van bewussyn vorm. Dikwels noodsaak die reis in nuwe dimensies ’n toetrede tot die stilte, tot die leemte – die onuitspreekbare. Woord en stilte is onherroeplik vervleg (Kourie, 2019:243).

Celia Kourie (2019:247) vat haar pleidooi vir die verskuiwing van die lees van die Woord so saam: Eerstens, as gevolg van die akademie se lang verwaarlosing van sy innerlike wêreld is die simboliese, transformatiewe en mistieke aspekte van die Skrif geminimaliseer. ’n Tipe akademiese meerderwaardigheid het bygedra tot hierdie stand van sake, en tekste wat bedoel is om op vele vlakke van betekenis te resoneer, is tot hulle letterlike betekenis gereduseer. Tweedens, ’n mistieke hermeneutiek konsentreer op die sinkrone aspek van die teks. Die Bybel word as ’n lewende tweegesprek in ons lewegewende geskiedenis gesien. Derdens, ’n mistieke lees van die Skrif bring mistieke verligting mee. ’n Terugkeer na ons mistieke wortels en ’n herontdekking van ons mistieke erfenis sal daarom deure open na ’n deursigtige verstaan van die antieke tekste, ’n verstaan wat nie net die akademie nie, maar ook die samelewing in sy geheel positief sal raak.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die normatiewe taak aangepak word, met die hoop dat die Skrifgedeeltes wat deel is van hierdie navorsing deur die mistieke lens gelees sal word, sodat die leraar se oë gevestig sal wees op die drie-enige God wat ons intrek in sy liefdesverhouding om in mistieke eenheid met Christus te wees en te bly.

Die Skrifgedeeltes wat tydens die navorsings-retraite in diepte deur die deelnemers bespreek en beleef is, is Johannes 15:1-8 (9-16) waaraan die meeste aandag gegee word, Romeine 6:1-4 (13); Galasiërs 3:26-29 en Efesiërs 3:14-21. Telkens tydens die gesprekke en individuele begeleiding is verwys na Johannes 15, wat in die oë van die leraars die basis vorm vir ons mistieke eenheid met Christus. Johannes 15:1-8 (9-16), Romeine 6:1-5 en Galasiërs 2:19-20 word hier bespreek.

5.3 JOHANNES 15:1-8 (9-16)

Nico Viljoen (2017:14) praat van die kontemplatiewe Jesus-gesentreerde spiritualiteit van Johannes, terwyl Ralph Inge (2005:21) die evangelie van Johannes die “spirituele evangelie”, die handves van Christelike mistiek noem. Die Christelike mistiek kan inderdaad amper Johanneïse Christenskap genoem word; of om dit nog beter te stel, dat 'n Johanneïse Christenskap die ideaal is wat die Christelike mistikus voor hom- of haarself stel.

a. *Lectio*

1 Ἐγώ εἰμι ἡ ἄμπελος ἡ ἀληθινὴ καὶ ὁ πατήρ μου ὁ γεωργός ἐστιν.

Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer.

2 πᾶν κλῆμα ἐν ἐμοὶ μὴ φέρον καρπὸν αἴρει αὐτό, καὶ πᾶν τὸ καρπὸν φέρον καθαίρει αὐτὸ ἵνα καρπὸν πλείονα φέρῃ.

Elke loot in My wat nie vrug dra nie, sny Hy af, en elkeen wat vrug dra, maak Hy skoon sodat dit meer vrug kan dra.

3 ἤδη ὑμεῖς καθαροί ἐστε διὰ τὸν λόγον ὃν λελάληκα ὑμῖν·

Julle is reeds skoon as gevolg van die woord wat ek vir julle vertel het

4 μείνατε ἐν ἐμοί, κἀγὼ ἐν ὑμῖν. καθὼς τὸ κλῆμα οὐ δύναται καρπὸν φέρειν ἀφ’ ἑαυτοῦ ἐὰν μὴ μένῃ ἐν τῇ ἀμπέλῳ, οὕτως οὐδὲ ὑμεῖς ἐὰν μὴ ἐν ἐμοὶ μένητε.

Bly in My en Ek in julle. Soos die loot nie vrug kan dra uit sy eie uit behalwe as dit in die wingerdstok bly nie, so julle ook nie as julle nie in My bly nie.

5 ἐγώ εἰμι ἡ ἄμπελος, ὑμεῖς τὰ κλήματα. ὁ μένων ἐν ἐμοὶ κἀγὼ ἐν αὐτῷ οὗτος φέρει καρπὸν πολύν, ὅτι χωρὶς ἐμοῦ οὐ δύνασθε ποιεῖν οὐδέν.

Ek is die wingerdstok, julle die lote. Hy wat in My bly en Ek in hom dra baie vrug, omdat julle niks sonder My kan doen nie.

6 ἐὰν μή τις μένῃ ἐν ἐμοί, ἐβλήθη ἔξω ὡς τὸ κλῆμα καὶ ἐξηράνθη καὶ συνάγουσιν αὐτὰ καὶ εἰς τὸ πῦρ βάλλουσιν καὶ καίεται.

Tensy iemand in My bly, word hy na buite gegooi soos die loot en verdroog; Hulle versamel dit en gooi dit in die vuur en dit verbrand

7 ἐὰν μείνητε ἐν ἐμοὶ καὶ τὰ ῥήματά μου ἐν ὑμῖν μείνῃ, ὃ ἐὰν θέλητε αἰτήσασθε, καὶ γενήσεται ὑμῖν.

As julle in My bly en my woorde in julle bly, vra wat ook al julle wil hê en dit sal vir julle gebeur

9 Καθὼς ἠγάπησέν με ὁ πατήρ, κἀγὼ ὑμᾶς ἠγάπησα· μείνατε ἐν τῇ ἀγάπῃ τῇ ἐμῇ.

Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad; bly in my liefde.

10 ἐὰν τὰς ἐντολάς μου τηρήσητε, μενεῖτε ἐν τῇ ἀγάπῃ μου, καθὼς ἐγὼ τὰς ἐντολὰς τοῦ πατρός μου τετήρηκα καὶ μένω αὐτοῦ ἐν τῇ ἀγάπῃ.

As julle my opdragte gehoorsaam, sal julle in my liefde bly, soos Ek die opdragte van my Vader gehoorsaam het en in sy liefde bly.

11 Ταῦτα λελάληκα ὑμῖν ἵνα ἡ χαρὰ ἡ ἐμὴ ἐν ὑμῖν ᾖ καὶ ἡ χαρὰ ὑμῶν πληρωθῇ.

Ek het hierdie dinge vir julle gesê sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volledig kan wees.

12 Αὕτη ἐστὶν ἡ ἐντολὴ ἡ ἐμή, ἵνα ἀγαπᾶτε ἀλλήλους καθὼς ἠγάπησα ὑμᾶς.

Hierdie is my opdrag, dat julle mekaar moet liefhê soos Ek julle liefgehad het

13 μείζονα ταύτης ἀγάπην οὐδεὶς ἔχει, ἵνα τις τὴν ψυχὴν αὐτοῦ θῇ ὑπὲρ τῶν φίλων αὐτοῦ.

Groter liefde as dit het niemand nie, dat iemand sy lewe (*siel*) vir sy vriende gee

14 ὑμεῖς φίλοι μού ἐστε ἐὰν ποιῆτε ἃ ἐγὼ ἐντέλλομαι ὑμῖν.

Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel

15 οὐκέτι λέγω ὑμᾶς δούλους, ὅτι ὁ δοῦλος οὐκ οἶδεν τί ποιεῖ αὐτοῦ ὁ κύριος· ὑμᾶς δὲ εἴρηκα φίλους, ὅτι πάντα ἃ ἤκουσα παρὰ τοῦ πατρός μου ἐγνώρισα ὑμῖν.

Ek noem julle nie meer slawe nie, omdat die slaaf nie weet wat sy heer doen nie, maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het aan julle bekend gemaak het.

16 οὐχ ὑμεῖς με ἐξελέξασθε, ἀλλ’ ἐγὼ ἐξελεξάμην ὑμᾶς καὶ ἔθηκα ὑμᾶς ἵνα ὑμεῖς ὑπάγητε καὶ καρπὸν φέρητε καὶ ὁ καρπὸς ὑμῶν μένῃ, ἵνα ὅ τι ἂν αἰτήσητε τὸν πατέρα ἐν τῷ ὀνόματί μου δῷ ὑμῖν.

Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en Ek het julle aangestel sodat julle kan gaan en vrug dra en julle vrug blywend kan wees, sodat wat ook al julle die Vader in my Naam vra, Hy vir julle sal gee.

17 Ταῦτα ἐντέλλομαι ὑμῖν, ἵνα ἀγαπᾶτε ἀλλήλους.

Ek beveel julle dat julle mekaar moet liefhê.[112]

b. Meditatio

Ofskoon hierdie beweging beskou kan word as die krities-analitiese fase van *lectio divina*, word die Woord wat in *lectio* in die mond geplaas is, nou herkou. Sekere gedeeltes of woorde wat uitstaan vir die leraar, word, in konteks, vasgelê in sy of haar hart. Die fokus van hierdie studie is die woorde "ἐν ἐμοὶ", "μείνατε ἐν ἐμοί", "ἐν ὑμῖν", "τὰ ῥήματά μου ἐν ὑμῖν μείνῃ", "μείνατε ἐν τῇ ἀγάπῃ τῇ ἐμῇ" en "ἡ χαρὰ ἡ ἐμὴ ἐν ὑμῖν". Dit is die woorde en sinsnedes wat in die konteks van ons mistieke eenheid met Christus die oog vang en word in die konteks van die wingerdstok en die lote se eenheid met mekaar eksegeties en homileties bespreek.

- Die ware Wingerdstok

Die agtergrond vir die metafoor[113] van die druiwestok of wingerdstok is waarskynlik die Ou Testamentiese metafoor vir Israel (Jesaja 5) (Ridderbos, 1997:515, Barrett, 1976:394). Die ou Israel as wingerd was een groot teleurstelling en mislukking. Die "ware Wingerdstok" word dus gestel teenoor die mislukte wingerd, naamlik ou Israel. "Since John (i 47) sees the Christian believers as the genuine Israelites, the vine as a symbol of Jesus and the believers is, in a certain way, the symbol of the new Israel" (Brown, 1966:670)[114]. Jesus, as die ware wingerdstok, vervang Israel in die Ou Testament as 'n wingerdstok wat God in die beloofde land geplant het. Daarom word die volk van God nie meer met 'n gebied geassosieer nie. Die volk van God is dié wat in die ware wingerdstok bly – dit wil sê, hulle leef in verhouding met Jesus (Fourie, 2012:4).

---

112 Die Griekse teks is geneem uit The Greek-English Parallel New Testament: English Standard Version (2012) en is die Nestle-Aland, Novum Testamentum Graece, 28ste Hersiene Weergawe onder redaksie van Barbara Aland, Kurt Aland, Johannes Karavidopoulos, Carlo M. Martini, en Bruce M. Metzger in samewerking met die Institute for New Testament Textual Research, Münster/ Westphalia, © 2012 Deutsche Bibelgesellschaft, Stuttgart. Die Afrikaanse direkte vertaling is, met enkele wysigings deur die outeur geneem uit Interliniêre Bybel Grieks-Afrikaans (2012) onder redaksie van Jan van der Watt, Jan Barkhuizen en Herman du Toit, uitgegee deur CUM, Vereeniging. Die heel nuutste vertaling van die Afrikaanse Bybel (2020-Direkte Vertaling) word gebruik om so na as moontlik getrou te bly aan die nuutste weergawe in Afrikaans.

113 Ridderbos (1997:514) praat van 'n "similitude with allegorical features", terwyl Brown (1966:668) dit weer vergelyk met die "*masha*l" (allegorie) in die Ou Testament.

114 "Jesus, by calling himself the true vine and, in immediate association therewith, his Father the planter and keeper of the vineyard, applies to himself this redemptive-historical description of the people of God. He thus becomes the one who represents or embodies the people" (Ridderbos, 1997:515, vergelyk Wright, 2004:70). Ook Paul Minear (1977:43) verwys hierna: "... it is likely that John intended to stress the conviction that Christ-with-his-disciples was to be understood as the true Israel. In them, in the Messiah-with-his-people God was manifesting to the world his fulfillment of the agelong promise". 'n Mens sou dit kon uitbrei met "Christ-in-his-disciples" en "the Messiah-in-his-people" as die vervulling van die eeue-oue belofte.

Merkwaardig is die feit dat beide Brown (1966:672) en Barret (1976:394) die beeld van die wingerdstok en die plek van Jesus se vertelling plaas teen die agtergrond van die doop en nagmaal, beide sakramente wat ons mistieke eenheid met Christus bevestig. Ons eenheid met Christus vorm die basis en tema van die hele Johannes 15. “There is a mutual indwelling of the Father, Son and disciple” (Barrett, 1976:394, Fourie, 2012:5). “Ἐγώ εἰμι ἡ ἄμπελος ἡ ἀληθινὴ καὶ ὁ πατήρ μου ὁ γεωργός ἐστιν” beskryf die Christologiese werklikheid as basis vir die ekklesiologiese werklikheid (Minear, 1977:42). Die trinitariese betrokkenheid in hierdie metafoor is van uiterste belang: “We must point out that with Jesus as the vine and the Father as the gardener, the words of Jesus, which contain the Spirit (Jn 6:63), cleanses the disciples. Therefore, we see the whole of the Trinity playing a part in the metaphor, pointing to the indicator of trinitarian balance” (Fourie, 2012:4-5). Die trinitariese *perichoresis* word so uitgebeeld deur Jesus, dat ŉ mens dit as’t ware kan sien met jou eie oë wanneer jy na die wingerdstok en die lote met die vrug daaraan kyk terwyl jy die woorde van Jesus in *meditatio* herkou.

Johannes 14:20 stel die tema van wedersydse inwoning, wat ons in hierdie metafoor vind, tussen Jesus en die gelowige bekend wanneer Jesus sê “jy is in My en Ek is in jou”. Die metafoor van Johannes 15:1-8 bou hierop voort deur te sê dat die lote (gelowiges) die lewe van die wingerdstok kry en dat die wingerdstok (Jesus) vrug dra deur die lote. Dit is 'n aanduiding van interafhanklikheid en groei (Fourie, 2012:5). “Christ dwells principally on this, that the vital sap — that is, all life and strength from himself alone — proceeds, no man has the nature of a vine, till he be implanted in him” (Calvin, 2009:88). “Goddelike inwoning word aan die gang gesit deur God se inisiatief om na die mensdom uit te reik. In mistieke spiritualiteit begin God, maar hou nooit op met hierdie uitreik nie. Hierdie goddelike inisiatief is veral prominent in Johannes se Evangelie” (Stander, 2016:87). Hierdie inisiatief is volgens Johannes 15 die Vader se beweging. Hy plant sy eie Seun, Jesus in ons wêreld as die ware wingerdstok. As Vader en as Landbouer (ὁ γεωργός), neem Hy verantwoordelikheid vir die wingerdstok, van die begin tot die einde. Hy plant die wingerdstok, maak die lote skoon en word deur die vrug van die wingerdstok en lote verheerlik (De Boor, 1972:121). Voordat Jesus enigsins praat van in Hom bly of vrug dra, draai Hy die dissipels se oë hemelwaarts na die Vader wat oor hulle waak en alles in hulle werk. Aan die wortel van die hele Christelike lewe lê die gedagte dat God alles moet doen, dat ons werk is om onsself in sy hande te gee en te laat, in die belydenis van uiterste hulpeloosheid en afhanklikheid, in die versekerde

vertroue dat Hy alles gee wat ons nodig het (Murray, 1897:7)[115]. "This, the last of John's "ἐγώ εἰμι" sayings about Jesus, is the only one that has an additional assertion, and my Father is the gardener" (Fourie, 2012:4). Dit is asof Jesus met al sy "ἐγώ εἰμι"-uitsprake in Johannes, Jahwe se openbaring in Eksodus 3:14, "Ek Is", voltooi en vervul!

- Die lote

Jesus beskryf sy dissipels as "πᾶν κλῆμα ἐν ἐμοὶ", die lote in Hom wat reeds skoon is deur sy woorde wat Hy vir hulle gesê het. Die dissipels as die aanvanklike lede van die nuwe volk van God is reeds deur die hele skoonmaakproses. Daar is nie 'n spesifieke woord waarna verwys word nie, maar Barrett (1976:395) meen:

> There is no inconsistency with 13:10 nor in John's mind any wish to contrast a cleansing activated by physical means (baptism) with a cleansing wrought by the spoken word only. In both ch.13 and ch.15 he is thinking of the total effect of what Jesus was and did for his own. In the former the process of washing represents, as we have seen, the whole loving service of Jesus to men, culminating in his death; in the latter his "word" is the message of salvation which he brings, and in himself is. Cf.6.63, where John passes from the eating of flesh and the drinking of blood to the ῥήματά of Jesus as spirit and life (vgl. Brown, 1966:672)[116].

- Bly in My soos Ek in julle

Wanneer Jesus dan in vers 4 sê: "μείνατε ἐν ἐμοί, κἀγὼ ἐν ὑμῖν", aanvaar ons dat die dissipels deur Jesus gesien word as reeds "in" Jesus, soos Hy in hulle.

> The Christians to whom this *mashal* was addressed would have become branches in Jesus through Baptism. This would make them fruit bearing because it would give them life begotten from above and would make them clean according to the symbolism of 13:10. But to make them bear more fruit it was necessary that Jesus'

---

115 'n Mens kan sekerlik nie die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit as jou probleem-eienaar hê, sonder om ook te verwys na hierdie teoloog in die lewe van die NG Kerk, wat 'n reuse-invloed gehad het op die spiritualiteit van die kerk met sy "nugtere mistiek" (De Villiers, 2015:639) nie, daarom die gebruik van hierdie baie ou bron.

116 "The relation is primarily one of love (and faith) and only secondarily eucharistic. Perhaps, when it was brought into the context of the Last Supper, the *mashal* of the vine served in Johannine circles the paraenetic purpose of insisting that eucharistic union must last and bear fruit and must deepen the union between Jesus and his disciples already existing through love" (Brown, 1966:674).

> commandment of love gradually express itself more and more in their lives (Brown, 1966:677).

Nou is sy opdrag dat hulle in Hom moet bly soos Hy in hulle. “We begin to become branches at the time when we are united to him. And, indeed, Scripture elsewhere shows that, before we are in him, we are dry and useless wood” (Calvin, 2009:80). Jesus weet dat die dissipels in Hom alleen vrug kan dra wat die Vader verheerlik, wanneer hulle hierdie eenheid wat Hy reeds met hulle bereik het, koester en daarin bly. De Boor (1972:123) stel dit treffend: "Die Rebe “trägt“ zwar die Frucht, aber sie bringt es nicht selber hervor. Nur im völligen Bleiben am Weinstock, im unaufhörlichen Durchströmtwerden von seinem Saft kann sie Frucht tragen“. Die uitdrukking "Durchströmtwerden von seinem Saft“ is werd om te herkou, om deurstroom te wees van die sap van die wingerdstok, gee vir die loot lewe en vrug! Dit herinner aan die woorde van Andrew Murray oor die verhouding tussen Jesus en sy dissipels, die verhouding tussen die wingerdstok en die lote – laat ons eerstens inneem wat 'n loot is en wat dit ons leer van ons lewe in Christus. 'n Loot is bloot 'n stukkie hout, wat deur die wingerdstok voortgebring word met die een doel om dit te dien om sy vrugte te dra. Dit is van dieselfde aard as die wingerdstok en het een lewe en een gees. Soos ek deur God in Christus geplant is, het ek myself geheel en al gegee om die vrug te dra wat die Wingerdstok begeer om voort te bring. Die loot is presies soos die wingerdstok in elke opsig – dieselfde aard, dieselfde lewe, dieselfde plek, dieselfde werk. In al hierdie dinge is hulle onlosmaaklik een, en daarom moet die gelowige weet dat hy deelgenoot van die Goddelike natuur is en die aard en Gees van Christus in hom of haar het, en dat sy of hy een roeping is om hom- of haarself aan 'n volmaakte gelykvormigheid aan Christus oor te gee. Die wingerdstok het sy opgaarplekke van lewe en sap en krag, nie vir homself nie, maar vir die lote. Die lote is en het niks anders as wat die wingerdstok voorsien en gee nie. Die gelowige word geroep in 'n lewe van algehele en onophoudelike afhanklikheid van Christus in. Dag en nag, elke oomblik, moet Christus alles in Hom werk wat Hy nodig het (Murray, 1897:9 – outeur se redigering).

Prof. Elna Mouton (2022) skryf ’n artikel waarin sy uit die geskrifte van Andrew Murray, ’n “gesprek” met hom voer op die stoep van Clairvaux, sy woning tydens sy verblyf in Wellington: “I am Elna Mouton, honoured to have been appointed the first chaplain of the Centre for Spirituality named after you here in Wellington” (Mouton, 2022:244). Sy gaan voort en beskryf Murray se nadenke oor ons eenheid as: “Your mystical thinking on the mutual indwelling of God and believers in John 15”, waarop Murray dan sou antwoord:

> I am the true Vine. This is a heavenly mystery. The experience of this is part of the hidden mystery, which none but Jesus Himself, by His Holy Spirit, can unfold and impart. I am the true Vine. The vine is the living Lord, who Himself speaks, and gives, and works all that He has for us. If you would know the meaning and power of that word, do not think to find it by thought or study; these may help to show you what you must get from Him to awaken desire and hope and prayer, but they cannot show you the Vine. Jesus alone can reveal Himself. He gives His Holy Spirit to open the eyes to gaze upon Himself, to open the heart to receive Himself. He must Himself speak the word to you and me (Murray, 1897:2).

Oor hierdie misterie skryf Murray verder treffend: Die werk wat aan ons opgedra is, "Bly in My", sal ons voorberei vir die werk wat Hy onderneem het - "Ek in julle". Die twee dele van die opdrag het hul eenheid in daardie sentrale diep-bedoelende woord "in". Daar is geen dieper woord in die Skrif nie. God is in almal. God woon in Christus. Christus leef in God. Ons is in Christus. Christus is in ons, ons lewe is opgeneem in Syne. Sy lewe is ontvang in ons ’n. *In* 'n goddelike werklikheid wat woorde nie kan uitdruk nie, is ons in Hom en Hy in ons. En die woorde, "Bly in My en Ek in julle," sê net vir ons om dit te glo, hierdie Goddelike misterie, en om op ons God die Landbouer en Christus die Wingerdstok te reken, om dit goddelik waar te maak. Geen denke of lering of gebed kan dit begryp nie – dit is 'n goddelike misterie van liefde. So min as wat ons die eenheid kan bewerkstellig, kan ons dit verstaan. Kom ons kyk net na hierdie oneindige, goddelike, almagtige Wingerdstok wat ons liefhet, ons vashou en in ons werk. Laat ons in die geloof van Sy werking in Hom bly en rus en altyd hart en hoop op Hom alleen rig, en laat ons op Hom reken om die misterie in ons te vervul: "Julle in my en Ek in julle" (Murray, 1897:19 – outeur se vrye vertaling).

- Sonder My kan julle niks doen nie

Die moontlikheid bestaan wel dat ons kan probeer om “dinge vir God te doen”, terwyl ons ons eenheid met Christus ignoreer, asof ons verantwoordelik is vir die harde werk en vrug. In vers 5 gee Jesus juis die antwoord op hierdie probleem. De Boor (1972:124) stel dit so:

> Die loot is nie maar af en toe vas aan die wingerdstok nie; dit het nie enkele ure in die dag waarin dit die sap van die wingerdstok ontvang nie. 'n Loot is 24 uur agtereenvolgens heeltemal vasgegroei aan die wingerdstok, dag en nag. In hierdie uiterste sin bly die loot in die wingerdstok. Op dieselfde manier kan daar in die lewe van die dissipel nie enkele minute of ure van toewyding wees waarin hy verbinding

> met Jesus soek nie, want sonder my kan julle niks doen nie. Dit lyk natuurlik of die lewens en optrede van individuele dissipels en hele gemeentes getoon het dat selfs sonder hierdie lewensverbintenis met Jesus, 'n mens geweldig baie kan doen en indrukwekkende prestasies kan behaal, maar dit is alles niks, want dit is nie vrug wat die Vader verheerlik nie (De Boor, 1972:124 – vry vertaal deur outeur).

Calvyn (Ed. Pringle, 2009:90) maan in sy kommentaar oor vers 5 dat ons versigtig moet wees en nie Jesus se woorde moet verstaan as dat ons sonder Jesus niks kan doen nie, maar dat ons met sy hulp tog iets van onsself kan bied as aanvulling tot sy genade[117].

> But Christ, on the other hand, declares that we can do nothing of ourselves. The branch, he says, beareth not fruit of itself; and, therefore, he not only extols the aid of his co-operating grace, but deprives us entirely of all power but what he imparts to us. Accordingly, this phrase, *without me*, must be explained as meaning, *except from me*.

Dit moet beklemtoon word dat die dissipel van Jesus in mistieke eenheid met Hom slegs vrugbaar kan bedien in *participatio Christi*. Vers 5 stel dit duidelik dat die mens, behalwe in eenheid met Hom, niks kan doen nie, totaal hulpeloos is. “In isolation from Him no spiritual achievement is possible” (Morris, 1977:671)[118]. Dit klink so logies.

---

117 “The fruit of Christian service is never the result of allowing the natural energies and inclinations to run riot” (Morris, 1977:669).

118 Ridderbos (1997:517) beklemtoon dit ook: “Therefore everything depends on remaining in him, in order, on the basis of that new purity in him, to bear much fruit. For "As the branch cannot bear fruit by itself unless .it remains in the vine, neither can you unless you remain in me." The same thought returns in vs. 5 in the form of a promise, with another characteristic' 'I am" saying, and with an additional admonition: "apart from me you can do nothing." This motif of "remaining" is characteristic of the Fourth Gospel and recurs in all sorts of expressions, but here it occurs more often (seven times) and with greater emphasis than elsewhere. This is explained by the farewell situation, in which Jesus is urging his disciples to remain faithful to him after his departure. The necessity and nature of this "remaining" are advanced here, more clearly than anywhere else, with the image of the vine as the only possibility of continuing to bear fruit. Therefore, "remaining in him" is not a state of rest, an adherence to what the disciples have already received in Jesus solely to conserve it (cf. Mt. 25:24f.), but an adherence to him as the vital source of help and strength, in order to bear much fruit. Hence the imperative: "Remain in me!"”. Maar aansluitend by hierdie imperatief in die dikwels herhaalde wederkerige formule van immanensie is "en Ek in julle", 'n frase wat verstaan moet word deur die voortstuwende effek van sy woord en Gees. "Want sonder My kan julle niks doen nie," dit wil sê niks wat ooreenstem met die nuwe lewe wat Hy skenk en die nuwe gebod wat Hy gee nie, want sonder dat hierdie wederkerige in Hom en Hom in hulle voortgaan, sal hulle op hulleself terugval, hetsy in totale onvrugbaarheid of verval in die wilde groei wat nie meer deur sy woord gevorm word nie, in aktivisme of idealisme wat nie van Hom afgelei of tot Hom gerig is nie (outeur se vrye vertaling). “Branches that decide to ‘go it alone’, to try living without the life of the vine, soon discover their mistake” (Wright, 2004a:71).

- My woorde in julle

Vanaf vers 7 klink dit asof Jesus die eerste 6 verse eksegetiseer, nog duideliker maak hoe die lewe in mistieke eenheid met Hom lyk. “Thus 7-17 unfold the implications of the indwelling that was the theme of the *mashal* in 1-6” (Brown, 1966:679). Jesus voeg by sy inwoning in sy dissipels, ook nog sy woorde wat “in” hulle bly (καὶ τὰ ῥήματά μου ἐν ὑμῖν μείνῃ). Jesus in ons en sy woorde (ῥήματά) in ons, die woorde (τὸν λόγον), waardeur sy dissipels skoongemaak word (vers 3) is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Ridderbos (1997:518) praat van die positiewe rigting wat Jesus inneem: “‘And my words remain in you’ stands in place of and explains the ‘I in you’”, en die blywende impak van Jesus se woorde in sy dissipels. “All the above remarks highlight the importance of the indwelling words of Jesus for lasting transformation” (Stander, 2016:118).

“As my woorde in julle bly" – dit wil sê nie net in meditasie, in herinnering, in liefde, in geloof nie – kom al hierdie woorde in jou wil, jou wese in en vorm jou lewe en dit verander jou karakter volgens die woorde, en jy word en is wat hulle sê en beteken – vra wat julle wil; dit sal aan julle gedoen word. Jou woorde aan God in gebed sal die vrug van Christus en Sy woorde wees wat in jou leef (Murray, 1897:35). Die dissipel is deurstroom van Jesus se lewe en sy woorde! Ook hierdie versekering van Jesus bring soveel rus vir mense wat dikwels wonder: “Wat gaan ek sê?”, veral in omstandighede waarin woorde dikwels gebruik word om ongemaklike stiltes te verbreek. Wanneer jy dan besef dat jy ook deurdring is met Jesus se woorde in jou en Hom in jou die geleentheid gee om sy eie woorde in mense se lewens in te spreek, kan jy ook verseker wees dat die gebed waarmee jy hulle bedien in Jesus se woorde sal wees, al klink die gebed vir jou onbeholpe of broos.

> When the believer abides in Christ and Christ’s words abide in him then he lives as close to Christ as well may be. Then his prayers will be prayers that are in accord with God’s will and they will be fully answered (Morris, 1977:672).

Gebed is juis om in Jesus te bly en Hy in jou, “the condition of prevailing prayer is abiding in Christ” (Morris, 1977:671).

> ...prayer is one of the most important forms of "remaining in him." Here again their prayers and the answers to those prayers will be related especially to "the works" that they will do as Jesus' disciples and that will thereby be qualified as "the fruit of the vine” (Ridderbos, 1997:518).

- Bly in my liefde en my liefde in julle

In Johannes 15:9 en 15:10 herinner Jesus sy dissipels om in sy liefde te bly. Opvallend is die weglating van die woorde “en my liefde in julle”. Wanneer Jesus verder uitbrei op sy liefde, hoor ons ook die wedersydse inwoning van sy liefde. In Johannes 15:12 en 15:17 beveel Hy hulle om mekaar lief te hê soos Hy hulle liefgehad het. Dit moet saamgelees word met wat Jesus ná die voetewas-episode vir sy dissipels gesê het: "Ek gee julle ŉ nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Net soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Dit is hoe almal sal weet dat julle my dissipels is – as julle liefde teenoor mekaar het.” (Joh. 13:34-35; 2020-Vertaling). Watter mistieke interpretasie ook al gegee word aan “bly”, die mistikus wat verlang om te bly in en dus in eenheid met Jesus te leef, sal altyd deur liefde gelei word (Stander, 2016:119).

> He leads us once again to Himself, to show us how identical His own life is with ours. Even as the Father loved Him, He loves us. His life as vine dependent on the Father was a life in the Father’s love; that love was His strength and His joy; in the power of that divine love resting on Him He lived and died. If we are to live like Him, as branches to be truly like our Vine, we must share in this too. Our life must have its breath and being in a heavenly love as much as His (Murray, 1897:41).

Net soos die liefde van die Vader vir Christus, so is Sy liefde vir ons 'n goddelike misterie, te hoog vir ons om te begryp of te bereik deur enige inspanning van ons eie. Dit is slegs die Heilige Gees wat die liefde in ons kan uit(in)stort (Rom.5:5) en in sy allesoorheersende krag sonder onderbreking hierdie wonderlike liefde van God in Christus kan openbaar. Dit is die wingerdstok self wat die loot sy groei en vrugte moet gee deur sy sap daarin op te stuur. Dit is: Christus self moet deur Sy Heilige Gees in die hart woon; dan sal ons die liefde ken en in ons hê.

In vers 13 maak Jesus dit duidelik presies hoe lief Hy sy dissipels het: “μείζονα ταύτης ἀγάπην οὐδεὶς ἔχει, ἵνα τις τὴν ψυχὴν αὐτοῦ θῇ ὑπὲρ τῶν φίλων αὐτοῦ. Wanneer die dissipels dalk nog wonder wie hierdie vriende is, aangesien hulle as sy volgelinge Hom dien as diensknegte, as slawe, is dit asof Hy hulle in die oë kyk en sê: “Dit is julle! Julle is my vriende! Ek het elke misterie wat die Vader aan My bekend gemaak het, ook aan julle oorvertel”. Ek het julle lief met ŉ liefde wat sy alles gee. Werner de Boor (1972:129) sien raak wat ŉ mens maklik kan mis lees. Ons vertaal die offergawe van Jesus aan sy vriende met “sy lewe”, terwyl die Grieks die woord “ψυχὴ” gebruik, wat deur De Boor met “seine Seele” vertaal word: “Wenn aber auch hier wieder nicht gesagt ist, dass einer seinen ‘bios‘ oder seine ‘zoáe‘ einsetzt, sondern seine ‘psychae‘, seine

‘Seele‘, so ist dadurch das ‘Leben‘ als seine ganze, personenhafte Existenz gekennzeichnet“. Ook die Analytical Greek Lexicon (1975:443) noem “ψυχὴ” “the soul, the inner self”, dus die hele bestaan van Jesus. Terwyl ons Jesus se woorde herkou, word ons herinner aan die groot waarde van die vriendskap van Jesus vir die een deelnemer-leraar wat verkies om van Jesus as sy heel beste Vriend te praat en tuis voel met hierdie beskrywing van sy verhouding met God, en wat Daniël Louw (1999:297-298) beskryf as die fokus wat op ons menswaardigheid en Jesus se Mens-wees val wanneer Jesus ons sy “vriende” noem.

> “Greater love hath no man than this, that a man give his life for his friends.” The life is the most precious thing a man has; the life is all he is; the life is himself. This is the highest measure of love: when a man gives his life, he hold nothing back, he gives all he has and is. It is this our Lord Jesus wants to make clear to us concerning His mystery of the Vine; with all He has He has placed Himself at our disposal. He wants us to count Him our very own; He wants to be wholly our possession, that we may be wholly His possession. He gave His life for us in death not merely as a passing act, that when accomplished was done with; no, but as a making Himself ours for eternity. Life for life; He gave His life for us to possess that we might give our life for Him to possess. This is what is taught by the parable of the Vine and the branch, in their wonderful identification, in their perfect union (Murray, 1897:55).

- My blydskap in julle

Wanneer die dissipel van Jesus in mistieke eenheid met Hom na binne keer, ontdek hy of sy in hom of haar die blydskap van Jesus, “ἡ χαρὰ ἡ ἐμὴ ἐν ὑμῖν” (vers 11). Barrett (1976:397) beskou die vreugde van Jesus as voortspruitend uit sy lewe van gehoorsaamheid aan die Vader en sy eenheid in liefde met Hom. Dit is ook die blydskap wat die dissipels sal beleef in gehoorsaamheid aan en in eenheid met Hom. De Boor (1972:178) meen weer dat dit logies is met Jesus “in” die dissipels, dat sy blydskap, soos sy liefde, ook “in” hulle sal wees. Hierdie blydskap is meer as ’n “wow”-oomblik wat verbyvlieg en geen blywende effek op ’n mens se lewe het nie. Calvyn (Ed. Pringle, 2009:95) vestig ons aandag juis daarop: “By the word abide he means, that it is not a fleeting or temporary joy of which he speaks, but a joy which never fails or passes away.” Die blydskap word deur Brown (1966:681) beskryf:

> Joy is presented as flowing from the obedience and love of which Jesus has spoken. Jesus' own joy springs from his union with the Father which finds expression in obedience and love (xiv 31: "I love the Father and I do exactly as the Father has commanded me"). The obedience and love to which in turn Jesus calls his disciples both constitute and witness their union with him; and it is this union that will be the source of their joy. Thus "my joy," like "my peace", is a salvific gift.

Adriaan Stander (2016:133) sê dat die ontleding van hierdie blydskap vir ons sal lei na die mistieke aard van Jesus se vreugde. Vreugde gaan dus oor die gevoel van behae om by God in Christus te wees, om in Hom te bly. Dit is werklik 'n spirituele konsep. Die blydskap is oor die ewige, ware lewe wat 'n gawe van die herrese Christus is. Die Evangelie openbaar dit duidelik op 'n vormende oomblik wanneer ons lees dat die dissipels verheug was toe hulle die herrese Here gesien het (Joh. 20:20). Jesus wat die dood oorwin het en nou die herrese Here is, boesem blydskap by hulle in, want dit bevestig al sy beloftes dat hulle by die Vader sal wees en dat Hy 'n kragtige teenwoordigheid in hulle aardse bestaan sal wees.

> All these observations emphasise the special place of joy in John 15. It forms part of, and is in the centre of the new life in Jesus. The new life in joy is given to those who dwell in Jesus and who are united with him in love. Joy is also a prominent concept in both spirituality and mysticism (Stander, 2016:134).

> To remain in Jesus' love is at the same time to share in his joy, a joy Jesus finds in being loved and sent by the Father and in carrying out the Father's commandments. What Jesus elsewhere calls his food and drink, namely "to do the will of him who sent me and to accomplish his work" (4:34), he here calls the joy that fills his life" (Ridderbos, 1997:519).

Die volle klem lê daarop dat die dissipels opgeneem word in die vreugde van hulle Here in die vervulling van God se werk op aarde, as hulle in sy liefde bly. Andrew Murray (1897:49) lê die verband tussen blydskap en liefde:

> ...what is Christ’s own joy? There is no joy like love. There is no joy but love. Christ had just spoken of the Father’s love and His own abiding in it, and of His having loved us with that same love. His joy is nothing but the joy of love, of being loved and of loving.

Dit is net die vreugde om waarlik lote te wees: om in Sy liefde te bly en dan onsself in liefde prys te gee om vrugte vir ander te dra. Kom ons aanvaar Sy lewe, soos Hy dit in ons gee as die Wingerdstok, Sy blydskap sal ons s'n wees: die vreugde om in Sy liefde te bly, die vreugde om lief te hê soos Hy, om lief te hê met sy liefde. Vanselfsprekend sal die Wingerdstok se bediening ook ons as lote se bediening wees, die bediening waaraan ons deelneem, en die Landbouer word deur die vrug wat ons dra, verheerlik. Die wêreld kyk na ons en sien die vrug, en prys die Landbouer vir die vrug, nie die lote nie. Alle eer gaan aan die Landbouer en Wingerdstok, sonder Wie ons niks kan doen nie.

- Jesus as Mistagoog

Adriaan Stander (2016:152 e.v.) vestig die aandag op Jesus as Mistagoog. Die term 'mistagogie' kan geassosieer word met geestelike begeleiding of meereis, dus die gemeenskaplike reis van 'n mistagoog met iemand wat die wil van God wil onderskei in tye van onsekerheid en twyfel. Mistagogie openbaar die spore van die menslike soeke na God en God se genadige reaksie. Jesus Christus openbaar die goddelik-menslike misterie van soek en self-gee. Die mistagogie van God is sy genadige selfkommunikasie aan die soekende mens (vgl. Waaijman, 2002:588). Jesus tree op as Mistagoog wat mense begelei om die teenwoordigheid van God en die Goddelike wil vir hulle lewens te ontdek. Dit sluit in om hulle te vergesel op hulle geestelike reis in die verborge lewe saam met God in. Jesus word nou die verpersoonliking van Goddelike openbaring, die Een wat die mens inlei in die lewegewende teenwoordigheid van God self. Dit is moontlik bloot omdat Hy God se teenwoordigheid onder mense is. Vir Johannes is Jesus dus nie net die "Weg" nie, maar ook die Mistagoog na die Vader. Regdeur sy evangelie vertel Johannes hoe Jesus as Mistagoog mense begelei het om die regte keuses in die lewe te maak maar ook die mistieke eenwording tussen Homself en sy volgelinge gefasiliteer het. Dit weerspieël die uiteindelike doel van dissipelskap, naamlik 'n lewe in harmonie met die wingerdstok, soos uitgedruk deur "μείνατε ἐν ἐμοί" veral in Johannes 15. Jesus as Mistagoog is die Een wat sy volgelinge begelei om deur geloof in hom te bly (Stander, 2016:155).

Om die "gelykenis" van die ware wingerdstok eerste te plaas, dui op die groot verlossingshistoriese verbande waarbinne Jesus sy dissipels geleer het om die "nuwe gebod" wat Hy aan hulle gegee het, te verstaan, want die liefde wat Jesus gevra het, is niks anders nie as die liefde ("net soos") waarmee die Vader Hom liefgehad het, die liefde wat die Vader beweeg het om sy Seun die wêreld in te stuur en in Hom, die ware Wingerdstok, sy mense in die wêreld, 'n nuwe

gemeenskap, te verenig. Hierdie liefde bestaan daarin om in die liefde van die Seun te bly wat, deur sy lewe vir hulle, sy vriende, die nuwe basis en die nuwe maatstaf vir hulle liefde vir mekaar voorsien het. Deur die vrug van hierdie liefde van die dissipels vir mekaar, verheerlik die Vader Homself in hierdie nuwe gemeenskap, in die Wingerdstok wat Hy geplant het (Ridderbos, 1997:522).

c. Oratio[119]

Wanneer die begeerte om te reageer op die "smaak van die heerlike in jou mond" plaasvind, is dit asof jy spontaan in gebed "opgelig word" na God. Jy wil iets uit die diepte van jou siel vir Hom sê, saam met die Wingerdstok in Wie jy ingeplant is!

> The believer can each day be pleasing to God only in that which he does through the power of Christ dwelling in him. The daily inflowing of the life sap of the Holy Spirit is his only power to bring forth fruit. He lives alone in Him and is dependent on Him alone for each moment. Without the branch, the vine can also do nothing. A vine without branches can bear no fruit. No less indispensable than the vine to the branch is the branch to the vine. Such is the wonderful condescension of the grace of Jesus that, just as His people are dependent on Him, He has made Himself dependent on them. Without His disciples, He cannot dispense His blessing to the world (Murray, 1979:36). Believers, *meditate on this until your soul bows to worship in the presence of the mystery of the perfect union between Christ and the believer* (Murray, 1979:37 – kursief deur outeur).

Nadat ons diep en innig herkou het in *meditatio* van die teks, veral die gedeeltes wat ons aandag getrek het, die woorde en sinsnedes waarheen Jesus deur sy Gees ons lei, is ons, soos Andrew Murray dit stel, by die punt dat ons siele wil neerbuig om ons in gebed te verwonder oor die misterie van die volmaakte mistieke eenheid tussen Christus en ons as leraars. Jesus, wat as

---

119 "Hiermee word die fases van teologiese pragmatiek (*oratio*) en die openbaring van die verborgenheid (*contemplatio*) van die spirituele hermeneutiese model betree" (Viljoen, 2017:98). Die spreker se menswees verskuif weg van hom- of haarself na God as ervaringskern toe. Viljoen praat van die proses van verinnerliking, mistagogiese begeleiding om op God te wag en die mistieke perspektief van die aangesig van God. In die konteks van hierdie studie is dit dalk beter om tog die laaste twee bewegings kortliks apart te bespreek. Dit gaan in die konteks van hierdie studie daaroor om deurgaans die omhelsing van God te beleef, en die bevestiging dat Hart tot hart en hart tot Hart praat, met ander woorde, soos die deelnemer-leraars dit op die navorsings-retraite beoefen het.

Mistagoog sy dissipels in Johannes 15 begelei het, begelei ons steeds as Mistagoog in ons reaksie soos ons onsself in die metafoor raaksien, as die lote wat hulle lewe en vrug kry uit die lewensap wat, uit ons eenheid met Hom, deur ons are vloei, tot diep in ons siel. Dit is in *oratio* dat die leser en bidder nou ook sy of haar siel opnuut wil “aflê” vir die Wingerdstok en die Landbouer. Saam met Paulus sê ons vir ons Here: “Ja, waarlik, met Christus is ek gekruisig; ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my! Die lewe wat ek nou leef, leef ek in die geloof, die geloof in die Seun van God, wat my lief het en Homself vir my oorgegee het, en Homself steeds aan my gee” (Galasiërs 2:19-20; outeur se toepassing).

Saam met Andrew Murray (1979:37) sien ons in ons beweeg na binne dat alles wat die wingerdstok besit, behoort aan die lote. Die wingerdstok versamel nie sy vetheid en sy soetheid uit die grond vir homself nie – alles wat dit het, is tot beskikking van die lote. Soos dit die bron is, so is dit die dienaar van die lote, en Jesus, aan Wie ons ons lewens te danke het, gee Homself volkome vir ons: Al sy volheid en al sy rykdom is vir jou, want die wingerdstok leef nie vir homself nie, hou niks vir homself nie, maar bestaan net vir die lote. Alles wat Jesus in die hemel is, is Hy vir ons, en alles wat die loot besit, behoort aan die wingerdstok. Die loot bestaan nie vir homself nie, maar om vrug te dra wat die uitnemendheid van die wingerdstok en landbouer kan verkondig. Dit het geen bestaansrede nie, behalwe om diensbaar te wees aan die wingerdstok en landbouer. Dit is 'n heerlike beeld van ons roeping en die geheel van ons toewyding aan die diens van ons Here. Soos Jesus Homself so volkome aan ons oorgee, wil ons geheel en al ons Here s'n wees (Murray, 1979:37-38).

Terwyl ons in ons gebed reeds in die diepte van ons mistieke eenheid met Christus opnuut ontvang en beleef weerklink die woorde van Murray (1979:39-40) in ons harte:

> “Abide in me.” It will be as if He says, “Think, soul, how completely I belong to you. I have joined Myself inseparably to you; all the fullness and fatness of the Vine are yours indeed. Now, once you are in Me, be assured that all I have is wholly yours. It is My interest and My honor to have you be a fruitful branch; only abide in Me. You are weak, but I am strong; you are poor, but I am rich. Only abide in Me; yield yourself wholly to My teaching and rule; simply trust My love, My grace, My promises. Only believe; I am wholly yours. I am the Vine, you are the branch. Abide in Me (Murray, 1979:39).

> I can only yield myself to Your love with the prayer that, day by day, You would unfold to me something of its precious mysteries and so encourage and strengthen Your loving disciple to do what his heart longs to do indeed—ever, only, wholly to abide in You (Murray, 1979:40).

Wanneer ons dan dink hoe ons wil antwoord op die Woord, is verwondering, dankbaarheid en liefde sonder grense sekerlik woorde wat ons kan gebruik. Die leraar nader tot God omdat hy of sy na God verlang en soek Hom op en ons gee onsself in vertroue oor aan God. God ontvang ons, omhels ons en maak ons sy eiendom en vul ons met diepe blydskap. Ons laat voorts toe dat God deel word van ons bestaan. Ons laat God in ons innerlike toe, met ons sintuie ingestel op sy teenwoordigheid (De Villiers, 14 Desember 2009c). Wanneer ons God “toelaat” in ons innerlike en saam met Hom beweeg na die dieptes van ons siel, ontdek ons Hy is reeds in ons en ons in Hom. Die verlange in ons harte is om net in Hom te bly, soos Hy in ons. Hierdie begeerte spreek ons uit teenoor Hom in *oratio*, in dieselfde asem waarin ons Hom loof vir ons eenheid met die Wingerdstok, ons ingeplant wees in Hom, by ons doop. In *oratio* beleef ek hoe my eie woorde getransformeer word deur Jesus se woorde, waarin ek bly, hoe selfs my gebede woorde van Jesus word (Romeine 8:26). Ek beleef ek is toegevou in sy liefde, omsluit van alle kante (Psalm 139:5) deur sy liefde, en sy handpalms van liefde rus op my. Ek het waardering vir Hom vir sy vriendskap, wat groter liefde is as wat ek ooit van enige vriend in my lewe ontvang het. Die blydskap in ons, wat alle verstand te bowe gaan, word werklikheid en ons ontdek: Jesus se eie blydskap leef ook in my, en ek deel dit in gebed met Hom. Hierdie tweegesprek tussen die bidder en Jesus som die oomblik van *oratio* besonders op:

> What an unspeakable honor! What a heavenly privilege! O Saviour, speak the word with power into my soul: “I have called you My friend, whom I love, whom I trust, to whom I make known all that passes between my Father and Me (Murray, 1897:60).

d. Contemplatio[120]

Die oomblik van *contemplatio* pas perfek by Johannes 15. Dit is asof die bidder ŉ bakkie water voor hom wil neersit, sy vingerpunte daarin doop, en sy handpalms wil besprinkel in die vorm van ŉ kruis, om hom te herinner aan die grootste oomblik in sy lewe, sy doop, sy oomblik van "ingeplant word" in Jesus, sy eenwording met Hom. *Contemplatio* is juis die oomblikke van oorgee en vertrou dat God drie-enig in jou sal doen, dit wat Hy nou net deur die woorde van Jesus aan jou geopenbaar het. *Contemplatio* is uit-en-uit God se werk in die bidder. Jy vertrou Hom, dat Hy die innige mistieke eenheid, die "in Christus wees" in *contemplatio* so verdiep, dat selfs "bly in My" nie ons werk is nie, maar dat Hy jou nog inniger vasmaak aan die Wingerdstok. Die bidder bied gewoon die ruimte, deur stil te word en tot rus te kom "in Jesus", sodat Hy self, in die teenwoordige tyd, alles wat Hy het, aan jou kan gee. In hierdie proses van stil word, kan die leraar ook vertrou dat Hy die vrug van die mistagogie in sy of haar lewe en bediening, as die Mistagoog, met sy eie "lewensap" sal voed. Wat dan uiteindelik die meeste tel, is om eenheid met God te beleef. Wat die belangrikste is, is dat ŉ mens deel word van God se wêreld en wil. Stilte, meditasie en kontemplasie dien almal die groter doel om die werklike lewe in 'n mens te laat binnestroom ("*Durchströmtwerden*"). Wat werklik saak maak, is om die leraar se mistieke eenheid met God te beleef en te verinnig, om in die Goddelike wil getransformeer te word, om in God te wees.

5.4 Romeine 6:1-5

a. Lectio

1 Τί οὖν ἐροῦμεν; ἐπιμένωμεν τῇ ἁμαρτίᾳ, ἵνα ἡ χάρις πλεονάσῃ;

2 μὴ γένοιτο. οἵτινες ἀπεθάνομεν τῇ ἁμαρτίᾳ, πῶς ἔτι ζήσομεν ἐν αὐτῇ;

3 ἢ ἀγνοεῖτε ὅτι, ὅσοι <u>ἐβαπτίσθημεν εἰς Χριστὸν Ἰησοῦν</u>, <u>εἰς τὸν θάνατον αὐτοῦ ἐβαπτίσθημεν</u>;

4 συνετάφημεν οὖν αὐτῷ διὰ τοῦ <u>βαπτίσματος εἰς τὸν θάνατον</u>, ἵνα ὥσπερ ἠγέρθη Χριστὸς ἐκ νεκρῶν διὰ τῆς δόξης τοῦ πατρός, οὕτως καὶ ἡμεῖς ἐν καινότητι ζωῆς περιπατήσωμεν.

5 εἰ γὰρ <u>σύμφυτοι γεγόναμεν τῷ ὁμοιώματι</u> τοῦ θανάτου αὐτοῦ, ἀλλὰ καὶ τῆς ἀναστάσεως ἐσόμεθα·

---

120 Die laaste vlak waarop die mistieke proses ontvou, is deur aanskouing. Hiermee word kontemplasie betree, waar die inisiatief van die ander kant af kom (Viljoen, 2017:128). In die woord "kontemplasie" kom spiritualiteit na vore as ruimte en tyd waarin iemand met volgehoue aandag op God fokus en sodoende bewus word van God se liefdevolle teenwoordigheid. Die bewussyn van die werklikheid van die Bron is nie iets wat deur die mens bewerkstellig kan word nie. Dit kom van die Bron self. God self maak die bewussyn wakker (Viljoen, 2017:129).

1 Wat sal ons dan sê? Sal ons volhard in die sonde sodat die genade kan vermeerder?

2 Beslis nie! Hoe sal ons wat vir die sonde gesterf het nog daarin lewe?

3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

4 Ons is daarom saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat, soos Christus deur die heerlikheid van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so in die nuutheid van die lewe kan lewe.

5 Want as ons een geword het in die gelykheid aan sy dood, sal ons dit beslis ook wees aan sy opstanding (direkte vertaling uit Interliniêre Bybel, Grieks-Afrikaans, Nuwe Testament, 2012).

b. Meditatio

Om hierdie paar verse in Romeine 6 te "herkou" in *meditatio*, veral na die deelnemers se belewing daarvan, is aan die een kant sielsverrykend, maar aan die ander kant stuit 'n mens teen soveel uiteenlopende kommentaar oor die gedeelte, dat die keuse steeds val op die mistieke lees van die gedeelte, met die oog daarop om die omhelsing van God ook in hierdie baie dogmatiese gedeelte te ervaar. Interessant dat soveel van die grootste dogmatici in ons geskiedenis, 'n kommentaar geskryf het oor Romeine, om maar net Johannes Calvyn, Karl Barth en Willie Jonker te noem. Wanneer ons die mistieke lens opsit, loon dit ons om net weer te gaan stilstaan by dit wat Celia Kourie, wat dosent by UNISA in Nuwe Testament was, skryf.

Paulus die mistikus, nie Paulus die moralis of organiseerder van die vroeë Christelike gemeenskappe nie, is die openbaarder van God se verborge wysheid[121]. Dit is hy wat Christus openbaar as 'n radikaal nuwe faset van die goddelike persoonlikheid, waardeur die moontlikheid van 'n wesenlik dinamiese vereniging met die herrese Jesus bekend gemaak word. Hierdie mistieke eenheid word kragtig uitgedruk in Paulus se uitdrukking "in Christus", wat gesien kan word as die belangrikste leitmotief van Pauliniese denke (Kourie, 2009:240). "In Christus", of een of ander verwante uitdrukking kom 164 keer in Paulus se geskrifte voor en dit is Celia Kourie (2009:241) se oortuiging dat hierdie bondige frase die kern van Paulus se mistieke denke toelig.

---

121 Gert Pelser (1998:115) is versigtig om te praat van Pauliniese mistiek, en verkies om met verwysing na "in Christus" eerder die fokus te laat val op die mistieke eenheid met Christus: "If it is to be assumed that Paul's 'εν Χριστώ' formula denotes some mystical union between Christ and the believer, which in all probability is the case, it seems that the formulas dying and rising with Christ are not, as such, expressions of Pauline mysticism but rather expressions of the consequence of this 'mystical' union".

Die Christofanie op pad na Damaskus was 'n beslissende gebeurtenis wat Paulus se mistiek van aksie of dade met 'n mistiek van genade vervang het. Hierdie belangrike ontmoeting met die herrese Here was 'n keerpunt van die grootste omvang in die lewe van die destydse Saulus van Tarsus. Paulus is 'n *communio*-mistikus (of *participatio*-mistikus [outeur se invoeging]); sy mistiek is nie een van ongedifferensieerde opname in Christus nie, maar een van die lewe in die werklikheid van die spirituele Christus. Vir Paulus kom die mistieke inisiatief van God af; dit is beide 'n daad van genade en word bewerkstellig in die historiese werklikheid van Christus (Kourie, 2009:242)[122]. Dit hou verband met 'n "onmiskenbare semantiese deelname" sonder om 'n basiese "konnaturaliteit (ingeborenheid) of *sunergeia* tussen die menslike en die goddelike" te impliseer. Om "in-Christus" te leef word bewerk deur die krag van die Gees. Christus-mistiek vir Paulus word nie gekenmerk deur verhewe pieke van geestelike opwinding en ekstase, visioene en openbarings nie[123]. Paulus se mistiek word gekenmerk deur self-gewonne liefde, deur die kruis – dit is vereniging met Christus in sy lyding, dood en opstanding. Paulus se mistiek kan nie geskei word van sy klem op die etiese en transformerende dimensie nie. Gelowiges is nou vry en hulle vryheid is 'in die Gees' (Romeine 8:1-2). Tog beteken hierdie vryheid nie vrye teuels nie. Terwyl hulle vry is, staan die gemeenskap nou in diens van mekaar (1 Kor 10:23-24) met liefde as die doel (Gal 5:13-14; 1 Kor 14:1). Die morele imperatief van die nuwe lewe staan direk teenoor ego-opgeblasenheid, maar beklemtoon eerder gelykvormigheid aan Christus (Kourie, 2009:242). 'n Nuwe helderheid en krag spruit uit die besef dat Paulus se mistieke verstaan van die lewe 'in-Christus' elke aspek van die lewe aanraak. Om 'in-Christus' te lewe is 'n bron van krag en moed,

---

122 Andrie du Toit (2000:295) praat op sy beurt van Paulus se mistiek as "lewens-mistiek": "Therefore, we find here a kind of 'life communio', or indeed a 'life mysticism', which includes a sharing in the suffering and resurrection of Christ, and which is consummated in the sharing with Him in the resurrection from the dead. Some would object that this is not mysticism. Whether it can be called mysticism depends on one's definition of this phenomenon. lf our initial definition (vide supra) is acceptible, this should indeed be classified under mysticism'... 'the typically Pauline brand of mysticism, as presented in the ἐν-phraes, is the daily, ongoing experience of the presence of God through the indwelling of Christ and the Spirit. However, this is based on the faith reality of what God did for the believers 'in Christ'" (Du Toit, 2000:289).

123 "(T)his Pauline brand of mysticism, is first and foremost characterised not by intermittent mountain-top occasions, but by the constant experience of the abiding presence and influence of Christ and the Spirit, or, we should rather say: of Christ through the Spirit, which in tum rests upon and flows, not from asceticism or any other kind of human manipulation, but from the appropiation in faith of the objective reality of what God has done "in Christ" (Du Toit, 2000:297). Uit Andrie du Toit se opmerking kan ons aflei dat heelwat geleerdes steeds mistiek beskou as iets wat te doen het bloot met een of ander ervaring, soos die bergspits-ervaring, ekstase of die askese. Celia Kourie (2001:72) stel dit duidelik dat dit nie die geval is nie: "...although certain extraordinary features may accompany the mystical state, such epiphenomena are not to be seen as essential elements of mysticism".

veral in die aangesig van lyding en dood. 'n Mistieke lees van die Skrif poog om die innerlike dinamiek van die teks wat transformasie beïnvloed, te herontdek. Dit het gevolge, nie net binne die dieptes van die individu nie, maar ook in die samelewing. Mistieke interpretasie stel ons in staat om die 'oormaat van betekenis' in die teks te ervaar. So 'n lesing help om die beheptheid met ons vooronderstellings te verbreek, ons eie sienings reg te stel en te hersien en 'n nuwe selfbegrip uit te lok. Dit laat die teks lewendig word in die hede. Dit impliseer nie 'n ontkenning van die historiese en sosiologiese situasie van die teks se herkoms nie, maar gaan verder as blote geskiedenis. 'n Mistieke hermeneutiek konsentreer dus meer op die sinchroniese aspek van die teks, eerder as historiese, lineêre of meganistiese oorwegings (Kourie, 2009:243).

Teen hierdie agtergrond van Celia Kourie, word nou gefokus op verse drie tot vyf van Romeine 6. Die sinsnedes wat in hierdie konteks die aandag trek is ἐβαπτίσθημεν εἰς Χριστὸν (ons is gedoop in Christus), εἰς τὸν θάνατον αὐτοῦ ἐβαπτίσθημεν (in die dood van Hom is ons gedoop) in vers 3, συνετάφημεν οὖν αὐτῷ διὰ τοῦ βαπτίσματος εἰς τὸν θάνατον (ons is begrawe [saam] met Hom deur die doop in die dood) in vers 4 en dan σύμφυτοι γεγόναμεν τῷ ὁμοιώματι (een/verenig ons het geword in/deur gelykheid) in vers 5.

i. ἐβαπτίσθημεν εἰς Χριστὸν (ons is gedoop in Christus)

Ef. 2:4v., 5:14 toon dat die doop self oorspronklik in die tyd van Paulus verstaan is as interpretasie van die opstanding uit die slaap van sonde, of as deelname aan die dood en opstanding van Christus, of sy heerlikheid (Käsemann, 1980:162). Christus het vir almal gesterf en, soos die konteks toon, het hy gelowiges in Hom in sy dood ingeneem. Dit het in die doop plaasgevind (Käsemann, 1980:165). Christus alleen het aan die kruis gesterf. Slegs vir sover hy vir ons gesterf het, word ons ook in sy dood ingebring en ontstaan die doop as ontvangs van sy daad en deelname aan sy lot (Käsemann, 1980:166). Hy het die doop nie as 'n “opsionele ekstra” in die Christelike lewe beskou nie. Hy het dit as vanselfsprekend aanvaar dat die Romeinse Christene, wat nie sy bekeerlinge was nie, net so seker gedoop is as sy eie bekeerlinge (Bruce, 1985:114). Wat onbelangrik was, was die identiteit van die doper. Dit is ongetwyfeld algemeen erken in die primitiewe Kerk dat die doop te doen het met 'n beslissende persoonlike verhouding tussen die individuele gelowige en Christus, as 'n waarheid wat reeds aan hulle bekend is dat die verhouding tot Christus waarmee die doop te doen het, veral 'n verhouding tot Sy dood insluit (Cranfield, 1980:301). Ons is dood vir die sonde deur die genade van Christus. Dit sou daarom 'n absurde omkering van die werk van God wees as sonde krag sou verkry deur middel van die genade wat

in Christus aan ons gebied word. Medisyne bevorder nie die siekte wat dit vernietig nie. Paulus het nie hier te doen met die toestand waarin God ons vind wanneer Hy ons in gemeenskap met sy Seun roep nie, maar die toestand waarin ons behoort te wees wanneer Hy barmhartigheid aan ons bewys het en ons vryelik aangeneem het (Calvin, 1979:122). Ons het vir die sonde gesterf. Ons groei nie meer uit sy wortels, asem sy lug in en bly onder sy heerskappy nie (Barth, 1977:191).

ii. εἰς τὸν θάνατον αὐτοῦ ἐβαπτίσθημεν (in die dood van Hom is ons gedoop)

Paulus herinner die gelowiges aan hulle doop, as die bewys van hulle aandeel aan Christus en aan sy dood[124]. “Dopen in wordt bedoeld, dat de dopeling door de doop met Christus en zijn dood word verbonden. Christus is de gekruisigde. En wie door de doop met Hem wordt verenigd, wordt met zijn dood verenigd” (Ridderbos, 1977:126)[125]. Daar is heelwat meningsverskil onder geleerdes oor die oorsprong van Paulus se doopleer, maar daar is algemene ooreenstemming dat die frase "in Christus Jesus" in eenheid met Christus Jesus beteken. Vir Paulus bring die dood nie net die einde van die lewe nie, maar dit maak die toegang tot 'n nuwe soort lewe moontlik (Newman en Nida, 1973:112). Dit is bo alle twyfel dat ons Christus in die doop “aantrek” (beklee word met Christus) (Galasiërs 3:27), en dat ons op hierdie beginsel gedoop word sodat ons een met Hom kan wees. Ons groei waarlik op in die liggaam van Christus (*in Christi corpus vere coalescere*) slegs wanneer Sy dood sy vrug in ons voortbring. Hierdie gemeenskap met Sy dood is die fokus van die doop. Dit is nie 'n wassing alleen nie, maar ook die dood en doodmaak van die ou mens (Calvin, 1979:122). Die vraag ontstaan hoe Paulus die verband tussen die doop en hierdie verhouding van die Christen tot Christus en in die besonder tot Sy dood verstaan het? Die voorstel is gemaak en dit word redelik wyd aanvaar dat Paulus diep beïnvloed is in sy verstaan van die doop deur die heidense misteriekultusse. Dit was kenmerkend van hierdie kultusse dat hulle 'n god aanbid wat gesterf en opgestaan het, en dat die inisiasie-rites veronderstel was om die vereniging van die postulant met die god te bewerkstellig,[126]. maar ten spyte van sekere

---

124 “'n Christen is iemand wat dood is vir die sonde en leef vir God. En die bewys hiervan is ons doop. Wat het daar met ons doop gebeur? Ons is daar, soos Paulus dit stel, in Christus se dood ingedoop (vers 3). Die doop is die uiterlike handeling waarmee ons ingelyf word in Christus Jesus se dood. Ons het só een met Hom geword dat dit wat met Hóm gebeur het ook met ons gebeur het. Christus is gekruisig, Hy het gesterf en is begrawe. Kragtens ons eenheid met Hom is dit presies wat ook met ons gebeur het” (Du Toit, 2018:144)

125 “Paul argues that Christian baptism, by joining the believer with Christ, also joins him or her with the death of Christ” (Moo, 1996:360).

126 “The religio-historical school postulated that the idea of dying and rising with a divine figure was typical of the mystical experiences associated with mystery religions. (T)his consensus no longer exists. One should be very careful with this kind of generalisation. However, it is true that the idea of dying and rising with the

ooglopende ooreenkomste, is daar sulke beduidende verskille tussen die doop soos verstaan deur Paulus en die wesenlike kenmerke van hierdie kultusse, dat dit uiters onwaarskynlik is dat Paulus ooit die doop as 'n misterie van hierdie aard beskou het (Cranfield, 1980:301-302). Dit is eerder waar dat Paulus aan Christus self gedink het as persoonlik teenwoordig en aktief in vryheid en in krag in die sigbare woord van die doop sowel as in die gesproke woord van die verkondigde boodskap (Cranfield, 1980:303). Die doop is 'n sakrament van waarheid en heiligheid; en dit is 'n sakrament, want dit is die teken wat ons oprig op God se openbaring van die ewige lewe en die Woord van God verklaar. Dit is die ewige werklikheid omdat dit aansienlik verder wys as sy eie konkreetheid. Die doop bemiddel die nuwe skepping (Barth, 1977:192). “The man over whom sin has power and dominion has died. The death of Christ dissolves the Fall by bringing into being the void in which the usurped independence of men can breathe no longer. He is dissolved by the claim which God makes upon him” (Barth, 1977:193).

iii. **συνετάφημεν οὖν αὐτῷ διὰ τοῦ βαπτίσματος εἰς τὸν θάνατον** (ons is begrawe [saam] met Hom deur die doop in die dood)

Wat het gebeur by ons doop? Dit, sê Paulus: Ons vorige bestaan het tot 'n einde gekom; 'n nuwe lewe het begin. Ons is in werklikheid saam met Christus 'begrawe' toe die doopwater oor ons gevloei het, ’n teken dat ons gesterf het wat ons ou lewe van sonde betref; en saam met Christus opgewek is in ’n nuwe lewe, wat niks minder is as deelname aan Christus se eie opstandingslewe nie (Bruce, 1985:115). Hoe kon dopelinge in die sonde voortgaan, as die lewe wat hulle nou geleef het, selfs terwyl hulle nog in die sterflike liggaam was, die lewe was wat hulle s'n was deur vereniging met die opgestane Christus? Die idee was 'n morele teenstrydigheid. Die doop verseël dus die gelowige se uittog, sy verlossing uit die slawerny van sonde en sy toetrede tot 'n nuwe lewe van vryheid. Begrafnis sit die seël op die dood, dus is die doop 'n teken-begrafnis waarin die ou orde van lewe in sonde tot 'n einde kom, wat vervang moet word deur die nuwe lewensorde in Christus. Dit is die nuwe modus of kwaliteit van lewe wat voortspruit uit die oordra van Christus se herrese krag aan die gelowige (Bruce, 1985:116). Waar grafte nie die dooies kan vashou nie, is die godheid van God aan die werk. Dit geld vir Christus, en deur deelname aan sy lot geld dit ook vir die gedoopte (Käsemann, 1980:166). Die feit bly natuurlik staan dat, net soos met die nagmaal, die doophandeling dit wat aan die kruis gebeur teenwoordig maak. Die doop is egter nie

---

godhead did function in the myths and rites of certain mysteries. We cannot rule out that Paul did borrow some ideas in this regard. However, it is clear from the context that he fills this metaphor with a christological content” (Du Toit, 2000:296).

die herhaling van die kruisiging nie. Die kruis word geaktualiseer in die daad van die doop (Käsemann, 1980:168). Die doop is geen leë teken nie, maar 'n beslissende gebeurtenis waardeur die mens se lewe kragtig en onomwonde deur God opgeëis word (Cranfield, 1980:304). Deur van begrafnis te spreek, beklemtoon Paulus die dood-wees vir die sonde as 'n absolute finaliteit, want die begrafnis spreek nog sterker as die sterwensuur van die onherroeplikheid van die dood. Paulus wil daarmee sê: Dit is absoluut verby. Die sonde het geen reg of vat meer op ons nie, want ons is wat die sonde betref, radikaal dood. Dit is wat die doop verseël. Terselfdertyd bevestig die doop egter ook aan hulle dat hulle deel in die opstanding van Christus. Hy is opgewek deur die heerlikheid van die Vader, dit is deur die heerlike almag van God (Jonker, 1969:93). Vanweë hulle eenheid met Hom geld Sy opstanding nou egter ook vir hulle as die aanvang van 'n lewe in vryheid van die sonde. Dieselfde krag van God wat Christus uit die dood opgewek het, maak dat die gelowiges nou ook in 'n nuwe lewe kan wandel. Die woord *wandel* druk die durende, blywende van die nuwe lewe uit (Jonker, 1969:93). Die doop bind daarom die gelowiges aan Christus sodat wat eenmaal met Christus gebeur het, ook op hulle van toepassing is. Dit gaan daaroor om deur die doop in Christus ingelyf te word en ingesluit te word by sy dood en begrafnis. Wat begrawe word, word definitief verwyder van enige heerskappy waaraan dit voorheen onderworpe was. Om een met Christus te wees, hou ook verband met sy opstanding (Ridderbos, 1977:126). "Begrafnis met Christus" is 'n beskrywing van die deelname van die gelowige aan Christus se eie begrafnis, 'n deelname wat deur die doop bemiddel word. Paulus se punt is nie dat die gelowige in sy eie graf gelê word nie, maar dat hy deur daardie aksie saam met Christus Jesus in Syne geplaas word[127]. Hierdie benadering interpreteer *διὰ* natuurlik en verduidelik *συν* op 'n manier wat ooreenstem met die normale betekenis van die woord en met Paulus se groter opvatting van "met Christus". Aangesien ons deur die doop saam met Christus begrawe is, kan ons aan sy begrafnis (en dood en opstanding ook; vgl. V. 5) dink as teenwoordig in die doop. Die doop is dan 'n sakrament wat doeltreffend is omdat daar – soos in die Eucharistie – 'n "werklike teenwoordigheid" van Christus is (Moo, 1996:363)[128]. Die doop is nie die plek of tyd waarop ons saam met Christus

---

127 "By baptism the believer somehow shares both in Christ's burial and in his death. 'Buried with Him', or 'we were seemingly buried alongside of Him'" (Newman & Nida, 1973:113). To walk in a newness of life is simply a Jewish way of saying to live a new life, or "in order that we might live in a new manner". "This is similar to what happened to Christ whom God caused to live again by means of his wonderful power" (Newman & Nida, 1973:114)

128 "The creative presence of God, a presence which permeates the created personality and can be known by reason, becomes through baptism a personal self-giving which can be answered in mutual relationship, a communion, the presence of friend to friend" (Kourie, 2001:76).

begrawe is nie, maar die instrument (*διὰ*) waardeur ons saam met hom begrawe word (Moo, 1996:364). Deur die doop deel die gelowige op een of ander manier beide in Christus se begrafnis en in sy dood.

iv. σύμφυτοι γεγόναμεν τῷ ὁμοιώματι (een/verenig ons het geword in/deur gelykheid)

Die feit dat ons “ingegraveer” is, dui nie net op ons gelykvormigheid aan die voorbeeld van Christus nie, maar ook op die mistieke vereniging waardeur ons saam met Hom groei, op so 'n manier dat Hy ons deur sy Gees laat herleef en sy krag aan ons oordra. Aangesien die loot dieselfde lewe of dood het as die boom waarin dit ingeënt is, is dit redelik dat ons net soveel deelgenote van die lewe moet wees as aan die dood van Christus. As ons verenig is in die gelykenis (*in similitudinem*) van Christus se dood, en Sy dood is onafskeidbaar van Sy opstanding, sal ons dood dus gevolg word deur ons opstanding (Calvin, 1979:124). Christus vereis nie van ons enige plig wat ons sorg of ywer kan bewerkstellig nie, maar spreek van die ingravering wat deur die hand van God bewerkstellig word. By die enting van bome trek die loot sy voeding uit die wortel, maar behou sy eie natuurlike kwaliteit in die vrugte wat geëet word. In geestelike ingravering put ons egter nie net die krag en sap van die lewe wat uit Christus vloei nie, maar ons gaan ook van ons eie natuur oor na Syne (Calvin, 1979:124). Die boodskap van die doop is dat die dopeling met daardie gelykvormigheid aan Sy dood saamgegroei het, dit wil sê, dat hy of sy innig verbind is, één geword het, met die afsterwing van die sondes wat in die dood van Christus plaasgevind het. Die woord saamgegroei dui nie 'n proses aan nie, maar alleen die feit van 'n innige verbondenheid, 'n onverbreekbare eenheid (Jonker, 1969:93). Met ander woorde: dit is vir die dopeling onmoontlik om in die sonde voort te lewe, want daar het met sy of haar lewe iets gebeur. Die dopeling is met Christus gekruisig en opgewek, wat beteken dat hy of sy geestelik vir die sonde doodgemaak is en tot 'n lewe van Godsverheerliking opgewek is (Jonker, 1969:94).

> Dit is niet slechts een zaak van hun wil en daad. Dit is voor alles een zaak van in Hem ingelijfd en begrepen zijn (Ridderbos, 1977:127). Dit “gelijke” is een overeenkomstig gebeuren, een dynamische gebeuren, een dynamische verbinding, een heilshistorische gelijkheid, waarin men opgenomen en ingedragen wordt, als in één lewens-verband (Ridderbos, 1977:128).

Wat ook al die geval mag wees, dit is onbevredigend om die gebeurtenis van sterwe en opstaan saam met Christus te interpreteer as slegs 'n saak van “trou” aan Christus of om “aan Christus verbind” te wees. Daar is beslis meer te sê oor Paulus se argument in hierdie perikoop as om dit

te interpreteer as slegs 'n verwysing na die voordeel wat die gelowige uit Christus se dood en opstanding ontvang (Pelser, 1998:125). Wat oorbly as die mees waarskynlike interpretasie, is om ὁμοιώματι te neem as verwysing na Christus se dood, maar dan soos voorgestel in die doophandeling (Pelser, 1998:128). Die mees aanvaarbare verklaring hiervoor blyk te wees dat Paulus geweet het dat die dood van Christus waaraan die gelowige in die doophandeling voldoen, nie sy historiese dood kan wees wat uitsluitlik syne is nie, maar slegs sy dood as versoeningsdood. Dit is dus inderdaad Christus se dood waaraan die gelowige in die doop deelneem, en tog net die gelykenis daarvan soos verteenwoordig in die doophandeling (Pelser, 1998:129). Dit is nie deur saam met Christus te sterf en op te staan dat 'n mens εν Χριστώ word en daarom mistiek een met Hom is nie; dit is om deur die doop een met Hom te word dat 'n mens saam met Hom sterf en opstaan, en as sodanig die uitdrukking van hierdie mistieke vereniging (Pelser, 1998:130).

c. Oratio

Wanneer ons in *oratio* hierdie Skrifgedeelte ontvang en in gebed verwoord terwyl ons onsself in die teks sien, word ons stil in verwondering oor die feit dat ons Here Homself so prysgee, dat ons in mistieke eenheid met Hom ons ou lewe mag afsterf en die lewe as geskenk ontvang, juis in die oomblik wanneer die doopwater oor ons gegiet word. Dit is asof ons dan spontaan Calvyn se woorde in sy Institusie 4.15.6 wil bid: Vader, ek verwonder my oor die rykdom van die nuwe lewe wat U my in my doop skenk deur U Seun aan die kruis, veral die versekering dat ek nie net ingegraveer is in die dood en lewe van Christus nie, maar so verenig is met Christus self dat ek deel het aan al sy seëninge want Hy het die doop in sy eie liggaam gewy en geheilig, sodat Hy dit met my gemeen kon hê as die vasste band van eenheid en gemeenskap wat Hy met my wou vorm; en daarom bewys Paulus dat ek kind van God is, uit die feit dat ek Christus in die doop aantrek (Gal. 3:27). Al die goddelike gawes wat in die doop geskenk word, word in Christus alleen gevind, en tog kan ek wat in Christus doop, nie anders as om terselfdertyd die Naam van die Vader en die Gees aan te roep nie want my wedergeboorte verkry ek slegs uit Jesus se dood en opstanding. Wanneer ek deur sy Gees geheilig word, is ek deurdrenk van 'n nuwe en geestelike natuur, die natuur van Jesus self! Die Woord van God beweeg van die lippe na die verstand, en nou in die hart in. *Oratio* of gebed is die reaksie van die hart op die woord van God wat ons deur die Skrif hoor spreek het (Morello, 1994:22). Wanneer Guigo oor *oratio* skryf, doen hy dit in terme van die dieper begeerte na die belewing van ons eenheid met God wat *lectio* en *meditatio* in ons oproep (Finley, 2005:93).

Na aanleiding van Romeine 6 het die navorser in sy begeleiding aan ’n huiskerk, die volgende gebed geskryf, wat gebruik kan word in die stilte van *oratio*:

> Liewe Vader, ek dank U dat ek nie alles hoef te verstaan wanneer ek gedoop word nie – dit is U wat werk in my doop en oor U werk kan ek my net in liefde en dankbaarheid verwonder;
>
> Ek loof U dat ek deur my doop weet en beleef dat ek met Christus verenig is, Here, U in my en ek in U;
>
> Ek glo dat ek saam met Hom gesterf het aan die kruis, saam met Jesus in die graf was en saam met Hom opgewek is uit die dood;
>
> Ek is daarom dood vir die sonde en lewe die nuwe lewe, ontvang by my doop en gebore uit die Gees, vir U, my God.
>
> Vader, dit is genadig nie my eie inspanning of geestelike prestasies wat my doodmaak vir die sonde nie, dit is U gawe deur my doop.
>
> Mense weet ek is eenmaal gedoop as hulle na my nuwe lewe kyk, want hulle sien dié lewende Jesus met wie ek in mistieke eenheid lewe, in Wie ek lewe, en Wie in my lewe.
>
> Daarom kan ek met vrymoedigheid bely dat ék nie meer leef nie, maar Christus in my leef – Hy in my sê nee vir die sonde, Hy in my sê ja vir die lewe vir God.
>
> Dankie vir my doop, en dat ek U, Vader, Seun en Heilige Gees rondom my doopvont sien en hoor wanneer ek U water op my voel. Amen.

Daniël Louw (2007:127) skryf ’n gebed oor sy belewing van die doop, wat ’n mens aangryp en net so goed gebruik kan word by hierdie oomblik van *oratio*:

> Ag dankie tog, Here dat wanneer ek glo, ék nie glo nie, maar dat U my vang!
>
> Ek word gedoop nie omdat ek glo nie maar sodat ek kan glo.
>
> Dit is my troos dat ek gedoop is, nie omdat ek geglo het nie, maar dat ek gedoop is omdat U my gevang het:
>
> omdat U vir my sê: “Ek het jou! Ek het jou! – sodat jy kan glo!”
>
> Amen (Louw, 2007:127).

d. Contemplatio

Dié God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat jou reeds by jou doop in sy omhelsing geneem het, gee jou in *contemplatio* die voorreg en geleentheid om tot rus te kom in sy omhelsing (Pennington & Dysinger, 2001:Kindle Ligging 340). Dit is ook die geleentheid waar God "werk", en in jou doen wat jy nodig het, en meer en meer van die nuwe lewe wat jy by jou doop ontvang het in jou vestig, maar ook bevestig. Hy wys jou in jou oomblikke van rus die "ou mens" in jou, waarvan Hy saggies en in liefde ontslae raak, maar ook die "nuwe mens", die ware jy, die gedoopte, wat Hy in jou sien wanneer Hy na jou kyk en die Seun lewend in jou sien en jy in Hom. *Contemplatio* is die oomblik waarin jy jou voete in Jesus se hande beleef, en die reinigende en lafende water daaroor voel, maar ook in verbeeldingryke meditasie, die druppels uit die hand van die Vader, Seun en Heilige Gees oor jou voorkop voel vloei om jou hele lewe, tot diep in jou siel aan te raak met die mistieke eenheid van die Seun aan die kruis en buite die leë graf. In *contemplatio* rus jy in hierdie mistieke eenheid, selfs verby jou gedagtes.

5.5 Galasiërs 2:19b-20

a Lectio

19 Χριστῷ συνεσταύρωμαι·

20 ζῶ δὲ οὐκέτι ἐγώ, ζῇ δὲ ἐν ἐμοὶ Χριστός· ὃ δὲ νῦν ζῶ ἐν σαρκί, ἐν πίστει ζῶ τῇ τοῦ υἱοῦ τοῦ θεοῦ τοῦ ἀγαπήσαντός με καὶ παραδόντος ἑαυτὸν ὑπὲρ ἐμοῦ.

19 Ek is saam met Christus gekruisig;

20 en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my en die lewe op aarde wat ek nou leef, leef ek in geloof in die Seun van God, wat my liefgehad het en Homself ter wille van my oorgegee het.

b Meditatio

In hierdie enkele vers in Galasiërs (in die oorspronklike Griekse teks is 19b en 20 een vers), beleef ons iets van Paulus as mistagoog wat sy lewe met sy lesers deel[129]. Die mistagoog is juis iemand

---

129 Robert D Keay (2005:151) praat van Paulus as die "Spiritual Guide", net soos Rice (1998:61), en wanneer hy dan uitbrei, sien ons dat Paulus homself net so wel 'n mistagoog kon genoem het: "Paul never discursively crafts identity categories of prophet or philosopher in order to reveal his own positive identity, whereas his discursive shaping of the spiritual guide category is intended to do just that. The spiritual guide in the ancient

wat mense se ervaring kan verstaan, iemand wat op dieselfde reis is, maar dalk net 'n entjie verder (Rice, 1998:61). Wanneer jy dan na binne keer en tuis raak in jou eie binnewêreld, skep jy ruimte vir iemand anders om homself te wees en na jou te kom op sy voorwaardes (Nouwen, 1994:91). Margaret Guenther (1992:35-39) beskou self-onthulling as deel van die gasvryheid wat die mistagoog bied wanneer iemand hom- of haarself aan hom of haar blootlê. Die mistagoog luister nie net nie, maar neem ook deel en deel medemenslikheid. Deur hom of haarself op sy of haar eie reis met die lewende God te deel, sê die mistagoog: ”Welkom in my wêreld.” Van groot belang is dat die mistagoog nie die begeleide na hom- of haarself begelei nie, maar na die Christus wat in hom of haar leef, en dit is presies wat ons beleef wanneer ons hierdie woorde van Paulus herkou en as’t ware ’n rukkie in sy geselskap gaan sit en Christus in hom sien en hoor. Wanneer jy dan na Paulus kyk en luister, gebeur daar diep in jou siel iets met jou, wat jou laat nadink (mediteer) oor jou eie bewuswees van die lewende Christus in jou, wat jou lewe oorgeneem het.

i. Χριστῷ συνεσταύρωμαι (Christus, ek is saam gekruisig met)

Paulus wys op die rol wat die kruis in sy eie ervaring gespeel het. Dit is ’n mistieke uitdrukking, en daarom is dit moeilik om te begryp, maar dit is duidelik genoeg dat Paulus dink dat hy 'n aandeel gehad het aan Christus se ervaring aan die kruis. Die tyd van die werkwoord (*perfektum*) (Rienecker, 1974:438) suggereer dat Paulus dink aan daardie spesifieke voltooide gebeurtenis wat sy identifikasie met Christus gekenmerk het en wat 'n blywende uitwerking op sy lewe gehad het[130] (Guthrie, 1974:90). Die perfektum vorm van συνεσταύρωμαι beklemtoon juis Paulus se voortgesette toestand: "Ek is in die toestand van saam met Christus gekruisig te wees” (Moo, 2013:170). “Ek het gesterf” word verklaar as gekruisig saam met Christus; “Ek leef” as Christus wat in my leef (Guthrie, 1974:90). Paulus se gebruik van die werkwoord is 'n weerspieëling van

---

Mediterranean served as a mediator between God and humans, guiding or directing humans along a path that ultimately led them into the presence of God. Paul’s letters reveal that he identified himself with these earthly guides, directing the spiritual journeys of followers of Jesus until the day he (Jesus) returned for them”. So fokus Paulus byvoorbeeld daarop om die Korintiërs te begelei dat hulle “sonder blaam sal wees op die dag van ons Here Jesus Christus” (Keay, 2005:155).

130 Paulus gebruik die perfektum om te getuig daarvan dat hy saam met Christus gesterf het, iets wat eens plaasgevind het en sedertdien nie sy krag verloor het nie. Die gelowiges, op grond van hulle korporatiewe behoort aan hom, is ingesluit in daardie sterwe. Natuurlik realiseer hierdie deelname aan die dood subjektief ook by die gelowiges en dit is presies wat die doop beteken en verseël (Romeine 6:3); in gemeenskap met die dood van Christus sterf die gelowiges vir die sonde sodat die heerskappy daarvan verbreek word en die vryheid van die lewe vir God gebore word. Die uitspraak sê iets oor die eksistensiële bepaling van die lewe. Dit is dit wat nie meer uit Paulus se natuurlike self spruit nie, maar uit Christus (Ridderbos, 1978:105).

een van sy kernteologiese oortuigings: dat die geestelike toestand van gelowiges die produk is van hulle werklike identifikasie met Christus in die verlossingsgebeure van sy kruisiging, begrafnis en opstanding. Om "saam met Christus gekruisig" te word, beteken dus nie dat gelowiges 'n metaforiese "kruisiging" ondergaan wat soortgelyk is aan Christus se werklike kruisiging nie, maar dat gelowiges deur God beskou word as aan die kruis saam met Christus (Moo, 2013:171). Wanneer hy sê dat hy saam met Christus gekruisig is, verduidelik Paulus hoe ons, wat dood is vir die wet, vir God lewe. Ingegraveer in die dood van Christus, put ons 'n mistieke krag daaruit, soos die loot uit die wortel doen. Omdat ons saam met Hom gekruisig is, word ons bevry van die vloek en skuld van die wet. Ons word slegs van die juk van die wet verlos wanneer ons een met Christus gemaak word, aangesien die loot die sap uit die wortel trek slegs deur in een natuur in te groei (Calvin, 1976:42). Hierdie fundamentele verandering is 'n Goddelike gebeurtenis, 'n stuk geskiedenis wat deur God bewerk is. Dit is wat God gedoen het in die kruisiging van sy Seun, die Christus. Toe Paulus besef het dat die gekruisigde Galileër Jesus werklik die Christus van God was, wat die oordeel van sondaars in sy eie liggaam ervaar het, het hy geweet dat hy aan Hom behoort, Hy het hom geroep en hom sodoende in sy gemeenskap ingeneem. Wat met Hom gebeur het, het ook met Paulus gebeur. Sy dood is Paulus se dood, want Hy is die Christus, die Lam van God, wat ook sy sonde vir die wêreld dra (Brandenburg, 1970:58)[131]. Paulus is by sy doop met Christus in sy dood neergelê (Brandenburg, 1970:59).

ii. **ζῶ δὲ οὐκέτι ἐγώ, ζῇ δὲ ἐν ἐμοὶ Χριστός** (ek leef en/maar nie meer ek, Hy leef in my Christus)

Nou het Paulus nie meer 'n lewe van sy eie nie. Sy lewe is nou Christus. Sy “ek” het sy lewe verloor. “Ek self leef nie meer nie” - nie meer die ek wat eiegeregtig en moedswillig sy aansprake uitgebasuin het nie. “’Maar Paulus!’ – het sommige luisteraars dalk gedink – ‘ons verstaan jou nie! Jy lewe nog, ons hoor jou stem en jy beweeg sigbaar!’” “Ja, natuurlik maar Christus leef in my". Soos ek in sy dood in die geloof deel, so deel ek ook in sy opstanding, want Hy is Christus, die Wingerdstok, die bron van nuwe lewe (Brandenburg, 1970:59). Paulus se eenheid met Jesus is nie die gevolg van sy toewyding aan hom nie, maar eerder die vrug van Jesus se liefde vir Paulus, wat weer gelei het tot die gehoorsame oorgawe van sy lewe aan Jesus. Terselfdertyd verduidelik hy wat hy bedoel met “lewe vir God” (vers 19, vgl. Romeine 6:10-11). Hy leef nie volgens sy eie

131 Paulus se mistiek is onafskeidbaar van die wisselvallighede van die daaglikse lewe. Vereniging met Christus word gekenmerk deur selfgewende liefde, deur die kruis – vereniging met Christus is niks as dit nie vereniging met Christus in sy dood is nie (Kourie, 2001: 76).

wil nie, maar word opgewek deur die mistieke krag van Christus, sodat daar gesê kan word dat Christus in hom leef en groei, 'n merkwaardige stelling, dat gelowiges buite hulleself leef (*fideles extra se vivere*), in Christus. Christus leef op twee maniere in ons. Die een bestaan daarin dat Hy ons deur sy Gees regeer en al ons dade rig. Die ander is dat Hy ons deur deelname aan sy geregtigheid skenk sodat, aangesien ons niks uit onsself kan doen nie, ons deur God in Hom aanvaar word (Calvin, 1976:42-43). Die lewe wat ons dus deur die geloof verkry, word innerlik deur die krag van die Gees in die bewussyn waargeneem, en daarom verhoed die liggaamlike lewe ons nie om die hemelse lewe deur geloof te besit nie (Calvin, 1976:43). Hierdie eenheid met Christus verlos my van die eise van die wet en skei my van my sondige self (Luther, 2014:58-59). Geloof verbind jou so intiem met Christus, dat Hy en jy as't ware een persoon word. As sodanig mag jy met vrymoedigheid sê: "Ek is nou een met Christus. Daarom is Christus se geregtigheid, oorwinning en lewe myne." Aan die ander kant mag Christus sê: "Ek is daardie groot sondaar. Sy sondes en sy dood is Myne, want hy is verenig met My, en Ek met hom" (Luther, 2014:59). My spraak, my sig, my gehoor word nie meer deur die “ek” gerig nie, maar deur die Heilige Gees. Ek kan nie leer, skryf, bid of dank sonder die instrumentaliteit van die vlees nie; hierdie aktiwiteite word egter nie voortgesit uit die vlees nie, maar uit God. Christus regeer in die hart deur sy Heilige Gees, wat alles in en deur ons sien, hoor, praat, werk, ly en alles in en deur ons doen (Luther, 2014:60). Paulus het so met Christus geïdentifiseer dat wat Christus doen, doen hy. Dit is nie net dat hy saam met Christus woon nie, maar dat Christus Homself in Paulus tuismaak. Hier is 'n tikkie van Paulus se mistieke “in Christus”-gedagtegang (Guthrie, 1974:90). Dit is die inwoning van Jesus Christus in ons harte. Die lewe van Jesus Christus hier op aarde is nog nie afgehandel nie. Christus leef dit steeds in die lewens van sy volgelinge. Om hierdie werklikheid te beskryf, moet ons nie oor ons Christelike lewe praat nie, maar oor die ware lewe van Jesus Christus in ons. "Dit is nie meer ek wat lewe nie, maar dit is Christus wat in my woon" (Gal. 2:20). Die vleesgeworde, gekruisigde en verheerlikte Een het in my ingekom en leef my lewe. "Christus is my lewe" (Fil. 1:21) (Bonhoeffer, 2018:364), maar saam met Christus woon die Vader ook in my; en beide Vader en Seun woon in my deur die Heilige Gees[132]. Die werkwoord (*zao*, om te lewe) word vier keer in die teenwoordige tyd gebruik. "Ek leef nie meer nie" beteken dat met die "ou ek", die "ek" wat verslaaf is aan die sonde en die wet, weggedoen is, om vervang te word deur 'n nuwe

---

132 “The trinitarian nature of Paul's mysticism comes clearly to the fore. The mystery of the Trinity should not be left to the intellectual disputes of theologians, but should be seen as reflected in the pristine message of the gospel, and in Paul's elucidation of the new life of grace” (Kourie, 2001:78).

"ek" wie se bestaan bepaal word deur die inwonende Christus. Paulus praat van gelowiges as om "in Christus" te leef en, minder algemeen, van Christus as om "in" gelowiges te leef, 'n noodsaaklike eenheid wat die gelowige se lewe in al sy aspekte oorheers (Moo, 2013:171).

iii. **ὃ δὲ νῦν ζῶ ἐν σαρκί, ἐν πίστει ζῶ τῇ τοῦ υἱοῦ τοῦ θεοῦ τοῦ ἀγαπήσαντός με καὶ παραδόντος ἑαυτὸν ὑπὲρ ἐμοῦ** (wat en/maar nou ek leef in vlees, in geloof ek leef die in/van die Seun wat liefgehad het my en wat oorgegee het Homself ter wille van my)

Ek leef deur die geloof in die Seun van God. Hierdie geloof is in eenheid met Jesus, met sy lewe, sy kragte, sy genade, sy vrede, sy gees – hoeveel Hy ook al in sy liefde aan my mag toewys. Aan die kruis het my ou lewe saam met Christus sy doodsvonnis gekry. In die liefde van die herrese Een ontvang ek die nuwe doel vir die lewe, die nuwe vitaliteit, die nuwe sin van die lewe, die nuwe hoop op die lewe. Maak die loot los van die wingerdstok en dit sal verdor! Los die hand van Jesus, en jy sal weer 'n desperate sondaar wees. Diegene wat saam met Jesus aan sy kruis gesterf het, kan ook nie sonder Hom lewe nie (Brandenburg, 1970:60). Paulus se lewe is 'n bewustelik-Christus-georiënteerde lewe (Ridderbos, 1978:106). Die heerlikheid en die krag van Christus en van sy selfoorgawe en liefde word beklemtoon. Geloof in hierdie wonderlike goddelike liefde en die mens wat in hierdie liefde opgeneem word, dit is dit wat die lewe verlos en vrymaak. Die *aoristus* (Rienecker, 1974:438) wys op die historiese feit van Christus se liefdevolle selfopoffering. Dit vorm die grond vir geloof in sy liefde. Daarom is die lewe van geloof in Hom nie net 'n saak van gerig wees op wat gebeur het nie, maar is dit ook 'n nuwe wedergebore lewe waarin die krag van Christus se liefde en die bevrydende gees Homself openbaar (Ridderbos, 1978:106). Die fondament (*hipostase*) waarop geloof rus, is die liefde en dood van Christus. Hoe gebeur dit dat ons deur die geloof van Christus lewe? Omdat Hy ons liefgehad het en Homself vir ons gegee het. Die liefde waarmee Christus ons omhels het, het Hom gelei om Homself met ons te verenig (Calvin, 1976:43), want as enige verdienste van ons kant Hom beweeg het om ons te verlos, sou Paulus ons daarop gewys het. Nou skryf Paulus alles toe aan liefde; dit is dus gratis. "Vir my" – elke mens mag die effek en besit van hierdie genade vir homself persoonlik opeis (Calvin, 1976:44). Die woord (*Σαρξ*, vlees) in die frase (*ἐν σαρκί*, in vlees) verwys na die gewone fisiese lewe op aarde (Moo, 2013:171). Paulus leef nou 'n lewe wat so totaal toegewy is aan die Seun van God. Hy verklaar dat Christus die inisiatief neem en nie ons nie, "die Seun van God, wat my liefgehad, en Homself vir my oorgegee het". Hy het in my geen regte denke en geen goeie wil gevind nie. Maar die goeie Here was my genadig. Uit suiwer goedertierenheid het Hy my

liefgehad, sodat Hy Homself vir my oorgegee het[133] (Luther, 2014:61). As ek, 'n veroordeelde sondaar, teen enige ander prys gekoop en verlos kon word, waarom moes die Seun van God Homself vir my gegee het? Net omdat daar geen ander prys in die hemel en op aarde groot en goed genoeg was nie, was dit nodig dat die Seun van God vir my oorgegee moes word. Dit het Hy gedoen uit Sy groot liefde vir my (Luther, 2014:62), omdat Christus Vreugde en Soetheid is vir 'n gebroke hart. Christus is 'n Liefhebber van arm sondaars, en Liefde in sy wese, dat Hy Homself vir ons gegee het. As dit waar is, en dit *is* waar, dan word ons nooit geregverdig deur ons eie geregtigheid nie. Luther (2014:62) moedig ons aan om die woorde "ek" en "vir my" met groot klem te lees. “Druk hierdie ‘ek’ met hoofletters in jou hart, en moenie ooit twyfel dat jy tot diegene behoort wat met hierdie ‘ek’ bedoel word nie. Christus het nie net Petrus en Paulus liefgehad nie. Dieselfde liefde wat Hy vir hulle gevoel het, voel Hy vir ons” (outeur se vertaling). Niks anders as liefde sou 'n voldoende motief vir God gewees het om sy Seun na die kruis te stuur nie, en ook vir die Seun om dit vrywillig te aanvaar nie (Guthrie, 1974: 91).

Opsommenderwys word aangesluit by Pieter de Villiers (8 Maart, 2012a) wat Galasiërs 2:20 vanuit mistieke hoek belig. Paulus het vir ons in Galasiërs boeiende uitsprake oor die inwoning van God in die mens nagelaat, oor hoe ’n mens besield oor God raak (Galasiërs 2:17-21). ’n Mens raak besield oor God wanneer jy vry word van jou eie gejaag na wind en wanneer jy jou oopstel vir die liefde. Paulus praat oor sy verlede, oor die groot plek wat die wet in sy lewe ingeneem het en nog vir baie mense in sy tyd inneem. Hy merk in vers 19 op hoe die ou bedeling van die wet verbygegaan het met die koms van Christus. Paulus het hierdie bedeling van die wet afgesterwe. Dit is verby. Hy is nie meer gebind deur die ou dinge nie. Alles is omgekeer in Paulus se lewe. Ek leef nou “vir God”. Noudat alles nuut geword het, is sy hele lewe op God ingestel. “Ek leef vir God”, asof hy vantevore nie vir God geleef het nie. Paulus is nog Paulus. Hy praat nog van homself. Dit is hy, Paulus, wat skryf “ek leef”, maar God het hom omvorm op so ’n manier dat hy vir God lewe op ’n direkte, onmiddellike manier. Hy leef nie meer vir homself nie. Sy aandag is ingestel op God. Hy leef nie meer vir die wet nie, vir die dinge wat so maklik uiterlik kan word, vir vroomheid wat eintlik boosheid geword het nie. Hy leef nie meer nie. Jy sal Paulus nie meer op sy eie iewers vind of raakloop nie. Hy is so deel van Christus dat hulle wêrelde ineengesmelt het. Paulus is nog

---

133 Opvallend is twee ander gedeeltes waar Paulus Christus se liefde en sy oorgawe saamvoeg: "en leef in liefde, net soos Christus ons liefgehad, en Homself ter wille van ons oorgegee het as 'n offergawe aan God, as 'n offerande met 'n aangename geur” (Efesiërs 5:2) en Efesiërs 5:25: “... soos ook Christus die kerk liefgehad het en Homself ter wille van haar oorgegee het” (2020 Direkte vertaling in Afrikaans) (Moo, 2013:172).

Paulus, maar tog is dinge nie meer dieselfde nie: Christus leef, skryf hy, “in my”. Ons het onafskeidbaar geword. Daar is niks wat ons van mekaar skei nie. Dit is nie dat hy hom nou verbeel dat hy Christus geword het nie. Hy weet nog van sy “my”- dat hy Paulus is, dat hy lewe in die liggaam (vlees) - en tog het Paulus radikaal verander. Hy is nou die Paulus waarin Christus inwoon. So onafskeidbaar het hy en Christus geword dat Paulus selfs sy dood deel. In verborge taal verbind Paulus sy lewe so intiem en so intens met Christus dat wat met Christus gebeur het, met hom gebeur het. Christus, die Seun van God is “in” Paulus. Daar is, sê hierdie gedeelte, iets Goddelik aan Paulus se bestaan. Hy lyk nie meer na die ou Paulus nie, maar al hoe meer na Christus. Hy behoort aan die Seun van God. Hy lyk al hoe meer na die Seun van God, die beeld van God. Hy, Paulus leef vir God, maar Hy, Christus, leef nou in Paulus – noue, intieme eenwording, wedersydse inwoning. Paulus skryf: “Die lewe wat ek nou liggaamlik leef, leef ek in geloof, die geloof in die Seun van God, wat my liefgehad en Homself vir my oorgegee het.” Hoe raak 'n mens besield vir God? Wanneer die liefde stilweg, maar tog so dodelik suiwerend in jou kom inwoon (De Villiers, 8 Maart 2012a).

c. Oratio

Wanneer die leser, in ons geval die leraar, hierdie teksvers lees, kom Johannes 15 en Romeine 6 ook weer terug in sy of haar hart. Ons hoor Jesus sê “Bly in My ... sonder My kan julle niks doen nie” en deur jou doop is jy “dood vir die sonde en lewend vir God”. Ons sien vir Paulus as die mistagoog wat ons begelei na Jesus toe, om Wie alles in sy eie lewe draai. Paulus gee vir ons ’n kykie in sy eie reis saam met die lewende Jesus in, en ons reaksie op die getuienis van Paulus is lof vir ons doop, waardeur ons saam met Christus sterf en opstaan in ’n nuwe wedergebore lewe. God tree op by ons doop. Hy gee Homself in sy Seun wat Homself in liefde aan ons oorgee, sodat hierdie lewe, wat ons nou, op hierdie oomblik lewe, ’n gans ander lewe is. Groter liefde het niemand nie, as Hy wat sy lewe vir sy vriende aflê en oorgee. Dit is in hierdie lewe, wat ons self as mistagoog lewe, waarin ons besef dat ons in Hom lewe en Hy in ons. Dit het al by ons doop begin en word telkens bevestig wanneer ons by die nagmaal die brood en wyn inneem en dit deel word van ons liggaam, soos Christus in ons deel is van elke aspek van ons lewe. In *oratio* ontdek ons opnuut dat Christus Homself eens ook vir ons oorgegee het, maar dat Hy steeds elke oomblik

vandag nog Homself aan ons gee, sodat ons die rykdom van die lewe in die Vader, Seun en Heilige Gees kan beleef[134].

In verbeeldingryke meditasie sien ons eers hoe ons met Paulus in gesprek tree oor die lewe wat ons nou hier leef, en vra hom uit oor sy eie belewing van die mistieke eenheid met Christus. Sy antwoord oor sy eie lewe begelei ons om te sien hoe ons in ons doop aan die drie-enige God oorgegee word, en Jesus aan ons oorgegee word. Ons sien ook hoe ons hierdie lewe wat ons nou leef, daagliks aan Hom oorgee, soos Hy Homself daagliks aan ons gee. Ons gee onsself in liefde om in Hom te wees en Hy gee Homself in liefde om in ons te wees.

d. Contemplatio

Hierdie woorde van die mistagoog, Paulus, sak diep in die hart in van elke mistagoog wat hom opvolg en bring groot rus. Ons ontvang vrede dat die bediening niks anders is as ons deelname aan die lewende Christus wat in ons leef en deur ons *Sy* bediening voortsit nie. Ons hoef ons nie moeg te maak en uit te brand met pogings “om die dinge te laat gebeur” nie. Ons mag maar “wees”, want ons is uit hoofde van ons doop in Christus en Hy in ons. Al ons kosbare opleiding aan ons teologiese fakulteite, ons gawes, talente en middele is in diens van Christus in ons. Wanneer ons in *contemplatio* stil raak, gee ons vir God die geleentheid om Jesus in ons te bevestig, met ons geestesoog te beleef hoe Jesus in liefde Homself aan ons gee en die lewe wat ons leef, veral ons bediening, volkome aan Hom te gee. Dit herinner aan ’n kontemplatiewe gebed, geskryf deur Edwina Gateley en te vinde is op www.journeywithjesus.net en vertaal is deur die outeur, “*Let your God love you*”:

Word stil.
Wees stil.
Alleen.
Leeg
voor jou God –

---

134 Andrew Murray (2013:131) moedig ons aan om die Heilige Gees ernstig te versoek om harte en gedagtes te verlig met betrekking tot hierdie deel van ons eenheid met Christus, sodat dit nie net 'n leerstelling kan wees nie, maar krag en waarheid. Probeer om dieper in te gaan in die betekenis van hierdie dood van Christus waarin jy gedoop is (Murray, 2013:131-132). Hy het nie net die dood en sonde vir Homself oorwin nie, maar ook vir sy dissipels, sodat Hy hulle van die eerste dag af deelgenote kon maak van sy Gees, van sy vreugde en van sy hemelse krag (Murray, 2013:138). Jesus Christus self is die opstanding en die lewe, die opstandingslewe. Hy self sal van dag tot dag en uur tot uur toesien en sorg dat ek lewe as een wat saam met Hom opgestaan het (Murray, 2013:140).

sê niks nie.
Vra niks.
Wees stil.
Laat jou God na jou kyk.
Dit is al.
God weet.
God verstaan.
God het jou lief
met 'n enorme liefde,
En wil net
na jou kyk
met daardie liefde.
Stil.
Rus.
Wees.
Laat jou God jou liefhê (Gateley, 2023)

5.6 SAMEVATTING

Wanneer die leraar as medereisende mistagoog eers die stem van die ware Mistagoog hoor wat hom of haar nooi om in die mistieke eenheid met Hom te bly, want op ons eie kan ons niks doen nie, maar in ons mistieke eenheid met Hom, sal daar vrug wees wat die Vader, die Landbouer van die wingerd, sal verheerlik, verander die fokus van die bediening radikaal. Die leraar as mistagoog bedien dan vanuit sy of haar doop, die oomblik in ons lewe toe die drie-enige God ons in Christus ingeënt het, sodat ons saam met Hom sterwe, begrawe word en lewe, wanneer die doopwater nie maar bloot op ons voorkop bly lê om te verdamp nie, maar deur ons hele wese stroom, en ons deurstroom word met die sap (lewe) van die Wingerdstok. Hierdie nuwe lewe, sê ons mistagoog, Paulus, is die lewe vir God, die lewe in Christus, die lewe van Christus in ons. Ons bediening is volledig deelname aan die voortgesette bediening van Christus in ons en ons in Hom. Ons bedien met sy woorde in ons, terwyl ons in sy liefde bly en die vreugde van die Wingerdstok diep in ons siele beleef, juis omdat ons aan sy heilige roeping, om die Vader te verheerlik in alles, mag deelneem. Soos Jesus ons begelei na die Vader, en Paulus ons begelei na Jesus, begelei die leraar as mistagoog elkeen wat die Drie-eenheid oor sy of haar pad stuur na die lewende Jesus, wat deur sy Gees in alle omstandighede in die oomblik teenwoordig is. Ons begelei hulle na die

kern van hulle lewe: hulle eie mistieke eenheid met Christus, wat by hulle doop begin het en elke keer in die nagmaal bevestig en verdiep word. Ons begelei hulle in liefde om die teenwoordigheid van die God van liefde in hulle eie lewens raak te sien, as die Een wat by hulle doop al belowe het om saam op reis te wees en nooit sy rug op sy kinders te draai nie. Wanneer die leraar in Christus en Christus in hom of haar fokus daarop om mistagoog te wees wat sy of haar lidmate herinner aan hulle doop en hulle bewus te maak vir die teenwoordigheid van die verrese Jesus in die hede in hulle lewe, kan hy of sy rus. Die leraar wat die Gemeente waarin hy of sy bedien, sien as God se wingerd, die Vader as die Landbouer, die Seun as die Wingerdstok, en die leraar en elke lidmaat van die Gemeente as lote waardeur die Gees die lewensap van die Wingerdstok laat stroom, sodat die leraar en elkeen wat sy of haar bedieningspad kruis Godverheerlikende vrug dra, is al die fokus op die ware Verlosser, en verwag die leraar en die Gemeente nie van die leraar om die rol van God of die Verlosser te speel nie. Fokus op ons mistieke eenheid met Christus, 'n lewe vanuit ons doop, bevestig in die Woordverkondiging en die heilige nagmaal, verdiep deur geloofsgewoontes soos *lectio divina*, verbeeldingryke meditasie en die daaglikse gebed van *examen*, en nog vele ander, is God se manier om ons daaraan te herinner dat Hy in beheer is, en dit nie nodig is vir enigiemand om die beheer uit sy hande te neem nie.

HOOFSTUK 6

DIE PRAGMATIESE TAAK

6.1 INLEIDING

Refleksie op die bevindinge van hierdie pastorale studie word vervat in hoofstuk 6 met die doel om aksie-strategieë vanuit die pragmatiese ondersoek te formuleer sodat die leraar gelowiges kan bedien vanuit die posisie van 'n medereisende mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus. Wanneer leraars besef dat hulle slegs deelnemend tot die voortgesette bediening van Christus is, sal dit bydra tot die verligting van baie spanning en meer effektiewe bediening. Hierdie riglyne poog om 'n praktyk daar te stel in diens van AMSS en die NGK vir verdere gebruik deur 'n *pastor pastorum*[135] met die hoop dat die herontdekking van die leraar as bedienaar in en deur Christus vir hom of haar nuwe ywer en energie sal gee in hierdie besonderse diens.

Osmer (2008:5) beskryf die pragmatiese taak as "Determining strategies of action that will infuence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the "talk back" emerging when they are enacted". Hermans en Schoeman (2015a:31) sluit aan by Karl Rahner, wat 'n verdere D-komponent by praktyk-gerigte navorsing byvoeg. Die D-komponent is

---

135 "Die *pastor pastorum* moet deur 'n bepaalde kerkvergadering verkies word en hy of sy is verantwoordelik aan daardie vergadering. Daardie vergadering moet verkieslik die streeksinode wees, of op die vlak van gekombineerde ringe of streke. Koppeling aan 'n vergadering minder as gekombineerde ringe sal dit finansieel moeilik haalbaar maak, terwyl koppeling aan byvoorbeeld die Algemene Sinode die *pastor pastorum* se bediening weer te onpersoonlik sal maak. Die *pastor pastorum* moet van ander diens vrygestel word en hy of sy moet veral nie administratief oorlaai word nie. In die kerkordelike hantering van die *pastor pastorum* moet daarteen gewaak word dat hy of sy nie weer 'n hiërargiese biskop met 'n heilsbemiddelende en sakramentele karakter word nie. Teologiese studente en pastors moet daaraan gewoond gemaak word dat die kerkverband betrokke is by hulle lewens en hulle pastoraal gaan en wil versorg" (Cooke, 2008:41-42). In die Wes-Kaap sinodale streek is die leraars bevoorreg om 'n PSD vir predikante-begeleiding te mag hê, wat sy uiterste bes probeer, maar man-alleen die toenemende druk op die leraars moet hanteer. Die werk van *pastor pastorum* kan gedelegeer word na ander leraars wat die belange van hulle kollegas, veral in Ringsverband, op die hart dra. Die navorser het beleef dat sy kollegas in die Ring dikwels van sy diens as mentor of mistagoog gebruik gemaak het, sonder dat die kerk finansieel onder druk geplaas is. Die deelname aan die navorsings-retraite deur die leraars van die Ring van Clanwilliam, was juis omdat hulle feitlik almal van die navorser se begeleiding, hoofsaaklik as mistagoog, gebruik gemaak het. Die verlange van die navorser is dat die deelnemers aan hierdie navorsings-retraite ook daarna mekaar se *pastor pastorum*, of mistagoog sal wees. Dit is reeds besig om te gebeur binne die grense van die Ring van Clanwilliam.

die preskriptiewe of normatiewe dimensie van praktyk-gerigte navorsing. Die skopus van die leidende vrae vergroot om vrae soos onder andere die volgende in te sluit: wat is die toekomsdroom, wat moet gedoen word om die toekoms te skep en wat sal die aard van die gewenste (toekomstige) praktyk wees? Hierdie studie ressorteer onder die probleem-oplossende fokus met spesifieke inkorporering van die D-komponent met die doel om pragmatiese riglyne vanuit ’n pastorale studie te formuleer ten opsigte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk leraar as medereisende mistagoog met die lidmate in mistieke eenheid met Christus. Die probleem hoef nie noodwendig negatief te wees nie, maar kan ’n positiewe uitdaging wees op ’n gebied waar groei nodig is (Hermans & Schoeman, 2015a:28, vgl hoofstuk 1.4). Die pragmatiese taak beantwoord dus Osmer (2008:4) se vraag: “How might we respond?” en dit behels die begeleiding van verandering (Osmer, 2008:183).

Terwyl Osmer (2008:3) fokus op verandering in die gemeente, is dit sekondêr in hierdie navorsing. Hierdie navorsing begelei die leraar in die rigting van verandering, hoofsaaklik vanuit ’n nuwe ontdekking van die leraar se identiteit as geliefde seun of dogter van God, deur sy of haar doop, in mistieke eenheid met Christus en as sodanig medereisende mistagoog in die lewe van die gemeente. Die tipe leierskap wat vereis word van die leraar is “servant leadership” of dienende leierskap (Osmer, 2008:184), wat pas by die leraar as mistagoog as deelnemer aan die voortgesette priesterlike bediening van die opgestane Christus (*participatio Christi*), God se koninklike heerskappy in die vorm van ’n Dienskneg (Osmer, 2008:185 e.v.) wat ly in self-opofferende liefde terwyl Hy sy Messiaanse roeping leef (Osmer, 2008:186). Jesus se lyding is lyding saam met en ter wille van ander. In dié lyding en sterwe word die leraar en lidmate deur die doop ingeneem, sodat die oorgegewe liefde van Christus sigbaar word in hulle lewens onder mekaar (“one-anothering”) en tussen ander mense (Osmer, 2008:189). Osmer belig die spiritualiteit van dienende leierskap soos volg: 1. Taakbevoegdheid met nederigheid as basis, 2. Transaksionele leierskap as die vervulling van die diepste behoeftes en oorsteek van grense, en 3. Transformerende leierskap aan die voorpunt van in diepte verandering (Osmer 2008:193). Die dienende leier of leraar is deelnemer aan die self-gewende liefde van die teenwoordige Christus. Terwyl die leraar sy of haar tekortkominge aan die een kant en sterkpunte aan die ander kant net te goed ken en verstaan (Osmer, 2008:194), vind hy of sy rus in die wete dat Christus self die bediening voortsit en die leraar in mistieke eenheid met Christus deelneem aan Jesus se eie bevoegdheid. Die uitdaging om dikwels onbekende terreine te betree, veral ten opsigte van in diepte transformasie, en om sommer gereeld te erken “ek weet nie” of “ek is nie in beheer nie”

(Osmer 2008:197) draai noodwendig die oë na ons Leidsman en Voleinder van ons geloof (Hebreërs 12:2). Hy ken elke onbekende terrein en die leraar kan met die volste vertroue dat Hy weet, deelneem aan die transformerende bediening van Jesus. Osmer (2008:198-199) waarsku juis dat die leraar nie sy of haar bevestiging moet soek by die gemeente nie. Die moontlikheid van 'n ongesonde verbintenis bestaan wel in die bediening. Wanneer die leraar gedurig afhanklik is van die lidmate om hom of haar te laat voel hy of sy "goed genoeg" is, verdryf dit die verlange na God by die leraar. Die gejaag na sukses en die lof van die lidmate staan in die pad van die spiritualiteit van dienende leierskap.

6.2 AGTERGROND VAN DIE STUDIE

Die navorser is eers deur die Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding versoek om as mentor vir leraars in die Ring van Clanwilliam te funksioneer. Dit sou aanvanklik een leraar wees, en op die voorwaarde dat die navorser 'n mistagoog vir die leraar sou wees, wat so aanvaar is. As mistagoog fokus die navorser daarop om sy medeleraars in die Ring van Clanwilliam te begelei in die rigting daarvan om hulle oë oop te maak vir die plekke wat die lewende Here vir hulle wys, waar Hy op 'n besondere manier besig is, want dit is die feit: Hy sit steeds sy bediening as lewende en teenwoordige Here voort, en dan uit te kom by die punt van: op watter wyse kan ek as leraar my gawes, persoonlikheid, teologiese opleiding, ensovoorts, tot beskikking stel van die *participatio Christi*. Dit was dus 'n saamreis in die verborgene in, om saam met die leraars die teenwoordigheid van die lewende Jesus in hulle eie lewe en bediening te ontdek. Nie lank na die aanvang van hierdie nuwe roeping nie, het meer leraars in die Ring van hom begin gebruik maak, hoofsaaklik as mistagoog in hulle lewe, 'n taak wat die navorser groot vreugde gegee het, maar ook die indruk gegee het dat die bediening nie vir al die leraars 'n aangename belewing is nie en dat die moeilike deel van die bediening juis is dat hulle opgesaal word met verwagtinge waarvoor hulle nie geroep is nie, en beslis nie deel is van die belofte wat hulle voor die Here met hulle bevestiging afgelê het nie. Die leraars het beleef dat van hulle verwag word "om die dinge te laat gebeur" in die gemeente, wat bygedra het tot die verlies aan die unieke van die roeping van 'n predikant. Vrae soos: "Wat vind of waarna soek iemand wanneer hy of sy die leraar kom spreek, wat anders is as byvoorbeeld 'n besoek aan die maatskaplike werker, sielkundige of selfs prokureur?" "Wat is die unieke wat die leraar na die tafel toe bring tussen al die ander hulp-professies?" "Waarop fokus die leraar in die bediening?" Dit kan tog nie wees dat die leraar bloot daar is om een of ander Christelike sousie oor al die ander hulp-professies se bydraes te gooi nie? Die antwoord lê op verskillende vlakke maar kan saamgevat word as: Die leraar is 'n man of vrou van die Woord, man

of vrou van gebed en in alles mistagoog. Vir die leraar gaan dit primêr oor die mense met wie hy of sy in aanraking kom se verhouding met God drie-enig. As sodanig is die leraar deelnemer aan die voortgesette bediening van die lewende en teenwoordige Christus en begelei saam met Hom die mense in die verborgene in, waar hulle God sal beleef.

In 2018 begin die Sinodale Taakspan vir die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit (AMSS) met die voorbereidings vir die loods van hierdie baie belangrike liggaam in die NG Kerk. Die navorser word genooi om deel te neem aan die beplanning van hierdie sentrum, en om 'n voorlegging te maak vir 'n vyfdag retraite vir predikante, wat kan dien as 'n navorsingsprojek. Hierdie voorlegging vind plaas en word aanvaar op 23 Mei 2018. Die navorser moes 'n volhoubare model ontwerp in die vorm van 'n retraite, wat aanvanklik nog nie so volledig was soos die eindproduk wat gebruik is as empiriese ondersoek in hierdie studie nie. Uit die voorlegging aan die Taakspan vir die loods van die AMSS was die doel duidelik, naamlik:

- om leraars die geleentheid te gee om in 'n stiller omgewing tot rus te kom in die teenwoordigheid van die drie-enige God,
- meer as gewoonlik tyd te gee aan gebed, die biddende en verbeeldingsvolle (imaginative) lees van die Woord en geestelike leesstof,
- die bevestiging van hulle "in Christus"-wees,
- die nuwe waardering vir die sakramente,
- sekere geloofsgewoontes aan te leer en hulleself daarmee te dissiplineer,
- te ontdek hoe God hulle en hulle visie oor die bediening verander
- en met kollegas te deel.

In die voorlegging is die volgende leesstof en geloofsgewoontes voorgehou, naamlik:

Johannes 15 (in konteks van Johannes) – met die klem op die mens se mistieke eenheid met Christus, Andrew Murray, 1953 se boek, *The Master's Indwelling* (veral vanaf hoofstuk 6 – "Christ Our Life") en grepe uit Andrew Purvess se boeke, *Crucifixion of Ministry* (2007) en *The Search for Compassion – Spirituality and Ministry* (1989).

Geloofsgewoontes:

- Kontemplatiewe gebed
- *Lectio Divina*
    - *Lectio*
    - *Meditatio*
    - *Oratio*
    - *Contemplatio*
- *Examen*
- Joernaal[136]

Aanvanklik sou slegs gefokus word op die bemeestering en inoefening van die geloofsgewoontes en die bespreking daarvan. Die navorser sou as mistagoog optree en, aan die hand van 'n goedgekeurde vraelys, uurlange sessies van begeleiding met die leraars hê en deur die loop van die dag die groepsgesprekke begelei. Johannes 15 sou die basis vorm van die begeleiding en gesprekke. Die retraite sou aansluit by die dagprogram van die AMSS (kapel-tye en etes). Dit gaan dus oor die nuwe ontdekking van die leraar se deelname (*participatio*) aan die voortgesette bediening van Christus, die *missio Dei.* Die leraar se eenheid met Christus, sy of haar in-Christus-wees, en Christus-in hom of -haar en die gevolglike bediening-in-en-deur-Christus, is die uiteindelike mikpunt van hierdie retraite[137]. Hierdie navorsing het gefokus op die handelinge van

---

136 Die navorser het ruim ervaring van retraites, maar maak gebruik van spirituele begeleiers wat veel langer op die pad met retraites is, soos Jos Douma, op sy webblad (http://www.josdouma.nl/) wat die wese van die praktyk van die retraite so saamvat, en probeer om daarby aan te sluit in die voorbereiding van die retraite:
•"mediteren met de bijbel: woorden van God diep tot je door laten dringen door er lang en liefdevol naar te luisteren;
•bidden: het gelaat van de Heer zoeken en ontdekken dat hij het liefst heeft dat je gewoon dicht bij hem bent en bij hem schuilt;
•de stilte beoefenen: zwijgen, naar binnen keren en luisteren naar de stem van de Geest;
•geestelijk lezen van spirituele lectuur: je laten vormen door klassieke en hedendaagse auteurs en hun spirituele en meditatieve boeken" (Douma, 2023).

137 Aan die einde van die navorser se voorlegging aan die Taakspan vir die AMSS, het die voorsitter gevra of enigiemand hierdie retraite sal kan aanbied, waarop die navorser bevestigend geantwoord het. Na beide retraites begelei deur die navorser, het hy tot die slotsom gekom dat dit ten beste deur 'n leraar aangebied kan word. Dit is aan te beveel dat die leraar self hom- of haarself sien as mistagoog, dus begeleier, bekend moet wees met die ratwerke van die verskillende tipes retraites (byvoorbeeld stilte- en tematiese retraites),

God deur die bemiddelende diens van mense (De Klerk & De Wet, 2013:20). Die gelowige navorser het onder leiding van die Gees biddend gevra dat hierdie openbaringslig wat vanuit die Skrif vloei, vir hom oopgemaak word (De Klerk & De Wet, 2013:34). Tydens die navorsing is daar deurgaans vanuit die veronderstelling uitgegaan, dat daar altyd 'n omramende Goddelike element teenwoordig is wat as beoordelings-raamwerk gebruik is om die navorser te oriënteer (De Klerk & De Wet, 2013:35) (kyk ook Hoofstuk 1.11).

6.3 RETRAITE AS VOLHOUBARE MODEL

Ofskoon die navorser bekend is met die begeleiding van retraites, was daar bronne wat groot waarde toegevoeg het tot hierdie model. Rinie Altena (2007), ’n mistagoog en medewerker by De Spil Retraitecentrum in Hilversum, wat ’n mens herinner aan ons eie AMSS in Wellington, skryf op versoek ’n artikel vir De Spil oor die wese van ’n retraite, onder leiding van Prof. Hein Blommestijn van die Titus Brandsma Instituut, Radboud Universiteit in Nijmegen. Die navorser is dankbaar dat hy hierdie artikel ontvang het, wat dien as basis vir hierdie afdeling.

Altena (2007:4) begin sy artikel met die woorde van Psalm 27:8: “My hart eggo u woorde: ‘Julle moet my teenwoordigheid opsoek!’ U teenwoordigheid, Here, soek ek op”. In die bronteks lees ons: “’Julle moet my gesig (פני) (aangesig) opsoek!’ U gesig, Here, soek ek op”. As dit die verlange van die deelnemers aan die retraite, sowel as die begeleier is, kan ons ’n transformerende ontmoeting met die lewende Here verwag, met woorde wat deur jou hart uitgeroep word, ’n eggo vanuit God se hart. Jesus self stel vir ons die voorbeeld van “terugtrek na afgeleë plekke” om sy Vader se aangesig te soek. Ons lees byvoorbeeld in Lukas 5:16 “Hy het Hom egter gereeld teruggetrek (ὑποχωρῶν) na afgeleë plekke (ἐν ταῖς ἐρήμοις) en daar gebid” (2020 Afrikaanse Vertaling)[138].

---

self groot waarde heg aan die spiritualiteit van die leraar en begeleier self, en ons bediening as deelname aan die voortgesette bediening van Christus, in mistieke eenheid met Hom hoog ag en leef in sy of haar eie bediening. Hierdie spesifieke model vereis dan ook spesifieke navorsing en voorbereiding deur die aanbieder, wat hopelik van hierdie studie gebruik sal maak as voorbereiding. Hoofsaak is die begeleier se spirituele voorbereiding, waarin hy of sy beheer oorgee aan die drie-enige God, sodat die uitkoms nie van die aanbieder verwag word nie, maar van God self. In die twee retraites wat deur die navorser begelei is, word met dankbaarheid en verwondering getuig deur die deelnemers en die navorser, van die ontmoetingsgebeure tussen die lewende God en al die betrokkenes.

138 Margaret Silf (2002:21) wys daarop dat ons as gelowiges in Christus weet dat Hy dikwels “teruggetrek” het na ’n afgeleë plek om te bid. Sy voorbeeld is juis ’n uitnodiging aan ons om dieselfde te doen, op watter wyse ook al. Die “terugtrek” in afsondering was dikwels ’n waardevolle deel van die Christelike tradisie.

> In deze en andere teksten kom ik de ingrediënten tegen die volgens mij de essentie van een retraite weergeven: eenzaamheid en gebed. Ergens anders in de evangeliën wordt er gesproken van het zich 'terugtrekken'. Retraite stamt dan ook van het woord 'retire & retraire' (= terugtrekken). Daar heb ik het hier dus over: een vorm van 'terugtrekking' in tijd en plaats om, in ons geval, God te zoeken. Dat 'terugtrekken' is niet een vorm van 'wereldmijding' maar een vorm van je losmaken uit de verstrooiing. Een vorm van 'recollect' / jezelf herordenen om juist 'in te gaan op dat wat is'; om God juist te vinden 'in' alles. Een retraite vervreemdt dus niet van de wereld maar het is een vorm van 'naar binnen' gaan; naar de 'binnenkamer' waar God zich laat vinden (Altena, 2007:4).

Eintlik is daar 'n gemeenskaplike draad in die geskiedenis van die kerk om na 'n afgeleë plek te gaan "waar Jesus/God" gevind kan word, om te rus en te bid[139]. Dit is dus bloot om tyd en ruimte te maak, sodat God self kan doen wat Hy graag in die retraitant wil doen. Margaret Silf (2002), wat deur die Jesuïete opgelei is as gebedsbegeleier en voltyds retraites begelei as medereisiger

---

139 Franz Jalics (2003:20-23), 'n Jesuïete priester en professor in teologie in Argentinië, noem 'n paar voorbeelde uit die Ou en Nuwe Testament, asook uit ons kerkgeskiedenis. Hy praat van woestyn-ervarings: Hy begin met Abraham, wat 'n hele paar persoonlike ontmoetings met die lewende God beleef het. Hierdie ontmoetings het Abraham sodanig getransformeer dat hy hoe verder hoe meer die "Wese" wat hy so gereeld ontmoet het, leer ken het as sy God. Soos hy God beter leer ken het, het hy ook sy roeping ontvang. Hoe nader jy God leer ken, hoe beter leer jy ook jouself ken (Jalics, 2003:20). Moses is Jalics se volgende voorbeeld. Terwyl hy grootgeword het in die Farao se paleis en bekend geraak het met die kultusse van die Egiptenare, het hy nooit in daardie tyd beleef dat God hom ontmoet of met hom praat nie. Moses moes eenkant kom, in die woestyn van Midian, waarheen hy gevlug het, om in die woestyn die ontmoeting te beleef, terwyl hy skape oppas, teruggetrek uit die gewoel van die beskawing. Hier het hy God en homself werklik leer ken. Hy is die bevoorregte aan wie God Homself voorstel as "EK IS", en sy roeping vind om die volk saam met "EK IS WIE EK IS" uit te lei uit Egipte (Jalics, 2003:20-21). Johannes die Doper leef en bedien in die woestyn. Hy preek in die krag van die Heilige Gees en vanuit sy direkte ontmoeting met God. Die mense stroom na hom op soek na 'n nuwe lewe (Jalics, 2003:21). Jesus self word ook in die woestyn aangetref waar Hy deur die Vader bevestig word in sy wese as Seun van God en sy roeping in hierdie wêreld (Jalics, 2003:21). Paulus bring ook tyd in die woestyn deur. Na sy kragdadige bekering en doop, kies hy die pad weg van Jerusalem, waar alles wat opwindend is, gebeur, om tyd deur te bring in die woestyn van Arabië, waar hy waarskynlik 'n paar jaar gebly het. Dit is merkwaardig om te sien hoe Paulus se ontmoeting met die lewende Jesus op die Damaskus-pad hom direk in die woestyn inlei (Jalics, 2003:22). Augustinus het dieselfde pad geloop. Na sy oorgawe aan God onder die bediening van Ambrosius, is dit asof hy homself impulsief, onmiddellik in die woestyn in Noord-Afrika vir 'n paar jaar gaan "terugtrek" (Jalics, 2003:22). Jalics (2003:22) se laaste voorbeeld is Ignatius van Loyola wat vir 'n jaar lank homself "teruggetrek" het in 'n grot in Manresa. Hierdie ontmoeting met God was sy inspirasie om die Geestelike Oefeninge te skryf, wat self vandag nog gebruik word vir gelowiges se spirituele verdieping. Jalics (2003:23) skryf: "The desert is a place of encounter with God and oneself. A retreat is a limited and guided desert experience".

op mense se reis met die drie-enige God (Silf, 2002:v), skryf oor die noodsaak van “terugtrek” om tyd te maak vir God:

> These moments happen when we go ‘out of ourselves’ and allow God to speak to our hearts. Often, he does this through his creation ... These moments energize us. We find it hard to describe just how this energizing happens, but we can feel its effects. We come away from our times at the oasis with a renewed vitality and, perhaps, a deeper insight into the heart of things (Silf, 2002:18).

Om op ’n retraite te gaan, is dus nie om te ontsnap aan die werklikheid van hierdie lewe nie, maar om juis in aanraking te kom met dié aspekte van die werklikheid wat dikwels deur die geraas en besigwees van die lewe verdoof word (Silf, 2002:19).

Jos Douma (http://www.josdouma.nl), in sy “Retraitenboek”, noem drie dinge waarop die retraitant kan reken wanneer hy of sy hom- of haarself so “terugtrek”: “*Jezus kijkt je aan, Jezus spreekt je aan, Jezus raakt je aan*”. Die leraar op retraite beleef dus eerstehands wat hy of sy glo en by hierdie geleentheid bevestig word: Die lewende Jesus is teenwoordig, en sit *sy* bediening voort, maar wil in hierdie oomblikke eers die leraars persoonlik en gesamentlik bedien. Dit is dan vanuit hierdie belewing wat die leraar in mistieke eenheid met Christus, na afloop van die retraite gaan deelneem aan sy lewe en bediening in *participatio Christi* in sy of haar lewe en bediening in die gemeente.

6.4 RETRAITE AS MISTAGOGIE

Alhoewel die begeleier van die retraite sy of haar taak op die retraite sien as mistagoog, is die wonder dat die retraite self as mistagoog funksioneer en dat die teenwoordige Jesus uiteindelik die ware Mistagoog is. Die begeleier fokus op die spiritualiteit van die deelnemers. In sy kern gaan spiritualiteit oor transformasie in God. Dit is die mistieke hart van die Christelike geloof (Altena, 2007:7). Dit vereis 'n oomblik van nadenke, stilte en gebed. Daarvoor “onttrek ek my” aan die daaglikse bekommernisse. Die retraite is die ideale plek om met behulp van ’n begeleier, gebed en ’n vasgestelde program die proses te stimuleer en te ondersteun. Ten diepste is dit ’n verlange wat in my “geplaas” is deur God. Hierdie rusteloosheid, wat net met God self tevrede is, dryf my na God toe. God in my soek God[140], en in die woestyn en op die berg word Hy gevind; in die

---

[140] “This discovery of the inner self plays a familiar part in Christian mysticism. In Christianity the inner self is simply a stepping stone to an awareness of God. Man is the image of God, and his inner self is a kind of

liturgie van 'n aandgebed; in die stilte. In 'n gesprek met 'n mistagoog. Dit vereis 'n plek en 'n vorm. Maar dit bly 'n unieke gebeurtenis waaroor ons geen beheer het nie. God en transformasie kan nie georganiseer word nie! Dit bly geloof en 'n geskenk, maar 'n retraite wil so 'n 'berg/woestyn' wees waar iets gebeur.

> Daarmee wordt de retraite een 'mystagoog'; een vroedvrouw van de bewustwording van wie we zijn 'in God'. Zij stimuleert, ondersteunt en begeleidt de ontdekking van het geheim wat we zijn. Gods geliefde kinderen. Dit proces van ontdekken, van inwijding wil de retraite in al haar elementen op gang brengen. Alles wat er op een retraite gebeurt wil dat stimuleren. De plek, de stiltes, de gesprekken, de vieringen enz. Heilige ruimte binnengaan. God ontmoeten (Altena, 2007:8).

Die retraite is dan ook 'n begeleiding in die rigting van die leraar se fokus op hom- of haarself as mistagoog. Soos wat die retraite vorder, word die leraar al meer blootgestel aan die praktyk van mistagogie, en die retraite self is die leermeester. Met die biddende fokus van die begeleier van die retraite, modelleer hy of sy ook al meer die wyse van optree, praat, luister en gesindheid van liefde en die gee van hom- of haarself aan God en aan die deelnemers. Die deelnemers leer by die mistagoog-begeleier hoe dit lyk wanneer hy of sy saamreis met die leraars en hulle bewus raak van die deelname aan die voortgesette bediening van die lewende Christus op die retraite. Die praktyk leer dat die deelnemer-leraars naderhand al meer as mistagoog vir mekaar en die begeleier handel. Terwyl die begeleier fokus op die diep "priesterlike luister" (Osmer, 2008:28), volg die deelnemers mettertyd in hierdie spoor. Hierdie waarneming vervul jou met verwondering oor die aktiewe teenwoordige Mistagoog, Jesus, se mistieke rol by die spesifieke retraite.

Die groot voordeel van afsondering by 'n spiritualiteit- of retraite-sentrum is dat 'n mens letterlik onttrek van die alledaagse lewe, wat dit makliker maak om aandag te vestig op wat jy soek. Daar is baie minder afleidings (Altena, 2007:10).

---

mirror in which God not only sees Himself, but reveals Himself to the 'mirror' in which He is reflected. All this is of course pure metaphor. It is a way of saying that our being somehow communicates directly with the Being of God, Who is 'in us.' If we enter into ourselves, find our true self, and then pass 'beyond' the inner 'I,' we sail forth into the immense darkness in which we confront the 'I AM' of the Almighty. Yet paradoxically our inmost 'I' exists in God and God dwells in it. But it is nevertheless necessary to distinguish between the experience of one's own inmost being and the awareness that God has revealed Himself to us in and through our inner self. We must know that the mirror is distinct from the image reflected in it. The difference rests on theological faith" (Merton & Shannon, 2012:11-12).

Maar die belangrikste punt van aandag vanuit die perspektief van “tyd” is die tempo van 'n retraite. Die hele ding moet die karakter van “stadig” hê. Dit is om die aandag te kan vestig op die hier en nou, die self en God (Altena, 2007:11). Jean Wise (2016:Kindle Ligging 44) stel dit soos volg:

> A spiritual retreat is an opportunity to slow down to spend time with God. Leaving behind the routine of everyday life, retreats can be a vacation with God. We explore, we learn new things, we experience the world differently. We see ourselves in a new light. We talk and listen deeply. We leave refreshed and ready to reenter the world.
>
> The primary reason to go on a retreat is to ‘let your soul catch up with your body’ (Wise, 2016: Kindle Ligging 165).

'n Groepsretraite kan hand aan hand gaan met 'n tema (Altena, 2007:11[141]). In die geval van hierdie model word die leraars wat deelneem vooraf uitgenooi en ingelig oor die tema van die retraite, asook die vorm wat die retraite sal aanneem. Hierdie betrokke retraite vind plaas onder die oorkoepelende tema “Bediening vanuit ons Mistieke Eenheid met Christus”. Die deelnemers kan reeds uit die tema aflei dat dit oor twee dinge gaan, naamlik “bediening” en “mistieke eenheid met Christus”. Aanvanklik het die tema gefokus op die spiritualiteit van die leraar en die inoefening

---

141 Margaret Silfe (2002:26-31) beskryf die “tema-retraite”, een wat ’n paar dae, selfs tot tien dae, kan duur en die mees algemene vorm van retraite is. Die tema is ook die onderwerp van jou gebed tydens die duur van die retraite. Dit is meer ontspanne, en hoewel daar heelwat tyd vir stilte is, is die luister na mekaar of spreker ingeweef in die program, die deel van refleksies onderling en byeenkoms van die groter groep. ’n Tipiese dag op so ’n retraite sal gesamentlike bespreking van die tema, tyd alleen vir refleksie, studie, meditasie en gebed, sosiale samesyn met die ander deelnemers, alleen oomblikke met die begeleier (mistagoog) vir spirituele begeleiding en gesamentlike gebedsoomblikke, wat volgens die model voorgestel in hierdie studie, die kontemplatiewe oomblikke in die kapel onder begeleiding van die kapel-meester behels. Dit is belangrik dat die leraars ook die geleentheid kry om te rus, veral as die retraite aan die einde van die jaar is, wanneer hulle reeds liggaamlik moeg is, en om God in die natuur te ontmoet. Franz Jalics (2003:19) praat van “the power of nature”. Die twee retraite-sentra wat gebruik word, die AMSS by Wellington en die VCSV-kampterrein by Strandfontein is beide idillies mooi, met eersgenoemde omring deur die Bolandse berge en teen die rivier, en laasgenoemde met ’n see-uitsig, uit watter hoek jy ook al die retraite doen. Eersgenoemde het ’n wandelpad tot in die woud, wat dikwels ook deur Andrew Murray gebruik is as plek van gebed, terwyl laasgenoemde stapafstand van die strand is, en mens ver langs die strand veilig ’n gebedswandeling kan doen. Anatoth, die retraite-sentrum buite Stellenbosch, wat deur ds. Marié Britz en haar man, Stephan bedryf word, bied weer die natuurskoon van die wingerde, olyfbome en spekboom-labirint. In elke provinsie van Suid-Afrika sal daar retraite-sentra gevind kan word, wat ideaal is vir hierdie spesifieke retraite. As “geliefde kinders van God” kry die leraars daarom die geleentheid om op ’n baie besonderse wyse vir vyf dae in sy omhelsing te lewe en deur Hom bedien te word.

van die geloofsgewoontes van *lectio divina*, die *examen*, verbeeldingryke meditasie en die skryf van joernaal. Met die verdieping van hierdie retraite en die model word dit goedgedink om te begin met die tema van die leraar se mistieke eenheid met Christus deur die doop, verdiep deur die nagmaal, die voortvloeiende bediening van die leraar as mistagoog en dan by die praktyke uit te kom wat die opnuut bewuswording van sy of haar identiteit as geliefde kinders van God, verinnig en verdiep. Die besprekings-onderwerpe is so nou in mekaar geweef dat die een eintlik nie sonder die ander gaan nie en bymekaar aansluit. Die geloofsgewoontes word dan eerder geïntegreer deur die loop van die hele retraite, in die persoonlike stil oomblikke saam met God, die kapel, persoonlike gesprekke met die begeleier en groepgesprekke, sodat, wanneer dit as onderwerp ter sprake kom, die leraars alreeds ingeoefen is in die dissiplines. Die spiritualiteit van die leraars is dus van die aanvang van die retraite 'n belangrike deel van die model. Die *coram Deo*-lewe van die deelnemers word van die begin van die retraite geïmpliseer, as gegewe aanvaar en waargeneem. Die uiteindelike doel, is die getransformeerde nuwe perspektief op die bediening van die deelnemers vanuit hulle mistieke eenheid met Christus deur die doop, as medereisende mistagoog in hulle gemeentes en bediening. Die opmerking van een van die deelnemers aan die einde van die retraite, kan met vrymoedigheid aanvaar word as doel: "*Ek gaan huis toe met die bevestiging Christus is klaar daar, ek gaan na waar Hy klaar is, ek bring Hom nie soontoe nie. 'n Groot las is van my af, die laste wat ons ons mensheid en opregtheid laat verloor*". Hierdie refleksie kom uit die hart van 'n leraar wat opnuut ontdek het dat hy deur sy mistieke eenheid vanuit sy doop in-Christus en Christus-in-hom is. Diep in die kern van sy siel is die lewende Christus wat sy helende bediening in en deur die leraar voortsit in sy gemeente en leefwêreld.

> If prayer, meditation, and sustained times of retreat enable us to move closer to the core of our own being and to the core of all being, this movement has a purpose. We are empowered on the depths of this core to move out again with renewed energy and vision, to turn our contemplation into action within a wounded world, and to make choices and decisions that will contribute to our world's healing (Silf, 2002:20).

Die navorser en die deelnemers ervaar dat die tema ook in diens staan van die teenwoordige Christus, wat die hele geleentheid wil stuur in die rigting wat in sy eie hart is in sy ontmoeting met die begeleier en deelnemer-leraars. Daarom is daar deurgaans ook biddende openheid en onderskeiding om sy begeleiding raak te sien en te hoor. Die deelnemers sien ook hulle bydrae tot die tema as "Christus in my en ek in Hom" wat spreek en luister. Net soos die retraite nie 'n

doel op sigself is nie, kan dieselfde van die tema gesê word. “Ons harte is onrustig totdat hulle rus in God vind”. Hierdie sleutelfrase van Augustinus is die enjin van die retraite. In die retraite word 'sy gesig' gesoek. 'n Retraite is 'n worsteling om die seën van God; die retraitant wil nie sonder God verder gaan nie. Die tema is nooit heeltemal oop nie. Die kern is om God te soek en te vind in die persoonlike lewensituasie, lewensloop, lewenstema of aspek. Dit is altyd 'n kwessie om God en jouself te midde van alles te vind. In die tema word God gesoek as 'n skat in die landery (Altena, 2007:11-12).

6.5 DIE TEMA VAN HIERDIE RETRAITE

Die tema word weergegee in die opsomming van die groepsgesprekke in Hoofstuk 2 punt 2.1.2. Alhoewel die deelnemer-leraars elkeen ’n vooraf-uitgewerkte opsomming ontvang het van die materiaal vir die tema, word in hierdie afdeling gefokus op hoogtepunte van die wyshede wat die leraars met mekaar deel as moontlike uitkoms vir die pragmatiese taak[142].

6.5.1 Die leraar se mistieke eenheid met Christus

a. Die doop

Die eerste onderwerp fokus op die leraar se eie eenheid met Christus, die feit dat ons daarin geanker is. Ons praat van “mistieke eenheid” want dit is Calvyn se woorde. Ons eenheid met Christus is 'n misterie en ons kan dit nie verklaar nie, maar ons kan ons daaraan verwonder. Vanuit ons mistieke eenheid met Christus neem ons deel aan die verhouding tussen die Vader Seun en Heilige Gees. Dit is die Gereformeerde uitgangspunt. Calvyn se institusie en sy geskrifte is deurdrenk van ons eenheid met Christus, ons in Christus en Christus in ons. Die anker van ons eenheid met Christus is ons doop. Daar gebeur so baie by ons doop waaroor ons nie beheer het nie, want dit is nie asof ons of die dominee dit doen nie, want God tree self op in die doop. Daardie eenheid tussen ons en ons God is die begin van ons pad saam. Hy kom bevestig en verdiep elke keer die eenheid in die brood en wyn by die nagmaal en met die Woord en in ons gebed. Die fokus is op God wat handel in die doop, en alles kom van God se kant af, sy heilige inisiatief. Die kern van ons geloof is tog die misterie van God se verhouding met ons. Gaan geloof oor jou ja sê

---

142 Insiggewend is dat die deelname van die leraars in beide van die retraites wat deur die navolger begelei is, feitlik presies dieselfde uitkomste gegee het, met verskillende deelnemer-leraars, wat die hoop bied dat Christus die leraars self in dieselfde rigting begelei, naamlik om hulleself opnuut te sien as geliefde kinders van God, wat deur hulle doop in mistieke eenheid met Christus lewe, en as sodanig hulle fokus plaas op hulle bediening as medereisende mistagoog. Dit word daarom beskou as ’n moontlike uitkoms vir die pragmatiese taak.

of gaan geloof oor die misterie van God wat dit vir jou gee? Selfs geloof is groter, dieper, wyer en verder as wat ons dink. Te veel klem word geplaas op wat ons doen en te min op wat gebeur by die doop, want die oomblikke by die doop is oomblikke waaroor ons nie beheer het nie, en hoe ons reaksie later daarop is, is uiteenlopend. Die feit bly staan dat in die doop ons ingetrek word in God se liefdesverhouding, die *perichoresis* van die Drie-eenheid deur ons mistieke eenheid met Christus.

Die Woord is duidelik daaroor dat ons een word met Christus, dat God ons daardie oomblik gee van eenwording met Christus by ons doop, ons word ingegraveer in Christus, ons het 'n ontmoeting met die Heilige Gees, ons het daarom 'n ontmoeting met die Drie-enige God en dit is die wonderlikste oomblik in ons lewe. Ons as predikante beleef by die doop elke keer iets soos die hemel wat oopmaak en God se stem wat deurkom en sê: “Jy is my geliefde kind”. Ons deel daarom die identiteit as gedooptes met die een aan wie ons die doop bedien.

Een deelnemer het die volgende gesê, “Dit wat God gee, kry jy en jy het dit en dit is altyd beskikbaar. Êrens begin jy dit gebruik. Hoe jy gaan lewe in dissipelskap in antwoord op wat jy reeds het, dit is die misterie van dit wat God gee en jy ontdek dit en leef dit en dit was altyd joune. Die goeie handewerk wat God in ons begin het by die doop, sit Hy voort en voltooi dit in ons – ons beleef dit en ons aandeel is die lewe wat ons lewe. Oorgawe beteken juis dat ons laat los in God, ‘hier is ek, God, lei my’, God begelei ons ook in ons oorgawe”.

’n Ander, “Eien dit vir jouself toe. Ons het soveel enorme rykdom van ons God ontvang in ons doop. Ons mistieke eenheid met Christus, ingegraveer in Hom, die doop is God se aksie, werk van die drie-enige God. Ons word toegevou in die lewe van God, dit alles gebeur, maar dit is God wat dit doen. Ons predikante wat die doop bedien is bevoorreg om te staan op hierdie stukkie heilige grond en getuie te wees van iets groots wat God nou doen, al is ons in 'n mate slegs die brose instrument wat God gebruik, en doen ek dit namens die Vader, Seun en Heilige Gees. Dit maak dit nog groter vir ons wat in aanhalingstekens bedien. Dit is die basis vir ons bediening, naamlik ons eie doop, maar ook die een aan wie ons die doop mag bedien, wat daarna by ons kom sit met lewenskrisisse en wat by ons spirituele begeleiding soek, dat ons vir die persoon kan sê: ‘jy is spesiaal vir God, moenie so min van jouself dink nie, hoor wat sê God alles van jou, Hy het dit al vir jou gesê het toe jy gedoop is’”. Een van die positiewe uitkomste is dat die leraars opnuut ontdek dat hulle as gedooptes ander gedooptes bedien, en dat die bediening God se bediening in die lewende Christus is.

'n Ander uitkoms is dat die deelnemers anders dink oor die wyse waarop hulle oor die doop praat. Ons taal laat ons in die steek, byvoorbeeld die familie wat mense nooi met die woorde "ons doop Sondag" of ek as dominee sê, "ek doop Sondag", terwyl dit eintlik God is wat handel binne die konteks van die gemeente, die doop was klaar 'n preek op sy eie, die dopeling en die familie en die gemeente is klaar herinner aan die grootheid van God se genade en liefde, want dit is absoluut Hy wat werk. Die lewe na die doop is uit dankbaarheid vir hierdie moment in my lewe.

Op Osmer se vraag "hoe moet ons reageer?", ontdek die deelnemers opnuut dat dit ons bevry in ons bediening as ons weet ons is eerstens 'n gedoopte en dan is ons opgeleide predikante, maar dit is vanuit ons doop wat ons identiteit is, naamlik geliefde kind van God, nie dominee nie en dit het ons by ons doop ontvang. Al noem hulle ons "dominee", is ons in God se mond "my geliefde kind". Ons sekerheid lê nie in onsself nie, maar in God, in ons doop, in onsself lê eerder onsekerheid. "Wanneer ek die doop in my eie hande neem, verdwyn die misterie en dan val die klem op 'ek' en die verwondering verdwyn, ek verwonder my nie eers meer oor wat God doen nie, ons verwonder ons nou eerder oor wat ons doen".

b. Johannes 15

Deel van die pragmatiese taak is dat die deelnemers Johannes 15, ook in die konteks van hulle doop, bestudeer, bespreek en in hulle harte vaslê. Ons mistieke eenheid gaan oor ons nuwe identiteit want dis 'n lewende en organiese eenheid, die lewensbloed van Iemand anders wat in jou vloei. Dit gee vir jou lewe en dit is die eenheid met Christus. Die lewensap kom van 'n ander bron af. Jou identiteit beteken jy behoort nie meer aan jouself nie. "Ek" het "ons" geword, ek in Christus, Christus in my. As ek sê ek is gedoop dan kyk ek na iemand wat so in Christus is en Hy in my dat ek Christus sien. Ek word nie Christus nie, maar my eenheid met Christus maak my meer eg myself. Ek is God se geliefde kind. Eenheid met Christus beteken ek is in Hom en Hy is in my. Dieselfde verhouding wat bestaan tussen Jesus en die Vader is die verhouding wat bestaan tussen my en die Triniteit, daar is nie 'n verskil nie. Dit lei natuurlik tot verwondering. Ons storie is toegevou in 'n ander storie, die storie van Jesus, die Triniteit. Geloof is die toe-eiening van ons eenheid met Christus. Dit lei tot verwondering. Ons word nie God nie, ek bly ek. Woorde ontbreek. Ons gebruik verskillende soorte terme om ons eenheid met Christus te beskrywe en ons sukkel want dit is 'n misterie. Die deelnemers antwoord met wysheid daarop: "Jesus sê 'Bly in My'. Ons *ís* reeds in Hom. Om bewus te bly van my eenheid met die Here Jesus Christus, dit is die konteks. 'n Voortdurende proses is aan die gang – ons noem dit transformasie: julle word steeds omvorm

om soos Christus te wees. Ons is in Christus *maar* jy moet daar bly. Eien dit toe. My eenheid met Christus maak dat ek anders dink en anders besluit. Ek is in Christus en die bly in Christus is 'n opdrag van Jesus. Die ‘bly in My’ laat die lewensap deur my vloei en die vrug voortbring”.

c. Deelname aan die voortgesette bediening van Christus

Deel van die respons is ook dat die deelnemers mekaar mettertyd begin begelei en dat die begeleier homself doelbewus effens in die agtergrond inskuif sodat die teenwoordige lewende Jesus self die begeleiding deur die deelnemers in mekaar se lewe begin doen, en belangriker nog, dat die deelnemers vir mekaar ruimte maak om mistagoog te wees. Die deelnemers begin spontaan mekaar bemoedig en selfs vermaan: “Wanneer ek seergemaak word, is dit relatief. Ek moet dit probeer verwerk. Die een wat fyngevoelig is, is die natuurlike ek, nie Jesus wat in my lewe nie”. “Die gevaar is dat ons kan sê: ‘as Jesus daar is, wat moet ek dan nog daar gaan doen?’”

Die insig van die deelnemers is belangrik vir elke leraar wat wonder oor die rol wat hulle speel, wat anders is as al die ander hulp-professies: dat ons by daardie mense moet gaan sit om Jesus daar te ontmoet, die Here wil dit so hê. Wanneer jy terugkyk, dan kom jy agter dat jy self nie vreeslik baie gedoen het nie, maar jy het die Here beleef saam met hulle wat rou en treur. Mens verwonder jou oor die maniere waarop God jou gebruik en jou stuur na mense om net daar te wees en te ontdek dit is nie jy wat nou praat of iets doen nie, dit is God wat dit doen en jy is getuie daarvan. Ek gaan nie om iets te verduidelik nie, ek gaan nie om die Here te verdedig nie, ek gaan net om te gaan “wees”. Dit is *participatio Christi*, die medereisende mistagoog wat hierdie uitkoms soos volg saamvat: “Die woord deelname staan vir my uit. Dit help my. Dit beteken ek doen ook iets. My deelname saam met Christus beteken vir die mense iets, maar God is glad nie van my afhanklik nie, dit gaan oor my fisiese deelname. Ek is dikwels net die Here se gesig wat hy vir iemand wil gaan wys. Ons moet dikwels gaan sit by plekke waar ons nie regtig wil wees nie net om die Here daar te vind”.

Ons gebruik so dikwels die woord “ek” wanneer ons besig is met die bediening en gebruik so min die woord “God”. Die gemeente gebruik ook maar heel dikwels die woord “dominee” in plaas van die woord God. Waar kom die nederige dienskneg Jesus dan in die prentjie? Ons is die doodgewone nederige dienskneg-dissipel wat die paadjie saam met Hom stap. Hy gebruik die bietjie water waarmee die ou kleintjie gedoop word, hy gebruik die broodjie en die wyn en die bietjie olie waarmee jy salf, alles skeppingsmatig. As ons van die uitgangspunt leef dat ék dit doen, dan wag ons na 'n preek dat mense ons moet kom prys oor die goeie preek of die goeie erediens

en soveel van die lof, wat die Here toekom, sit en wag ons dan voor, en as dit nie gebeur nie, “dan is ek 'n mislukking”. Ons perspektief is dat óns die dinge moet laat gebeur.

Dit geld ook vir die leraar se voorbidding vir die lidmate, en die wyse vraag van een van die deelnemers is ook ŉ moontlike respons. “Dra ek so gou as moontlik die persoon aan die Here op sodat ek kan beter voel?” Ons voel dikwels ons moet dadelik reageer sodat God aan die gang kan kom. Die probleem is by ons verstaan van ons rol. Die woordjie “wag” word ons so dikwels ontneem. Jy kan nie die woordjie “wag” in 'n gemeente gebruik nie. Die gemeente verwag dikwels onmiddellike optrede van die predikant, ook om onmiddellik te bid.

Op hierdie punt begin die deelnemers self die lig sien oor die werklikheid, maar ook die oplossing vir die bediening-in-verwagting van die gemeente teenoor die bediening in eenheid met Christus en saam met Hom. Gebed is tog ook 'n manier van wag.

Die deelnemers begin mekaar nou op geloofsvolwasse manier bemoedig en self begelei om ook hierdie skuldgevoelens te bowe te kom. Jy is die fisiese gestalte van die Here Jesus wat die hand vashou en wat troos. Die predikant is dan juis die fisiese gestalte van die Here Jesus wat by hulle kom sit, hulle hand vashou, hulle troos en hulle begelei deur hierdie smart en krisis in hulle lewe. Dit is die behoefte.

Osmer se vraag: “Wat behoort te verander?” word ook aangespreek in die belangrike kwessie van die skuldgevoelens waarmee die leraars so dikwels in die bediening worstel, “As ons daaroor kla, hoekom kla ons?” Die deelnemers begelei mekaar: “Iewers gee die Gees vir my 'n gevoel van ek was nodig gewees, of dit nou was om iemand by te staan wat 'n geliefde verloor het, en of dit was om 'n nuwe babatjie te verwelkom. Ek wil juis fokus daarop dat ek tog 'n verskil gemaak het in jou lewe. Gewoonlik wanneer mense jou skakel en sê ‘ek weet jy is verskriklik besig’, dan haal hulle 'n groot deel van die skuldgevoel van jou skouers af. Ek dink dit is maar die manier waarop ons onsself bedraad, want dit is nie God se bedoeling dat ons skuldig moet voel oor die bediening nie. En tog is skuldgevoelens baie keer deel van ons mondering. Die meeste predikante wat hulle harte uitpraat sê gewoonlik ek is moeg vir skuldgevoelens. Wanneer ek by mense verby ry en daaraan dink dat ek nog 'n draai moet gooi daar, het ek skuldgevoelens. Jy fokus so op dinge wat jy nog nie gedoen het nie dat jy nie fokus op dinge wat jy en die Here saam gedoen het nie”.

Die doel van hierdie retraite, as antwoord op die vraag “how might we respond?”, word so deur ŉ deelnemer opgesom: “Ek is eintlik hier om myself te motiveer om op te hou kla en 'n positiewe beeld uit te straal. Ek moet dit inoefen en dit is nie so maklik nie. Dit gaan oor 'n hele positiewe

leefstyl. Dit gaan vir my oor ‘mindfulness’, om in die moment te lewe en die moment wat ek ontvang het te geniet. Ons jaag van een plek na die ander omdat ons nie in die oomblik lewe nie en ‘Wat gaan die mense sê?’ maal dikwels deur ons gedagtes terwyl ons van een plek na die ander jaag.”

’n Ander deelnemer meld, “Die beweging in hierdie gesprek raak al hoe meer positief. Die deelnemers is ernstig oor hierdie ervaring in hulle bediening en werk hard daaraan om hulleself te begelei in ’n ander “mindset” as dié van skuldgevoelens en gejaagdheid, te vorm. Dit gaan baie oor hoe ons na ons taak, ons plig en ons bediening kyk. Is dit werklik so dat ons oral nodig is? “Dit help my om te sê ‘Christus is alreeds daar’ en ek gaan doodgewoon om Hom daar te ontmoet saam met die ander gelowiges. Dis nie noodwendig die gemeente se skuld dat ek en jy ons self doodjaag agter al die krisisse aan nie en al die verpligtinge wat ons dink ons s’n is en net so gemaklik deur iemand anders oorgeneem kan word”.

Een van die ander uitkomste van die gesprek is dat die deelnemers moontlik uit ’n ander hoek, die hoek van die *participatio Christi*, na hulle dagboeke en programme kyk, “Daarom is dit prioriteit vir ons as predikante om aan die begin van die dag te sê: ‘Here, hierdie is u dag, dis nie my dag nie, daar kan enigiets gebeur. Die dag is in u hande en U bepaal hoe hierdie dag sal verloop, waarheen U my stuur en wat U verwag van my om daar te gaan doen of wees.’ Ons kan dus rus vind ook as daardie krisisse oor ons pad kom en ons het hierdie dag in die liewe Here se hande gegee, en saans kan ons tot rus kom en vir die Here sê in ons moegheid: ‘Dankie, Here dat U my vandag gebruik het net daar waar U wou en daar waar U besig was’, dat ons aan die einde van ons dag kan sien vandag het ons en my Here saam gewandel en dat Hy ons iewers gebruik het al kan ons dit self nie sien nie”. Die vertroue in die Here wat die leraars het, in sy teenwoordigheid en voortgesette bediening en hulle deelname aan Hom en sy werk, word al meer verdiep met verloop van hierdie retraite in antwoord op die vraag: Hoe behoort ons te reageer?

d. Die spiritualiteit van die leraar

Die leraars in die Ring van Clanwilliam het dit telkens ook vir mekaar gesê dat hulle hul juis gereed maak vir die verwondering van “om God in elke oomblik van hulle dag te beleef”. Dit is die uitkoms van hulle spiritualiteit, hulle geleefde geloof (sien 3.11.1.8). Die fokus by hierdie retraite is hoofsaaklik op geloofsgewoontes wat die leraar begelei om met groter bewustheid te bedien as deelnemer aan die voortgesette bediening van die lewende Christus. Twee geloofsgewoontes wat uitstaan is die *Gebed van Examen* van Ignatius van Loyola, en die lees van die Bybel met behulp van *Lectio Divina,* gekombineer met “Imaginative Prayer” (verbeeldingryke meditasie).

Op die vraag, “Waarom gebruik jy hierdie dissiplines, en hoe help hulle jou om bewustelik te leef in die teenwoordigheid van die lewende Here, en veral om d.m.v. hierdie oefeninge te kan ‘sien’ hoe en waar Christus besig is om te werk, sodat ons by Hom kan inval op sy uitnodiging?” het die deelnemers die waarde daarvan soos volg uitgedruk.

“Die geloofsoefeninge wil ons juis leer om die heeltyd met die Here besig te wees. Om die hele dag bewus te wees van ‘waar is die Here in my lewe?’ Dat ons gedagtes op ander plekke is, is natuurlik, dis deel van ons lewe, terwyl ek ook besef dat die Here daar is, in my gedagtes is. Ons God is nie harteloos nie. Hy verstaan dat ons gedurig met allerhande gedagtes besig is, en selfs, wanneer ons fokus op Hom in ons stilte, kan ons gedagtes besig raak met dinge wat nog gedoen moet word, of mense wat ons aandag nodig het en die stilte by God is die geleentheid om die dinge en mense aan Hom oor te gee, en met ander oë daarna en na hulle te kyk.”

Die leraars bemoedig mekaar met die uitdaging wat hulle soms ervaar met hulle spiritualiteit: “Moenie sleg voel as jou gedagtes wegdwaal of skuldig voel daaroor nie, maar kom net weer terug na die Here. Gedagtes is deel van my menswees, maar die stilte bring ons terug na die kern, na die middelpunt van Hom met wie ons in verhouding, in mistieke eenheid lewe.” In ons omstandighede hoor ons tog ook die Here se stem. Dit is normaal dat 'n mens wegsink na een of ander iets op 'n verbeeldingsvlug gaan, en die terugkom is 'n baie sagte proses. Dis nie-veroordelend. “Die Here is ook lief vir die een aan wie jy nou dink of Hy stel ook belang in wat jy nou moet gaan doen.”

Die deelnemers is oor die algemeen baie goed bekend met die geestelike dissiplines en beoefen dit, juis met die oog daarop om meer doelgerig die nabyheid van die Here te beleef in hulle eie lewe en bediening. Daar is dus niks wetties aan hulle spiritualiteit nie en hulle beoefen dit met vreugde en dit verinnig beslis hulle verhouding met hulle God.

6.5.2 Die leraar as mistagoog in mistieke eenheid met Christus

Die deelnemers vind die woord “mistagoog”, “mistiek” en “misterie” op hierdie punt van die gesprek glad nie vreemd nie, en die waarneming van die navorser is dat hulle reeds vertroud is met hierdie begrippe, sodat daar nie veel aandag aan die betekenis van die begrippe geskenk hoef te word nie, maar die gesprek spontaan kan beweeg na die fokus van die bediening van die predikant. Hierdie woorde is Rings-taal en mag verskil van ander Ringe waarin hierdie spesifieke retraite aangebied word, sodat die begeleier eers aandag sal moet gee aan die begrippe voor die bespreking daarvan. Die begeleier sal dus goed bekend daarmee moet wees en verkieslik in staat

om dit te modelleer. Hierdie afdeling van die tema is voortvloeiend uit die bespreking en bevestiging van die leraar se mistieke eenheid met Christus, soos reeds bespreek.

Die vertrekpunt is dat party mense opgelei word as spirituele begeleiers. Die predikant is in sy wese ŉ mistagoog. Ons is geroep om saam met iemand op reis te gaan, nie die reis vir hom af te lê nie. Deur ons verbondenheid met die Heilige Gees begelei die leraar so iemand net om raak te sien waar God is in sy lewe. Om by die man/vrou wat deur die rowwe egskeiding gaan, te gaan sit en saam met hom/haar te ontdek waar God nou in al hierdie dinge is. Kan jy God sien en hoe reageer jou God? Ek gaan biddend en in afhanklikheid saam met die Here. Ek gaan na die persoon wat in hierdie krisis tot 'n dieper verhouding met God wil kom. Die fokus is en bly God in die lidmaat wat jy besoek, of jou besoek, se lewe. Daar is baie “nie weet nie”, dit bly 'n misterie. Ons kan ook die misterie omhels en by die punt kom dat ons sê: “Ek weet nou nie. Maar ek is hier dat ons 'n bietjie saam kan hoor, saam kan ontdek wat wil die Here in hierdie omstandighede in jou lewe nou vir jou sê, waarheen is ons op pad.” Dit is die mistagoog, die spirituele begeleier.

ŉ Volgende moontlike uitkoms is dat die deelnemers op hierdie punt spontaan begin om hulle ervarings met mekaar te deel, en die navorser sien raak dat hulle deeglik bewus is daarvan dat hulle in eenheid met Christus deelneem aan sy voortgesette bediening en dat dit sy bediening is wat rus bring, heelmaak en genees. “Ek gaan vanoggend die man besoek wat 'n baie langer pad met die Here loop as wat hy met my loop. Die persoon wat ek besoek se pad met die Here begin by 'n paar druppels by sy doop. Hy of sy is dalk by 'n plek waar hy sy lewe nie kan hanteer nie, of hy het nou rus en vrede, hy het afgetree en hy geniet sy oomblikke van rus, en ek gaan net by hom sit en dit saam met hom geniet. Saam raak ons bewus van God se pad met ons albei en verwonder ons daaroor.” Wanneer die leraar reeds op so ŉ nuwe manier kyk na sy of haar bediening, word die vraag “how might we respond?” in diepte beantwoord. Wanneer die deelnemers die leesstof wat voorsien is, met mekaar begin deel, word dit wat hulle beleef en die literatuur deel van mekaar. Een van die leraars gebruik juis die voorbeeld wat Andrew Purves gebruik. Baie mense sit op hulle roubankies, en dikwels sit hulle daar alleen in hulle rou en hulle is stukkend en al wat hulle soek is iemand wat by hulle kom sit. Ek is die mistagoog in Christus en Christus in my, wat saam met Christus op die rou-bankie langs hom gaan sit. Iewers in myself is daar ook die gebrokenheid saam met hom. Jesus is reeds daar, maar iewers wou hy net iemand langs hom hê met sy brose liggaam, wat net sy hand op sy skouer sit en net niks sê nie, wat dit net 'n bietjie waag om saam met hom in die pyn te gaan sit as sy mistagoog. Iewers laat die drie-enige God toe dat die persoon langs wie jy op die bankie gaan sit vir Jesus in jou sien, want dit is

Jesus wat hy nou nodig het, en al wat die leraar as mistagoog kan doen is om ons daaroor te verwonder dat iemand wat in soveel pyn is, deur al sy trane vir Jesus raaksien in jou wat by hom kom sit. Hy weet goed jy is nie Jesus nie maar hier is iemand by hom in wie hy Jesus sien en terwyl jy na hom kyk sien jy die lydende kneggestalte van Jesus ook raak en jy en hy is saam op 'n lydensweg.

Die unieke van die “professie” van die predikant is om sulke oomblikke te mag hê en hoe moeilik dit ook al vir ons is, al beleef ons ook “compassion fatigue”, daarin die mistagogie te sien. Dit het alles te doen met ons eenheid met Jesus Christus in die bediening waartoe Hy my geroep het. Dit kan gedefinieer word as die mistieke werking van die drie-enige God in en deur my, omdat Hy die mense wat jy bedien so oneindig liefhet. Ons mag hieraan deelneem!

Die groep besef ook die perke van hulle roeping en dat ons as predikante nie alles vir almal kan wees nie. 'n Mistagoog verwys gou na 'n sielkundige of 'n psigiater omdat hy nie sielkundige, psigiater of maatskaplike werker is nie. Iemand met teologiese opleiding wie se spesialiteit teologie is, bedien in afhanklikheid van die Heilige Gees. Hy weet baie gou onder leiding van die Heilige Gees en die Here Jesus, wat die eintlike Bedienaar is, aan Wie se bediening hy deelneem, dat die saak wat hy hanteer eerder deur 'n sielkundige of psigiater of 'n maatskaplike werker hanteer moet word en verwys makliker. Op die platteland is dit 'n baie moeilike situasie omdat ons dikwels gedwing word om die sielkundige of die psigiater of die dokter of die maatskaplike werker te speel. Hier bel mense dikwels heel eerste die dominee.

“Kan 'n mens faal as ’n mistagoog?” is een van die vrae wat ’n deelnemer aan die groep rig, en self die vraag beantwoord in die woorde wat hy vir iemand sal sê indien hy nie werklik vir die persoon kan gee waaraan hy behoefte het nie, “As ek jou dalk misgelees het, troos ek my daaraan dat die Here jou hart ken en dat Hy jou nie in die steek sal laat nie en dat Hy ons weer bymekaar sal uitbring indien Hy graag wil hê dat ek die pad van geloof met jou moet stap.” Ons sal beslis faal as ’n mistagoog as ons probleme wil oplos, wil “fix”. As mistagoog gaan sit ons juis saam met die persoon in die probleem en laat hom dit beleef as sy probleem. Hy moet dit vir homself toe-eien. Ons laat hom na sy eie probleme kyk en hy moet dit self hanteer in sy verhouding met die Here. As hy dit nie doen nie, dan het ons nie gefaal nie. As ons 'n ander rol speel as dié van mistagoog, is die kanse baie goed dat ons sal faal daarin. Ons het skitterende kursusse gedoen in berading maar dit is nie genoeg nie.

Teen die einde van die gesprek deel die leraars met mekaar hoe hulle kyk na hulle roeping as mistagoog. Ons bring iets unieks na die tafel wanneer ons rondom die tafel gaan sit met die sielkundige, die psigiater, die maatskaplike werker, die dokter, die prokureur. Ons is nie een van hulle nie. Ons kyk na alles deur die mistieke bril as mistagoog.

6.6 REFLEKSIE OF AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE DEELNEMERS SE ERVARING

Die refleksie van die deelnemers beantwoord dalk die vraag na die respons ten beste. Die groot voordeel van hierdie retraite word genoem as om weer opnuut jou identiteit, naamlik die *in* Christus wees, te ontdek. Hierdie identiteit wil geleef word, ook in die bediening.

Wat die reëlmaat van hierdie spesifieke retraite betref is daar die gevoel dat hierdie retraite twee maal 'n jaar aangebied moet word, want 'n mens rus lekker uit en jy is rustig en stil saam met die Here en dit gee jou daardie opgewondenheid om weer terug te gaan. Die groep stem eenparig saam dat hierdie spesifieke retraite tenminste jaarliks nodig is. Een van die deelnemers wat hierdie retraite twee jaar gelede ook bygewoon het onder die begeleiding van die navorser, som sy ervaring op: “Ek het hierdie selfde retraite twee jaar terug bygewoon en by hierdie retraite kon ek terugkyk op die geweldige groei sedert die eerste retraite en ek sien die waarde daarvan om dit keer op keer te herbesoek. Ek kan wel getuig daarvan dat, sedert die eerste deelname aan hierdie retraite, daar ’n definitiewe skuif in my bediening plaasgevind het, vanaf *my* bediening na Christus se bediening in en deur my. Dit was absoluut verrykend om weer aan hierdie retraite te kon deelneem en te kon waarneem hoeveel diepte daar in die aanbieding daarvan gekom het. Ek glo dit is noodsaaklik dat alle predikante daaraan blootgestel word. Ek het ook beleef by die aanbieder het daar 'n groot stuk rykdom bygekom sedert die eerste retraite wat hy met ons kom deel het”[143]. Die leraars voel dat ons een keer 'n jaar moet plek maak vir hierdie retraite met presies dieselfde tema. Die vraag is of ons VBO-punte sal ontvang vir die herhaling van hierdie retraite, wat, soos die sakramente, herhaal behoort te word om ons verhouding met God, mekaar en ons bediening te verdiep. Hierdie vraag kan gerus opgeneem word met die Taakspanne vir VBO, Predikantebegeleiding en die AMSS. As 'n mens hierdie in retraite die toekoms aanbied met

---

[143] Die navorser het self beleef dat, met die tweede aanbieding van hierdie spesifieke retraite, die klem meer begin val op die begeleiding deur Jesus, ons Mistagoog Wie in ons is en ons in Hom. Daar is ’n besliste vordering in die rigting van die diepte van die retraite as geheel. Die begeleier het dit by homself bespeur en die deelnemers getuig daarvan.

dieselfde vorms en vrae, dan sou jy kon sien hoeveel vordering daar op die pad van die bediening was en in jou eie lewe.

Die verband waarin hierdie spesifieke retraite aangebied word, is ook belangrik vir die deelnemers. Hierdie retraite word deur hulle beleef soos die oomblikke wanneer Jesus met sy dissipels eenkant toe gaan, daardie kleiner groep, en versoek dat hierdie spesifieke retraite weer aangebied sal word. Dit werk baie goed binne Ringsverband. Hier gee ons om vir mekaar en vertrou ons mekaar en, natuurlik, ons ken mekaar. Die groep is dit eens dat hierdie retraite binne die Ring se konteks pas, want daar moet 'n vertrouensverhouding wees. Hulle vertrou mekaar en het vrymoedigheid om harte oop te maak en uit te praat voor mekaar. Een noem dat hy die mistagoog (die navorser wat die retraite begelei) ken, en daarom hom ook vertrou. Die belangrikheid van ’n vertrouensverhouding word beklemtoon en die hele groep stem saam dat hierdie spesifieke Ring, die Ring van Clanwilliam, ’n veilige ruimte is waar die leraars hulleself wil gee vir die hele proses om mekaar te leer ken, te ondersteun en met mekaar die paadjie wil stap. Hierdie retraite 'n baie beter manier om te doen as wat ou geykte maniere soos visitasie is en kan selfs die jaarlikse visitasie in die Ring vervang.

’n Volgende moontlike uitkoms uit die terugvoer van die deelnemers is vryheid, aangesien die leraars min of meer dieselfde ervarings in die bediening deel. “Ek het op hierdie retraite 'n vryheid gekry. Hier in die begin het ek agtergekom ons skuldgevoelens is maar hoog. Deel van die skuldgevoelens is die vraag: ‘Het ek nou genoeg gedoen in terme van iemand se verlossing?’ en ek het net weer ontdek ons is nie hier om Christus te “imitate” nie maar om met Hom te “participate”. Dit bring groot bevryding, ek bring nie die verlossing omdat ek daar is nie, want Christus, die Verlosser is daar. Ek is maar net saam met iemand op 'n reis om saam met hom die Verlosser te ontdek wat daar is. Dit het vir my verskriklik baie beteken. Dit help my om nuut te dink oor my bediening, of oor die bediening van Christus waaraan ek deelneem.” Hierdie deelnemer het waarlik die wese van die bediening van die mistagoog raakgesien en goed opgesom.

Vir die voortsetting van die onderlinge verhouding tussen die leraars na die retraite, ook as moontlike respons op die medereis met mekaar, is ’n retraite soos hierdie ’n bruikbare hulpmiddel. Verblydend is ook die gewaarwording dat die deelnemers oor hierdie tydperk heelwat nader aan mekaar gegroei het. “Die saam-wees met my kollegas het vir my geweldig baie beteken, ons gesprekke met mekaar en die geweldige groot waarde van die oomblikke van stil word, waarvoor ons nie so baie die kans kry wanneer ons fisies in die bediening is nie. Hier word ek gedwing tot

stilte.” Die ervaring waarmee die meeste van die deelnemers na hierdie retraite toe gekom het, is dat hulle 24/7 besig is om te gee en te gee. “Dit het vir my so baie beteken om net hier tussen julle te sit en die heeltyd te kan ontvang, net om 'n slag te ontvang.” Die laaste woorde som in een sin die gevoel van die deelnemers op: “Ek het heerlik saam met my kollegas gekuier en mekaar beter leer ken, dit was 'n goeie belewenis ek stel voor dat ons een keer 'n jaar hierdie retraite hou.”

Die groep reflekteer ook op die hele program wat aangebied is. Een noem en die res beaam dat die kapel-tye het vir haar so geweldig baie beteken het, daardie oomblikke van stil word. “Dit saam met die persoonlike gesprek en die groepgesprek het vir my hierdie retraite volkome gemaak. Jy kan een ding sê hier in die groep en dan kan jy weer iets anders sê later wanneer ons om die vuur staan en dan was daar die gesprek met die begeleier. As ek nie die persoonlike gesprek gehad het met die begeleier nie, dan sou ek gevoel het dit wat ons hier doen hang in die lug en dit was die sin van hierdie retraite, dat ons formele gesprek het oor 'n spesifieke onderwerp, informele gesprekke rondom die vuur en rondom die etenstafel en dan die persoonlike gesprek met die begeleier.”

Natuurlik was die navorser se doel met hierdie retraite nooit om die probleme wat vir die leraars in die bediening bestaan, te probeer oplos nie. Die doel van die retraite word mooi saamgevat deur een van die deelnemers wat bevryding ervaar het om met haar kollegas te gesels en te hoor dat dit nie sy alleen is wat worstel nie, maar dat ons saam in hierdie worstelstryd is en dat ons saam kan uit beweeg uit die oomblikke van “ek moet alles doen en alles hang van my af” na “ek bedien saam met Christus vanuit my eenheid met Hom”. Dit gee vir elkeen nuwe moed en perspektief al is die probleme nog altyd daar.

Die groep gee ook terugvoer oor die grootte van die groep en is dit eens dat hierdie retraite ideaal is vir hierdie klein groep predikante en dat dit sal nie werk in die groter groep nie. Tussen ses en agt deelnemers aan die retraite is die maksimum. “Ons was gelukkig om 'n groep te wees wat mekaar ten volle kan vertrou en in liefde goed met mekaar oor die weg kom.” Die navorser is daarvan bewus dat, selfs in so ’n klein groep, sekere vaardighede van hom verwag word om konflik te kan hanteer indien nodig. Sy ervaring was met hierdie retraite dat die meningsverskille sinvol hanteer is om die gesprek verder oop te maak en dat die groep telkens in ’n baie goeie gees van mekaar verskil het, sonder enige konflik.

Die navorser word deur die groep versoek om ook hierdie retraite in ander Ringe aan te bied. Hulle weet van Ringe waar dit verskriklik gaan, omdat daar geen broederskap in die Ring is nie

en predikante gaan op hulle eie deur hel, sonder dat enigiemand hulle ondersteun, en hierdie retraite is dalk net die geleentheid wat ons God wil gebruik om broederskappe te smee en mense nader aan mekaar te bring, sodat hulle genoeg vir mekaar omgee om ook in mekaar se lewe die nie-veroordelende teenwoordigheid van God te wees. Hierdie retraite moet ook in ander Ringe vir gewillige deelnemers aangebied word.

Die volgende uitkoms is dat die deelnemers die geleentheid kry om hulle harte uit te praat, wat nie dikwels gebeur in ’n leraar se lewe en bediening nie. Wanneer hulle ontdek dat die probleme en bo-menslike uitdagings wat hulle ervaar gemeenskaplike probleme en uitdagings is, kom daar groter openheid om dit ook met mekaar te deel, selfs al klink dit negatief. Met die openhartigheid en eerlikheid van die deelnemers aan hierdie retraite, val dit hulle op dat hulle ook by hierdie retraite die geleentheid kry om te kla, “maar wanneer ons voldoende gekla het dan gaan ons terug huis toe met hierdie versekering: ek is in Christus en Christus is in my, en saam gaan ons sy bediening voortsit in die gemeente. Christus is reeds daar waarheen ek nou op pad terug is.”

Een van die mikpunte van hierdie retraite is om ook die leraars weer opnuut lief te maak vir die bediening. Die opmerking wys daarop dat die retraite ook in hierdie doel geslaag het: “Terwyl ons nou besig is om huis toe te gaan, dink ek daaraan: eintlik geniet ek die bediening. Om deel te neem aan Christus se bediening is vir my 'n plesier.”

Om die vraag van Osmer “How might we respond?” te beantwoord, antwoord die deelnemers self deur terug te kom na die bediening as deelname aan die lewende Christus vanuit ons doop en die nagmaal. “Hierdie tyd het my gemotiveer om te dink oor my eenheid met Christus vanuit my doop en die nagmaal. Dit het my getref hoedat die Here eenvoudige dinge soos water, brood en wyn gebruik om my fisies te herinner aan my eenheid met Hom. Ek het hier geleer om met verwagting te bedien dat ek die Here op nuwe maniere sal beleef, selfs ook in die lyding van mense waar hulle hartseer is, om te weet Jesus is reeds daar en dit motiveer my om meer deernis met mense te hê wanneer ek besef Christus is reeds daar.”

’n Belangrike respons is die bewuswording van die noodsaak van die leraar se spiritualiteit om in groter diepte die teenwoordigheid van die Drie-eenheid in sy of haar eie lewe en bediening raak te sien en te beleef. Ofskoon mistieke spiritualiteit vir hierdie groep nie iets vreemds is nie, was daar leraars wat by die retraite ervaar het dat hulle hulself meer uitdaag in hulle mistieke spiritualiteit en die wonder daarvan dat God ons op verskillende maniere ontmoet, en hoe ons by mekaar kan leer om God op nuwe maniere te ervaar. “Die deelname aan die voortgesette

bediening van Christus is 'n wonderlike gedagte wat my net laat besef dit hang nie van my af nie, maar dat ek wel oop moet wees vir waar Christus reeds besig is en daarby aansluit. Wat my deelname aan die voortgesette bediening van Christus betref besef ek dit is nie eerstens my werk nie en ek hoef nie te jaag om by almal uit te kom nie, want Christus is reeds daar teenwoordig, daarom kan ek met vrymoedigheid vir die mense vra hoe hulle Christus se teenwoordigheid in hulle lewe ervaar".

Nuwe waardering vir die doop is die volgende respons. Die leraars ontdek opnuut dat hulle doop-moment die begin van hulle roeping was en dat die drie-enige God in Christus dit net later in hulle lewens bevestig het. Een deelnemer stel dit so: "My doop het vir my weer nuwe betekenis gekry en ek sal dit onthou dat my doop my eenheid met Christus geskep het. Dit het my gemotiveer om oor te gee aan Christus en deel te neem aan sy bediening. Ek het die mistieke spiritualiteit en die kapeltye geniet sowel as die *lectio divina*. Ek sien my roeping nou meer as mistagoog. Ek wil hierna fokus om as mistagoog ook deur die Woord-bediening en besoeke mense se ontmoeting met Christus te begelei."

Die tyd van die jaar waarin hierdie spesifieke retraite verkieslik sal plaasvind, is vir die deelnemers ook belangrik. Deelnemers wat beide hierdie retraites bygewoon het, se eerste ervaring was in die eerste week van Maart, aan die begin van die Lydenstyd. Die retraite vir die empiriese ondersoek van die studie het plaasgevind naby aan die einde van die jaar, wanneer 'n leraar reeds moeg is van al die bedrywighede van die jaar wat agter die rug is. Die navorser wou daarom sorg dat die deelnemers ook genoeg rus kry vir die pylvak van die jaar wat voorlê. Daarom ontvang hy met dankbaarheid hierdie opmerking: "Ek het met die verwagting na die retraite gekom om fisies te rus en tot rus te kom in God en na te dink oor my verhouding met God en die bediening." Dit blyk uit die ervaring van die deelnemers dat hulle 'n week aan die einde van die jaar, voor Adventstyd sou verkies. Die retraite se ander doel is ook om die leraars genoeg rus te gee, en nie die program te druk maak nie, sodat daar ruim tyd is vir rus en stilte in die natuur en in die Here se nabyheid.

6.6.1 Groepsdinamika

'n Belangrike aspek van groep-retraites is die proses van groep-dinamika. Groepe gaan deur sekere fases in hul interaksie of sit vas in 'n fase. 'n Voorbeeld hiervan is die interaksie tussen die 'praters' en die 'min praters'. Veral die mate van openheid en kwesbaarheid vereis noukeurige leiding. Groepe maak dinge moontlik, maar soms onmoontlik. In sekere gevalle kan daar selfs 'n

ongesonde groepsdruk/dwang wees. Die groepklimaat kan 'n bydrae lewer, maar ook 'n hindernis vir die retraite. Dit vereis die nodige eienskappe, soos geloofsonderskeiding, van die begeleier. In die Ring van Clanwilliam kon die navorser hom verwonder oor die groepklimaat en -dinamika. Daarom beveel die deelnemer-leraars aan dat dit binne Ringsverband aangebied word, in ’n klimaat van vertroue en openheid. Die ervaring in die platteland is dat leraars in Ringsverband gedurig oor-en-weer na mekaar uitreik en so dikwels as wat die brandstof-pryse dit toelaat, informeel bymekaarkom. Dit is juis omdat die leraars in die platteland op mekaar aangewese is vir wedersydse ondersteuning en bemoediging, ver van sinodale ondersteuning-strukture.

Dit gaan dus nie in die eerste plek oor die retraite op sigself nie, maar die model van om leraars die geleentheid te gee om op informele wyse vir ’n tydperk met mekaar saam te leef, mekaar beter te leer ken, meer te vertrou en in verhouding nader aan mekaar en God te groei en dan by mekaar en die teenwoordige Jesus te leer. Die model wil dit vir leraars vergemaklik om na mekaar te luister en te ontdek dat my eie probleme nie so uniek is nie, maar dat almal een of ander uitdaging in die bediening beleef, dalk vanweë ’n fokus vanuit die verkeerde hoek. Dit gaan dus oor die inhoud (tema en verloop) van die retraite en die gebeure en verskuiwings wat waargeneem word deur die begeleier en onderling onder mekaar. Dit lei dan tot ’n nuwe perspektief op die bediening, of om dit wat die leraars glo, uit hulle verhouding met God, toe te spits op die bediening, dus om die leraars te herinner aan wat hulle tydens hulle teologiese opleiding geleer het te sien in hulle bediening, maar ook in hulle geloofslewe. Daarom is die hooffokus van die retraite Johannes 15, waarmee die leraars voortdurend die uitnodiging van Jesus hoor: “Bly in My soos Ek in julle ... sonder My kan julle niks doen nie”.

6.7 LAASTE OPMERKINGS DEUR DIE KENNERS

Rinie Altena (2007:12-15) deel ’n paar handige gedagtes met die persoon wat ’n retraite soos hierdie een begelei.

- Ruimte kan gemaak word vir die fokus op die hele persoon, sy gedagtes, dade, gevoel, wil en aspekte wat deel is van die gewone menslike lewe (Altena, 2007:12).
- 'n Tweede fokus van 'n retraite is die soeke na die “ware self”; die ware mens soos hy deur God “bedoel” is. Hier gaan dit oor die stryd teen die vervreemding van onsself en die bewustheid van ons ware self; van die skepping wat ons in God is/word (Altena, 2007:12).
- 'n Finale fokus kan wees op die ontmoeting met die natuur, die wêreld en mense. Altena dink ook hier aan die ontmoeting met God in die natuur.

- Sodra daar 'n tema is, struktureer dit die retraite spontaan. Logika, die boek wat gebruik word[144], die argumentlyn, hoof- en sekondêre kwessies lei die keuse van onderwerpe wat behandel moet word. Maar selfs daar bly die soeke na die mate van vryheid en ruimte wat die ontwerpers en begeleiers ooplaat. Die sentrale punt bly die gebeurtenis tussen God en die retraitant. En dit vereis 'n “oop ruimte” (Altena, 2007:13).

6.7.1 Werkmetodes: Mistagogie in werking

Hier word verwys na die “instrumentele” gebruik van werkmetodes en opdragte wat tydens 'n retraite gebruik kan word. Individuele en groepbesprekings is die instrumente wat die meeste gebruik word (Altena, 2007:13).

6.7.2 Moontlike werkmetodes

Bewuswording: Dit stimuleer opheldering en bewustheid van 'n mens se eie pad deur die lewe en die ervaring van God (Altena stel vrae, gesprek, joernaal, refleksie-opdragte en *lectio divina* voor).

Uitdrukking*:* Ons druk onsself uit in 'n werkmetode. Sodoende eien ons aspekte van onsself soos vreugde en hartseer, vrees en begeerte, hoop en wanhoop, woede en geluk.

Aandag: Die retraitant fokus op die hier en nou en die teenwoordigheid van God in alles (byvoorbeeld meditatiewe tegnieke, stilte en natuurwandel)

Verbinding: Die retraitant verbind allerlei aspekte van die (godsdienstige) lewe met mekaar: God en self, verlede, hede en toekoms, bewuste en onbewuste, Immanensie en Transendensie.

Integrasie: Hier vind genesing en versagting plaas. Dit help om gesplete stukke van 'n mens se lewensgeskiedenis en onderdrukte temas 'n plek in 'n mens se lewe te gee (byvoorbeeld gestalt oefeninge, drama, sentrerende gebed, psalm-skryf, assosiatiewe oefeninge, begeleide meditasie en geestelike outobiografie). Hierdie spesifieke retraite fokus deurgaans op sentrerende gebed en begeleide meditasie, veral in die kapel-oomblikke. Met die eerste aanbieding van hierdie retraite het al die deelnemers saam die rolprent “Ds. Tienie” (geskryf deur Dana Snyman, met

---

144 Die materiaal wat die deelnemers gebruik sluit die vraelys in wat aan die begin van die retraite voltooi word, omdat dit die belewing van die bediening met aankoms by die retraite opsom. Die begeleier maak ook vir die deelnemers werke van Andrew Purves, Zack Eswine, Andrew Murray, Johannes Calvyn se Institusie en Gerald Partee (kyk Bronnelys), wat hy vooraf opgesom het, beskikbaar. Die deelnemers het genoeg tyd om hierdie opsommings te bestudeer en stil te word met die Woord en in gebed (kyk Hoofstuk 2: 2.10.2)

Frank Opperman in die hoofrol as ds. Tienie) gaan kyk, wat die leraars besonder gehelp het om daarna vrymoedig oor sekere uitdagende aspekte van die bediening saam te gesels.

Askese*:* Dit is deel van die retraite as 'n geestelike oefening.

Loslaat/Openheid/Oorgawe: Hierdie werksmetodes stimuleer die retraitant om 'n “te verkrampte” lewenshouding te laat vaar en oor te gee aan en toe te vertrou aan die diep alles-draende Misterie van die lewe (Altena, 2007:14).

Ontwrigtende/konfronterende/breek van patrone: Hier gaan dit ook daaroor om die “ou en bekende” prys te gee of ten minste te waag om dit te bevraagteken.

Liminaliteit: Dikwels het die werkmetodes ook die karakter van liminaliteit. Hierdie term is ontleen aan die wêreld van oorgangsrites en staan vir die fase wat tussen die oue en die nuwe lê.

(Her)vorming: In die werkwoordvorm is 'n mens aktief betrokke by die soeke na identiteit in God; die ware self. Vrae oor “wie is ek” en “wie wil/mag/moet ek wees” en “hoe dra ek daartoe by?”. Die fokus op hierdie retraite is sterk op die identiteit van geliefde kinders van God in mistieke eenheid met Christus op grond van ons doop.

Nuwe perspektiewe: Op 'n sekere manier sal sommige werksmetodes in die retraite ook nuwe insigte gee omdat mense dieselfde ding anders sal sien. Deur nuwe/ou tradisies te ontmoet wat baie bied om oor na te “dink en te beleef” (byvoorbeeld gesprek, studie, stories en ervarings).

Al hierdie ontmoetings is worstelinge om “God te sien”; om die seën te ontvang; om in oorvloed te lewe. Die refleksie van die deelnemers dui daarop dat jy nie onveranderd daaruit kom nie. Dit het 'n eksistensiële/godsdienstige effek; 'n uitvoerende funksie. God, self en lewe word met mekaar in verbinding gebring; met nuwe hoop en seën. Hulle het 'n “diepgaande” en “alles-omvattende” karakter. Die ontmoetings slaag dikwels daarin om ons op die mistieke “weg” te plaas.

'n Laaste aspek wat hier genoem moet word, is dat die geestelike vorms van werk 'n aktiewe en 'n passiewe dimensie het. Die “aktiewe” dimensie staan dan vir die werk van die mens self en die “passiewe” kant vir die werk van God. In 'n gesonde spiritualiteit het 'n mens 'n oog vir albei (Altena, 2007:15)[145].

---

[145] “Langs de weg van de bovengenoemde elementen wordt de retraite een ‘enscenering’ van een **heilige ruimte**; de schepping/bouw van een tempel. Daarmee wordt ze tot een icoon, een sacrament waarin de bewustwording van en nadrukkelijker een Godsontmoeting kan plaatsvinden” (Altena, 2007:15).

6.7.3 Die begeleier van die retraite

Van die begeleier[146] word verwag om doodgewoon hom- of haarself te wees. Tog moet hulle mense wees wat ietwat “tuis” is in die ervaring van 'n retraite en spiritualiteit (Altena, 2007:18) Hy of sy moet 'n bietjie van 'n monnik wees, self 'n ervare “retraitant” wees (Silf, 2002:87), dus iemand wat God in alles wil vind, iemand wat onderskeid kan tref tussen wat met God te doen het en wat nie. Sy of hy moet kan 'onderskei'. Hy moet meer as ander weet 'waar' en 'hoe' God te vinde is. Hy moet ‘vertroud’ wees met die maniere waarop God met mense omgaan. Hy moet kennis dra van die mistieke en/of 'bevindelike' weg, dus bewustelik mistagoog. Dit verg soms bykomende studie en/of begeleiding.

Laastens moet dit 'n goeie luisteraar wees wat nie primêr hom- of haarself wil hoor en sy of haar eie storie wil vertel nie, maar diensbaar wil wees aan God en die retraitant (Silf, 2002:88). Hy of sy moet empatie kan hê met die werklikheid van die retraitant. Hy of sy moet nie bang wees vir pynlike stories en donker tye by die retraitant nie. Nie net nie te vinnig nie, maar soms glad nie met oplossings vorendag kom nie omdat hy of sy vertrou dat God self die ware Begeleier van die retraite is. Met ander woorde, nabyheid en afstand.

Margaret Silf (2002:89-90) voeg twee belangrike vereistes vir die begeleier by, naamlik dat hy of sy hulle feilbaarheid en eie worstelstryd met die groot en klein sake van die lewe erken en aanvaar, en dat die begeleier ’n gebedsmens is wat die begeleide se gebedslewe en spirituele reis ernstig opneem. In die konteks van hierdie spesifieke retraite, is dit daarom verkieslik dat die begeleier ’n leraar sal wees, wat ook sy of haar broosheid omhels en deeglike kennis het van die worstelstryd wat hom of haar dikwels in die konteks van die bediening en die predikant se persoonlike lewe afspeel, sodat die begeleier duidelik die boodskap: “Ek weet, ek verstaan, ek het ook daardie paadjie geloop, ek ken ook daardie skuldgevoelens en pyn” sal leef tussen die leraars. Die deelnemers aan hierdie spesifieke retraite reken op die gebed van die begeleier en veral die persoonlike begeleiding-sessies word biddend gedoen en na elke sessie raak die begeleier saam

---

146 Franz Jalics (2003:8) beskryf die begeleier op die voetspoor van Ignatius van Loyola as die “retreat master”, omdat hy ’n spesifieke pad aanwys. Jalics meen dat die begeleier ’n “meester” moet wees op die gebied van die aanduiding van die pad wat mense inlei in die teenwoordigheid van God in, ’n “meester” wat die vermoë het om die spirituele vordering van die deelnemers te kan onderskei. Die navorser verkies die woord “begeleier”, maar die spesifieke naam van die een wat die retraite aanbied, is seker nie so noodsaaklik nie. In die konteks van hierdie spesifieke retraite, weet die deelnemers reeds wat die rol is wat die begeleier in hulle lewe oor vyf dae gaan vertolk, en vind hulle rus in die rol van die begeleier as mistagoog.

met die leraar stil, sodat die begeleier spesifiek vir die leraar kan bid binne die konteks van al die dinge waaroor die leraar in vertroulikheid sy of haar hart en diep worstelinge met die begeleier gedeel het.

Die ontwerp en die begeleiding moet die retraitant “op het spoor van ‘afsondering’, het ‘naar binnen gaan’ plaas en hou. Dus ‘te waken en te bidden’” (Altena, 2007:18).

6.8 SAMEVATTING

Die laaste vraag van Osmer (2008), “how might we respond?” word in hierdie hoofstuk beantwoord deur te verwys na Hoofstuk 2 van hierdie studie, naamlik die empiriese, wat die praktiese toepassing is van die hele studie. Die konteks van die pragmatiese taak is die retraite of “terugtrek”-geleentheid vir leraars om hernude transformasie te beleef in ’n milieu waar hulle met vryheid in rustigheid openlik kan gesels oor al die uitdagings in die bediening en tot rus kan kom in die wete dat hulle eintlik deelnemers is aan die voortgesette bediening van die verrese, teenwoordige Jesus.

Die retraite is daarom die ruimte wat geskep word vir die leraars binne Ringsverband, of selfs ander verbande, om saam na mekaar en na God te luister, hulle omstandighede te eien en vernuwe te word in hulle perspektief en visie op die bediening. Die navorser het die meeste van die vereistes vir ’n tematiese retraite nagekom as begeleier en is dankbaar oor die uitkomste wat dit bied, soos waargeneem, maar ook gehoor uit die getuienisse van die deelnemers. Om die vraag “how might we respond?” te beantwoord is volgens die navorser die heel beste om te luister na die uitkomste deur die leraars self gebied, waar te neem hoe hulle nader aan mekaar groei, mekaar bemoedig en by mekaar leer oor die pad wat hulle bewandel, maar ook die gesamentlike pad vorentoe. Die leraars is dit eens dat die uitkoms is dat hulle volgens Johannes 15 in mistieke eenheid met Christus is en wil bly, hulle doop sien as die ingang tot hulle bediening, deelneem aan die voortgesette bediening van die lewende Here, die unieke roeping van die leraar dié van mistagoog is, wat die roeping het om mense in die verborgenheid in Christus in te begelei. Die tema begelei ook die leraars om tot rus te kom wat hulle skuldgevoelens betref en te besef dat die sukses van die bediening nie van die leraar afhang nie, maar dat die bediening die unieke roeping (of beroep) is wat die leraar as uitnodiging ontvang om, saam met die Drie-eenheid, God se wêreld heel en nuut te maak. Wanneer die leraar, as loot wat ingeënt is in Christus die Wingerdstok, dus vrug dra, is dit nie die leraar wat geprys word nie, maar die Landbouer, die Vader self, wat verheerlik word.

Die woord “verwondering” word dikwels gebruik onder die deelnemers wanneer hulle bewus is van die teenwoordigheid van God by hierdie retraite, maar ook die bediening in die nuwe lig, as Christus se bediening, begin sien, verwondering oor die feit dat God kans sien om brose en gebroke mense soos ons met Hom saam te neem op sy sending om alles heel en nuut te maak. Die navorser het hom ook verwonder oor die wyse waarop die lewende Here in sy eie lewe en die lewens van die deelnemers presies kom doen het wat ons op hierdie spesifieke stadium nodig gehad het. Die uiteindelike uitkoms, die pragmatiese taak, is daarom volledig in God se hande, en daaroor verwonder ons onsself.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

Hierdie hoofstuk is ’n oorsig oor die hoogtepunte van hierdie navorsing en die proefskrif wat uit die empiriese navorsing voortgebring is, met enkele aanbevelings aan die einde van die hoofstuk.

Telkens is gepoog om aan die vier take van Osmer (2008) te voldoen en dit sistematies te hanteer.

7.1 OORSIG OOR HOOFSTUK 1

Die motivering vir die studie word eerste aan die orde gestel wat fokus op die leraar en sy of haar bediening, nadat die navorser ’n pad as mistagoog met verskeie leraars, binne die Ring van Clanwilliam en selfs buite die grense van hierdie Ring, gestap het. Dit was hoofsaaklik leraars wat die bediening as worstelstryd gesien en beleef het en deur diep beproewing gegaan het.

Die tipe navorsing wat die navorser daarom graag wou doen, is praktyk-georiënteerde, kerk-gerigte navorsing, met ’n probleem-eienaar - in hierdie geval die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington.

Belangrike konsepte wat omskryf word, is “In Christus – mistieke eenheid”, “*perichoresis*” en “mistagoog”.

’n Uiteensetting van die voorlopige literatuur is ook in hierdie hoofstuk aan die orde, alhoewel daar heelwat bronne bygevoeg is met die verloop van die studie, en enkeles uit die oorspronklike literatuur. Die kern van die studie is die pastorale bediening van die Nederduits Gereformeerde Kerk leraar as medereisende mistagoog in en deur die mistieke eenheid met Christus. Om uiteindelik by hierdie kern uit te kom, ondersoek die navorser hoe predikante se verstaan van die mistagoog-konsep, hul kan help om die uitdaging van ‘alles-hang-van-my-af’-sindroom te bowe te kom, sodat die leraar kan bedien vanuit sy of haar eenheid met Christus en deelneem aan die voortgesette bediening van Christus (*participatio Christi*).

Vervolgens word die pastorale versorging in Christus bespreek, met Andrew Purves se geskrifte (kyk bronnelys) as gespreksgenoot. Eenheid met Christus en bediening volgens die beeld van die Drie-eenheid is belangrike komponente van hierdie studie. Die leraar se mistieke eenheid met Christus en deelname aan sy voortgesette bediening (*participatio Christi*) en die voortvloeiende fokus op die leraar as mistagoog is sentrale temas. ’n Oorsig word ook gegee oor die praktyk van

mistagogie, naamlik die verskillende hoeke waaruit na die mistagoog gekyk word, Christus wat die werklike begeleier is, met die leraar wat deelneem aan hierdie bediening van die lewende en teenwoordige Here, die leraar as mistagoog wat mede-onderskei onder leiding van die Heilige Gees, die unieke aard van die bediening van die leraar, die mistagoog as metgesel en gasheer of -vrou. Mistagogie as gawe aan die kerk van Christus en integrale deel van die bediening word bespreek, om juis die klem te laat val op die unieke van die roeping van die leraar. Die fokus van die pastorale bediening van die leraar is die voortgesette bediening van die lewende Christus aan die Vader deur sy Gees. Die vraag is: Wat kan iemand verwag wanneer hy 'n leraar besoek wat uniek is en verskil van die ander hulpprofessies? Die antwoord lê in die medereisiger op die geloofspad wat saam met sy of haar lidmaat hulle verhouding met God verinnig en verdiep. In hierdie opsig is die predikant deelnemer aan die voortgesette bediening van Christus en begelei die lidmaat ook as iemand wat leef in mistieke eenheid met Christus. Die predikant neem slegs deel aan Christus se bediening van die genade van God aan die mens. Deur mistieke eenheid met Christus (*unio mystica cum Christi*) word die leraar die metgesel of medereisiger langs die lidmaat. Dit is 'n deelname aan Christus se bediening aan die Vader deur die krag van die Heilige Gees ter wille van die een wat na hom toe kom vir mistagogie. Wanneer die leraar opnuut tot hierdie ontdekking kom, maak dit hom of haar vry daarvan om “alles vir almal” te wees, aangesien die Drie-enige God die Een is wat die werk doen, “die dinge laat gebeur” soos Hy wil en teen sy eie tempo. Hierdie fokus verlig die druk op die predikant, wat dikwels beleef dat hy of sy “alles vir almal” moet wees en dat die sukses of mislukking van die bediening van hom of haar afhang.

Aandag word ook gegee aan die navorsing wat gedoen is om die toestand en omstandighede van die leraars te bepaal, met onder andere verslae van die Barna-groep (2017), wat die toestand van die leraars in die VSA navors, sinodale navorsingsverslae oor die welstand van die predikante in die NG Kerk in die Oos-Kaap (2016), wat ’n plattelandse milieu insluit, asook die verslae wat ingedien is by die sinode van die Wes-Kaap oor klein gemeentes (2017), wat aktueel is vir die welstand van die predikante van die Ring van Clanwilliam. Met inagneming van die innerlike stryd wat leraars dikwels beleef, word die navorsingsvraag dus gestel op: Watter bevindinge kan vanuit ’n pastorale studie gemaak word ten opsigte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk leraar as medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus?

Die sentraal teologiese argument is dat *participatio Christi* fokus op Christus in die teenwoordige tyd. Predikante moet vertrou dat Jesus in die Heilige Gees teenwoordig is en besig is om te seën, te troos en te genees, want dit is *wie* Jesus is en *wat* Hy doen. Die bediening gaan uiteindelik nie

primêr oor die predikant en sy of haar bekwaamhede nie, maar oor die teenwoordigheid van Jesus Christus in *participatio Christi*. ’n Diepe verstaan van hierdie begrip kan daartoe lei dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk se leraars gelowiges kan bedien vanuit die posisie van ’n medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus.

Hierdie navorsing word vanuit die prakties teologiese epistemologie as vertrekpunt uitgevoer en meer spesifiek vanuit die pastorale begeleiding deel van praktiese teologie. Die navorser poog om ’n bydrae te lewer in verdere teorievorming. Soos vroeër beskryf, is hierdie navorsing praktyk-georiënteerde en spesifiek kerk-gerigte navorsing. Die navorsingsbenadering is intervensienavorsing, omdat dit ten doel het om moontlike oplossings te vind vir ’n probleem wat deur AMSS ondervind word. Die navorser het met AMSS ooreengekom tot hierdie intervensienavorsing, om sodoende AMSS se hande te versterk in hul begeleiding aan leraars om die waarde te ontdek van wanneer die leraar gelowiges pastoraal kan bedien vanuit die posisie van ’n medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus. Hierdie ontdekking sal die leraars se geestesgesondheid en beroepsbevrediging positief beïnvloed.

Die navorsingsontwerp is soos volg:

Hoofstuk 1 dien as inleiding en omskrywing van die konteks en metodiek.

Hoofstuk 2 gee die bevindinge weer van die kwalitatiewe empiriese ondersoek wat in die Ring van Clanwilliam uitgevoer is, in antwoord op die metateoretiese vlak van teorie-praksis-verhouding.

Hoofstuk 3 en 4 ressorteer onder die interpretatiewe taak met die doelstelling om insigte te verkry rakende die leraar se spirituele verryking om as mistagoog te kan *participatio Christi* in mistieke eenheid met Christus. Hierdie hoofstuk neem die metateoretiese vlakke van die waarde wat aan tradisionele bronne geheg word en die metodiek van interdissiplinêre diskoerse, in ag. Die identiteitsgroei van die leraar as mistagoog, soos gegrond in sy of haar eenheid met Christus op grond van die sakramente van die doop en nagmaal is ondersoek.

In hoofstuk 5 word teologiese aspekte vanuit ’n normatiewe ondersoek geformuleer ten opsigte van die leraar se roeping as medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus. Die metateoretiese vlak van substantiewe teologiese voorveronderstellings is in ag geneem en daar is op grammaties-historiese wyse met perikope aansluitend tot die tema omgegaan en klem is geplaas op teologiese konsepte soos eenheid met Christus, deelname aan Christus en “in en deur Christus” toegepas op die praktyk van spirituele begeleiding (mistagogie) as norm vir die bediening.

Refleksie op die bevindinge van hierdie pastorale studie word vervat in hoofstuk 6 met die doel om aksie-strategieë vanuit die pragmatiese ondersoek te formuleer sodat die leraar gelowiges kan bedien vanuit die posisie van ’n medereisende mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus.

Navorsingsetiek en integriteit is van belang wanneer nagraadse studies onderneem word. Die navorser het onderneem om volgens die etiekvoorskrifte van die NWU te werk en het die etiese opleiding aanlyn voltooi. Die empiriese ondersoek is eers na die ontvangs van etiese klaring onderneem.

7.2 OORSIG OOR HOOFSTUK 2: BEVINDINGE VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING – DESKRIPTIEWE EMPIRIESE TAAK

Inleidend word die wese en praktyk van empiriese en kwalitatiewe navorsing in diepte bespreek om aan te dui dat die riglyne vir empiriese navorsing so getrou moontlik deur die navorser gevolg is. Osmer (2008:4) se vraag “wat gebeur” is die agtergrond waarteen die deskriptiewe empiriese taak aangepak is.

Vervolgens word die agtergrond waarteen hierdie navorsing plaasgevind het, belig. Die navorser is eers self aangewend as “mentor” in die Ring van Clanwilliam deur die Wes-Kaap Sinodale Taakspan vir Predikantebegeleiding, wat die behoefte aan hierdie navorsing in sy hart laat ontstaan het. Die deur vir hierdie navorsing is oopgemaak deur die stigting van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit, waarvan die navorser deelnemer in die Taakspan geword het. Die opdrag van hierdie Taakspan aan die navorser was om ’n intervensie in die vorm van ’n vyfdag retraite saam te stel, waar leraars, veral in Ringsverband, opnuut begelei word in hulle spiritualiteit om bewus te word van hulle bediening as die deelname aan die voortgesette bediening van die lewende Christus. Die navorsing sou op die platteland in die Ring van Clanwilliam gerig wees en wel by die AMSS plaasvind. Die retraite pas in by die dagprogram van die AMSS.

Vir die huidige navorsing het die navorser die aanvanklike ontwerp getoets en uitgebrei met die oog daarop om dit te boekstaaf in hierdie proefskrif vir moontlike verdere gebruik deur die kerk. Die tema vir die retraite vir die empiriese studie is, na verdere navorsing, verander na “Bediening vanuit ons mistieke eenheid met Christus” en het plaasgevind vanaf 24 tot 28 Oktober 2021 by die VCSV terrein in Strandfontein, binne die grense van die Ring van Clanwilliam. Die onkoste is volledig gedek deur die Wes-Kaap Sinodale Taakspanne vir Predikantebegeleiding en Teologiese Navorsing. Die AMSS is die probleem-eienaar en die dagprogram van die AMSS word steeds

gevolg, al is dit nie in Wellington nie. Die voorsitter van die Ring is die “poortwagter” en die werwing en ingeligte toestemming word deur die skriba van die Ring hanteer. Met die navorser as deelnemer-begeleier is die totaal van nege leraars wat deelneem, goed verteenwoordigend van die Ring van 15 leraars. Aan elke deelnemer is materiaal om te lees sowel as ’n vraelys om te voltooi aan die begin van die retraite gegee. Die vraelys is goedgekeur deur die etiek-komitee van die NWU en sou dien as aanknopingspunt vir die persoonlike onderhoude wat die navorser en deelnemers met mekaar voer. Die formaat van die retraite was onder andere persoonlike stil tye van afsondering, gebed en die lees van die materiaal en die Bybel, veral met die klem op Johannes 15. Verder was daar drie kapel-tye daagliks, waarin die groep saam begelei is deur dr. Nico Viljoen, persoonlike onderhoude met elke deelnemer, formele groepgesprekke en informele gesprekke aan die einde van die dag rondom ’n vuur, as refleksie op die beweging van die Here wat deur die deelnemers waargeneem is. Data van die groepgesprekke is met toestemming van die groep met ’n stem-opnemer opgeneem, getranskribeer en geverifieer deur die groep na die retraite. Die vertroulikheid en anonimiteit van die deelnemers is geprioritiseer. Die groepgesprekke dek die volgende temas: Die leraar se mistieke eenheid met Christus deur sy of haar doop, die *perichoresis*, mistagogie, “Bly in My”, *participatio Christi*, bediening in mistieke eenheid met Christus, die spiritualiteit van die leraar, die predikant as mistagoog in mistieke eenheid met Christus en laastens die leraars se refleksie op die retraite en die pad vorentoe in die bediening.

Die navorser is verwonderd dankbaar dat hy hierdie retraite kon begelei in samewerking met die lewende Here, wat in sy kinders se lewens hulle mistieke eenheid met Hom opnuut bevestig het, en is bemoedig met die versoek om dit met reëlmaat te begelei. Die wens van die deelnemers dat hierdie spesifieke retraite deel word van die program van Ringe, sal verder gevoer kan word met die Sinodale Taakspanne van die NG Kerk in Wes-Kaapland, soos die Taakspan vir Toerusting, Predikante begeleiding en Spiritualiteit. Dat die groep ontvanklik was vir die begeleiding, spiritualiteit, inhoud en onderlinge kollegiale verhoudings het baie gehelp om die empiriese navorsing met vreugde en entoesiasties te kon voltooi. Die navorser hoop om weer in die toekoms hierdie voorreg te mag beleef in die begeleiding van die Ring van Clanwilliam, maar ook ander Ringe wat graag opnuut wil ontdek hoe die bewuswees van ons mistieke eenheid met Christus ons positief maak oor die bediening as deelnemers aan Christus se bediening. Die navorser het sy bes probeer om met “priesterlike luister” die deskriptief-empiriese taak te voltooi, deur aandag te gee aan die besonderheid van die deelnemers in die teenwoordigheid van God.

7.3 OORSIG OOR HOOFSTUK 3: DIE LERAAR SE SPIRITUELE VERRYKING AS MISTAGOOG IN *PARTICIPATIO CHRISTI* EN MISTIEKE EENHEID MET CHRISTUS – DIE INTERPRETATIEWE TAAK

Hoofstuk 3 en 4 ressorteer onder die interpretatiewe taak met die doelstelling om insigte te verkry rakende die leraar se spirituele verryking om as mistagoog te kan *participatio Christi* in mistieke eenheid met Christus. Hierdie hoofstuk neem die metateoretiese vlakke van die waarde wat aan tradisionele bronne geheg word en die metodiek van interdissiplinêre diskoerse in ag. Literatuurstudie is gedoen oor die spiritualiteit van gelowiges. Die identiteitsgroei van die leraar as mistagoog, soos gegrond in sy of haar eenheid met Christus op grond van die sakramente van die doop en nagmaal is ondersoek.

Inleidend word die algemene godsdiens waarmee die leraar te doen het in die bediening bespreek. Deur te verwys na navorsing onder die jeug in die VSA, Nederland en Suid-Afrika kan die godsdiensbeskouing opgesom word as moralisties, terapeuties en deïsties.

Die deïstiese God wat wêreldwyd gedien word, word bespreek om uit te kom by die herontdekking van en terugkeer na die *musterion* en die hernude omhelsing van die Christelike mistiek. Die meeste kenners stem saam dat ons in die mistiek te make het met die direkte of onmiddellike bewussyn van God se teenwoordigheid in die sentrum van die menslike bestaan – 'n teenwoordigheid wat lei tot transformasie van menswees. Wanneer ons oor God praat of dink, kan ons nie anders as om die mistiek op een of ander wyse daarby te betrek nie, of oor God praat sonder om een of ander tyd daarvan bewus te word dat ons dikwels die "wolk van nie-weet-nie" beleef of selfs oor God praat sonder 'n groot mate van huiwering nie, wat oorgaan in verwondering, sodat ons gedurig die wisselwerking van huiwering en verwondering oor God beleef wanneer ons oor Hom praat of dink.

Voorts val die fokus spesifiek op die Christelike mistiek, wat gegrond is in God se liefde en die misterie van God se inkarnasie in Christus. Die inkarnasie en die Drie-eenheid is die kern van die Christelike mistiek omdat dit die kern van die Christelike geloof is. Dit onderskryf die gesag van die Bybel en kerklike tradisie. 'n Mens kan nie anders nie as om die misterie van God in die gees van nederigheid te benader en te erken dat niemand God ooit tot die vlak van menslike rede sal reduseer nie. Aandag word gegee aan die Bybel en mistiek en 'n oorsig oor die Christelike mistiek om uiteindelik die fokuspunt te bereik van Gereformeerde mistiek, wat die basis is van die studie van die navorser, self Gereformeerd in sy denke, bediening en belewing van die Drie-eenheid. In

Gereformeerde mistiek is ervarings nie voorop nie, maar God is sentraal, en sy kontak en ontmoeting met die mens bly ’n misterie waaroor hy hom net kan verwonder. Die een algemene waarheid van die mistiek is dat dit handel oor die liefdevolle ontmoeting of eenheid met die Heilige. Wanneer ’n mens oor God se mistieke reis met jou praat, kom jy agter dat jou taal jou keer op keer in die steek laat. Dit is beslis nie iets waaroor ’n mens spog nie, trouens, hoe meer jy bewus raak van die ontmoeting met jou God in jou gebed, in jou oomblikke wanneer jy Hom ontdek in sy Woord, in die skepping, die erediens, by die doopvont of aan die nagmaaltafel, hoe meer word jy gedwing tot nederige stilte, ’n stilte en liefde wat jy deel met die Here met Wie jy in mistieke eenheid lewe.

Omdat die mistiek van die Christelik-Gereformeerde trinitaries is, word daar ook stilgestaan by die *perichoresis* van die Triniteit wat beskryf word as die heilige dans, die wedersydse inwoning van die Vader, Seun en Heilige Gees, waartoe die leraar uitgenooi word. Met hierdie misterie van gemeenskap, sluit God die mensdom in as geliefde vennote in die dans. Terwyl ons die misterie beleef, raak ons aandagtig stil. Dit is wat die “vrees-van-die-Here” beteken. Ons is nie God se op-die-afstand-toeskouers nie. Daar is altyd ’n hand wat ons intrek in die Trinitariese handelinge van skepping, verlossing en heilige gemeenskap.

Die deelname aan die lewe van God vind plaas deur die leraar se mistieke eenheid met Christus. Die leraar is in die eerste plek, deur die doop, aangenome geliefde kind van God, dit is sy of haar ware identiteit. As aangenome kinders na-aap die leraar nie die Seun en vra "wat sou Jesus doen?" nie. Hy of sy is opgeneem in die Seun se eie lewe – dit is wat eenheid met Christus is. Die Heilige Gees is die Agent van deelname. Jesus sê vir ons dat ons opgeneem is in daardie verhouding soos Hy in ons woon, en die Vader in Hom. Daarom praat ons eerder van *participatio Christi* as van “inkarnasie-bediening” wat uitgaan van die standpunt dat ons Christus “inkarneer”. Christelike optrede en bediening is altyd afgeleide en ondergeskikte deelname aan Christus se lewe en bediening. Gevolglik vloei bediening uit die leraar se deelname aan Christus en sy bediening. Deelname-bediening handhaaf 'n duidelike onderskeid tussen Christus en diegene wat aan Hom behoort in mistieke eenheid met Hom.

Hierdie mistieke eenheid met Christus beteken dat ons ingegraveer is in Hom en deelnemers aan Hom. Deur jou eenheid met Christus, ontvang jy ’n nuwe identiteit as God se geliefde kind en is deur God ingeënt in Hom. Die enigste ding wat beter kan wees as om Jesus saam met jou te hê, langs jou, is om Jesus in jou te hê, waar jy ook al is en waar jy ook al gaan. Mistieke eenheid met

Christus verplaas die leraar uit die sentrum van die lewe en bediening, om plek te maak vir Christus as die middelpunt van ons lewe en bediening. Ons verbintenis met die Seun is Trinitaries; dit wil sê, dit is 'n eenheid wat die Seun teweeggebring het deur die krag van die Gees en waardeur ons ook met die Vader verenig is.

Johannes 15 staan redelik sentraal in hierdie studie, terwyl ons in mistieke eenheid met Christus, gehoorsaam is aan sy opdrag “Bly in My”. Om in Christus te bly, kom nie natuurlik en vanself nie. Die geloofsgewoontes, soos *lectio divina* en die Gebed van Examen is handige hulpmiddels wat die leraar begelei om in Hom te bly. Ons moet leer *hoe* om dit te doen. Die “bly in My” is 'n kuns, en soos enige kuns, vereis “bly” oefening en dissipline.

Vir die leraar wat dikwels op soek is na sy of haar identiteit, is dit gerusstellend om te weet dat hy of sy in Christus, in sy of haar eenheid met Hom, eerstens God se geliefde kinders genoem word. As God se geliefde kinders, wat ingeneem is in die *perichoresis*, deur sy of haar mistieke eenheid met Christus, is die leraar bevoorreg om deel te neem aan die lewe van sy of haar God. Die besondere voorreg, die misterie waaroor die leraar hom of haar verwonder, is dat God drie-enig hom of haar raaksien, kies en roep om deel te neem aan die voortgesette bediening van die herrese Christus. Die leraar is derhalwe nie die een wat Christus inkarneer nie, maar as mistagoog, getuie van die teenwoordigheid en bediening van Jesus, ’n bediening tot die Vader deur die Gees.

Ons mistieke eenheid deur die heilige sakramente word voorts aan die orde gestel, met die sentrale boodskap dat Christus die substansie van die sakramente is en dat die drie-enige God handel in die sakramente wat Hy aan ons geskenk het in Christus. Christus self word die paradigma van wat presies sakramenteel is. Jesus Christus is die primêre sakrament. Die sakramente het die dubbele funksie om van daardie werklikheid te getuig, terwyl dit ook die middele van deelname daaraan is.

Die doop word verder in diepte bespreek as die handeling van God wat ons intrek in die gemeenskap van die Drie-eenheid in mistieke eenheid met Christus. Die herontdekking van die leraar se primêre identiteit as “geliefde kind van God”, ’n identiteit wat hy of sy in sy of haar doop ontvang het, dra ook by tot die nuwe fokus op die bediening wat hy of sy van God ontvang het, om in deelname aan die lewende Here, te vervul. Christus se doop – die verklaring dat Hy die Geliefde Seun is – word spesifiek die belofte van ons aanneming waardeur ons God self ons Vader kan noem. Om God ons Vader te noem, is direk gekoppel aan ons ingegraveer-wees in die

enigste Een wat 'n reg op Kindskap het. Die doop is volgens Calvyn die teken van ons inlywing waarin ons ontvang word in die gemeenskap van die kerk, sodat ons as ingegraveer in Christus beskou kan word, as God se kinders. Die doop is God se sigbare Woord, waarin Hy verkondig dat wanneer Hy na ons en sy kinders kyk, Hy Christus se broers en susters sien. In die doop word ons naam gekoppel aan die Naam van die Drie-eenheid en ontvang ons as't ware 'n nuwe naam. Ons ontdek daarom ons ware self by die doop, sodat ons lewenslank kan onthou wie ons deur die doop in Christus is. Die doop verbind ons ook onlosmaaklik aan die liggaam van Christus, sy gemeente.

Dit is die Heilige Gees wat ons met Christus in ons doop verenig, dit is die Heilige Gees wat hierdie band lewend en effektief maak. Dit is die Heilige Gees wat ons mistieke eenheid met Christus 'n werklikheid maak, en tog is die drie-enige God volledig betrokke en werksaam in hierdie mistieke vereniging tussen ons en ons Here. Omdat ons doop 'n handeling van die drie-enige God is, is dit nodig om Hom ook by ons doop God te laat wees, sodat Hy in ons en aan ons kan doen wat Hy graag as Vader, Seun en Heilige Gees wil doen. Die grootste hiervan is ons mistieke eenheid met Christus wat deur die Heilige Gees bewerk word en deur die Vader gewil word.

Wanneer die dominee iemand doop, glo ons dat dit nie slegs die handeling van 'n mens is nie. Die predikant verteenwoordig nie net die kerk nie maar verteenwoordig en tree op namens God. God is dus die een wat handel in en deur die aksie van die predikant in Christus wat die doop bedien. In hierdie sin is die predikant in mistieke eenheid (self as gedoopte) met Christus, ook 'n getuie, 'n mistagoog, wat die geloofsreis saam met die gedoopte begin, of die gedoopte nou daarvan bewus is of nie. Die verskeidenheid betekenisse wat aan die doop geheg word hou verband met dit wat God doen, en nie met dit wat ons doen nie. Die doop is God se werk in ons lewe. Dit is God (Vader, Seun en Heilige Gees) wat ons sy eiendom maak – dit is nie ons wat dit doen nie. Die doop is 'n eenmalige gebeurtenis wat getuig van ons eenheid met Christus. Die doop in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees beteken dat die dopeling ingetrek word en deel word van die unieke geskiedenis van die Vader, Seun en Heilige Gees wat in die Woord vir ons vertel word. Deur die doop word ons deel van die verhaal. Die doop neem ons die verbonds-ruimte in en van ons word 'n spiritualiteit van afwagting verwag, 'n *sursum corda*-daad. Die doop bevestig dat hierdie "heel Andere" jou gekies het om deel van sy verbond te wees. Hy eis dat jy jou hele lewe aan Hom moet gee. Hierin het 'n gedoopte kind geen keuse nie, jy kan Hom nie ignoreer nie.

Die nagmaal is God se eie instrument waarmee Hy gelowiges vorm tot die beeld van Christus. Dit is ’n God-gegewe ikoon, wat die Woord verduidelik in tekens en handelinge in die versamelde gemeenskap van Christus, wat ons in ’n heilige drama intrek deur die krag van die Heilige Gees. Ons kyk nie na die nagmaal op ’n afstand nie, maar ons gaan in en ons lewe in ons nuwe identiteite as aangenome (gedoopte) kinders van die Vader en ons smaak die gemeenskap met Christus en ander in die verbonds-gemeenskap. As Gereformeerdes bely ons dat ’n sakrament God se beloftes in prentjie-vorm verteenwoordig. Ons sien hierdie prentjie voor ons oë wat uitgebeeld word as ikoon. Dit is die innige band tussen die blye boodskap van die evangelie en die sakramente van die doop en nagmaal. In die sentrum van beide is ons mistieke eenheid met Christus deur die Gees. Die Here self skenk sy heilige nagmaal as ’n fisieke “proebare” teken van sy verbondsliefde. Die nagmaal en gepredikte Woord trek ons in die drama van God se werk in. Deur die Woord wat verkondig en ontvang word in die Here se nagmaal ontmoet en ontvang ons Jesus Christus deur die Gees. Die hart van die Here se nagmaal volgens die Gereformeerde belydenisse is dat alles heenwys na Jesus Christus, die hele Persoon van Jesus Christus in sy liggaam en in sy bloed. Die gawe of geskenk van God in die nagmaal is die gawe van Jesus Christus, nie eers ons menslike handeling van geloof nie. Jesus Christus is die substansie, en die eenheid en gemeenskap met Christus is die vrug daarvan. Die Heilige Gees wys, offer en kommunikeer Jesus Christus aan gelowiges by die nagmaal. Die meerderheid Gereformeerdes glo en bely dat die brood en die wyn instrumente van die Gees is wat die offer van Christus ten toon stel en dat die elemente nie self aanbid moet word nie, en tog gee die nagmaal nie aan ons slegs leë tekens nie, maar by die nagmaal voed die gelowiges hulle gees op Jesus Christus Self, deur die Gees. Jesus Christus is die substansie, die Een na wie die sakramentele tekens wys. Hy is die Een wat opnuut Homself gee en wat deur die Gees gegee word deur die sakramentele tekens en ontvang word in vertroue. Die ontvangs van die nagmaal kan self 'n vorm van deelname wees. Ontvangs is nie passiwiteit nie, maar die regte volgorde van dinge. Eerstens, bied Christus sy lewe en veragte mens-wees aan ons. Saam met Hom, as ons Priester kan ons onsself aan die Vader terug offer as 'n dankoffer. Christus bied Homself steeds daagliks aan om deur God se kinders ontvang en geniet te word. Dit is die gawe of geskenk wat hulle in die heilige maaltyd ontvang. Die Heilige Gees is nie die Pinkster-vervanging vir Christus nie, maar die Weg na Hom. Die nagmaal is 'n teken van ons voortgesette mistieke eenheid met Christus. In die “ontvang” van die nagmaal onthou ons ("Doen dit ter nagedagtenis aan My") met dankbaarheid, maar dit is

miskien sekondêr tot wat belangriker is. Wanneer ons die nagmaal neem, kommunikeer ons met die lewende Christus en sy liggaam (1 Kor. 11:27).

Calvyn beantwoord ook die vraag oor die teenwoordigheid van Christus se liggaam in die nagmaal as ons voedsel en drank. Siele vind hulle voeding in Christus. Dit kan nie gebeur tensy Christus werklik saam met ons in eenheid groei en ons verkwik deur sy vlees en bloed nie. Die Gees verenig werklik dinge wat in die ruimte geskei is. Deur daardie heilige deelname aan sy vlees en bloed waardeur Christus sy lewe in ons instort asof dit in ons bene en murg binnegedring het, bevestig en verseël Hy ook in die maaltyd deur daardie dienstigheid van sy Gees te openbaar, om te vervul wat Hy belowe. Die nagmaal van die Here is 'n ware gemeenskap met die lewende Here. Ons neem deel aan 'n gemeenskap met die Vader deur die Seun in die krag van die Heilige Gees. In die brood en wyn van die sakrament word ons werklik op die lewende Jesus Christus gevoed. Niks magies gebeur met die brood en die wyn nie. Die wonderwerk van die Heilige nagmaal is geestelik – 'n volkome geestelike eenwording van Christus en onsself deur 'n handeling van die Heilige Gees. Ten slotte was Calvyn nie besorgd daaroor om die ware teenwoordigheid van Christus in die nagmaal empiries te bekragtig of te rasionaliseer nie. Net soos die eenheid van God en die mens in die vleeslike Christus 'n onverstaanbare verborgenheid is, en net soos ons eenheid met die vleeslike Christus 'n onverstaanbare misterie is, so ook is ons mistieke eenheid met Christus in die nagmaal. Ons is nie onder die verpligting om die geheimenisse van die evangelie te verklaar nie; ons is eerder onder die geseënde verpligting om hulle te bely en te bewonder.

Dit neem ons voorts na die spirituele verryking van die leraar as medereisende mistagoog in mistieke eenheid met Christus. Om spiritualiteit in een sin te definieer, is net so ’n uitdaging as om mistiek te definieer. Ons volstaan met spiritualiteit as geleefde geloof of ervaring. Christelike spiritualiteit is die verhouding van die drie-enige God tot die mens wat in ’n noue verband met die Bybel as Heilige Geskrif staan. Die fokus is juis op ons God, wat Homself aan ons bekend maak in Jesus Christus, en in Wie ons leef deur die Heilige Gees. Dit kan nie genoeg beklemtoon word nie dat ons spiritualiteit dus die vrugte van die heil, en nie die voorwaardes daarvoor is nie. Dit beteken dat die spanning daaruit weg is. Die fokuspunt van die reformatoriese spiritualiteit is nie die eie geloof of bekering nie, maar die vrye genade van God. Gereformeerde spiritualiteit dra wesenlik die karakter van geloofsbelewing, geloofservaring, geloofswandel en geloofsomgang met God. Die Heilige Gees werk die volle heil in die lewe van die gelowige uit maar hy doen dit

langs die weg van die Woord, sakramente en geloof waardeur ons aan Christus verbind word om in gemeenskap met Hom te lewe.

Dit bring ons dan by die leraar as mistagoog in mistieke eenheid met Christus se nadenke van die Skrif, luister na die Skrif, oopgaan vir die Skrif, na-bid van die Skrif, daarom die inhoud van sy of haar spirituele verryking. Afsondering en stilte is dissiplines wat die leraar 'n ruimte bied om in God te rus en te luister na die stem van die Een wat jou sy geliefde noem en in jou stilte dit telkens bevestig, sodat jy as gedoopte nooit daaroor twyfel nie. Veral vir predikante kan dit moeilik raak om te onderskei tussen die werk wat hulle vir God doen en tyd om by God te wees, in Hom te rus en sy teenwoordigheid te geniet. Die afsondering en stilte is nooit hol en leeg nie, maar word gevul deur die Woord en gebed, juis om die mistieke eenheid tussen die leraar en Christus te bevestig en te verdiep. Daar is die oomblikke van persoonlike verdieping, alleen met God in afsondering en stilte, waarvan net die leraar en God weet. Dit is totaal onvanpas vir die Gereformeerde leraar en lidmaat om te vertel hoe lank hy of sy in die binnekamer, ταμεῖόν, deurbring. Dit is ἐν τῷ κρυπτών (Matt.6:6) privaat, verborge, mistiek, die nie-ekshibisionistiese vorm van spiritualiteit. Die binnekamer is juis die plek in die huis waar die bidder nie gehinder of bewonder kan word nie. Wie jy in jou afsondering is, is die ware self. Met die sinvolle inrig van die oomblikke van ontmoeting in die binnekamer help ou kerkvaders, soos Guigo II, Ignatius van Loyola en Maarten Luther die leraar besonder baie. Guigo II leer die leraar byvoorbeeld om die Skrif biddend te lees, om hom of haarself te sien in die Woord, maar ook te beleef dat die sluier op God effens gelig word, sodat hy of sy met sy of haar geestesoog die “gesig van God” kan kontempleer. Ignatius van Loyola neem ons verder aan die hand en begelei ons om die Skrif so te lees met “imaginative prayer”, om met ons sintuie te beleef hoe ons tuiskom in die Woord. Die Gebed van Examen wat Ignatius in sy geestelike oefeninge vir die Jesuïete leer, is die gebed aan die einde van die dag of ’n spesifieke tydperk wat die leraar help om die lewende Christus in sy dag, omstandighede en bediening raak te sien. Hierdie eenvoudige geloofoefeninge kan waarlik beskou word as geskenke van God aan sy kerk, juis om die binnekamer-momente te verdiep en te verinnig.

Guigo II begelei ons om die Woord biddend in vier bewegings te lees, wat saamgevat word in die begrip *lectio divina, lectio*, *meditatio*, *oratio* en *contemplatio*. Hierdie vier bewegings wat die een op die ander spontaan volg word uitgebreid bespreek as nuttige hulpmiddels vir die leraar om, in mistieke eenheid met Christus, God se omhelsing te beleef, terwyl hy of sy die Woord biddend lees, en die Woord toelaat om in te trek in sy of haar lewe in.

Ignatius van Loyola help weer die leraar om die Woord met al vyf sy of haar sintuie te lees in “imaginative prayer” of verbeeldingryke meditasie. Deur die Woord op hierdie wyse te bestudeer, sien jy jouself as’t ware in die Skrifgedeeltes, met die fokus op die God wat jy in die Woord ontmoet.

Die Gebed van Examen, weer eens ’n hulpmiddel deur Ignatius van Loyola saamgestel, help weer die leraar om die lewende God en sy beweging in elke dag van sy lewe en bediening raak te sien. Hierdie geloofoefening vind aan die einde van elke dag of ’n tydperk plaas, waarin die leraar terugkyk op sy of haar lewe en bediening en onder die begeleiding van die lewende Christus soek na die werklikheid en heerlikheid van God se teenwoordigheid en helende werk. Die bewegings van die examen volg ook spontaan op mekaar, alhoewel dit soms kan gebeur dat die leraar langer vertoef in een van die bewegings. Daar is egter hoegenaamd nie sprake van enige wettisisme in die gebruik van die examen nie, aangesien dit eerder ‘n examen van “consciousness” (“bewussyn”) as “conscience” (“gewete”) is. Die bewegings begin met ’n oorgang na stilte, ’n oomblik van dank, daarna ’n terugkyk saam met God op die dag om te sien waar Hy besonder teenwoordig was, belydenis van skuld, die vooruitkyk na die nuwe begin saam met God en dan weer ’n afsluiting in stilte (wat ook kontemplatiewe gebed kan insluit).

Die navorser het deurgaans die deelnemers aan hierdie navorsing voor hom gesien, wat hulle pad deur die deïsme moet vind as geliefde kinders van die immanente God, aan Wie hulle deelneem in mistieke eenheid met die lewende Christus, ingetrek in die *perichoretiese* liefdesbeweging van die drie-enige God, en tog is dit onmoontlik om op die kantlyn te staan en kyk hoe ander leraars spiritueel verryk word. Die navorsing maak die navorser ook volledig deelnemer. Die spirituele verryking van die leraar in mistieke eenheid met Christus vloei deur die lewe en bediening van die predikant en beïnvloed ook die wyse waarop hy of sy na sy of haar lewe en bediening kyk. Die natuurlike uitvloeisel van die leraar se belewing van sy of haar mistieke eenheid met Christus en sy of haar spiritualiteit, baan die weg om hom- of haarself te sien as medereisende mistagoog wat deelneem aan die bediening van die lewende Christus, deelnemer dus aan die *missio Dei*. Dit kom aan die orde in Hoofstuk 4.

7.4 OORSIG OOR HOOFSTUK 4 - DIE BEDIENINGSFOKUS VAN DIE LERAAR AS MEDEREISENDE MISTAGOOG

Hierdie hoofstuk is steeds deel van die interpretatiewe taak. Voortvloeiend uit die bewuswees en belewing van die leraar se mistieke eenheid met Christus deur die doop, verdiep in die nagmaal

en verinnig en bevestig in sy of haar spirituele verryking, wil hierdie hoofstuk fokus op die bediening wat spruit uit hierdie intieme deelname aan die voortgesette bediening van die verrese Christus, wat uiteindelik kulmineer in die mistagogie.

Inleidend word teruggegaan na die kerninhoud van die amp van die leraar, asook die Bybelse visie op die amp. Daarna word die Gereformeerde tradisie en die nuutste Kerkorde van die NG Kerk se beskouing van die amp van die leraar aan die orde gestel. Omdat predikant-wees nie maar vir die meeste voltydse predikante in die NG Kerk ’n bysaak of stokperdjie is waaraan jy elke nou en dan aandag gee nie, maar werklik ’n synsberoep, as’t ware ons hele wese insluit, dwing dit ons ook om noukeurig te kyk na die fokus van die leraar. Hoe bly die feit dat jy altyd dominee is, jou lus eerder as jou las? Hoe kan ons bedien dat ons nie naderhand uitgebrand begin rondsoek na iets anders as om leraar te wees, of net aanploeter met die hunkering na die dag wanneer ons ons Akte van Emeritaat ontvang en hierdie eintlik heerlike roeping vaarwel toeroep nie?

Ons identiteit as leraars is eerstens “geliefde seun of dogter van God”, soos deur ons God self uitgespreek by ons doop, waar ons reeds ons roeping ontvang het om in mistieke eenheid met Jesus Christus deel te neem aan sy voortgesette bediening, iewers in ’n gemeente waar Hy ons plaas en graag iets besonders in en deur ons wil doen. Wat God wil bereik, bly altyd ’n misterie en verskil van leraar tot leraar, en gemeente tot gemeente, maar ons weet dat Hy dit graag wil doen deur sy Woord, ons gebede, die sakramente, en deur ons teenwoordigheid as deelnemers aan die misterie onder mense wat Hy met sy lewe liefhet. Die leraar is iemand wat hom of haar verwonder oor die feit dat die grote God, ’n klein mensie kan raaksien, ’n liefdesverbond met hom of haar sluit by die doop, een word met hom of haar, en hom of haar roep om hierdie Gods-oomblik met sy of haar lewe te deel met ander, wanneer ons later bewus raak daarvan dat Hy ons in die unieke roeping van leraar wil gebruik om met Hom saam te werk. Die leraar is bevoorreg om vanuit sy of haar mistieke eenheid met Christus deur die doop, ingetrek te wees in die trinitariese liefdesbeweging van God en op hierdie wyse as geroepe deelnemer aan die voortgesette bediening van die lewende Jesus, saam met Hom te mag bedien in die gemeente of “wingerd” waarin hy of sy geplaas is. Die bediening wat ons betree het, is die bediening van Jesus Christus, die Seun, van die Vader, aan die Vader, deur die Heilige Gees ter wille van die kerk en die wêreld, ingetrek in die Goddelike *perichoresis*. Voorts word aandag gegee aan die bediening as deelname aan die bediening van die Triniteit, volgens die beeld van die Drie-eenheid, met verwysing na die ikoon van Andrei Rublev. Ons aandag val op daardie oop ruimte van die ikoon, want dit is die plek

waarheen die Gees wys en waar ons in die goddelike kring (deur ons doop) ingesluit word. Ons sien dus onsself in die “spieëltjie” aan die voorpunt van die tafel.

Dit is in die daaglikse geworstel in die bediening maklik om te vergeet aan Wie se bediening die leraar deelneem. Dit is Jesus Christus se bediening meer as ons s'n. Ons neem saam met Christus deel aan sy voortgesette bediening, terwyl Hy Homself in en deur ons aan ander gee. Sy aardse bediening het nie met sy dood, die opstanding en hemelvaart, of aan God se regterhand geëindig nie, maar bloot ander vorme aangeneem. Trouens, alle ware Christelike bedieninge neem deel aan Christus se voortgesette bediening. Die bediening gaan in wese daaroor dat ons saam met Christus by Sy bediening aansluit, nie dat Hy by ons in ons s'n aansluit nie.

In gesprek met Purves en ander teoloë val die klem op die priesterlike of diakonale bediening van Jesus Christus, waaraan die leraar in Hom deelneem, en op die hermeneutiese perspektief van hierdie unieke bediening, die mistieke eenheid van die leraar en diegene wat deur hom of haar bedien word met Jesus se lewe en bediening, wat Christus deurgaans in die middelpunt plaas, die bediening van Christus in die teenwoordige tyd en die deernis of medelye waarmee die leraar deelneem aan hierdie priesterlike bediening van Christus. Wanneer die leraar bewus lewe in mistieke eenheid met Christus vanuit sy of haar doop en bevestig in die Woord en die nagmaal, sien hy of sy hom-of haarself as geliefde kind van God in Christus en Hy in hom of haar. Die leraar se fokus en aandag, vanuit sy of haar spiritualiteit as werk van die Gees, is deurgaans op wat die herrese Jesus besig is om te doen, te besef en te beleef dat hy of sy deur Christus genooi word om by Hom aan te sluit en deel te neem aan Sy voortgesette bediening in die teenwoordige tyd. Die klem val op die priesterlike taak van die leraar, ’n afgeleide taak, vanuit die voortgesette priesterlike bediening van Christus en ons mistieke eenheid met Hom. Dit vul die leraar met verwondering dat God sy geliefde seun en dogter in sy geliefde Seun saamneem en gebruik op hierdie wyse. As medereisende mistagoog, as *diakonos*, beteken dit ook die deel in jou lidmate se lyding en die “gaan sit in” God se gedoopte kinders se lyding, terwyl ons, saam met die lydendes, die lydende Kneg vind, beleef en opnuut leer liefkry. Pastorale sorg as deelname aan die bediening van die genade van God veronderstel ’n besliste hermeneutiese perspektief – ons kyk na die persoon, en ontleed die persoon in die lig daarvan dat Jesus Christus vir hierdie persoon gelewe en gesterwe het, en hy daarom vergewe en herstel is tot gemeenskap met die Vader – in sy doop het hierdie mens gesterwe vir sonde om nou nuut te lewe (Rom. 5:4). Jy sien en verstaan die persoon voor jou as God se mens, wat onherroeplik deur God toegeëien is, selfs al is die persoon nie bewus daarvan nie – dit is die hermeneutiese perspektief wat ons gedrag

verander, selfs wanneer die waarheid nog versteek of ontken word. Jy kyk met God se oë en hart. Die leraar as mistagoog is van een ding seker en dit is dat hierdie mens se lewe in Christus nie ons werk is nie, selfs nie sy of haar werk nie, daarom luister ons met vrymoedigheid en oorgawe na die beweging van die Gees wat die persoon lei op God se nuwe weg. Die leraar begelei deurgaans sy lidmate met die verwondering oor God se lewenslange betrokkenheid in hulle lewe.

Die vraag is nie hoe Jesus in ons bediening betrokke raak nie. In plaas daarvan, omdat Hy die lewende Here is, is die eintlike vraag: Wie is Jesus Christus en waarmee is Hy besig, en hoe kan ek deelneem aan sy bediening? Ons vind die antwoorde in die klassieke Christelike leerstellings van ons deelname deur mistieke eenheid met Christus in Sy plaasvervangende menswees en bediening. Ons mistieke eenheid met Christus dui op die werk van die Heilige Gees waardeur ons aan die verrese lewe en bediening van Jesus deelneem. Ons deel in ons Here se gemeenskap met die Vader, ons neem deel aan ons Here se bediening wat van die Vader af uitgaan, deurgaans binne die trinitariese verwysingsraamwerk. Om aan Christus se bediening deel te neem, beteken dat die leraar aan sy lewe deelneem, wat beteken dat wie Hy is en wat Hy doen jou, as leraar, se bediening definieer. Dit is nie ons bediening wat Christus teenwoordig maak nie; dit is die teenwoordige, lewende Christus wat ons bediening moontlik maak.

Die verrese en opgevaarde Here Jesus sit nie nou in die hemel met sy arms gevou en wag vir ons om iets in die naam van God te doen wat Hy kan bevestig nie. Jesus het sy eie verrese bediening om te doen en Hy wil hê dat ons daaraan sal deelneem. Wanneer dit gebeur, bedien ons in die luim van Paassondag. Wanneer die klem op onsself eerder as Jesus val, bevind ons onsself in die luim van Stil Saterdag. Dit beteken om die kerk en sy programme te probeer bestuur, terwyl die kalklig op ons en ons pragmatiese vaardighede vir die bediening val, wat altyd ons fokus wegneem van wat Jesus tans doen, en wat dit vir ons beteken om aan daardie bediening deel te neem. Dit is 'n verskuiwing weg van teologie na tegniek.

’n Leraar wat in swakheid en broosheid, met dankbaarheid en lof aan God bedien, in mistieke eenheid met die lewende Christus, sal iets leef van Christus se deernis of medelye (compassion). Dit is die deernis van Christus wat vanuit die hart en siel van die leraar vloei na hulle wat dit so nodig het.

Dit bring ons by die leraar as medereisende mistagoog. Die navorser sien mistagogie as ’n sambreelterm vir die bediening wat die leraar van die lewende Christus ontvang, vanuit sy of haar mistieke eenheid met Hom, as medereisiger van Christus en sy geliefdes in die gemeente deur

hom of haar bedien. In die mistagogie bly die leraar deelnemer aan alles wat die verrese Jesus tans deur sy Gees doen, of dit nou in die erediens, by die doop of nagmaal, op huisbesoek, by die siek- of sterfbed, of die huwelik of kategese, of selfs die kerkraadsvergaderings is. As mistagoog begelei die leraar die mense saam met wie hy of sy op reis is, om God in alles raak te sien en te dien en ook bewus te word van die trinitariese *perichoresis*, as ons deelname aan die lewe en heilige dans van die Drie-eenheid.

Die leraar as medereisende mistagoog beleef die groot avontuur om saam met iemand oop te wees en blootgestel te wees daaraan om God se verborge werking raak te sien in hul lewe, om die Onbegryplike as ’n teenwoordige werklikheid te ervaar, om mense te begelei tot persoonlike ervaring met God wat wel verborge is, maar tog in die alledaagse lewe herken kan word.

In die mistagogie gaan dit nie om hulp uit te deel nie. Dit gaan daaroor om in God se teenwoordigheid te leef – voor ’n mens die reis van ander met hulle deel, terwyl ’n mens die reis met hulle loop en veral ook as ’n mens hulle in jou gebede by God onthou vir die reis wat hulle sonder jou loop. Die mistagoog is ’n geestelike mens, ingestel op God se Gees. Mistagogie betrek beide die leraar en die begeleide. Vir albei gaan hulle gesprek om ’n verhouding met God, want dit is in die eerste plek 'n geestelike ontmoeting, verenig met Hom en mekaar as kinders van dieselfde God, geestelike broers en susters wat verbind is aan dieselfde Here. Dit is die ander hermeneutiese perspektief wat die leraar voor oë hou. Die begeleier en die begeleide mens is op mekaar ingestel en put uit hul ervaringe om met mekaar te kommunikeer. Die een het nie 'n houvas op die ander een nie. Hulle gee hulleself vir mekaar en die lewende Here. Een van die belangrikste voordele wat 'n mistagoog kan toevoeg tot die lewe van sy kontemplatiewe medereisiger, is om hom te help om sy hele bestaan so ver as moontlik op 'n eenvoudige natuurlike en gewone vlak te herintegreer dat die lidmaat volkome mens kan wees.

Wanneer dit dan gaan oor die identiteit en wese van die leraar as geestelike begeleier of mistagoog, moet die gemeente die predikant die kans gun om plekke na te spoor waar iets van God se liefdevolle teenwoordigheid, wat alle verstand te bowe gaan, ontdek word. Die leraar is hierin die lewende heenwysing. Hierdie roeping is die belangrikste van al die take wat die leraar opgelê word. Die leraar as spirituele begeleier is dié een wat in ons lewens inkom as deel van die bediening van die kerk aan die individuele lidmaat, as herinnering dat mistagogie tuishoort in die gemeente. Die krag en waarde van spirituele begeleiding is juis as 'n bediening wat die volle lewe en bediening van die kerk aanvul. Die noodsaaklikheid van mistagogie is die kern van die

pastorale bediening en die fokus van die leraar se werk as ’n wyse waarop die kollektiewe saam op soek is na die wil van die Here vir die gemeente. Gewoonlik begelei die leraar as mistagoog die gemeente deur gebruik te maak van spirituele begeleiding, selfs in sy of haar prediking en lering. Dit sluit daarom sonder twyfel pastorale sorg en berading in. Lidmate glo dat hulle leraars mense is wat God ken, wat 'n diep en persoonlike verhouding met God het, soos blyk uit die leraar se lewe van gebed. Mistagogie is die hart van pastorale werk. Die mistagoog is gedurigdeur bewus van sy of haar totale afhanklikheid van God en ’n kontemplatiewe persoon, wat sy of haar hart instel op God elke keer as hy of sy ’n pad met ’n mens stap.

In die middel van die hele proses van mistagogie is die drie-enige God. Dit is Hy wat in Christus deur sy Gees iets spesifiek in mense wat Hy liefhet, se lewens wil doen. Die predikant in Christus en Christus in hom of haar is die bevoorregte deelnemer, maar ook getuie en medereisiger op die pad wat God met die lidmaat stap. Wanneer die lidmaat die predikant opsoek, of die predikant die lidmaat by die huis besoek, aanvaar ons dat Jesus deur sy Gees reeds die inisiatief vir die ontmoeting tussen Hom en die lidmaat geneem het. 'n Teologie van gereformeerde spirituele metgesel-wees is Trinitaries. Dit bied 'n klein voorbeeld van die soort verhouding wat deur die Vader, Seun en Heilige Gees gedeel word. Spirituele begeleiding is daarop gemik dat ons oë daarvoor oopgaan om die hand van die Here in ons alledaagse ervarings te kan sien. Dit is 'n lang pad. 'n Mistagoog behoort self iemand te wees wat leef in die verwondering oor God wat alom-handelend aanwesig is, en 'n gevoelige oog hê vir die beweging van die Here deur sy Gees in 'n ander se lewe.

Die ervaring van die navorser en deelnemers aan hierdie navorsing is dat die geleentheid om mistagoog te wees, veral op die platteland, meestal is wanneer die predikant by die lidmate “huisbesoek” doen. Aangesien huisbesoek die mees algemene vorm van persoonlike kontak met die lidmate op die platteland is, kan die leraar aanvaar dat dit die manier is waarop God werk, en die leraar as medereisende mistagoog met Hom saamneem. Huisbesoek as mistagogie is meer as slegs praat oor God, dit is meer ’n begeleiding na God. Wanneer die leraar in mistieke eenheid met Christus as mistagoog die lidmate deur Jesus in sy of haar sorg geplaas, besoek, kan hy of sy een ding weet: die lewende, teenwoordige Jesus is reeds in die huis wat besoek word. Ons gaan nie Jesus neem na die lidmate nie, maar Hom saam met die lidmate ontmoet. Daarom is die leraar op huisbesoek oop vir hierdie ontmoeting, of dit nou in maklike of moeilike omstandighede is. Die primêre taak van die spirituele begeleier is om hom- of haarself oomblik vir oomblik daaraan te herinner dat sy of haar aandag op God gevestig is, terwyl hy of sy besig is met spirituele

begeleiding, en ook dat ons daagliks bewus bly van God en dat ons self ook in spirituele begeleiding is, die begeleiding deur Jesus Christus. Die spirituele begeleier moet hom- of haarself ook heeltyd herinner aan die werklikheid van wat besig is om te gebeur, en daarom begelei hy of sy met 'n stil gebed en stil pleidooi vir die genade om waarlik 'n kanaal te wees van God se waarheid en liefde vir die begeleide.

Die leraar grond die hele ontmoeting op God se getroue liefde, en die lidmaat moet weet dat hy of sy God se geliefde kind is, al voel dit nie so nie. Dit laat ’n mens wonder, is die sentrale vraag dan nie byvoorbeeld: “Wat dink jy het God gedoen by (in) jou doop?” nie? In die meeste van die literatuur oor spirituele begeleiding word die begeleide se verhouding met God gesien in die lig van die persoon se gebedslewe en omgang met die Woord, dus spiritualiteit. Dit is vanselfsprekend uiters belangrik, maar wanneer ons begin by God se inisiatief, sy liefde en betrokkenheid in ons lidmate se lewe, in al ons vreugdes en diepste droefheid, kan ons nie op ’n beter plek begin as by die doop nie. Die antieke vraag by mistagogie, “gee my ’n woord”, maak juis die deur oop vir die gesprek oor God se betrokkenheid vanaf die oomblik van sy of haar doop, die anker van ons verhouding met God. Die Christus in die mistagoog en die Christus in die lidmaat vind mekaar; en die Heilige Gees as die ware Medereisiger neem die begeleiding oor wanneer ons mekaar in liefde herinner aan die groot Gods-oomblik in ons lewe by die doop. Dit herinner ook die leraar en begeleide daaraan dat die drie-enige God baie langer op reis is met die lidmaat as die paadjie waarop ons nou medereisigers is. Die doop herinner ons daaraan dat ons in mistieke eenheid met Christus saam met ons God op reis is en dat Hy volledig deel is van die reis, wat ons die lewe en geloof noem. Vanuit God se verhouding met ons, soos belowe en verseël in ons doop, sien die mistagoog en lidmaat mekaar as God se geliefde kinders, ingegraveer in Christus. Die vertroue wat ons in mekaar het, is vertroue wat ons eintlik in die getroue God het. Ons ontmoet Hom by en in mekaar, by die doopvont. Dit was sy ooreenkoms met ons by ons doop, dat Hy ons nooit sal verlaat nie, en vanuit hierdie ooreenkoms bid ons, raak ons lief vir sy Woord, hunker ons na gereelde ontmoetings met Hom, en beleef ons Hom saam op ons reis, ook hierdie reis waarop die mistagoog in mistieke eenheid met Christus bevoorreg is om medereisiger te wees.

7.5 OORSIG OOR HOOFSTUK 5 – NORMATIEWE TAAK – TEOLOGIESE ASPEKTE VANUIT ‘N NORMATIEWE ONDERSOEK

In hoofstuk 5 word teologiese aspekte vanuit ’n normatiewe ondersoek geformuleer ten opsigte van die leraar se roeping as mistagoog in mistieke eenheid met Christus. Die metateoretiese vlak

van substantiewe teologiese voorveronderstellings word in ag geneem en daar is op grammaties-historiese wyse met perikope aansluitend tot die tema omgegaan. Die klem is geplaas op teologiese konsepte, soos eenheid met Christus, deelname aan Christus en “in en deur Christus” toegepas op die praktyk van spirituele begeleiding (mistagogie) as norm vir die bediening. Aangesien hierdie studie teen die agtergrond van pastorale teologie, mistieke eenheid met Christus, die spirituele verryking van die leraar en mistagogie as norm vir die bediening plaasvind, is die vier bewegings van *lectio divina* geïntegreer met verbeeldingryke meditasie as die metode wat gebruik word om die teologiese aspekte vanuit die normatiewe ondersoek te formuleer.

In ’n spirituele hermeneutiek het dit duidelik geword dat daar tussen die leser en die teks iets gebeur: die leser raak ingetrek in die teks. Daar vind ’n samesmelting van horisonne plaas tussen die wêreld van die teks en die wêreld voor die teks en daar vind ’n transformasie by die leser plaas. In dié geval gaan dit oor wat die bestudering van die teks met die leser doen, naamlik die rol van die teks in die God-mens-verhoudingsproses. ’n Mistieke hermeneutiek van die Skrif is een waar die eindresultaat ’n direkte ervaring van God, die “Ek is Wie Ek is” (Eksodus 3:14) is.

Die Skrifgedeeltes wat gebruik is, is Johannes 15:1-8 (9-16) waaraan die meeste aandag gegee is, en Romeine 6:1-4 (13) en Galasiërs 2:20. Telkens tydens die gesprekke en individuele begeleiding is verwys na Johannes 15, wat in die oë van die leraars die basis vorm vir mistieke eenheid met Christus.

Wanneer die leraar as medereisende mistagoog eers die stem van die ware Mistagoog hoor wat hom of haar nooi om in die mistieke eenheid met Hom te bly (Johannes 15, want op ons eie kan ons niks doen nie), sal daar vrug wees wat die Vader, die Landbouer van die wingerd, sal verheerlik, en dan verander die fokus van die bediening radikaal. Die leraar as mistagoog bedien dan vanuit sy of haar doop, die oomblik in ons lewe toe die drie-enige God ons in Christus ingeënt het, sodat ons saam met Hom sterwe, begrawe is en lewe (Romeine 6), wanneer die doopwater nie maar bloot op ons voorkop bly lê om te verdamp nie, maar deur ons hele wese stroom, en ons deurstroom word met die sap (lewe) van die Wingerdstok. Hierdie nuwe lewe, sê ons mistagoog, Paulus, is die lewe vir God, die lewe in Christus, die lewe van Christus in ons (Galasiërs 2:19-20). Ons bediening is volledig deelname aan die voortgesette bediening van Christus in ons en ons in Hom. Ons bedien met sy woorde in ons, terwyl ons in sy liefde bly en die vreugde van die Wingerdstok diep in ons siele beleef, juis omdat ons aan Sy heilige roeping, om die Vader te verheerlik in alles, mag deelneem. Soos Jesus ons begelei na die Vader, en Paulus ons begelei

na Jesus, begelei die leraar as mistagoog elkeen wat die Drie-eenheid oor sy of haar pad stuur na die lewende Jesus, wat deur sy Gees in alle omstandighede in die oomblik teenwoordig is. Ons begelei hulle na die kern van hulle lewe: hulle eie mistieke eenheid met Christus, wat by hulle doop begin het en elke keer in die nagmaal bevestig en verdiep word. Ons begelei hulle in liefde om die teenwoordigheid van die God van liefde in hulle eie lewens raak te sien, as die Een wat by hulle doop al belowe het om saam op reis te wees en nooit Sy rug op Sy kinders te draai nie. Wanneer die leraar in Christus en Christus in hom of haar fokus om mistagoog te wees wat sy of haar lidmate herinner aan hulle doop en hulle bewus te maak vir die teenwoordigheid van die opgestane Jesus in die hede in hulle lewe, kan hy of sy rus. Die leraar wat die gemeente waarin hy of sy bedien, sien as God se wingerd, die Vader as die Landbouer, die Seun as die Wingerdstok, en die leraar en elke lidmaat van die gemeente as lote waardeur die Gees die lewensap van die Wingerdstok laat stroom, sodat die leraar en elkeen wat sy of haar bedieningspad kruis God-verheerlikende vrug dra, is *al* die fokus op die ware Verlosser, en verwag die leraar en die gemeente nie van die leraar om die rol van God of die Verlosser te speel nie. Fokus op ons mistieke eenheid met Christus, 'n lewe vanuit ons doop, bevestig in die Woordverkondiging en die heilige nagmaal, verdiep deur geloofsgewoontes soos *lectio divina*, verbeeldingryke meditasie en die daaglikse gebed van *examen*, en nog vele ander, is God se manier om ons daaraan te herinner dat Hy in beheer is, en dit nie nodig is vir enigiemand om die beheer uit sy hande te neem nie.

7.6 OORSIG OOR HOOFSTUK 6: DIE PRAGMATIESE TAAK

Refleksie op die bevindinge van hierdie pastorale studie word vervat in hoofstuk 6 met die doel om aksie-strategieë vanuit die pragmatiese ondersoek te formuleer, sodat die leraar gelowiges kan bedien vanuit die posisie van 'n medereisende mistagoog in *participatio Christi* en mistieke eenheid met Christus. Wanneer leraars besef dat hulle slegs deelnemend tot die voortgesette bediening van Christus is, sal dit bydra tot die verligting van baie spanning en meer effektiewe bediening. Hierdie riglyne poog om 'n praktyk daar te stel in diens van AMSS en die NGK vir verdere gebruik deur 'n *pastor pastorum* met die hoop dat die herontdekking van die leraar as bedienaar in en deur Christus, vir hom of haar nuwe ywer en energie sal gee in hierdie besonderse diens.

Inleidend word agtergrond gebied vir die motivering van hierdie studie, naamlik dat die navorser as leraar in die Ring heel dikwels die voorreg gehad het om sy kollegas in die Ring van Clanwilliam

mistagogies te begelei en gedring is daartoe om ’n intervensie saam te stel wat die leraars sou ondersteun en bemoedig in die bediening. Die navorser se betrokkenheid by die Taakspan vir die stigting van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit het die bepaalde intervensie in die vorm van ’n vyfdag retraite tot gevolg gehad. Die eerste van die retraites was in 2019 VCSV-terrein in Strandfontein binne die grense van die NG Ring van Clanwilliam. Die tweede intervensie in 2021 is gebruik as basis vir hierdie navorsing. Die navorser ingesluit, was ons nege leraars uit die Ring van 15 leraars in totaal wat die retraite bygewoon het.

Op die vraag van Osmer: “Hoe moet ons reageer?” antwoord die navorser met ’n gereelde retraite waarin die leraar herinner word aan sy of haar mistieke eenheid met Christus deur sy of haar doop, wat die grond is vir die fokus op die bediening as medereisende mistagoog. In hierdie doel het die intervensie geslaag, volgens die terugvoer van die deelnemers aan albei die retraites. Die fokus is dus op die retraite en sy inhoud, of tema. Die retraite is juis aangebied om leraars op ’n ander plek, verkieslik naby aan die natuur bymekaar te kry, sodat hulle eerstens in stilte die God met Wie hulle in eenheid lewe in afsondering kan ontmoet en hulle krag put uit hierdie ontmoeting met Hom, ook in mekaar, en nuwe rigting en entoesiasme ontvang vir die unieke bediening waartoe die Here hul uitgenooi het en steeds uitnooi.

Die retraite as volhoubare model is bespreek in hierdie hoofstuk, en die bevindings is dat dit so integreer met die tema van die mistieke en spiritualiteit van die leraar, dat dit die ideale wyse is om die leraar te begelei. Die retraite is juis ’n middel in God se Hand om die leraar eerstehands te laat beleef wat hy of sy glo en by hierdie geleentheid bevestiging verkry dat die lewende Jesus teenwoordig is, en *Sy* bediening voortsit, maar wil in hierdie oomblikke eers die leraars persoonlik en gesamentlik bedien. Dit is dan vanuit hierdie belewing wat die leraar in mistieke eenheid met Christus, na die retraite gaan deelneem aan sy lewe en bediening in *participatio Christi* in sy of haar lewe en bediening in die gemeente. As sodanig is die retraite self ook mistagoog in die lewe van al die deelnemers en begelei ons na die teenwoordige Mistagoog, Jesus self. Die spiritualiteit van die leraars is dus van die aanvang van die retraite ’n belangrike deel van die model. Die *coram Deo*-lewe van die deelnemers word van die begin van die retraite geïmpliseer, as gegewe aanvaar en waargeneem. Die uiteindelike doel is die getransformeerde nuwe perspektief op die bediening van die deelnemers vanuit hulle mistieke eenheid met Christus deur die doop, as medereisende mistagoog in hulle gemeentes en bediening. Die model wat voorgestel word in Hoofstuk 6 is die tematiese retraite vir predikante, en die tema is deurlopend deur die hele 5 dae wat die retraite

duur, naamlik die leraar se mistieke eenheid met Christus, wat die doop en nagmaal as vertrekpunt behels, Johannes 15 met mekaar deel, deelname aan die voortgesette bediening van Christus en die spiritualiteit van die leraar insluit. Die tweede hoofmoment van die tema is dan die leraar as mistagoog in mistieke eenheid met Christus, voortvloeiend uit die vorige gesprekke, die persoonlike onderhoude, kapel-oomblikke en die informele geselsies. Laastens word verwys na die refleksie van die deelnemers op die retraite, en die uitkomste gee handige riglyne vir die toekoms van hierdie spesifieke retraite, as volhoubare model wat meer gereeld en wyer gebruik behoort te word, steeds met die ondersteuning van VBO, Predikantebegeleiding en die AMSS.

Die woord “verwondering” is dikwels gebruik onder die deelnemers, veral wanneer hulle bewus is van die teenwoordigheid van God by die retraite, maar ook die bediening in die nuwe lig, as Christus se bediening, begin sien, verwondering oor die feit dat God kans sien om brose en gebroke mense soos ons met Hom saam te neem op sy sending om alles heel en nuut te maak. Die navorser het hom ook verwonder oor die wyse waarop die lewende Here in sy eie lewe en die lewens van die deelnemers presies kom doen het wat ons op daardie spesifieke stadium nodig gehad het. Die uiteindelike uitkoms, die pragmatiese taak, is daarom volledig in God se hande, en daaroor verwonder ons onsself.

7.7 AANBEVELINGS

Soos waargeneem van retraite nommer een na nommer twee, is daar duidelike vordering in diepte van die een na die volgende, en word aanbeveel dat:

a. Hierdie spesifieke retraite reëlmatig plaasvind, moontlik jaarliks en dalk in die plek van die kerklike visitasie,
b. Die lengte van die retraite verleng word met een dag, om meer geleentheid te gee vir die leraars vir stilte in God se teenwoordigheid. Dit kan ook meewerk dat ’n ekstra deelnemer of twee saamgeneem kan word op hierdie reis,
c. Hierdie spesifieke intervensie deel vorm van die Taakspanne vir Predikantebegeleiding, VBO en AMSS se jaarlikse programme, veral met Ringe,
d. Die retraite befonds word deur die betrokke sinodale kantore, sodat die leraars of finansieel sukkelende gemeentes nie boonop ’n finansiële las het om te dra nie – dit sluit in huisvesting, etes, materiaal voorsien en reiskostes na en van die retraite, met die nodige VBO-punte, wat dalk meer as die 30 vir die vyf dae kan wees,

e. Dit verkieslik sal plaasvind binne Ringsverband, of soortgelyke verband, waar daar ’n groot mate van vertrouensverhouding gevestig is,
f. Indien die retraite in ander kerkverbande binne die Gereformeerde Kerk-familie aangebied word, byvoorbeeld die Dutch Reformed Church in Botswana en Calvynse Protestantse Kerk (wat reeds deur die navorser begelei is), die AMSS sal kennis neem van die dienste wat uitgebrei word, alhoewel die kerke dan self eienaarskap neem van die intervensie,
g. Die aanbieder of begeleier vertroud sal wees met die inhoud van die tema, die ratwerke van ’n retraite, die vermoë sal besit om diep en priesterlik te luister en hom- of haarself sal sien as mistagoog onder leiding van die Mistagoog, die lewende Jesus self, wat op hierdie wyse sy bediening as herrese Here voortsit,
h. Die begeleier ook sodanig sal begelei dat elkeen van die deelnemers na die spesifieke retraite in staat sal wees om dit self in die toekoms te begelei, sodat die retraite nie in die niet verdwyn wanneer die huidige begeleier nie meer daartoe in staat is nie. Dit is reeds gesien in die wyse waarop die deelnemers mekaar spontaan begin begelei het soos wat die retraite vorder,
i. Die retraite verkieslik aan die einde van die jaar sal plaasvind, wanneer die leraars dit nodig het om te reflekteer op die jaar, die bediening en nuwe energie kan ontvang vir die laaste deel van die jaar, maar ook die geleentheid sal kry om liggaamlik en geestelik tot rus te kom,
j. Die retraite sal plaasvind onder die beskerming van die AMSS op ’n terrein wat die minste ontwrigting vir die deelnemers veroorsaak, byvoorbeeld die AMSS in Wellington, die VCSV-terrein in Strandfontein, die Anatoth retraite-sentrum buite Stellenbosch, of enige terrein wat die deelnemer blootstelling gee aan die rus in die natuur,
k. Die belangrike komponente van die retraite, soos die stil oomblikke van die deelnemers in hulle kamers of in die natuur, die groepgesprekke, persoonlike onderhoude, die kapel-oomblikke drie maal per dag en die informele gesprekke saans om ’n vuur of in die natuur deel sal vorm van die retraite.

BRONNELYS

Ackerman, D.M. 2014. *Surprised by the Man on the Borrowed Donkey. Ordinary Blessings*. Kaapstad: Lux Verbi.

Ackerman, J. 2001a. *Finding Your Way. Personalized Practices for Spiritual Growth*. Bethesda: The Alban Institute.

Ackermann, J. 2001b. *Listening to God. Spiritual Formation in Churches*. Bethesda: The Alban Institute.

Agamben, G. 2007. *The Kingdom and the Glory: For a Theological Genealogy of Economy and Government (Meridian: Crossing Aesthetics)*. Stanford: Stanford University Press.

Agüero, E. 2005. *From Intimacy to Compassion*. *Christian Spirituality Program*. Omaha: Creighton University.

Altena, M. 2007. *Retraite en van dat soort dingen*. Doesburg: TBI/Spil/Haiku.

Aschenbrenner, G.A. 1972. Consciousness Examen. *Review for Religious*, 31(1):14-21.

Aschenbrenner, G.A. 1980. A Check on Our Availability: The Examen. *Review for Religious*, 39(1): 321-324.

Aschenbrenner, G.A. 1988. Consciousness Examen: Becoming God's Heart for the World. *Review for Religious*, 1(1): 801-810.

Augustinus, 2007. *Belydenisse. Getuienis oor 'n Lewe in God*. Redakteur: Claude Vosloo. Wellington: Lux Verbi BM.

Badenhorst, C. & Fleischmann, J. 2008. Predikante kan ook aan stres ly. *Die Kerkblad*, 110:42-43.

Baker, M. P. 2014. Participating in the Body and Blood of Christ. Christian κοινωνια and the Lord's Supper. In: Thate, M.J., Vanhoozer, K.J., Campbell, C.R. (ed.). *"In Christ" in Paul. Explorations in Paul's Theology of Union and Participation.* Tübingen: Mohr Siebeck,

Bakke, J.A. 2000. *Holy Invitation. Exploring Spiritual Direction*. Grand Rapids: Baker Books.

Barna Group. 2017*. The State of Pastors. How Today's Faith Leaders are Navigating Life and Leadership in an Age of Complexity.* [Kindle edition]. A Barna report produced in partnership with Pepperdine University.

Barrett, C.K. 1976. *The Gospel according to St John. An Introduction with Commentary and Notes on the Greek Text*. London: S.P.C.K.

Barry, W.A. & Connolly, W.J. 2009. *The Practice of Spiritual Direction*. New York: Harper Collins Publishers.

Barth, K. 1977. *The Epistle to the Romans*. Translated by Edwyn C. Hoskyns. London: Oxford University Press.

Barton, R.H. 2006. *Sacred Rhythms. Arranging Our Lives for Spiritual Formation*. Illinois: InterVarsity Press.

Barton, R. H. 2009. It Begins with You! How the Spiritual Formation of the Pastor Effects the Spiritual Formation of the Congregation? *Common Ground Journal*. 7(1):26-36.

Benner, D.G. 2002. *Sacred Companions.* Illinois: InterVarsity Press

Benner, D.G. 2010. *Opening to God. Lectio Divina and Life as Prayer*. Downers' Grove: InterVarsity Press.

Bernard of Clairvaux, 2000. *On Loving God*. Grand Rapids, MI: Christian Classics Ethereal Library.

Billings, J.T. 2011. *Union with Christ. Reframing Theology and Ministry for the Church.* [Kindle edition]. Michigan: Baker Academic.

Billings, J.T. 2018. *Remembrance, Communion and Hope. Rediscovering the Gospel at the Lord's Table*. Grand Rapids: Eerdmans.

Blackie, M.A.L. 2013. *Rooted in Love. Integrating Ignatian Spirituality into Daily Life*. South Africa: New Voices Publishing.

Bonhoeffer, D. 2005. *Life Together. Prayer Book of the Bible*. Minneapolis: Fortress Press.

Bonhoeffer, D. 2008. *Wat Dissipelskap Kos. Genade wat alles van jou vra*. Vertaal uit Duits deur Annes Nel. Wellington: Lux Verbi.BM.

Bosch, D.J. 1991. *Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission*. New York: Orbis Books.

Boyd, G. A. 2004. *Seeing is Believing. Experience Jesus through Imaginative Prayer*. Michigan: Baker Books.

Brandenburg, H. 1970. *Der Brief des Paulus an die Galater*. Wuppertal: Brockhaus Verlag.

Bras, K.E. 2008. The minister as mystagogue: A contribution in a recent debate in the Protestant Church in the Netherlands (PCN), Seeing the seeker explorations in the discipline of spirituality: *A festschrift for Kees Waaijman on the occasion of his 65th birthday*, Leuven, Peters:563-575.

Breed, G. 2014. The meaning of the *diakon* word group in John 12:26 applied to the ministry in congregations. *Verbum et Ecclesia* 35(1), Art. #844, 8 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ve.v35i1.844

Breed, G. & De Wet, F.W. 2012. Entrance into the covenantal space as point of departure for the liturgical act of living the baptismal life in this world. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 53(1):1-10.

Brown, R.E. 1966. *The Gospel According to John xiii-xxi*. New York: Doubleday.

Brownson, J.V. 2007. *The Promise of Baptism. An Introduction to Baptism in Scripture and the Reformed Tradition*. Michigan: Eerdmans.

Bruce, F. F. 1985. *Romans an Introduction and Commentary*. Nottingham: Intervarsity Press.

Brunsdon, A.R. & Lotter, G.A. 2011. Outo-etnografie as selfhulp vir predikante met bedieningsmoegheid: verkennende opmerkings. *Verbum et Ecclesia*, 32(1):1-7.

Burger, C. 2011. *Waar is Jesus nou? Hoe Jesus na sy hemelvaart onder ons teenwoordig is en werk*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Burger, C.W. & Cilliers, A. 2014. *Ontvang Wat Vir Jou Gegee Is. Hoe die doop ons kan leer om met Christus te leef.* Wellington: Bybel-Media.

Burger, C.W. & Wepener, C.J. 2004a. Die predikantsamp. Deel 1: onduidelikheid oor die kerninhoud van die predikantsamp. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45(1):6-14.

Burger, C.W. & Wepener, C.J. 2004b. Die predikantsamp. Deel 2: op soek na 'n Bybelse visie van die amp: ironieë en verrassings. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45(1):15-22

Burger, C.W. 2004a. Die predikantsamp. Deel 4: predikantwees in die Gereformeerde tradisie in die 21ste eeu: nuwe uitdagings en nuwe tendense. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45(1):529-537.

Burger, C.W. 2004b. Die predikantsamp. Deel 5: Kan die drie-ampteleer ons help om 'n Bybelse fokus aan die predikantsamp te gee? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45(1):538-548.

Burgess, J.P. 2005. *After Baptism. Shaping the Christian Life*. Kentucky: Westminster John Knox Press.

Calvin, J. 1976. *The Epistles of Paul the Apostle to the Galatians, Ephesians, Philippians, and Colossians*. Translated by T.H.L. Parker. Edited by David W. Torrance & Thomas F. Torrance. Michigan: Eerdmans.

Calvin, J. 1977 (Ed. McNeill, J.T.). *Institutes of the Christian Religion in Two Volumes*. Translated and indexed by Ford Lewis Battles. Philadelphia: The Westminster Press.

Calvin, J. 1979. *The Epistles of Paul the Apostle to the Romans and to the Thessalonians*. Translator: Ross Mackenzie. Editors David W. Torrance & Thomas F. Torrance. Michigan: Eerdmans.

Calvin, J. 2009. *Commentary on John – Volume 2*. A New Translation, from the Original Latin, by the Rev. William Pringle. Grand Rapids: Christian classics ethereal library.

Canlis, J. 2010. *Calvin's Ladder. A Spiritual Theology of Ascent and Ascension.* Michigan: Eerdmans.

Chandler, D.J. 2010. The Impact of Pastors' Spiritual Practices on Burnout. *Journal of Pastoral Care and Counseling*, 64(2):1-9.

Cooke, F.T. 2008. Die pastor *pastorum* in die pastorale versorging van die predikant. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 23(1):22-43.

Cranfield, C.E.B. 1980. *A Critical and Exegetical Commentary on the Epistle to the Romans*. Edinburgh: T&T Clark Ltd.

Craven, S. 2012. A Resource for Pastors and Counselors: Ministering to spiritual and emotional needs of those in ministry. *Liberty Baptist Theological Seminary.*

De Boor, W. 1972. *Das Evangelium des Johannes. 2.Teil, Kapitel 11 bis 21*. Wuppertal: Brockhaus Verlag.

De Gruchy, J.W. 2008. *Icons as a Means of Grace*. Wellington: Lux Verbi BM.

De Klerk, B.J. & De Wet, F.W. (red.) 2013*. Met die oog op God. Voorveronderstellings van die reformatoriese invalshoek op die beoefening van Praktiese Teologie*. Noordbrug: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

De Lange, F. 2018. *The Event of Compassion.* In Considering Compassion. Global Ethics, Human Dignity and the Compassionate God. Ed.: Frits de Lange & Juliana Claassens. Oregon: Pickwick Publications.

De Villiers, P.G.R. 2009, 7 Mei. *Mistieke ervaring: ekstase*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (18 November 2022).

De Villiers, P.G.R. 2009b, 28 Julie. Die skokkende ervaring van die lewende God se genade. En ons oorgawe daaraan in kinderlike vertroue. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (18 Mei 2023).

De Villiers, P.G.R. 2009c, 14 Desember. *Ons biddende verhouding tot God. Oor oratio*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (17 Januarie 2023).

De Villiers, P.G.R. 2010a, 2 Januarie. *Is die mistiek gevaarlik?* [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (11 Januarie 2023).

De Villiers, P.G.R. 2010b, 24 April. *Wat is spiritualiteit? Vier kernwoorde in Bybelse Spiritualiteit*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (19 Januarie 2023).

De Villiers, P.G.R. 2010c, 25 April. *Ontsag en eerbied vir God as kernwoord van spiritualiteit*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (23 Oktober 2022).

De Villiers, P.G.R. 2010d, 30 Mei. *Ekstase en mistiek*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (24 November 2022).

De Villiers, P.G.R. 2010e, 3 Junie. *Om saam met ander die geestelike reis af te lê. Oor geestelike begeleiding en mistagogie*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (20 Februarie 2023).

De Villiers, P.G.R. 2010f, 7 Junie. *Die gevare van die geestelike reis en die mistagoog. Oor die mistagogie (3).* [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (17 Julie 2023).

De Villiers, P.G.R. 2010g, 12 Junie. *Op soek na 'n dieper verhouding met God. Die sentrum van mistagogie (4)*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (21 Julie 2023).

De Villiers, P.G.R. 2010h, 14 Junie. *Dit is so maklik om antwoorde uit te deel... Oor die mistagogie (5)*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (3 Augustus 2023)

De Villiers, P.G.R. 2010i, 15 Junie. *God se teenwoordigheid in geestelike begeleiding. Oor die mistagogie (6).* [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (15 Junie 2023).

De Villiers, P.G.R. 2010j, 17 Junie. *Geestelike begeleiding is 'n waagstuk. Oor heilige luister in die mistagogie (6)*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (18 Junie 2023).

De Villiers, P.G.R. 2010k, 30 Junie. *Wie is ek? Die geestelike soeker se innerlike reis ... Oor die mistagogie (10)*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (19 Junie 2023).

De Villiers, P.G.R. 2011a, 9 Junie. *Om te wag op God se wil. Die onderskeiding van God se wil (12)* [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (5 April 2023).

De Villiers, P.G.R. 2011b, 23 November. Onderskeiding (1). Om met God te praat oor die lewe. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (17 Maart 2023).

De Villiers, P.G.R. 2011c, 13 Desember. *Kontemplasie, instelling en stilte*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (11 April 2021).

De Villiers, P.G.R. 2012a, 8 Maart. *Hoe om besield oor God te wees*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (15 Oktober 2023).

De Villiers, P.G.R. 2012b, 11 Julie. *Wat kontemplasie wel is…* [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (30 November 2022).

De Villiers, P.G.R. 2012c, 30 November. *Om die Bybel te bid*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (28 April 2023).

De Villiers, P.G.R. 2012d, 13 Desember. *Hoe noodsaaklik is spiritualiteit? (2)* [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (14 Maart 2023).

De Villiers, P.G.R. 2013, 17 Januarie. *Wanneer die verstand 'n mens se geestelike reis in onskuld laat eindig. Oor 'n derde naïwiteit*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (25 November 2022).

De Villiers, P.G.R. 2015a. Die nugtere mistiek van Andrew Murray. *LitNet Akademies*, 12(3):1-10

De Villiers, P.G.R. 2015b, 1 Oktober. *Mistiek en spiritualiteit*. [Blog Pos] http://pietergrdevilliers.blogspot.com (7 Oktober 2022).

De Vos, A.S. & Strydom, H. 2019. *Intervention research.* In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at grass roots.* Pretoria: Van Schaik Publishers. pp. 473-490.

Dillen, A. 2017. Beyond a sacrificial spirituality: enhancing flourishing pastoral ministers. *HTS Theological Studies*, 73(4):1-6.

Douma, J. 2002. *De Pastor als Mystagoog*, In Blommestijn, H. (red.). Gaan waar geen weg meer is. Verkenning in de Mystiek. Zoetermeer: Meinema.

Douma, J. 2004. *Lezen in de Geest. Biddend Omgaan met de Bijbel*. In Beute, B. HoogTijd voor de Bijbel. Barneveld: De Vuurbaak.

Douma, J. 2023. *RETRAITENBOEK*. http://www.josdouma.nl/ Date of access: 10 February 2023.

Dreyer, J.S. 2017. 'Practical theology and the call for the decolonisation of higher education in South Africa: Reflections and proposals'. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 73(4), a4805. https://doi.org/ 10.4102/hts.v73i4.4805.

Driskill, J.D. 1999. *Protestant Spiritual Exercises. Theology, History and Practice*. Harrisburg: Morehouse Publishing.

Du Plessis, A.L. 2021. Contextual pastoral counselling: Paradigm shifts in practical theological development since the middle 20th century. *In die Skriflig* 55(2), a2696. https:// doi.org/10.4102/ids.v55i2.2696

Du Rand, J. 2015. *Godsgeheim. Die Verhaal van Wetenskap en Mistieke Geloof*. Wellington: Bybel-Media.

Du Toit, A.B. 2000. "In Christ", "In the Spirit" and Related Prepositional Phrases: Their Relevance for a Discussion on Pauline Mysticism. *Neotestamentica,* 34(2):287-298.

Du Toit, A.B. 2018. *Romeine – Hartklop van die Evangelie*. Vereeniging. CUM.

Edwards, T. 2001. *Spiritual Director Spiritual Companion. Guide to Tending the Soul.* New York: Paulist Press.

Eswine, Z.W. 2015. *The Imperfect Pastor: Discovering the joy in Our Limitations through a Daily Apprenticeship with Jesus*. Illinois: Crossway.

Feldmeier, P. 2015. *Christian Spirituality: Lived Expressions in the Life of the Church*. Winona: Anselm Academic.

Finley, J. 2005. *Christian Meditation. Experiencing the Presence of God. A Guide to Contemplation*. New York: HarperCollins.

Flemming, D.L. 2006. Sharing God, the Ignatian Way. *Review for Religious*, 65(1):70-75.

Fleming, D.L. 2008. *What Is Ignatian Spirituality?* Illinois: Loyola Press.

Fourie, J. 2013. Indicators of the church in John's metaphor of the vine. *In die Skriflig/In Luce Verbi 47(1)*, Art. #540, 12 pages. http:/dx.doi.org/10.4102/ids.v47i1.540.

Frederick, T.V., Thai, Y en Dunbar, S. 2021. Coping with Pastoral Burnout Using Christian Contemplative Practices. *Religions,* 12(1):1-10.

Gallagher, T.M. 2006. *The Examen Prayer: Ignatian Wisdom for our Lives Today*. New York: Crossroad.

Gallagher, T.M. 2017. *A Handbook for Spiritual Direction. An Ignatian Guide for Accompanying Discernment of God's Will*. Chestnut Ridge: Crossroad Publishing Company.

Ganzevoort, R.R. 2009. *Forks in the Road when Tracing the Sacred. Practical Theology as Hermeneutics of Lived Religion*. https://www.researchgate.net/publication/238070309.

Gateley, E. 2023. *Let your God Love you*. www.journeywithjesus.net Date of Access: 11 October 2023.

Ghezi, B. 2002. *Mystics and Miracles. True Stories of Lives Touched by God*. Illinois: Loyola Press.

Guenther, M. 1992. *Holy Listening. The Art of Spiritual Direction*. Maryland: Roman & Littlefield Publishers, inc.

Guigo II. 1979. *The Ladder of Monks. A Letter on the Contemplative Life and Twelve Meditations*. Vertaal deur Edmund Colledge & James Walsh. Kalamazoo: Cistercian Publications.

Guigo II. 2012. *The Ladder of Monks. Guigo II the Carthusian*. Vertaal deur Sr. Pascale-Doninique Nau. San Sebastian Spanje: Villa Alaidi, Paseo de Heriz.

Guthrie, D. 1974. *Galatians*. London: Marshall, Morgan & Scott.

Hamilton, B, 2022. *Spiritual Direction as the Model for Pastoral Ministry - Listening for the Soul*. A Research Project submitted in partial fulfilment of the requirements of the Spiritual Directors' Training Programme of Spiritual Growth Ministries (www.sgm.org.nz).

Hansen, L.D. 2008. *Aksie én Kontemplasie? Op Weg na Mistiek-profetiese Gereformeerde Spiritualiteit in Dialoog met David Tracy & K.H. Miskotte*. Stellenbosch: US (Proefskrif – PhD).

Heitink, G. 2004. Veranderingen in samenleving en kerk en de gevolgen voor het beroep van pastor. *Verbum et Ecclesia,* 25(2):1-104.

Heitink, G. 2007. *Een Kerk met Karakter. Tijd voor heroriëntatie*. Kampen: Kok. Kobo e-boek.

Hermans, C. & Scoeman, W.J. (eds) 2019. *Theology in an Age of Contingency*. Munster: Lit-Verlag.

Hermans, C. & Schoeman, W.J. 2015a. Practice oriented research in service of designing interventions. *Acta Theologica, 22(1):26-44.*

Hermans, C. & Schoeman, W.J. 2015b. Survey Research in Practical Theology and Congregational Studies. *Acta Theologica, 22(1):45-63.*

Hermans, C. & Schoeman, W.J. 2015c. The Utility of Practical Theology: Mapping the Domain, Goals, Strategies and Criteria of Practical Theological Research. *Acta Theologica, 22(1):8-25.*

Hoge, D.R. & Wenger, J.E. 2005. *Pastors in Transition. Why Clergy Leave Local Church Ministry.* Grand Rapids/Cambridge: William B Eerdmans.

Hunter, J.H. 2014. Kommentaar op Klaagliedere. (Ongepubliseerde kommentaar).

Ignatius of Loyola. 1909. *The Spiritual Exercises of Ignatius of Loyola*. Vertaal deur Father Elder Mullan. Kindle Edition published by Evinity Publishing Inc, 2009.

Inge, W.R. 2005. *Christian Mysticism. The Bampton Lectures 1899*. The Project Gutenberg eBook.

Jalics, F. 2003. *Contemplative Retreat. An Introduction to the Contemplative Way of Life and to the Jesus Prayer*. München: Xulon Press.

Jansen van Nieuwenhuizen, W.J. 2021. *Stilte, gebed en lectio divina: Kreatiewe hulpmiddele in die pastorale intervensieproses na trauma*. Proefskrif-PhD. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Janssen, J. & Prins, M. 2000. The Abstract Image of God: The Case of the Dutch Youth. *Archives de sciences sociales des religions 109* | janvier-mars 2000. Online since 19 August 2009, connection on 19 April 2019. URL:http://journals.openedition.org/assr/20171; DOI: 10.4000/assr.20171:34-48.

Johnson, M.P. 2013. *One with Christ: An Evangelical Theology of Salvation*. Illinois: Crossway.

Jonker, W.D. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *Ned Geref. Teologiese Tydskrif*, Deel 30(3):288-299.

Käsemann, E. 1980. *Commentary on Romans*. Translated and edited by W.Geoffrey Bromiley. Michigan: Eerdmans.

Kaufman, T.S. 2013. Pastoral Spirituality in Everyday Life, in Ministry, and Beyond: Three Locations for a Pastoral Spirituality. *Journal of Religious Leadership*, 12(2):1-12.

Keating, J. 2018. Spiritual direction: Navigate Your Life Toward God. *The Priest*, 74(2):25-31.

Keay, R.D. 2005: Paul the Spiritual Guide. A Social Identity Perspective on Paul's Apostolic Self-identity. *Tyndale Bulletin, 56(1):1-10.*

König, A. 2005. *Christelike Doop én Bekeringsdoop? Daar is meer oor die doop as wat jy dink!* Wellington: Lux Verbi.BM.

Koehler, L. & Baumgartner, W. 1958. *Lexicon in Veteris Testamenti Libros*. Leiden: E.J.Brill.

Korn, D. 2011. *Lectio Divina. How to Pray Sacred Scripture*. Missouri: Liguori Publications.

Kourie, C. 2001. Christ-mysticism in Paul. *The Way. Supplement* 102:71-80.

Kourie, C. 2006. The "Turn" to Spirituality*. Acta Theologia Supplementum* 8:19-38*.*

Kourie, C. 2009. A Mystical Reading of Paul. *Scriptura* 101:235-245*.*

Kourie, C., 2015, 'Weaving colourful threads: A tapestry of spirituality and mysticism'. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies 71(1)*, Art. #3023, 9 pages. http:/dx.doi.org/10.4102/hts.

v71i1.3023

Kourie, C. 2019. Die transformerende effek van 'n mistieke lees van die Skrif. *LitNet Akademies,* 16(3): 235-255.

Kourie, C & Ruthenberg, T. 2008. Contemporary Christian Spirituality: an “Encompassing Field”. *Acta Theologica Supplementum,* 11: 76-93.

LaCugna, C.M. 1991. *God for Us. The Trinity and Christian Life*. New York: HarperCollins.

Lamontagne, R.E. 2002. *Inner Sharing: Spiritual Direction and Pastoral Care*. Oregon: George Fox University. http://digitalcommons.georgefox.edu/dmin/203 (Thesis - DMin)

Laubach, F.C. 2011. *Letters by a Modern Mystic*. London: SPCK.

Leech, K. 1998. *Spirituality and pastoral Care.* Massachusetts: Cowley Publications.

Lotter, G.A. 2007. Pastorale Teologie: Voëlvlug en (voorlopige) Landing. *Wetenskaplike Bydraes. Reeks H: Intreerede nr. 185.* Potchefstroom: NWU.

Louw, D.J. 1999a. *A Mature Faith. Spiritual Direction and Anthropology in a Theology of Pastoral Care and Counseling*. Leuven: Peeters.

Louw, D.J. 1999b. *Pastoraat as Vertolking en Ontmoeting. Teologiese Ontwerp vir ’n Basisteorie, Antropologie, Metode en Terapie*. Wellington: Lux Verbi BM.

Louw, D.J. 2007. *Wow! God! Oor die Verrassende Binnepret van Glo*. Wellington: Lux Verbi BM.

Louw, D.J. 2010. Care to the human “soul” in contemporary theological theory formation. From “kerygmatics” to “fortigenetics” in a pastoral anthropology. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 51(3,4):70-81.

Louw, D.J. 2015. Compassion fatigue: spiritual exhaustion and the cost of caring in the pastoral ministry. Towards a ‘pastoral diagnosis’ in caregiving. *HTS Theological Studies*, 71:1-10.

Louw, D.J. 2021. Apathy in caregiving – intoxication of the human mind and the inflation of compassion within the cool, “Zombie-culture” of “Not-giving-a-f*ck”. *Stellenbosch Theological Journal,* 7(1):1–21.

Luther, M. 2014. *Commentary on the Epistle to the Galatians*. Translated byTheodore Graebner. (Luther Classic Commentaries) Neeland Media LLC. Kindle Edition.

Luther, M. 2017. *A Simple Way to Pray*. Vertaal deur C.J.Trapp uit Duits met die oorspronklike titel “Eine einfaltige Weis zu beten für einen guten Freund”. Milwaukee: Northwestern Publishing House.

Mabry, J.R. 2017. *Starting Spiritual Direction: A Guide to Getting Ready, Feeling Safe, and Getting the Most out of Your Sessions*. Berkeley: Apocryphile Press.

Manney, J. 2011. *A Simple Life-changing Prayer. Discovering the Power of St. Ignatius Loyola's Examen*. Chicago: Loyola Press.

Manney, J. 2013. *God Finds Us: An Experience of the Spiritual Exercises of St. Ignatius Loyola*. Illinois: Loyola Press.

Maree, K. (Ed). 2007. *First Steps in Research*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Martin, J. 2010*. The Jesuit Guide to (Almost) Everything.* New York: HarperCollins.

Martin, J. 2013*. Together on Retreat: Meeting Jesus in Prayer*. New York: HarperCollins.

Maschke, T. 2008. The pastor: A spirituality. *Concordia Journal*, 37(1):89-91.

Massink, H.J.B. 2013. Stilte als pastorale vorm. *OuderlingenBlad, Februari 2013 1034:*25-28.

Mayes, A.D. 2007. What should be the role of spirituality in ministerial formation? *University of Wales Trinity Saint David*.

May, G.G. 1992. *Care of Mind/Care of Spirit. A Psychiatrist Explores Spiritual Direction*. New York: HarperCollins.

McColman, C. 2010. *The Big Book of Christian Mysticism*. Charlottesville: Hampton Roads Publishing Company.

McGinn, B. 2015. Mysticism and the Reformation: A Brief Survey. *Acta Theologica,* 35(2):50-65.

McGrath, A.E. 1999. *Christian Spirituality. An Introduction*. Oxford: Blackwell Publishing.

McKnight, S. 2018. *It Takes a Church to Baptize. What the Bible says about Infant Baptism*. Michigan: BrazosPress.

Merton, T. 1987. *Spiritual Direction and Meditation*. Minnesota: The Liturgical Press,

Merton, T. & Shannon, W.H. 2012. *The Inner Experience. Notes on Contemplation*. New York: HarperCollins. Kindle Edition.

Migliore, D.L. 2004. *Faith Seeking Understanding. An Introduction to Christian Theology* (2nd Edition). Grand Rapids: Eerdmans.

Miller-McLemore, B.J. 2017. ”A tale of two cities”: The evolution of the International Academy of Practical Theology. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies 73(4), a4718*. https://doi.org/10.4102/hts.v73i4.4718.

Miller-McLemore, B.J. 2018. The Living Human Web: A Twenty-five Year Retrospective, *Pastoral Psychology,* 67:305–321 https://doi.org/10.1007/s11089-018-0811-7.

Miller-McLemore, B.J. & Mercer, J.A. 2016. *Conundrums in Practical Theology*. Leiden/Boston: Koninklijke Brill.

Minear, P.S. 1977. *Images of the Church in the New Testament*. Philadelphia: Westminster Press.

Moo, D.J. 1996. *The Epistle to the Romans*. Michigan: Eerdmans.

Moo, D.J. 2013. *Galatians*. *Baker Exegetical Commentary on the New Testament*. Grand Rapids: Baker Academic.

Moon, G.W. & Benner, D.G. (ed), 2004. *Spiritual Direction and the Care of Souls. A Guide to Christian Approaches and Practices*. Downer’s Grove: InterVarsity Press.

Morello, S.A. 1994. *Lectio Divina and the Practice of Teresian Prayer*. Washington: ICS Publications. Kindle Edition.

Morris, L. 1977. *The Gospel According to John. The English Text with Introduction, Exposition and Notes*. Michigan: Eerdmans.

Mouton, E. 2022. In “conversation” with Andrew Murray Jr on Johannine Spirituality: God’s presence in Christ’s absence in the Fourth Gospel. *Stellenbosch Theological Journal*, 8(3):243–256.

Mouton, J. 2001. *How to Succeed in your Master’s and Doctoral Studies. A South African Guide and Resource Book*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Murray, A. 1897. *The True Vine: Meditations for a Month on John 15:1-16*. Chicago: Moody Press.

Murray, A. 1979. *Abide in Christ. The Joy of Being in Christ’s Presence*. New Kensington: Whitaker House.

Murray, A. 2013. *Like Christ*. www.realgoodbooks.com. Kindle Edition

Nel, D. 2012. Die pastor as fluisteraar: Gedagtes oor pastorale identiteit en arbeid na analogie van die perdefluisteraar. *Acta Theologica*, 32:61-77.

Nel, M. & Van der Westhuizen, Z. (red.) 2015. *Skokkend Positief. Insigte vanuit nuwe navorsing oor aktiewe Afrikaanse kerkjeug*. Wellington: Bybelkor.

Newman, B.M. & Nida, E.A. 1973. *A Translator's Handbook on Paul's Letter to the Romans. Helps for Translators. Volume XIV*. Stuttgart: United Bible Societies.

Nicol, W. 2002. *Gebed van die Hart. Word Stil en Beleef God*. Wellington: Lux Verbi BM.

Nicol, W. 2010. *Ingestel op die fluistering van God. Die kuns van spirituele begeleiding*. Wellington: Lux Verbi BM.

Niemandt, N. 2013. *Nuwe Leiers vir nuwe Werklikhede*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Nolte, S.P. & Dreyer, Y. 2009. Pastors as gewonde genesers: Outobiografiese pastoraat as heelmiddel vir emosionele verwonding en verlamming by pastors. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies,* 65(1), Art. #158, 9 pages. DOI: 10.4102/hts.v65i1.158\

Nouwen, H.J.M. 1989. *In the Name of Jesus. Reflections on Christian Leadership*. London: Darton, Longman & Todd Ltd.

Nouwen, H.J.M. 1994. *The Wounded Healer*. London: Darton, Longman & Todd Ltd.

Nouwen, H.J.M. 2003. *Creative Ministry*. New York: Doubleday Image Books.

Nouwen, H.J.M. 2006. *Spiritual Direction*. New York: Harper One.

Nouwen, H.J.M. 2007. *Behold the Beauty of the Lord. Praying with Icons*. Notre Dame: Ave Maria Press.

Nouwen, H.J.M. 2017*. You are the Beloved: Daily Meditations for Spiritual Living*. Compiled and edited by Gabrielle Earnshaw. Great Britain: Hodder & Stoughton.

O'Donohue, J. 2004. *Anam Cara, A Book of Celtic Wisdom*. New York: HarperCollins.

Oos-Kaaplandse Sinode. 2016. *Navorsingsverslag 2016: Welstand van Oos-Kaaplandse Predikante.* Uittreksel uit A5, Navorsingsverslag, wat in Oktober 2016 voor die Oos-Kaaplandse Sinode gedien het.

Osmer, R.R. 2008. *Practical Theology*. *An Introduction*. Grand Rapids: Eerdmans.

Osmer, R.R. 2011. Practical theology: A current international perspective. *HTS Theological studies,* 67(2), 1-7.

Osmer, R.R., Reed, A.H. & Smucker, M.G. 2015. *Spiritual Companioning: A Guide to Protestant Theology and Practice*. Grand Rapids: Baker Publishing Group.

Overton, M.O. 2010. Spirituality in ministerial formation: The dynamic of prayer in learning. *Religious Education*, 105(5):556-557.

Owens, L.R. 2012. *Abba, Give Me A Word: The Path of Spiritual Direction*. Massachusetts: Paraclete Press.

Parachin, V.M. 2010. Preventing burnout through spiritual self-care. *The Priest*, 66(9):81-83.

Parker, A & Tritter, J 2006. Focus group method and methodology: Current practice and recent debate. *International Journal of Research and Method in Education*, 29(1):23-37.

Parrot, R. 2003. Competency, Spirituality, and Core-Identity in Pastors. *Ashland Theological Journal,* 35:73-81

Pelser, G.M.M. 1998. Could the Formulas “Dying” and “Rising” with Christ be Expressions of Pauline Mysticism? *Neotestamentica,* 32(1):115-134.

Pennington, M.B. & Dysinger, L. 2001. *An Invitation to Centering Prayer. Including an Introduction to Lectio Divina.* Missouri: Liguori Publications.

Peterson, E.H. 1987. *Working the Angles: The Shape of Pastoral Integrity*. Grand Rapids: Eerdmans.

Peterson, E.H. 1989. *The Contemplative Pastor. Returning to the Art of Spiritual Direction*. Michigan: Eerdmans.

Peterson, E.H. 1992. *Under the Unpredictable Plant: An Exploration in Vocational Holiness*. Grand Rapids: Eerdmans.

Peterson, E.H. 2005. *Christ Plays in Ten Thousand Places: A Conversation in Spiritual Theology*. Grand Rapids: Eerdmans.

Peterson, E.H. 2006. *Eat This Book. The Art of Spiritual Reading*. London: Hodder & Stoughton.

Peterson, E.H. 2011. *The Pastor: A Memoir*. HarperCollins. Kindle Edition.

Peterson, E.H. & Dawn, M.J. 2000. *The Unnecessary Pastor. Rediscovering the Call.* Michigan: Eerdmans.

Pieterse, H.J.C. 2017. Scientific-theoretical research approach to practical theology in South Africa: A contemporary overview. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 73(4), a4483. https://doi. org/10.4102/hts.v73i4.4483

Proeschold-Bell, R., Yang, C., Toth, M., Corbitt Rivers, M. & Carder, K. 2014. Closeness to God Among Those Doing God's Work: A Spiritual Well-Being Measure for Clergy. *Journal of Religion & Health*, 53(3):878-894.

Purves, A. 1989. *The Search for Compassion. Spirituality and Ministry*. Louisville: Westminster/John Knox Press.

Purves, A. 2004. *Reconstructing Pastoral Theology. A Christological Foundation*. Louisville: Westminster/John Knox Press.

Purves, A. 2007. *The Crucifixion of Ministry: Surrendering our ambitions to the Service of Christ*. Downers' Grove: InterVarsity Press.

Purves, A. 2010. *The Resurrection of Ministry. Serving in the Hope of the Risen Lord*. Downers' Grove: InterVarsity Press.

Purves, A. & Partee, C. 2000. *Encountering God. Christian Faith in Turbulent Times*. Louisville: Westminster/John Knox Press.

Rice, H.L. 1998. *The Pastor as Spiritual Guide.* Nashville: Upper Room Books.

Ridderbos, H.N. 1977. *Aan de Romeinen. Commentaar op het Nieuwe Testament*. Kampen: J.H. Kok.

Ridderbos, H.N. 1978. *The Epistle of Paul to the Churches of Galatia*. Translated by Henry Zylstra. Michigan: Eerdmans.

Ridderbos, H.N. 1997. *The Gospel according to John. A Theological Commentary.* Translated by John Vriend. Michigan: Eerdmans.

Rienecker, F. 1974. *Sprachlicher Schlüssel zum Griechischen Neuen Testament nach der Ausgabe von D. Eberhard Nestle*. Gießen: Brunnen-Verlag.

Rimmer, J. 2017. *The Story Pastor: A Faithful and Fruitful Identity for Pastors*. Oregon: George Fox University. http://digitalcommons.georgefox.edu/dmin/218 (Thesis D-Min)

Rossetti, S.J & Rhoades, C.J. 2013. Burnout in Catholic clergy: a predictive model using psychological and spiritual variables. *Psychology of Religion and Spirituality*, 5(4):335-341.

Rubin, H.J & Rubin, I.S. 2012. *Qualitative Interviewing. The Art of Hearing Data (3rd Edition)*. USA: SAGE Publications.

Rupnik, M.I. 2011. *Human Frailty, Divine Redemption. The Theology and Practice of the Examen*. Boston: Pauline Books & Media.

Sauer, P.R. 2014. Spiritual care for pastors under siege. *Lutheran Forum*, 48(2):9-11.

Savary L.M. 1980. The Thanksgiving Examen. *Review for Religious*, 39(2): 238-246.

Seamands, S. 2005. *Ministry in the Image of God. The Trinitarian Shape of Christian Service.* Downers' Grove: Intervarsity Press.

Silf, M. 2002. *Going on Retreat. A Beginners Guide to the Christian Retreat Experience*. Chicago: Loyola Press.

Smedes, 1983. *Union with Christ. A Biblical View of the New Life in Christ*. Grand Rapids: Eerdmans.

Schmeling, G.R. 2009. *Lutheran Spirituality and the Pastor*. https://blts.edu/wp-content/uploads/2009/12/GRS-Lutheran-Spirituality.pdf

Schneiders, S.M. 1989. Spirituality in the Academy. *Theological Studies,* 50 (4), 676-679.

Sine, C. 2012. *Return to Our Senses: Reimagining How We Pray*. Seattle: Mustard Seeds Associates.

Smit, D.J. 1989. Kan Spiritualiteit beskryf word? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 30 (1), 83-94.

Smit, D.J. 2009. The Trinity in the Reformed Tradition. *Journal of Reformed Theology,* (3):57-76.

Smit, D.J. 2014. Oor Calvyn se siening van die nagmaal. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 55(1):325-348.

Smith, C. 2004. *Soul Searching. The Religious and Spiritual Lives of American Teenagers*. New York: Oxford University Press.

Smith, G.T. 2014. *Spiritual Direction: A Guide to Giving and Receiving Direction*. Downers' Grove: Intervarsity Press.

Smith, J.K.A. 2016. *You Are What You Love: The Spiritual Power of Habit*. Grand Rapids: Baker Publishing Group.

Snelgar, R.J., Renard, M. & Shelton, S. 2017. Preventing Compassion Fatigue Amongst Pastors: The Influence of Spiritual Intelligence and Intrinsic Motivation. *Journal of Psychology and Theology*, 45(4):247-260.

Stander, A.J.C. 2016. *Menein as Key to a Mystical Reading of John 15*. Bloemfontein: UOVS. (Proefskrif – DTh).

Stafford, G.W. 2014. *When Leadership and Spiritual Direction Meet*. Maryland: Rowman & Littlefield Publishers.

Stairs, J. 2000. *Listening for the Soul: Pastoral Care and Spiritual Direction*. Minneapolis: Augsburg Fortress.

Tetlow, J.A. 1997. The Examen of Particulars. *Review for Religious,* 56:230-250.

Thate, M.J., Vanhoozer, K.J. & Campbell, C.R. (ed.). 2014. *"In Christ" in Paul. Explorations in Paul's Theology of Union and Participation.* Tübingen: Mohr Siebeck,

Thomas, G.W. 2007. *The Continuing Personal Spiritual Development of Pastors*. Virginia: Liberty University. (Thesis – DMin)

Townsend D.K. 1991. Finding God in a Busy Day. *Review for Religious,* 50(1):43-63.

Van Arkel, J.T.D.T. 2000. Recent movements in pastoral theology. *Religion and Theology,* 7(8):142-168.

Van Breemen, P.G. 1990. The Examination of Conscience. *Review for Religious,* 49(4): 600-608.

Van Dam, G. 2004. *Dichter bij het Onuitsprekelijke. Over Geestelike Begeleiding voor en door Pastores* (2de druk). Kampen: Ten Have, Baarn.

Van Dam, G. 2013. *Huisbezoek als Geestelijke Begeleiding*. Utrecht: Kok. Kobo e-boek.

Van der Merwe, R. 2013. *Seisoene van die Siel*. Welgemoed: Christian Media Publishing.

Van der Walt, P. & Du Plooy, A. 2017*. Die unieke uitdagings wat klein gemeentes in die gesig staar en watter druk dit op die dominee in die klein gemeente plaas in die NG Kerk in die Sinode van Wes-Kaapland*. Eenheid vir Innovasie en Transformasie van Kerk en Samelewing (Ekklesia:

Fakulteit Teologie, US). Verslag saamgestel vir die moderamen van die Sinode van die NG Kerk Wes-Kaap.

Van der Watt, J., Barkhuizen, J. & Du Toit, H. (Red.). 2012. *Interliniêre Bybel. Grieks-Afrikaans. Nuwe Testament*. Vereeniging: CUM.

Viljoen, N.A.L. 2017. *'n Mistieke Lesing van Psalms 42 en 43.* Bloemfontein: UOVS. (Proefskrif – DTh).

Vos, C.J.A. 2015. *Dáárom Glo Ek. 'n Uitnodiging tot 'n Geloofsreis in 'n Tyd van Twyfel en Verwarring*. Wellington: Bybel-Media.

Waaijman, K. 2002. *Spirituality. Forms, Foundations, Methods*. Leuven: Peeters.

Waaijman, K. 2007. Spirituality – a Multifaceted Phenomenon. Interdisciplinary Explorations. *Studies in Spirituality,* 17(1):1-113. doi: 10.2143/SIS.17.0.2024643

Wainwright, G. 1997. *For our Salvation. Two Approaches to the Work of Christ*. Grand Rapids: Eerdmans.

Weil, S. 1973. *Waiting for God*. Translated by Emma Craufurd, with an Introduction by Leslie A. Fiedler. New York: Harper & Row Publishers.

Welzen, H. 2004. "Woord in beweging", Inleiding voor: Experimenten met Kerkdiensten, *Tiende landelijke werkdag*, Apeldoorn 2004.

Welzen, H. 2008. Leading "Around Scripture". *Acta Theologica Supplementum,* 11:243-258.

Welzen, H. 2011. Contours of Biblical Spirituality as a Discipline. *Acta Theologica Supplementum,* 15:37-60.

Wepener, C.J. 2004. Die predikantsamp. Deel 3: die take van die predikant in die Gereformeerde tradisie – histories en ekumenies beskou. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45:152-165.

Wilbourne, J.R. 2016. *Union with Christ. The Way to Know and Enjoy God.* Colorado Springs: David C Cook.

Wilhoit, J.C. 2008. *Spiritual Formation as if the Church Mattered. Growing in Christ through Community.* Grand Rapids: Baker Academic.

Wilhoit, J.C. & Howard, E.B. 2012. *Discovering Lectio Divina. Bringing Scripture into Ordinary Life*. Downers' Grove: InterVarsity Press.

Willard, D. 1991. *The Spirit of the Disciplines. Understanding How God Changes Lives*. New York: HarperCollins.

Wise, J. 2016. *Spiritual Retreats. A Guide to Slowing down to be with God*. Edon, Ohio: Healthy Spirituality. Kindle Edition.

Wolterstorff, N. 1987. *Lament for a Son*. Grand Rapids: Eerdmans.

Wright, N.T. 2000. *The Challenge of Jesus*. London: SPCK.

Wright, N.T. 2004a. *John for Everyone. Part 2. Chapters 11-21*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Wright, N.T. 2004b. *Matthew for Everyone. Part 1*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Wright, N.T. 2011. *Simply Jesus. Who He Was, What He Did, Why it Matters*. London: SPCK.

Zaaiman, J. 2017. Die samestelling en gebruik van vraelyste in kerklike opnames met verwysings na die Ned Geref. Kerk se Kerkspieël-vraelyste. *Stellenbosch Theological Journal,* 3(2):561–605.